UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# “EK HET ’N ROEPING”: VROUEPREDIKANTE SE TOELATING IN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK. ’N KERKHISTORIESE EN PRAKTIES-TEOLOGIESE STUDIE

deur

**ELSJE PETRONELLA BÜCHNER**

Voorgelê ter vervulling van die graad
DOCTOR DIVINITATIS

in
KERKGESKIEDENIS
aan die
Fakulteit Teologie
van die
Universiteit van Pretoria

**Studieleier: Prof. J.C. Müller**
**Medestudieleier: Prof. P.J. Strauss**

Pretoria
Oktober 2007

***History is no longer simply about finding "facts" and putting them together into a story: it is now also about studying the complexities of storytelling and the ways in which "the past" is referred to in order to make meanings in the present.***

(J Wright, *Thinking beyond "modernist" history*, 2000)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# OPSOMMING


**Titel:** **"Ek het 'n roeping": Vrouepredikante se toelating in die Nederduitse Gereformeerde Kerk. 'n Kerkhistoriese en Prakties-teologiese studie.**

**Deur:** **Elsje Petronella Büchner**

**Promotor:** **Prof. J.C. Müller**

**Medepromor:** **Prof. P.J. Strauss**

**Graad:** **Doctor Divinitatis in Kerkgeskiedenis**

**Universiteit van Pretoria**

In hierdie navorsing word die toelating van vrouepredikante in die Nederduitse Gereformeerde Kerk vanuit 'n kerkhistoriese en prakties-teologiese hoek bestudeer.

Die navorsingswaardes wat in die sosiaal-konstruksionisme geld, naamlik dat sodanige navorsing 'n deelnemende en verhalende proses is, dat die invloed van diskoerse bestudeer word en dat die belangrikheid van taal in ag geneem word, is in die navorsing verreken. Vanuit 'n post-fundamentele teologiese posisionering is van 'n paar van die bewegings in 'n postfundamentele prakties-teologiese metodologie gebruik gemaak om na die belewing van agt vroueproponente en -predikante deur die loop van die proses van toelating, én daarna, te luister en saam met hulle te interpreteer. Daar is van die volgende bewegings gebruik gemaak: Die beskrywing van die verskillende kontekste waarteen die roepingsverhale en loopbane van vrouepredikante afgespeel het; die aanhoor en beskrywing van die kontekstuele ervarings van die betrokke vroue; die interpretasie van en betekenisgewing aan die verhale in samewerking met die vroue wat as medenavorsers geag word en die beskrywing van en refleksie oor die ervaring van God se teenwoordigheid in hulle roepingsverhale en bedieninge as proponente en predikante. Hierdie postfundamentele prakties-teologiese metodologie is inherent narratief van aard en sluit ook nou aan by die denklyne wat in die sosiaal-konstruksionisme geld.

Deur hierdie metodologie is daar probeer om 'n bydrae te lewer tot die ontwikkeling en uitbou van mondelinge geskiedenis. Die beskrywing van vroue se verhale is terselfdertyd ook vrouegeskiedenis wat poog om vroue meer hoor- en sigbaar in algemene geskiedenis, maar spesifiek ook kerkgeskiedenis te maak. Die metodologie pas ook binne 'n meer postmoderne benadering tot geskiedenis in.

Aan die hand hiervan is die breër landkaart en historiese konteks waarteen die roepingsverhale van vrouepredikante en kerklike vergaderings oor 'n tydperk van bykans 107 jaar afgespeel is, in breë trekke en deur middel van tydlyne beskryf. Die ontwikkeling en uitbouing van die volksmoederdiskoers oor die dieselfde tydperk is van nader beskou. Daar is verder gekyk na die invloed wat die breër konteks en die volksmoederdiskoers op vroue gedurende die twintigste eeu gehad het, hoe vroue oor die algemeen hulleself in bepaalde vroueruimtes soos vroue-organisasies uitgeleef het en of Afrikanervroue se stemme in die openbaar gehoor is al dan nie.

Teen hierdie agtergrond is die verloop van die kerklike debat oor die toelating van vroue tot die besondere ampte, naamlik diakens, ouderlinge en vrouepredikante, beskryf. Hierdie debat kan in drie tydperke opgedeel word. Die eerste tydperk wat van 1966-1978 strek kan as 'n tyd van nadenke beskryf word. Vanaf 1982 tot 1990 is die debat deur 'n sterk verskil in Skrifbeskouing gekenmerk. Die laaste tydperk wat vanaf 1991 tot 2007 strek, beskryf hoe die praktyk stadig pos gevat het en hoe die gesprek uiteindelik na gendersake uitgebrei het.

Die vroueproponente en -predikante se roepingsverhale, hulle belewenis van God in die pad wat hulle moes loop en eerste treë in die bediening is weer deurgaans teen die agtergrond van die breër landkaart, volksmoederdiskoers en die NG Kerk se verskillende sinodes aangehoor, beskryf en in samewerking met hulle geïnterpreteer. Bykomend tot die groep persoonlike verhale is twee verhale van vroue wat reeds voor 1950 teologie studeer het en nie meer vandag leef nie, opgeteken. In al die gesprekke het die belangrikheid van vrouepredikante se roepingsverhale, hulle positiewe en negatiewe belewenisse in die kerk, die impak van oorwegend manlike kerktaal op vroue, die gemis en impak van rolmodelle, die frustrasies rondom proponentskap en hulle belewing van God onder andere na vore gekom. Dit is ook opmerklik dat vrouepredikante oor die algemeen nie aktief aan die debat deelgeneem nie en dat die meeste van die medenavorsers in hierdie studie 'n bepaalde stuk ongemak met gendersake en feminisme beleef. Hulle laat net soos in die volksmoederdiskoers die praatwerk aan ander oor.

## SLEUTELTERME

Vrouepredikante; Sosiaal-konstruksionistiese navorsingswaardes; Postfundamentele prakties-teologiese metodologie; Postmoderne geskiedbeskouing; Mondelinge geskiedenis; Vrouegeskiedenis; Volksmoederdiskoers; Roepingsverhale; Gendersake in die NG Kerk; Skrifbeskouing in 'n bepaalde konteks; Teologie wat vroue onderdanig hou.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# SUMMARY


**Title:** **"I have a calling": Female ministers' admission to the Dutch Reformed Church. A church historical and practical theological study.**

**By:** **Elsje Petronella Büchner**

**Promoter:** **Prof. J.C. Müller**

**Copromoter:** **Prof. P.J. Strauss**

**Degree:** **Doctor Divinitatis in Church History, University of Pretoria**

In this research, the admission of female ministers in the Dutch Reformed Church is studied from a church historical and practical-theological perspective.

The research values prevailing in social-constructionism, viz. that such research is a participative and narrative process, that the influence of discourses is studied and that the importance of language should be taken into account, have been set off in the research. From a postfoundationalist theological positioning, some of the movements in a postfoundationalist practical theology have been used to listen to the experiences of eight female proponents and ministers through the process of admission and afterwards, and to interpret these together with them. The following movements have been used: Description of the various contexts in which the stories of calling and careers of female ministers played out, listening to and description of the contextual experiences of the relevant women; the interpretation and assignment of meaning to the stories in co-operation with the women who have been viewed as co-researches and the description of and reflection upon the experience of God's presence in the stories of their calling and ministries as proponents and ministers. This postfoundationalist practical theology is inherently narrative and is also closely linked to the lines of thought prevailing in social-constructionism.

By means of this methodology, an effort has been made to make a contribution to the development and building of oral history. Simultaneously, the description of women's stories is also female history that is endeavouring to render women more visible and audible in general history, but specifically also in church history. This methodology also fits into a more postmodern approach to history.

In terms of this, the broader map and historical context in which the stories of calling of female ministers and church meetings have played out over a period of approximately 107 years, have been broadly described by means of time lines. The development and building of the folk mother discourse over the same period has been examined more closely.

Furthermore, the influence of the broader context and the folk mother discourse on women in the 20th century, how women generally realised themselves in specific female ministries such as women's organisations and whether Afrikaner women's voices were heard in public or not have also been examined .

Against this background, the progress of the church debate on the admission of women to the specific offices, viz. deacons, elders and female ministers, has been described. This debate can be divided into three periods. The first period stretched from 1966 to 1978 and could be described as a period of reflection. From 1982 to 1990, the debate was characterised by a strong difference in the views of the Scriptures. The final period, stretching from 1991 to 2007 describes how the practice has slowly taken off and how the discourse has eventually been extended to matters of gender.

The stories of the calling of the female proponents and ministers, their experience of God on the road they have had to travel and the first steps in the ministry have again been heard, described, interpreted consistently, together with them, against the background of the broader map, folk mother discourse and the various synods of the Dutch Reformed Church. In addition to the personal stories of the group, two stories of women who studied theology even before 1950 and who are no longer alive, have been recorded as well. In all the discussions, the importance of the stories of calling of female ministers, their positive and negative experiences in the church, the impact of the predominantly male church language on women, the lack and impact of role models, the frustrations around proponentship and their experience of God emerged inter alia. It is also evident that female ministers have generally not participated actively in the debate and that most of the co-researchers in this study are experiencing a certain discomfort with matters of gender and feminism. As in the folk mother discourse, they are leaving the talking to others.

## KEY TERMS

Female ministers; Social constructionist research values; Postfoundationalist practical theology; Postmodern view of history; Oral history; Female history; Folk mother discourse; Stories of calling; Matters of gender in the Dutch Reformed Church; View of Scriptures in a specific context; Theology that keeps women submissive.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# ERKENNINGS

Terwyl ’n mens aan ’n studie soos hierdie werk, is jy voortdurend van twee uiterstes bewus. Aan die een kant is dit net jy, jou boeke en rekenaar – vir lang oneindige ure alleen in mekaar se geselskap. Aan die ander kant is dit byna onmoontlik om sonder ’n ondersteuningsisteem die uitdagings wat ’n studie soos hierdie aan ’n mens stel, te oorkom. Daarom ’n besondere dankie aan die volgende mense wat my in staat gestel en gehelp het om hierdie pad te kon stap.

- Ek het ook ’n roeping ontvang en dit is vir my ’n groot voorreg om in ’n gemeente soos die **NG Gemeente Lux Mundi**, Pretoria, tuis te kon kom en as predikant te kan dien. Dankie aan die Gemeenteraad en Bedryfspan van Lux Mundi wat ruim studieverlof aan my toegestaan het. Ook aan my kollegas vir die belangstelling en ondersteuning.

- ’n Groot dankie aan die Bosmans wat hulle harte en huise vir my oopgemaak het. In die besonder **dr. Lourens Bosman**, kollega en vriend, wat my aan die narratiewe wêreld bekendgestel het en só ’n nuwe wêreld vir my help oopbreek het. Dankie dat jy my gehelp het om ’n persoonlike nuwe “storie” te kon skryf. Baie dankie vir die baie reflekterende en verduidelikende gesprekke wat my gehelp om kerkgeskiedenis en praktiese teologie te integreer. Ook aan **dr. Ronelle Bosman**. Jy het my altyd gevra hoe vorder ek met “daai boek” en aangemoedig om elke dag daardie noodsaaklike stukkie werk te doen ten einde ritme te behou. Jou akademiese suksesstorie was vir my ’n inspirasie. En **Martjie Bosman** vir die proefleeswerk en taalversorging. Jou taalkundigheid het my geleer om fyner te formuleer en noukeuriger te werk. Dankie ook vir jou entoesiasme en meelewing.

- My **familie** en **vriende** vir die geduld – omdat ek vir so lank nie beskikbaar vir lang kuiers was nie en vir die belangstelling. ’n Paar mense het my ook op tasbare maniere gehelp. In die besonder dankie aan:

  - **Sanet Eksteen** wat menigmale boeke van die universiteit af aangedra het en pakke papiere afgelewer het. Jy het my baie ritte en tyd gespaar.

  - **Lenie Venter** wat my werk gereeld gerugsteun het. Die wete dat daar ’n ander kopie op ’n veilige plek lê, was gerusstellend.

- **Renier en Susan de Beer** vir die verblyf op Clarens sodat ek oor die laaste bult kon kom.
- **Venessa Roelofse** wat soveel kere met liefde na my huis en Nataniël gekyk het as ek weg was vir my studies. Ek het geweet alles is in veilige hande.

- Aan elkeen van my **medenavorsers**. Baie dankie vir die tyd wat julle opgeoffer het en dat julle bereid was om julle verhale met my te deel – julle verhale vorm 'n groot deel van hierdie studie. Dankie dat julle so help skryf het aan hierdie stuk vrouegeskiedenis. Dankie dat julle ook deur alles wat julle beleef het, getrou was aan God se roeping vir julle en vir julle diensbaarheid in die koninkryk. En aan elke vrouepredikant in die NG Kerk wil ek sê – bly getrou aan julle roeping. Dit is 'n ontsettende voorreg.
- Aan my promotors **proff. Julian Müller** en **Piet Strauss**. Prof. Müller, dankie dat u bereid was om die onbekende pad saam met my te stap en 'n unieke samewerking tussen Praktiese Teologie en Kerkgeskiedenis te bewerkstellig. In die doktorale gespreksgroep is my teologiese denke op 'n besondere manier gevorm. Dankie ook dat u sonder enige aarseling bereid was om buite u vakgebied as studieleier op te tree. Prof. Strauss, baie dankie dat u te midde van 'n besige program op kort kennisgewing betrokke geraak het en my kerkhistories op my tone gehou het.
- Aan **God Drie-enig** wat my in Sy groot genade geroep het om in Sy diens te kan staan. In groot nederigheid kan ek vandag bely dat "uit U en deur U en tot U is alle dinge. Aan U behoort die heerlikheid tot in alle ewigheid." Om aan U te kan behoort en U te kan dien gee sin aan my lewe.

Elsje Büchner

Oktober 2007

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# INHOUDSOPGAWE


**Opsomming** ............................................................ iii

**Sleutelterme** ............................................................ iv

**Summary** ............................................................ v

**Key terms** ............................................................ vi

**Erkennings** ............................................................ vii

**Inhoudsopgawe** ............................................................ ix

**Tabelle** ............................................................ xix

**Afkortings gebruik** ............................................................ xx

***HOOFSTUK 1*** ............................................................ *1*

**WETENSKAPLIKE POSISIONERING EN NAVORSINGSPROSES 1**

**1. ’n Eerste verhaal** ............................................................ 1

**2. Ander verhale word op verskillende maniere ontsluit** ............................................................ 5

**3. ’n Kulturele skuif en die invloed daarvan op die teologie** ............................................................ 7

3.1 Modernisme en postmodernisme ............................................................ 8

**4. Sosiaal-konstruksionistiese epistemologie** ............................................................ 11

4.1 Die navorsingswaardes wat in die sosiaal-konstruksionisme geld ............................................................ 12

4.1.1 Deelnemende en verhalende proses ............................................................ 12

4.1.2 Fokus op diskoerse ............................................................ 13

4.1.3 Die belangrikheid van taal ............................................................ 14

**5. Teologiese posisionering** ............................................................ 14

5.1 ’n Postfundamentele benadering ............................................................ 14

5.2 Kernaspekte in ’n postfundamentele teologie ............................................................ 15

5.2.1 ’n Fokus op die kontekstuele ............................................................ 16

5.2.2 Die noodsaaklikheid van ’n interdissiplinêre gesprek ............................................................ 17

5.2.3 Die tradisie van verstaan ............................................................ 18

5.3 Dieselfde denklyne ............................................................ 19

**6. Die ontwikkeling van ’n postfundamentele prakties-teologiese metodologie** ............................................................ 19

6.1 Die beskrywing van ’n spesifieke konteks ............................................................ 21

6.1.1 My verhouding tot die konteks ............................................................ 22

6.2 Navorsingsgenote en hulle verhale ............................................................ 23

6.2.1 Etiese beskerming van navorsingsgenote ............................................................ 27

6.2.2 Breë beskrywing van navorsingsgenote ............................................................ 31

6.2.3 Die effektiewe beskrywing van ervaringe ............................................................ 34

6.3 Gesamentlike interpretasie van ervarings ............................................................ 34

6.3.1 Fasilitering van interpretasieproses ........ 35
6.4 'n Tradisie van interpretasie ........ 36
6.4.1 'n Alternatiewe verstaan van die verhale ........ 37
6.5 Refleksie oor die ervaring van God se teenwoordigheid ........ 37
6.6 'n Interdissiplinêre gesprek gee 'n ryker en dikker beskrywing van die verhale ........ 39
**7. Postmoderne paradigma van geskiedskrywing ........ 41**
7.1 Modernistiese geskiedbeskouing ........ 42
7.2 Postmoderne geskiedbeskouing ........ 44
**8. Narratiewe aanpak ........ 45**
8.1 Mondelinge geskiedenis ........ 47
8.1.1 Ontstaan en groei as georganiseerde aktiwiteit ........ 47
8.1.2 Verskillende gebruike van die begrip ........ 50
8.1.3 Doel en waarde van mondelinge geskiedenis ........ 52
8.1.3.1 Verryking van historiese materiaal ........ 53
8.1.3.2 'n Bemagtigende daad ........ 53
8.1.3.3 'n Ruimte vir gemarginaliseerde stemme ........ 54
8.1.3.4 Teenwig teen veralgemenings ........ 55
8.1.4 Beperkinge ten opsigte van mondelinge geskiedenis ........ 56
8.1.4.1 Beperkinge van die gespreksgenoot ........ 56
8.1.4.2 Beperkinge van die navorser ........ 57
8.1.4.3 Beperkinge in die onderhoud self ........ 58
8.1.5 Hantering van unieke soort gesprek ........ 59
8.1.5.1 Wat is die waarheid? ........ 60
8.1.5.2 Interpretasie van verhale ........ 63
8.1.5.3 Onderhoude met integriteit ........ 64
8.1.5.4 Eie indrukke en kantaantekeninge ........ 65
8.1.5.5 Invloed van die navorser ........ 65
8.1.5.6 Eienaarskap van die verhaal ........ 66
8.1.6 Keuse vir bepaalde benadering in mondelinge geskiedenis ........ 66
**9. Feminisme, vrouegeskiedenis en genderstudies ........ 67**
9.1 Feminisme as 'n kritiese beweging ........ 67
9.1.1 Verskillende aksente en bewegings ........ 67
9.1.2 Feminisme binne die Christendom ........ 69
9.2 Vrouegeskiedenis poog om vroue hoor- en sigbaar te maak ........ 70
9.3 Genderstudies belig geslagsrolle ........ 72
**10. Kongruensie in navorsing ........ 73**
**11. Faktore wat die keuse van navorsingsmetode beïnvloed het ........ 75**
11.1 My eie verhaal ........ 75
11.2 My lewens- en wêreldbeskouing ........ 76
11.3 Die moontlikhede en uitdagings wat aan kerkgeskiedenis gestel word ........ 76
11.3.1 'n Geleentheid tot 'n nuwe verstaan van die taak van kerkgeskiedenis. ........ 77

11.3.2 Gemarginaliseerde stemme word gehoor ... 78
11.3.3 Uitdagings aan die kommunikasiestyl van kerkgeskiedenis ... 78
**12. Die hantering van literatuur en bronne om verhale oop te breek ... 78**
**13. Navorsingsplan ... 81**
**14. Samevatting ... 81**

***HOOFSTUK 2 ... 83***

**1944–1974: ’N TYD VAN NADENKE OOR DIE POSISIE VAN VROUE IN DIE AMPTE 83**

**1. Die groter landkaart: 1899–1961 ... 83**
1.1 1899–1910: ’n Tyd van “rekonstruksie en unifikasie” ... 83
1.1.1 Afrikanervroue begin verskillende rolle vertolk ... 84
1.1.1.1 Verskillende beskouinge, verskillende rolle ... 85
1.2 1911–1924: Eenheid en onenigheid ... 87
1.3 1925–1948: Die opkoms van Afrikanernasionalisme ... 89
1.4 Die Afrikanervrou se rol as “volksmoeder” ontwikkel ... 91
1.4.1 Die geskrewe woord versterk die beeld van volksmoeder ... 93
1.4.2 Die ander kant van die verhaal kry min aandag ... 94
1.4.3 ’n Volksmoeder kan nie uit die huis uit wees nie ... 97
1.4.4 ’n Stem in die volk se huishouding ... 97
1.4.4.1 Die volksmoederdiskoers word in die stemregbeweging gebruik ... 100
1.4.5 Vroue-organisasies as vroueruimtes ... 101
1.4.5.1 SAVF-lede word met volksmoederknopies beloon ... 101
1.4.5.2 Klerewerkersunie sien hulleself as opvolgers van die Voortrekkervroue ... 101
1.4.5.3 Ander organisasies wat spesifieke rolle vervul het ... 102
1.4.5.4 Die Vrouesendingbond stuur vroue na die sendingveld ... 103
1.4.5.5 Afrikanervroue binne ’n patriargale samelewing ... 104
1.5 1949–1961: Apartheid word gevestig en beskerm ... 105
1.5.1 Die God van die Afrikaner ... 107
1.5.2 Party vroue dien en ander protesteer ... 108
1.5.2.1 Bond van Dienaresse skep diensruimte vir vroue – onder toesig van mans ... 108
1.5.2.2 Vroue protesteer teen apartheidswetgewing ... 109
**2. Twee vrouepredikante vind ’n nuwe roeping in hulle posisie as predikantsvroue ... 110**
2.1 Anna Linde vind ’n nuwe roeping in ’n nuwe land ... 111
2.1.1 ’n Pa se verlore roeping ... 111
2.1.2 Sy dogter hoor ook die roepstem na Afrika ... 112
2.1.3 ’n Draai in Suid-Afrika ter voorbereiding van die Kongo ... 113
2.1.4 Voluit Afrikaanse predikantsvrou ... 114
2.1.4.1 Genoeg ruimte om haar roeping uit te leef? ... 116

2.2 Jeanne Viljoen is net toegelaat tot op ’n punt ... 118
2.2.1 Geïnteresseerd in Grieks ... 119
2.2.2 Háár roeping geld nie ... 119
**3. Die groter landkaart: 1962–1977 ... 122**
3.1 Toenemende isolasie en interne onrus ... 122
3.2 1962–1977: Die hoogbloei van apartheid ... 124
3.3 Nog steeds “Vrou en Moeder” ... 125
3.3.1 Tipies manlik en tipies vroulik ... 126
3.3.2 Afrikanervroue leef hulleself binne vroue-organisasies met ’n kultuuroogmerk uit ... 127
**4. 1966: Die vraagstuk rondom die vrou in die amp kom op die tafel ... 128**
4.1 Ander sake op die agenda ... 129
**5. Nadenke in ekumeniese kringe ... 130**
5.1 Ekumeniese nadenke kom stadig aan die gang ... 130
5.2 Die NG Kerk leun swaar op die GES-nadenke ... 131
5.3 ’n Skriftuurlike besinning oor vroue in die besondere ampte ... 132
5.3.1 Ou Testament nie bruikbaar om vroue se rol te bepaal nie ... 132
5.3.2 Die Evangelies bied nie ’n duidelike antwoord nie ... 133
5.3.3 Handelinge dui aan dat mans én vroue spesiale gawes ontvang het ... 133
5.3.4 Die probleem rondom Paulus se uitsprake word anders benader ... 134
5.3.4.1 Paulus se positiewe erkenning van vroue as medewerkers ... 134
5.3.4.2 ’n Hermeneutiese sleutel vir die problematiese gedeeltes ... 135
5.4 Vroue se rol in die vroeë Christelike Kerk met agterdog bejeën ... 137
5.5 Die Reformasie oor vroue in die bediening ... 139
5.5.1 ’n Middeleeuse siening ... 139
5.5.2 Die Reformasie wyk van die asketiese ideaal af, maar is nie heeltemal bevry nie ... 139
5.5.2.1 Luther sukkel om Middeleeuse kombers af te gooi ... 139
5.5.2.2 Calvyn stel twee soorte diakens voor ... 140
5.5.2.3 Voetius as advokaat vir diakonesse ... 141
5.6 Die praktyk in Gereformeerde kerke ... 142
5.7 Gevolgtrekkings waartoe die verslag kom ... 146
5.8 Geen eenstemmigheid oor die aanbevelings nie ... 146
**6. 1970: Ter sprake, maar herbesinning gevra ... 148**
**7. 1972: GES bestudeer die verskillende ampte in die Bybel in diepte ... 149**
7.1 Ampte in die Bybel ... 151
7.1.1 Geestelike leiers in die Ou Testament tree nie buite grense van outoriteit op nie ... 151
7.1.2 Ampte in die Nuwe Testament groei en ontwikkel ... 152
7.1.2.1 Handelinge weerspieël nuwe ontwikkelinge ... 154
7.1.2.2 Lys gawes in Romeine nie eksklusief nie ... 155
7.1.2.3 Korintiërs se lyste gawes gegee tot opbou van die liggaam van Christus ... 155
7.1.2.4 Volgens Efesiërs word gelowiges toegerus vir hulle dienswerk deur die ampte ... 156
7.1.2.5 Filippense gee ’n blik op die struktuur van die ampte in die kerk ... 157

7.1.2.6 ’n Nuwe blik op die ampte gewerp in 1 Petrus en Jakobus ... 157
7.1.2.7 Die Pastorale Briewe werp die meeste lig op die funksionering van die ampte ... 157
7.1.3 Die Nuwe Testament oor bevestiging ... 158
7.1.4 Die bediening van die sakramente nie verbind tot die priesterlike amp nie ... 161
7.2 Die besondere aard van die ampte ... 162
7.3 ’n Nee vir vroue ... 164
7.3.1 Die Kommissie is ongemaklik met die opdrag en mandaat ... 164
7.3.2 Die swyggebod, skeppingsorde en sondeval gee die deurslag ... 165
**8. ’n Vrou gee stilweg aan haar roeping gehoor ... 170**
8.1 Gespreksgenoot 1: “Ek het gaan studeer om met kinders te werk” ... 170
8.2 Aanvanklik geen teenstand nie ... 171
**9. 1974: Breedvoerig nagedink oor die amp ... 172**
9.1 Weer op voetspore van die GES ... 172
9.2 Diakens om te dien ... 173
9.3 Unieke aard van die taak van die ouderling ... 175
9.4 Onderdanig sal sy bly ... 176
9.5 ’n Vraag oor die diakonie ... 178
**10. Samevatting ... 179**

***HOOFSTUK 3 ... 181***

**1978–1990: ’N VERSKIL IN SKRIFINTERPRETASIE KENMERK DIE TWEE KANTE VAN DIE DEBAT 181**
**1. Die groter landkaart: 1978–1990 ... 181**
1.1 Ou rolle in nuwe baadjies ... 184
1.1.1 Vroue as stil soldate én brugbouers ... 184
1.1.2 Van volksmoeder tot huisvrou ... 184
1.1.3 Die huwelik as die sosiaal-aanvaarbare norm ... 186
1.2 Vroue betree nuwe terreine ... 186
1.2.1 Al meer vroue betree die breër arbeidsmark ... 186
1.2.2 Gespreksgenoot 5: “Ek het dit gedoen met die oog op ’n kerklike werksterpos” ... 188
1.2.3 Feministiese stemme begin hoorbaar word ... 188
**2. 1978: Twee verslae ter tafel ... 189**
2.1 Uit die kerklike debat uitgesluit ... 191
2.2 Breër gedink oor vroue se rol in die samelewing en kerk ... 193
2.3 Nuwe klem op sekere sake ... 193
2.3.1 Onderskeid tussen amp van gelowige en besondere ampte ... 193
2.3.2 Vroue se dienswerk nie amptelik nie ... 194
2.3.3 Teksindeling verander die betekenis ... 195
2.3.4 Swyggebod norm vir alle tye ... 196

2.3.5 Amp van diaken weer onder oë ..... 197
2.4 Een verslag, twee interpretasies ..... 199
2.4.1 Onderliggende beweegredes ..... 199
2.4.2 Die Reformatore se beskouing ..... 200
2.4.3 Geen eenstemmigheid ..... 201
2.5 Die posisie van die vrou met betrekking tot die amp ..... 202
2.5.1 Christus die ankerpunt van die amp ..... 202
2.5.2 Funksie van die amp ..... 203
2.5.3 Eksegetiese kantaantekeninge ..... 203
2.5.4 Die swyggebod uit 'n ander hoek bekyk ..... 205
2.6 Kernaspekte ..... 205
2.7 Slegs as hulpkrag goedgekeur ..... 207
**3. "Die Here het my geroep" ..... 207**
3.1 Gespreksgenoot 2: "Dit het tot my gespreek" ..... 208
3.2 Gespreksgenoot 7: "Die Here sal my altyd terugbring na wat ek moet wees" ..... 209
3.3 Ondersteuning én vraagtekens ..... 210
3.3.1 Ouers staan bankvas agter hulle kinders ..... 210
3.3.2 Klasmaats reageer verskillend ..... 210
3.3.3 Dosente positief én negatief ..... 212
3.3.3.1 Prediking tydens teologiese opleiding 'n probleem ..... 213
**4. 1982: Die amp van diaken word vir vroue oopgestel ..... 214**
4.1 Streeksinodes laat hulle stemme hoor ..... 215
4.2 AKLAS verskil in die interpretasie van Skrifuitsprake ..... 217
4.2.1 'n Besluit oor die dra van hoofbedekkings bied 'n hermeneutiese sleutel ..... 217
4.2.2 Verskille binne AKLAS oor die betekenis van die skeppingsordening ..... 219
4.2.3 Kritiese Skrifbenadering onder oënskou ..... 220
4.3 'n Ja vir die amp van diaken ..... 221
4.3.1 Die diaken en meerdere vergaderings ..... 222
4.3.2 Tot volwaardige diakens toegelaat ..... 225
4.3.3 Die Vrouediens lewer nie 'n bydrae tot die debat nie ..... 226
**5. 1986: "Kom ons wag eers met die vroue" ..... 226**
5.1 Subkommissie begin werk ..... 226
5.2 Versigtig vir die feministe ..... 227
5.3 Sinode besluit ook oor Skrifgesag ..... 227
5.4 Kommissielede kan mekaar nie oortuig nie ..... 228
5.5 Volgens haar skeppingsmatige aard ..... 229
5.6 'n Sterk pleidooi ten gunste van vroue as ouderling en predikant ..... 229
5.6.1 Al meer kerke laat vroue toe ..... 229
5.6.2 Tydlose oorsprong van die amp en die tydgebonde vergestalting daarvan ..... 230
5.6.3 Weer na vroue se rol in die Bybel gekyk ..... 230
5.6.3.1 Paulus se spreke teen die agtergrond van 'n tydsbepaalde situasie ..... 231

*5.6.3.1.1 Gelykwaardigheid hef nie natuurlike onderskeid op nie ........................................ 231*
*5.6.3.1.2 'n Bepaalde rolverdeling binne 'n unieke verhouding .......................................... 233*
5.6.4 Die oopstelling van die ampte van leraar en ouderling sal verrykend wees en bedieningsbehoeftes oplos ........................................................................................................ 234
5.6.5 Argumente vir en teen ........................................................................................................ 234
5.7 Die regering van die kerk lê nie in 'n vrou se aard nie.......................................................... 237
5.7.1 Aard en doel van ampswerk sluit vroue uit ........................................................................ 237
5.7.2 Die Skrif gee 'n duidelike nee vir vroue as ouderlinge en diakens .................................... 238
5.7.3 Ander oorwegings ............................................................................................................... 239
5.7.4 Gravamen teen die toelating van vroue tot die diakenamp................................................. 239
5.7.5 Diakens kan nie uit meerdere vergaderings geweer word nie ............................................ 241
5.8 Te veel omstredenheid vertraag die pas .................................................................................. 241
5.8.1 Legitimasie: "Julle is geroep, maar behalwe jy, want jy is 'n vrou" .................................. 242
5.8.1.1 'n Deur gaan tog oop......................................................................................................... 243
**6. 1990: Die deure gaan vir vrouepredikante oop ............................................................ 244**
6.1 Hermeneutiese vertrekpunte verskillend ................................................................................. 245
6.1.1 Skrifhantering 'n groter debat ............................................................................................. 246
6.1.2 Wat het Paulus werklik bedoel? ......................................................................................... 247
6.1.2.1 Die ordelike verloop van die erediens beskerm.................................................................. 248
6.1.2.2 'n Rekonstruksie van die oorspronklike konteks................................................................ 248
6.1.3 Vroue lees die swygtekste binne die kultuurkonteks........................................................... 250
6.2 Ampsgesag is nie in 'n persoon geleë nie ............................................................................... 251
6.3 Praktiese probleme nie as onoorkombare struikelblokke gesien nie ...................................... 252
6.3.1 Vrouwees en moederskap in die praktyk............................................................................. 253
6.3.2 Ongetroude predikante se unieke ervaring ......................................................................... 255
6.3.3 Ander knelpunte aan gemeentes oorgelaat .......................................................................... 257
6.4 Die andersheid van 'n vrou verhoed haar om manswerk te doen............................................ 257
6.5 Riglyne vir die aanwending van vroue in die diakenamp ...................................................... 260
6.6 Lewendige debatte en geslote stembriewe .............................................................................. 261
6.6.1 Kerklike taalgebruik reflekteer manlike leefwêreld ............................................................ 263
6.6.1.1 Dit is die mag van die gewoonte – of is dit? ....................................................................... 264
6.6.1.2 Die mag om sosiale verandering teweeg te bring............................................................... 266
6.6.1.3 Gelaaide woorde................................................................................................................. 266
6.6.1.4 Wees sensitief vir alle minderheidsgroepe .......................................................................... 267
**7. Samevatting........................................................................................................................ 267**

***HOOFSTUK 4 .......................................................................................................................... 269***

**1991–2007: DIE PRAKTYK VAT STADIG POS 269**

**1. Die groter landkaart: 1991–2007 ........................................................................................ 269**
1.1 Groot veranderings op politieke terrein.................................................................................... 269

1.2 Afrikanervroue se soeke na ’n eie en unieke rol en identiteit ..... 273
1.2.1 Vroue-organisasies heroriënteer hulleself binne ’n nuwe politieke bestel ..... 274
1.2.2 Die stryd teen diskriminasie begin amptelike status kry ..... 274
**2. Sal vrouepredikante aanvaar én beroep word? ..... 275**
2.1 Uiteindelik gelegitimeer ..... 276
2.2 Die beste aanwending is onder vroue ..... 277
2.3 Die eerste vrouepredikant vier jaar na toelating beroep ..... 278
2.3.1 Nog deure gaan oop ..... 278
2.3.1.1 Verantwoordelikheid ..... 279
**3. 1994: Enkele kerkordelike wysigings ..... 280**
3.1 Strukture steeds uit ’n ou bedeling ..... 281
**4. Meer vroue ervaar dat hulle geroep is ..... 283**
4.1 Gespreksgenoot 4: “Ek wou elke minuut in Sy diens wees” ..... 283
4.2 Gespreksgenoot 3: “*The great wanna-be*” ..... 284
4.3 Gespreksgenoot 8: “En my hele menswees het tot rus gekom” ..... 287
4.4 Gespreksgenoot 6: “Ek maak jou ’n lig vir die nasies” ..... 288
4.5 Gemengde reaksie vanuit kerklike geledere ..... 291
4.5.1 Is grappies oor vroue werklik só onskuldig? ..... 291
4.5.2 Vrystaatse kuratorium weier student legitimasie ..... 292
4.5.3 Openlike teenkanting ..... 293
4.5.4 Aangenaam verras ..... 293
4.6 Rolmodelle en mentors ..... 294
4.6.1 Elna Mouton ..... 296
4.7 Roeping gee hoop ..... 297
4.7.1 Roeping gee ook hoop vir ander ..... 299
**5. 1998: ’n Ooraanbod van proponente vertraag die pas ..... 299**
5.1 Die frustrasies van proponent-wees ..... 301
5.1.1 Predikante A–Z ..... 304
**6. Moeder Kerk en haar dogters ..... 305**
6.1 Die kerk het my ge*drop* ..... 308
**7. Vrouepredikante se belewing van God ..... 309**
7.1 “Die kerk vat my weg van God af” ..... 310
7.2 “Ek is waar die Here my wil hê” ..... 310
7.3 “Wanna-be close to Him” ..... 311
7.4 “Ek wil *glimpses* van God fasiliteer” ..... 312
7.5 Geestelike groei en ’n pad van aanvaarding ..... 312
7.6 “God het deur alles vir my gesorg” ..... 313
**8. 2002: Diskriminasie teen vroue is sonde ..... 314**
8.1 Debat in ’n breër konteks geplaas ..... 316
8.2 Bykomende besluite ..... 317
**9. Laat ander die praatwerk doen ..... 318**

9.1 Gendersake is nie vir almal belangrik nie ..... 320
9.1.1 "Ek celebrate mense en mense se gawes en mense se uniekheid" ..... 321
9.1.2 Is die stryd dan enigsins nodig? ..... 322
9.1.3 Hoekom gaan dit beter af as 'n mens eerder stilbly? ..... 324
9.1.4 Speel die spel soos hulle dit wil hê ..... 326
9.2 Hoe kan vroue mekaar help? ..... 326
**10. 2004: "Is die NG Kerk gereed om oor vrouesake te praat?" ..... 327**
10.1 'n Voël het twee vlerke nodig om mee te vlieg ..... 329
10.2 'n Kers word vir vroue aangesteek ..... 329
10.3 Onbillike arbeidspraktyke en rolverwarring ..... 330
10.4 Leefstyl-Bybel vir vroue ..... 330
10.5 Afvaardiging van vroue na meerdere vergaderings ..... 331
**11. 2007: Leierskapontwikkeling moet aandag kry ..... 332**
11.1 Vroue deur 'n nuwe teologie onderdanig gehou? ..... 336
11.2 Gendersake as module tydens teologiese opleiding ..... 337
**12. Samevatting ..... 337**

***HOOFSTUK 5 ..... 339***

**KRITIESE TERUGSKOUING 339**

**1. Evaluering van navorsingsproses gevolg ..... 339**
1.1 Meer as een stem en meer as een verhaal ..... 339
1.2 Verrassende uitkomste ..... 340
1.2.1 Die volksmoederdiskoers help om die stilswye van vroue beter te verstaan ..... 341
1.3 Die gebruik van 'n postfundamentele prakties-teologiese metodologie ..... 342
1.3.1 Die konteks en geïnterpreteerde ervaring ..... 342
1.3.1.1 Die swygtekste kontekstueel geïnterpreteer ..... 342
1.3.2 Om fyner te luister en regtig te hoor ..... 343
1.3.3 Heilige grond ..... 343
1.3.4 Interdissiplinêre navorsing kan meer lig op bepaalde temas werp ..... 344
1.4 Bydrae tot metodologie van kerkgeskiedskrywing ..... 344
**2. Kerkhistoriese bydrae ..... 345**
2.1 "Herstory" in plaas van "history" ..... 345
2.2 Die impak van 'n bepaalde Skrifbeskouing op vroue ..... 345
2.3 Impak van kerklike besluite op mense ..... 346
**3. Temas wat nie verreken is nie ..... 347**
**4. Die invloed van hierdie navorsing op my bediening en eie verhaal ..... 348**
**5. Sake vir verdere navorsing ..... 348**
**6. Die pad vorentoe ..... 349**

*BYLAE 1* .......... *350*

**VOORBEELD VAN VRAELYS WAT UITGESTUUR IS OM BIOGRAFIESE DATA TE BEKOM 350**

*BYLAE 2* .......... *353*

**TOESTEMMING – GEBRUIK VAN INLIGTING UIT ONDERHOUDE VIR NAVORSINGSDOELEINDES 353**

*BYLAE 3* .......... *354*

**BESKIKBARE TOESPRAKE WAT TYDENS "MOEDER KERK EN HAAR DOGTERS" GELEWER IS 354**

**1. Motivering vir die konferensie (1) .......... 354**
**2. Motivering vir die konferensie (2) .......... 356**
**3. Moeder Kerk en haar dogters: Geboorte en opgroei (1) .......... 358**
**4. Moeder Kerk en haar dogters: Geboorte en opgroei (2) .......... 359**
**5. Moeder Kerk en haar dogters: Wat sê die wetgewing vir ons? .......... 362**
**6. Die veranderinge in Suid-Afrika .......... 364**
**7. Die invloed van die feminisme op die kerk .......... 368**
**8. Die situasie van die proponente in die NG Kerk .......... 372**
**9. Moeder Kerk vertel self hoe dit met haar dogters in die bediening gaan .......... 375**
9.1 Egpaar in die bediening .......... 375
9.2 Enkelvrou in die bediening .......... 376
9.3 Meneer Dominee .......... 377
9.4 Gemeentes vertel .......... 378
9.5 Teologiese opleiding .......... 383
**10. Moeder Kerk en die pad vorentoe .......... 387**
**11. Voorstelle wat tydens die konferensie gemaak is .......... 388**

**BIBLIOGRAFIE 391**

**1. Algemeen .......... 391**
**2. Elektroniese korrespondensie en besprekingsgroepe .......... 405**
**3. Koerantberigte, populêre tydskrifte en briewe in koerante .......... 405**
**4. Kerklike publikasies .......... 407**
**5. Persoonlike onderhoude .......... 411**
**6. Ander .......... 413**

# TABELLE

**Tabel 1: Modernisme en postmodernisme ........ 10**
**Tabel 2: Aantal vrouepredikante teen 2007 ........ 24**
**Tabel 3: Tydlyn 1899–1910 ........ 84**
**Tabel 4: Tydlyn 1911–1924 ........ 88**
**Tabel 5: Tydlyn 1925–1948 ........ 90**
**Tabel 6: Tydlyn 1949–1961 ........ 106**
**Tabel 7: Tydlyn 1962–1977 ........ 124**
**Tabel 8: Tydlyn 1978–1990 ........ 182**
**Tabel 9: Tydlyn 1991–2007 ........ 270**
**Tabel 10: Samelewingsvraagstukke waaraan gemeentes aandag gee ........ 324**
**Tabel 11: Diversiteit in leierskap in die NG Kerk teen 2006 ........ 333**

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# AFKORTINGS GEBRUIK

| Afkorting | | Verklaring |
|---|---|---|
| ADGO | - | Algemene Diensgroep vir Gemeente-ontwikkeling |
| AGS | - | Apostoliese Geloofsending |
| AKAE | - | Algemene Kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie |
| AKV | - | Algemene Kommissie vir Vrouelidmate |
| ANC | - | African National Congress |
| APK | - | Afrikaanse Protestantse Kerk |
| ATKV | - | Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging |
| CSV | - | Christen-Studentevereniging |
| dr. | - | doktor / dokter |
| DA | - | Demokratiese Alliansie |
| DP | - | Demokratiese Party |
| ds. | - | Dominee |
| FSAW | | *Federation of South African Women* |
| GES | - | Gereformeerde Ekumeniese Sinode (in bronverwysings word die Engelse afkorting gebruik, naamlik: RES) |
| GKN | - | Gereformeerde Kerke in Nederland |
| GKSA | - | Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika |
| HNP | - | Herstigde Nasionale Party |
| IDASA | - | Instituut vir 'n Demokratiese Alternatief vir Suid-Afrika |
| JDD | - | Jong Dames Dinamiek |
| Kodesa | - | Konvensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika |
| KP | - | Konserwatiewe Party |
| m.a.w. | - | met ander woorde |
| OVV | - | Oranje-Vrouevereniging |
| NP | - | Nasionale Party |
| NCVV | - | Natalse Christelike Vrouevereniging |

| | | |
|---|---|---|
| NGB | - | Nederlandse Geloofsbelydenis |
| NG Kerk | - | Nederduitse Gereformeerde Kerk |
| NGKA | - | Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika |
| NHKA | - | Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika |
| NGSK | - | Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Afrika |
| NVP | - | Nasionale Vroueparty |
| PFP | - | Progressiewe Federale Party |
| prof. | - | professor |
| RAU | - | Randse Afrikaanse Universiteit (nou: Universiteit van Johannesburg) |
| RCA | - | Reformed Church in Africa |
| RES | - | Reformed Ecumenical Synod |
| SA | - | Suid-Afrika |
| SAVF | - | Suid-Afrikaanse Vrouefederasie |
| SKLAS | - | Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake |
| SWAPO | - | South West African People's Organisation |
| UP | - | Universiteit van Pretoria |
| UPE | - | Universiteit van Port Elizabeth (nou: Nelson Mandela Universiteit) |
| UVS | - | Universiteit van die Vrystaat (was: UOVS) |
| VGK | - | Verenigde Gereformeerde Kerk |
| VSA | - | Verenigde State van Amerika |
| VVO | - | Verenigde Volke-organisasie |
| WBGK | - | Wêreldbond vir Gereformeerde Kerke |
| WCTU | - | *Women's Christian Temperance Union* |
| WNC | - | *Women's National Coalition* |
| WRK | - | Wêreldraad van Kerke |
| WVK | - | Waarheids- en Versoeningskommissie |

**Hoofstuk 1**

# WETENSKAPLIKE POSISIONERING EN NAVORSINGSPROSES

## 1. ’N EERSTE VERHAAL

My eie reis as vroulike teologiese student, proponent en predikant in die Nederduitse Gereformeerde Kerk (hierna: NG Kerk) het sekere vrae oor die posisie van vroue in die kerk by my wakker gemaak en my nie net nuuskierig nie, maar ook sensitief gemaak vir die verhale van ’n gemarginaliseerde stem (en ander gemarginaliseerde stemme) in die NG Kerk en breër samelewing.

> Ek het my teologiese studies in 1986, aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (nou: UVS), begin met 'n soort kinderlike geloof dat die kerk vinnig haar deure vir vroue sou oopmaak om as volwaardige predikante in die amp te kan staan. Alhoewel my familie aanvanklik baie skepties oor my beroepskeuse was, het dit my nie gekeer om tog vir teologie in plaas van argitektuur te registreer nie. As sewentienjarige meisie het ek gedink dat die toe deur my net sou verhoed om my hande uit te steek met die uitspreek van die seën! Hoe absurd die voorreg om die seën te mag uitspreek later teen ’n bekende vroueteoloog gebruik sou word, het ek nie kon droom nie[1]. Oor die bediening van die Doop en Nagmaal het ek nie eers gedink nie.
>
> Ek het die skeptisisme en opmerkings oor ’n vrou in die teologiese wêreld as die persoonlike opinies van die betrokke individue geïnterpreteer en nie aan ’n groter paradigma gekoppel of ’n naam daaraan gegee nie. Die eerste keer toe ek daarvan bewus geword het dat daar ’n breër en sterker opinie heers oor die plek en rol van vroue as predikante of geestelike leiers, was vroeg-vroeg in my eerste jaar op die dag toe al die eerstejaar-teologiese studente die eerste keer bymekaar gekom het. ’n Medestudent het voor my kom staan en met gevoude arms gevra: “En wat dink jy soek jy hier?” Hierdie opinies het deur my studieloopbaan op

[1] Professor Elna Mouton is na haar aanstelling as die eerste vroulike dekaan van die Teologiese Fakulteit aan die Universiteit van Stellenbosch, deur ’n bekende kerkregtelike in die NG Kerk gemaan dat sy nie haar hande tydens die uitspreek van die seën mag uitsteek nie omdat sy nooit gelegitimeer is nie. Toe ek haar vra wat sy die persoon geantwoord het, het sy net geglimlag en gesê dat sy haar handpalms nou omdraai in ’n ontvangende posisie, “want dit is in elk geval beter om die seën van die Here te ontvang” (Mouton 2006).

verskillende plekke en maniere gestalte gekry. Daar is in verskillende kontekste, formeel in die klas of informeel op die kampus, opmerkings gemaak oor die handvol vroulike teologiestudente. Gedurende daardie jare was dit nog ’n “rariteit” op die kampus. Slegs ’n paar dosente het onthou of die moeite gedoen om nie net die “menere” in die klas aan te spreek nie. Slegs manlike teologiestudente kon vir studiebeurse by die Vrystaatse Sinode aansoek doen, vrouens moes die geld leen. Ek sou die NG Kerk in die Vrystaat tot in 2006 terugbetaal vir die lening aan my toegestaan. Dit is ook duidelik aan ons gestel dat vroue slegs akademies en nie kerklik toegelaat word om teologie te studeer nie. Dit het ’n invloed op die praktiese werk gehad wat ons in gemeentes moes doen. 'n Medestudent het dit selfs een keer duidelik aan my gestel dat ek (as vrou) hom nie in die openbaar durf teëgaan nie.

Die deure het toe nie tydens die Algemene Sinode aan die einde van 1986 oopgegaan nie. Die realiteit van die toe deure was nou baie groter. Vir die volgende vier jaar sou ek my tyd, energie en finansies aan ’n studierigting afstaan waarin ek dalk nie ’n loopbaan sou vind nie. My roeping was in die gedrang. Die deure het aan die einde van my vyfde jaar wel oopgegaan tydens die Algemene Sinode in 1990 in Bloemfontein. Ek onthou nog die gevoel toe ek vanaf die besoekersgalery gekyk het hoe die stemmingsproses verloop en prof. Johan Heyns se aankondiging wat die stemuitslag was. Kerklik is vroue nou ook toegelaat en ek moes inderhaas ’n gemeente soek waarin ek prakties kon doen. Die NG Gemeente op Clarens, ’n plattelandse dorpie in die Oos-Vrystaat, het aan my die geleentheid gegee.

Die groter narratiewe wat hierop ingespeel het en die gevolge wat die toelating van die vrou in die amp van predikant op die bediening sou hê, het my begin raak en daarom het ek my B.Th-skripsie uit 'n kerkregtelike hoek oor hierdie onderwerp aangepak (Büchner 1991) en hoofsaaklik gekonsentreer op die beginsels wat moes geld vir enige persoon se roeping tot die amp van predikant en die vraag of daar enige spesiale kerkordelike reëlings ten opsigte van vrouepredikante getref moes word. Hiermee was die saak myns insiens afgehandel. Tydens my M.Th-studies het ek ’n onderwerp aangepak wat baie ver verwyderd van die wêreld van vrouepredikante was en steeds is. Ek het vanuit 'n kerkhistoriese en kerkregtelike perspektief na die NG Kerk se betrokkenheid by die viering van Geloftedag gekyk en streng gefokus op geskrewe bronne as die primêre storievertellers. Ek het saam met my B.Th-graad ook ’n Honneursgraad in Hebreeus gedoen.

Alhoewel die besluit geneem is was die deure toe nie so oop nie. Dit sou nog ’n verdere vier jaar duur voordat die eerste vrou in 1994 as predikant beroep is. Dit het ook in Bloemfontein gebeur. Ek het op die kerkraad van die NG Gemeente Kovsiekampus gedien, wat daardie beroep uitgebring het. Kort daarna het ek ’n proponentspos by ’n gemeente in Centurion aanvaar en na Pretoria verhuis.

My reis as proponent en later as tentmaker-predikant in die NGK vanaf 1991 tot 2004 het die werklikheid van die reis van vrouepredikante vir my oopgebreek. Na 'n uiters traumatiese en onaangename ervaring in 1997 was ek vir meer as 'n jaar glad nie in 'n persoonlike of professionele hoedanigheid kerklik betrokke nie. Die regsaksie wat met hierdie ervaring gepaard gegaan het, het die probleme wat vrouepredikante ondervind, gedurende daardie tyd in die openbare oog geplaas. Die publisiteit wat hiermee gepaard gegaan het, het talle vroue met probleemverhale na vore laat kom. Al die negatiewe verhale het my opstandig begin gemaak. Alhoewel daar niks konstruktief gebeur het nadat ek hulle verhale gehoor het nie, was ek die hele tyd bewus daarvan en het hierdie verhale nie vergeet nie.

My roeping is egter nie deur die insident geblus nie, en ek het gedurende Mei 1999 weer vir 'n gemeente begin werk. Gedurende Junie 2000 het 'n groep vroue my een aand kom sien en gevra dat ek iets aan hulle lot moet help doen. Ek het myself op daardie stadium baie sterk met Chris Louw geïdentifiseer, wat op 1 Mei 2000 sy ontnugtering met die establishment in sy bekende "Boetman"-brief uitgedruk het (Louw 2001:7-22). "Kleinsus" was ook baie kwaad. My eie negatiewe ervarings het my oë en ore nou oopgemaak vir vroulike kollegas se reiservarings. Ek het egter besef dat ons nie net kwaad kan bly nie, maar self iets sal moet probeer doen. Hierdie gesprek het daartoe gelei dat ek en 'n paar vroueproponente, in samewerking met lede van die destydse Algemene Sinodale Kommissie, 'n konferensie oor en vir vrouepredikante in die NG Kerk gereël het. Tydens hierdie konferensie, wat "Moeder Kerk en haar dogters" genoem is, het dit geblyk hoeveel seer verhale daar te vertelle was. Die program was vol geleenthede om die positiewe en negatiewe verhale te vertel. Die sessies waartydens negatiewe ervarings gedeel is, het met baie emosie gepaard gegaan.

Die geskiedenis was duidelik nog nie klaar geskryf nie. Ek het besef dat die geskiedenis nie volledig weergegee kan word deur 'n klomp sinodale besluite en verslae nie. Mense se eie ervarings gee 'n ander betekenis aan bepaalde besluite en kleur die besluite as't ware in. Die kleiner verhale van individue wys ook wat die invloed van kerklike besluite op individue en gemeentes het – kerklike besluite vat immers êrens grond! Tydens hierdie konferensie het ek toe besluit om in my D.Th-studies (ek sou op hierdie stadium weer aan die UVS inskryf) weer te konsentreer op die pad wat vrouepredikante in die NG Kerk moes stap. Ek was egter onseker oor die metodiek om vrouepredikante se stemme self hoorbaar te maak.

Ek het 'n terapeutiese pad geloop om die ervaring van 1997 te verwerk. Teen die middel van 2002 het ek die verloop van die gebeure binne die raamwerk van my breër lewensverhaal neergeskryf en een aand, saam met my terapeut, op 'n simboliese wyse uit my breër verhaal gesny en verbrand. Alhoewel dit altyd deel van my verhaal sal bly en ek dit so erken, was dit

vir my ’n moment om die emosionele houvas wat dit op my gehad het, los te maak. Daardie moment sal my altyd bybly. Dit was verby en dit was tyd om aan te beweeg.

Intussen was my eie loopbaan nog steeds op onsekere voete. Ek is in September 2000, eers tien jaar nadat ek gelegitimeer is, as tentmaker-predikant bevestig. Die lang wagtyd en die eise wat twee loopbane aan my as tentmaker-predikant gestel het, was nie altyd maklik nie.

Die Algemene Sinode van Oktober 2004 sou egter ’n beslissende rol op my bediening speel. Ek is as tentmaker-predikant in 2001 verkies op die Diensraad (moderamen) van die Oos-Transvaalse Sinode en was dus ’n afgevaardigde na die Algemene Sinode van 2004. Kort voor die sinode het ek baie sterk gewonder en geworstel oor my roeping – het ek nie dalk die stem van die Here verkeerd gehoor nie? Ek is ook deur ander met hierdie vraag gekonfronteer omdat ek, ten spyte van baie aansoeke, geen voltydse beroep gekry het nie. Tydens hierdie sinode moes ek saam met dr. Deon Bester, medelid van die subkommissie oor Geslagsgelykheid, ’n verslag lewer oor die stand van sake rondom vrouepredikante in die kerk. Ek sal later in die proefskrif meer vertel oor die inhoud van hierdie verslag.

Voordat ons die verslag kon lewer, het daar ’n klankprobleem ontstaan en gevolglik moes die verslag oorstaan na die laaste dag van die sinode. Op die tweede laaste dag het die verkiesing van die moderatuur begin. Tot my groot verbasing het my naam op die groslys verskyn. Ek het dit egter letterlik afgelag omdat ek nie soos die ander kandidate ’n moderator van ’n streeksinode was nie en ook nie ’n voltydse predikant was nie. Geen gemeente wou my immers voltyds beroep nie, wat nog van ’n struktuur soos die moderatuur. Teen die aand was ek op die viertal en teen die volgende oggend moes die sinode stem tussen my en dr. André Bartlett, ’n bekende in ekumeniese kringe en predikant van Aasvoëlkop. Ek was baie verras, maar ook bang toe ek as die eerste vrou en die jongste lid nog, op die moderatuur van die Algemene Sinode verkies is (Jackson 2004a:4; 2004b:5). Dit het ’n groot geloofbetekenis vir my gehad: ek het net geweet dat my roeping nie tevergeefs was nie en dat ek in die kerk moes bly, al gebeur die goed so agterstevoor. Die verslag oor geslagsgelykheid is eers na afloop van die verkiesing aan die sinode voorgelê. My verkiesing op die moderatuur was egter vir my persoonlik problematies omdat ek ’n tentmaker-predikant sonder ’n voltydse inkomste was. Die bal is egter aan die rol gesit en ek is Februarie 2005 as voltydse predikant van die NG Gemeente Garsfonteinpark (nou: Lux Mundi) bevestig. Na 14 jaar was my roeping volledig!

Lux Mundi Gemeente is ’n dinamiese voorstedelike gemeente in Pretoria wat in haar werksaamhede sterk daarop gerig is om ’n verskil in die gemeenskap te maak. Ek glo dat die Here die gebeure tydens die Algemene Sinode gebruik het om die deur na ’n gemeente vir my oop te maak. Ek beskou dit as ’n voorreg en nie ’n reg nie, om my roeping hier te kan

vervul. Om te mag dien is 'n voorreg. Ek is verder bevoorreg om deel te kan wees van 'n bedieningspan wat daarop ingestel is om mekaar te laat slaag. Hierdie ervaring staan in sterk kontras met my vorige kerklike ervaringe. Die vreugde om in so span te kan werk het bygedra tot my eie heelwording. Ek het hier besonder baie geleer oor die bediening.

Vanaf 2001 het ek op 'n nie-akademiese wyse in aanraking gekom met narratiewe terapie en die beginsels daaragter. Hoe meer ek van hierdie benadering te wete gekom het, hoe duideliker het dit vir my geword dat die narratiewe benadering 'n ryker beskrywing aan die geskiedenis van vrouepredikante in die NG Kerk kon gee en 'n manier is om vrouepredikante se stemme hoorbaar te maak. Ek het my studies na die Universiteit van Pretoria (UP) geskuif en besluit om die geskiedenis van vrouepredikante met behulp van die narratiewe navorsingsmetode na te vors. Daarom word hierdie studie vanuit twee departemente gedoen, naamlik Kerkgeskiedenis én Praktiese Teologie. Alhoewel dit nie die primêre fokus van hierdie studie is nie, hoop ek om tog ook 'n bydrae te lewer ten opsigte van 'n nuwe metodologiese vennootskap tussen Kerkgeskiedenis en Praktiese Teologie.

Ek het ook in die leef en belewing van my eie verhaal 'n kritiese ingesteldheid jeens die NG Kerk op plaaslike vlak en in breër verband ontwikkel wat my in beweging gebring het om deel te word van die soeke na 'n oplossing rondom die situasie van vrouepredikante. Ek wou nooit 'n kantlynkritikus wees nie. Daarom is ek steeds by die formele kerklike proses betrokke wat na die situasie van vrouepredikante in die NG Kerk kyk. Die presiese aard en omvang hiervan sal in my navorsing aandag geniet sonder om daarmee my eie storie te vertel. Dit is vir my 'n voorreg om op die formele kerklike terrein en op akademiese wyse by die verhale van vrouepredikante in die NG Kerk betrokke te wees.

## 2. ANDER VERHALE WORD OP VERSKILLENDE MANIERE ONTSLUIT

Die aksieveld waaroor ek gaan navorsing doen is die verhale van 'n groep vrouepredikante in die NG Kerk teen die agtergrond van die amptelike kerklike proses, wat plaasgevind het om vroue tot die amp van predikant toe te laat. Die verloop van die amptelike proses vertel slegs een deel van die verhaal. Hierdie verhaal word ingekleur, ryker en dikker[2] beskryf en

---

[2] Don Browning (1991:58) gebruik die term "thick descriptions" as hy praat van 'n deskriptiewe beweging in die teologie wat poog om verskillende perspektiewe op bepaalde 'n vraagstelling weer te gee. Hierdie perspektiewe kom uit verskillende dissiplines en van verskillende mense met verskillende belewenisse van 'n saak (vgl. ook Bosman 2001:69–70).

geïnterpreteer deur die persoonlike verhale van vrouepredikante in terme van hulle roeping, studies en bedieningsloopbane. Die kleiner verhale belig ook die invloed wat die amptelike kerklike besluitnemingsprosesse op individue se lewensverhale gehad het. Die verloop van die amptelike kerklike proses is volledig in die navorsing beskryf. Die verhale van vrouepredikant(e), wat gedurende die betrokke tydperk studeer het of tot die bediening toegetree het, word vervolgens vertel.

My eie ervaring as predikant gaan nie as een van die verhale in die navorsing vertel word nie, alhoewel die uiteindelike keuse vir die aksieveld en navorsingsmetode wat ek in hierdie studie gevolg het, sterk beïnvloed is deur my eie reiservaring as predikant in die NG Kerk. Ek sal wel my eie ervaring op kommissies en insette wat ek op sinodale vlak gelewer het beskryf waar nodig.

’n Bepaalde navorsingsmetode gee rigting aan die totale navorsingsproses. Dit rig dus die studie en bepaal watter proses gevolg gaan word om die nodige data in te samel, saam te voeg, dit dan op ’n logiese wyse in verhouding bymekaar te bring en uiteindelik te interpreteer om die onderliggende betekenis vorendag te bring (Leedy & Ormrod 2000:8).

Die ryk ineengeweefde verhaal van vrouepredikante binne die NG Kerk is deur die volgende metodes nagevors.

Eerstens is die breër Suid-Afrikaanse konteks waarbinne die NG Kerk vanaf 1900–2007 gefunksioneer het, kortliks beskryf. Daar is ook spesifiek gekyk na wat met vroue oor dieselfde tydperk op die breër landkaart gebeur het. Die NG Kerk se sinodale vergaderings en vroue se persoonlike verhale het immers elke keer binne hierdie groter historiese konteks afgespeel.

Tweedens is algemene inligting versamel van die amptelike kerklike proses wat gevolg is om vroue tot die amp van predikant in die NG Kerk toe te laat. Dit is gedoen deur ’n volledige bronnestudie van agendas, notules en verslae van verskillende kerklike vergaderinge soos sinodale kommissies en sinodes asook konferensies wat hieroor gehou is. Hierdie inligting dien as die kerklike agtergrond waarteen die kleiner verhale afspeel.

Hierdie algemene inligting is aangevul deur inligting wat uit ’n kort vraelys verkry is om te bepaal wie die vroue is wat gelegitimeer is, waar en wanneer hulle studeer het en wat hulle posisie tans is of wat hulle tans doen. Omdat die aantal gelegitimeerde vroue betreklik min is, is daar gepoog word om soveel as moontlik van hulle op hierdie manier te bereik.

Die res van die navorsingsproses het deur narratiewe historiese navorsing geskied. Daar is persoonlike onderhoude gevoer word met ten minste agt vrouepredikante en -proponente of gelegitimeerde vroue. Die waardes van ’n sosiaal-konstruksionistiese epistemologie en postfundamentele praktiese-teologiese metodologie het hier gegeld. Dit sal later volledig uiteengesit word. Ek beskryf dit redelik volledig omdat ek, soos in die titel aangedui, ook ’n bydrae wil lewer tot die ontwikkeling van ’n bepaalde historiese benadering. Hierdie waardes en metodologie het my baie gehelp om op ’n wetenskaplik verantwoordbare wyse die verhale van vrouepredikante hoorbaar te maak. As Christen-kerkhistorikus kon ek my ook met hierdie beginsels vereenselwig. In ’n narratiewe benadering word daar ander aksente geplaas as in gewone mondelinge geskiedenis. Die verskille en raakpunte sal aangetoon word. Na my mening kan dit ’n bydrae lewer tot die uitbouing van mondelinge geskiedenis as ’n metode om geskiedenis na te vors.

Daar is ook oor sekere temas ’n kort literatuurstudie gedoen wat uit die gesprekke met die navorsingsgenote na vore gekom het. Dit is belangrik om ook kennis te neem wat in die breër akademiese diskoers oor bepaalde sake gesê word. Ten einde nie die fokus van hierdie studie te verloor nie, het ek net ’n paar temas gekies wat verder ontgin is. Dit is veral temas wat by prominente diskoerse aansluit.

Kerkgeskiedenis het dus op die beginsels wat in narratiewe navorsing geld, gestalte kry. Hierdie spesifieke navorsingsproses het bepaal op watter manier dataversameling plaasgevind het, hoe die data hanteer is en watter tipe vrae in die versamelingsproses en die verwerking daarvan gevra is.

## 3. ’N KULTURELE SKUIF EN DIE INVLOED DAARVAN OP DIE TEOLOGIE

Die kultuur van ’n samelewing is die meganisme waardeur die mense van die bepaalde samelewing hulleself en die werklikheid interpreteer (of verstaan) en hanteer. Dit is ook ’n manier hoe die samelewing wederkerig op homself en die wêreld inwerk (dit reël dus verhoudinge) (Bosman 2001:11; Cahoone 1995:2 en Rossouw 1995:75) (vgl. ook Thomas Kuhn se verduideliking hoe paradigmas funksioneer in Du Toit 2000:43–50).

Gedurende die tweede helfte van die twintigste eeu het daar ’n kulturele of paradigmaskuif plaasgevind waarin die samelewing tot ’n nuwe “self- en wêreldverstaan” begin kom het

(Bosman 2001:11). Die paradigmaskuif van die modernisme na die postmodernisme het onder andere ook 'n invloed op die teologie.

Teologie is 'n "antwoordende spreke" (Heyns & Jonker 1997:132–137) op die openbaring van God vanuit 'n bepaalde tyd en vir 'n bepaalde tyd. Wisselende omstandighede bring ook nuwe antwoorde mee. Daarom is die teologie verplig om kennis te neem van nuwe paradigmas omdat dit die teologie beïnvloed. "Teologie is nie 'n wetenskap wat kant en klaar volgens sy metode gekonstrueer word, om dan agterna nog in verband met die res van die wêreld gebring te word nie" (Heyns & Jonker 1977:221). 'n Nuwe teologiese refleksie om relevant te bly is dus nodig (Bosman 2001:11). Die postmodernisme sal kerkgeskiedenis as wetenskap uiteraard ook beïnvloed.

Om my keuse vir 'n postmoderne paradigma van geskiedskrywing te verduidelik, is dit noodsaaklik om eers vir 'n oomblik by die modernisme en postmodernisme stil te staan.

## 3.1 MODERNISME EN POSTMODERNISME

Die moderne tydvak word deur historici gebruik om die tydperk mee te beskryf wat op die vroeë moderne tydvak volg. Die vroeë moderne tydvak strek breedweg vanaf die end van die 15de eeu tot die end van die 18de eeu (dus vanaf 1492 as die begin van kolonialisme tot 1750 met die Aufklärung of Verligting). Die moderne tydvak strek vanaf die Verligting tot die vyftigerjare van die vorige eeu (vgl. Miller 2004:96 vir 'n skematiese tydlyn). Die modernisme is die beweging waarin die mens homself losgemaak het van die lewens- en wêreldbeskouing wat in die premoderne tyd geheers het. Die modernisme vervang 'n bygelowige wêreldbeskouing met 'n grondslag waarin die selfstandigheid van die mens en die kumulatiewe effek van kennis en die outonome rede hoog geag word. René Descartes is 'n klassieke eksponent van hierdie era wat geglo het dat as iets duidelik en verstaanbaar veronderstel word, daar sekerheid oor sy geloofwaardigheid bestaan en dat die res van jou kennis dan daarop gebou kan word. Sy stelling: "Ek dink, daarom is ek," kan as die slagspreuk van die modernisme beskou word. Vir Descartes was kennis soos 'n gebou – die sisteem het 'n stewige fondament nodig gehad en hy het dit nodig geag om die onstabiele fondament van 'n ou sisteem met ontwyfelbare waarhede te vervang. Tydens die modernisme is daar 'n groot premie op die rede of die rasionale geplaas en die gesag van die outonome rede moes gehoorsaam word (Dueck & Parsons 2004:234; Naudé 1993:96–97; Niemandt 2007:16).

Hierdie tydvak is sterk beïnvloed deur die ontdekking van die boekdrukkuns en derhalwe het die geskrewe woord ’n bepalende rol begin speel. Die invloed wat dit op die kerk gehad het, word weerspieël in die uitgebreide geloofsbelydenisse wat in hierdie era die lig gesien het. Geloofswaarhede is op ’n logiese wyse beredeneer, verduidelik en uiteindelik uiteengesit in belydenisse. Die redelike aspek van geloof is in die proses beklemtoon met ’n afwysing van die meer emosionele en ervaringsmatige daarvan (Niemandt 2007:20–21).

In die modernisme word die feitelikheid hoog geag, soos sekerheid vind in die objektiewe voorstelling van die realiteit. Die modernistiese diskoers gebruik taal waarop kennis gekonstrueer kan word, onderskryf die taal van ’n outonome en ekspressiewe individu, wat voorrang geniet bo dié van die gemeenskap en wat die universele bevestig (Dueck & Parsons 2004:235). Moderniteit strewe ook na ’n duidelikheid waarin sake duidelik van mekaar onderskei kan word. Dit het ’n klomp dualistiese beskouinge, soos objektiwiteit en subjektiwiteit, liggaam en gees, die openbare (publieke) en private, organies en meganies, natuur en kultuur, tot gevolg gehad (Ward 2007: paragraaf 9).

Daar bestaan nie eenstemmigheid oor wat die term postmodernisme presies beteken nie, behalwe dat dit ’n reaksie of kritiek teen en ’n wegbeweeg van die modernisme is (Kirk 1997:316; Naudé 1993:98). Niemandt (2007:24) beskryf dit as ’n ontluikende beweging. Die begrip het vanuit die estetika en literêre kritiek na alle wetenskappe oorgespoel (Naudé 1993:97–98). Volgens Harvey (soos aangehaal in Kirk 1997:316) is postmodernisme teen die bou van sisteme en die “social engineering schemes” van die modernisme.

Jean-François Lyotard was een van die eerste denkers wat uitgebreid oor die posmodernisme as ’n wyer kulturele fenomeen in *The Postmodern Condition: A Report on Knowledge* (1979) geskryf het. Volgens hom word die postmodernisme gekenmerk deur ’n gebrek aan vertroue in meta-narratiewe wat daarop aanspraak maak dat die wêreld en menslike aktiwiteit in sy geheel geken kan word en kan organiseer volgens bepaalde universele en kontroleerbare beginsels. Postmodernisme staan baie skepties teenoor so ’n universalisme (Ward 2007: paragraaf 2).

Postmodernisme staan dus afkerig van en krities teenoor objektiewe realiteite, absolute waarhede, eenvormige strukture, die outonome rede en die sentrale posisie van die singewende subjek. Dit omhels kompleksiteit, diversiteit, logies gekonstrueerde realiteite en die betekenis van die “ander”. Dit lewer kritiek op die metanarratiewe en het ’n hoë waardering vir alternatiewe denke en gesigspunte (Bosman 2001:15; Naudé 1993:98). Die

postmodernisme verfyn ons sensitiwiteit vir verskille en versterk ons vermoë om die onmeetbare te tolereer of te verdra (Lyotard 1997:37–38).

In die proses het postmoderniteit 'n nuwe dialoog tussen geloof en die wetenskap oopgemaak. In 'n premoderne denkwyse is die wetenskap aan religieuse oordeel onderwerp. Moderniteit het geloof as "uitgedien" veroordeel met die opkoms van nuwe wetenskappe. In die postmodernisme gaan dit nie oor óf oordele óf hiërargie nie en dit verander die karakter van die debat tussen geloof en wetenskap soos reeds uiteengesit in die bespreking oor 'n postfundamentele teologiese posisionering (Ward 2007: paragraaf 11).

In tabelvorm kan die teenstellinge tussen modernisme en postmodernisme as volg weergegee word:

**Tabel 1: Modernisme en postmodernisme**

| Modernisme | Postmodernisme |
|---|---|
| 'n Baie sterk klem op die rasionele en intellektuele | Intuïtiewe kennis, ervaring en emosionele |
| Outoritêr, debatsluiting | Buigsaamheid, keuse, openheid |
| Beplanning | Eksperimentering en pragmatisme |
| Analitiese benadering in probleemoplossing | Holistiese benadering en sisteemdenke |
| Die samelewing word op 'n rasionele wyse georden en herskep soos wat 'n mens 'n masjien bou | Daar word holistiese met die samelewing as 'n lewende sisteem gewerk |
| Emosies nie belangrik nie | Sensitief vir die emosionele ervaring van mense |
| Monargieë | Demokrasieë |
| Hiërargieë | Netwerke |
| Mondigwording van die mens word beklemtoon | Verhoudings van die mondige mens |
| Instandhouding van strukture belangrik | Beweeg weg van gesagvolle strukture |
| Hoë kultuur, tradisie | Populêre kultuur, kommersialisering van plesier en kultuur |
| Objektiwiteit | Intersubjektiwiteit |
| Strengheid en dissipline | Speelsheid, hedonisme |
| Vasgestelde idees, absolute wette en waarheid, prinsipiële geordendheid | Relatiwiteit, toevallighede |
| Teologiese gesprek beperk tot gespesialiseerde teoloë | Teologiese gesprek kry insette van teoloë, doodgewone lidmate en ander dissiplines |
| Metanarratiewe | "Petite histories" |

| **Modernisme** (vervolg) | **Postmodernisme** (vervolg) |
|---|---|
| Meganisasie as manier om natuur te beheer belangrik | Ekosisteme belangriker |
| Ordelikheid is belangrik | Groter gemak met chaos |
| Beheer en kontrole deur strukture en prosedures | Netwerke en alliansies, doen afstand van beheer |
| Homogeniteit | Heterogeniteit |
| Universaliteit | Lokaliteit |
| Kolonialisme – Westerse kultuur brei hulle beheer uit | Post-koloniale era waarin beheer deur vreemde moondhede verwerp word |
| Vryheid van die individu | Heg nuwe waarde aan groepe |
| Verbruikersmentaliteit | Lê klem op rentmeesterskap en sosiale verantwoordelikheid |
| Absolute waarhede | Waarheid is kollektief en kontekstueel |
| Klem op polemiese waarin die verkeerdhede duidelik uitgewys word | Klem op inklusiewe. Respek vir ander mense se standpunte. Sterk soeke na eenheid |
| Godsdiens lê klem op die geestelike | Godsdiens lê klem op die wêreld rondom ’n persoon |
| Ongemaklikheid met misterie in godsdiens; teologie poog om vaste waarhede oor God daar te stel | Beklemtoon die misterie van God en erken dat alles nie verstaan kan word nie |
| Sekerhede, eenheidstate, sisteme, sintese (“reality out there”) | Skeptisisme, dekonstruksie, diskursiewe realiteit |

(Goudzwaard 1998:7–8, Rossouw 1995:77, Du Toit 2000:24–30, Kirk 1997:316–317, Niemandt 2007:21–23; Naudé 1993:98)

## 4. Sosiaal-konstruksionistiese epistemologie

Binne die oorkoepelende postmoderne paradigma kies ek vir die sosiaal-konstruksionistiese epistemologie wat met die uitgangspunt werk dat die mens konstrukte oor sy/haar werklikheid konstrueer en betekenis daaraan heg. Epistemologie is die bestudering van kennis en probeer die vraag van hoe en wat mens dink, waarneem en besluit, beantwoord.

Volgens Freedman en Combs (1996:16) word menings, waardes, instellings, gebruike, etikette, wette, arbeidsverdeling en sosiale realiteite deur die lede van ’n bepaalde kultuur gevorm in interaksie met mekaar, van geslag tot geslag en van dag tot dag. Gemeenskappe konstrueer dus die lense waardeur die lede die wêreld rondom hulle interpreteer. Hiervolgens is die idees wat ons van die wêreld het nie presiese afdrukke van die werklike

wêreld nie, maar eerder konstrukte wat die mens self ontwikkel as gevolg van ervarings in en met die wêreld (Müller 2000a:57). Die hoofoogmerk van die sosiaal-konstruksionisme is om die mantel van wetenskaplike outoriteit as't ware af te haal en demokratiese deelname aan die interpretasieproses te verseker (Gergen 1999:52).

Die volgende veronderstellings geld volgens Gergen (1999:47–50) in die sosiaal-konstruksionisme:

- Die terme waardeur die wêreld en die self verstaan word, word nie bepaal of versoek deur "wat daar is" nie. Daar bestaan vir enige saak 'n onbeperkte aantal beskrywings en verduidelikings.
- Die manier waarop daar beskryf, verduidelik en/of voorgestel word, word ontleen aan verhoudings. Betekenis word gebore uit omgang met ander mense deur ooreenkomste, onderhandelinge en bevestigings.
- Wanneer iets beskryf, verduidelik of weergegee word, word die toekoms daarmee gevorm. Sosiaal-konstruksionisme bied 'n uitnodiging aan om nuwe toekomste te transformeer.
- Refleksie op ons vorme van verstaan, is belangrik vir die welsyn van die toekoms.

Daarteenoor word in 'n meer modernistiese wêreldbeskouing absolute klem geplaas op feite, prosedures en algemeen geldende reëls. Dit ignoreer die spesifieke en gelokaliseerde betekenis wat individue aan gebeure heg. Mense word so in die proses as objekte beskou en hanteer.

## 4.1 DIE NAVORSINGSWAARDES WAT IN DIE SOSIAAL-KONSTRUKSIONISME GELD

Die sosiaal-konstruksionisme het sekere metodologiese implikasies wat in ag geneem moet word.

### 4.1.1 Deelnemende en verhalende proses

'n Sosiaal-konstruksionistiese navorsingsproses is 'n deelnemende navorsingsproses waar die waarheid van gebeure nie alleen deur die navorser of kerkhistorikus bepaal word nie en waar die mense in die verhaal nie as stom objekte beskou word nie. In die sosiaal-konstruksionistiese navorsingsproses word die mense in die verhaal as navorsingsgenote beskou wat self gebeure interpreteer en daaraan betekenis gee. Die geskiedenis, verhale of

gebeure word dus nie net van "buite af" geëvalueer nie. Volgens Müller (2000a:57) bevry sosiale konstruksionisme die pastor of terapeut in 'n terapeutiese situasie van "gewaande objektiwiteit". Hierdie bevryding van objektiwiteit geld nie net vir die terapeut of pastor nie, maar ook vir die historikus. Gluck (1987:226) beklemtoon dat daar nie iets soos objektiewe verslaggewing van 'n gesprek bestaan nie. 'n Navorser moet daarteen waak om dit wat hy/sy as belangrik ag, nie op die gespreksgenoot af te dwing nie. Die luisterproses help om die rolverdeling van kundige teenoor leek of leerling om te draai. Wanneer die navorser luister, sit hy/sy by die voete van die persoon wat die kundige op hulle eie lewens en ervaringe is (Slim & Thompson 1993:10). Die navorser luister nie net versigtig na die verhale wat aan hom/haar vertel word nie, dit word ook ernstig opgeneem (Balcomb 2000:54–55).

Sosiaal-konstruksionisme verkies daarom om na verhale te luister in plaas daarvan om in 'n argumentatiewe diskoers te verval omdat mense hulleself makliker in verhale as in konsepte erken. Verhale is algemeen in alle kulture en openbaar van aard. Verhale herroep ook beelde, ervarings en gevoelens (Demasure & Müller 2006:415).

### 4.1.2 Fokus op diskoerse

In die sosiaal-konstruksionisme word daar ook op diskoerse gefokus (Demasure & Müller 2006:413). 'n Diskoers verwys na 'n stel menings, metafore, beelde, stories en verklarings wat op 'n manier saam 'n bepaalde weergawe van gebeure vorm. (Burr 1996:48) beskryf dit verder as "a particular picture that is painted of an event, a particular way of representing it or them in a certain light". Daarom kan daar potensieel meer as een weergawe van 'n bepaalde gebeurtenis wees. Oor 'n bepaalde gebeurtenis of saak kan daar verder 'n verskeidenheid diskoerse wees wat elkeen 'n ander verhaal oor die bepaalde saak of gebeurtenis vertel en dit op verskillende maniere aan die wêreld voorstel. Elke diskoers streef daarna om die saak te verteenwoordig of te konstrueer en fokus op verskillende aspekte van dieselfde saak (Burr 1996:48–49).

Diskoerse manifesteer in tekste – hetsy geskrewe tekste soos literatuur, koerante, artikels en briewe of mondelinge tekste soos gesprekke en onderhoude of visuele uitbeeldings soos advertensies of films. Die manier hoe mense aantrek kan selfs betekenisvol wees (Burr 1996:51). Daarom kan byna elke aspek van die lewe as "teks" beskou word (Demasure & Müller 2006:414).

Die diskoerse wat inspeel op ons identiteit het implikasies vir wat ons kan doen of behoort te doen. Diskoerse wat mens se identiteit vorm is nou verbonde aan die strukture en die praktyke was in die samelewing van dag tot dag uitgeleef word (Burr 1996:54–55). Daar sal gekyk word na watter diskoerse daar deur die geskiedenis oor Afrikanervroue bestaan het en watter invloed dit op die debat rondom vrouepredikante gehad het.

### 4.1.3 Die belangrikheid van taal

In ’n sosiaal-konstruksionistiese navorsingsproses is taal ook belangrik omdat dit ’n persoon van ’n struktuur voorsien wat hom/haar in staat stel om vorm en betekenis aan sy/ervaring te gee. In die proses van interpretasie en betekenisgewing speel taal dus as ’n verteenwoordiger van gedagtes ’n sleutelrol in die konstruksie en verstaan van die werklikheid en dit maak alternatiewe konstruksies deur taal ook moontlik (Demasure & Müller 2006:414).

Taal is verder aksiegeoriënteerd. Mense konstrueer taal om ’n sekere effek te kry of om ’n bepaalde verhouding te definieer. Daarom vorm taal ook die basis van magsverhoudings (Demasure & Müller 2006:414–415). Daar sal in hierdie studie gekyk word na die effek wat sekere terme of taalgebruik op die aanvaarding van vrouepredikante het.

# 5. TEOLOGIESE POSISIONERING

## 5.1 ’N POSTFUNDAMENTELE BENADERING

Ek posisioneer myself teologies binne die postfundamentele teologie. In die dialoog tussen teologie en die wetenskap is die aard van rasionaliteit ’n sentrale metodologiese vraagstuk. Die postfundamentele model van rasionaliteit het ontwikkel uit die voortgaande gesprek tussen die fundamentele en anti-fundamentele benaderings. Volgens Van Huyssteen (1993:373) is hierdie gesprek noodsaaklik ten einde ’n aanneemlike metodologiese vertrekpunt vir die hedendaagse kontemporêre denke te vind.

In ’n postfundamentele benadering word daar erken dat die rasionele denke altyd deur die gemeenskaplike en historiese kontekste beïnvloed sal word (Shults 2007: paragraaf 1). Daar word ook gepoog om die postmoderne kritiek teen ’n neutrale kennisleer of epistemologie te akkommodeer sonder om in ’n relativistiese hermeneutiek of anti-fundamentele benadering te verval. Omgekeerd bevestig dit die modernistiese belangstelling in die

algemene patrone van rasionaliteit, maar dit verwerp fundamentele absolutisme (Shults 2007: paragraaf 3). Verder word daar gestreef na die ideale van waarheid, objektiwiteit en rasionaliteit, terwyl dit terselfdertyd die plaaslike, kontekstuele en feilbare aard van die menslike rede erken (Shults 2007: paragraaf 4).

As ’n teorie van verstaan, word daar in ’n fundamentele benadering onderskeid getref tussen “basiese” uitgangspunte of beginsels wat geregverdig word sonder om enigsins te verwys na ander uitgangspunte of die sogenaamde “non-beliefs”, wat weer op hulle beurt geregverdig word deur hulle afgeleide verhouding tot die basiese uitgangspunte. Basiese uitgangspunte word dus onmiddellik geregverdig deur ervaring – hetsy rasioneel of empiries en afgeleide regverdiging vloei dan net in een rigting. Kennis word dus soos ’n piramiede beskou wat verseker word deur ’n vaste fondament. In ’n fundamentele benadering word enige waarheid buite die sisteem moeilik aanvaar en regverdiging vind dus net in een rigting plaas (Shults 2007: paragraaf 5–6).

In ’n anti-fundamentele benadering word daar tipies vasgehou aan ’n vorm van samehangendheid. In teenstelling met die beeld van ’n piramiede, word ’n beeld van ’n web van onderlinge uitgangspunte wat aan mekaar verbind is (Shults 2007: paragraaf 5).

Hierteenoor stel Van Huyssteen voor dat daar ’n balans gehandhaaf word wat die breër netwerk van uitgangspunte waarin rasionele ervaring vasgelê is, aan die een kant bevestig en aan die ander kant die manier erken waarop uitgangspunte in geïnterpreteerde ervaring, geanker is. Alle ervaring is dus geïnterpreteerde ervaring. In plaas daarvan om in ’n nie fundamentele relativisme te verval, kan die teoloog die verklarende krag van die uitgangspunte krities ontgin sonder om verplig te voel om sy/haar verbintenis aan ’n bepaalde uitgangspunt op te sê (Shults 2007: paragraaf 6).

In die hedendaagse teologiese dialoog met die eietydse kultuur moet daar buite die gemaksone van teologiese fundamentalisme én die soms ongemaklike verhouding met ander wetenskappe beweeg word (Van Huyssteen 1993:374). Verder is dit die taak van die teologie om in dialoog met die intellektuele kompleksiteit van ons kontemporêre kultuur te bly (Van Huyssteen 1998: paragraaf 8).

## 5.2 KERNASPEKTE IN ’N POSTFUNDAMENTELE TEOLOGIE

Volgens Müller (2006: paragraaf 9) en Van Huyssteen (1998: paragraaf 3) is drie aspekte in die postfundamentele teologiese benadering van belang, naamlik:

- ’n Fokus op die kontekstuele.
- ’n Interdissiplinêre gesprek met rasionaliteit as basis.
- Die tradisie van verstaan.

Die teologie het ’n onmiskenbare band met die tradisie wat die ontwikkelende aard ontbloot van die waardes wat ons teologiese rasionaliteit geslyp het. Daarom sal dit die voorveronderstellings en geloofsverbintenisse van die Christelike geloof ernstig opneem in die interdissiplinêre gesprek. Deur hierdie waardes ernstig op te neem help, dit die teoloog om weg te beweeg van die absolutisme van ’n fundamentele benadering en die relativisme van ’n anti-fundamentele benadering. Omdat teologiese denke altyd in ’n breër konteks van spesifieke gemeenskappe ingebed is, kan die rasionaliteit van ’n gemeenskap nie beskryf word sonder om sy werklike praktyk uit te wys nie (Van Huyssteen 1998: paragraaf 41).

Vervolgens meer oor elke aspek.

### 5.2.1 ’n Fokus op die kontekstuele

Die hele debat oor die aard van rasionaliteit en die regverdiging van geloof is nou verbind aan die vraag oor watter vormende rol individuele of gemeenskaplike faktore op die vorming van uitgangspunte speel. Die ideaal van die Verligting was dat die individu alleen kan staan en die wêreld absoluut objektief kan beoordeel – alle rasionele individue sou dus tot dieselfde gevolgtrekking kom, ten spyte van hulle eie subjektiewe belangstellings of agtergrond. Hierteenoor het die anti-fundamentele benadering die kontekstuele faktore beklemtoon wat ’n invloed het op die individu se aanvaarding van kriteria vir wat redelik is. In sy mees ekstreme vorm word daar tot die gevolgtrekking gekom dat die lokale teologieë en wetenskap elkeen sy nie-meetbare rasionaliteit het en gee verantwoording verskuldig is aan ander navorsingsgemeenskappe nie. Die postfundamentele benadering aanvaar die anti-fundamentele sensitiwiteit vir die hermeneutiese kondisionering wat in ’n bepaalde gemeenskap plaasvind, maar erken ook dat dit die individu is wat eindelik rasionele oordele fel. Die individu is altyd ’n deelnemer in ’n bepaalde gemeenskap en werk saam aan die standaarde van sy tradisie (Shults 2007: paragraaf 7–9).

Die postfundamentele teologie gebruik dus ’n soortgelyke denklyn as sosiaal-konstruksionisme (wat later uiteengesit sal word) met sy fokus op die kontekstuele. Die fokus op die kontekstuele beteken nie dat daar anti-fundamenteel gewerk word nie, maar die fundamentele aspekte in die teologie word wel kontekstueel geïnterpreteer. Dit kan ook

met ’n sikliese beweging beskryf word: daar word vanuit die konteks na die tradisie gekyk en weer terug (Müller 2006: paragraaf 7).

Die fokus op die kontekstuele gee erkenning aan die feit dat individue saam met ander individue in konkrete situasies en kontekste woon en funksioneer (Müller 2004:299). Die breër en kleiner (meer lokale) konteks word dus deeglik verreken. Die idee van sosiaal-gekonstrueerde interpretasies en betekenisgewing is deel van ’n postfundamentele benadering tot die teologie.

> Over against the alleged objectivism and foundationalism and the extreme relativism of most forms of nonfoundationalism, a postfoundationalist theology wants to make two moves. First, it fully acknowledges contextuality, the epistemically crucial role of interpreted experience, and the way that tradition shapes the epistemic and nonepistemic values that inform our reflection about God and what some of us believe to be God’s presence in this world. At the same time however, a postfoundationalist notion of rationality in theological reflection claims to point creatively beyond the confines of the local community, group or culture towards a plausible form of interdisciplinary conversation.
>
> (Van Huyssteen 1997:4)

Hierdie teologiese posisie erken dus die rol wat die konteks op die breër geskiedenis en die kleiner persoonlike verhale van individue het. Teologie kan nie los van sy konteks beoefen word nie. ’n Postfundamentele teologiese uitgangspunt het my gedwing om die konteks waarin vrouepredikante se verhale afgespeel het, as’t ware te konkretiseer. Dit is belangrik vir beide die teologiese dissiplines waarbinne ek werk, naamlik Praktiese Teologie en Kerkgeskiedenis (vgl. Müller (2004:296) wat aantoon dat Praktiese Teologie nie in ’n algemene konteks kan funksioneer nie, maar altyd plaaslik, konkreet en spesifiek moet wees).

### 5.2.2 Die noodsaaklikheid van ’n interdissiplinêre gesprek

’n Postfundamentele teologiese posisionering plaas die saak van ’n interdissiplinêre gesprek op die tafel. Om deel te wees van die interdissiplinêre gesprek in die teologie, beteken dat die teoloog sy/haar gesprek ten minste sal begin deur ons feilbare sieninge en oordele op die tafel te sit. ’n Interdissiplinêre gesprek maak ook die moontlikheid vir ’n eerlike gesprek moontlik (Van Huyssteen 1998: paragraaf 33).

Hierdie teologiese benadering moedig ’n interdissiplinêre gesprek tussen teologie en ander wetenskappe aan. Teologie kan ook by die breër konteks leer. Die kerk moes byvoorbeeld by die samelewing gaan leer wat dit beteken om na gemarginaliseerde stemme te luister. Hiermee ontken ek nie die gesag van die Bybel nie en ek wil nie ’n anti-fundamentele standpunt inneem waarmee die fondamente van ons geloof ontken word nie (vgl. Van Huyssteen 1997:5).

Hierdie teologiese posisionering het my verder kritiese vrae laat vra aan beide die kerklike konteks en breër samelewing en die verskillende diskoerse wat in hierdie kontekste heers. Dit het my dus in gesprek gebring met wat in die wêreld gebeur en hoe die kerk “haar kerk-wees” in die samelewing uitleef en hoe ons aan die Woord gehoorsaam is.

### 5.2.3 Die tradisie van verstaan

Die dialoog tussen teologie en ander wetenskappe het voortgevloei uit die skeiding wat daar in die westerse kultuur tussen die natuur- en geesteswetenskappe ontstaan het. Hiervolgens is daar geredeneer dat die natuurwetenskappe die materiële wêreld objektief kan observeer en meet en dan verklarings kan lewer in terme van universele wette.

Daarteenoor sou die sosiale of geesteswetenskappe die gedrag van mense oor ’n tydperk ondersoek en dan ’n verstaan van die waardes van ’n bepaalde gebeurtenis in ’n breër konteks weergee (Shults 2007: paragraaf 10).

Die mens staan altyd in verhouding tot sy/haar wêreld deur geïnterpreteerde ervaring. Daarom het ons nie ’n staanplek vir beoordeling wat los staan van dit wat deur ’n spesifieke tradisie of tradisies voorsien word nie. Omdat die mens so vervleg is met die tradisie waarin hy/sy staan, is dit noodsaaklik om in ’n kritiese verhouding met ons tradisie te staan (Van Huyssteen 1998: paragraaf 5–6). In elke teologiese refleksie vind die interpretasie van verstaan altyd plaas binne die oorkoepelende konteks van lewende en ontwikkelende tradisies en hierdie tradisies word gekonstrueer deur wyer paradigmas. Tradisies verander en ontwikkel nie net nie, hulle vertoon ook ’n sekere mate van kontinuïteit (Van Huyssteen 1998: paragraaf 18).

Daar bestaan spesifieke diskoerse of tradisies in bepaalde gemeenskappe wat ’n invloed op die persepsies en gedrag van daardie gemeenskap uitoefen. Derhalwe is dit noodsaaklik om hierdie diskoerse te indentifiseer om sodoende te probeer verstaan hoe die gedrag of denke in ’n bepaalde gemeenskap deur die bepaalde diskoers beïnvloed is. Dit kan gedoen word

deur na jou medenavorsers, literatuur, die kunste en die kultuur in ’n bepaalde konteks te luister (Müller 2004:302; Balcomb 2000:59).

### 5.3 DIESELFDE DENKLYNE

’n Postfundamentele teologiese benadering werk met dieselfde denklyne as ’n sosiaal-konstruksionistiese epistemologie. Die skuif in die beklemtoning van die individuele na die meer sosiale en van die subjektiewe na ’n diskoers is ook deel van ’n postfundamentele beweging in die teologie. Die idee van sosiaal gekonstrueerde interpretasie en betekenisgewing is ook ’n duidelike kenmerk van die postfundamentele benadering (Demasure & Müller 2006:417–418).

’n Verdere raakpunt binne ’n postfundamentele teologiese benadering en ’n sosiaal-kunstruksionistiese epistemologie is die hele saak rondom kontekstualiteit (Demasure & Müller 2006:418). Dit sal beteken dat ’n persoon ’n bepaalde gebeurtenis altyd binne ’n spesifieke konteks ervaar en daardie bepaalde gebeurtenis sal interpreteer. Wanneer die gebeurtenis of geskiedenis oorvertel word, is dit ’n geïnterpreteerde weergawe van die gebeure.

’n Postfundamentele teologiese benadering is nie net kontekstueel nie, maar erken ook terselfdertyd die wyse waarop ons epistemologie deur tradisie gevorm word. Daarom is interaksie met die tradisie noodsaaklik (Demasure & Müller 2006:418). In hierdie navorsing vra dit van my as kerkhistorikus om die kerklike tradisie en die tradisies van die Afrikaner in ag te neem en te ontgin. Die vraag kan gevra word watter invloed die tradisie op die NG Kerk se Skrifverstaan gehad het en hoe hierdie tradisie van verstaan deur die jare verander het al dan nie.

## 6. DIE ONTWIKKELING VAN ’N POSTFUNDAMENTELE PRAKTIES-TEOLOGIESE METODOLOGIE

Müller (2004:298) het die moontlikhede van ’n postfundamentele teologie raakgesien en dit van toepassing op Praktiese Teologie gemaak. Hy het voorts ’n prakties-teologiese metodologie daaruit ontwikkel. Dit is ook nou aan ’n sosiaal-konstruksionisitiese epistomologie verbind wat met die uitgangspunt werk dat die mens konstrukte oor sy/haar werklikheid konstrueer en betekenis daaraan heg.

Volgens Demasure & Müller (2006:416) gebeur Praktiese Teologie waar daar op die praktyk gereflekteer word vanuit die perspektief van die ervaring van die teenwoordigheid van God. Praktiese Teologie kan op verskillende vlakke geskied en word altyd gelei deur die moment van *praxis* en kan nie in ’n algemene konteks funksioneer nie. Daarom is dit altyd lokaal, konkreet en spesifiek (Müller 2004:296).

’n Post-fundamentele prakties-teologiese metodologie bestaan uit die volgende sewe bewegings (vgl. Müller 2004:300–304):

I. Die konteks en geïnterpreteerde ervaring

1. ’n Spesifieke konteks word beskryf.
2. Konteksuele ervarings word aangehoor en beskryf.
3. Interpretasie van ervarings word gemaak, beskryf en ontwikkel in samewerking met medenavorsers.

II. ’n Tradisie van interpretasie

4. Ervarings soos dit kontekstueel beïnvloed is deur die tradisie van ervaring word beskryf.

III. Ervaring van God se teenwoordigheid

5. Refleksie oor God se teenwoordigheid, soos dit verstaan en ervaar word in ’n spesifieke situasie.

IV. Verryk deur interdissiplinêre ondersoek

6. ’n Beskrywing van ervaring, verryk deur interdissiplinêre ondersoek.

V. Strek verder as die plaaslike gemeenskap

7. Die ontwikkeling van alternatiewe interpretasies wat verder as die plaaslike gemeenskap strek.

In hierdie studie word daar in twee vakgebiede binne die teologiese veld gewerk, naamlik Kerkgeskiedenis en Praktiese Teologie. My benadering tot kerkgeskiedskrywing en mondelinge geskiedenis sal in punt 7 en 8 van hierdie hoofstuk uiteengesit word. Met betrekking tot die postfundamentele prakties-teologiese metodologie se sewe bewegings, maak ek hoofsaaklik van die eerste vyf bewegings en in ’n mindere mate van die sesde beweging gebruik.

## 6.1 DIE BESKRYWING VAN ’N SPESIFIEKE KONTEKS

Kontekstualisering as die betekenisvolle en wedersydse ontmoeting van die Evangelie en sy konteks, is ’n integrale deel van die teologiese proses. Die kontekstualiteit van teologie het al belangriker in Suid-Afrika geword. Tog het die pogings tot kontekstualisering in die verlede nie deel van die outoritêre tradisie geword nie (Pillay 1991:i).

In hierdie navorsing moes die breër en meer lokale konteks waarin vrouepredikante se verhale afspeel, verreken word. Individue se identiteit (en spiritualiteit) word ook sosiaal gekonstrueer. Teoloë se verstaan van die realiteit is ’n koproduksie van die breër gemeenskap (Müller 2004:300). Daar word dus in ag geneem dat die breër konteks waarin die kerk funksioneer, die kontekstualiteit van vrouens in die kerk én samelewing asook die persoonlike geïnterpreteerde ervaring belangrik is. Verhale kan net binne die breër konteks gerekonstrueer word (Gluck 1987:225).

’n Postfundamentele prakties-teologiese metodologie laat my ook verder toe om kritiese vrae te stel aan beide die kerklike konteks en breër samelewing en die verskillende diskoerse wat dominant in hierdie kontekste is. Dit bring my dus in ’n kritiese gesprek met wat in die wêreld gebeur en hoe die kerk “haar kerk-wees” in die samelewing uitleef het.

Kerkgeskiedenis sal ’n antikwariese aktiwiteit wees indien dit nie relevant is nie en ook nie die verlede probeer verstaan nie. Die vraag na die relevansie van ’n bepaalde (kerk)historiese gebeurtenis moet met historiese en intellektuele verantwoordelikheid hanteer word. Dit vra ook na die erkenning van voorveronderstellings, die behoorlike verstaan van die historiese proses en ’n kritiese beskouing van fenomene in hulle kontekste (Hofmeyr 1991:245).

Belangrike gebeure op die politieke, kulturele, ekonomiese en kerklike terrein binne ’n bepaalde tydvak is telkens deur middel van ’n historiese tydlyn in tabelvorm aangetoon. Binne hierdie groter prentjie is daar gepoog om die rol van invloedryke vroue en vroue-organisasies, asook ander belangrike gebeure wat vroue raak, uit te wys omdat hulle die breër posisie van vroue se rol in die samelewing weerspieël. Kerklike besluite het immers teen hierdie agtergrond afgespeel. Bepalende historiese gebeure is voor of na afloop van die tydlyne kortliks bespreek. Die persoonliker verhale van ’n aantal vrouepredikante is dan telkens in die groter kerkhistoriese konteks geplaas wat weer op sy beurt binne die groter algemene historiese agtergrond afspeel. Dit is opvallend dat die geskiedenisboeke, ook die meer resente boeke soos *Die Afrikaners* deur Hermann Giolomee, hoofsaaklik konsentreer

op die rol wat mans in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gespeel het. In historiese werke soos hierdie is vrouestemme taamlik min en sag terwyl die stemme van mansfigure die dominante stem is.

### 6.1.1 My verhouding tot die konteks

Ek is deur my persoonlike reisverhaal baie nou aan die lokale konteks verbind. Ten opsigte van die amptelike kerklike proses was ek was eers ’n toeskouer en vanaf 1999 ’n deelnemer toe ek ten nouste betrokke geraak het by die verskillende meerdere kerklike vergaderings wat hulle met die plek en rol van vrouepredikante in die NG Kerk bemoei. In ’n studie soos hierdie kan hierdie eerstehandse kennis en noue verbintenis positief en negatief wees. Bar-On (1996:10–15) dui aan hoe ’n emosionele verbintenis aan ’n onderwerp of saak deeglik verreken moet word in biografiese onderhoude. Volgens hom moet die navorser eerlik en openlik wees oor sy/haar eie ervaringe rondom die navorsingsonderwerp.

Aan die positiewe kant kan ek die volgende uitlig:

- Vir ’n deel van die verloop van die formele kerklike proses waarin die verhale van vrouepredikant afspeel, was dit nie nodig dat ek net op die geskrewe weergawes van die verhaal, soos vervat in notules en verslae nie, te leun nie, maar kon ek my eie ervaring en interpretasie van die gebeure ook weergee. Agter die skerms speel verskillende groepe altyd ’n rol en die verskillende rolspelers was aan my bekend.

- Ek weet hoe meerdere kerkvergaderings saamgestel word en funksioneer en dit het baie gehelp in die verwerking en interpretasie van die meer as 50 notules en verslae wat deurgewerk is.

- Ek beskik oor eerstehandse kennis van die NG Kerk se breër verhaal van ongeveer 1991 af, wat my ’n aanvoeling gegee het vir die dinamika waarin van die verhale afgespeel het. Tog moes ek ’n doelbewuste poging aanwend om die ekonomiese, kulturele en politiese konteks substansieel in ag te neem.

- Omdat my persoonlike reis ’n moeilike reis was, verstaan ek die “taal” en “emosie” van navorsingsgenote.

- ’n Bekendheid met die “texture of life” (Gluck 1987:230) van my gespreksgenote, kan handig wees om die verhale van die vroue ten volle te ontgin.

My noue betrokkenheid by die konteks het ook ’n donker kant:

- Die emosionele merk wat my eie strydpad op my gelaat het, kon my navorsing beïnvloed. Daarom is ek eerlik oor die feit dat ek ’n terapeutiese pad geloop het om die gebeure te verwerk. Ek het op intensiewe wyse die geleentheid gehad om betekenis daaraan te heg en ’n ryker en dikker beskrywing aan die gebeure te gee. Daar was ruim geleentheid vir storie-ontwikkeling en heelwording. My navorsing is nie deel van daardie terapie nie. Die terapie het my eerder in ’n beter posisie ten opsigte van my navorsing gestel.
- Ek moes daarteen waak dat my eie verhaal my nie “doof” maak vir die verhale en interpretasies van my navorsingsgenote nie. Daarom het ek vir ’n navorsingsmetode gekies waarin my navorsingsgenote toegelaat word om hulle eie verhale te vertel en self betekenis daaraan te gee. Tydens die onderhoude moes ek versigtig wees om nie leidende vrae te vra en daardeur hulle verhale deur my verhaal in te kleur nie. Later meer oor die verskillende waardes wat moet geld om subjektiewe integriteit te behou.
- Ek moes ook daarteen waak om nie net vir die negatiewe verhale te kies nie. Die manier waarop ek my navorsingsgenote gekies het, sal ook weldra beskryf word.

Uit die aard van my verhaal is dit duidelik dat die verhouding tussen my en die konteks as kompleks beskryf kan word. Aan die een kant was ek in wat as ’n stryd beskryf kan word, met die NG Kerk betrokke. Hierdie stryd was beide op persoonlike en formele vlak. Dit het uiteraard ’n invloed op my geloof en my uiteindelike teologiese posisionering gehad. Aan die ander kant was ek altyd formeel op plaaslike en breër kerklike verband betrokke om verandering te weeg te bring, soms ten koste van myself.

Om aan my eie teologiese posisie getrou te bly, het gevra dat ek die verskillende kontekste voortdurend ernstig moes opneem in die interpretasie van die verskillende verhale. Die mag van bepaalde diskoerse is telkens in die persoonlike onderhoude krities aangespreek deur vrae daaroor te vra.

Die interpretasie van ervarings op ’n sosiaal-konstruksionistiese wyse in ’n narratiewe aanpak word onder punt 8.1.5.3 van hierdie hoofstuk verder beskryf.

## 6.2 NAVORSINGSGENOTE EN HULLE VERHALE

Om die kontekstuele ervaringe aan te hoor, het ek navorsings- of gespreksgenote gekies met wie ek in gesprek getree het om na hulle persoonlike geskiedenis of verhale te luister

en hulle toe te laat om hulle eie interpretasie van die invloed van die formele of amptelike kerklike proses op hulle lewens weer te gee. In narratiewe navorsing word gespreksgenote as navorsingsgenote beskou en nie as objekte wat nagevors word nie, omdat hulle toegelaat word om aktief deel te neem aan die navorsingsproses (Rubin & Rubin 1995:10; Müller, Van Deventer & Human 2001:77). Slim & Thompson (1993:2) ondersteun die gedagte van 'n vennootskapsbenadering in navorsing waar daar van mondelinge getuienis gepraat word as hulle die proses van luister beskryf as "what is heard in partnership". Die onderhoude gaan dus nie net daaroor om inligting of data te verkry nie, maar is veral geïnteresseerd in die betekenis wat die navorsingsgenoot aan die data gee (Müller 2004:302).

My navorsingsgenote was agt vrouepredikante of proponente in die NG Kerk wat gedurende die tydperk 1990 tot 2006 gelegitimeer is aangesien die fokus op die geskiedenis van hierdie bepaalde groep in die NG Kerk val. Van hierdie vroue het reeds baie vroeër hulle teologiese studies voltooi. Omdat vroue voor 1990 nie tot die amp van predikant toegelaat is en geen vrou voor 1994 beroep is nie, kan dié vroue as 'n gemarginaliseerde groep beskou word.

Ek het naamlyste van die afgestudeerdes met behulp van die kuratoria van die drie Teologiese Fakulteite van die Universiteit van die Vrystaat, Pretoria en Stellenbosch opgestel en daarna 'n vraelys aan elkeen van die gelegitimeerde vroue, wie se kontakbesonderhede beskikbaar was, gestuur. Diegene wie se besonderhede nie beskikbaar was nie, is met behulp van hulle klasmaats opgespoor. Ek het ook gepoog om hierdie persone deur middel van Die Kerkbode op te spoor. Slegs 'n paar vroue of familielede van vroue het op die navraag in Die Kerkbode gereageer. Die inligting met betrekking tot die vroue wat reeds as predikante bevestig is, is volledig.

Die breë prentjie rondom die aantal vrouepredikante in die NG Kerk het teen die middel van 2007 soos volg uitgesien (die data van studente wat aan die einde van 2007 gelegitimeer is, is nie by hierdie tabel ingereken nie):

**Tabel 2: Aantal vrouepredikante teen 2007**

| | |
|---|---|
| Vrouepredikante voltyds in die bediening (studenteleraars uitgesluit) | 23 |
| Bevestig met 'n spesialiswerkkring as voltydse opdrag (nie gewone gemeente nie) | 2 |
| Kapelaansposte | 4 |
| Studenteleraarsposte | 4 |
| Tentmakersposte | 9 |
| Bevestig, maar nie tans in 'n gemeente werksaam nie | 1 |
| Proponente wat nog wag vir beroepe | 39 |

| | |
|---|---|
| Geen kontakinligting beskikbaar nie, maar waarskynlik ook proponente wat nog vir beroepe wag | 17 |
| Band as predikant losgemaak van gemeente | 2 |
| Nie meer in NG Kerk | 7 |
| Nie meer beroepbaar nie, maar steeds in NG Kerk | 6 |
| In NG Kerk gelegitimeer, bevestig in die VGK | 2 |
| Predikante in ander kerke | 4 |
| Oorlede | 1 |
| **TOTAAL** | **121** |
| Totale aantal predikante in NG Kerk | 1669 |
| Persentasie vrouepredikante in die totale predikantekorps van die NG Kerk | 2.58% |

Na aanleiding van die terugvoer uit hierdie vraelyste het ek agt vroue gekies wat bereid was om hulle verhale met my te deel en ’n verdere pad te stap. Ek het ook twee verhale ingesluit van vroue wat reeds oorlede is. Gottlieb & Lasser (2001:193) wys daarop dat ’n konflik van belange kan ontstaan wanneer ’n navorser se navorsingsgenote gekies word om ’n sekere punt deur sy/haar navorsing te bewys. Hierdie is nie ’n kwantitatiewe studie wat poog om verteenwoordigend van alle stemme te wees nie of om in die lig van my eie verhaal te bewys dat die NG Kerk se beleid vrouepredikante benadeel het of dat gemeentes vroue stief behandel nie. Ek het die volgende faktore in ag geneem by die kies van my reis- oftewel navorsingsgenote.

- Diversiteit: die groep moet so divers as moontlik wees om so veel as moontlik soorte stemme hoorbaar te maak en meer as een scenario te dek.
- Beroep: daar moet ’n balans wees tussen diegene wat ’n beroep gekry het, nog wag vir ’n beroep en nooit ’n beroep gekry het nie of ’n ander rigting ingeslaan het.
- Huwelikstatus: daar moet ook ’n balans wees tussen ongetroude en getroude vroue. In die geval van die groep wat getroud is, is daar ook gepoog om vroue wat met predikante getroud is én die wie se mans ’n ander beroep beoefen, te betrek.
- Studiejare: daar moet ’n verspreiding wees in die jare waarin die vroue gestudeer en gelegitimeer is. Dit is belangrik om die verhale te hoor van die vroue wat hulle studies begin het voordat hulle amptelik of kerklik toegelaat is om dit te doen, vroue wat hulle studies begin het nadat die eerste vroue bevestig is en vroue wat in die laat negentigerjare hulle studies begin het en onlangs afgestudeer het.
- Teologiese fakulteite: die vroue moet uit al drie Teologiese Fakulteite van die NG Kerk kom.

- Kwesbaarheid: die kwesbaarheid van die vroue is ook in ag geneem. Volgens Smythe & Murray (2000:329–330) behoort ’n narratiewe navorser al reeds tydens die werwing van navorsingsgenote die etiese implikasies van die narratiewe gesprek op die navorsing en gespreksgenoot te verreken. Indien die vertel van ’n verhaal skadelik vir die gespreksgenoot kon wees omdat dit haar kan blootstel en haar kerklike loopbaan of haar persoonlike lewe nadelig kan beïnvloed, is dié moontlikheid eers deeglik met haar uitgeklaar. Dit het ongelukkig veroorsaak dat sekere verhale nie vertel kon word nie en die gemarginaliseerdes is as’t ware stilgehou. Dit is jammer dat die geskiedenis nie volledig vertel kan word nie en dat die kerk nie volledig kan kennis neem van hierdie verhale nie.

- Bereidheid: die navorsingsgenote moes bereid wees om baie eerlik oor hulleself en hulle ervarings te wees (Smythe & Murray 2001:196).

Ek het ’n persoonlike gesprek met elke reisgenoot gevoer. Aanvullende gesprekke met diegene wat in die Kaap en Vrystaat woon, is elektronies en telefonies gedoen waar verheldering of bevestiging nodig was.

My verhouding en kontak met my navorsingsgenote strek verder as die gesprekke. Ek ken ’n groot groep van die vroue regoor die land wat gedurende die tagtiger jare en vroeë negentiger jare begin studeer het – ek kan hierdie verhoudings as vriendskapsverhoudings beskryf. Verder het ek ’n aantal vrouepredikante wat veral aan die Universiteit van Pretoria afstudeer het en in Pretoria werksaam is, die afgelope paar jaar leer ken. Hierdie verhoudings is meestal professioneel van aard. Ons het gedeelde belange en ons leef ons roeping in dieselfde kerkverband uit.

Die gesprekke was almal laag gestruktureerd. Nadat elke persoon haar roepingsverhaal vertel het, het die res van die gesprek daaruit voortgevloei en ontwikkel. In lyn met die waardes wat in ’n narratiewe benadering tot die sosiaal-konstruksionisme geld, is die navorsingsgenoot die kans gegun om self betekenis aan die unieke verloop van haar eie verhaal te gee. As navorser was ek terdeë daarvan bewus dat my navorsingsgenote my met hulle verhale en interpretasies vertrou en daarom het ek hulle verhale, hulle emosies rondom die unieke gebeure in hulle lewens en die interpretasie wat hulle daaraan heg, gerespekteer.

Bar-On (1996:15) toon aan hoedat die geleentheid om met iemand wat jou eie omstandighede verstaan, ’n helende effek kan hê. Storie-ontwikkeling of die alternatiewe

verstaan van verhale is deel van die narratiewe navorsingsproses (Bosman 2001:49). Alhoewel hierdie navorsing nie gerig is op ’n terapeutiese proses waarbinne die ontwikkeling van alternatiewe verhale kan plaasvind nie, behoort die geleentheid wat aan vrouepredikante gebied word om self hulle verhale te vertel en te interpreteer en sodoende mee te werk aan die skryf van ’n nuwe stuk geskiedenis bemagtigend vir die betrokke vroue of medenavorsers te wees (vgl. Müller & Schoeman 2004:8 wat die nut van storie-vertelling uitwys). Dit het tog gebeur dat die ruimte om ’n ervaring of verhaal te deel betekenisvol vir van die navorsingsgenote was.

Ek wou nie die navorsing aanpak om as kerkhistorikus bloot daarop uit te wees om die waarheid te gaan ontdek nie. Ek was ook nie daar om klinies na ’n paar feite te luister nie. Wanneer ’n navorser in die narratiewe benadering op iemand se verhaal fokus, luister die navorser met aandag én simpatie (Smythe & Murray 2000:311). Ek was betrokke by die aksie en het myself aan die unieke verhale van my navorsingsgenote verbind.

### 6.2.1 Etiese beskerming van navorsingsgenote

In ’n narratiewe navorsingsproses is die persoonlike onderhoud, waarin die navorsingsgenoot hulle eie verhale in hulle eie woorde vertel en daaraan betekenis toeken, die instrument waarmee data versamel word. Die navorsingsgenoot is egter nie net ’n bron van data nie. Narratiewe data is baie persoonlik en die verhale is gewoonlik gedetailleerd en spesifiek. Dit plaas die standaard etiese riglyne waarbinne navorsing gewoonlik geskied onder druk. Bakan (1996:5) beweer tereg as hy sê dat die mees betekenisvolle waarhede oor persone in die stories oor hulle lewens gevind kan word. Daarom benodig hulle beskerming wanneer hulle stories of verhale aan ander bekend gemaak word. Die standaard etiese riglyne waarbinne navorsing gewoonlik geskied is volgens Smythe & Murray (2000:313–318) soos volg:

- Die deelnemer moet vrywillig aan die navorsing deelneem.
- Die deelnemer moet ingelig word oor die navorsingsproses en daarna toestemming verleen tot deelname.
- Die deelnemer se identiteit moet beskerm word. Geen persoonlike of identifiseerbare inligting oor die persoon mag sonder hy/haar toestemming beskikbaar gestel word nie.
- Die persoon moenie deur die navorsing benadeel word nie.

- Daar behoort nie 'n konflik van belange tussen die navorser en deelnemers te wees nie.
- Die deelnemer mag nie oor die uitkoms en doel van die navorsing mislei word nie.
- Deelnemers behoort ingelig te word oor die resultate van die navorsing.

Van hierdie riglyne kan op die volgende maniere onder druk kom:

In hierdie navorsing het agt vroue uit 'n groep van 118 vroue hulle verhale vertel. Omdat die aantal vrouepredikante en proponente so klein is en hulle boonop uit een kerkverband kom, is die risiko van herkenning en blootstelling baie hoog. Anonimiteit en vertroulikheid, as een van die aanvaarde etiese riglyne waarbinne navorsing moet geskied, kon dus nie gewaarborg word nie, al word hulle nie by name geïdentifiseer nie. Identiteit kan uit die teks of verhaal afgelei word. Gottlieb & Lasser (2001:192–193) vra tereg of die potensiële gevaar van benadeling nie nadelig inwerk op die oogmerk van narratiewe navorsing om juis na gemarginaliseerde stemme te luister nie. Die beskikbare statistiese gegewens kan 'n fluisterstem wees, maar dit sal nooit die volle verhaal vertel nie en dit is ook nie narratiewe navorsing nie (vgl. Smythe & Murray 2001:196–197 wat voorstel dat die probleem hanteer word met verskillende grade van insluiting). Met betrekking tot hierdie navorsing was dit deel van die proses om te hoor of die betrokke vroue bereid of gereed sou wees om self ook verantwoordelikheid te aanvaar en die waagmoed aan die dag sal lê om die geskiedenis ook "her-story" en nie net "his-story" te maak nie.

Dit is ook 'n vraag hoe om reg te laat geskied aan die navorser se verstaan van die navorsingsgenoot se verhaal én die navorsingsgenoot se verstaan van haar eie verhaal sodat dit steeds uniek en individueel is en sê wat sy wou sê en terselfdertyd die integriteit van die navorsingsgenote in die proses te beskerm, veral ook teenoor die diegene wat in die verhale genoem word (Smythe & Murray 2000:318, 321–322). Die aard van narratiewe navorsing erken ook dat verhale veelvuldige betekenisse kan hê. Hierdie konsep, die betekenis en die implikasies daarvan moet voor die tyd met die navorsingsgenoot uitgeklaar word, anders kan dit tot misverstand lei.

Omdat die verhale so persoonlik is en hierdie spesifieke navorsing die ervaringe van vroue binne die kerkverband en plaaslike gemeente weergee, kan dit die deelnemer moontlik benadeel. Negatiewe verhale word nie altyd met deernis in die kerk ontvang nie. Die kerk is in 'n sekere opsig baie klein en dit kan gebeur dat 'n gemeente, 'n predikant en lidmate se optrede teenoor 'n vrouepredikant openbaar gemaak word. Die navorsingsgenoot vertel

haar verhaal vanuit haar ervaringshoek en sy is die een wat aan haar ervaringe, hetsy positief of negatief, betekenis gee. Die persone of instansies (die sogenaamde derde party) wat deel vorm van hierdie verhaal het nie kans gekry om in dieselfde navorsing hulle belewenis van die verhaal weer te gee nie. Die vraag kan gevra word of dit regverdig teenoor die geïmpliseerde persone of instansies is en of sulke persone of instansies nie aksies teenoor die navorsingsgenoot of navorser kan loods indien hulle voel dat hulle te na gekom is nie. Volgens Hadjistavropoulos & Smythe (2001:164–165, 168–170) kan die implisering van derde partye selfs tot regstappe lei.

Die bespreking van etiese vraagstukke in narratiewe navorsing is meer gerig op terapeutiese as op histories-georiënteerde gesprekke. Aangesien hierdie navorsing op ’n narratiewe wyse aangepak word, is die narratiewe etiese beginsels wel van belang. Tog is dit terselfdertyd ook historiese navorsing wat daarop gemik is om die historiese verhaal op ’n ryker en dikker manier weer te gee. Geskiedenis is openbaar. ’n Instansie soos die kerk is ook *per se* openbaar – wat ’n kerk doen of hoe ’n kerk of gemeente optree is vir haar lidmate en die wêreld sigbaar. Dit lê in die wese van kerkwees om sigbaar te wees. Geloof en die beoefening van geloof is immers nie privaat nie.

Webwerwe soos dié van die *Oral History Society* (s.a.[c]: paragrawe 1–28) hanteer die etiese sy van mondelinge geskiedenis grotendeels aan die hand van algemene riglyne oor die bekendmaking van die doel van die navorsing, reëlings ten opsigte van die onderhoude, die hantering van bandopnames en die verkryging van toestemming. Aan die hand van Smythe & Murray (2000:328–334), Gottlieb & Lasser (2001:191–194) en Hadjistavropoulus en Smythe (2001:163–174) is bogenoemde en ander etiese probleme in die navorsing soos volg bestuur:

- Omdat die uitkomste van persoonlike onderhoude vanweë die dinamiese aard daarvan nie voor die tyd voorspel of vasgepen kon word nie, is daar met ’n stelsel van prosesmatige toestemming gewerk. Ek het my navoringsgenote vooraf toestemming gevra om hulle verhale openbaar te maak en dit opgevolg soos die opskryf van hulle verhale ontwikkel het. Hoe groter die vertroue tussen navorser en navorsingsgenoot, hoe intenser en emosioneler kan die vlak van deelname word. Dit het inderdaad met ’n paar gesprekke gebeur.
- Die navorsingsgenote is vooraf gesensitiseer oor die aard en impak van veelvoudige betekenisgewing van hulle verhale. Hulle is daarvan bewus gemaak dat hulle

persoonlike narratief deur my as navorser met groter narratiewe en lyne in verband gebring gaan word en dat hulle verhale in hierdie proses deur my herinterpreteer ("renarrated") gaan word. Daarom moes ek voortdurend met hulle konsulteer en ook seker te maak dat my transkripsies en interpretasie weergee wat hulle regtig bedoel het.

- Ek het onderneem om hulle pertinent daarvan bewus te maak as ek dink 'n verhaal of spesifieke gebeurtenis in hulle verhaal kan hulle moontlik benadeel. Ek was in sommige gesprekke terdeë daarvan bewus dat ek oor sensitiewe inligting beskik en dit met groot versigtigheid moet hanteer.
- Ek het my eie analises voortdurend met die navorsingsgenote gedurende die gesprekke gekommunikeer.
- Hadjistavropoulos & Smythe (2001:171) stel voor dat ekstra voorsorg getref kan word deur demografiese inligting te verbloem. Ek het probeer om die identiteit van my reisgenote te beskerm deur demografiese data te verswyg. Hatjistavropoulos en Smythe (2001:170) wys uit dat sekere etiese kodes die etiese beginsels in grade van belangrikheid hanteer. Aan die hand hiervan was die beskerming van my reisgenote belangriker as presiese historiese data soos name, plekke en datums. Dit was een van die opofferings wat gemaak moes word.
- Die navorsingsgenote gee hulle eie stem en interpretasie weer in die groter verhaal. Gemeentes en persone wat geïmpliseer word, het nie deelgeneem aan hierdie gesprek nie. Die doel van die navorsing was nie om soos in 'n hofsitting die presiese gebeure rondom 'n insident te probeer vasstel en rekonstrueer nie. Ek het 'n keuse gemaak om na die reisverhale van vrouepredikante en hulle interpretasie van hulle eie reis te luister. Hiermee ontken ek nie dat daar nog stemme in die groter verhaal is nie. Narratiewe navorsing laat juis ruimte daarvoor dat die stem van 'n gemeente nog 'n stem in die verhaal mag wees, alhoewel daardie stem nie hier aan die woord kom nie. Wat die sinodale verslae betref, het ek met kommissielede aan beide kante van die debat in gesprek getree. Beide kante is hier aangehoor.
- In my beoordeling en interpretasie moes ek die kerkregtelike posisie van 'n gemeente as volledige kerk wat self beroepe mag uitbring en die beperkte mandaat van 'n struktuur soos die moderamen van die Algemene Sinode deeglik in ag neem.

Die invloed wat die mandate en bevoegdhede van ’n gemeente en moderamen op die verhale van individue het, is aangedui en kortliks bespreek.

- Ek het in ’n paar gevalle persoonlik betrokke geraak by die omstandighede van ’n paar vrouepredikante. Ek het my posisie op die moderatuur van die Algemene Sinode gebruik om te kyk of die omstandighede van een van die proponente nie kan verander nie. Met haar toestemming is ander moderatuurslede betrek. Verder het ek aan die einde van die skryf van hierdie proefskrif ’n terapeutiese pad begin stap saam met een van die vrouepredikante wat seergekry het op haar reis. Ek het ook saam met ’n derde reisgenoot ’n retraite vir vrouepredikante begin reël wat vir Februarie 2008 beplan word.

### 6.2.2 Breë beskrywing van navorsingsgenote

In die lig van die faktore wat reeds beskryf is, is die volgende persone as reis- of gespreksgenote gekies. Die verbatim aanhalings uit hulle verhale is in dieselfde formaat as my eie verhaal weergegee, dit wil sê met ingekeepte paragrawe en ’n ander lettertipe as die res van die teks. Die persoon wat aan die woord is, word deur middel van die aangeduide afkorting voor die verbatim weergawe aangedui.

- **Gespreksgenoot 1** is ’n predikant wat reeds in die 1970’s begin het om teologie te studeer. Sy is in 2001 gelegitimeer nadat sy ’n *colloqium doctom* afgelê het. Sy het tot in 2006 ’n kontrakpos in ’n plattelandse gemeente gehad waarin sy hoofsaaklik jeugwerk gedoen het. Sy is getroud met ’n predikant. (Aangedui as: G1)
- **Gespreksgenoot 2** is ’n predikant wat in die laat 1970’s begin het om teologie te studeer. Sy is in 1992 gelegitimeer en is tien jaar later eers bevestig. Sy is bevestig as predikant, maar nie in ’n gemeente werksaam nie. (Aangedui as: G2)
- **Gespreksgenoot 3** is ’n proponent wat in die vroeë 1990’s begin studeer het en steeds wag op ’n beroep. Sy is aktief betrokke in die gemeente waar sy woon, maar is voltyds werksaam in ’n ander beroep. Sy doen nie aansoek vir poste nie alhoewel sy baie graag in ’n gemeente sou wou werk. (Aangedui as: G3)
- **Gespreksgenoot 4** is ’n predikant wat in die laat 1990’s begin het om teologie te studeer na voltooiing van ’n ander graad. Sy is kort nadat sy gelegitimeer is, as tentmaker bevestig. Tans is sy jeugleraar in ’n voorstedelike gemeente en getroud. (Aangedui as: G4)

- **Gespreksgenoot 5** is 'n proponent wat in die laat 1970's teologie studeer het en in 1991 gelegitimeer is. Sy is voltyds werksaam in 'n plattelandse gemeente, maar nie bevestig nie. Sy wag reeds 14 jaar vir 'n beroep. Sy is nie getroud nie. (Aangedui as: G5)

- **Gespreksgenoot 6** is 'n predikant wat in die laat 1990's gelegitimeer is en na 15 maande beroep is na 'n gemeente waar sy steeds werksaam is. Sy is getroud. (Aangedui as: G6)

- **Gespreksgenoot 7** is 'n predikant wat in die 1980's haar teologiegraad voltooi het, maar nie saam met die res van haar klasmaats gelegitimeer kon word nie. Sy was in die eerste groep wat gelegitimeer is nadat die Algemene Sinode in 1990 besluit het om vroue toe te laat. Sy is steeds in haar eerste gemeente werksaam. Sy is ongetroud. (Aangedui as: G7)

- **Gespreksgenoot 8** is 'n predikant wat in 2000 bevestig is. Sy is tans voltyds by 'n groot maatskappy werksaam en deeltyds betrokke by 'n postmoderne bediening vir mense wat nie tuis voel in 'n tradisionele kerk nie. Sy is getroud met 'n predikant. (Aangedui as: G8)

- **Anna Linde** is in die twintigerjare van die twintigste eeu as predikant in die Metodistekerk in die VSA opgelei en georden. Sy is daarna met ds. Hannes Linde getroud en het nuwe gestalte aan haar nuwe roeping in Suid-Afrika kom gee. Alhoewel sy nie as NG Kerk-predikant opgelei is nie, het sy tog deur die uitlewing van haar roeping gewys watter waardevolle bydrae 'n vrou met teologiese opleiding in die NG Kerk kan lewer. Ek noem haar nie 'n gespreksgenoot nie, omdat ek nie met haar oor haar roepings- en lewensverhaal in gesprek kon tree nie. Ek beskou haar egter as reisgenoot en lys haar onder hierdie afdeling omdat sy as vrou baanbrekerswerk gedoen het en ek oor 'n bandopname van haar lewensverhaal beskik. (Aangedui as: AL)

- **Jeanne Viljoen** het in 1944 haar teologiese studies aan die Universiteit van Pretoria begin. Sy is in 1975 oorlede en ek beskik slegs oor die verhale van ander oor haar. Ek het met haar man, ds. Dirk Viljoen, 'n gesprek oor haar gevoer.

Ek het ook met vier ander persone gesprekke gevoer wat op verskillende maniere by die besluitnemingsproses rondom die toelating van vroue tot die besondere ampte betrokke was. Hierdie persone was bereid om geïdentifiseer te word en aanhalings uit hulle

gesprekke is op dieselfde wyse as die gesprekke met die vrouepredikante aangedui. Ek identifiseer hierdie persone deur hulle voorletters. Ek kon nie almal persoonlik sien nie en moes telefoniese onderhoude met twee van die persone voer. Sekere dinamika gaan verlore met telefoniese onderhoude omdat daar nie gesigskontak is nie. Die gevaar bestaan ook dat die persoon met wie ’n telefoniese onderhoud gevoer word, onder die indruk kan verkeer dat die navorser nie regtig ernstig oor sy/haar getuienis is nie (Webster 1996:191). Afstande, sperdatums en ’n gebrek aan fondse kan telefoniese onderhoude egter noodsaak. Webster (1996:189–199) het in ’n omvattende telefoniese navorsingsprojek ondervind dat telefoniese onderhoude tog produktief kan wees as dit reg aangepak word. Dit is net belangrik dat dieselfde beginsels, voorbereiding en etiese faktore wat in ’n persoonlike onderhoud geld, ook in ’n telefoniese onderhoud gehandhaaf word. Daar moet byvoorbeeld fyn na stembuigings geluister word omdat gesigsuitdrukkings nie gesien kan word nie.

Vervolgens ’n kort beskrywing van die ander persone met wie ek gepraat het:

- **Ds. Dirk Viljoen** was baie behulpsaam om aan my die nodige inligting en foto’s oor sy vrou, Jeanne Viljoen, se baanbrekersreis in die NG Kerk te verskaf. (Aangedui as: DV)
- **Dr. Willie Botha** was vanaf 1978 predikant in Sinodale Diens vir Leer en Aktuele Sake. Hy was skriba van die vergaderings van die Kommissie van Leer en Aktuele Sake en het waardevolle inligting aan my verskaf oor die funksionering van die Kommissie. (Aangedui as: WB)
- **Ds. Sampie van Vuuren** het vanaf 1974 tot 1990 op die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake gedien wat die studiestukke vir die verskillende Algemene Sinodes oor die vrou in die amp voorberei het. Alhoewel hy teen die toelating van vroue tot die besondere ampte is, was hy wel bereid om met my in gesprek te tree en aangehaal te word. (Aangedui as: SvV)
- **Prof. Danie du Toit** voormalige dosent in Dogmatiek aan die Universiteit van Stellenbosch, was verantwoordelik vir die skryf van die verslae ten gunste van die toelating van vroue tot die besondere ampte. Ek het ’n telefoniese onderhoud met hom gevoer. (Aangedui as: DdT)
- **Dr. Hans Linde** se moeder, mevrou Anna Linde, se besonderhede is reeds vermeld. Ek het ’n telefoniese onderhoud met hom gevoer. (Aangedui as: HL)

- **Ds. Elsje Büchner**, navorser. Ek sal op enkele plekke my belewenis van 'n spesifieke gebeurtenis vertel, veral tydens geleenthede waar ek betrokke was. (Aangedui as: EPB)

### 6.2.3 Die effektiewe beskrywing van ervaringe

Om op 'n effektiewe wyse van die "luister na ervaringe" na die "beskrywing van ervaringe" te beweeg, het sekere voorbereiding gevra. In die eerste plek moes ek sorg dat die onderhoude effektief is. Wanneer die navorser nie deeglik en empaties luister nie of nie goeie vrae vra nie of as die navorsingsgenoot nie die aard van narratiewe onderhoude verstaan nie, kan dit 'n negatiewe invloed op die hele navorsingsproses hê. My navorsingsgenote is voorberei oor die aard van narratiewe onderhoude en die verwagtinge wat dit aan hulle sou stel.

Die gesprekke wat gevoer is, was semi-gestruktureerd om te verseker dat ek die basiese inligting oor roeping, studie- en bedieningsloopbaan hoor. Daarna het die res van die gesprek voortgevloei en ontwikkel aan die hand van elke gespreksgenoot se unieke verhaal. As navorser moes ek fyn luister na die betekenis wat die navorsingsgenoot aan sake toegeken het en haar eie verstaan van haar roeping en plek in die kerk.

Na elke onderhoud het ek deur die data gegaan om deurlopende temas of onderwerpe te identifiseer. Temas is identifiseerbaar uit woorde wat herhaal word of 'n idee wat herhaaldelik voorkom (Rubin & Rubin 229–330). Temas of onderwerpe is gekategoriseer en met ander data vergelyk. Dit het tot verdere literatuurstudie oor 'n paar tersaaklike temas gelei om dit in verband te bring met die groter teorieë en in hierdie geval ook met die breër historiese lyne waarin die kleiner verhale afspeel. Die temas is ook in verband gebring met die breë historiese agtergrond in die kerk waarteen die besondere verhaal afgespeel het.

Die mate waarin kontekstuele ervaringe deur tradisie gevorm word, is bepaal deur fyn te luister na die verskillende reisverhale van vrouepredikante. Hiermee saam is na die verskillende stemme in die samelewing soos verwoord in die media en literatuur geluister (vgl. Müller 2004:303).

## 6.3 GESAMENTLIKE INTERPRETASIE VAN ERVARINGS

Ek moes seker maak dat my eie interpretasies met dié van my navorsingsgenote geïntegreer word. Die navorsingsgenoot geniet in 'n mate 'n epistemologiese voordeel omdat die verhaal oor hom- of haarself handel en niemand anders die ervaring so goed ken as die een

wat dit beleef het nie. Aan die ander kant beskik die navorser oor teoretiese kennis en het toegang tot literatuur wat die navorsingsgenoot se ervaring in ’n groter konteks kan plaas. Dié etiese vraag oor die intergrasie van interpretasies kan nie van die epistemologie van narratiewe navorsing losgemaak word nie juis omdat die navorsingsgenote so ’n groot aandeel in die interpretasie van hulle eie verhale het (Smythe en Murray 2000:324–326; 328). Volgens Osmer (2006:329) is die interpretasie- en refleksieproses oor ’n bepaalde handeling ’n belangrike deel van praktiese teologie. Die betekenis van die gebeure van diegene wat betrokke is of was, moet vasgestel word saam met die langer historiese lyn waarin dit ingebed is.

Smythe en Murray (2000:326) omskryf na aanleiding van Bruner (1986) en Polkinghorne (1988) die unieke epistemologie van narratiewe navorsing soos volg:

- Die narratiewe diskoers is meer temporeel as konseptueel.
- Dit is meer met verhoudinge gemoeid as abstrakte veralgemenings.
- Dit gee rekeneskap van die wedervaardigheid van menslike intensies en motiverings.
- Die oortuigingskrag van die diskoers lê in geloofwaardigheid en nie noodwendig in die logiese samehang of empiriese toetsbaarheid van ’n saak nie.
- Dit vertel die verhaal vanuit meer as een perspektief.

Aangesien ek as navorser en historikus nie die “waarheid” (ek hanteer die waarheidsvraag in postmoderne geskiedskrywing later in hierdie hoofstuk) oor vrouepredikante gaan probeer ontdek nie, is my interpretasie oor die gebeure in die verhale nie die enigste interpretasie nie, maar wel een van die stemme in die interpretasieproses. Ek het my interpretasies met dié van my navorsingsgenote geïntegreer deur aan hulle terugvoer te gee oor my interpretasies en te kontroleer of dit wat ek gehoor en geskryf het, korreleer met wat hulle bedoel het. Hiermee het ek die verhale in die navorsingsgenote se hande gehou. Hierdie proses van terugvoer het persoonlik, telefonies en per e-pos geskied. Waar ek uit die breër historiese proses op prominente diskoerse afgekom het, het ek hulle spesifiek om kommentaar daaroor genader.

### 6.3.1 Fasilitering van interpretasieproses

Ek het die volgende metodes gebruik om my navorsingsgenote se eie interpretasies van hulle ervaringe te fasiliteer:

In ’n narratiewe aanpak is die gesprekke semi-gestruktureerd of laag gestruktureerd ten einde ruimte te skep vir die interpretasie van ervaringe asook storie-ontwikkeling. Dit vra dat die navorser met so min as moontlik vooropgestelde idees na die verhale van die navorsingsgenote sal luister en verder deursigtig sal wees oor enige belange wat wel mag bestaan (Bosman 2001:49). Gluck (1987:231) is ook van mening dat historici wat besig is met mondelinge geskiedenis daarteen moet waak om inligting vooraf te veel te orden. Nadat ’n vraag gevra is, moet daar eerder gekyk word waarheen die vraag lei. Ek het gedurende die gesprekke kritiese vrae aan my navorsingsgenote gevra om hulle te help om hulle eie ervaringe self te interpreteer. Die interpretasieproses is dus altyd relasioneel van aard.

Die proses van terugvoering het nie net verseker dat die navorsingsgenoot die eienaar van haar verhaal bly nie, maar ook verseker dat beide van ons groei in ’n ryker en dikker verstaan van die interpretasie. Ek was ook fyn daarop ingestel om voortdurend nuwe moontlikhede raak te sien en nie te stagneer in die manier waarop ek die verhale hoor en daaroor nadink nie. Die interpretasie wat die vroue aan hulle eie verhale gegee het, het my telkens verras en sekere “teorieë” wat ek in my gedagtes oor die groter verhaal gehad het, van die tafel af gevee.

## 6.4 ’N TRADISIE VAN INTERPRETASIE

In hierdie navorsing het ek rekenskap gegee oor die diskoerse wat daar oor vroue in die gemeenskap en kerk bestaan. Ek het in die besonder na die historiese ontwikkeling van die diskoers oor die vrou as “volksmoeder” gaan kyk. Hierdie diskoers het ’n deurslaggewende rol gespeel in die debat oor die toelating van vroue tot die besondere ampte.

Binne die kerklike tradisie het daar oor ’n tydperk van meer as 60 jaar ’n formele interpretasieproses plaasgevind. Gelyklopend met die formele of amptelike kerklike proses het daar, en vind daar steeds, ’n interpretasie van die Skrif plaas. Die ontwikkeling en verskuiwing en invloede op die prosesse van Skrifinterpretasie is ook breedweg hanteer. Die debat wat vroeg in 2006 in die media ontstaan het na aanleiding van ’n sinodebesluit van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) om vrouens nie tot die amp van diaken, ouderling of predikant toe te laat nie, is ’n bewys van hoeveel verskille binne die breë gereformeerde tradisie bestaan oor die interpretasie van die Bybel in hierdie verband.

Die plaaslike gemeente interpreteer en handel weer op haar beurt met besluite van ’n meerdere vergadering. Die besluite van ’n algemene sinode word nie altyd sonder meer

toegepas of aanvaar nie. Dit is onmoontlik om elke NG Kerk-gemeente se tradisie van interpretasie te ondersoek, maar die verhale van die individuele vroue vertel tog iets van hoe ’n paar plaaslike gemeentes vrouepredikante hanteer het.

### 6.4.1 ’n Alternatiewe verstaan van die verhale

Die narratiewe benadering gaan nie net oor die beskrywing en interpretasie van gebeure nie, maar ook oor dekonstruksie en emansipasie. Hiervolgens moet verhale toegelaat word om in ’n nuwe verhaal te ontwikkel. Die ontwikkeling van alternatiewe verhale vind plaas deur ’n holistiese verstaan daarvan en as deel van ’n sosiaal-konstruksionistiese proses, waar die navorsingsgenote aangemoedig word om self betekenis aan hulle eie verhale toe te ken (Müller 2004:304).

Dekonstruksie sal plaasvind daar waar die kleiner verhale binne die breër geskiedenis negatiewe diskoerse uitwys. In hierdie navorsing sal dit veral gaan oor negatiewe diskoerse wat vroue in die kerk uitsluit of stilmaak. ’n Narratiewe benadering tot die geskiedenis sal krities staan teenoor sulke negatiewe diskoerse. Daarom het ek as navorser kritiese vrae aan my navorsingsgenote gevra oor die mag van sekere diskoerse op hulle en die invloed of houvas wat dit op hulle kon hê. As navorser was ek ook krities oor negatiewe diskoerse soos dit na vore gekom het in die breër historiese lyn, literatuur oor vroue in die kerk en bepaalde Bybelinterpretasies of Skrifverstaan. Ek het my navorsingsgenote by die uitwysing van negatiewe diskoerse betrek omdat dit eie aan die epistemologie van ’n narratiewe aanpak is. Soos reeds aangetoon is die navorsingsgenote in ’n narratiewe aanpak nie navorsingsobjekte nie, maar juis medenavorsers (Müller & Schoeman 2004:8).

’n Refleksiespan wat bestaan het uit predikante en teoloë in die Kaap het ook gehelp om onverwagte ontwikkelings in die verstaansproses uit te wys.

## 6.5 Refleksie oor die ervaring van God se teenwoordigheid

In postfundamentele teologie word ook erken dat tradisie ’n invloed uitoefen op die epistemiese en nie-epistemiese waardes wat ons refleksie oor God en ons ervaring van God se teenwoordigheid in die wêreld vorm (Van Huyssteen 1997:4). Daarom behoort ’n eerlike poging aangewend te word om die navorsingsgenote se religieuse en spirituele verstaan van en hulle ervaringe oor God se teenwoordigheid te begryp (Müller 2004:303). Die refleksie oor die ervaring van God se teenwoordigheid in die wêreld word deur die tradisie

beïnvloed. In die soeke na ’n aanvaarbare metodologiese vertrekpunt vir ’n kontemporêre teologiese refleksie, het daar volgens Van Huyssteen (1993:373) terselfdertyd “a flight from authority” plaasgevind. Hierdie wegvlug van ’n absolute outoriteit het ’n herontdekking van die rol van ervaring in die teologiese refleksie teweeg gebring.

In hierdie navorsing was die navorsingsgenote se roepingsverhale ’n refleksie oor hoe hulle God se teenwoordigheid in hulle eie lewens ervaar. Die begrip “roeping” moet wyer verstaan word as die begeerte om teologie te gaan studeer (inwendige roeping). Dit gaan ook oor die persoon se groei in ’n persoonlike verhouding met God en die uiteindelike uitlewing van haar roeping binne of buite die kerk. Van die verhale het dit duidelik getoon. Die navorsingsgenote se interpretasie van hulle ervaringe in of reis deur die kerk was ook ’n weerspieëling van hoe hulle God se teenwoordigheid in die kerk ervaar.

Die postmodernisme daag die teoloog uit om rekenskap te gee van die teenwoordigheid van die Christendom en om die eksemplariese rol van die religieuse ervaring in ’n postfundamentele teologie te herontdek (Van Huyssteen 1993:376). Waar navorsingsgenote aktief en doelbewus betrokke is by die interpretasie van gebeure, rus die taak van “beoordeling” nie alleen op die skouers van die navorser nie, maar is hy/sy een van die stemme wat interpreteer (nie beoordeel nie) hoe mense God se teenwoordigheid in die geskiedenis, en in hierdie geval die kerk, beleef het.

As navorser moes ek versigtig wees om nie my eie religieuse taal op my navorsingsgenote af te dwing nie. Dit hang saam met die rol wat die navorsingsgenote in narratiewe navorsing speel. Omdat hulle as medenavorsers beskou word en nie as navorsingsobjekte nie, moes ek as navorser moeite doen om hulle in hulle eie taalwerklikheid en terme te hoor. Ek moes ook eerlik wees oor my eie verhouding tot die konteks, voorveronderstellinge en my eie Godservaringe. Dieselfde beginsels geld ook in die gesprek oor God.

Ek het my navorsingsgenote die ruimte gegee om hulle eie religieuse taal te gebruik om uitdrukking te gee aan hulle ervaringe van God en hoe hulle God se teenwoordigheid in hulle eie lewens beleef.

Omdat al die navorsingsgenote teologiese opleiding gehad het, kon dit maklik gebeur dat hulle terme en teologiese jargon gebruik wat goed aan my bekend is. Daarom moes ek daarteen moet waak om nie aan te neem dat ek weet wat hulle bedoel nie, maar telkens vra wat hulle met ’n sekere term bedoel en watter betekenis hulle daaraan heg.

Ek het in my eie verhaal soms baie gewonder oor God se teenwoordigheid in die kerk. Dit het my daarom nie geskok of vreemd op die oor geval as 'n predikant oor God se teenwoordigheid in haar eie lewe of die kerk worstel nie. Twee van die gesprekke was 'n ruimte waarin die navorsingsgenote rou eerlik was oor hulle ervaringe oor God.

In kerkgeskiedenis kom hierdie vraag op 'n ander wyse op die tafel. Die wedersydse verhouding tussen kerk en wêreld kom by Blenk (1988:12–13) ter sprake as hy daarop wys dat algemene geskiedenis en kerkgeskiedenis nie van mekaar geskei kan word nie en dat die kerkgeskiedenis altyd twee vrae moet vra: Hoe het die wêreldgeskiedenis die kerk (of Christendom) beïnvloed en in watter mate het die kerk 'n invloed op die gang van die wêreldgeskiedenis gehad? In die postfundamentele teologie sal daar gevra word hoe God deur die kerk in die wêreld en deur die wêreld in die kerk gewerk het.

Die vraag oor hoe die Christendom op sy omgewing antwoord gegee het of gerespondeer het, is belangrik vir die verstaan van kontekstualiteit (Frank 1991:40).

## 6.6 'N INTERDISSIPLINÊRE GESPREK GEE 'N RYKER EN DIKKER BESKRYWING VAN DIE VERHALE

Die postfundamentele teologiese benadering moedig 'n interdissiplinêre gesprek tussen teologie en ander wetenskappe aan. 'n Postfundamentele prakties-teologiese metodologie gee vir my dus ruimte om hierdie navorsing vanuit twee teologiese dissiplines aan te pak, naamlik Praktiese Teologie en Kerkgeskiedenis. In Praktiese Teologie word daar deesdae baie aandag aan interdissiplinêre werk aandag gee met spesifieke klem op die gesprek met die sosiale wetenskappe (Osmer 2006:330–331). Volgens Morse & Chung (2003:9–10) dra die verskillende teoretiese insigte in 'n interdissiplinêre benadering by tot die rykdom van die studie en maak dit meer holisties. Die taal, strategieë, kontekste en maniere waarop menslike ervaring geïnterpreteer word, verskil van dissipline tot dissipline (Müller 2004:303). Dit maak interdissiplinêre navorsing kompleks.

Wanneer meer as een navorsingsmetode gebruik word, is die vraag na die betroubaarheid van die navorsing en geldigheid van die resultate onmiddellik op die tafel. Verskillende navorsingsmetodes het verskillende sterk punte en hulle kyk na verskillende aspekte van die realiteit (Meetoo & Temple 2003:2). As kerkhistorikus het dit besondere uitdagings aan my gestel in die hantering van ander tipe tekste in vakgebiede soos Praktiese Teologie, die Bybelwetenskappe en algemene geskiedenis.

Daar is navorsers wat die geldigheid van hulle navorsing sal probeer versterk deur verskillende soorte navorsingsmetodes te gebruik. Die wye verskeidenheid data wat op verskillende maniere bekom is, moet dan hulle gevolgtrekkings ondersteun (Meetoo & Temple 2003:3). Meetoo & Temple (2003:4–6) sê tereg dat inligting wat deur verskillende navorsingsmetodes bekom is, nie sonder probleme sonder meer bymekaar gevoeg kan word om 'n oorsig oor die betrokke aspek van sosiale realiteit te gee nie. In 'n positivistiese benadering tot navorsing is daar epistemologies geen probleem om die navorsingsmetodes van 'n kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsmetode, komplementêr tot mekaar te gebruik nie. Wanneer daar egter met 'n meer interpreterende benadering, soos die narratiewe sosiaal-konstruksionistiese benadering, gewerk word, speel die konteks 'n belangrike rol. Die navorser en navorsingsgenoot gee saam rekenskap oor 'n saak wat kontekstueel spesifiek is. Die proses is net so belangrik as die bevindinge.

'n Interdissiplinêre ondersoek gaan in hierdie geval nie daaroor om die verskillende navorsingsresultate te gebruik om 'n spesifieke gevolgtrekking te ondersteun nie. Dit is eerder waardevol omdat die sosiale werklikheid multidimensioneel is en die gesprek met ander dissiplines die dinamika, kompleksiteit en veelvlakkigheid van die sosiale konteks verken (Devine en Heath soos aangehaal in Meetoo & Temple 2003:7). Die resultate of data kan komplementerend of selfs in konflik met mekaar staan.

Om relevante materiaal van verskillende dissiplines te gebruik en dus op 'n inter-dissiplinêre vlak te werk, vra van die navorser om hom- of haarself eers te probeer vergewis vanuit watter paradigma die betrokke dissipline werk en met behulp van watter metode data of navorsingsmateriaal versamel en geïnterpreteer of geanaliseer is. Verder is gesprekvoering met kundiges uit die relevante dissiplines belangrik om seker te maak dat die betrokke materiaal korrek gebruik en geïnterpreteer word.

Die skopus van hierdie navorsing sou egter te wyd word as ek oor elke tema wat vrouepredikante op die tafel geplaas het, ook vanuit 'n sosiologiese hoek navorsing moes doen. Buiten dat die studie vanuit twee teologiese dissiplines benader word, is daar tog met ander dissiplines oor die volgende aspekte in gesprek getree:

- Die verskillende kontekste waarin kerkgeskiedenis en vroue se persoonlike verhale afspeel, is vanuit 'n historiese hoek nagevors en kortliks weergegee. Hier het kerkgeskiedenis met algemene geskiedenis in gesprek getree.

- Die posisie van vroue in die samelewing, die faktore wat hierop ingespeel het en die vorming van dominante diskoerse oor vroue is ook vanuit ’n historiese hoek weergegee. Vroue se posisie in die breër samelewing is ’n weerspieëling van hoe die samelewing oor vroue dink en wat vroue van hulleself dink. Dit het ’n invloed op die kerk en die kerk het ook ’n invloed op die breër nadenke in die samelewing. Die invloed van die feminisme op die verskillende tydperke ter sprake, is dus ook verreken.
- Alhoewel die gesprek oor Skrifverstaan en -interpretasie sentraal in die hele debat rondom die toelating van vroue was, het ek nie ’n eksegetiese studie van die probleemtekste of die sogenaamde swygtekste, gedoen nie. Dit sou ’n studie op sy eie kon wees. Ek het wel die historiese verloop van die interpretasieproses oor die genoemde tekste opgeteken.

## 7. POSTMODERNE PARADIGMA VAN GESKIEDSKRYWING

Ek plaas myself binne die postmoderne paradigma van geskiedskrywing. Dit is belangrik dat historici hulself sal heroriënteer ten opsigte van die plek en aard van geskiedskrywing in ’n postmoderne tydvak (Wright 2000:124).

Alhoewel die skuif van ’n modernistiese na ’n meer postmoderne samelewing nie oral aanvaar word nie, vind ek die beskrywing van die paradigmas nuttig om die huidige skuiwe in die kerk en samelewing beter te verstaan. Wanneer ek myself binne ’n postmoderne paradigma van geskiedskrywing posisioneer, sê ek ook nie daarmee dat alles wat meer modernisties was, noodwendig sleg of verkeerd is en die postmoderne beter is nie. Daar is aspekte uit beide paradigmas waarmee ek myself as Christen kan vereenselwig of waarteenoor ek meer krities staan. Volgens Jenkins (1997:3) kan historici nie kies of hulle die postmoderne werklikheid waarin ons ons bevind aanvaar of nie. “*For postmodernity is not an ideology or position we can choose to subscribe to or not, postmodernity is precisely our condition: it is our historical fate to be living now*”. Ek aanvaar dus dat ons tans in ’n meer postmoderne samelewing staan en wil binne hierdie realiteit kerkgeskiedskrywing beoefen.

## 7.1 MODERNISTIESE GESKIEDBESKOUING

Die modernistiese geskiedbeskouing het sy oorsprong in die negentiende eeu in Duitse universiteite na die Napoleonitaanse oorloë. Dit het daarna na universiteite in die res van Europa en die Verenigde State versprei. Gedurende die twintigste eeu is dit in Asië en bykans die hele Afrika ingedra met behulp van Westerse imperialisme en kolonialisme (Wright 2000:124).

Volgens Greer (soos aangehaal in Dueck & Parsons 2004:235) steek die modernisme sy kop uit in die teologie waar dit homself aanmatig om die tydlose en die onveranderlike te ontdek. In lyn hiermee sien historici in 'n meer modernistiese geskiedbeskouing dit as hulle taak om die waarheid oor die verlede vas te stel deur getuienis bloot te lê en te dokumenteer. Die objektiewe feite wat uit die getuienis oor die verlede vasgestel word, word dan gebruik om die verlede mee te beskryf. Binne hierdie paradigma kom jy nader aan die waarheid as jy genoeg feite kan versamel (Wright 2000:124–127). Geskiedenis word dus ontdek en nie gemaak nie.

> The assumptions on which it [objectivism] rests include a commitment to the reality of the past, and to truth as correspondence to that reality; as sharp separation between ... fact and value and, above all, between history and fiction. Historical facts are seen as prior to and independent interpretation ... Truth is one, not perspectival. Whatever patterns exist in history are "found", not "made" ... The objective historian's role is that of a neutral, or disinterested judge; it must never degenerate into that of advocate or, even worse, propagandist.
>
> (Novick soos aangehaal in Jenkins 1997:11)

Binne hierdie paradigma word die taak van die kerkhistorikus as die alleenbeoordelaar van die waarheid gesien. Volgens Ernst (1995:5) is dit die taak van die kerkhistorikus om historiese gebeure "van alle kante te deurskou en krities te ontleed, en daarna die waarheidselemente in elke beskouing te integreer tot 'n sinvolle en meer korrekte geheelbeskouing".

Die kenmerke van 'n modernistiese geskiedbeskouing is opsommenderwys as volg:

- Die verlede het sy eie objektiewe bestaan, onafhanklik van die bestaan van die historikus (Wright 2002:125–126).

- Die verlede kan ontdek en geken word soos dit werklik gebeur het (Wright 2002:125–126).
- Behoorlike geskiedenis is realisties en kan empiries nagevors word (Jenkins 1997:16).
- Primêre bronne speel ’n baie belangrike rol (Jenkins 1997:11). Die harde feite moet in die dokumente gesoek word deur ’n kritiese sifting van die dokumente. Ander tekste of bronne word bloot as aanvullend beskou.
- Die verlede word ter wille van die verlede bestudeer (Jenkins 1997:16).

’n Modernistiese geskiedbeskouing word deur die meeste historici as die aanvaarbare metode beskou en historici is moeilik oortuigbaar dat ander geskiedbeskouings ook waardevol kan wees (Jenkins 1997:1 en Wright 2000:124–130). ’n Postmoderne geskiedbeskouing word uit ’n modernistiese gesigspunt beskou as ’n onverantwoordelike uitnodiging om die verlede te relativeer of selfs te nihileer (Jenkins 1997:8). Dit blyk ook dat metodologiese oorwegings en die vraag na waarheid historici weerstand laat bied teen postmodernisme en die invloed wat dit op geskiedskrywing en mense se geskiedbeskouing het.

> Protected by a continued adherence to commonsense empiricism and realist notions of representation and truth, most historians – and certainly most of those who might be termed “academic” or professional “proper” historians – have been resistant to that postmodernism which has affected so many of their colleagues in adjacent discourses.
>
> (Jenkins 1997:1)

Ironies genoeg is een van die vroegste plekke waar die term “postmodernisme” gebruik is juis in ’n historiese werk wat dateer uit die Tweede Wêreldoorlog, naamlik *A Study of History* deur Arnold Toynbee (Young 1997:75). Hy gebruik die term om ’n nuwe era in Westerse geskiedenis aan te dui waar daar met die globalisering van die Westerse geskiedenis, terselfdertyd ’n selfbewustheid oor sy eie kulturele relatiwiteit plaasgevind het. Maar soos Jenkins (1997:8) dit stel: “Nothing is sacred”. Daarom vra die postmodernisme ernstige vrae aan die geskiedskrywing in terme van die subjek/terrein (gebeure en gedrag), die data of teks wat gebruik word en hoe verandering verduidelik word.

Dié vrae word veral deur die strukturalistiese en poststrukturalistiese linguïstiek, die kulturele antropologie en die nuwe historisisme (*New Historicism*) gevra (Stone 1997:242). Patrick Joyce (1997:248) wys ook daarop dat daar nou nuwe benaderings en nuwe soorte geskiedenis op die agenda is. Le Roux (1993b:39) pleit vir 'n oper lees van die geskiedenis, wat nie daarop gemik is om sekere voorveronderstellings te legitimeer nie, maar om die lewe te verstaan en ook betekenis daaraan te gee.

## 7.2 POSTMODERNE GESKIEDBESKOUING

"Postmodernisme bevraagteken die moderne opvatting van geskiedenis as 'n kontinue proses met 'n universele samehang" (Naudé 1993:98). So het postmoderne geskiedskrywing volgens Wright (2000:126–130) die volgende kenmerke:

- Die verlede kan net ontdek en geken word deur die narratiewe (verhale) wat deur mense in sekere omstandighede geskryf of vertel word.
- 'n Studie van die verlede of gebeure is nie 'n studie van wat werklik gebeur het nie, maar eerder die onderwerp van wat mense sê of vertel oor gebeure.
- Die verlede word geken deur geskrewe of mondelinge woorde. Die taalwerklikheid waarin daar gekommunikeer word is derhalwe belangrik.
- Geskiedenis word gemaak en nie ontdek nie.
- Verskillende mense vertel verskillende verhale oor die verlede, daarom sal 'n postmoderne geskiedbeskouing eerder praat van meer as een verlede ("pasts"). (Vgl. Webster (1996:200) wat ook daarop wys dat daar meer as een verlede bestaan omdat geskiedenis inherent narratief van aard is en omdat 'n historikus 'n spesifieke ontwerp kies vir die beskrywing van 'n bepaalde gebeurtenis).
- Dit fokus meer op die prosesse wat deel is van die geskiedenis, en waarin spesifieke weergawes van die verlede tot stand kom.
- Dit neem die tekstualiteit van 'n verhaal ernstig op. Dit gaan oor die kompleksiteit van verhale en die maniere waarop daar na die verlede verwys word om in die hede daaraan betekenis te gee.
- Dit vra kritiese vrae na die sogenaamde "waarheid" oor die verlede.
- Dit gee erkenning aan die paradigma waarin verhale vertel word.

Hierdie studie vertel dus die verhale van 'n groep vrouepredikante oor hulle reis as vrouepredikante in die NG Kerk en wil nie daarop aanspraak maak dat hulle verhale die volledige geskiedenis vertel nie. Dit belig, in die lig van 'n postmoderne benadering tot geskiedenis, een van die aspekte van die verlede.

## 8. NARRATIEWE AANPAK

In 'n postmoderne geskiedbeskouing is daar 'n definitiewe wegskuif van die veronderstelling dat slegs geskrewe tekste as die primêre bronne beskou kan word en dat die geskrewe teks die "waarheid" is (vgl. ook Bosman 2001:16). In 'n narratiewe benadering of aanpak word die geleentheid geskep om 'n bepaalde perspektief op gebeure te gee. Dit gaan nie oor die finale waarheid nie, maar wel oor 'n bepaalde perspektief (vgl. Bosman 2001:36 waar hy die narratiewe benadering kies om 'n bepaalde beskouing op die pastoraal-terapeutiese self te kry). Die voordeel van narratiewe navorsing is dat informasie wat voorheen nie beskikbaar was nie, nou gehoor kan word (Gottlieb & Lasser 2001:191). 'n Narratiewe benadering is 'n toepaslike teoretiese uitgangspunt in 'n postmoderne samelewing. Dit gaan oor meer as net 'n beskouing; dit is 'n bepaalde navorsingsmetodiek waarmee ek my as Christen kerkhistorikus kan vereenselwig.

Verhale skep betekenis (Balcomb 2000:49). Enigiets wat gebeur het, moet verduidelik word en die beste manier om dit te verduidelik is om die verskillende aspekte van gebeure opeenvolgend aan mekaar te verbind. Aan die een kant is daar gebeure, ervaringe, getuienisse en feite en aan die ander kant stories wat hieraan samehang, vorm en betekenis gee (Balcomb 2000:49–50).

Freedman en Combs (1996:40–41) het 'n kontrolelys opgestel om 'n terapeut te help om konsekwent narratief in sy/haar aanslag te bly. Die vrae is egter meer as net 'n kontrolelys – dit dien ook as waardes vir 'n narratiewe aanslag. Alhoewel die vrae vir 'n terapeutiese gesprek opgestel is, kan dit ook gebruik word in narratiewe "historiese" gesprek. Ek dui na elke vraag aan hoe die betrokke vraag op 'n narratiewe benadering in kerkgeskiedskrywing van toepassing kan wees of nie.

1. Word daar vir beskrywings van meer as een werklikheid gevra?

   In hierdie navorsing staan die navorsingsgenote langs die geskrewe tekste (verslae, notules, besluite en statistiek rakende die toelating van vroue tot die amp van

predikant in die NG Kerk) en word hulle toegelaat om ’n beskrywing van die werklikheid te gee soos hulle dit beleef het. Die geskrewe tekste word nie as die “waarheid” bo die werklikheid van die verskillende verhale gestel nie.

2. Word daar fyn geluister na die maniere waarop die navorsingsgenoot se realiteit sosiaal gekonstrueer word?

   Invloede vanuit die sosiale omgewing op die verhaal moet in ag geneem word. Hoe kry hierdie invloede neerslag op die roepingsverhaal en beroepsloopbaan van die vrouepredikant?

3. Wie se taal word hier bevoordeel?

   Daar moet ’n daadwerklike poging aangewend word om die navorsingsgenoot se linguistiese beskrywings te aanvaar. Die navorser moenie probeer om haar eie kategorieë in die gesprek af te dwing nie (Bosman 2001:47). In historiese terme moet die navorser oop wees vir die taalwerklikheid van die navorsingsgenote en nie die gesprek in ’n rigting stuur wat sy vooraf bepaal het of wat deur die geskrewe tekste bepaal is nie.

4. Wat is die verhale wat die persoon se probleem ondersteun?

   Aangesien hierdie historiese navorsing is en nie ’n bepaalde terapeutiese aanslag of problematiek in gedagte het nie, wil ek die vraag herformuleer en die woord “probleem” uithaal. Die studie werk nie met ’n hipotese dat daar die een of ander probleem met betrekking tot vrouepredikante se toelating tot die amp van predikant bestaan nie. Daar is egter fyn geluister na verhale wat prominente of dominante diskoerse in die samelewing uitdaag of ondersteun.

   Die vraag kan herformuleer word na “wat is die verhale wat prominente diskoerse uitdaag of ondersteun?”

5. Word daar meer gefokus op die betekenis van verhale as op die sogenaamde feite in die verhale?

   In ’n narratiewe benadering tot kerkgeskiedbeskrywing moet daar veral gewaak word om nie in die verhale feite te soek wat die geskrewe tekste kan ondersteun of weerlê nie. Die doel van die verhale is nie om feite te versamel nie, maar om wel toe te laat dat die navorsingsgenote deur die vertel van hulle verhale self betekenis aan die geskiedenis kan gee.

6. Word die navorsingsgenoot of medenavorser geëvalueer?

   Die navorsingsgenote moet toegelaat word om self te bepaal of die rigting waarin die gesprek gaan vir hulle betekenisvol is (vgl. Bosman 2001:48) en of dit die betekenis is wat hulleself aan hulle eie verhaal (stuk geskiedenis) wil heg.

7. Is ek as navorser deursigtig oor my eie persoonlike ervaring?

   Ek het reeds in hoofstuk een die verhouding tussen my eie verhaal en die konteks uitgewys. My eie verhaal, waardes en beskouinge mag nie as tiperend beskou word nie – dit is ook net kontekstueel van aard.

8. Is die navorser bedag op patologiserende denke?

   Die navorser moet bedag wees op patalogiserende denke selfs wanneer daar na iemand se ervaring van 'n bepaalde gebeurtenis geluister word.

In narratiewe navorsing moet daar ruimte gegee word om verhale te beskryf, maar terselfdertyd moet verklarende navorsing ook gedoen word (vgl. Bosman 2001:48–49 oor die doel van verhale in narratiewe terapie na aanleiding van Polkinghorne 1988). Toegepas op kerkgeskiedenis beteken dit dat die navorsingsgenote kans kry om hulle eie verhale te beskryf en betekenis daaraan te heg. Hulle verhale sorg dan ook vir 'n ryker en dikker beskrywing van 'n bepaalde stuk geskiedenis in die NG Kerk. Soos reeds gemeld was hier nie sprake van storie-ontwikkeling in 'n terapeutiese sin nie, alhoewel die vertel van eie verhale, die bydrae wat dit lewer tot die kerkgeskiedenis en die feit dat daar aandag gegee word aan gemarginaliseerde stemme, waardevol vir die navorsingsgenote was.

## 8.1 MONDELINGE GESKIEDENIS

### 8.1.1 Ontstaan en groei as georganiseerde aktiwiteit

Seldon & Pappworth (1983:6–11) beskryf die ontstaan van mondelinge geskiedenis vanuit 'n Britse perspektief. Volgens hulle weergawe het mondelinge geskiedenis na die Tweede Wêreldoorlog begin ontluik. Voor die Tweede Wêreldoorlog het sistematiese onderhoudvoering met getuienisse van gebeure nie gereeld gebeur nie. Na die oorlog was politici meer ontvanklik vir kritiese vrae deur joernaliste. Mondelinge geskiedenis is aanvanklik merendeels deur joernaliste gebruik en die akademici het later in hulle voetspore gevolg. Teen 1960 is die praktyk wyd aanvaar en persoonlike gesprekke of

onderhoude word vandag algemeen deur skrywers van biografieë en ander historiese werke gebruik.

Uit ’n Amerikaanse perspektief het mondelinge geskiedenis sy ontstaan as georganiseerde aktiwiteit ook na die Tweede Wêreld Oorlog gehad, toe professor Allan Nevins (aanvanklik ’n joernalis van beroep) in 1948 ’n projek “The Oral History Project” aan die Universiteit van Columbia geloods het. Hy het geen bandopnemers vir hierdie projek gehad nie en ’n student het aantekeninge van die onderhoude geneem. Bandopnemers is eers vanaf 1949 gebruik. Nevins het egter al in 1931 die voordele van onderhoude begin dokumenteer in sy biografie oor Grover Cleveland. Hierin het hy dit bejammer dat niemand die moed gehad het om self met Cleveland of sy bondgenote te praat nie en dat hulle dood is sonder om historici met enige nalatenskap te laat. Nadat hy sy idee met kollegas en vriende bespreek het, het hy in 1938 ’n oproep in *The Gateway to History* gemaak dat mondelinge geskiedenis geïmplementeer moet word (Starr 1987:8). Nevins (1987:31) self is egter van mening dat hy mondelinge geskiedenis nie “ontdek” het nie, maar soos oor ’n klip daaroor gestruikel het. Dit was daar en sou onder ander omstandighede in elk geval ontstaan het vanweë die noodsaaklikheid daarvoor.

Die term “oral history” is egter al reeds in 1942 deur Joe Gould in die *New Yorker* gebruik waarin hy daarop aanspraak maak dat hy ’n *Oral History of Our Time* saamgestel het (Starr 1987:4). Starr beweer dat Gould egter ’n verkeerde benaming gegee het aan die aktiwiteit wat hy beoefen het. Die begrip “oral history” is reeds so stewig ingebed dat alternatiewe soos mondelinge dokumentasie en lewende geskiedenis nie regtig posgevat het nie. Vir die doeleindes van hierdie proefskrif sal ek as Afrikaanse alternatief, die term mondelinge geskiedenis gebruik.

Alhoewel die georganiseerde aktiwiteit skaars sestig jaar oud is, is die idee egter so oud soos die geskiedenis self – waar ’n stam sy verlede in herinnering roep en oorvertel aan ’n volgende geslag deur stories te vertel. Herodotus, die vader van geskiedskrywing, het mondelinge geskiedenis gebruik toe hy inligting versamel het om sy weergawe van die Persiese oorloë weer te gee. Daar is egter geen verbatim rekords van hierdie gesprekke beskikbaar nie (Starr 1987:4,8).

Moderne tegnologie het op twee maniere ’n invloed op mondelinge geskiedenis gehad. Dit was in die eerste plek een van die ontwikkelings wat mondelinge geskiedenis genoodsaak het. Vroeër sou mense uitvoerige briewe skryf om met mekaar te kommunikeer. Hierdie briewe het byvoorbeeld die storie agter ’n bepaalde gebeurtenis verhelder en verduidelik. In

plaas van briewe kon mense later net ’n telefoon optel en op ’n vinniger manier sekere sake reël en uitklaar. So het die nuus agter die nuus vir historici verlore geraak. Daarom het dit noodsaaklik geword om op ’n georganiseerde en metodiese manier met mense te begin praat om meer te wete te kom oor die storie agter die storie (Nevins 1987:28–29).

In die tweede plek het tegnologie soos bandopnemers en radio- en televisie-onderhoude, dit moontlik gemaak om die herinneringe wat mense oor bepaalde gebeure het, woord vir woord vas te lê (Starr 1987:6–7; Seldon & Pappworth 1983:9). Die ryke verskeidenheid van woord- en beeldmateriaal oor historiese gebeure bevat gewoonlik onderhoude met persone oor bepaalde gebeure en kan as mondelinge geskiedenis beskou word (Seldon & Pappworth 1983:9). In die ontwikkeling van mondelinge geskiedenis as georganiseerde aktiwiteit bestaan daar nie eenstemmigheid of die bandopname self of die transkripsie van die onderhoud as die finale bron beskou moet word nie. Voorstanders van die bandopname as finale bron is byvoorbeeld van mening dat stemnuanses en emosie nie deur middel van ’n transkripsie oorgedra kan word nie (Starr 1987:6–7). In hierdie navorsing het ek getranskribeerde weergawes van gesprekke gebruik. Waar daar besondere emosie was, het ek dit in vierkantige hakkies aangedui.

In die sestigerjare het mondelinge geskiedenis as dissipline gegroei. Historici het artikels in vaktydskrifte begin publiseer en katalogusse het die lig gesien. Die Vereniging vir Mondelinge Geskiedenis (*The Oral History Association*) het in 1967 ontstaan. Teen 1976 is 20 mondelinge versamelings as sogenaamde oop bronne aan biblioteke in die VSA beskikbaar gestel (Starr 1987:10–15). Een van die etiese riglyne in narratiewe navorsing is dat die identiteit van die mede-navorser beskerm moet word (vir meer uitvoerige beskrywing sien hoofstuk 1). Aangesien die risiko van herkenning redelik hoog is in hierdie navorsing, kan die bandopnames en volledige transkripsies nie as oop bronne beskikbaar gestel word nie. Die vraag kan gevra word of die anonimiteit van die medenavorsers die historisiteit van die navorsing beïnvloed.

Ek het juis vir ’n narratiewe benadering tot kerkgeskiedbeskrywing gekies omdat dit ’n ryker en dikker beskrywing van die geskiedenis moontlik maak. Geskiedenis is meer as die datums, tye, plekke en besluite of gebeure. Geskiedenis moet ook emosie, ervaring en interpretasie kan weergee. Ek moes ’n keuse maak sonder om die historisiteit van die navorsing in gevaar te stel. Die beskerming van my medenavorsers het swaarder geweeg as die vereiste dat ’n naam aan ’n historiese gebeurtenis gekoppel moet word. Die anonimiteit

van die verhale maak die ervaring van die gebeure nie minder eg of minder histories nie. Dit tas ook nie die rykheid van die beskrywing aan nie.

In die middel van die 1970's het die optekening van mondelinge geskiedskrywing ook elders in die wêreld posgevat. Projekte is in lande soos Chili, Denemarke, Frankryk, die Filippyne, Wes-Duitsland, Holland, Indië, Ierland, Israel, Kenia, Suid-Afrika, Sri Lanka en Swede onderneem (Starr 1987:18–19).

Gedurende die 1980's het verskeie werke in die Verenigde State van Amerika (hierna: VSA) verskyn wat op mondelinge bronne gebaseer is. Die gemene deler tussen dié wye verskeidenheid werke was dat dit eerstehandse getuienis oor 'n bepaalde onderwerp bevat het (Starr 1987:5).

Hierdie dissipline se potensiaal kon tot dusver nie na wense ontwikkel word nie omdat baie historici skepties is oor die waarde van hierdie soort bronmateriaal. Die skeptisisme is gegrond op 'n mening dat mondelinge bronne inherent subjektief is en oor patriotiese kwaliteite beskik. Dit het tot die gevolg dat die dissipline te min kritiese aandag kry om sy volle potensiaal te ontwikkel (Starr 1987:19). 'n Gebrek aan voldoende finansiële ondersteuning vir projekte in hierdie dissipline het in die verlede 'n verdere demper op die ontwikkeling van mondelinge geskiedenis gehad.

Kerkgeskiedskrywing in Suid-Afrika het hoofsaaklik plaasgevind op 'n wyse waarin die institusionele karakter van die kerklike lewe sterk beklemtoon is. Dit het dus die lig laat val op die instellings van die kerklike lewe, die leiersfigure asook die inhoud en belangrikheid van kerklike vergaderings. So is die Westerse geskrewe bronne sterk beklemtoon ten koste van mondelinge bronne (Adonis 2002:17). Teen 2002 het verskeie kerkhistorici die waarde van mondelinge geskiedenis en tradisie begin raaksien (Adonis 2002:20–21). Dit het die gevolg gehad dat verhale wat voorheen verborge was en nie in amptelike gedokumenteerde bronne opgeneem is nie, hoorbaar begin word het. Nie net die leiersfigure nie, maar ook gewone mense het toe in kerkgeskiedenis begin figureer.

### 8.1.2 Verskillende gebruike van die begrip

Die begrip "oral history" word op verskillende maniere gebruik. Vansina (1985:27) gebruik veral die term (hy praat van "oral tradition as history") waar tradisies in 'n bepaalde kultuur mondelings oorgedra word en wanneer dit 'n verbale boodskap is wat 'n verklaring oor die verlede gee. Volgens Vansina moet so 'n boodskap gesê, gesing of deur musiekinstrumente

vertel word. Vansina stel dit verder dat nie alle gesproke bronne as "oral traditions" beskou kan word nie.

Henige (in Vansina 1985:28) vernou die definisie van mondelinge geskiedenis deur te sê dat iets net as 'n tradisie beskou kan word as dit universeel in die betrokke kultuur bekend is. Vansina werk dus meer met mondelinge tradisies. Die bewaring van tradisies word toevertrou aan die herinneringe van opeenvolgende generasies (Vansina 1985:xii). Tradisies word deur baie mense aan baie mense vertel of van geslag tot geslag oorgedra. Wanneer tradisie mondelings oorgedra word, is dit baie keer in verhaalvorm. Mense verduidelik die alledaagse lewe deur stories en heg so betekenis aan wat in hulle lewens of in die breër lewe van 'n bepaalde gemeenskap gebeur (Balcomb 2000:50–51).

Starr (1987:3) definieer dit weer as bronmateriaal wat deur die opneem van die gesproke woord verkry word. Hierdie opname vind gewoonlik in 'n beplande onderhoud met behulp van 'n bandopname plaas.

Tu (1999: paragraaf 2–4) definieer mondelinge geskiedenis op sy beurt as 'n metode waarmee inligting oor 'n spesifieke onderwerp, individu of instansie deur middel van 'n bandopname of getranskribeerde onderhoud verkry word. Sy beskou dit as 'n nuttige manier om nuwe inligting en perspektiewe oop te maak en geskiedenis ook meer openbaar te maak.

Slim & Thompson (1993:11) definieer mondelinge geskiedenis op 'n eenvoudige wyse as "the living memory of the past". Hulle gaan van die standpunt uit dat elke persoon 'n storie het om oor sy/haar eie lewe te vertel wat waardevolle rou materiaal vir geskiedskrywing bied. Hierdie verhale is 'n direkte weergawe van gebeure soos verskillende individue dit ervaar het. As sulke verhale nie benut word nie, is daardie inligting vir ewig verlore.

Seldon & Pappworth (1983:4) definieer mondelinge geskiedenis as informasie wat verbaal oorgedra word in 'n persoonlike situasie en waarvan die inligting historiese of langtermyn waarde het. Mondelinge geskiedenis is vir hulle 'n tipe bron van getuienis. Hulle maak 'n onderskeid tussen gedokumenteerde en gerapporteerde bewyse. Eersgenoemde is materiaal wat oor 'n tydperk geproduseer word as deel van 'n beleidsproses en wat instrumenteel in die proses is. Dit is materiaal soos notules of verslae. Laasgenoemde materiaal is meer kontemporêr van aard en is deur iemand op 'n spesifieke tyd opgeteken as 'n brief of dagboekinskrywing. Hierdie definisie neem nie in ag nie dat selfs 'n notule 'n interpretasie is van gebeure deur die persoon wat dit geskryf het.

Ander definieer mondelinge geskiedenis as ’n kompilasie van historiese data wat gewoonlik deur ’n band- of video-opname opgeneem word. Primitiewe gemeenskappe het lank deur middel van die vertel van verhale hulle tradisies en geskiedenis mondelings oorgelewer. Die dissipline het in die laat 1960’s, vroeë 1970’s meer intensief ontwikkel toe bandopnemers beskikbaar geword het en dit gebruik is om sosiale bewegings soos die feminisme en menseregte-organisasies se uitsprake en bewegings te dokumenteer (vgl. Caunce 1994, Yow 1994, Perks & Thompson 1998 soos aangehaal in Anoniem s.a.[b]: paragraaf 2–3). Ander definisies sluit weer nou aan by Vansina se interpretasie waar dit gebruik word om die oorlewering van tradisies te beskryf.

Breedweg gesien kan die verskillende vorme van mondelinge geskiedenis dus in drie kategorieë verdeel word, naamlik:

- mondelinge geskiedenis
- mondelinge tradisie
- en lewensverhale wat biografies of outobiografies kan wees (Slim & Thompson 1993:11; Gluck 1987:223–224).

Die aktiwiteite van navorsers kan ook in verskillende kategorieë ingedeel word. Eerstens is daar die projekte van die individuele navorser waarin hy/sy self onderhoude voer met die oog op ’n spesifieke navorsingsprojek, boek of artikel. In die tweede plek is daar projekte wat deur instansies geloods word vir interne gebruik. Die resultate van sulke onderhoude is gewoonlik nie van belang vir persone buite die instansie nie. Derdens is daar die sogenaamde mondelinge argiewe wat onderhoude versamel vir die gebruik van onafhanklike navorsers. In hierdie geval antisipeer die onderhoudvoerder in watter tipe vrae luisteraars en lesers geïnteresseerd sal wees. Hierdie tipe materiaal word gewoonlik in radio- en televisie-uitsendings en lesings gebruik.

### 8.1.3 Doel en waarde van mondelinge geskiedenis

Historici gebruik mondelinge bronne veral wanneer hulle geskiedenis “from below” wil navors. Mondelinge geskiedenis het onder andere die taak om die weergawe of rekord van ’n spesifieke gebeurtenis te bewaar (Starr 1987:4). Mondelinge geskiedenis verryk die historiese materiaal, dit is ’n bemagtigende daad vir die persoon wat sy/haar verhaal vertel, dit skep ruimte vir gemarginaliseerde stemme en laastens dien dit as teenwig teen veralgemenings.Vervolgens meer oor elke punt.

#### 8.1.3.1 Verryking van historiese materiaal

Kritiese vrae kan gestel word oor die bydrae wat ’n individu se verhaal tot die groter geskiedskrywing kan lewer. Waarom sou dit byvoorbeeld nodig wees om na iemand se verhaal te luister en wat maak sy/haar verhaal so uniek dat dit gehoor moet word? Die groot vraag wat beantwoord moet word, is watter bydrae ’n persoon se verhaal kan maak om ons verstaan van ’n bepaalde gebeurtenis te verander (Seldon & Pappworth 1983:3).

Waar daar van mondelinge bronne in geskiedskrywing gebruik gemaak word, verryk dit ook die historiese materiaal in baie opsigte. Dit ’n waardevolle manier om die storie agter die storie te hoor en bied waardevolle inligting om die verstaan van die bepaalde gebeure of onderwerp te bevorder. Dit beklemtoon ook die verskillende nuanses wat aan ’n bepaalde gebeurtenis gekoppel kan word en maak die kontoere van gebeure duideliker. (Webster 1996:188, 201).

> Historical literature, then, is clearly the richer for it – richer in pungent quotation, in colour, in anecdote, in personality, in insight – and beyond that there are now scores of authors to testify ... that intensive interviewing has enabled them to get to “the guts of the event, the heart of it”.
>
> (Starr 1987:21)

’n Individu se eie weergawe van sy/haar lewe en ervaring rondom ’n bepaalde saak gee meestal ’n vollediger prentjie as dit waarvoor gemeenskapswerkers of historici [my byvoeging – EPB] gewoonlik soek (Slim & Thompson 1993:7). In hierdie opsig help dit mense om die verandering in hulle eie lewens en dié van die gemeenskap beter te verstaan (Thompson 1987:37–38). In hierdie navorsing kleur die stemme van die vroue oor wie sinodes lank nagedink en besin het, die tersaaklike besluite in. Hierdie vroue se bedieningsverhale bied ’n besondere insig in die impak wat sinodes op mense se lewens kan hê. Persoonlike onderhoude openbaar die meer persoonlike en is selde die enigste bron van inligting (Webster 1996:201, 205).

#### 8.1.3.2 ’n Bemagtigende daad

Eerstehandse getuienis is besonder waardevol en magtig. Deur net te kan of mag praat oor ’n saak wat jou raak, is al reeds bemagtigend vir die persoon wat praat. Dit verhoog ook selfvertroue.

> There has always been a special power in direct speech. The raw recounting of experience has an authenticity and persuasiveness which it is hard to match, and most of us would rather hear someone speak directly than read about them through another's words. Even on the printed page, passages of speech tend to attract our attention: first person testimony is simply more engaging than impersonal commentary or interpretation.
>
> (Slim & Thompson 1993:1)

Gewoonlik is dit net die belangrikste of beroemdste persone wat die geskiedenisboeke haal. Deur mondelinge geskiedenis kom ander stemme ("evidence from the underside") aan die woord. So word 'n meer realistiese en regverdige prentjie van die verlede geskets (Thompson 1987:41–42). In hierdie studie kon gewone vrouepredikante, vroue wat doodgewoon in die bediening wil staan, hulle verhale vertel.

Verder het dit terapeutiese waarde wanneer 'n persoon gedurende die proses van vertel sy/haar eie ervaring begin verstaan (Slim & Thomson 1993:8–9). Verhale skep betekenis, maar maak ook die deur oop vir nuwe lewensmoontlikhede. Mense vertel nie net verhale oor wat gebeur het nie, maar ook oor wat kon gebeur het (Balcomb 2000:49, 51).

#### 8.1.3.3 'n Ruimte vir gemarginaliseerde stemme

In 'n mondelinge onderhoud is daar nie hindernisse soos rykdom, klas, ras of geslag nie. Hoffman (1987:72) noem mondelinge geskiedenis 'n nuwe soort geskiedenis – "a history not of the captains, kings, and presidents but of farmers, workers, immigrants, and the like". Persone wat praat hoef ook nie geletterd te wees om te kan of mag praat nie. Die belangrikste voordeel van mondelinge getuienis is dat dit 'n stem aan diegene gee wie se opinies en ervaringe gewoonlik nie geag word nie of oorgeslaan word. Wanneer sulke stemme geïgnoreer word, word belangrike inligting en getuienis uitgesluit. Soms is die versteekte stemme juis die belangrikste stemme (Slim & Thompson 1993:1,5).

Die neiging bestaan dat daar te maklik namens gemarginaliseerde persone gepraat word en dat sulke persone se behoeftes en opinies nie korrek geïnterpreteer word nie. Slim & Thompson (1993:5–6) wat veral oor mondelinge getuienisse in ontwikkelingsprojekte skryf, is van mening dat mans in baie gemeenskappe die amptelike kommunikators is wat namens die persone in die gemeenskap praat. Hulle sal in sulke gemeenskappe selfs oor

sake praat wat hulle nie direk raak nie of waarvan hulle weinig weet. Daarom bestaan daar baie keer 'n wanbalans tussen die openbare en die private stem en is dit van belang om moeite te doen om die getuienis van gemarginaliseerdes aan te hoor en op te teken. In sekere gemeenskappe vertel vroue hulle verhale in liedere, stories en spreekwoorde.

Gemarginaliseerde groepe in 'n gemeenskap kan op dieselfde wyse as individue die geleentheid kry om hulle versteekte sfere van ervaring te beskryf. Die verskillende vorme van mondelinge getuienis gee mense of groepe die kans om hulle ervaring rondom familie- of werksverhoudings, vriendskappe, liefde, seksualiteit, geboorte, ouerskap, ontspanning, kultuur en geloof te beskryf. Hierdie aspekte van die lewe is belangrik vir 'n persoon se verstaan van sy/haar wêreld (Slim & Thompson 1993:7). Uiteindelik kan hierdie proses van mededeling daartoe lei dat 'n sterker sosiale kohesie in 'n betrokke gemeenskap gevorm word (Slim & Thompson 1993:8). Deur die skopus van die geskiedenis te vergroot en te verryk, verander dit terselfdertyd die sosiale boodskap van geskiedenis. Deur mense deel van die geskiedenis te maak, kry hulle 'n groter sin van behoort aan 'n bepaalde tyd en plek (Thompson 1987:42,50).

In die NG Kerk het dieselfde gebeur. Mans het die publieke stem én besluitnemingsmag gehad. Hulle kon selfs geloofsbesluite neem. Dwarsdeur die hele proses van besluitneming rondom die toelating van die vrou tot die besondere ampte het geen vrou 'n stem of besluitnemingsbevoegdheid gehad nie. Daarom is dit belangrik om in 'n terugskouing op die besluitnemingsproses die persone oor wie besluit is, self aan die woord te stel.

#### 8.1.3.4 Teenwig teen veralgemenings

Die kollektiewe stem van enige gemeenskap neig na veralgemenings en oorvereenvoudigings. In sulke gevalle word die kleiner, armer of minder belangrike persone in die oë van 'n bepaalde gemeenskap se stemme deur die dominante of leidende stemme oorheers. Om na individuele verhale te luister dien as teenwig teen sulke veralgemenings en teen die oorheersing van diegene met sterker stemme én dit bied waardevolle punte waarteen die kollektiewe beskou kan word (Slim & Thompson 1993:5). Dit beklemtoon ook die diversiteit van menslike ervaring, waardes en aspirasies (Slim & Thompson 1993:145). Wanneer 'n navorser bewus is van die veelkantigheid en kompleksiteit van gebeure, is jy versigtiger om vinnige afleidings te maak.

### 8.1.4 Beperkinge ten opsigte van mondelinge geskiedenis

Sommige historici is skepties oor die waarde van mondelinge geskiedenis. Hulle kritiek handel hoofsaaklik oor die beperkinge van die persoon met wie daar 'n onderhoud gevoer word, die beperkinge van die navorser of onderhoudvoerder en die beperkinge in die onderhoud self. Na elke stel beperkinge verantwoord ek my ten opsigte van die metodologie wat in hierdie studie gevolg is.

#### 8.1.4.1 Beperkinge van die gespreksgenoot

Die grootste kritiek wat teen mondelinge geskiedenis geopper word hou verband met die geheue van die gespreksgenoot. Historici is van mening dat mondelinge bronne meestal ten opsigte van kronologie en die opeenvolging van gebeure verskil as dit met gevestigde skriftelike bronne vergelyk word. Volgens Seldon & Pappworth (1983:17, 22–25) laat ouer persone se geheue hulle gewoonlik in die steek terwyl jonger persone se weergawes van gebeure weer te veel met persoonlike indrukke gevul is. Daar kan ook 'n gebrek aan perspektief oor gebeure wees. Dit gebeur wanneer die gespreksgenoot nie die kompleksiteit van gebeure behoorlik in ag neem nie en sy/haar eie rol in 'n bepaalde saak oorspeel. Sterk persoonlike gevoelens oor 'n saak kan 'n persoon se perspektief ook beïnvloed. Hoe sterker iemand se gevoelens oor 'n saak of gebeure is, hoe meer gekleurd en subjektief sal hulle getuienis daaroor wees.

Ek het gevind dat van die ouer persone met wie ek in hierdie studie gepraat het, nie meer die presiese datums en detail rondom sekere sake kon onthou nie. Van hulle het aantekeninge rondom bepaalde sake gehad en het swaar op hierdie geskrewe bronne geleun. Ek het die datums en kronologiese volgorde van gebeure meestal uit sinodale verslae en ander notules gekry, daarom was dit nie vir my nodig om op hulle geheue staat te maak nie. Die persoonlike indrukke en opinies van hierdie persone was vir my van groter belang. Ek het elke persoon se subjektiewe betrokkenheid by haar eie verhaal gerespekteer. Veral waar die persoon seer gekry het, was sterk emosie rondom die kerk teenwoordig.

Rondom die kritiek dat jonger persoon te veel van eie indrukke weergee en eers moet afstand kry rondom gebeure, gaan hierdie studie juis oor die betekenis wat vrouepredikante aan die NG Kerk se besluite oor hulle roeping heg.

'n Verdere gevaar is dat die gespreksgenoot foutiewe inligting kan verskaf. As die navorser nie goed ingelig is oor die onderwerp ter sprake nie, bestaan die gevaar dat hy/sy maklik

mislei kan word. Die vraag rondom die waarheid van die inhoud word in ’n latere punt vollediger bespreek.

In die bespreking van die etiese riglyne wat in ’n studie soos hierdie moet geld, is daar genoem dat die gevaar bestaan dat slegs een party se kant van ’n saak gehoor word. In ’n kerklike opset beteken dit dat ek as navorser nie noodwendig ’n kerkraad, predikant of gemeente se kant van ’n bepaalde gebeurtenis gehoor het nie. In mondelinge geskiedenis bestaan die gevaar dus dat die gesprek gebruik kan word om ’n instansie of persoon terug te kry omdat hulle nie deel van die gesprek is en terug kan antwoord nie (Seldon & Pappworth 1983:19). Navorsers moet bedag daarop wees dat so ’n situasie kan ontstaan. Geeneen van die vroue wat die NG Kerk verlaat het, was bereid om hulle pad te deel nie. Daar was dus nie ’n gesprek waarin die betrokke vrou ’n kerkraad of persoon eensydig kon beskuldig nie.

Die vertroulik van die gesprek is nog ’n beperking wat in ag geneem moet word. Indien die gespreksgenoot nie die navorser vertrou nie, sal hy/sy sensitiewe inligting weerhou (Seldon & Pappworth 1983:20). Selfs al word daar ooreengekom om sekere inligting nie te publiseer nie, kan die inligting die navorser help om bepaalde gebeure beter te verstaan. Daar behoort dus ’n vertrouensverhouding tussen die gespreksgenoot en navorser te wees.

Ander faktore wat beperkend ten opsigte van die gespreksgenoot kan inwerk, is wanneer hy/sy kunsmatige of oorvereenvoudigde antwoorde op vrae gee (Seldon & Pappworth 1983:20–22). Die gevaar bestaan ook dat gespreksgenote verwar kan word deur gepubliseerde boeke of beeldmateriaal oor bepaalde gebeure. Dit kan gebeur dat die gespreksgenoot nie kan onderskei tussen wat werklik gebeur het of wat hy/sy reeds gehoor het oor die bepaalde gebeure nie. Die navorser behoort op die moontlike teenwoordigheid van mites bedag te wees (Seldon & Pappworth 1983:25–26).

Ek het in hierdie studie nie van my navorsingsgenote verwag om die breë historiese verloop van die toelating van vroue tot die besondere ampte te beskryf nie, maar gefokus op hulle eie reis as proponente of predikante in die NG Kerk. Hulle persoonlike verhaal en belewenis van die reis was dus van belang.

#### 8.1.4.2 Beperkinge van die navorser

Die navorser self kan ook beperkend inwerk op mondelinge geskiedenis. Seldon & Pappworth (1983:27–30) lys die volgende beperkinge ten opsigte van die navorser in ’n kritiese beskouing van mondelinge geskiedenis:

- Wanneer die navorser nie ’n verteenwoordigende groep vir sy/haar navorsing kies nie.
- Wanneer die navorser slegs met diegene praat wat sy/haar hipotese ondersteun.
- Wanneer die navorser eensydige vrae vra.
- Wanneer die navorser die gespreksgenoot beïnvloed.
- Wanneer onderhoude gevoer word om die lees van dokumente te vermy.

Binne die sosiaal-konstruksionistiese epistemologie en die narratiewe benadering word daar nie met ’n verteenwoordigende groep gewerk nie. Hierdie studie maak ook nie daarop aanspraak dat die verhale van die bepaalde groep vrouepredikante al die verhale van vrouepredikante verteenwoordig nie. Die kriteria vir die keuse van my gespreksgenote is reeds uitgewys. Verder word die onderhoude as komplementerend tot geskrewe dokumente beskou.

#### 8.1.4.3 Beperkinge in die onderhoud self

Die laaste kategorie beperkinge wat teen die gebruik van mondelinge geskiedenis geopper word, handel oor die beperkinge wat in die onderhoude self ondervind kan word.

Die voer van onderhoude is ’n tydsame proses. Kritici is van mening dat tyd beter gespandeer kan word deur geskrewe dokumente te lees en oor daardie data na te dink en dit te verwerk (Seldon & Pappworth 1983:30–31). Onderhoude is in geen opsig maklik om te bekom of om te evalueer nie (Webster 1996:188).

Die invloed van veranderlike faktore bemoeilik die proses (Seldon & Pappworth 1983:31–32). Die invloed van hierdie faktore kan ook nie altyd vooraf bereken word nie. Die faktore wat enige onderhoud kan bemoeilik, is sake soos die tyd van die dag wanneer en die plek waar die onderhoud gevoer word, die gemoedstoestand van die gespreksgenoot en die interaksie tussen die navorser en gespreksgenoot. Sommige mense kommunikeer moeiliker as ander. Dit kan dus gebeur dat iemand hom- of haarself nie so goed uitdruk nie en na die tyd voel dat die onderhoud nie hulle ware gevoelens weerspieël nie. Verder kan die kern van die onderhoud verkeerd geïnterpreteer word of nie raakgesien word nie.

Ek het reeds in hoofstuk 1 uiteengesit hoe die proses van interpretasie verloop het om seker te maak dat die betekenis wat my navorsingsgenote aan hulle reis in die NG Kerk toegeken het, getrou weergegee word.

### 8.1.5 Hantering van unieke soort gesprek

’n Verbatim weergawe van ’n gesprek is in meer as een opsig uniek in vergelyking met ander vorme van bronmateriaal. Dit kan lewensverhale bewaar wat andersins verlore sou raak, dit is ’n manier om meer van ander persone te leer, dit gee iets van iemand se persoonlikheid weer, verduidelik motivering en onthul iemand se diepste gedagtes en persepsies (Starr 1987:4).

Die *Office of Human Research Protection* in die VSA het gedurende 2003 ’n ondersoek geloods of mondelinge geskiedenis as navorsing beskou kan word en watter beginsels neergelê moet word om ’n gesprek of onderhoud as navorsingsmateriaal te beskou (Anoniem s.a.[a]: paragraaf 1 en 19). Die beginsels wat neergelê is, dui daarop dat nie enige gesprek as ’n navorsingsgesprek of geskiedenisbron gebruik kan word nie. Hiervolgens moet daar byvoorbeeld ná ’n oop-einde gesprek, interpretasies of gevolgtrekkings gemaak word (paragraaf 12), die onderhoude moet kennis veralgemeen (paragraaf 14) of dit moet as argiefmateriaal vir toekomstige navorsing kan dien (paragraaf 16). Starr (1987:5) dui verder daarop dat getuienis in ’n mondelinge bron getoets moet word vir interne konsekwentheid en waar moontlik met ander bronne gekontroleer moet word.

Op hierdie punt kan daar konflik ontstaan tussen mondelinge geskiedenis en die narratiewe benadering. In die narratiewe benadering word die gespreksgenoot nie as ’n bron beskou wat nagevors en oor wie gevolgtrekkings gemaak word nie. Hy/sy neem aktief deel aan die interpretasie van gebeure en die navorsingsproses. Die elektroniese opnames of die verbatim weergawes van die gesprekke kan ook nie as argiefmateriaal bewaar word nie vanweë verskeie etiese faktore wat reeds uitgewys is. Dit is ook moeilik om die verhale met ander bronne te vergelyk. In die geval van ’n gemeente sou daar onderhoude oor ’n bepaalde gebeurtenis met ander gemeentelede of kollegas gevoer kon word en as ’n spesifieke saak in ’n kerkraadsvergadering bespreek is, sou hierdie notules geraadpleeg kon word. Die meeste van die verhale in hierdie studie is egter die persoonlike belewenis van ’n breër kerklike proses. Die agtergrondsinligting, soos die kronologiese verloop van gebeure, datums en kerklike besluite is grootliks deur middel van bronnestudie versamel. In hierdie studie speel elke tipe “bron”, hetsy ’n geskrewe bron of ’n persoonlike gesprek, sy eie unieke rol en die een word nie belangriker as die ander geag nie. Die volgende aspekte behoort ook in ag geneem te word by die hantering van hierdie unieke soort “bron”:

- Die vraag of die gespreksgenoot se weergawe van gebeure die waarheid is.

- Faktore wat die interpretasieproses kan beïnvloed.
- Faktore wat die integriteit van die onderhoud kan aantas.
- Eie indrukke van die navorser.
- Invloed van die navorser.
- Eienaarskap van die verhaal.

**8.1.5.1 Wat is die waarheid?**

'n Onvermydelike vraag wat hier hanteer moet word, is wie se weergawe van 'n verhaal die waarheid is. Kritiese vrae oor die betroubaarheid van mondelinge getuienisse is nie vreemd nie, omdat 'n groot deel van enige mondelinge getuienis die geheue, persoonlike mening en kultuur van die persoon reflekteer en in 'n mindere mate die invloed van die navorser. Hoffman (1987:71) noem die mondelinge weergawe van 'n verhaal 'n "memory claim" en daarom het dit volgens haar bloot die status van wat 'n persoon beweer gebeur het. Verder bestaan daar 'n gevoel onder sommige professionele groepe dat die inligting wat deur middel van mondelinge onderhoude versamel word nie as "wetenskaplik" beskou kan word soos die inligting wat deur 'n formele kwantitatiewe of meer konvensionele metode verkry is of deur ander geverifieer kan word nie (Slim & Thompson 1993:139, 150; Seldon & Pappworth 1983:33). Alhoewel Webster (1996:188) van mening is dat enige historikus, sosioloog, psigoloog en verslaggewer daarvan bewus is dat die gesproke woord nie altyd die waarheid is nie, is so 'n stelling nie net op mondelinge weergawes van gebeure van toepassing nie. Enige geskrewe stuk weerspieël ook die perspektief van die skrywer. Die geskrewe woord is ook nie altyd die waarheid nie. Historici moet ook in ag neem dat hulle met onvolmaakte bronne werk. Selfs al sou die bronne "volmaak" wees, is 'n absolute objektiewe beskrywing van die verlede onmoontlik. Die 19de eeuse Duitse historikus, Leopold von Ranke se oproep dat enige weergawe van die verlede moet vertel hoe dit eintlik gebeur het ("*wie es eigentlich gewesen ist*") is teoreties lofwaardig, maar in die praktyk onmoontlik. Die navorser moet ook nie verwag om die waarheid in 'n onderhoud te ontdek nie. Die navorser kan op die meeste verwag om met 'n bepaalde weergawe van die waarheid kennis te maak. In hierdie opsig is mondelinge geskiedenis nie minder betroubaar as enige stuk korrespondensie, dagboek, notule [EPB] of koerantberig nie (Webster 1996:199, 200).

Nevins (1987:35) hanteer die vraag aan die hand van die gebruik van outobiografiese bronne teenoor gestruktureerde onderhoude van 'n navorser. Hy is van mening dat 'n

gestruktureerde onderhoud waarin die betrokke persoon deur ’n ingeligte navorser ondervra en kruisondervra word, ’n baie noukeuriger weergawe van ’n persoon se lewe of gebeurtenis kan weergee as ’n outobiografiese weergawe deur die persoon self. Daarom moet enige outobiografiese vertelling én geskiedenis op ’n baie kritiese wyse benader word. In enige outobiografiese vertelling is twee kwaliteite van kardinale belang, naamlik selfkennis en openhartigheid of eerlikheid. Nevins (1987:35–36) betwyfel die meeste mense se vermoë tot ware selfinsig en meld ook dat dit baie moeilik vir mense is om eerlik oor hulle motiewe en dade te wees. ’n Ervare navorser wat oor goeie agtergrondkennis beskik en wat bereid is om met ’n “skalpel” in sensitiewe sake in te sny en sulke delikate situasies kan hanteer, kan meer waarheid uit ’n persoon kry as wat dieselfde persoon in ’n outobiografiese vertelling sou kon doen. So ’n navorser moet die persoon ook help om gebeure en verhale in herinnering te roep.

Binne die narratiewe paradigma word die vraag na die waarheid van ’n weergawe ook gevra. Wanneer ’n narratiewe verduideliking of verhaal oor ’n gebeurtenis vertel word, kan die vraag onmiddellik gevra word of daar mededingende narratiewe oor dieselfde gebeurtenis vertel kan word. Die vraag word verder gekompliseer deur die feit dat daar verskillende narratiewe oor dieselfde gebeurtenis kan wees wat almal die waarheid vertel (Phillips 1994:17). ’n Alledaagse voorbeeld hiervan is die verskillende weergawes wat ooggetuies van ’n motorongeluk sal vertel. Verskillende persone sal die klem op verskillende sake laat val.

’n Narratief kan ook op verskillende maniere in verskillende situasies aangewend word. In ’n terapeutiese situasie kan die kliënt ’n verhaal vertel om sy/haar optrede te verduidelik. In ’n toespraak of in die klaskamer kan ’n verhaal as illustrasie gebruik word om ’n spesifieke saak te verduidelik. Verhale kan ook vertel word om dade te regverdig of te dit te rasionaliseer (Phillips 1994:17–18, 20).

Volgens Phillips (1994:17) hang die belangrikheid van ’n narratief nie van die waarheid daarvan af nie, veral waar die betrokke narratief of verhaal as illustrasie gebruik word. Die aanvaarding van ’n verhaal kan belangrike praktiese konsekwensies hê en daarom is die waarheid van ’n verhaal oor die algemeen tog belangrik (Phillips 1994:18). In historiese navorsing is die waarheid van ’n verhaal wel van kardinale belang omdat dit nie bloot illustratief van aard is nie. Dit moet vertel wat gebeur het. Daar moet egter aanvaar word dat daar verskillende weergawes van dieselfde gebeurtenis kan wees bloot omdat mense dieselfde saak verskillend kan beleef en verskillende aksente kan lê in die oorvertel of

rapportering van dieselfde saak. Thukidides het reeds in 420 v.C. in sy geskiedenis van die Peloponnesiese Oorloë opgemerk: "*Eyewitnesses of the same occurrence gave different accounts of them as they remembered or were interested in the actions of one side or another*" (Slim & Thompson 1993:139). Een persoon se getuienis verteenwoordig 'n spesifieke perspektief en maak nie daarop aanspraak om verteenwoordigend te wees nie. Perspektiewe is oop vir debat en daar moet in ag geneem word dat alternatiewe gesigspunte of opinies binne dieselfde groep of buite die groep kan bestaan (Slim & Thompson 1993:143–144). Volgens Slim & Thompson (1993:150) is die versameling van getuienis 'n subjektiewe gebeurtenis en sou dit verkeerd wees om dit met kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsmetodes te vergelyk asof al die metodes vir dieselfde hoë grond van objektiwiteit kompeteer. Hy is van mening dat die verskillende navorsingsmetodes as komplementerend tot mekaar gesien moet word.

Beskrywings is ook gewoonlik gedeeltelik omdat alle detail nooit volledig weergegee word nie. Beskrywings is dus selektief en gebeure word vereenvoudig omdat slegs die sake van belang beskryf word (McCullagh 1984:233, 235).

Dit is egter belangrik om 'n persoon se getuienis met respek te hanteer. So 'n persoon moet weet dat sy/haar woorde en interpretasie ernstig opgeneem word. Waar dit moontlik is, behoort daar erkenning aan die betrokke persoon gegee word en waar anonimiteit nodig is, is die waarborg van sodanige anonimiteit ook 'n daad van respek (Slim & Thomson 1993:2–3).

Binne die sosiaal-konstruksionistiese epistemologie en die narratiewe benadering waar die gespreksgenoot as navorsingsgenoot aanvaar word en nie net as 'n blote bron beskou word nie, word die betrokke persoon se belewenis as eg aanvaar. Hierdie studie is nie 'n suiwer outobiografiese vertelling nie. Die breër historiese lyne waarteen elke vrou se eie verhaal afspeel, is deur middel van 'n bronnestudie nagevors. Die effek wat die kerk se besluite op individue se lewens het, word in die verhale vertel. Daar word aanvaar dat die persoon se belewenis hiervan eg is. Hierdie is 'n verruiming van 'n tradisionele historiese beskrywing, dit gaan oor meer as die feitelike verloop van gebeure. Die gemarginaliseerde stem wat nie in die sinodale notules en verslae gehoor word nie, word deur hierdie benadering aan die woord gestel.

#### 8.1.5.2 Interpretasie van verhale

Enige historiese beskrywing is ’n interpretasie van gebeure en gee op ’n manier uitdrukking aan die waardes en belange van die historikus (McCullagh 1984:231). ’n Navorser moet bewus wees van die kompleksiteit van die interpretasieproses. Wanneer ’n navorser bewus is van die kompleksiteit van die interpretasieproses en die verantwoordelikhede wat daarmee gepaard gaan, behoort dit te help om die meeste uit ’n persoon se mondelinge getuienis te haal sonder om die betekenis daarvan te verdraai of die vertroue van die gespreksgenoot te skend (Slim & Thompson 1993:139). Historici interpreteer meer as een aspek, soos periodes, gebeure, aksies, bedoelinge en getuienis. Die verskillende aspekte behoort ook op verskillende vlakke geïnterpreteer word (McCullagh 1984:232). Die volgende aspekte behoort in ag geneem te word:

- Wat het die persone self bedoel?
- Wat het dit vir tydgenote beteken?
- Wat was die gevolge van die gebeure?
- Hoe word die gebeure in terme van huidige teorieë verstaan?

Daar is dus verskeie, ewe goed ondersteunende weergawes vir elke vlak van interpretasie moontlik. Dit is makliker om die fisiese kenmerke of kronologie van gebeure te interpreteer as die historiese betekenis daarvan (McCullagh 1984:233). Ander faktore wat die interpretasieproses beïnvloed, is die geheue van die gespreksgenoot, die plek wat aan mites toegeken word, die impak van die onderhoudvoerder, die etiese implikasies wat na vore kom wanneer daar in ’n persoon se persoonlike ruimte getree word, die vraag oor eienaarskap van die verhaal en hoe die betrokke verhaal aangebied en versprei word (Slim & Thompson 1993:139–140).

In die narratiewe benadering word die interpretasie van gebeure nie alleen aan die historikus oorgelaat nie, maar die navorsingsgenote word by die proses betrek. Die impak van gebeure op die tydgenote is in hierdie studie nie deur die navorser geïnterpreteer nie, maar deur die tydgenote self geïnterpreteer. Hierdeur het hulle aktief deelgeneem aan die proses van historiese betekenisgewing. Soos reeds aangetoon is die navorsingsgenote persoonlik, telefonies of per e-pos gekontak om hulle by die proses van interpretasie te betrek. Ek het in hierdie tweede en derde rondte kontak gekontroleer of ek hulle reg verstaan en weergegee het en hulle mening gevra oor spesifieke sake wat in die studie na vore gekom het.

Volgens McCullagh (1984:233–234) bestaan die gevaar dat die historikus vanweë persoonlike redes of voorkeure, selfs sonder dat daar goeie gronde daarvoor bestaan, vir ’n bepaalde interpretasie van die verlede kan kies. Die keuse van materiaal om die verlede mee te beskryf, word verder bepaal deur die inligting wat benodig word om ’n bepaalde hipotese of probleem te ondersoek. Volgens hom kan nie eers die versigtigste aandag wat daar aan die standaarde van interpretasie gestel word, die meeste vorme van vooroordele in geskiedenis verhoed nie, soos om alternatiewe moontlikhede van interpretasies te oorweeg nie.

Verhale kan ook vol figuurlike taal of beeldspraak wees. Dit kan die navorser in die versoeking bring om hierdie dele uit te laat, as irrelevant af te maak of as onvertaalbaar te merk, veral as die beeldspraak aan hom/haar onbekend is. Daar behoort moeite gedoen te word om die betekenis van beeldspraak te verstaan en die verhale oop te breek (Slim & Thompson 1993:146).

Die narratiewe benadering bied wel ’n manier om hierdie gevare die hok te slaan omdat die navorsingsgenote by die proses van betekenisgewing betrek word en nie alleen op die skouers van die navorser rus nie. Die navorser kan ook nie net die materiaal interpreteer wat relevant is om sy/haar voorafopgestelde hipotese te bewys nie, omdat hierdie benadering nie met ’n voorafopgestelde hipotese werk nie. Verder dwing die narratiewe benadering die navorser ook om alternatiewe moontlikhede in die interpretasie van verhale in ag te neem omdat die interpretasieproses nie uitsluitlik by hom/haar lê nie.

### 8.1.5.3 Onderhoude met integriteit

’n Verdere vraag in die hantering van mondelinge “bronne” gaan oor die integriteit van die onderhoud. Nevins (1987:32–36) pleit dat onderhoude met integriteit moet geskied. Die integriteit van die navorsing begin reeds by die voorbereiding van die navorser. ’n Navorser moet oor breedvoerige kennis van die onderwerp beskik ten einde ’n sinvolle gesprek met die gespreksgenoot te kan voer. Verder speel persoonlike eienskappe soos die skep van ’n gemoedelike en gemaklike atmosfeer, egte empatie ten tye van die onderhoud, takt en moed ook ’n rol. Die navorser moet die gespreksgenoot help om bepaalde gebeure in herinnering te roep sonder om die gesprek in ’n bepaalde rigting te stuur of woorde in sy/haar mond te plaas.

Die navorser moet besef dat hy/sy ’n persoon se persoonlike ruimte betree. In ’n onderhoudsituasie kan sensitiewe inligting na vore kom wat met respek hanteer moet word.

Dit is belangrik dat ’n persoon se privaatheid of dié van sy/haar familie nie geskend moet word nie. Verder is dit belangrik om enige inligting met simpatie te hanteer. Die gespreksgenoot se gemoedsvrede is belangriker as die navorser se begeerte om die volgende vraag te vra (Slim & Thompson 1993:152).

Die integriteit van ’n onderhoud word versterk as die navorser daartoe verbind is om die idioom waarin die verhale vertel word, te aanvaar. Mense moet die geleentheid kry om hulleself in hul eie taal uit te druk, hul eie terme te gebruik en hul eie geskiedenis te vertel (Slim & Thompson 1993:9).

### 8.1.5.4 Eie indrukke en kantaantekeninge

In historiese kringe bestaan daar verskille oor die beskikbaarstelling van die navorser se eie indrukke en aantekeninge oor ’n persoon en die onderhoud. Wanneer sulke aantekeninge nie beskikbaar gestel word saam met die verbatim weergawe van ’n onderhoud nie, gaan sekere inligting verlore (Nevins 1987:33–34). Aan die ander kant kan die vraag gevra word of dit eties is om sulke persoonlike indrukke openbaar te maak.Ek kies om my indrukke van ’n onderhoud nie openbaar te maak nie. Verder het ek my interpretasie van ’n navorsingsgenoot se verhaal met haar gekontroleer en haar dus voortdurend by die interpretasie van haar eie verhaal betrek. Dit het verder beteken dat ek die verhale en interpretasie van gebeure van my navorsingsgenote voortdurend moes respekteer, al sou ek op punte van hulle verskil. Hierdie benadering verskil dus van die normale historiese proses.

### 8.1.5.5 Invloed van die navorser

Enige gesprek of onderhoud is nooit ’n eenvoudige en objektiewe gebeurtenis nie, maar eerder ’n kreatiewe gebeurtenis wat beïnvloed word deur tyd, plek en die persone wat teenwoordig is. Die vaardighede en motiewe van die navorser of onderhoudvoerder sal die karakter van die gespreksgenoot se getuienis of verhaal beïnvloed. Die vaardighede en motiewe sluit sake in soos die motiewe van die navorser en sy/haar vermoë om die gesprek te laat vloei. ’n Navorser of onderhoudvoerder moet daarop bedag wees dat enige materiaal wat versamel word, nie bloot materiaal is wat ontdek is nie, maar materiaal is wat die navorser in ’n sekere sin gehelp het om te skep. Daar is sprake van ’n ko-produksie, en die pespektief wat gegee word, is die resultaat van ’n gesprek tussen die navorser en gespreksgenoot (Slim & Thompson 1993:147–149).

My eie invloed op die navorsingsproses en my verhouding met die gespreksgenote en tot die onderwerp, is reeds in hoofstuk 1 uiteengesit en bespreek.

#### 8.1.5.6 Eienaarskap van die verhaal

Daar vind ’n hele proses plaas vandat ’n verhaal vertel word tot dit in ’n geïnterpreteerde vorm beskikbaar gestel word aan ’n wyer gehoor. Op hierdie punt in die proses kan dit gebeur dat die betrokke persoon se verhaal buite konteks aangehaal of aangebied kan word (Slim & Thompson 1993:149). Die navorser behoort groot versigtigheid aan die dag te lê wanneer die verhale aangehaal word.

In ontwikkelende gemeenskappe bestaan daar soms onkunde oor eienaarskap, kopiereg en die beskerming van data. In sulke situasies en situasies waar daar nie ’n wet bestaan wat die gespreksgenote kan beskerm nie, is die etiese verhouding tussen die navorser en gespreksgenoot van kardinale belang. So ’n verhouding is op vertroue geskoei (Slim & Thompson 1993:152–153)

Ongelukkig het die navorser of die gespreksgenote nie beheer oor die hantering van stof nadat dit die eerste keer gepubliseer is nie. Ek het skriftelike toestemming van my gespreksgenote gekry om hulle verhale te publiseer op voorwaarde dat hulle anoniem sal bly en dat wanneer daar sensitiewe inligting is wat hulle skade sou kon berokken, ek dit eers met hulle sal uitklaar. Ek sal ook hulle toestemming vra voordat ek enige artikels publiseer. In hierdie opsig erken ek my gespreksgenote as die eienaars van hulle verhale.

### 8.1.6 Keuse vir bepaalde benadering in mondelinge geskiedenis

Daar bestaan verskillende benadering tot mondelinge geskiedenis wat wissel van die oordra en bewaring van tradisies tussen generasies tot ’n metode om inligting oor ’n bepaalde onderwerp of gebeurtenis in ’n onderhoud deur middel ’n bandopname te verkry.

Ten spyte van die kritiek wat daar teen mondelinge geskiedenis ingebring kan word, het ek gekies om van ’n bepaalde benadering tot mondelinge geskiedenis gebruik te maak, omdat dit onder andere ’n stem aan vrouepredikante gee. Hulle stem was nêrens hoorbaar in al die jare se debatte rondom die toelating van vroue tot die besondere ampte nie.

Ek het in die persoonlike gesprekke en die opteken van die verhale van die beginsels gebruik gemaak wat in die sosiaal-konstruksionistiese epistemologie, postfundamentele prakties-teologiese metodologie en narratiewe benadering geld. Hierdie beginsels wat vroeër in hierdie hoofstuk uiteengesit is, help om die slaggate wat daar in mondelinge

geskiedenis kan wees, te vermy. Ek kies dus vir ’n bepaalde soort benadering in mondelinge geskiedenis. Geskiedenis is inherent narratief van aard (Webster 1996:200) en ’n narratiewe aanpak is dus heel gepas.

# 9. FEMINISME, VROUEGESKIEDENIS EN GENDERSTUDIES

Die vraag sou gevra kon word hoekom hierdie studie nie vanuit ’n feministiese hoek aangepak kan word nie, omdat dit juis oor ’n bepaalde stryd rondom die saak van vroue handel. Ter wille van duidelikheid word die onderskeid tussen feminisme, vrouegeskiedenis en genderstudies vervolgens kortliks uiteengesit met die belang van hierdie studie by elke aspek.

## 9.1 FEMINISME AS ’N KRITIESE BEWEGING

Feminisme is ’n wêreldwye fenomeen wat verskillende gestaltes aanneem. Dit is ’n sosiale visie wat gewortel is in die ervaring van vroue teen wie daar op grond van hulle geslag gediskrimineer is (Clifford 2001:16). Joan Wolski Conn beskryf dit soos volg: “*(It is) both a coordinated set of ideas and a practical plan of action, rooted in women’s critical awareness of how a culture controlled in meaning and action by men, for their own advantage, oppresses women and dehumanizes men*” (soos aangehaal in Clifford 2001:17).

’n Feminis sal hom of haar dus beywer vir die geregtigheid en gelykwaardigheid van alle mense, maar ook terselfdertyd die besondere rol en posisie van alle vroue op die hart dra (Mouton 1997:134). Dit verwerp biologiese determinisme as ’n rede om bepaalde rolle aan mans of vroue toe te dig (Clifford 2001:17).

Die feminisme vra ook die kritiese vraag oor wie verantwoordelik is vir die definisies van wat as tipies manlik en wat as tipies vroulik beskou moet word. Tradisioneel word dit bepaal deur die persone wat die meeste mag en invloed in ’n instansie of gemeenskap het (Clifford 2001:18).

### 9.1.1 Verskillende aksente en bewegings

Mouton (1997:135) sê tereg dat nie alle mans en vrouens eenders dink oor die saak van feminisme nie. Daar kan verskillende aksente binne die breër beweging gevind word. Die beweging het ook in verskillende stadia ontwikkel. Die sogenaamde “second-wave-of-feminism” het nie net ontstaan uit vroue se politieke stryd om menseregte en gelyke

beregtiging nie, maar ook 'n nuwe akademiese dissipline gevestig. In hierdie stadium is daar erken dat vroue die patriargale sisteem verskillend ervaar en dit daarom op verskillende maniere analiseer en wil herstel (Clifford 2001:21). Hiervolgens kan die feminisme in vier groepe verdeel word, naamlik die liberale feminisme, kulturele feminisme, radikale feminisme en sosiale feminisme. Elke groep lewer 'n unieke bydrae tot die verstaan van die sosiaal bepaalde houding teenoor geslagsrolle. Elke vertakking het ook verskillende winspunte en beperkinge.

Clifford (2001:23) beskryf elke groep as volg:

- Die liberale feminisme beklemtoon die siviele regte van vroue en beywer haar sigself vir die volle gelykstelling van vroue met mans in alle aspekte van die sosiale, ekonomiese en politieke lewe.
- Kulturele feminisme word ook as die romantiese feminisme beskou. Hierdie groep beklemtoon die morele voorrang van vroue oor mans asook die waardes wat tradisioneel met vroue geassosieer word. Dit is waardes soos medelye, versorging en vredemaking. Dit beklemtoon die bydrae wat vroue maak.
- Radikale feminisme beklemtoon die alomteenwoordigheid van manlike dominansie as die oorsaak vir alle sosiale probleme. Dit poog om die belangrikheid van 'n vroulik-georiënteerde kultuur te bevorder. Verder word daar ook gepoog om patriargie te elimineer om vroue te bevry van manlike oorheersing in elke aspek van die lewe, insluitend die familielewe.
- Sosiale feminisme beklemtoon die manlike oorheersing in die ekonomiese klassestryd van kapitalistiese samelewings. Dit glo dat hierdie dominansie verantwoordelik is vir die verdeling van werk volgens geslag en die degradering van vroue se werk. Binne hierdie groepering word daar gestry vir die ekonomiese onafhanklikheid van vroue en om sosiale hervorming teweeg te bring sodat alle vroue en mans dieselfde werksgeleenthede sal kry en ewe aktief en betrokke by ouerskap sal wees.

Die tweede golf van feminisme het egter nie heeltemal daarin geslaag om die kompleksiteit en wye verskeidenheid van vroue-ervarings in ag te neem nie. Om die aandag daarop te vestig dat die stryd van swart vroue byvoorbeeld anders as dié van wit vroue, het 'n derde golf van feminisme of die sogenaamde "third-wave feminists" ontstaan. Die swart vroue in

Amerika het hulleself as "womanists" begin beskou (Clifford 2001:25 en Mouton 1997:135).

### 9.1.2 Feminisme binne die Christendom

In die eerste golf van feminisme was daar al vroue wat die afwesigheid van vroue se perspektief binne die Christelike teologie opgemerk het. Vroue soos Mary Baker Eddy en Elizabeth Stanton het die gebruik van Bybeltekste bevraagteken wat aangehaal is om beperkinge op vroue te regverdig. Vroue kon egter eers tydens die tweede golf van feminisme daarin slaag om die aandag te vestig op die beperkinge van 'n manlik georiënteerde teologie. 'n Christelike manlike teologie word gekenmerk deur 'n patriargale denkraamwerk wat manlike ervaring, denke en waardes bevorder (Clifford 2001:29). Gedurende hierdie beweging het feministiese teoloë nuwe lense verskaf om die "bysiendheid" van 'n manlik georiënteerde teologie te korrigeer.

Binne die Christendom is daar ook verskillende feministiese denkraamwerke. Mouton (1997:135–137) onderskei tussen drie groeperings, naamlik:

- Die konserwatief-Christelike groep neem gewoonlik 'n anti-feministiese posisie in. Hulle staan ook enige verandering of vernuwing teë. Hulle glo dat daar net een Bybelse standpunt geld, naamlik dat vroue aan mans onderdanig moet wees en dat niemand binne 'n Christelike verhouding op regte aanspraak kan maak nie. Binne hierdie raamwerk word die kultuurhistoriese aard van Bybelse geskrifte nie in ag geneem nie.
- Die revolusionêre feministe staan weer lynreg teenoor die konserwatief-Christelike groep. Eksponente van die revolusionêre feministe is vroue soos Mary Daly en Naomi Goldenberg. Hulle beskou die patriargale aard van die Bybel as onvertaalbaar vir 'n nuwe samelewing en daarom ook onbruikbaar. Hulle noem hulleself ook post-Christelik, wat beteken dat hulle die goeie waardes en norme van die Christendom sal aanvaar, maar die wese en fondament van die geloof verwerp. Hulle groot beswaar teen die Christendom is die sentraliteit wat daar aan die openbaring van 'n manlike God gegee word (Clifford 2001:33).
- Die reformisties-feministiese groep word verteenwoordig deur teoloë soos Elisabeth-Schlüssler Fiorenza, Letty Russel en Phyllis Bird. Hierdie groep posisioneer hulleself breedweg tussen bogenoemde twee groepe. Hulle glo in die bevryding wat die Christelike geloof vir álle mense inhou. Dit kan gebeur as 'n

"hermeneutiek van 'suspisie' in balans gebring word deur 'n hermeneutiek van 'vertroue' in die vernuwende of transformerende potensiaal van die Bybel in wisselende tye en omstandighede". Hulle glo ook dat vroue en mans se rolle gelykwaardig en aanvullend teenoor mekaar is. Hulle wil God nie vervang soos Hy deur Jesus Christus geopenbaar is nie en wil ook nie deel van 'n gemeenskap wees wat vroulike gode aanbid nie (Clifford 2001:33).

- Clifford (2001:33) wys ook op 'n vierde groep feministe binne die Christendom. Sy noem hulle die rekonstruktiewe-Christelike feministe. Hulle deel 'n verbintenis aan die Christendom, maar is van mening dat die pogings wat die reformistiese groep aanwend om die status van vroue te verbeter, nie genoegsaam is nie. Dit is vir hulle nie genoegsaam dat vroue byvoorbeeld ampte in 'n kerk kan beklee of in kerklike verwante bedieninge betrokke is nie. Hulle glo dat tradisionele simbole herinterpreteer moet word sonder om God, soos in Jesus Christus geopenbaar, te verwerp.

Hierdie studie word nie vanuit 'n feministiese perspektief gedoen nie, maar sal die invloed van die feminisme op die NG Kerk en veral op vrouepredikante uitwys.

## 9.2 VROUEGESKIEDENIS POOG OM VROUE HOOR- EN SIGBAAR TE MAAK

Vrouegeskiedenis as 'n georganiseerde studieveld is 'n nalatenskap van die sestigerjare in die vorige eeu, toe ontluikende bevrydingsbewegings verduidelikings begin soek het vir die onderdrukking van vroue. Die eerste pogings in die skryf van vrouegeskiedenis was 'n viering van die proses van selfontdekking en het gepoog om vroue wat altyd "weggesteek" [of onhoorbaar – EPB] was, sigbaar te maak (Roberts 2004:192–193). Vroue was nie langer bereid om stemloos te wees nie en het hulle eie stemme en ervaringe begin gebruik om 'n nuwe geskiedenis te skep (Gluck 1987:222). 'n Belangrike taak van vrouegeskiedenis is om die verskillende betekenisse en handelinge wat deur patriargale sisteme aangeneem is, uit te wys en te verduidelik (Kelly 1997:251). Wanneer historiese materiaal gelees word om inligting oor vroue te bekom, word daar as't ware teen die grein gelees omdat die meeste historiese materiaal oor gebeure en gedrag handel wat nie aandag skenk aan die alledaagse en herhalende sake waarin vroue betrokke was nie (Kelly 1997:253).

Vroue het sentraal, en nie marginaal nie, in die ontwikkeling en opbou van gemeenskappe gestaan. Verder was hulle ook saam met mans verantwoordelik vir die bewaring van die kollektiewe geheue van gemeenskappe. Die skriftelike oorlewering van geskiedenis was egter tot onlangs hoofsaaklik in die hande van mans. Dit het gebeur dat groot dele van wat oorgelewer is, gefokus het op wat mans gedoen, ervaar en as belangrik geag het. Daar is ’n soort universaliteit hieraan gekoppel asof dit die volle verhaal vertel. Wat vroue gedoen en ervaar het is nie opgeteken nie en is in die historiese interpretasieproses verwaarloos. So is vroue daarvan weerhou om ’n bydrae te lewer tot die proses van geskiedenis maak as die ordening en interpretasie van die verlede. Dit het die gevolg gehad dat vroue nie hulle eie geskiedenis kon leer ken, waardeer en interpreteer nie. (Lerner 1986:4–5). Vroue se selfwaarde is ook in die instandhouding van ’n patriargale sisteem aangetas.

Aanvanklik het historici van tradisionele historiese konsepte en metodes gebruik gemaak om die veld van vrouegeskiedenis te ontgin en uit te brei. Daar is pogings aangewend om die verlore heldinne op te spoor, maar daar was nie altyd voldoende dokumentasie oor hulle beskikbaar nie. Verder was daar geen inligting beskikbaar oor die vroue wat nie so sigbaar in die openbare oog was nie (Gluck 1987:222).

Om ’n egte vrouegeskiedenis te skryf, moet daar weer moeite gedoen word om na die stemme van die vroue agter die skerms te luister. Die ritme van vrouens se lewens moet dus ontdek en ontgin word. Mondelinge tradisies is lewendig gehou in die poësie, mites, verhale, kuns en rituele (Lerner 1986:3–6). Hierdie tradisie is ouer as die formele ontstaan en ontwikkeling van mondelinge geskiedenis en het grootliks in Afrika gefunksioneer. In hierdie tradisie is die lewens en ervaringe van die gewone vrou en man as belangrik genoeg geag om te onthou en aan ander te vertel (Gluck 1987:222–223). Dit het egter nie deurgespoel na die skriftelike historiese proses nie.

Die teenstelling tussen die aktiewe rol wat vroue in gemeenskappe gespeel het en die marginalisering van hulle rol in die interpretasieproses het vroue in beweging gebring en laat stry teen hierdie omstandighede. Hierdie toenemende bewuswording het die dialektiese krag geword wat vroue in beweging gebring het om hulle omstandighede te verander en in ’n nuwe verhouding tot ’n manlik-gedomineerde gemeenskap te tree (Lerner 1986:5). Vrouegeskiedenis is dus belangrik vir die emansipasie van vroue. Wanneer vroue én mans insig het in hulle eie verlede, is dit op sigself al ’n vormende krag in die historiese proses (Lerner 1986:3,5). Gluck (1987:223) kategoriseer vrouegeskiedenis binne die feministiese veld omdat dit nuwe materiaal oor vroue skep, vroue se ervaringe bevestig, ’n

kommunikasiekanaal is tussen vroue oor verskillende generasies heen en vroue help om hulle eie wortels te ontdek.

Hierdie studie kan ook as vrouegeskiedenis beskou word omdat dit oor vrouepredikante se reis in die NG Kerk handel en vroue self aan die woord stel. Die vroue neem ook aktief deel aan die interpretasieproses van hulle eie verlede. Die proses om vrouegeskiedenis te skep is ’n voortgaande proses en sal nog vir ’n lang tyd nodig wees.

## 9.3 GENDERSTUDIES BELIG GESLAGSROLLE

Genderstudies het uit ’n feministiese agenda ontwikkel, maar het ’n ander oogmerk. In genderstudies word daar erken dat die konsepte rondom manlikheid en vroulikheid in ’n groot mate sosiaal gekonstrueer is. Dit is dus meer ’n interdissiplinêre veld wat die gender fenomeen ondersoek. Dit beweeg ook weg van die fokus om vroue se ervaringe of stemme hoor- en sigbaar te maak (Arnold 2005: paragraaf 4). Volgens Bailey (2005: paragraaf 1) ondersoek genderstudies “*how institutions are gendered and how institutions gender individuals*”.

Gender het in ’n kort tydperk haar plek langs klas en ras ingeneem as ’n kategorie in historiese analise (Bailey 2005: paragraaf 1). Dit belig dus nie biologiese verskille nie, maar fokus meer op kulturele verskille wat sosiaal gekonstrueer word.

’n Eenvoudige voorbeeld om gender as sosiale konstruksie te illustreer, word volgens Clifford (2001:17) in die antwoorde op die vrae in die volgende bekende Engelse kinderrympie gevind:

*“What are little girls made of?”*
*(Antwoord) “Sugar and spice and everything nice”.*
*“What are little boys made of?”*
*(Antwoord) “Slugs and snails and puppy dog tails”.*

Genderstudies help om vroulike ervaring en identiteitsvorming verder te verstaan en is noodsaaklik om die gender- (of geslags-) verhoudings tussen vroue en mans te ondersoek. Genderstudies belig die gapings in die verstaan van vrouegeskiedenis verder (Bailey 2005: paragraaf 3). Vroeër het historici gepoog om die ervarings van ’n groot aantal mense te beskryf asof hulle ervarings homogeen en uniform is. Genderstudies is ook deur die posrmodernisme beïnvloed. Onder invloed van die postmodernisme is daar wegbeweeg van die konsep van ’n vaste identiteit na die erkenning van ’n meer vloeibare en komplekse

identiteit. Daar word dus nou erken dat vroue en mans se identiteit byvoorbeeld deur verskillende faktore beïnvloed word. Die rol van gender word tans in verskillende akademiese dissiplines, soos byvoorbeeld die literêre teorie, antropologie, sosiologie, teologie en psigologie, ondersoek.

In hierdie studie sal daar aangetoon word hoe die debat rondom en nadenke oor vroue (en mans) se rol in die NG Kerk in die laat negentigerjare en in die nuwe millennium deur genderstudies beïnvloed is.

## 10. KONGRUENSIE IN NAVORSING

Ernst (1995:10) kritiseer die verwagting wat daar "in die jongste tyd" aan kerkhistorici gestel word om "daadwerklike voeling met hul gehoor te hê" en selfs "organisatories met die '*people*' verbind te wees". Hy tipeer dit as 'n utilistiese geskiedenisbeskouing. Volgens hom moet kerkgeskiedskrywing diensbaar wees en die diensbaarheid daarvan lê nie in dit wat met die geskiedskrywing beoog word of die "mate van kontak met die gehoor" nie. Hierteenoor is Balcomb (2000:55–59) van mening dat die navorser nie net na die verhale van sy/haar gespreksgenote moet luister nie, maar ook daarmee moet identifiseer. Om mense en gebeure van "buite af" waar te neem, beteken dat jy as navorser hulle as objekte beskou in 'n soort oorsaak-en-gevolg-verhouding, waar die persoon of gebeurtenis se belangrikheid daarvan afhang van watter impak hulle op ander "objekte" het. Wanneer die historikus in die ander persoon se verhaal "inbeweeg", beteken dit dat sy/haar eie verhaal ook uitgedaag kan word. Dit kan soveel uitgedaag word dat die navorser sy/haar verhaal sal moet rekonstrueer. Identifikasie met 'n ander persoon se verhaal kan dus besondere uitdagings aan die navorser stel.

As navorser wat 'n keuse uitgeoefen het om narratief in die sosiaal-konstruksionisme te werk te gaan en wat binne 'n postmoderne paradigma van (kerk)geskiedskrywing werk, moes ek getrou bly aan die waardes wat vir hierdie navorsingsmetode en paradigma geld. As navorser moes ek daarna streef om kongruent te wees. Om as navorser eties en kongruent op te tree moet die navorser volgens Morgan & Drury (2003:75) drie fundamentele vrae kan beantwoord:

- Die navorser moet kan sê watter metodes gebruik is om integriteit en geldigheid te verseker.

- Die navorser moet sê wat hy/sy na die studie bring in terme van ervaring en kwalifikasies.
- Die navorser moet openlik en deursigtig wees oor enige voorveronderstellings.

’n Navorser wat op ’n sosiaal-konstruksionistiese wyse werk, het inderdaad “voeling met sy/haar gehoor”, of in meer postmoderne taal, staan wel in ’n verhouding met die konteks en sy/haar navorsingsgenote of die deelnemende navorsers. Elmesky (2005: paragraaf 5) stel dit dat etiese deskundigheid dit vereis om medelye of ’n gevoel van eensgesindheid met die navorsingsgemeenskap te hê.

Ten opsigte van my rol as navorser teenoor die deelnemende navorsers, die volgende:

Die deelnemende navorsers word nie deur die navorser as subjekte van studie beskou nie, maar as navorsingsgenote van die studie. Daarom moet die navorser haarself verbind tot die navorsingsgenote se unieke verhale, hulle idees en interpretasies.

Dit vra dat die navorser moeite sal doen om die navorsingsgenote se verhale in hulle eie taalwerklikheid en terme aan te hoor. Die navorser moet die nodige ruimte skep en toelaat dat hulle eie verhale ontvou. Dit vra laag gestruktureerde gesprekke (vgl. Bosman 2001:86). Ek het die gesprekke aanvanklik semi-gestruktureerd gehou om spesifieke informasie oor die navorsingsgenote se loopbaan en roeping te bekom. Rubin & Rubin (1995:5) maak ruimte vir beide ongestruktureerde en semi-gestruktureerde/gefokusde gesprekke in hierdie benadering.

Elmesky (2005, paragrawe 9−12) lig die belangrikheid van respek vir jou navorsingsgenote uit. Respek beteken verskillende dinge in verskillende kontekste. Respek gedy waar die navorser verstaan wat vir die medenavorser belangrik is en dit ag.

My rol as navorser is nie om die waarheid met betrekking tot die verlede, of meer spesifiek ten opsigte van hierdie studie, die waarheid oor vrouepredikante se rol in die NG Kerk te ontdek nie. Die navorser moet eerder ’n posisie van “*not-knowing*” inneem (vgl. Müller, Van Deventer & Human 2001:81) en toelaat dat die navorsingsgenote self betekenis gee aan roepingsverhale en hulle rol as vrouepredikante in die NG Kerk. In hierdie verband moes my eie verhaal, oogmerke en denke oor die konteks my nie doof maak vir die verhale van my navorsingsgenote nie of veroorsaak dat ek hulle nie goed hoor nie.

Die volgende is ook belangrik om subjektiewe integriteit te behou:

- ’n Gewilligheid om eie belange te verklaar

- ’n Openheid oor jou voorveronderstellings.
- Om as navorser oor jou eie motiewe en reaksies gedurende die proses te reflekteer.

Met hierdie benadering word daar ook nie met bepaalde hipoteses gewerk wat deur die ontdekking van die ware feite gerugsteun of bewys word nie.

In historiese kringe kan die vraag gevra word hoe die feit dat daar op iemand se geheue staatgemaak word, die geldigheid van so ’n bron as ’n historiese bron kan beïnvloed (Vansina 1985:xii). Sonder om die kompleksiteit oor die saak te ontken en debat oor hierdie vraag oop te maak, kan dit gestel word dat dit in narratiewe navorsing in ’n postmoderne konteks, nie net gaan oor die opeenvolging van ’n klomp gebeure nie, maar wel oor die betekenis wat mense aan gebeure heg. En ’n persoon word as die kundige oor sy/haar eie lewe beskou. In hierdie navorsing is die verhale nie as ’n sekondêre bron beskou word nie.

Beskrywings van ervarings word ontwikkel uit die data (Leedy & Ormrod 2001:153). Hierdie raamwerk bied ’n fondament vir die verkryging van data deur ’n verskeidenheid van bronne. Dit bied die geleentheid vir buigsame vertolkings of interpretasies. Dit weerspieël ook epistomologiese pluraliteit (Morgan & Drury 2003:74).

# 11. FAKTORE WAT DIE KEUSE VAN NAVORSINGSMETODE BEÏNVLOED HET

Daar is ’n paar faktore wat my op hierdie benadering laat besluit het, naamlik my eie verhaal, my lewens- en wêreldbeskouing, die moontlikhede en uitdagings wat ’n posmodernistiese paradigma aan kerkgeskiedenis stel die en die waardes wat in ’n sosiaal-konstruksionistiese navorsingsproses geld.

## 11.1 MY EIE VERHAAL

My eie verhaal het my gedwing om van ’n soort naïwiteit na ’n kritieser of meer vraagstellende ingesteldheid te beweeg. Die aard van hierdie kritiese of vraagstellende ingesteldheid is egter nie dié van ’n kantlynkritikus nie, maar wel deelnemend van aard.

Die interpreterasie van my verhaal, waarin ek geleer het om self betekenis aan die verhale in my lewe te gee en alternatiewe verhale of stories te begin skryf, het ook ’n invloed op die keuse van die navorsingsmetode gehad. Dit het my laat besef dat geskiedenis nie oor die

soeke na die feite of die waarheid in die verlede gaan nie, maar wel oor die vertel van (eie) verhale en die gee van betekenis daaraan. Ek het dus met 'n ander oog na geskiedenis begin kyk en 'n postmoderne benadering tot geskiedskrywing, soos deur Wright (2000:128) verwoord, het vir my begin sin maak: ***"History is no longer simply about finding "facts" and putting them together into a story: it is now also about studying the complexities of storytelling and the ways in which "the past" is referred to in order to make meanings in the present."***

## 11.2 MY LEWENS- EN WÊRELDBESKOUING

Dit is vir my belangrik dat navorsing met integriteit gedoen moet word en dat die navorser in die navorsingsproses getrou aan sy/haar eie lewens- en wêreldbeskouing moet bly. Die manier waarop die navorser sy/haar eie lewe, mense en die wêreld beskou, sal uiteraard die keuse van 'n wetenskaplike navorsingsproses beïnvloed.

In my lewens- en wêreldbeskouing speel die uitgangspunte van 'n Bybelse koninkryksperspektief in en vir die lewe 'n baie belangrike rol. Sonder om 'n volledige uiteensetting te gee, is twee aspekte hier van belang. Jesus kom vestig in Sy persoon, Sy werk en in Sy omgang met mense die koninkryk van God. Hy het veral by die randfigure, die onwaarskynlikes, stil gestaan en op verskeie maniere nuwe lewensmoontlikhede vir mense geskep. Verder het Hy telkens die metanarratiewe van die destydse samelewing uitgedaag. Alhoewel dit nie die bedoeling van die postmodernisme is om die beginsels van die koms van die koninkryk van God neer te lê nie, is daar waardes in die postmodernisme wat my weer laat kyk het hoe Jesus gestalte aan die koninkryk van God gegee het. Een van hierdie waardes is die plek wat die postmodernisme aan die stem van gemarginaliseerdes gee. 'n Ander waarde wat in hierdie verband uitstaan, is om die voorskriftelike metanarratiewe in die samelewing uit te daag. In die vestiging van die koninkryk van God gaan dit ook daaroor om die heerskappy van God op alle lewensterreine te vestig. In hierdie verband is die profetiese, bevrydende en sosiaal-politieke stem van die teologie belangrik.

## 11.3 DIE MOONTLIKHEDE EN UITDAGINGS WAT AAN KERKGESKIEDENIS GESTEL WORD

Jenkins (2003:70) onderstreep dit dat die feit dat ons in 'n postmoderne wêreld leef, die sienswyses beïnvloed wat ons oor geskiedenis het. Ek het reeds vroeër sekere waardes in die postmoderne paradigma uitgelig, wat 'n invloed op die keuse van 'n wetenskaplike

paradigma en navorsingsproses gehad het. (Die stemme van gemarginaliseerdes en die uitdaging van metanarratiewe).

Rossouw (1995:75–91) stel dit dat die postmodernisme vir ’n nuwe teologiese refleksie vra en daarom sekere uitdagings aan die teologie stel. Die uitdagings wat postmodernisme aan kerkgeskiedenis stel en wat ’n invloed op my keuse vir ’n postmoderne paradigma van kerkgeskiedbeskrywing uitgeoefen het, is opsommenderwys die volgende:

### 11.3.1 ’n Geleentheid tot ’n nuwe verstaan van die taak van kerkgeskiedenis.

In ’n postmoderne kerkgeskiedenisbeskouing word die verlede geken deur die verhale wat spesifieke mense onder spesifieke omstandighede vertel. Die verlede word nie blootgelê deur die historikus nie, maar gekonstrueer deur taal. Geskiedenis word nie ontdek nie, maar gemaak.

Hierdie geskiedenisbeskouing daag die beskouing van wat die waarheid is en objektiewe feite natuurlik uit. Ander waardes wat hier van belang is, is dat postmodernisme die realiteit wat deur taal gekonstrueer word, belangrik ag (Freedman en Combs 1996:22,27). In ’n postmodernistiese geskiedenisbeskouing trek die rol van taal en die vertel van verhale ook al meer aandag (Wright 2000:128). Historici begin nou kyk na die detail van die taalwerklikheid waarin stories vertel word. Die tekstualiteit van verhale word ook nou ernstig opgeneem.

Dit neem die invloed in ag wat ’n besondere geskiedenisbeskouing, hier spesifiek kerkgeskiedenisbeskouing, op die samelewing gehad het. Westerse geskiedenis en kerkgeskiedenis in die besonder was vir baie lank die verhale van “groot mans” (Elam 1997:66). Hierdie verhale oor mans en deur mans het die samelewing byvoorbeeld beïnvloed deur die indruk te laat dat slegs hierdie mans ’n besondere rol in die samelewing gehad het. Die verhale van die vroue en die invloed wat hulle gehad het, veral in die kerkgeskiedenis, is besonder skraal. ’n Postmoderne kerkgeskiedenisbeskouing maak die deur oop om nuwe stemme en verhale op nuwe maniere te hoor. Elam (1997:66–67) vra tereg die vraag wat die invloed daarvan sal wees as vroue se geskiedenis geskryf word. Ek wil die vraag verbreed deur te vra wat die invloed van vroulike historici kan wees.

### 11.3.2 Gemarginaliseerde stemme word gehoor

Soos reeds genoem, maar hier ook van belang, kry gemarginaliseerde stemme nou die kans om gehoor te word. "His-story" word nou "her-story". Die feminisme beskou vroue dikwels as 'n eenheidskategorie. "Her-story" maak egter nie daarop aanspraak dat dit die enigste verhaal is nie en sy praat ook nie namens alle vroue nie (vgl. Elam 1997:66–69 in 'n artikel waarin sy die vraag probeer antwoord wat dit beteken om 'n vrouegeskiedenis te skryf).

'n Voorstander van 'n meer postmoderne benadering tot geskiedskrywing, Ian Chambers (1997:72), waarsku egter dat die verteenwoordiging of insluiting van gemarginaliseerde stemme oor baie meer gaan as om net ruimte vir hierdie stemme te skep, of akademiese dissiplines te verbreed of 'n pluralistiese blik op sake te skep. Dit gaan in wese oor die herskep van die kerk, die herskep en verandering van 'n kultuur, samelewing en taal wat gemarginaliseerdes voorheen uitgesluit het.

### 11.3.3 Uitdagings aan die kommunikasiestyl van kerkgeskiedenis

Postmodernisme stel ook nuwe uitdagings aan die kommunikasiestyl van kerkgeskiedenis. Kerkgeskiedenis gee nie meer net feite en gebeure weer nie, maar stel mense self aan die woord. Lewenservaringe en verwagtinge word gedeel en appelleer óf na die leser óf na die hoorder. Hierdeur word nuwe deure vir mondelinge geskiedenis oopgemaak.

Postmodernisme maak die deur oop vir kerkgeskiedenis om 'n groter bydrae te lewer tot identiteitsvorming in die Christelike gemeenskap. Die aanhoor van verhale waarin gemarginaliseerde stemme gehoor word en waarin die lewenservaringe, roepingsverhale, en die invloed wat formele kerklike prosesse op spesifiek vrouepredikante gehad het, gee die hoorder kans om te besin oor die vraag "wie is ons?" en "wat behoort ons as Christene / kerk te doen?"

## 12. DIE HANTERING VAN LITERATUUR EN BRONNE OM VERHALE OOP TE BREEK

Die geleentheid om 'n besondere en unieke reis te onderneem, is dikwels die geleentheid van 'n leeftyd waarvoor 'n mens dan deeglik beplan deur navorsing te doen oor die spesifieke plek(ke), die geskiedenis daaroor, die unieke kenmerke van daardie plek, die

besienswaardighede, verblyf, vervoer, weer, ensovoorts. Hiervoor is atlasse, kaarte, die internet, reisjoernale, geskiedenisboeke, brosjures, koerantberigte en resensies baie handig.

Maar om ’n plek regtig te leer ken moet jy bereid wees om nie net ’n toeris te wees wat vinnig na die bekendste bakens kyk, ’n paar foto’s neem en aanbeweeg nie. Jy moet bereid wees om met die mense te gesels, deur die strate te drentel en te luister, dan ontdek jy dikwels die onverwagse, die stories wat jy altyd sal onthou. Jy moet ook bereid wees om deur die kleiner plekkies wat nog nie deur toeriste vertrap is nie, te snuffel. Die skat van ’n plek lê soms daar opgesluit!

Die skryf van hierdie proefskrif was vir my soos daardie unieke reis: ’n eenmalige geleentheid waar ek deur ’n bepaalde stuk geskiedenis van die NG Kerk kon reis, maar ook kon stilstaan by die mense om na hulle stories te luister en uit te vind watter impak die beleidsbesluite van die NG Kerk op hulle lewens gehad het. Net soos ’n gesoute reisiger het ek van die volgende literatuur en bronne in hierdie navorsing gebruik gemaak om die beleid na te spoor, maar ook die mense langs die pad te leer ken en na hulle verhale te luister:

- Agendas, verslae en notules (ook genoem: Handelinge) van kerklike vergaderings soos sinodale kommissies en sinodes. Die amptelike beleid van NG Kerk word op sinodes bepaal.
- Die internet bied toegang tot ’n magdom resente inligting. Met hierdie data is daar versigtig te werk gegaan aangesien dit nie altyd aan ’n akademiese keuringsproses onderwerp is soos met akademiese artikels en boeke nie. Sommige webwerwe bied slegs ’n kursoriese oorsig oor stof. Daar is egter heelwat akademiese tydskrifte wat wel op die internet beskikbaar is. Die datum waarop die webwerf besoek is, is saam met die webadres aangedui. Aangesien bladsynommers nie op die internet aangedui kan word nie, is die aantal paragrawe in die bronnelys en die spesifieke paragraafnommer in die teks self aangedui. Wanneer pdf-lêers van gepubliseerde artikels beskikbaar was, het dit gewoonlik die bladsynommers van die oorspronklike publikasie daarop. Die bladsynommers is in daardie geval dan wel aangedui.
- Ek het aan elke vrou wat sedert 1990 gelegitimeer is ’n vraelys gestuur. In die vraelys wat aan elkeen gestuur is, is basiese inligting verhaal soos wanneer hulle afstudeer het, hoe lank dit geneem het voordat hulle ’n beroep of ander aanstelling gekry het, wat hulle tans doen, of hulle verder studeer het, wat hulle spesialiteitsvelde is, wat is die aard van hulle pos, watter frustrasies hulle ervaar en

of hulle bereid sal wees om hulle verhale met my in ’n navorsingsproses te deel. Aangesien ek op die moderatuur van die NG Kerk dien wat in opdrag van die Algemene Sinodes van 2002 en 2004 ook na die spesifieke omstandighede van vrouepredikante en proponente moet kyk, vra ek hulle ook of daar enigiets is waarmee die moderatuur hulle behulpsaam kan wees. ’n Voorbeeld van hierdie vraelys is agterin hierdie proefskrif vervat.

- Die individuele verhale van ’n groepie van hierdie vroueproponente en –predikante is ’n belangrike bron. Die verhale van die vroue staan langs die geskrewe bronne soos agendas, verslae en notules en hierdie verhale word nie as sekondêre bronne beskou nie. Hulle vertel daardie onverwagse stories langs die reispad. In die narratiewe benadering, waaroor ek later meer sal uitbrei, is dit belangrik dat die gemarginaliseerde stemme hoorbaar gemaak sal word. Hulle word aan die woord gestel deur verbatim aanhalings. Hierdie aanhalings word in ’n ander lettertipe gegee en die paragrawe is ook aan weerskante ingekeep en sal van mekaar onderskei word deur die gebruik van eenvormige afkortings. ’n Beskrywing van elke reisgenoot en die afkortings volg later. Die weergawes van enkele persone wat by die formele kerklike proses betrokke was (wat myself insluit), word op dieselfde manier weergegee met hulle voorletters daarna.
- Koerantberigte, briewe en populêre tydskrifartikels oor die hele debat rondom vroue maak ook deel van die studie uit om die aard van die sosiale stem weer te gee.
- Die breër wetenskaplike gemeenskap het ook ’n invloed uitgeoefen in die keuse van literatuur om hierdie reis te onderneem en uiteindelik oop te breek. ’n Gesprek met die breër wetenskaplike gemeenskap oor hierdie navorsing en temas wat uit die navorsing na vore mag kom, is belangrik omdat teologie, en veral ’n postfundamentele teologie nie in isolasie beoefen kan word nie. Kerkgeskiedenis en Praktiese Teologie is nie die enigste wetenskaplike dissiplines wat oor vroue se posisie in die gemeenskap nadink nie. Daarom het ek ander literatuur wat deel vorm van die breër akademiese gesprek oor die tersaaklike temas ook geraadpleeg.

# 13. NAVORSINGSPLAN

Hierdie reisverhale sal in kronologiese volgorde teen die breë agtergrond van die verloop van die besluitnemingsprosesse van die Algemene Sinode van die NG Kerk weergegee word. Sommige temas wat uit die verhale en studie na vore gekom het en wat dieper ondersoek is, is deurlopend hanteer.

Die indeling van hierdie navorsing is soos volg:

Hoofstuk 1: Wetenskaplike posisionering en navorsingsproses

Hoofstuk 2: Die tydperk 1944–1974. 'n Tyd van nadenke oor die posisie van vroue in die ampte.

Hoofstuk 3: 1975–1990: 'n Verskil in Skrifinterpretasie kenmerk die twee kante van die debat.

Hoofstuk 4: 1991–2006: Die praktyk vat stadig pos.

Hoofstuk 5: Kritiese terugskouing op die navorsingsproses en kerkhistoriese bydrae wat gelewer is.

Die navorsingsaksie is in Afrikaans geskryf aangesien dit die moedertaal en geloofstaal van die navorser en navorsingsgenote is. Dit is ook die taal waarin die NG Kerk kommunikeer. Omdat die navorsingsgenote almal teologies geskool is, sal die akademiese en teologiese taal waarin die navorsingsaksie en enige verslae beskryf gaan word, ook vir hulle toeganklik wees.

# 14. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die wetenskaplike posisionering en navorsingsproses wat in hierdie studie gevolg gaan word, uiteengesit. Die navorsingswaardes wat in die sosiaal-konstruksionisme geld, naamlik dat sodanige navorsing 'n deelnemende en verhalende proses is, dat die invloed van diskoerse bestudeer word en dat die belangrikheid van taal in ag geneem word, sal in die navorsing verreken word. Vanuit 'n post-fundamentele teologiese posisionering is van 'n paar van die bewegings in 'n postfundamentele prakties-teologiese metodologie gebruik gemaak om na die belewing van agt vroueproponente en -predikante deur die loop van die proses van toelating, én daarna, te luister en saam met hulle te interpreteer. Daar is van die volgende bewegings gebruik gemaak: Die beskrywing

van die verskillende kontekste waarteen die roepingsverhale en loopbane van vrouepredikante afgespeel het; die aanhoor en beskrywing van die kontekstuele ervarings van die betrokke vroue; die interpretasie van en betekenisgewing aan die verhale in samewerking met die vroue wat as medenavorsers geag word en die beskrywing van en refleksie oor die ervaring van God se teenwoordigheid in hulle roepingsverhale en bedieninge as proponente en predikante. Hierdie postfundamentele prakties-teologiese metodologie is inherent narratief van aard en sluit ook nou aan by die denklyne wat in die sosiaal-konstruksionisme geld.

Die faktore wat in ag geneem is om navorsingsgenote vir hierdie studie te kies is uiteengesit saam met die etiese riglyne waarbinne die navorsing sal geskied.

Deur hierdie metodologie is daar probeer om ’n bydrae te lewer tot die ontwikkeling en uitbou van mondelinge geskiedenis. Die ontstaan, ontwikkeling, doel en waarde van mondelinge geskiedenis as georganiseerde aktiwiteit, sowel as die beperkinge en uitdagings rondom mondelinge geskiedenis is bespreek.

Die beskrywing van vroue se verhale is terselfdertyd ook vrouegeskiedenis wat poog om vroue meer hoor- en sigbaar in algemene geskiedenis, maar spesifiek ook kerkgeskiedenis te maak. Die metodologie pas ook binne ’n meer postmoderne benadering tot geskiedenis in.

**Hoofstuk 2**

# 1944–1974:
# ’N TYD VAN NADENKE OOR DIE POSISIE VAN VROUE IN DIE AMPTE

## 1. DIE GROTER LANDKAART: 1899–1961

Die begindatum in die opskrif van hierdie hoofstuk, naamlik 1944, dui op die datum waarop die NG Kerk amptelik begin besin het oor die posisie van vroue as ampsdraers. Al die datums in die opskrifte van die volgende twee hoofstukke volg die spoor van die amptelike kerklike besinning op Algemene Sinodale vlak. Die historiese agtergrond wat beskryf word, strek oor ’n wyer tydperk om die bestaan van bepaalde diskoerse beter te verstaan.

Die eerste sestig jaar van die twintigste eeu kan as ’n tydperk van die vestiging en opbou van Afrikanernasionalisme beskou word. Met die draai van die eeu was die Afrikaners in die destydse Boererepublieke (Vrystaat, Natal en Transvaal) in ’n stryd met Brittanje gewikkel. Die vernietigende gevolge van die Anglo-Boereoorlog (1899–1902), waarin sowat 26 000 wit vroue en kinders, 20 000 swart mense, 22 000 Britse soldate en 8 000 Boere-soldate gesterf het, is wyd bekend (Uys 2007:291–292).

### 1.1 1899–1910: ’N TYD VAN “REKONSTRUKSIE EN UNIFIKASIE”

Spies (1986a:219) beskryf die tyd ná die Anglo-Boereoorlog tot en met Uniewording as ’n tyd van “rekonstruksie en unifikasie”. Na afloop van die oorlog moes die destydse Boererepublieke staatkundig en ekonomies opgebou word. Die republieke was aanvanklik onder koloniale bestuur totdat die destydse Transvaalkolonie en Oranjerivierkolonie selfbestuur gekry het. Ekonomiese redes en die internasionale politieke situasie het die proses tot politieke samesmelting van al die Suid-Afrikaanse state of republieke bespoedig (Spies 1986a:225–227).

**Tabel 3: Tydlyn 1899–1910**

| Jaargang → Kategorie ↓ | 1899–1902 | 1902 | 1903 | 1904 | 1905 | 1906 | 1907 | 1909–1910 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Polities** | Tweede Anglo-Boereoorlog | | | | | Transvaal kry selfregering | Oranjerivierkolonie kry selfregering | 1910: Unie van Suid-Afrika kom tot stand |
| **Ekonomies** | | Goudmynbedrywighede aan Witwatersrand hervat | | | | | | |
| **Opvoedkundig en kultureel** | | | | | Tweede Afrikaanse Taalbeweging begin | | | 1909: SA Akademie vir Wetenskap en Kuns word gestig |
| **Vroue** | Emily Hobhouse speel groot humanitêre rol tydens oorlog | | Emily Hobhouse keer na SA terug | ACVV word gestig | SAVF word gestig | | | |
| **Kerklik** | Vrouevredespetisie | Dankdag vir vrede | | Eerste sinodes na die 2de Anglo-Boereoorlog | | | Raad van NG Kerke word gestig | |
| **Ander** | | | | | Cullinandiamant word ontdek | | | |

(Uys 2007:291–294; Giliomee 2004:307–315; Brown & Hofmeyr 2002:22–23)

### 1.1.1 Afrikanervroue begin verskillende rolle vertolk

Die Anglo-Boereoorlog is ’n belangrike gebeurtenis in die vrouegeskiedenis van Suid-Afrika ná die Groot Trek van 1835–1838 (vgl. Landman 1994:77). Afrikaanse vroue het tydens en na afloop van die Anglo-Boereoorlog verskillende rolle vertolk. Hulle rol in die oorlog word deur historici op verskillende maniere uitgebeeld. Hierdie uitbeelding hang grootliks van die historikus se oogmerk af. Alhoewel hierdie oorlog buite die skopus van hierdie studie val, is dit om verskeie redes belangrik om van die diversiteit van hierdie interpretasies en rolle kennis te neem.

Dit skep eerstens ’n bewussyn dat daar meer as een beskouing van ’n bepaalde gebeurtenis kan wees en dat geen historikus op enige beskouing aanspraak kan maak as die enigste weergawe van die gebeure nie. Tweedens is daar ’n beweging om die stemme van die vroue se belewenis oor die oorlog ernstig op te neem sodat die geskiedskrywer se interpretasie nie meer die enigste stem is nie. Derdens het Afrikaners hulle na afloop van die oorlog sterker in die binneland gevestig en daarmee saam is ’n openbare en kerklike lewe gevestig waaruit die eerste stemme vir vrouepredikante later sou opkom. Laastens baan die diversiteit van rolle wat vroue begin vertolk het, die weg vir ’n meer openbare rol in die samelewing.

#### 1.1.1.1 Verskillende beskouinge, verskillende rolle

Daar is historici wat hierdie vroue op ’n heroïese en byna romantiese wyse as passiewe pasifiste uitbeeld. Só word hulle beskryf as hulpelose slagoffers van die ongenaakbare Britse sisteem van oorlogvoering wat hulle lot met ’n glimlag aanvaar het. ’n Bekende voorbeeld is die verhaal wat Jan Smuts vertel het van die Boervrou wat *Prys die Heer* gesing het terwyl haar huis afgebrand is. Smuts het dit beskou as ‘*zoo verheven schoon*’ (Landman 1994:78).

Ander historici meen weer dat die onblusbare verset van die Boerevroue ’n beslissende faktor in die Anglo-Boereoorlog was. Volgens Giliomee[3] (2004:211–212) het vroue daarop aangedring het dat hulle mans en seuns vir vryheid en onafhanklikheid moes voortveg. Voorts het hulle skynbaar die mans wat gehensop (oorgegee) het, met minagting behandel. Giliomee beskryf hulle as vroue met ’n onblusbare patriotisme. Die nederlaag van die oorlog het hierdie vroue “aan hulle taal en kultuur laat vasklou”. Vanuit haar huis het sy dus ’n ondersteunende politieke rol gespeel (Maritz 2004:8).

Die Anglo-Boereoorlog het vroue ook in beweging gebring om in die openbaar hulle stemme te laat hoor. In die Kaap is ’n predikantsvrou, Margaretha Susanna (Maggie) de Beer (néé Bosman), gekies as een van die woordvoerders tydens ’n groot protesvergadering teen die oorlog en die manier hoe vroue en kinders tydens die oorlog behandel is. Sy word beskryf as iemand wat “*zich uitstekend van die taak (kweet)*” en “*een vrouw die voor niets terugdeinst waar het de belangen van haar Taal, Natie of Kerk geldt*”. Op Cradock het Lenie Bosman weer ’n krygsgevangenefonds gestig. Vanaf 1900 tot 1901 het vroue

[3] Dit is half skokkend dat Giliomee in ’n sydelingse opmerking die verkragtings wat baie vroue moes deurmaak, afmaak as “daar was gevalle van Boerevroue wat verkrag is, maar die voorkoms was waarskynlik heelwat laer as in sommige oorloë van die eeu wat gevolg het” (Giliomee 2004:209). Sy opmerking hieroor is byna klinies terwyl die voorkoms daarvan – baie of min – ten sterkste afgewys moet word.

altesaam 16 massa-protesvergaderings georganiseer. Hierdie vergaderings is deur tussen 500 en 1500 vroue bygewoon (Van Bart 2007: paragraaf 15,17–18). Hulle was ingelig oor die politieke kwessies van die dag en het met hulle protes Afrikanernasionalisme verdedig (Maritz 2004:7).

Vroue het nie net geprotesteer nie, maar hulleself ook georganiseer om daadwerklik iets aan die gevolge van die oorlog te doen. Elizabeth Roos het die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging (ACVV) in 1904 in Kaapstad gestig as ’n uitvloeisel van die protesvergaderings wat teen die oorlog gehou is (Van der Merwe 2004:28). Sy wou welsynsdienste hierdeur koördineer en dit het later ook uitgeloop op die stigting van verskeie huishoudskole in Kaapland waar arm meisies opgelei is om goeie huisvrouens te word, die oprigting van tehuise vir bejaardes, gesinsorgdienste en ander versorgingsoorde (Uys 2007:292–293; Van der Merwe 2004:28–29).

Emily Hobhouse wat tydens die Anglo-Boereoorlog belangrike noodleningingswerk onder die vroue- en kinderslagoffers gedoen het, is iemand wat onbeskaamd uitgereik het na mense in nood en ook nie geskroom het om die swak toestande onder die aandag van die publiek en owerhede te bring nie. Sy het prominensie aan die lyding van die vroue tydens die oorlog verleen (Brink 1990: paragraaf 12). Alhoewel sy nie Afrikaans was nie, het haar werk menige mans en vroue jare daarna nog geïnspireer.

Landman (1994:77–93) wys in ’n interessante studie daarop dat die vroue wat die Anglo-Boereoorlog beleef het, se eie weergawes van hulle belewenis van die oorlog ’n ander verhaal vertel. In die dagboeke van vroue soos Alie Badenhorst, Henrietta Armstrong, en Johanna Brandt ontvou die tragiese verhale van vroue wat moes vlug, stry om fisies, psigies en geestelik te oorleef, soms aan gevegsituasies moes deelneem en deur Britse soldate gestraf is as hulle weerstand gebied het. Daar is niks romanties aan die werklikheid van ’n oorlog soos hierdie nie. In van hierdie ego-tekste, soos Landman (1994:80) dit noem, beleef die vroue God ook op ’n baie persoonlike manier en nie as die nasionalistiese God nie.

Bogenoemde voorbeelde toon dus aan hoe vroue aan die begin van die twintigste eeu verskillende rolle in die samelewing begin vertolk en openbare politieke ruimtes begin opeis het. Hulle het openlik teen onreg geprotesteer, maar ook onder leiding van vroulike leiersfigure daadwerklik iets aan die omstandighede rondom hulle gedoen. Van hierdie openbare rolle word nie algemeen deur historici as betekenisvol uitgelig nie. In die boek, *NG Kerk 350* se hoofstuk oor die Anglo-Boereoorlog en die kerk (Nieuwoudt 2002:156–157) word daar byvoorbeeld geen melding gemaak van die protesterende vroue

of die welswynswerk wat hulle gedoen het nie, terwyl die rol van predikante op kommando uitgelig word. Dié stemloosheid van vroue sou later ’n duidelike patroon in die NG Kerk word.

## 1.2 1911–1924: EENHEID EN ONENIGHEID

Ná Uniewording moes nuwe werklikhede in die oë gekyk word. Die nuutgevonde Unie moes reeds vroeg sensitiewe rasse- en klasseprobleme hanteer. Gedurende die tydperk van 1911–1924 was onenigheid aan die orde van die dag. Dit is in hierdie klimaat wat die *South African National Congress* (wat in 1923 die ANC word) gestig is om na die belange van swart mense om te sien. Kort na afloop van die aanvaarding van die Wet op Naturellegrond, waarin die grondbesit van swart mense tot 7,3% van die totale landoppervlakte beperk is, het ’n afvaardiging van swart leiers sonder enige sukses by die Britse regering beswaar hierteen gaan maak (Uys 2007:294–294).

Die Unieregering moes vroeg reeds twee groot stakings hanteer. In 1913 het 19 000 wit ondergrondse werkers teen gewysigde werktye gestaak. Hierdie staking het op geweld uitgeloop en 21 mense het tydens die staking gesterf. In 1914 het die Federasie van Vakbonde begin staak na die afdanking van spoorwegwerkers. Hierdie staking het tot die instelling van krygswet gelei (Spies 1986b:234–235). Burgers van die voormalige Boererepublieke het ook in opstand gekom met die hoop om die voormalige republieke te herstel. Onder leiding van premier Louis Botha is die rebellie onderdruk waarin van die leiers gedood en gevange geneem is.

Gedurende hierdie tyd was die Unie van Suid-Afrika as deel van die Britse Ryk ook betrokke by verskeie gevegte tydens die Eerste Wêreldoorlog (Uys 2007:295). Suid-Afrika het met 40 000 man die ou Duitswes binnegeval en uiteindelik in 1915 verower. Daarna het die fokus na veldtogte in Oos-Afrika verskuif (Spies 1986:238–239).

Die Arbeidersparty het na afloop van die stakings in 1922 kragte met Hertzog se Nasionale Party saamgesnoer om Smuts se Suid-Afrikaanse Party in die verkiesing van 1924 te ontsetel. J.B.M. Hertzog was aan die bewind van hierdie nuwe Pakt-regering (Uys 2007:295).

**Tabel 4: Tydlyn 1911–1924**

| Jaargang → Kategorie ↓ | 1911–1912 | 1913 | 1914 | 1915 | 1916 | 1918 | 1921–1922 | 1923–1924 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Polities** | 1912: South African National Congress (ANC) word gestig | Wet op Naturellegrond word aanvaar | SA raak betrokke by Eerste Wêreldoorlog *** Nasionale Party gestig | | | Oud-president Nelson Mandela gebore | | Smuts-regering word ontsetel |
| **Ekonomies** | | Staking van 1913 | Staking/ Rebellie van 1914 | | | SANLAM en SANTAM word deur Afrikanersakelui gestig | 1921: SA Reserwebank kom tot stand *** 1922: Mynwerkerstaking | |
| **Opvoedkundig en kultureel** | | | Afrikaans word as voertaal in skole erken | Hertzogprys vir letterkunde ingestel en aan Totius toegeken | | Die Afrikanerbroederbond in Pretoria gestig | | |
| **Vroue** | | Vrouemonument in Bloemfontein word onthul | | | | 1ste Vrouetydskrif, *Die Boervrou*, verskyn | | |
| **Kerklik** | Hereniging van sinodes van die NG Kerk misluk | | | Buitengewone vergadering van Raad van Kerke | | | | |
| **Ander** | | Uniegebou in Pretoria word voltooi | | Kaapse dagblad, *Die Burger* verskyn die 1ste keer | Die tydskrif, *Die Huisgenoot* verskyn die 1ste keer | KWV word in Paarl gestig *** Groot Griep | | 1923: 1ste radio-uitsending in SA |

(Uys 2007:294–298; Giliomee 2004:307–315; Brown & Hofmeyr 2002:23; Spies 1986b:240)

## 1.3 1925–1948: DIE OPKOMS VAN AFRIKANERNASIONALISME

J.B.M. Hertzog se Pakt-regering wat in 1924 tot stand gekom het, het gepoog om Suid-Afrika konstitusioneel onafhanklik van Groot-Brittanje te maak en ’n beter binnelandse infrastruktuur te skep wat tot voordeel van die binnelandse ekonomie kon strek. Na die samesmelting van die Nasionale Party van Hertzog en die Suid-Afrikaanse Party van Smuts in 1934, is die Wet op Naturelleverteenwoordiging in 1936 deurgevoer (Murray & Stadler 1986:248). Hierdie sogenaamde Herzogwette het die regte van swart mense in Suid-Afrika verder beperk en tot die gevolg gehad dat swart kiesers van Kaapland se kieserslyste verwyder is. Die gevolge van hierdie wetgewing het die ANC in beweging gebring om ’n massabeweging te mobiliseer (Murray & Stadler 1986:253).

Hierdie tydperk word verder gekenmerk deur ’n sterk herlewing in Afrikanernasionalisme. Die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument in 1938 en die simboliese ossewatrek deur die hele Suid-Afrika, het groot entoesiasme vir die saak van Afrikanernasionalisme gewek.

D.F. Malan se gesuiwerde Nasionale Party wat van Hertzog en Smuts se Verenigde Party afgestig het, sou binne vyftien jaar tot die politieke krag binne Afrikanergeledere groei. Hierdie party het ’n aggressiewe nasionalistiese ideologie ontwikkel met ’n republikeinse oogmerk. Hulle het klem op die eiesoortigheid van die Afrikanerkultuur geplaas. Hierdie ideaal moes vanuit ’n politieke, kulturele, religieuse en ekonomiese hoek bevorder word. Die Afrikaner-Broederbond se oorspronklike kulturele oogmerk het nou ’n meer politieke karakter gekry en in die geheim as voorvegter vir Afrikanernasionalisme begin optree. Hulle het hulle in die dertigerjare daarop toegelê om die ekonomiese mag van die Afrikaner te bevorder ten einde die klasseskeiding onder Afrikaners te verminder. D.F. Malan se Nasionale Party het die verkiesing in 1948 naelskraap gewen en hy het die nuwe Eerste Minister geword.

Suid-Afrikaanse magte was op verskillende fronte by die Tweede Wêreldoorlog betrokke en teen die einde van die oorlog is 6500 Suid-Afrikaners gedood.

Die eerste drie dekades van die twintigste eeu is verder gekenmerk deur ’n drastiese verstedelikingsproses. Die eerste stroom Afrikaners na die stede het vanweë baie faktore swaar gekry. Hulle was byvoorbeeld Engels nie goed magtig nie terwyl die meeste werkgewers Engels gepraat het. Engelssprekendes het ook die vakbonde vir geskoolde werkers oorheers sodat Afrikaners moeilik werk gekry het. Baie het ook ’n agterstand in

onderwys gehad – vroeg in die 1930's het slegs die helfte uit 462 arm wit gesinne laerskoolonderwys gehad terwyl 'n tiende heeltemal ongeletterd was. Teen 1936 het 50% van alle Afrikaners in stede en dorpe gewoon. (Giliomee 2004:274–276)

**Tabel 5: Tydlyn 1925–1948**

| Jaargang → Kategorie ↓ | 1925 | 1928 | 1929 | 1930–1935 | 1936–1940 | 1941–1943 | 1944–1946 | 1948 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Polities** | | Pakt-regering vergroot meerderheid in Algemene Verkiesing | | Verenigde Party (NP en SAP) vorm *** Gesuiwerde NP skei af | 1936: Wet op Naurelle-verteenwoordiging | SA magte by Tweede Wêreld-oorlog betrokke | 1944: ANC Jeugliga gestig *** SA stigterslid van die VVO | NP o.l.v. D.F. Malan wen algemene verkiesing |
| **Ekonomies** | | Carnegie-kommissie ondersoek armblankevraagstuk | Wêreld-wye Groot Depressie tref SA | | | Swart verstedeliking neem toe | 70 000 mynwerkers staak aan Witwatersrand | |
| **Opvoed-kundig en kultureel** | Afrikaans vervang Nederlands as 2de amptelike taal | Nuwe Unievlag gehys *** Stem van Suid-Afrika 1ste keer gesing *** FAK gestig | Universiteit van Pretoria kom tot stand | ATKV gestig | 1938: Hoeksteenlegging Voortrekkermonument *** Ossewa-brandwag gestig | | | Hugenote-monument op Franschhoek ingewy |
| **Vroue** | | | Mabel Malherbe word Volksraadslid | 1930: Wit vroue kry 1ste keer stemreg | | 1943: ATKV-DAMES gestig | | |
| **Kerklik** | | Du Plessis-stryd begin | | Du Plessis-saak in burgerlike hof besleg *** 1933: 1ste Afrikaanse Bybel-vertaling voltooi | Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) gestig *** 1937: Fakulteit Teologie aan UP gestig | NG Kerk onttrek aan SARK | Psalm- en Gesange-boek gepubliseer | |

| Jaargang → Kategorie ↓ | 1925 | 1928 | 1929 | 1930–1935 | 1936–1940 | 1941–1943 | 1944–1946 | 1948 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Ander** | | | | | SAUK gestig | 80 000 Italiaanse krygsge-vangenis na SA | | |

(Uys 2007:298–302; Giliomee 2004:307–315; Brown & Hofmeyr 2002:23–24)

## 1.4 DIE AFRIKANERVROU SE ROL AS "VOLKSMOEDER" ONTWIKKEL

In die eerste paar dekades na afloop van die Anglo-Boereoorlog het daar 'n interessante samevoeging van rolle onder die Afrikanervrou plaasgevind wat haar vir die grootste deel van die twintigste eeu sou tipeer. Hierdie rol kan beskryf word as dié van 'n "volksmoeder" (Maritz 2004:8; Klein 2004:47–48; Kruger 1991:193–197). In hierdie diskoers word die Afrikanervrou beskou as die sagte, versorgende een, wat die hoeksteen van die huisgesin is, maar terselfdertyd ook die sentrale en inherente krag van die Afrikanervolk is (Brink 1990: paragraaf 2). Hierdie konsep het Afrikanervroue aan die een kant tot die huishoudelike sfeer verban as die moeder van die private huishouding, maar sy was terselfdertyd ook moeder van die "openbare huishouding" – die Afrikanervolk (Van der Watt 1996: paragraaf 1). Volgens Kruger (1991:193, 198) word die diskoers van volksmoeder deur gender en etnisiteit gekenmerk. Die opvatting dat 'n Afrikanervrou ook 'n moeder is, was sentraal in die genderdiskoers. Daarmee saam was die Boervrou ook die moeder van die volk. Haar rol om vir haar taal en volk op te staan, was net so belangrik as haar rol in die huisgesin.

In die eerste Afrikaanse vrouetydskrif is die woord "moeder" as sinoniem vir die woord "vrou" gebruik. Ander terme wat die verbintenis uitbeeld is "boerevrou" en die woord "volksmoeder" self. Die identiteit van moeder is op só 'n manier gebruik dat dit as die natuurlike identiteit van vroue beskou is wat terselfdertyd ook God se roeping vir haar was (Kruger 1991:199–200). Kruger (1991:202) is van mening dat die Afrikanervrou se moederskapsrol voor 1915 heelwat minder aandag geniet het.

In die volksmoederdiskoers is die verhaal van die Afrikanervolk ook nou aan die verhaal van die Afrikanervrou verbind. Willem Postma het onder andere geskryf dat die Afrikanervrou vereer moet word omdat " ... geen beter, edeler moeder het ooit in voller rijker sin 'n volk geteel nie, as die moeder van die Boerevolk" (Postma soos aangehaal in

Kruger 1991:206). Postma was ook van mening dat vroue, deur moeders in die private sfeer van hulle huise te wees, letterlik besig was om die volk sterk te maak. Hierdeur het vroue se voortplantingsfunksie in ’n sekere mate aan die volk behoort as Postma sê “... sig weet dat sij in haar skoot dra die toekoms van haar volk ...” (Postma soos aangehaal in Kruger 1991:233). Alhoewel moederskap in hierdie diskoers vroue van take in die publieke sfeer uitgesluit het, is dit in wat ’n paradoksale skuif genoem kan word, tog openbare betekenis en ’n gemeenskapskarakter gegee (Kruger 1991:232–233).

Die konsep van volksmoeder het ’n bykomende dimensie tot die hele konsep van Afrikanernasionalisme gelewer en daarmee ’n bepaalde politieke inhoud gekry (Brink 1990: paragraaf 6; Van der Watt 1996: paragraaf 1). Dié roluitbeelding van die Afrikanervrou as volksmoeder is volgens Van der Watt (1996: paragraaf 9) ’n belangrike beginpunt om die afwesigheid van vroue in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing te verklaar. Moederskap en die openbare domein was nie nou aanmekaar verbind nie. Daar is geskryf dat vroue nie in stemreg en die openbare domein hulle krag sou kry nie, maar eerder in die besef en aanvaarding van haar “roeping als moeder in stil vertroue op God” (Kruger 1991:223). Moederskap in hierdie diskoers is dus as ’n biologiese, religieuse en nasionale roeping beskou (Kruger 1991:238).

Elsabé Brink en Christina Landman voer aan dat die rol van volksmoeder manlik gemanipuleerd was (vgl. Maritz 2004:8–14; Landman 1994:109–116; Brink 1990: paragrawe 1–3). Hiervolgens kry vroue in ’n manlik gedomineerde samelewing ’n goed gedefinieerde en eerbare rol binne die betrokke samelewing (Brink 1990: paragraaf 1). Brink motiveer haar bewering uit die feit dat vroue nie gevra is om insette oor die bou van die Vrouemonument te lewer nie en dat daar slegs twee vroue langs die “ideale Afrikanerstaatsmanne” soos president M.T. Steyn, generaal Christiaan de Wet en dominee J.D. Kestell by die monument begrawe is (Maritz 2004:11; Brink 1990: paragraaf 15). Rachel Steyn, die ander vrou naas Emily Hobhouse wat by die Vrouemonument begrawe is, is beskou as die ware volksmoeder en is ook deur skrywers in hierdie terme beskryf as die “*hooggeagte en gegeeerde Volksmoeder*” (Brink 1990: paragraaf 15).

Die rol van die vrou as volksmoeder het met die onthulling van die Vrouemonument in 1913 ook visuele gestalte gekry. Die beeldhouwerk deur Anton van Wouw voor die naald van die Vrouemonument bestaan uit ’n vrou met ’n sterwende kind op haar skoot en ’n tweede vrou wat in die verte tuur. Die toneel is geïnspireer deur ’n insident wat in die konsentrasiekamp by Springfontein voor Emily Hobhouse afgespeel het. ’n Moeder het met

haar sterwende kind op haar skoot gesit. Sy kon niks meer doen nie en het nie beweeg of gehuil nie. Haar smart was dieper as alle trane. Volgens Hobhouse was die boodskap in die vrou se oë dat alhoewel haar kind dood is, haar volk nie uitgeroei sal word nie (Grundlingh s.a.: paragraaf 14–15). In hierdie konteks het die versorging van 'n kind uitgebrei tot die versorging van 'n volk en die lyding van 'n vrou wat haar kind verloor uitgebrei tot die lyding van 'n volk (vgl. Van der Watt 1996: paragraaf 8).

Landman (1994:109–114) is op haar beurt van mening dat die teologiese fundering vir die vrou se rol as volksmoeder deur Hollands-Afrikaanse predikante soos J.D. Du Toit (Totius) verskaf is, wat onder Abraham Kuyper in Nederland studeer het. Kuyper het as leier van 'n konserwatiewe party in Nederland, in 1914 'n boek, *De eerepositie der vrouw*, gepubliseer waarin hy hom teen die stemreg vir vroue uitgespreek het. Volgens hom was dit onnatuurlik vir vroue om as individu hulle stemme uit te bring omdat die man, volgens die Bybel, dit as gesinshoof namens die familie moes doen. Nederlandse teoloë soos Geesink en Hermann Bavinck het Kuyper hierin ondersteun. Du Toit het later 'n kommissie van die GKSA gelei wat hulle sinode in 1920 teen die stemreg vir vroue geadviseer het "om altyd te protesteer teen Vroue Stemreg op grond van Gods Woord". Hierdie advies is na die parlement deurgestuur. Die inhoud van die aanbeveling stem grootliks ooreen met Kuyper se boek.

Generaal Hertzog se opmerking ten tye van Uniewording en na afloop van die Rebellie van 1914 ondersteun die "volks"-rol van Afrikanervroue. Tydens die proses van Uniewording het hy tydens 'n vergadering opgemerk dat daar baie Afrikanervroue in die gehoor is "wat ten sterkste staan vir Afrikaans, Afrikaanse tradisies en sedelike waardes"[4] Ná die Rebellie van 1914, was Hertzog ook van mening dat vroue die grootste rebelle was. Die rol wat Afrikanervroue tydens die gewelddadige mynwerkerstaking van 1922 gespeel het, kan nie ongemerk gelaat word nie (Giliomee 2004:328).

### 1.4.1 Die geskrewe woord versterk die beeld van volksmoeder

In 1918 het Willem Postma, 'n Vrystaatse joernalis en uitgesproke voorstander van Afrikanernasionalisme, 'n boek getiteld *Die Boervrou, Moeder van Haar Volk*, gepubliseer. Dit was aan die einde van die Eerste Wêreldoorlog en verstedeliking het op hierdie stadium toegeneem. Daar was dus 'n besorgdheid oor die algemene moraliteit van 'n nuwe geslag jong manne en vroue wat hulle in die stede gevestig het. Hierdie boek was 'n soort

---

[4] Ook 'n goeie voorbeeld van die Christelik-nasionale idee – EPB.

verheerliking van die Afrikanervrou en moes onder andere as ’n rolmodel vir ’n nuwer generasie vroue dien. Hulle is aangemoedig om eienskappe soos geloof, dapperheid, ’n gees van opoffering, huislikheid en voorbeeldigheid na te volg (Brink 1990: paragraaf 18).

Die eerste Afrikaanse vrouetydskrif het ook in 1918, onder redakteurskap van Mabel Malherbe, ’n susterskind van Eugène N. Marais, verskyn. Sy was ’n Engelssprekende dame wat haar bewustelik met die Afrikaner geïdentifiseer het. Sy het haar ook daarop toegespits om die Afrikanervrou se rol as moeder en draer van die Afrikaanse kultuur en nasionalisme uit te lig. In *Die Boerevrou* is sake soos gesondheid, huishoudelike aangeleenthede en kindersorg aangespreek met dien verstande dat as vroue hulle huise op ’n ordentlike wyse sou bestuur, hulle seuns en dogters suksesvol sou wees en dan die land sou kon opbou. Dit sou alles ook ’n bydrae tot die vooruitgang van die Afrikanervolk lewer (Giliomee 2004:327). Die Afrikanervrou se rol as volksmoeder is ook in detail in die godsdienstige rubriek in *Die Boerevrou* ondersteun deur artikels wat onder andere deur Postma en prof. JA du Plessis geskryf is (Kruger 1991:200).

Daar het ’n interessante insident rondom die voorblad van hierdie tydskrif plaasgevind. ’n Foto van Van Wouw se “*Nooientjie van die Onderveld*” op die voorblad het baie kommentaar uitgelok. Vir die een groep lesers het dié beeld die tradisionele Afrikanervrou uitgebeeld en hulle kon hulle vereenselwig met die waardes wat die beeld uitstraal omdat dit ware volksmoeder-eienskappe was: vredevol, ernstig, sterk, rein en nederig. ’n Ander groep het nie van die voorblad gehou nie omdat die klere oudmodies was en nie die ware Afrikanervrou van die dag verteenwoordig het nie. Die simboliek was nie vir hulle so duidelik nie en hulle was nog in ’n proses om die betekenis van die simbool te interpreteer (Van der Watt 1996: paragraaf 10–12).

In 1921 het nog ’n boek oor die Afrikanervrou verskyn. Die historikus Eric Stockenström se boek *Die Vrou in die Geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse Volk* het die historiese agtergrond vir die ideologiese verheerliking van die Afrikanervrou verskaf. Volgens hom was die vroue op die Groot Trek al reeds bewus van hulle roeping as volksmoeders (Brink 1990: paragraaf 19).

### 1.4.2 Die ander kant van die verhaal kry min aandag

Terwyl hierdie boeke en tydskrif met hulle verheerlikte beeld van die Afrikanervrou verskyn het, het ’n paar vrouestemme daarteen geskop. Marie du Toit, die suster van die bekende digter en Afrikanervolksman, JD du Toit (Totius), het op haar beurt in 1921 ’n

boek *Vrou en feminist of iets oor die Vrouevraagstuk* gepubliseer. Dit was nogal ’n waaghalsige titel vir hierdie tydvak waarin die beeld van Afrikanervolksmoeder begin blom het! Dit is ook betekenisvol dat Du Toit hierdie spesifieke standpunt ingeneem het terwyl haar broer aan die hoof van ’n kommissie in die GKSA gestaan het wat ondersoek moes instel oor die vraag of vroue daarop geregtig was om stemreg te kry (Landman 1994:110). Marie du Toit was haar tyd ver vooruit. Sy het krities gevra wat die natuurlike leefstyl vir ’n vrou sou wees. Feminisme was vir haar die “handhawing van al ’n vrou haar belange in alle omstandighede, te alle tye” (Du Toit 1921:33). Verder het sy die beperkinge wat op vroue gelê is in terme van hulle kleredrag, die verbod om nie te kan stem nie en die voorgehoue vorms van selfuitdrukking, as onnatuurlik beskou (Du Toit 1921:71–81; 107–130). Sy was ook in opstand teen die beeld wat van vroue geskep is as die swakkere en mindere geslag wat gedurig herinner is aan hulle verantwoordelikhede en die feit dat hulle dit sonder enige klagtes moes verdra omdat dit juis ’n posisie van eer is (Brink 1990: paragraaf 20)! Sy het daarteen geskop dat vroue nie as individue gesien word nie, maar net as iemand wat deel is van ’n huisgesin waarin sy ’n mindere posisie beklee het. “Miskien is sy maar ’n besitting, soos een dominee hier te lande ons herhaalde male in die kake gooi; hy sê, aan die man behoor die vrou, die slaaf, die os en die muil, en word dan haar ere-posiesie genoem!” (Du Toit 1921:39). Du Toit (1921:168–174) het ook andere in haar boek daarop gewys dat Jesus Christus vroue nie beperk het tot ’n streng private lewe nie.

Die Carnegie-kommissie is in 1928 in die lewe geroep om die armblankevraagstuk te ondersoek (Uys 2007:299; Giliomee 2004:269). H.F. Verwoerd het sy bekendheid verwerf deur die ontleding van die Carnegie-verslag op die Volkskongres van 1934 (Giliomee 2004:297). Die skrywer, M.E. Rothman, wat beter bekend onder die skuilnaam M.E.R. is, was die enigste vroulike navorser in die kommissie. Sy het ’n sosiologiese studie oor die probleme van moeders en dogters in arm wit families onderneem. Vroue was aanvanklik nie ’n aparte kategorie in die ondersoek nie, maar Rothman se bevindinge was só waardevol dat die kommissie besluit het om haar bevindinge in die verslag in te sluit. Sy het die probleme van arm wit vroue met deernis en respek hanteer, maar was ook opreg besorg oor die morele en sosiale ontwikkeling van jong meisies in die stede (Brink 1990: paragraaf 21–22).

Twee ander vroue het betekenisvolle akademiese studies in die dertigerjare onderneem, wat in skrille kontras met die werke van Postma en Stockenström gestaan het. In Hansi Pollak en Erika Theron se studies het die Afrikanervrou nie ’n verheerlikte en veredelde beeld

gehad nie. Hulle prentjie van Afrikanervroue was ver verwyderd van die "heroïese en eendimensionele" weergawe van hulle manlike eweknieë (Brink 1990: paragrawe 23–24,25).

Pollak het 'n doktorale studie onder wit vroue onderneem gedurende die depressiejare van 1930 tot 1932. Die klerebedryf was die grootste werkgewer van wit vroue. Sy het onder andere die toestande waaronder vroue in die fabrieke moes werk en die finansiële bydrae wat vroue tot die gesin gemaak het, ondersoek. Sy is getref deur die jonkheid van hierdie vroue en die finansiële[5] las wat hulle namens hulle gesinne moes dra (Brink 1990: paragraaf 23).

Theron het in haar studie onder leiding van H.F. Verwoerd die lewens van gekleurde en wit vrouens in die Wes-Kaap ondersoek in terme van opvoedingspeil, huis- en werksomstandighede en ontspanningsgeriewe tot hulle beskikking. Die uitslag van hierdie studie het ook min ooreenkomste met die geïdealiseerde beeld van Afrikanervroue vertoon (Brink 1990: paragraaf 24).

Die verheerlikte beeld sou egter die invloedryker en bemarkbare beeld word. Omdat Rothman se studie deel van die Carnegie-verslag was, was die reikwydte daarvan groter as Pollak en Theron s'n. Hulle bevindinge was hoofsaaklik tot die akademiese wêreld beperk, alhoewel daar vandag met nuwe oë na hierdie studies gekyk word. Die minder wetenskaplike werke van Postma en Stockenström is op verskillende maniere gepopulariseer en het 'n groot bydrae gelewer tot die geïdealiseerde beeld van die Afrikanervolksmoeder. Hulle werke het die "bloudruk" verskaf vir die manier waarop Afrikanervroue gemodelleer is (Brink 1990: paragraaf 24–25).

Een van die geleenthede waar die heroïese beeld van "volksmoeder" sterk gefigureer het en 'n groot impak gehad het, was tydens die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument. Een van die simboliese ossewaens is selfs "Vrou en Moeder" genoem en die toesprake wat oor die vroue tydens die Groot Trek gehandel het, het teruggeval op die beelde van Postma. Stockenström se invloed kan weer in 'n tydskrif soos *Die Huisgenoot* van 1938 se artikels oor die Groot Trek gevind word (Brink 1990: paragraaf 25).

---

[5] Interessant genoeg was die meerderheid vroue in die tussen-oorlogjare (dus tussen ±1919 tot 1940) nie "huismoeders" nie, maar ekonomies aktief. Tot 90 persent van die vroue wat in klerefabrieke gewerk het, was Afrikaanssprekend (Brink 1990: paragraaf 27).

Die uitsluiting van die alternatiewe stemme is ’n klassieke voorbeeld van hoe ’n bepaalde diskoers bevorder word deur sisteme van uitsluiting. Mense kan probeer om ’n diskoers toe te eien deur te luister en te lees, deur te studeer en aan allerlei gesprekke deel te neem, deur kreatief daarmee om te gaan en selfs kritiese afstand te hou. Sisteme van uitsluiting beteken dat die deelname aan ’n bepaalde diskoers nie vir almal dieselfde is nie. In ’n sisteem van uitsluiting speel die plek waar, die situasie waarin, die inhoud van, die onderwerp waaroor en die struktuur waarin iets gesê word alles ’n betekenisvolle rol. So het sommige plekke ’n groter gehoor en het sekere momente ’n sterker seggingskrag (Ijsseling 1978:151–153). In hierdie geval het die werke van Postma en Stockenström ’n groter gehoor gehad en so is die beeld van die Afrikanervrou as volksmoeder gepopulariseer.

### 1.4.3 ’n Volksmoeder kan nie uit die huis uit wees nie

Binne die volksmoederdiskoers is die nuwe fenomeen van werkende vroue as ’n potensiële sosiale probleem beskou. Die besware het aanvanklik meer oor die moontlike morele degenerasie gegaan wat veral ’n werklikheid onder jong werkende meisies kon wees omdat hulle alleen in losieshuise in die stad moes bly. Later het die debat ook gehandel oor die praktiese probleme en impak wat dit op ’n huishouding kon hê (Kruger 1991:224–225). Mabel Malherbe het probeer om die volksmoederdiskoers te verbreed deur die realiteit van werkende vroue op die agenda te plaas, maar sy het negatiewe reaksie hierop ontvang. Moederskap is as ’n allesinsluitende rol gesien. ’n Leser het in *Die Boerevrou* geskryf dat as “’n vrou haar roeping wil beantwoord om ’n moeder te wees vir haar huis en volk, kan sy nie tyd hê om uit die huis te wees nie” (Kruger 1991:226–227).

Volgens Kruger (1991:232) het die hele saak rondom werkende vroue spanning in die volksmoederdiskoers te weeg gebring. Die realiteit van werkende vroue is as ’n sosiale probleem beskou en vroue het dit as onversoenbaar met die ideaal van moederskap en vrouwees gesien. Hierdie spanning sou later in die debat oor vrouepredikante sterk figureer.

### 1.4.4 ’n Stem in die volk se huishouding

Louise Vincent (1999: paragraaf 3–4) vertel die verhaal hoe die verkryging van stemreg in 1939 in terme van ’n advertensie van Pears-badseep van 1899 begroet is. In die genoemde advertensie word die waarde van seep met beskawing en reinheid in verband gebring: “*Pear’s soap is a potent factor in brigtening the dark corners of the earth as civilization advances* ...”. Meer as dertig jaar daarna het M. Moldenbauer in ’n artikel die voordele van

stemreg vir vroue met ’n koekie seep vergelyk: vroue sou daarmee die vuil plekke in die land kon skoonmaak en só lig bring!

Die geskiedenis vertel egter ’n ander storie. Stemreg het Afrikanervroue se stemme stiller gemaak as wat dit hulle in staat gestel het om ’n daadwerklike verskil in die land te maak. Vroue is deur leiers oortuig dat die rol van volksmoeder ook die beste oplossing sou wees vir die genderprobleme, soos die feit dat hulle nie kon stem nie (Kruger 1991:313). Ten einde ’n volledige beeld te gee van die sosiale omstandighede waarin die debat van vrouepredikante gevoer is en omdat die veldtog om stemreg vir vroue raakpunte met die hele gesprek rondom die toelating van vroue tot die besondere ampte het, is dit belangrik om kortliks stil te staan by hierdie kritiese punt in die geskiedenis van vroue.

Ironies genoeg het die verkryging van stemreg vroue se politieke stem stil laat word. Die basis waarop Afrikanervroue hulle vir stemreg beywer het, het hulle stem uiteindelik stil laat word en uit die openbare arena laat verdwyn (Vincent 1999: paragraaf 37–38,44). Dit het die siening versterk dat ’n vrou se plek in die huis is en beslis nie op die kansel nie.

Afrikanervroue se betrokkenheid by die veldtog om stemreg te verkry word van twee kante af deur historici beoordeel. Aan die een kant is daar diegene wat aantoon dat die veldtogte hoofsaaklik deur vroue uit die Engelse middelklas in stede gevoer is. Historici soos Lou-Marie Kruger en Marijke du Toit is van mening dat Afrikanervroue só ferm onder die patriargale ideologie van die NG Kerk was, dat hulle nie die beginsel van manlike leierskap bevraagteken het nie (Vincent 1999: paragraaf 1; vgl. ook Maritz 2004:16). Dit was veral die GKSA wat as kerk ’n negatiewe beeld van stemreg vir vroue geskep het. Die besluit van die Sinode van die GKSA in 1920 was om “altyd te protesteer teen Vroue Stemreg op grond van Gods Woord” waarna hulle ’n verslag na die Parlement gestuur het om hulle hierteen te waarsku (Landman 1994:110). Dit wil voorkom asof dit vir baie vroue gerieflik was dat ander vroue die veldtogte namens hulle loods. Volgens M.E.R. was dit nie vir die Afrikanervrou van dringende belang om self veldtogte te loods nie omdat hulle besig was met die taalstryd en die stryd teen verarming. Hulle kon voorts nie insien hoe stemreg hierdie sake sou help nie (Maritz 2004:22). Ek sal in hoofstuk 4 aantoon hoe hierdie beskouing, dat ander die stryd moet voer, wel in die gesprek oor vrouepredikante neerslag gevind het.

Aan die ander kant is Vincent van mening dat bogenoemde beskouing nie behoorlik kennis neem van die volksmoederdiskoers en hoe dit deur Afrikanervroue self gebruik is nie. Die *Women’s Christian Temperance Union* (WCTU) is reeds in 1899 gestig om vroue te

organiseer om hulle vir volledige stemreg, dus op dieselfde basis as mans, te beywer. Die propaganda was van die begin af in Engels en Afrikaans, terwyl beide groepe in alle politieke partye geteiken is (Vincent 1999: paragraaf 6–7). Afrikanervroue was om twee redes traag om hulle vir stemreg, op dieselfde grondslag as mans, te beywer. Dit het eerstens ongelukkig ’n rassekleur gehad. As vroue op dieselfde grondslag as mans stemreg sou verkry, sou dit die swart stempersentasie geweldig verhoog. Mabel Jansen, soos in Engels aangehaal deur Vincent (1999: paragraaf 12) het openlik gesê: “*I would rather forfeit the vote myself than that our white civilization should be placed in danger by extending the vote to native women*”. Tweedens sou die voorwaardes vir stemreg, naamlik opvoedkundige peil en eiendomsbesit, baie vroue van stemreg uitgesluit het omdat min vroue eiendom besit het. Daarom was Afrikanervroue nie baie simpatiek teenoor WTCU se stemregveldtog nie (Vincent 1999: paragraaf 15).

Op die Afrikanerfront was mans oor die algemeen nie ten gunste van stemreg vir vroue nie. Willem Postma het openlik verklaar dat daar nie plek vir vroue in die politieke arena is nie. Hy het verder aangevoer dat vroue nie belasting betaal nie en daarom nie die reg het om te sê hoe die belastingbetaler se geld aangewend moet word nie. ’n Verskil in politieke siening in een huis sou ook ’n negatiewe impak op die gesin kon hê. Hy was ook bang dat vrouestemreg die grondslag van die gesinslewe kon ondermyn en vernietig. Die bekende C.J. Langenhoven het gemeen dat die komplekse idees van die moderne staat aan Europese mans oorgelaat moet word. Mans het ook die indruk geskep dat vroue nie in stemreg belangstel nie. So het generaal Kemp, Minister van Landbou, gesê dat as daar ’n referendum onder Afrikanervroue gehou sou word, die oorgrote meerderheid teen stemreg vir vroue sou wees (Vincent 1999: paragraaf 16–19).

Vroue was egter nie so apaties soos voorgehou nie. Die verstedelikingsproses na die Eerste Wêreldoorlog het ’n groot Afrikaanse vrouewerkersklas gevestig en vroue se opvoedingspeil het ook verhoog. Die Nasionale Vroueparty (NVP), wat gestig is na die Vroue-optog van 1915, het die veronderstelling dat vroue nie wil stem nie, uitgedaag. Tydens die NVP-kongres in 1927 het meer as 5000 vroue hulle ten gunste van stemreg vir vroue uitgespreek. Daar is geargumenteer dat wit Afrikanervroue hulleself in die geskiedenis bewys het om te mag stem (Maritz 2004:20–27; Vincent 1999: paragraaf 20,31). Stemreg vir vroue was teen 1920 vir die Nasionale Party voordelig. Dit sou hulle in staat stel om die Wetsontwerp op Naturelle-verteenwoordiging deurgevoer te kry omdat

vroue se stem die twee-derdemeerderheid wat hulle nodig sou hê, moontlik gemaak het (Maritz 2004:23).

#### 1.4.4.1 Die volksmoederdiskoers word in die stemregbeweging gebruik

Die heersende diskoers onder Afrikaners is ten einde laaste gebruik om vir vroue stemreg te bewerkstellig. Voorstanders van stemreg vir vroue het ’n wyer betekenis aan die konsep van “volksmoeder”gegee. Hiervolgens is geargumenteer dat die gesin ’n integrale deel van die staat is en dat vroue se kinders ook aan die staat behoort en dit maak politieke kwessies ook gesinskwessies. Verder vra die huishouding van die staat dieselfde kennis as ’n plaaslike huishouding – dit is kwessies soos orde, respek vir outoriteit, opvoeding, kindersorg, voeding, sanitasie, geboue en dekorasie (Vincent 1999:27–29)!

Die volksmoederdiskoers is gebruik om plattelandse vroue te oortuig dat vroue stemreg behoort te hê. Plattelandse vroue is oortuig dat stemreg en die meegaande oproep tot politieke regte nie beteken dat vroue hulle rug op hulle hoogste roeping as moeders moet draai nie. Stemreg sou die Afrikanervrou in staat stel om dit tot voordeel van haar kinders en haar volk aan te wend. Sy sou ’n stem in die volk se huishouding kry. Vroue moes nie so selfsugtig wees om hulle van so ’n edele verantwoordelikheid uit te sluit nie (Vincent 1999: paragraaf 34).

Nadat die Nasionale Party van generaal Hertzog in 1929 herkies is, is die wetsontwerp oor vrouestemreg geloods en in 1930 is die wetgewing uiteindelik goedgekeur.

Naïef genoeg het Afrikanervroue hulleself langs hulle manlike eweknieë gesien waarin hulle Suid-Afrika se toekoms in hulle hande hou. Hiervan sou egter niks kom nie. Die NVP is nadat vroue stemreg gekry het, gevra om te ontbind. Dit het nie sonder slag of stoot gebeur nie. Van die vroue was bang dat hulle net weer die “houthakkers en waterdraers” van die party sou wees (Maritz 2004:25). Hulle vrese was nie ongegrond nie. Vroue sou uiteindelik van die politieke toneel af verdwyn. Tussen Uniewording in 1910 tot 1974 het daar slegs drie vroue in die parlement gedien (Giliomee 2004:328).

Vroue het egter vir hulleself ander ruimtes geskep waarbinne hulle hulleself betekenisvol en afsonderlik van mans kon organiseer (Vincent 1999: paragraaf 43–44). Vincent gaan selfs so ver om te sê dat al die organisasies as ’n daad van weerstand gesien kan word. Myns insiens is dit eerder ’n ruimte waarin vroue op verskeie terreine ’n betekenisvolle bydrae kon lewer en hulleself kon uitleef. Op hierdie punt moet die vraag gevra word

watter invloed die stilte in die openbare ruimte op die debat oor vroue in die ampte sou hê. Hierdie vraag sal in hoofstuk 4 weer aandag kry.

## 1.4.5 Vroue-organisasies as vroueruimtes

M.E.R. het reeds in 1938 die mening gehuldig dat feminisme onder Afrikanervroue gemanifesteer het in hulle betrokkenheid by verskillende welsynsorganisasies in die land. Kruger (1991:233) en Brink (Brink 1990: paragraaf 26) is weer van mening dat vroue deur welsyns- en gemeenskapswerk ook moeders van die volk kon word. Hierdie organisasies was as't ware die ruimte waarin hulle iets vir die volk kon doen net soos wat hulle in hul huise dinge vir hulle kinders doen. Of Afrikanervroue se breër betrokkenheid in die samelewing as feministies beskou kan word, is sterk te betwyfel. Maar dat dit 'n ruimte vir diensbaarheid was, is nie te betwyfel nie. Vroue-organisasies op kulturele, maatskaplike en kerklike terrein sou vir baie lank 'n platform vir vroue skep om hulleself uit te leef , 'n verskil in die samelewing te maak en 'n ruimte skep om hulle stem te laat hoor. Dit is onmoontlik om hier 'n oorsig oor alle vroue-organisasies te gee, maar ek lig tog enkeles uit om die breë ondersteuning van die volksmoedergedagte aan te toon.

### 1.4.5.1 SAVF-lede word met volksmoederknopies beloon

Aanvanklik is die rol van volksmoeder sterk deur vroue-organisasies geassimileer. 'n Organisasie soos die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie (SAVF), wat in 1905 gestig is, het aan middelklasvroue die ruimte gebied om maatskaplike werk op 'n vrywillige basis te doen. Daar was soortgelyke organisasies in ander provinsies soos die Oranje-Vrouevereniging (OVV) en die Natalse Christelike Vrouevereniging (NCVV). Hierdie organisasies se kwartaalblad is "Vrou en Moeder" genoem en hulle slagspreuk was "Ons sien haar wen, want haar naam is vrou en moeder". Die aanvanklike klem van hulle werksaamhede was nie op vroue gerig nie, maar op die behoeftes van die volk. Alhoewel hulle hulle "versigtig" van die stemregbeweging gedistaniseer het, het hulle deur die feit dat hulle in die publieke arena betrokke was, wegbeweeg van die tradisie dat vroue by die huis moet bly (Maritz 2004:13). Langdurige lidmaatskap is bekroon met die dekoratiewe knopie wat 'n "volksmoederknopie" genoem is. (Brink 1990: paragraaf 29–36).

### 1.4.5.2 Klerewerkersunie sien hulleself as opvolgers van die Voortrekkervroue

Vroue in die Afrikanerwerkersklas was nie in dieselfde posisie om deur middel van gemeenskapswerk die "status van volksmoeder" te verdien nie (Brink 1990: paragraaf 37). Die doel van vakbonde is om na die belange van hulle werkers om te sien. 'n

Afrikanervrou, Anna Scheepers, was vanaf 1938 tot 1984 president van die Klerewerkersunie. Uit hulle korrespondensie en publikasies is dit duidelik dat hulle die moeilikhede wat hulle in die industriële omgewing moes trotseer, met die moeilike omstandighede van die Voortrekkervroue vergelyk het. Hulle was ook terdeë bewus van die heersende diskoers dat vroue se plek in die huis was om hulle gesinne te versorg. Die dilemma en skuldgevoelens waarmee werkende vrou steeds vandag worstel, was ook hulle worsteling. Daar is ’n mooi verhaal van ’n klerewerkster, Anna Jacobs, wat deur ’n manlike kollega daarvan beskuldig is dat sy nie haar taak as moeder van die huis nakom nie. Sy het hom geantwoord deur te vra of dit enige doel dien as hulle met leë potte en panne by die huis werk. Daarna het sy die worstelinge van die klerewerkers veranker in die bekende woorde van Susanna Smit dat hulle kaalvoet oor die Drakensberge sal trek en gesê dat hulle as werkers vir al die vroue van die land die leiding sal neem en die Drakensberge weer sal klim. Scheepers het reeds in 1940 die belangrike bydrae wat werkende vroue tot die volk as geheel kan lewer, verdedig (Brink 1990: paragraaf 37–40; Maritz 2004:29–30,34). Hieruit en uit ander voorbeelde is dit duidelik dat die werkersklas ook met die volkmoeder-ideaal geïndentifiseer het, al was die inhoud verskillend (Brink 1990: paragraaf 46; Brink 2004:34). Later sou die Klerewerkersunie vanweë hulle veelrassige grondslag in onguns by Afrikanerleiers raak omdat hulle die suiwer oogmerke van Afrikanernasionalisme bedreig het (Maritz 2004:31–36).

In die kerk se besinning of vroue tot die amp van predikant toegelaat kan word al dan nie, het baie van hierdie vroeë worstelinge of vroue behoort te werk en of dit haar rol is, weer ter sprake gekom. In die NG Kerk was dit aanvaarbaar dat vroue op ’n vrywillige basis buite die huis betrokke mag wees, maar dit was problematies as vroue moes werk. Die problematiek van ’n werkende vrou sal in die NG Kerk se argumentasie teen die toelating van vroue tot die ampte uitgewys word.

#### 1.4.5.3 Ander organisasies wat spesifieke rolle vervul het

Op die platteland het landbou-organisasies vir vroue ’n belangrike opvoedkundige, sosiale, kulturele en ekonomiese rol vervul. Daar is tussen 1925 en 1931 in al die destydse provinsies sulke organisasies gestig om die Suid-Afrikaanse Landbou-unie te vorm. Hulle het sedert 1936 by tye subsidies van die regering ontvang. In die tagtigerjare is hierdie subsidies aangewend vir die opvoeding van landelike swart vroue (Maritz 2004:124–125).

Uit die tabelle met die tydlyne, is dit duidelik dat verskeie kultuurgerigte-organisasies in die eerste dertig jaar van die twintigste eeu gestig is. Die Broederbond (nou die Afrikanerbond)

was slegs vir mans toeganklik. In 1930 is die Afrikaanse Taal en Kultuurvereniging (ATKV) as ’n organisasie onder spoorwegwerkers gestig met die oog daarop om die Afrikaner meer bewus van hulle taal en kultuur te maak. Hulle het maandelikse byeenkomste gehou wat met allerlei kulturele bedrywighede gevul is. In 1943 is ’n vrouebeen, die ATKV-DAMES, in die organisasie gestig. Aanvanklik het die ATKV-DAMES hulle op gesin- en maatskaplike sorg toegespits (Maritz 2004:112–113). Vandag fokus die ATKV-DAMES meer op die bevordering van die Afrikaanse Taal en Kultuur en funksioneer nou net as ’n komitee van die ATKV en nie meer as ’n aparte organisasie nie.

#### 1.4.5.4 Die Vrouesendingbond stuur vroue na die sendingveld

Op kerklike terrein het vroue hulleself reeds baie vroeër georganiseer. Die Vrouwen Zendings Bond is in 1890 op Wellington gestig en daar is onmiddellik drie vroue as sendelinge na die diamantvelde gestuur. Hulle het ’n multikulturele bediening gehad en was in hulle werksaamhede hoofsaaklik gefokus op “de vrouwen en kinderen onder de heidenen” (Louw 2002:279). Die Hugenoteseminarie op Wellington het ook vrouesendelinge opgelei. Nog twee opleidingsinstansies vir vrouesendelinge is gestig. In 1931 het die Minnie Hofmeyr-kollege op Worcester vir bruin vroue en in 1943 die Decoligny in die Transkei beslag gekry. Die Transvaalse Vrouesendingbond is in 1905 gestig en die Oranje-Vrouesendingbond kort daarna in 1907 (Landman 2002a:154). Die Natalse Vrouesendingbond het eers in 1939 die lig gesien. Die Vrouesendingbond het by elke sinodale vergadering verslag gedoen (Louw 2002:279).

Daar is die mooi verhaal dat vroue alle hoendereiers wat op ’n Sondag gelê is, verkoop het en daardie geld vir sendingwerk geskenk het. Deur die jare het die verskillende sendingbonde groot bedrae geld vir sendingwerk ingesamel (Landman 2002a:154).

’n Mens sou nooit weet of hierdie vrouesendelinge nie dalk eerder volwaardige predikante sou wou word nie, maar hulle is nooit die geleentheid gegun nie. Tog was hulle bereid om in dikwels pioniersomstandighede te gaan werk ten einde die Evangelie te verkondig en gemeenskappe sosiaal- en ekonomies op te hef. In hierdie vroueruimte kon vroue die Evangelie verkondig en hulle geloofsroeping nakom. Dit bly nog altyd onverklaarbaar hoekom vroue die Evangelie op die sendingveld, maar nie op ’n kansel in ’n kerk kon verkondig nie.

#### 1.4.5.5 Afrikanervroue binne ’n patriargale samelewing

Patriargie beskryf die struktuur van ’n samelewing waar die vaders van die familie-eenheid primêr verantwoordelik is vir die welsyn van die familie. Die mees algemene familiebinding in Israel was die patriargale sisteem. Binne hierdie sisteem is die genealogie deur die vader se lyn bepaal. Hy het ook oor absolute gesag oor sy vrou en kinders beskik. Hierdie gesag is selfs uitgebrei na sy getroude kinders en hulle vroue. Hierdie gesag het bepaal dat hy die heer of meester van sy vrou is. In sy wese is ’n patriargale familiesisteem dus ’n hiërargiese en outoritêre sisteem (Louw 1989:34). Volgens De Klerk (2004:14; 2002:103–104) is ’n patriargale samelewing ’n samelewing waar mans se woorde wet is en hulle in beheer is. Vroue se woorde, idees en emosies word in so samelewing as tweederangs beskou. Patriargie laat vroue glo dat hulle die behoeftes van mans moet dien en moedig mans aan om dit as vroue se plig te beskou (Horst s.a.: paragraaf 15).

Bons-Storm (1996:52–54) is van mening dat vroue se rol in ’n patriargale kultuur of samelewing baie nou aan dié van ’n man verwant is, byvoorbeeld:

- Sy is die dogter van haar pa en sal sy van dra totdat sy ’n man kry en trou;
- Sy is die vrou van ’n man en sy is verplig om sy beroep te bevorder.

Die Suid-Afrikaanse samelewing kan as ’n patriargale samelewing beskryf word. Die genealogie word deur die vader bepaal, die man se beroep was tot onlangs die belangrike en die bepalende binne ’n gesin. Volgens Augustine (2002:97) is die patriargale ideologie waarskynlik die één faktor wat binne al die verskillende kulturele en etniese groepe in Suid-Afrika voorkom. Barkhuizen (2004:24–25) het in ’n sosiologiese studie bevind dat godsdiens dikwels gebruik word om ’n patriargale sisteem in stand te hou.

Die volksmoederdiskoers het gemaklik binne die patriargale samelewing gefunksioneer. Die volksmoeder moes sorg dat alles by die huis reg verloop sodat die man sy taak kan vervul. In ’n sin het die volksmoeder die man gedien. Die patriargale sisteem is ook deur die kerk in stand gehou met dieselfde tekste wat gebruik is om vroue uit die ampte te hou. Al hierdie tekste is gebruik om die heersende posisie van mans te onderstreep.

Vrouepredikante se pad om toelating en aanvaarding binne die NG Kerk moet dus ook teen die agtergrond van ’n patriargale samelewing gesien word.

## 1.5 1949–1961: Apartheid word gevestig en beskerm

Nadat D.F. Malan die verkiesing in 1948 gewen het, het hy ’n kabinet saamgestel wat die beleid van afsonderlike ontwikkeling moes uitvoer (Coetzer 1986:271). Malan was eers ’n predikant wat onder andere in Utrecht teologie studeer het. Gedurende sy ampstermyn is die ongeskrewe apartheidstradisie wetlik begin omskryf. ’n Hele reeks apartheiswette, waaronder die Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike, die Bevolkingsregistrasiewet, die Wet op die Ontwikkeling van Groepsgebiede en die Paswette, is vanaf 1949 tot 1961 goedgekeur en geïmplementeer (Coetzer 1986:278). Residensiële skeiding is in 1950 begin en in 1953 is die kleurskeidslyn in openbare geboue begin handhaaf met bordjies “Slegs vir Blankes”. Na Malan se uittrede het J.G. Strijdom hom opgevolg.

Die diskriminerende maatreëls het al meer verset by swartmense ontlok. In 1955 is die Vryheidsmanifes tydens die *Congress of People* aanvaar. In hierdie manifes is daar onder andere aangedring op gelyke regte vir alle bevolkingsgroepe. Strijdom se regering het met polisie-aksie teen die manifes gereageer en party van die kongresgangers is ingeperk terwyl ander gearresteer en van hoogverraad aangekla is (Coetzer 1986:283). Tydens Strijdom se regering het die Tomlinson-kommissie ’n verslag uitgebring waarin aanbeveel word dat afsonderlike ontwikkeling as landsbeleid aanvaar word, maar dat afsonderlike gebiede vir swart mense ontwikkel sou moes word. Strijdom is in 1958 oorlede en H.F. Verwoerd het die premierskap oorgeneem.

Die Verwoerd-regering het die aanbevelings van die verslag aanvaar. Verwoerd se regering was egter nie bereid om finansieel genoeg in die ontwikkeling van die swart tuislande te belê nie (Coetzer 1986:280).

1960 sal altyd onthou word vir die gebeure by Sharpeville. Landswye betogings is deur die ANC aangevuur. Dit het tot ’n ernstige konfrontasie tussen swart mense en die polisie by Sharpeville gelei. Tydens hierdie menseslagting is 69 mense doodgeskiet. By Langa is twee mense doodgeskiet tydens ’n soortgelyke optog teen die paswette. Dit het ’n skadu oor Suid-Afrika se planne vir republiekwording gewerp omdat die buiteland die gebeure ten sterkste afgekeur het. Die regering het ’n verbod op die ANC en PAC geplaas en daarmee die wettige mondstuk van swart mense gesnoer (Coetzer 1986:287).

Verwoerd het in 1960 ’n sluipmoordaanval oorleef. In Oktober 1960 is ook daar ’n referendum oor die voorgestelde republiekwording gehou wat die Republikeine gewen het. Daarna het die Republiek van Suid-Afrika op 31 Mei 1960 tot stand gekom.

**Tabel 6: Tydlyn 1949–1961**

| Jaargang → Kategorie ↓ | 1949 | 1950 | 1952–1954 | 1955 | 1956–1957 | 1958–1959 | 1960 | 1961 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Polities** | Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike | Wet op onderdrukking van Kommunisme goedgekeur *** Groepsgebiedewet en Wet op Bevolkingsregistrasie goedgekeur | 1952: ANC protesteer teen apartheidsbede-ling *** 1954: J.G. Strijdom nuwe Eerste Minister | Vryheidsmanifes word deur ANC aanvaar *** Inwoners van Sophiatown word verskuif | Kleurlinge mag nie meer stem nie | HF Verwoerd word Eerste Minister *** PAC in Soweto gestig *** 1959: Progressiewe Party gestig en breek weg | Sharpeville opstand *** ANC en PAC word verbied *** H.F. Verwoerd oorleef sluipmoord *** Referendum ten gunste van republiek | Republiek van Suid-Afrika op 31 Mei formeel uitgeroep *** C.R. Swart eerste Staatspresident *** ANC begin gewapende stryd; stig Umkhonto we Sizwe |
| **Ekonomies** | | SASOL kom tot stand | | | | | | Desimale munstelsel vervang vorige stelsel |
| **Opvoedkundig en kultureel** | Voortrekkermonument in Pretoria ingewy | UOVS kry volle universiteitsstatus | 1952: 300-jarige Van Riebeeckfees | | 1957: Unievlag en Stem van Suid-Afrika word enigste vlag en volkslied | | | |
| **Vroue** | | | | *Black Sash* gestig | 1956: 20 000 vroue marsjeer na Uniegeboue in protes teen paswette | | | |
| **Kerklik** | | | | | | | Cottesloeberaad | NG Kerk onttrek aan WRK |

| Jaargang → Kategorie ↓ | 1949 | 1950 | 1952–1954 | 1955 | 1956–1957 | 1958–1959 | 1960 | 1961 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Ander | | | | | | | Albert Luthuli (president ANC) ontvang Nobelprys vir Vrede | |

(Uys 2007:302–304; Brown & Hofmeyr 2002:22–23)

### 1.5.1 Die God van die Afrikaner

Die drie Afrikaanse susterskerke het die regering se beleid ondersteun. Die eerste amptelike regverdiging van apartheid het die lig gesien op ’n vergadering van die Raad van Kerke in 1943 (Gaum 2002:238). Daarna het Totius in 1944 tydens ’n referaat oor God as die Skeidingsmaker op ’n Volkskongres in Bloemfontein die beleid weer gelegitimeer (Brits 2006:40,44). E.P. Groenewald het in 1947 daarop gewys dat apartheid nie in konflik met die beginsels van die Bybel staan nie. Die Sinodes van Natal, Vrystaat en die destydse Transvaal het in 1947 die Skriftuurlike grondslag van apartheid bevestig terwyl die Kaapse Sinode ’n meer genuanseerde uitspraak daaroor gehad het. Laasgenoemde Sinode het verklaar dat alhoewel die Bybel nie ’n definitiewe uitspraak oor afsonderlike ontwikkeling lewer nie, dit ook nie in stryd met die letter of gees van die Skrif is nie (Gaum 2002:238). In die Kerkbode van 22 September 1948 word daar verklaar dat die kerk op “die skeiding tussen hierdie twee bevolkingsgroepe” aangedring het en dat daar met reg gepraat kan word van apartheid as ’n kerklike beleid (Van der Watt 1987:84).

Volgens Van der Watt (1987:84–90) het die NG Kerk nie net die beleid van die Nasionale Party ondersteun deur dit Bybels te regverdig nie, maar ook by die regering om party van die wette aangedring. Kerke het hiermee die Afrikanerdiskoers bevestig dat God die Afrikaner met ’n spesifieke opdrag aan die suidpunt van Afrika geplaas het. Verder is die vergelyking van die Afrikaner met Israel ook in hierdie tyd verder uitgebrei (Brits 2006:43,46).

Enkele teoloë soos B.B. Keet en V. Pistorius het die begronding van apartheid bevraagteken, maar hulle stemme was nie sterk genoeg om die dominante diskoers te

verander nie. Teoloë soos F.J.M. Potgieter het in publikasies die apartheidsbeleid op grond van teksverse soos Deuteronomium 32:8[6] en Handelinge 17:26[7] verdedig.

Die gebeure by Sharpeville het die NG Kerk nie onaangeraak gelaat nie. Die Wêreldraad van Kerke het na afloop van die menseslagting 'n kerkeberaad by Cottesloe in Johannesburg gehou. Die NG Kerk in Kaapland en Transvaal asook die Nederduitsch Hervormde Kerk in Afrika (NHKA) was toe nog lid van die Wêreldraad van Kerke en hulle het ook die beraad bygewoon. Na afloop van die beraad is 'n sterk bewoorde verklaring uitgereik waarin die verbod op gemengde huwelike onder meer veroordeel is en daar verklaar is dat almal die reg moet hê om grond te kan besit waar hy ook al bly en moet kan deel hê aan die regering (Gaum 2002:238).

## 1.5.2 Party vroue dien en ander protesteer

Die retoriek van die Afrikanervrou as volksmoeder is tydens die onthulling van die Voortrekkermonument in Pretoria voorgesit én met nuwe inhoud gevul Sy was nou die simbool van rassesuiwerheid (Van der Watt 1996: paragraaf 2 en 21). Die Afrikanervrou is toe vereer omdat sy die wit beskawing na die binneland van Afrika gebring het. Anton van Wouw se beeldhouwerk van die Voortrekkervrou met kinders, by die ingang van die Voortrekkermonument is 'n duidelike visuele uitbeelding van hierdie beskouing. Hierdie beeldegroep in die amptelike program is kort en kragtig "Wit Suid-Afrika" genoem (Van der Watt 1996: paragraaf 21).

Tydens die hoogbloei van nasionalisme het veral Afrikanervroue 'n swygende groep geword, vasgevang in die retoriek van die groter en hoër doel. Hierdie swygende "gevangenskap" het die Afrikanerpatriargie soos 'n handskoen gepas (Grundlingh s.a.: paragraaf 45).

### 1.5.2.1 Bond van Dienaresse skep diensruimte vir vroue – onder toesig van mans

Die NG Kerk het met die ACVV onderhandel om dié organisasie as die kerklike vrouehulpdiens te omskep. Die redenasie was dat die Godgegewe taak wat die vrou in

---

[6] Deuteronomium 32:8 (OAV): Toe die Allerhoogste aan die nasies 'n erfdeel gegee het, toe Hy die mensekinders van mekaar geskei het, het Hy die grense van die volke vasgestel volgens die getal van die kinders van Israel."

[7]Handelinge 17:26 (OAV): En Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon, terwyl Hy vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het ...

verenigings soos die ACVV uitgevoer het, nie aan liggame oorgelaat kon word oor wie die kerk geen beheer of seggenskap gehad het nie (Louw 2002:279). Die ACVV se leiers het dit ervaar as ’n poging van Afrikanermans om beheer oor vroue uit te oefen en het hard en duidelik gesê: “Die ACVV wil onder vroueleiding bly” (Maritz 2004:38–39).

Na dié mislukte onderhandelings, is die Bond van Dienaresse in 1950 deur die Sinode van die NG Kerk in Transvaal in die lewe geroep. Die doel van die bond was om ’n diensruimte vir vroue ten opsigte van kinders en vroue te wees. Die ACVV se vrese was gegrond, want die Bond van Dienaresse moes aan manlike kerkrade en sinodale kommissies verantwoording doen. Tydens die stigtingsvergadering het slegs (manlike) predikante toesprake gelewer (Landman 2002a:155)!

In 1959 in die eerste Vrouehulpdiens deur Margie Smuts gestig. Alle vroue was op grond van hulle lidmaatskap van die NG Kerk outomaties deel van die Vrouehulpdiens (Louw 2002:280). Die Bond van Dienaresse, die Vrouesendingbond en die Vrouehulpdiens het ’n ruimte vir vroue geskep het om diensbaar in die kerk te wees, maar tog moes die vroue vir hierdie dienslewering aan mans verantwoording doen. Hulle het dus net ’n beperkte stem oor hulle eie werksaamhede gehad.

Die diskoers van volksmoeder is hier duidelik sigbaar. Volgens Ackermann, soos aangehaal in Klein (2004:46) het die ideologie van vrouwees onder andere in vroue-organisasies in die kerk na vore gekom en in die proses is vrouesake op ’n ander manier aangespreek. Vroue het egter in die proses in gebreke gebly om ’n spesifieke teologiese respons op vrouwees te ontwikkel. Vrouegroepe in die kerk was aan die een kant ruimtes waarin vroue hulleself kon uitdruk, maar aan die ander kant het dit vroue eenkant gehou.

### 1.5.2.2 Vroue protesteer teen apartheidswetgewing

Die meeste Afrikanervroue het hulle nie weer na die vroue-optog van 1940 openlik teen ’n politieke bestel teëgesit nie (Maritz 2004:44). Terwyl hulle politieke stem stil was, het ’n ander groep vroue hulle op verskillende maniere teen die apartheidsbeleid van die regering verset. Hulle verset het Afrikanervroue ook nie in beweging gebring nie. In Mei 1955 is die *Black Sash* onder leiding van Ruth Foley gestig. Hulle het landswyd protesvergaderings gereël en versoekskrifte aan die kabinet voorgelê. Die *Black Sash* het met swart serpe oor hulle skouers by amptelike geleenthede gaan sit uit protes teen die regering se beleid. Hulle het ook adviesburo’s in die stede geopen waar hulle regsadvies aan swart mense gegee het (Coetzer 1986:288).

Die Groepsgebiedewet en die daaropvolgende paswette, wat vroeg in die vyftigerjare deur die Nasionale Party ingestel is, het veral onder swart vroue protes ontlok. Die *Federation of South African Women* (FSAW) is in 1954 as ’n veelrassige sambreelorganisasie van verskillende vroue-organisasies gestig. Hulle het hulle daarvoor beywer om apartheidswette en diskriminerende gebruike teen vroue te laat verwyder. As ’n vrouebeweging het hulle hulleself met ander vryheidsbewegings geïdentifiseer (Gasa 2007:211–213; Maritz 2004:86–88). Maritz (2004:87) beskryf hierdie vroue se denke as “ver voor die algemene denke van vroue van die tyd”. Van hulle eise ten opsigte van die behoeftes van vroue en kinders is in die *Freedom Charter* opgeneem. Die eerste vroue-optog teen die paswette het op inisiatief van die FSAW in Oktober 1955 by die Uniegebou in Pretoria plaasgevind. Dit was die voorloper van die groot optog wat op 9 Augustus 1956 weer by die Uniegebou plaasgevind het. Daar word bereken dat ongeveer 20 000 vroue by hierdie protesaksie betrokke was (Maritz 2004:89). Ná 1994 is 9 Augustus as ’n openbare vakansiedag verklaar waarop Vrouedag jaarliks gevier word.

## 2. TWEE VROUEPREDIKANTE VIND ’N NUWE ROEPING IN HULLE POSISIE AS PREDIKANTSVROUE

In hierdie vestigtingsfase van die Afrikanervrou as volksmoeder, het twee predikantsvroue in die eerste helfte van die twintigste eeu die eerste tree geneem in die manlike teologiese wêreld van die NG Kerk. Hierdie vroue se reis in die NG Kerk het byna ongemerk verbygegaan. Een vrou se stem is vir ewig stil omdat sy nie self haar verhaal kon vertel nie. Al waarna ek oor Jeanne Viljoen kon luister, was ander se verhale oor haar. Meer as honderd jaar na Anna Linde se geboorte het haar stem weer opgeklink. Haar seun, dr. Hans Linde, het drie jaar voor haar dood die visie gehad om sy ma se verhaal op te neem en hy het hierdie bandopname aan my verskaf. Hierdie bandopname toon nie dieselfde gesprekskarakter as die ander verhale nie, maar dit is tog haar eie verhaal in haar eie stem en soos deur haar eie oë gesien. Haar roepingsverhaal neem ’n prominente plek op die bandopname in.

# 2.1 ANNA LINDE VIND 'N NUWE ROEPING IN 'N NUWE LAND

## 2.1.1 'n Pa se verlore roeping

Anna Christina Olsen in op 15 Julie 1901 in Chicago in die VSA gebore (Smith 1981:424). Haar ouers het afsonderlik in hulle laat tienerjare vanaf Swede na die VSA geëmigreer omdat werksgeleenthede in Swede baie skaars was. Hulle het hulle eers in Minneapolis in Minnesota gevestig (Linde 1978). Hier in Minneapolis het haar pa 'n besondere ontmoeting met die Here gehad wat later 'n baie groot invloed op sy dogter se lewe sou hê.

Anna vertel dat daar pa een Sondagmiddag langs 'n spoor geloop het en 'n traktaatjie opgetel en in sy sak gesteek het. Die traktaatjie het oor sendingwerk in "donker Afrika" gegaan.

AL: Toe hy dit gelees het, was dit vir hom asof dit 'n roepstem van die Here was, dat hy hom moet voorberei om as sendeling na Afrika te gaan. Maar dit het nooit eintlik gebeur nie, want kort daarna het hy Moeder ontmoet en hulle is albei jonk getroud ... En toe het hy gevoel dat hy die Here teleurgestel het in sy lewe. Eintlik het hy dikwels gesê: "Ek het die Here se tweede beste in my lewe omdat ek ongehoorsaam was." ... Ja, kyk, my vader, soos ek netnou gesê het, was baie hartseer en teleurgestel dat dié roeping, wat hy gemeen het hy ontvang het, dat hy dit nie kon volbring nie.

Anna se ouers het hulle nadat hulle in die huwelik getree het, in Chicago gevestig waar haar pa 'n winkel oopgemaak het wat skoene herstel het. Hier in Chicago is nege kinders vir die egpaar gebore. Anna was die middelste kind.

Haar pa het dikwels oor sy verlore roeping met sy dogter gepraat en 'n saadjie geplant wat aanvanklik met teësinnigheid ontvang is. Sy het 'n fyn aanvoeling daarvoor gehad dat mense vir verskillende sake geroep kon word en dat die Here mense nie net vir die bediening in 'n gewone gemeente roep nie. Hierdie onderskeiding sou later in haar lewe 'n belangrike rol speel.

AL: En ek onthou as 'n jong dogter hoe dikwels het my vader met my gepraat oor sendingwerk in Afrika. Maar ek was baie bang en ek het selfs geweier om na 'n sendingdiens te gaan, want ek is (was) bang dat die Here vir my sou roep om soontoe te gaan. En ek het dikwels vir Vader gesê dat my broer, wat tweede ouer as ek was, met sy baie talente, dat hy die regte een is om te gaan. Hy het ook later predikant geword, maar (hy) het nooit die roeping ontvang om as sendeling na Afrika te gaan nie.

### 2.1.2 Sy dogter hoor ook die roepstem na Afrika

Anna het reeds as kind vir Jesus Christus as haar persoonlike Saligmaker aangeneem en haar geloof prakties uitgeleef deur geestelike werk onder boemelaars te doen. Sy het ook Sondagskool vir verwaarloosde kinders gehou (Smith 1981:423). Nadat sy sekerheid oor haar roeping gekry het, het sy haar ter voorbereiding van haar roeping in die teologie begin bekwaam. Tydens haar studies het sy 'n duidelike roeping as sendeling na Afrika ontvang.

AL: ... Na my bekering en eintlik algehele oorgawe aan die Here was ek bewus daarvan dat die Here my êrens in voltydse diens wil hê. En toe het ek ook met verdere studie begin met die gedagte dat as daar 'n roeping kom, dit maak nou nie saak waarheen die Here my wou stuur nie, sou ek moet gaan.

Maar terwyl ek besig was met my opleiding – ek het elke aand, want ek het in die seminarie gebly, elke aand in dié spesifieke tyd, het ek uitgery na ons gemeente waar daar spesiale dienste gehou was. En ek onthou die laaste aand was vir my 'n wonderlike aand. My vader wat toe baie ernstig siek was, kon nie die dienste bywoon nie. Maar hy het besluit dat daardie laaste diens wil hy bywoon. Ek glo dat die Here dit so beskik het dat hy daardie aand in die kerk moet wees. En terwyl die predikant besig was met sy boodskap, was dit vir my asof ek heeltemal omring was met 'n muur wat die Here self daar geplaas het. En ek was nie bewus van die boodskap of van die mense of van enigiets wat daar geplaas gevind het nie, maar ek het dikwels gesê, en ek sê dit weer vanoggend, die Here het werklik by my kom staan. Dit was asof ek Sy hand op my skouer gevoel het. En hy het net vir my gesê: "Anna, Ek wil hê jy moet na Afrika gaan om sendingwerk vir my te doen."

Nou moet ek tot my skaamte erken dat ek die volle halfuur van die Boodskap met die Here gestry het dat ... ek het vir Hom gesê my broer is 'n man, en ek dink dit is die plig van 'n man om so ver van huis te gaan, maar nie van 'n dogter, 'n meisie nie.

Maar voordat die Boodskap klaar gegee is, het ek net vir die Here gesê: "Here, as U die deur vir my oopmaak, sal ek gaan." En daar het 'n wonderlike vrede en blydskap in my hart gekom. En na die Boodskap klaar was, het die predikant dit goed gevind om aangesien dit die laaste aand is, om geleentheid te gee vir getuienisse. En toe het ek besef, kyk, nou moet ek opstaan en sê wat gebeur het, anders sal dit 'n tweede stryd kos as ek by die huis kom en my huismense is dalk nie gewillig dat ek moet gaan nie.

En toe het ek opgestaan en ek het vir die mense gesê dat, dat die Here my geroep het om na Afrika te gaan en dat ek vir Hom gesê het dat ek is gewillig. 'n Mens kon spreekwoordelik 'n speld hoor val, want die mense het geweet van die vader se wens in dié verband. En toe het my vader wat in die kerk was dié aand, opgestaan en stadig het hy na vore gekom en toe hy

heel voor by die preekstoel gekom het, het hy omgedraai en net opgekyk en gesê: "Here, nou kan u u dienskneg neem, want ek het die antwoorde op my gebede gesien."

En dit was ook net ses weke daarna dat Vader oorlede is en hy is gebêre.

Maar ek is so dankbaar dat hy voor sy dood geweet het dat ek ja gesê het en dat ek bereid was om te kom.

Sy het eers haar teologiese studies in Chicago voltooi (Smith 1981:423). Ekonomiese omstandighede in die VSA het haar roeping om na Afrika te gaan, belemmer. As gevolg van die wêreldwye depressie gedurende die 1920's het kerke nie baie sendelinge uitgestuur nie, maar eerder teruggeroep (Linde 1978). Die nodige finansiële ondersteuning om vir sendingwerk na Afrika te gaan sou op 'n besondere wyse voorsien word.

Anna het een aand in die kerk 'n solo gesing met die woorde "ready to go / ready to stay / ready to my place to fill / ready for service / lowly or great / ready to do Thy will ...". Die lied het 'n lidmaat aan die hart gegryp en hy het na diens aangebied om haar onkoste vir 5 jaar te dra sodat sy na Afrika kan gaan. Na afloop van die vyf jaar, het die ondersteuner in 'n erediens getuig dat dit die beste belegging was wat hy ooit gemaak het (Linde 1978).

'n Pa se skynbaar verlore roeping het in sy dogter se lewe 'n werklikheid geword.

AL: Maar as ek terugkyk op dié gebeure en sy lewe en sy optrede daarna, dan besef ek dit was nie werklik 'n roepstem vir hom nie. Ek meen dat die Here hom en my moeder voorberei het om gewillig te wees om eendag hulle dogter te laat gaan na Afrika as 'n sendeling.

Anna was gehoorsaam en het haar nou in die besonder begin voorberei om sendingwerk in Afrika te gaan doen.

### 2.1.3 'n Draai in Suid-Afrika ter voorbereiding van die Kongo

Alle voorgenome sendelinge moes eers vir 'n jaar verdere studie aan die Universiteit van Kaapstad onderneem. Hulle moes onder andere volkekunde neem. Hier het die jong Anna Olsen se paaie met dié van Johannes Linde gekruis.

Anna het gedurende haar studies by die Christen Studentevereniging (CSV) aangesluit en drie studente ontmoet wat met hulle voorgraadse teologiese studies aan die Universiteit van Kaapstad besig was. Hulle was Alphonso du Toit, Arnold Meiring en Hannes Linde. Die liefde het gou tussen Anna en Hannes geblom en hulle verlowing op 27 November 1927 sou haar roeping later in 'n nuwe rigting stuur (NG Kerk Jaarboek 2000:342; Viljoen 2006; Smith 1981:423).

Maar sy sou eers aan haar eerste roeping getrou bly. In 1928 het sy vir vier jaar na die Kongo vertrek terwyl Hannes eers sy studies aan die Kaapse Universiteit voltooi het en daarna in die VSA voortgesit het (Linde 1978).

Die Du Plessis-saak het dit baie onaangenaam op Stellenbosch gemaak. Hannes het daarom die begeerte gehad om ’n deel van sy teologiese studies in Amerika te gaan voltooi. Hy het ’n goeie beurs aan die *Presbyterian Seminary* te Louisvale, Kentucky gekry en sy teologiese opleiding daar gaan voltooi (Linde 1978).

Voor sy reis na die VSA het Hannes eers per trein na die Kongo gereis om vir Anna te gaan groet. Haar dienswerk in die Kongo was vir haar ’n besondere ondervinding en die pioniersomstandighede het haar nie afgeskrik nie.

AL: ... ek was te onnosel om bang te wees ... dit was donker toe ek in die verte Halleluja-liedere hoor sing het. Ek het geweet ons is nou naby die sendingstasie en dat die mense nou op pad is om my te kom ontmoet. En dit was vir my ’n wonderlike ondervinding, want vir jare het ek nou gedink aan die sendingwerk wat ek sou doen en nou was ek by die plek waar ek nou my lewenstaak sou begin.

Hier het sy eers Koeloeba geleer en gedurende die week begin skool hou. Sy en ’n “misses Berry” het elke Sondag na ’n buitepos uitgery en daar dienste gehou. Sy het hiermee volgehou tot in 1931 waarna sy na die VSA teruggekeer het.

Na afloop van haar dienswerk in Afrika is sy toe as predikant georden en na dieselfde gemeente as haar broer gestuur (Linde 1978). Anna sou egter nooit verder as geordende predikant werk nie, aangesien sy kort daarna, in 1932 in Chicago getroud is, haar kerk verlaat het, saam met haar man na Suid-Afrika gekom het en lidmaat van die NG Kerk geword het. Dit is opmerklik dat Anna se opleiding genoegsaam was om haar volledig as predikant in die Presbiteriaanse Kerk te bevestig, terwyl vroue in Suid-Afrika aan die Hugenoteseminarie moes gaan studeer as hulle sendelinge wou word. Die Teologiese Fakulteit van Stellenbosch was nie toeganklik nie.

### 2.1.4 Voluit Afrikaanse predikantsvrou

Hannes Linde is op 1 Januarie 1933 op Stellenbosch gelegitimeer en alhoewel hulle dieselfde kwalifikasies gehad het, kon sy vrou nie predikantsbevoegdheid in die NG Kerk kry nie omdat slegs mans as predikant bevestig kon word in die NG Kerk. Alhoewel Anna Linde dus nie in die NG Kerk opgelei is nie, was sy die eerste vrou in die NG Kerk wat

volledige teologiese opleiding deurloop het (NG Kerk Jaarboek 2000:342; Viljoen 2006; Smith 1981:423).

Die Lindes het eers sendingwerk in Witsieshoek gedoen en het daarna gemeentes in Durban, Wakkerstroom en Riviera (Pretoria) gedien (Linde 1978; Smith 1981:423).

Anna het haar baie gou in haar nuwe rol as predikantsvrou begin uitleef. Sy het ook moeite gedoen om haar by haar nuwe taal- en kultuuromgewing aan te pas en ingekoop by die konsep van Afrikanernasionalisme.

AL: Ek het geweier om Engels te praat. Ek het vir die gemeentelede gesê hulle moet my help. Ek moet Afrikaans leer. En hulle het ook. Maar my boodskappe by die vrouebidure was in Engels vir 'n tyd en toe het ek probeer om 'n bietjie Afrikaans in te vleg, maar ek het gou my boodskappe in Afrikaans gegee. Maar wat nie maklik was nie, was om in Afrikaans te bid. Ek het vir die susters gesê hulle moet maar net geduldig wees, ek sal later in Afrikaans probeer, maar in die begin het ek net in Engels gebid. En ek sal nooit vergeet na ons 'n jaar in Durban was, het ek een môre vir hulle gesê: "Kyk, nou van vandag af sal ek in Afrikaans bid." En na my eerste gebed in Afrikaans het die susters net die Here gedank vir hulle predikantsvrou wat nou in hulle taal kan bid.

Mev. Sophie Meiring het later getuig dat Anna Linde Afrikaans só mooi gepraat het "dat sy dikwels vir ons gebore Afrikaners die loef afgesteek het". So het sy in Wakkerstroom selfs tydens 'n Dingaansdagfees (later Geloftedag en Versoeningsdag) die feesrede gevoer. Hiervoor het sy 'n Voortrekkerrok en -kappie aangetrek en vir die feesgangers gesê: "U wonder seker watter reg ek, 'n Amerikaanse vrou, het om u op hierdie, u eie volksdag te kom toespreek? Wel, laat my u sê: Ek dink ek het amper meer reg as u, want sien, u is Afrikaners van geboorte, ek is 'n Afrikaner uit vrye keuse. Ek mag kies! En u pragtige, soetklinkende taal het ek ook my taal gemaak" (Meiring 1981:425–426). Van der Watt (1996: paragraaf 15) en Brink (1990: paragraaf 46) wys daarop dat Afrikanervroue oor die hele spektrum met die volksmoederideaal geïdentifiseer het – hulle wou die volk waardig wees. Selfs Linde, as 'n gebore Amerikaner, het hierdie ideaal haar eie gemaak.

Anna het haar teologiese opleiding en sendingagtergrond in haar rol as predikantsvrou ingespan en dit wyer as die pastorie uitgeleef. Alhoewel sy nie amptelik as predikant kon werk nie, het sy nie haar roeping verloor nie.

AL: Ek het werklik gevoel my roeping en my taak het nie afgesluit toe ek uit die Kongo weg is nie, maar dat dit deel van my lewe moet bly. En in Natal was dit 'n baie wesentlike deel van my taak om belang te stel in die bevordering van die Koninkryk van God. En vandat ons in die

Transvaal gekom het, het ek ook soveel as moontlik my aandag aan sending gegee. Na ons in Pretoria gekom het, was dit my voorreg om vir 22 jaar op die Hoofbestuur te dien van die Vrouesendingbond en vir 16 jaar was ek die Presidente daarvan en baie van my tyd is gegee aan ons twee sendingvelde, Maandagshoek in Klipspruit asook plaaslike sendingwerk.

Haar seun Hans Linde vertel dat sy buiten haar werk in die Vrouesendingbond ook betrokke was by verpleegstersbearbeiding in Pretoria.

HL: Toe my Pa nou uit Riviera weg is en Sondagskoolsekretaris geword het, toe het die Kerkraad nou vir haar gevra, as iemand wat hulle geken het, om die verpleegstersbearbeiding waar te neem in Pretoria. Sy het vir 7 jaar lank, van 1954–1961, in al die hospitaalinrigtings in die stad, en daar was 'n stuk of 12–14, die verpleegsters-bearbeiding gedoen. Sy het persoonlike besoeke ook gedoen of sy was vir spreekkamertye beskikbaar, maar hoofsaaklik het sy nou diensies gehou. Sy het 'n sekere aand van die week op 'n sekere plek en elke tweede week op hierdie plek ... En sy het, ek weet nou nie die presiese getal nie, maar dit was ver oor die 300 sulke dienste, wat sy per jaar vir die verpleegsters gehou het. Sy het gewikkel. Sy het drie, vier, vyf per week gehou om by al die verskillende punte uit te kom.

Verder het sy vir tien jaar op die *Young Women's Christian Association* (YWCA) se nasionale raad gedien en vir 5 jaar op die Hospitaalraad van die destydse H.F. Verwoerd Hospitaal (nou: Pretoria Akademies).

Sy was ook baie jare lank voorsitter van die destydse Vrouediens (of Vrouehulpdiens, soos dit genoem is) en die komitee wat jaarliks die Wêreldbiddag vir vroue gereël het. Haar tweetaligheid en teologiese opleiding het haar besonder bekwaam gemaak vir hierdie rol. Sy het jaarliks hierdie dienste gelei en selfs die oggendgodsdiens op hierdie dag oor die radio gelei. Sy het dit tot drie jaar voor haar dood waargeneem (NG Kerk Jaarboek 2000:342; Viljoen 2006; Linde 2006; Meiring 1981:426). Anna kon dus sonder enige probleme vir vroue preek!

#### 2.1.4.1 Genoeg ruimte om haar roeping uit te leef?

Die rol van predikantsvrou is tot laat in die twintigste eeu as 'n besondere roeping en selfs beroep beskou. Dit blyk duidelik uit die huldeblyke oor Anna Linde. In geeneen van die geskrewe materiaal oor haar lewe word die feit betreur dat sy nie as predikant in die NG Kerk werksaam kon wees nie. In twee stukke wat deur mans geskryf is, word daar uitgelig dat sy "voluit predikantsvrou van die NG Kerk geword" het en dat sy haar "volle gewig by haar man se kerk en werk ingegooi" het (Smith 1981:423; NG Kerk Jaarboek 2000:342). Haar beroep word aangedui as 'n "Afrikaanse predikantsvrou" (Smith 1981:423). In die oë

van die manlike skrywers was haar rol as predikantsvrou dus die belangrikste aspek van haar lewe. In ’n koerantberig oor haar afsterwe word daar ook gemeld dat sy beter bekend was as “mev. ds. J.F. Linde” (Die Kerkbode 1981). Hiervolgens was sy dus onder haar man se naam bekend – byna soos Lot se vrou.

In ’n huldeblyk wat deur ’n vrou geskryf is, word daar wel melding gemaak van die feit dat sy ’n bevestigde predikant (in die Presbiteriaanse Kerk) was én dat hierdie kwalifikasie, saam met die feit dat sy ’n predikantsvrou in die NG Kerk was, haar volgens die skrywer besonder geskik gemaak het om voorsitter van die komitee van die Wêreldbiddag vir Vroue te wees (Meiring 1981:426).

In die lig van die latere toelating van vroue tot die besondere ampte, wonder ’n mens of Anna Linde ooit daarna verlang het om as bevestigde predikant te werk en of die vele terreine waarop sy haar uitgeleef het en die nie-amptelike Woordverkondiging en ander diensterreine vir haar genoegsaam was om haar roeping uit te leef. In die kassetopname waarin sy haar lewensverhaal vertel, sonder sy dié tydperk waarin sy sendingwerk in die Kongo gedoen het, uit as “van die gelukkigste (jare) wat die bediening betref” (Linde 1978). Dit is opmerklik dat sy hierdie opmerking vyftig jaar ná haar sendingwerk in die Kongo gemaak het! Dit moes beslis ’n besondere indruk op haar gemaak het. Haar ware gevoelens oor die feit dat sy nooit as predikant van die NG Kerk bevestig kon word nie sal ons altyd ontwyk, maar haar seun, dr. Hans Linde, laat hom só hieroor uit:

HL: Jy vra of sy ooit teleurgesteld was dat sy nie as geordende in die NG Kerk kon wees nie? Ek glo nie die gedagte het ooit by haar opgekom nie. Ek dink sy het die nuwe situasie in ’n nuwe land doodgewoon aanvaar en geleenthede gesoek om diens te lewer en geleenthede gekry om dienste te lewer, te preek, pastorale werk te doen en so meer. Ek glo nie sy het ooit gedink daaraan dat sy dit in ’n geordende hoedanigheid kan doen nie. Daai tyd was dit nooit, daar is nie eers oor gepraat nie ...

... Sy was so besig om diens te lewer en geleenthede te benut, dat ek glo nie sy het ooit daaroor getob nie. Ek het dit nooit by haar gehoor nie.

Hans Linde kon ook nie onthou of sy ouers ooit oor die saak met mekaar gepraat het nie. Hy het ook nie regtig geweet wat sy pa se gevoel oor vroue in die besondere ampte was nie, bloot omdat dit nie ’n onderwerp was waaroor gepraat is nie.

HL: Nee wat, daai jare toe hulle aktief in die bediening was, was die gesprek nog nie aan die gang nie. Hulle het wel gepraat oor Jeanne Viljoen wat toe die studie gedoen het, en nou ja, toe nie

> georden kon word nie. Maar dit was meer in terme van, dit is nou interessant dat 'n vrou nou die studie doen, maar dit was nooit 'n debatspunt of 'n punt van bitterheid nie.

Dat sy haar wel volledig met haar rol as predikantsvrou vereenselwig het, blyk uit die feit dat sy na haar man se aftrede 'n vereniging vir die vroue van afgetrede predikante in Pretoria gestig het (Linde 2007). Die naam van hierdie vereniging, die Marta-Maria-kring, spreek boekdele oor haar eie lewe. Sy was 'n dienende vrou, maar ook 'n dissipel wat grense deurbreek het deur aan die voete van die Here te gaan sit en luister. Sy was tot haar dood toe voorsitter van die groep.

Soos reeds in hoofstuk een vermeld het Anna Linde, alhoewel sy nie as NG Kerk-predikant opgelei was nie, tog deur die besondere uitlewing van haar roeping in haar rol as predikantsvrou gewys watter waardevolle bydrae 'n vrou met teologiese opleiding in die NG Kerk kan maak. Daarby het sy besondere leierseienskappe gehad en nie geskroom om op vele terreine leiding te neem nie. Gesien in die lig van die tydvak waarin sy haar nuwe roeping uitgeleef het, is dit tog merkwaardig. Dit is opmerklik dat sy egter nie 'n kampvegter of openlike voorstander van vrouepredikante was nie. Enersyds was die saak gedurende haar bedieningstyd as predikantsvrou nog nie op die kerk se agenda nie. Dit het eers aan die einde van haar en haar man se bedieningstyd op die Algemene Sinode se agenda gekom. Andersyds is dit duidelik dat haar rol as predikantsvrou vir haar genoegsame ruimte gebied het om haar uit te leef. Sy het baie geleenthede gehad om te preek en boodskappe te gee – weliswaar net vir vroue – maar dit was ten minste 'n "kansel".

## 2.2 JEANNE VILJOEN IS NET TOEGELAAT TOT OP 'N PUNT

1944 is 'n belangrike datum in die verhaal van vrouepredikante. Die Vrystaatse Sinode het in hierdie jaar oor die plek van vroue in die kerk nagedink en hiermee het die saak amptelik op die kerklike agenda geland. Die ring en predikante van Bloemfontein het twee voorstelle na die sinode gebring waarin gevra is dat die amp van die Nuwe Testamentiese diakones weer in ere herstel sal word en as hulpdiens ingestel word met die oog op die ernstige toestande en vraagstukke van minderbevoorregtes in die dorpe en stede. Hierdie voorstel is egter deur die sinode verwerp (NG Kerk Vrystaat 1944:266,468–469). Hulle was die eerste kerklike vergadering wat oor die saak begin besin het. In 1948 was daar weer so 'n versoek

wat uiteindelik in 1952 goedgekeur is.[8] Later meer oor die funksionering van die diakonesse. Dit was ook die jaar waarin die eerste vrou in die NG Kerk haar teologiese studies aan ’n teologiese fakulteit begin het.

### 2.2.1 Geïnteresseerd in Grieks

Jeanne Viljoen (néé Fourie) is in 1925 in Cradock gebore. Die gesin het daarna na die distrik Sannieshof verhuis waar haar pa verskeie plase besit het. Sy het matriek aan Potchefstroom Girls High geskryf waar sy onder andere Latyn en Grieks as vakke geneem het. Na afloop van haar skoolopleiding is sy aan die Universiteit van Pretoria vir ’n B.A.-graad ingeskryf waar sy weer Grieks en Latyn geneem het. Op aanbeveling van prof. E.P. Groenewald het sy met die volle teologiese kursus (B.D.-graad) voortgegaan. Saam met haar was daar dertien teologiese studente in haar jaargroep. Haar teenwoordigheid in die teologiese kursus is verdra omdat almal in elk geval geweet het dat die kerk se deure vir vroue toe is. Sy was geen bedreiging nie en kom daarom sonder enige probleme deel van die groep word.

DV: Daar was nooit, nie by die professore of iemand ’n probleem dat sy teologie loop nie. Almal was maar bewus gewees dat sy sal nie aangaan nie. En sy ook. Sy was heeltemal bewus daarvan, sy loop die teologiese kursus en ... daar is dit.

Sy het saam met haar man, Dirk Viljoen, die graad B.D. met lof ontvang, maar kon nie die proponentsjaar voltooi nie (Viljoen 2006; Begrafnisbrief 1975; *Sarie Marais* 1951).

DV: Daai tyd het die kerk dit vir haar duidelik gesê dat daar nie eers sprake is dat die vrou op die kansel sal wees nie ... Toe moes sy natuurlik agterbly.

Jeanne het toe saam met dr. Beyers Naudé, studenteleraar, onder die studente as “studentebearbeidster” gewerk en voortgegaan met ’n M.A. in Grieks (Viljoen 2006; Begrafnisbrief 1975). Later sou meer dames wat teologie studeer het, in universiteitskoshuise en verpleegterstehuise werk.

### 2.2.2 Háár roeping geld nie

Na afloop van haar man se legitimasie is hulle getroud en het hy by ’n gemeente in Brits gaan afloswerk doen. Daarna was ds. Dirk Viljoen in verskeie gemeentes werksaam totdat

---

[8] Die stelling in *NG Kerk 350*, dat die Vrystaatse Sinode vroue reeds in 1944 as diakonesse toegelaat het, is dus nie korrek nie (vgl. Landman 2002b:214).

hy in 1973 predikant in sinodale diens van die NG Kerk in Transvaal geword het. Gedurende hierdie tyd het Jeanne haar plek as predikantsvrou volgestaan.

DV: Sy was nou saam met my in al die gemeentes en sy het gewoonlik die Kinderkrans vir haar rekening geneem en die sustersbidure en die CSV en sulke goed. En so hier en daar, sy het ’n paar keer gepreek, onder my toesig. Dan is daar ’n Wêreldbiddag (vir Vroue), dan het mense vir ’n groot aardigheid gekom.

Alhoewel ’n groot gedeelte van die argumente teen die toelating van vroue tot die amp van predikant oor die verbod om te mag leer en regeer gegaan het, was dit skynbaar nooit ’n probleem as ’n vrou ander vroue leer nie. Sy mag vroue in Bybelstudies geleer het en die eerste twee vrouepredikante kon sonder ’n probleem die dienste tydens Wêreldbiddag vir Vroue gelei het. Dit is egter hartseer dat mense na ’n vrou kom luister vir die aardigheid en nie oor die geleentheid om na die verkondiging van die Woord te luister nie.

Vroue se persoonlike roeping is in ’n tydvak waar die diskoers van volksmoeder prominent was, nie ernstig geag nie soos blyk uit Dirk Viljoen se opmerking oor sy vrou se roeping. Hy het dit meer as ’n belangstelling as ’n roeping beskou.

DV: **Nee kyk, in daai tyd was daar nie eintlik sprake (van haar roeping) nie, dit was maar eintlik my roeping gewees.** Sy het maar meer in die kursus ingeval omdat sy baie geïnteresseerd was in die teologie. Maar daar was nie daai tyd sprake dat iemand geroep kan word nie, ’n vrou altans, vir die bediening nie ... [My beklemtoning donkerder gedruk – EPB]

Dit het nie net in die teologiese wêreld gebeur nie. Maritz (2004:51–52) wys uit hoe Maria Louw, tweede vrou van D.F. Malan, predikant en eerste minister, ’n lewendige belangstelling in die politiek gehad het, maar na haar troue al haar ideale en ambisies prysgegee het. Later het politici soos Connie Mulder openlik gesê dat vroue polities ingelig moet wees, maar mans tuis moet ondersteun sodat hulle húlle openbare rol kan vervul (Maritz 2004:51).

Dieselfde verwagting is vir ’n baie lang tyd aan predikantsvroue gestel. In ’n boek oor predikantsvroue skryf Margie Smuts “die vrou van die predikant is nie alleen die persoon wat hom versorg en inspireer nie, maar sy moet ook haar liefde en hulp toon deur hom voortdurend tot die hoogste uit te daag ... Een van haar take is tog om haar man te beskerm, en te probeer help om sy taak effektief uit te voer ...” (Smuts 1981:24–25).

Later in dieselfde boek brei sy in ’n hele hoofstuk uit oor die arbeidsterreine in die kerk waarby “die susters” betrokke moet wees, naamlik Evangelisasie, Jeugsorg, Diens van Barmhartigheid, Sending en Leer- en Aktuele Sake. Sy gaan ook van die standpunt uit dat die predikantsvrou verantwoordelikheid moet neem vir die insameling van fondse vir die gemeente. Verder sien sy dit as die predikantsvrou se taak om die voorsitter van die Vroue-aksie te wees wat “slegs in tyd van ernstige siekte of ander oorkoomlike omstandighede hierdie heerlike plig aan iemand anders” kan delegeer (Smuts 1981:76, 83–102). Hier is geen sprake van haar eie roeping nie, inteendeel, die boek veronderstel dat geen predikantsvrou ’n eie beroep mag beoefen nie. Hierdie rolverwagting is baie diep ingebed by predikantsvroue. Terwyl ek deur bogenoemde boek gelees het, het ek op ’n notatjie afgekom van iemand wat die boek voor my uitgeneem het. Dit was duidelik ’n predikantsvrou. Na aanleiding van die inhoud van die boek het die betrokke persoon ’n lysie van haar take gemaak. Alles op die lysie sentreer rondom haar man, gemeente en huishouding. Daar is nêrens sprake van enige persoonlike roeping of ’n eie beroep nie.

Binne die sosiaal-konstruksionistiese epistemologie speel sosiale en kulturele diskoerse ’n belangrike en invloedryke rol. Brits (2006:41) wys daarop dat daar moeilik van die diskoerse wat tot “dominante stories” binne ’n gemeenskap ontwikkel het, afgewyk kan word. Hierdie verhale bepaal as’t ware hoe die wêreld daar moet uitsien. Sulke diskoerse kan volgens hom ook as die waarheid funksioneer en in die proses verhoudings tot magsverhoudings verhef wat die verhoudings binne daardie gemeenskap organiseer en reguleer. Een van die dominante diskoerse gedurende die tydperk 1944–1970 en selfs verder aan, was die diskoers van volksmoeder wat reeds uitgewys is. Historici het bepaal dat daar ’n belangrike verborge agenda onderliggend aan die diskoers van volksmoeder was, naamlik dié van mag en beheer oor vroue. Die diskoers is eintlik volgens McClintock paradoksaal – aan die een kant erken dit die mag van wit moederskap en aan die ander kant word hierdie ikoon se magte beperk tot huishoudelike diens (Van der Watt 1996: paragraaf 18). Die rol van ’n predikantsvrou het perfek binne hierdie diskoers geval. Sy was grootliks beperk tot huishoudelike diens en ondersteuning en in die kerk was sy onder die mag en beheer van mans. Dit sou werklik moed verg om teen hierdie diskoers in opstand te kom of om dit te probeer verander.

Ds. Dirk Viljoen het hom daarvan weerhou om ’n kampvegter vir die toelating van vroue tot die predikantsamp te wees. Alhoewel sy vrou en dogter beide teologie studeer het, het hy nie aan die kerklike debatte rondom die saak deelgeneem nie.

DV: ... ek was te betrokke ... ek het maar altyd bietjie stilgebly, want ek wil nou nie vir my eie vrou pryk nie ... Hulle sal in elk geval vir my sê: "Jy is bevooroordeeld". Nee, ek het maar nie deelgeneem nie. Nee wat, ons het dit aanvaar, so is dit en ons het nie baie daarteen geskop nie en net aangegaan ... Ek het nou nie spesifiek daarin belanggestel nie. Ek het nie daaraan gedink nie. Nee wat, ek het baie meer ander goed gehad om oor te *worry*.

Jeanne Viljoen het nooit die geleentheid gehad om haar diepste roeping uit te leef nie. Sy is op 49-jarige ouderdom as gevolg van swak gesondheid oorlede (Viljoen 2006). Sy het toe reeds geweet dat haar dogter, Jeanne Fourie, ook in die teologie belangstel. Ten tye van haar dood was Jeanne reeds besig met haar voorgraadse studies. In haar begrafnisbrief is ’n stukkie gepubliseer wat sy vir Vroue-aksie se blad twee jaar voor haar dood geskryf het. Dit was woorde wat iets van haar lyding vertel het, maar ook iets van ’n dieper worsteling waarvan net sy geweet het. Sy sou nooit haar eie gevoel kon weergee oor haar roeping wat sy nie kon uitleef nie.

> En nou maak dit hier binne seer ... dis asof alles wat ek ooit besit het, altyd afgesny word. Vinnige, seker snye met die ritme van die sekel .. simbool van my vroeë donker dood ... ek wou lééf en my wese was deurweef met ’n gedurige ontworsteling uit één bestaan na ’n ander. Ek het met skugter eerbied die lewe aangeraak .. ek het wolke en wind geken, ek het saamgelag ... wanneer ek deel was van die sonlig-lewe om my; ek kon pyn voel ...
>
> (Jeanne Viljoen soos aangehaal in haar begrafnisbrief 1975).

# 3. DIE GROTER LANDKAART: 1962–1977

## 3.1 TOENEMENDE ISOLASIE EN INTERNE ONRUS

Republiekwording in 1961 het teen die agtergrond van die groter dekoloniasieproses in Afrika plaasgevind waarin voormalige kolonies een na die ander onafhanklikheid verkry het. Waar hierdie nuwe onafhanklike state hulle plek in die internasionale gemeenskap ingeneem het, is die Republiek van Suid-Afrika toenemend geïsoleer vanweë sy apartheidsbeleid. Suid-Afrika het in 1961 uit die Statebond bedank en na die Sharpeville-opstande uit die Kommissie vir Tegniese Samewerking in Afrika, suid van die Sahara geskors (Van Aswegen 1986:293). Teen 1966 het die druk om Suid-Afrika uit die VVO en ander belangrike internasionale liggame te skors, al hoe groter geword. Terrorisme-aanvalle

vanuit Suid-Afrika se buurlande het 'n al hoe groter werklikheid geword en kommunistiese lande het vryheidsbewegings in Afrika ondersteun en van wapens voorsien. In die lig van dié gevaar was dit dus vir Suid-Afrika noodsaaklik om goeie betrekkinge met ander lande in Afrika op te bou, ekonomiese hulp te verleen en te sorg vir politieke stabiliteit (Van Aswegen 1986:295).

Vanaf 1966 het daar ook 'n internasionale dispuut rondom Suid-Afrika se beheer oor die destydse Suidwes-Afrika (nou: Namibië) ontstaan. In 1973 het die Verenigde Volke-organisasie (VVO) Suid-Afrika se teenwoordigheid in Suidwes-Afrika onwettig verklaar en die *South West African People's Organisation* (SWAPO) as die enigste wettige verteenwoordiger van Suidwes-Afrika se bevolking erken. Teen 1973 was daar 'n gewapende stryd tussen SWAPO en Suid-Afrika aan die gang (Van Aswegen 1986:297).

Interne onrus is aanvanklik deur streng wetgewing beheer soos om verdagtes vir al hoe langer tydperke sonder verhoor aan te hou, die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme wat huisarres toegelaat het en streng sensuurmaatreëls (Davenport 1986:303–304; Giliomee 2004:485). H.F. Verwoerd het gepoog om tuislande te ontwikkel, maar hy en sy regering het nie gesorg dat daar genoegsame ekonomiese ondersteuning en ander noodsaaklike beplanning soos streekontwikkeling plaasvind nie. Verwoerd is in 1966 deur Dimitrio Tsafendas, 'n bode van die Parlement, doodgesteek en deur B.J. Vorster as Eerste Minister opgevolg (Giliomee 2004:484–489).

Vorster het Verwoerd se beleid voortgesit en hom toegespits op die daarstelling van tuislande vir swart mense. Transkei het in 1976 en Bophuthatswana in 1977 onafhanklik geword. Die Ciskei en Venda het onderskeidelik in 1979 en 1981 gevolg. Swart mense wat burgerskap van hierdie tuislande gehad het en die taal van die betrokke tuisland gepraat het, het hulle Suid-Afrikaanse burgerskap verloor (Davenport 1986:305).

Intussen het verset in swart woonbuurte opgebou en in 1976 tot uitbarsting gekom met die Soweto-opstande. Die verpligte gebruik van Afrikaans as onderrigmedium was die finale vonk in die kruitvat. Konfrontasie het uitgebreek en sowat 700 swart mense het gesterf. Die onrus in skole het tot in die tagtigerjare voortgeduur. Die politieke onrus is aangewakker deur die dood van Steve Biko in 1977 terwyl hy deur die Veiligheidspolisie aangehou is (Davenport 1986:305–306).

Die posisie van bruin mense is in 1973 deur die Theron-kommissie ondersoek wat onder andere aanbeveel het dat bruin mense volgens meriete by blanke sportspanne ingesluit moet word en dat na hulle grondwetlike regte gekyk moet word (Davenport 1986:309).

## 3.2 1962–1977: DIE HOOGBLOEI VAN APARTHEID

**Tabel 7: Tydlyn 1962–1977**

| Jaargang → Kategorie ↓ | 1962 | 1963–1967 | 1965–1967 | 1968–1969 | 1970–1974 | 1975 | 1976 | 1977 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Polities** | | 1964: Rivonia-verhoor. Nelson Mandela kry lewens-lange gevange-nisstraf | 1966: HF Verwoerd word vermoor *** 1966: Distrik Ses word as blanke woonbuurt verklaar | 1969: Verteen-woordig-ende Kleurling-raad word ingestel *** 1969: HNP kom tot stand | 1970: NP wen verkiesing wees | 1974: NP verhoog sy meerder-heid in algemene verkiesing | Soweto-opstande | Steve Biko sterf in polisie-aanhou-ding *** Inligting-skandaal *** PFP kom as wit opposisie-party tot stand |
| **Ekonomies** | VVO stel sanksies teen SA in | | | | | | | |
| **Opvoed-kundig en kultureel** | | UPE word gestig | | RAU word gestig | 1974: 1820-Setlaars-monument in Graham-stad ingewy | Taal-monument in Paarl onthul | | |
| **Kerklik** | Eerste Algemene Sinode van NG Kerk | 1963: Christelike Instituut word gestig *** 1963: NGKA word gestig | | 1968: Eerste sinode van RCA | 1974: Ras, volk en nasie word gepubli-seer *** 1974: Jeug-tot-jeugaksie | | | |
| **Vroue** | | | 1965: Digter Ingrid Jonker pleeg selfmoord | | | | | |

| Jaargang → Kategorie ↓ | 1962 | 1963–1967 | 1965–1967 | 1968–1969 | 1970–1974 | 1975 | 1976 | 1977 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Ander** | | 1964: SA uit Olimpiese beweging geskors | 1967: Dr. Chris Barnard doen eerste hartoorplanting | | 1973: Sterrewag by Sutherland geopen | 1975: Eerste TV-uitsending in SA vind plaas | | |

(Uys 2007:304–306; Brown & Hofmeyr 2002:24–25)

## 3.3 NOG STEEDS "VROU EN MOEDER"

Die beeld van die Afrikanervrou as volksmoeder sou 'n baie lang tyd deurslaggewend wees. In die gedenkbundel wat met die ingebruikneming van die gerestoureerde Bloedrivierterrein in 1971 uitgegee is, word die vrou tydens die Groot Trek van 1838 weer eens in terme van "Vrou en Moeder" beskryf met 'n lynregte toepassing op die vrou van die twintigste eeu. Getruida Groenewald skryf in hierdie bundel onder andere:

> Die taak van die Christenvrou is toegespits op die vorming van haar kind, maar omvat ook oneindig méér in die samelewing waar die soewereiniteit van vader en moeder in hulle eie huis steeds ondermyn word deur hulle wat saamsweer om te heers oor die gees van die mens. In radeloosheid, omdat sy nie langer die teuels kan saamvat en styfhou nie, gee meninge moeder haar gesag en haar verantwoordelikheid prys. In 'n Christenvolk kan so 'n verlies nie geduld of bekostig word nie. Die bresse moet geheel word – nou!
>
> (Groenewald 1971:71)

In hierdie toespraak kan duidelik gesien word dat die rol van die Christenvrou tot haar huis verskraal word met die oog op die opbou van die volk. Die feit dat hierdie bundel deur die NG Kerk uitgegee is, maak dit verder betekenisvol. As die rol van 'n Christenvrou tot haar huis beperk was, sou die kerk nog nie gereed wees om vroue 'n leidende rol in die kerk te gee nie!

Vroue se rol is ook vanuit ander oorde tot die huis beperk. Die bekende skrywer Alba Bouwer het in 1974 tydens 'n toespraak by die Vroueklub van die Parlement gesê: "Ons Boermense glo gelukkig nog aan die huwelik as instelling en aanvaar dat die man die hoof van die gesin moet wees, omdat dit fisiologies, sielkundig, ekonomies en prakties natuurlik is" (soos aangehaal in Maritz 2004:46). Die sogenaamde "natuurlike" rolle van mans en

vroue het ook sterk in kerklike argumentasie gefunksioneer wanneer daar oor die toelating van vroue tot die besondere ampte geredeneer is. Maritz (2004:46–64) is van mening dat die patriargale sisteem nie altyd noodwendig deur mans afgeforseer is nie, maar wel deur hulle veronderstel is en op ’n subtiele wyse bevestig is deur vroue se unieke rol as tuisteskepper te bevestig, haar vroulikheid te besing, die verskille tussen mans en vroue uit te lig en haar as bewaker van die volk uit te beeld. Die ekonomiese welvaart wat die Afrikaner vanaf die sewentiger jare begin beleef het, het dit vir baie vroue moontlik gemaak om nie te werk nie. Dieselfde Alba Bouwer het haar sterker oor die invloed van die ekonomiese welvaart op vroue se politieke betrokkenheid uitgelaat: “As ek van ons koerante en tydskrifte moet oordeel, bly die vroutjies teenswoordig baie besig om hulle voorkoms te versorg en om in ’n terrasrok op die patio te onthaal ...” (soos aangehaal in Maritz 2004:57).

### 3.3.1 Tipies manlik en tipies vroulik

Die diskoers van die Afrikanervrou as volksmoeder is ook van politieke kant af aangemoedig. Dr. Nic Diederichs, tóé Minister van Finansies en later Staatspresident, het tydens ’n simposium mans en vroue in terme van prominente eienskappe gekategoriseer en die verskille deurgetrek na hulle rol in die volk. Volgens hom het mans meer te doen met die “verstandelike” en het daarom meer te doen met die “uiterlike van die volk”. Vroue daarenteen het meer te doen met die “innerlike, die waardesy, die gevoelsmatige” en hierdie eienskappe maak van haar die “filtreerbuis” waardeur die volkslewe moet gaan om dit wat goed, edel en skoon is te behou (Maritz 2004:48). “U as vrou, u werk in die politiek ... u taak is veral om te help om die volk te bewaar ... om die innerlike wese van ’n volk veilig en onaantasbaar te hou om die gevare te voel kom en te waarsku sodat die man sy verstand sal gebruik om die middele te soek om die volk te verdedig en te bewaar teen die aanvalle wat dreig” (Diederichs 1974, soos aangehaal in Maritz 2004:52).

Diederichs se tipering van tipiese manlike en vroulike eienskappe is uit ’n Christelike oogpunt problematies. Sy onderskeiding impliseer dat vroue nie verstand het nie en slegs op gevoel funksioneer. Eerstens kan intellek nie aan geslag gekoppel word nie en tweedens hang sekere eienskappe grotendeels van die individu af, hetsy man of vrou. Jy kan mans kry wat meer gevoelvol is as vrouens en vice versa. Verder behoort goeie waardes regdeur die politieke proses gehandhaaf word.

Diederichs en senator De Klerk het tydens dieselfde simposium interessante opmerkings gemaak oor vroue wat hulle in ’n tipiese manswêreld soos die politiek begewe. Diederichs het gepleit dat vroue wat die “vuil” (sy tipering) politieke wêreld wel betree, dit soos vrouens moet doen en nie soos ’n man nie. Indien sy dit soos ’n man sou doen, sou sy haar gevoelsvermoë verloor (Maritz 2004:48–49). De Klerk het in ’n huldeblyk aan Tibbie Visser gesê dat sy haar vir die regte van vroue beywer het, maar “nie vir die mannetjiesvroue nie, maar die Afrikaanse vrou en moeder” (Maritz 2004:49). Ek is dit met Maritz eens dat die genoemde politici vroue probeer prys het en nie eers agtergekom het hoe patriargaal hulle in werklikheid is nie. Hulle sou die implikasies van hulle argumente – dat vroue byvoorbeeld nie goed is met die verstandelike nie – nie eers bevraagteken het nie. Die diskoers is só sterk in die samelewing gevestig dat dit nie nodig was om dit af te forseer nie. Die kerk het die diskoers versterk deur dit telkens teologies te bevestig en toe die vraag oor vroue in die ampte op die tafel gekom het, het die kerk dit nie net bevestig nie, maar met mening begin verdedig. Dit sal breedvoerig in die weergawes van die kerklike debatte uitgewys word.

### 3.3.2 Afrikanervroue leef hulleself binne vroue-organisasies met ’n kultuuroogmerk uit

Soos vroeër uitgewys, het die eerste vroue-organisasies hoofsaaklik op welsynswerk gefokus en saam met die kerklike organisasies was daar dus baie ruimte en geleenthede vir vroue om diens te lewer. In die sestiger- en sewentigerjare het nuwe vroue-organisasies met ’n ander fokus die lig begin sien. Intellektuele stimulasie en kulturele opbou het nou ’n groter rol begin speel alhoewel die uitlewing van die Christelike geloof by almal óf ’n voorwaarde vir lidmaatskap óf een van die doelwitte was.

Die Dameskring is op 18 Oktober 1967 deur Marthella Pretorius gestig nadat sy ’n goddelike openbaring gehad het toe sy Jesaja 6:8[9] gelees het. Die Dameskring het as ’n private en vertroulike organisasie gefunksioneer en nuwe lede kon slegs op uitnodiging aansluit. Hierdie lede is met groot omsigtigheid gekies en hulle invloed en leierskapsposisies was van kardinale belang. Hulle funksionering het grootliks met die destydse Broederbond ooreengestem. Die organisasie het haarself toegespits op die praktiese uitlewing van Christenskap, gesinswaardes, die Afrikaner se kultuur, geskiedenis

---

[9] Jesaja 6:8 (OAV): Daarop hoor ek die stem van die Here wat sê: Wie sal Ek stuur? En wie sal vir ons gaan? Toe antwoord ek: Hier is ek, stuur my.

en tradisies, geestelike weerbaarheid op verskillende lewensterreine en goeie menseverhoudinge met alle inwoners van Suid-Afrika (Maritz 2004:118).

Die vroue-organisasie, Dames Aktueel, het in 1977 as die openbare arm van Die Damekring begin funksioneer. Die aanvanklike doel was om die Afrikanerkultuur onder Afrikanervroue te bevorder, aktuele sake onder lede se aandag te bring en vroue op ’n geestelike vlak paraat te hou. Dames Aktueel se fokus kan saamgevat word in die intellektuele stimulasie en kulturele verryking van Afrikanervroue. Plaaslike takke se programme het egter die meeste van die tyd oor aktuele sake “in en om die huis” gehandel (Maritz 2004:114–115).

Jong Dames Dinamiek (JDD) is ook in 1977 as ’n kultuurorganisasie vir jonger vroue gestig. Die ouderdomsperk van die organisasie sou deur die jare heelwat verander. Aanvanklik kon vroue jonger as 33 jaar aan JDD behoort, later het die ouderdomsperk na 35 jaar, toe na 38 jaar verander en tans is dit 40 jaar.

JDD het in haar eerste paar bestaansjare Afrikaanse taal- en kultuurprogramme aangebied, aktuele besprekings oor sake van die dag gehou, klem gelê op die geestelike weerbaarheid van jong vroue, drumpelkursusse vir skoolmeisies aangebied en diensleweringsprojekte geloods (Marx 1980:4–5).

## 4. 1966: DIE VRAAGSTUK RONDOM DIE VROU IN DIE AMP KOM OP DIE TAFEL

Die saak oor die toelating van die[10] vrou in die amp het reeds tydens die tweede Algemene Sinode in 1966 op die tafel gekom.

Die Sinode van Midde-Afrika het die eerste tree hierin geneem deur te vra dat ’n studiekommissie ingaan op die saak rondom die posisie van die vrou in die amp sodat duidelike leiding aan die kerk daaroor gegee kan word. Die Sinode het dit so goedgekeur en

---

[10] Ten tye van die skrywe van hierdie proefskrif het verskeie vroue-akademici op verskillende plekke informeel beswaar gemaak teen die gebruik van die frase “die” vrou in die amp. Daar word gevra na wie die “die” presies verwys. As alternatief word gevra dat daar na slegs na vroue of ’n bepaalde groep vroue verwys word. By die bestudering van die Sinodale Agendas en Handelinge blyk dit dat die frase “die vrou” van die begin af gebruik is. Die GES gebruik die meervoudsterm “women” sonder ’n bepalende lidwoord. Ek verkies dit ook om nie die lidwoord te gebruik nie. Wanneer sinodale verslae aangehaal word, sal ek egter die terme gebruik wat die betrokke kommissie of vergadering gebruik het.

die Kommissie vir Leer en Protestantse Aksie het uiteindelik vir hierdie opdrag verantwoordelikheid geneem. Die kommissielede was prof. F.J.M. Potgieter (sameroeper), drr. J.T. Jordaan, W.D. Jonker, di. L.E. du Toit, J.F. du Toit, E.M. van Graan en S.J. Pieterse (NG Kerk 1966:387, 455, 556, 559).

Ds. E.M. van Graan het binne die kommissie die opdrag gekry om aan die vraagstuk rondom die vrou in die amp aandag te gee en kontak met persone soos dr. A. König, dr. J.A. Heyns en dr. P.B. van der Watt te maak (NG Kerk Kommissie Leer en Protestantse Aksie 1967:22). Daar is nêrens in een van die notules 'n aanduiding dat König en Van der Watt enige rol rondom hierdie saak gespeel het nie. Teen die volgende Kommissievergadering in 1968 is daarvan kennis geneem dat daar nog geen studiestukke ontvang is nie, maar dat die saak sal oorstaan tot na afloop van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode (hierna: GES; in Engels, *Reformed Ecumenical Synod* genoem en as RES in bronverwysings aangehaal) omdat hulle reeds besig is om 'n verslag hieroor op te stel. Daar is dus doelbewus 'n besluit geneem om na hierdie ekumeniese liggaam te draai vir leiding (NG Kerk Kommissie vir Leer en Protestantse Aksie 1968:27–28).

## 4.1 ANDER SAKE OP DIE AGENDA

In reaksie op die totstandkoming van die NG Kerk in Afrika in 1963 en die RCA in 1968, het hierdie Sinode ook breedvoerig aandag gegee aan die kerklike verhoudinge tussen die NG Kerk en haar "dogterkerke". Die Kommissie vir Leer en Protestantse Aksie se fokus was beslis nie op die saak van vroue gerig nie, maar wel op rasseverhoudinge. Gesien in die lig van die breër politieke gebeure en die opkoms van Afrikanernasionalisme was die fokus op sake soos ras, volk en nasie in die lig van die Skrif, gemengde huwelike en bevolksverhoudinge glad nie vreemd nie. Verder het hierdie sinode hom uitgespreek oor sake soos Sondagsport, die sterilisering van vroue, sede-ondermydende letterkunde, die hou van danse ten gunste van die Polisie se Weduweefonds en Sondagwette (NG Kerk 1966:120–179). Wat ander vrouesake aanbetref, is daar ook tydens hierdie sinode 'n oorkoepelende skakelkomitee vir al die Vrouehulpdienste gestig (Louw 2002:280).

# 5. NADENKE IN EKUMENIESE KRINGE

## 5.1 EKUMENIESE NADENKE KOM STADIG AAN DIE GANG

Die Gereformeerde Kerke in Nederland het tydens die vergadering van die GES van 1958 wat in Potchefstroom plaasgevind het, ’n beskrywingspunt ingedien oor die funksie van die amp in die gemeente. In die laaste sin van hierdié beskrywingspunt word gevra dat daar ook ingegaan word op die vraag of die Skrif vroue wel toegang verleen tot die amp. Die Sinode het ’n kommissie benoem om aandag aan hierdie beskrywingspunt te gee (RES 1958:24,199). Daar het klaarblyklik nie veel van hierdie beskrywingspunt gekom nie aangesien die GES, wat in 1963 in Grand Rapids vergader het, die opdrag herhaal het en ’n komitee benoem het met die mandaat om in die lig van die Skrif ondersoek in te stel na die algemene gereformeerde gebruik om vroue uit die verskillende besondere ampte uit te sluit (RES 1963:64). Waar die formulering van die 1958-opdrag positief gestel was en gevra het watter tekste vroue wel toelaat, is die formulering van 1963 negatief gestel. Die formulering van hierdie spesifieke opdrag sou vir latere kommissies van die GES uiters problematies word.

’n Verslag oor die toelating van vroue is uiteindelik tydens die 1968-byeenkoms van die GES hanteer (RES 1968:31–39;144–160,325–326). Vier van die komiteelede was Nederlands[11] en die ander lid was van Noord-Ierland[12] afkomstig. Die Noord-Ierse lid was nie regtig betrokke by die vergaderings rondom die saak nie en is slegs deur middel van briewe op hoogte gehou (RES 1968:144). Die verslag wat voor die GES gedien het, het uit die volgende afdelings bestaan:

- ’n Skriftuurlike besinning oor vroue in die ampte
- Sekere aspekte oor die rol van vroue in die vroeë kerk
- Die Reformasie oor vroue in die besondere ampte
- Praktyke in gereformeerde kerke

Ds. W.J. Grier was egter verantwoordelik vir dié deel van die verslag waarin die praktyke in gereformeerde kerke uiteengesit word (RES 1968:144).

---

[11] Professor C. van der Woude het as sameroeper opgetree en die ander Nederlandse komiteelede was ds. N. J. Hommes en proff. J.L. Koole en B.J. Oosterhoff.

[12] Ds. W.J. Grier was van Noord-Ierland afkomstig.

Interessant genoeg is daar ’n aanvullende bylaag tot die verslag wat die werk van die Vrouesendingbond in die NG Kerk en die rol van vroue in die GKSA kortliks uiteensit. Hoekom net hierdie twee lidkerke uitgesonder word in ’n aanvullende bylaag en nie saam met die ander lidkerke behandel word nie, is nie duidelik uit die verslag nie (RES 1968:156–159, 325–326).

## 5.2 DIE NG KERK LEUN SWAAR OP DIE GES-NADENKE

Die verslae wat tydens die Algemene Sinodes van 1970 tot 1978 gebruik is, het almal swaar geleun op die GES se verslag van 1968 en 1972 of baie daarna verwys. Daarom word die inhoud van beide verslae breedvoerig weergegee. Dit sal ook die volg van die argumentasie, wat tydens die gemelde sinodes gebruik is, vergemaklik.

Die Algemene Sinode van die NG Kerk het op 12 Oktober 1962 gekonstitueer en daarmee is die organisatoriese kerkverband herstel, byna 100 jaar nadat die afgevaardigdes uit die destydse Transgariep op 26 November 1862 die sinodale vergadering van die Kaapse Sinode (amptelik die NG Kerk in Suid-Afrika) moes verlaat. As verkleinde sinode *(synodus contracta)* was dit onder andere die taak van die Algemene Sinode om oor sake van gemeenskaplike belang te besluit wat ook die vereistes vir die opleiding van bedienaars van die Woord en sake rondom teologiese opleiding ingesluit het (artikel 43.3 en 43.4 van die Kerkorde) (Kleynhans 1985:76).

Reeds tydens die eerste Sinodesitting in 1962 is daar besluit om lid van die GES te word (NGK 1962:246). Lidmaatskap van hierdie ekumeniese liggaam is nooit gedurende die NG Kerk se ekumeniese isolasie as gevolg van die apartheidsbeleid opgeskort nie. Na die Cottesloeberaad het die NGK in Transvaal en die NGK in die Kaap in 1961 wel uit die Wêreldraad van Kerke (hierna: WRK) getree. Die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (WBGK), waaraan die NG Kerk sedert 1966 behoort het, het die NG Kerk se lidmaatskap in 1982 voorwaardelik opgeskort. Die enigste buitelandse kerk met wie die NG Kerk bande gehad het was die Gereformeerde Kerke in Nederland. Hierdie betrekkinge is egter gedurende 1978 beëindig (Strauss 1989:159).

Die NG Kerk se deurlopende ekumeniese bande met die GES verklaar haar sterk oriëntering in die sewentiger- en tagtigerjare op hierdie liggaam. Die sinodale verslae se woordelikse navolging van die GES se verslae en notules is tekenend hiervan.

## 5.3 'N SKRIFTUURLIKE BESINNING OOR VROUE IN DIE BESONDERE AMPTE

Vervolgens 'n bespreking van die Skriftuurlike besinning[13] van die GES oor vroue in die besondere ampte.

### 5.3.1 Ou Testament nie bruikbaar om vroue se rol te bepaal nie

Oor die algemeen het vroue nie amptelike funksies verrig gedurende die tye waarin die Ou Testament geskryf is nie. Die koning het meestal regeer. Tussen die profete het die mans die belangrikste rol gespeel en die feit dat geen profeteboek na 'n vrou vernoem is nie, spreek volgens die verslag boekdele. Die teenwoordigheid van profetesse soos Gulda[14] en Debora[15], die amptelike status en funksies van die koningin-moeder[16] asook die dienswerk wat sommige vroue in die heiligdom[17] verrig het, word tog erken. Die uitsluiting van vroue in die priesterlike amp word uitbalanseer deur die profesie in Joël 2:28–29 [18] (RES 1968:31–32, 144–145).

Dit is opmerklik dat die verslag dit stel dat die Ou Testament vroue prinsipieel nie verbied tot enige ampte nie. Ten spyte van al hierdie voorbeelde in 'n hoogs patriargale samelewing, is dit volgens die verslag nie genoegsaam om te bepaal of vroue in die Nuwe Testament en die vroeë Christelike kerk uitgesluit is van enige kerklike funksies nie en kan

---

[13] In die beskrywing van hierdie verslag en die amptelike besluitnemingsprosesse van die Algemene Sinode, sal so veel as moontlik van die Skrifgedeeltes wat in die argumente en verslae gebruik is, in voetnote weergegee word. Dit vergemaklik die volg van die volg van die debat. Hierdie Skrifgedeeltes maak immers deel uit van die geskiedenis. Ek gebruik aanvanklik die Ou Afrikaanse Vertaling (1933- en 1953-uitgawes) (hierna: OAV) by die aanhaling van die teksverse omdat dit die amptelike vertaling was ten tye van die opstel van die verslae. Die Nuwe Afrikaanse Vertaling, ook die 1983-vertaling genoem, (hierna: NAV) sal vanaf die verslae van 1986 gebruik word waar van toepassing.

[14] 2 Konings 22:14 (OAV): [14]Toe gaan die priester Hilkía en Ahíkam en Agbor en Safan en Asája na die profetes Hulda, die vrou van Sallum, die seun van Tikwa, die seun van Harhas, die klerebewaarder – sy het in Jerusalem in die Nuwe Stad gewoon – en hulle het met haar gespreek.

(Die naam Hulda word in latere vertalings as Gulda vertaal.)

[15] Rigters 4:4 (OAV): [4]En Debóra, 'n profetes, die vrou van Láppidot, het in dié tyd Israel gerig; ...

[16] Jeremia 13:18 (OAV): [18]Sê aan die koning en aan die gebiedster: Gaan baie laag sit, want julle hoofsieraad, julle sierlike kroon, het geval. (Die term "gebiedster" word in die NAV as koningin-moeder vertaal.)

[17] 1 Samuel 2:22 (OAV): [22]Maar Eli was baie oud, en as hy hoor alles wat sy seuns aan die hele Israel doen, en dat hulle gemeenskap hou met die vroue wat dien by die ingang van die tent van samekoms, ...

[18] Joël 2:28–29 (OAV): [28]En daarna sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle ou mense drome droom, julle jongelinge gesigte sien. [29]En ook op die diensknegte en op die diensmaagde sal Ek in dié dae my Gees uitgiet.

die Ou Testament ook nie regtig gebruik word om te bepaal wat die rol van vroue in die Nuwe Testament was nie (RES 1968:31–32, 144–145).

### 5.3.2 Die Evangelies bied nie ’n duidelike antwoord nie

In die verslag word die besondere posisie van Maria, die moeder van Jesus uitgelig, maar dit word opgeweeg teen die feit dat Jesus slegs mans as apostels verkies het. Tog word die vraag gevra of die apostolaat sonder meer op die bedieninge wat toe in die kerk funksioneer het, toegepas kan word. Sonder om ’n definitiewe antwoord te gee word ook gevra of Jesus doelbewus nie vroue gekies het om sodoende nie die Jode aanstoot te gee nie (vergelyk Matteus 17:27[19]).

Die Evangelies bied daarom volgens die verslag nie ’n duidelike antwoord op die vraag of vroue tot die bediening toegelaat kan word nie (RES 1968:32). Die bediening van vroue, soos dit in Lukas 8:1–3[20] uiteengesit word, is eerder ’n aanduiding dat dit in lyn met God se wil is dat vroue vir die behoeftiges moet sorg (vergelyk Matteus 25:40[21]) het.

Dit is ook in lyn met die opdrag wat Paulus in 1 Timoteus 5:8–10[22] gee (RES 1968:32, 145). Die taak wat so ’n vrou moet verrig is nie die mees opvallende nie, maar wel die karaktereienskappe wat iemand moet hê wat in ’n bediening staan.

### 5.3.3 Handelinge dui aan dat mans én vroue spesiale gawes ontvang het

Die boek Handelinge, wat die verhaal van die eerste Christelike gemeentes vertel, is positief jeens vroue. In die vroeë Christelike kerk is spesiale gawes aan mans én vroue

---

[19] Matteus 17:27 (OAV): [27]Maar dat ons hulle geen aanstoot mag gee nie, gaan na die see toe, gooi ’n hoek uit en neem die eerste vis wat opkom; en as jy sy bek oopmaak, sal jy ’n stater kry; neem dit en gee dit aan hulle vir My en vir jou.

[20] Lukas 8:1–3 (OAV): *Die vroue wat Jesus met hulle goed gedien het.* [1]En daarna het Hy die een stad en dorp ná die ander deurgereis en gepreek en die evangelie van die koninkryk van God verkondig; en die twaalf was saam met Hom, [2]ook sekere vroue wat genees was van bose geeste en siektes: Maria wat Magdaléna genoem word, uit wie sewe duiwels uitgegaan het, [3]en Johanna, die vrou van Gusa, ’n bestuurder van Herodes, en Susanna en baie ander wat Hom almal met hulle besittings gedien het.

[21] Matteus 25:40 (OAV): [40]En die Koning sal antwoord en vir hulle sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen.

[22] 1 Timoteus 5:8–10 (OAV): [8]Maar iemand wat vir sy eie mense, en veral sy huisgenote, nie sorg nie, het die geloof verloën en is slegter as ’n ongelowige. [9]Laat ’n weduwee gekies word, nie minder as sestig jaar oud nie, wat die vrou van een man gewees het [10]en getuienis het van goeie werke, as sy kinders grootgemaak het, gasvry gewees het, die voete van die heiliges gewas het, verdruktes gehelp en elke goeie werk nagestreef het.

gegee. Hiervan is Filippus se dogters[23] Priscilla[24] en Dorkas[25], wat die gawe van profesie ontvang het, 'n bewys (RES 1968:145–146).

In die Nuwe Testament is die lyn tussen die gawes (charisma) en bedieninge redelik vloeibaar, daarom kan daar nie argumenteer word dat die besit van besondere gawes nie verbind kan word met die besondere bedieninge nie. Die besondere bedieninge is volgens Handelinge 14:23[26] bedieninge waarvoor iemand gekies en bevestig of aangestel moet word (RES 1968:146). In Romeine 12:6[27] word daar in een asem melding gemaak van die gawe van profesie, bediening, lering en vermaning.

## 5.3.4 Die probleem rondom Paulus se uitsprake word anders benader

In die verslag word die problematiek rondom al Paulus se uitsprake op die tafel geplaas. Daar word nie detaileksegese oor die problematiese tekste gedoen nie, maar eerder 'n nuwe hermeneutiese sleutel bekend gestel waarmee die gedeeltes benader sou kon word. Die komitee het om die een of ander rede egter nie self die voorgestelde sleutel gebruik nie en die GES slegs met 'n voorstel en vraag gelos.

### 5.3.4.1 Paulus se positiewe erkenning van vroue as medewerkers

Aan die een kant is daar 'n hele rits tekste waar Paulus positief oor vroue en hulle geestelike werk is. In 'n teks soos 1 Korintiërs 11:5[28] word daar erken dat vroue kan bid en

---

[23] Handelinge 21:8–9 (OAV): [8]En die volgende dag het ons, die geselskap van Paulus, vertrek en in Cesaréa aangekom; en ons het ons intrek geneem in die huis van Filippus, die evangelis, wat een van die sewe *diakens* was, en by hom gebly. [9]En hy het vier ongetroude dogters gehad wat die profetiese gawe besit het.

[24] Handelinge 18:24–26 (OAV): [24]En 'n sekere Jood met die naam van Apollos, wat in Alexandríë gebore was, 'n welsprekende man, het in Éfese aangekom; en hy was magtig in die Skrifte. [25]Hy het onderrig ontvang in die weg van die Here; en vurig van gees, het hy gespreek en die dinge aangaande die Here noukeurig geleer, alhoewel hy net van die doop van Johannes geweet het. [26]En hy het vrymoediglik in die sinagoge begin spreek; maar nadat Áquila en Priscílla hom gehoor het, het hulle hom by hulle geneem en hom noukeuriger die weg van God uitgelê.

(Priscilla se naam word in die Grieks eerste genoem en dit word ook so in die verslag as argument gemeld. Die OAV het Áquila se naam eerste gesit.)

[25] Handelinge 9:36 (OAV): [36]En in Joppe was daar 'n sekere dissipelin met die naam van Tabíta, wat, as dit vertaal word, beteken Dorkas. Sy was oorvloedig in goeie werke en aalmoese wat sy gedoen het.

[26] Handelinge 14:23 (OAV): [23]En hulle het in elke gemeente vir hulle ouderlinge gekies, en hulle, ná gebed en vas, opgedra aan die Here in wie hulle geglo het.

[27] Romeine 12:6 (OAV): [6]En ons besit genadegawes wat verskil volgens die genade wat aan ons gegee is: [7]is dit profesie, na die maat van die geloof; of bediening, in die werk van bediening; of wie leer, in die lering; [8]of wie vermaan, in die vermaning; wie uitdeel, in opregtheid; wie 'n voorganger is, met ywer; wie barmhartigheid bewys, met blymoedigheid.

[28] 1 Korintiërs 11:5 (OAV): [4]Elke man wat bid of profeteer met iets op sy hoof, doen sy hoof oneer aan; [5]maar elke vrou wat bid of profeteer met onbedekte hoof, doen haar hoof oneer aan; want dit is een en dieselfde asof haar hoof geskeer is.

profeteer, sonder om dit af te keur. Die afkeuring gaan oor die hoofbedekking. In Romeine 16:1–3 erken Paulus in sy groet vir Fébé as dienares en Priscilla as medewerker. In dieselfde trant word Maria, Triféna, Trifósa en Pérsis as arbeiders vir die Here in Romeine 16:6 en 12[29] erken. In 1 Timoteus 5:13–16 (let veral op vers 9–10)[30] word weduwees tot dienswerk verkies en in Filippense 4:2–3[31] word Euódia en Síntiché as medearbeiders erken. Titus 2:3[32] erken die ouer vroue as leraresse (RES 1968:146).

Nêrens in een van hierdie gedeeltes word hulle dienswerk afgewys nie, maar slegs na die karaktereienskappe van arbeiders van die Here verwys of gevra dat hierdie persone ondersteun moet word in hulle werk (RES 1968:146).

#### 5.3.4.2 ’n Hermeneutiese sleutel vir die problematiese gedeeltes

Die twee tekste waarin Paulus hom negatief uitspreek teen vroue wat lerend of regerend in die kerk optree, is 1 Korintiërs 14:34–35[33] en 1 Timoteus 2:11–12[34]. Hierdie gedeeltes word meestal gebruik om aan te toon dat Paulus vroue verbied het om onderrig in die kerk te gee en daarom nie toegelaat kan word om die Woord te bedien nie. Verder word die tekste gebruik om te bewys dat vroue uitgesluit moet word van die regering van die kerk.

Die verslag toon ook aan dat die twee gemelde tekste egter nie gebruik kan word om vroue uit te sluit van die funksie wat diakens verrig nie. Die saak word verder bemoeilik deur die feit dat daar mense is wat van mening is dat hierdie tekste vroue nie heeltemal uitsluit uit bedieninge nie (RES 1968:147).

---

[29] Romeine 16:1–3, 6 en 12 (OAV): [1]Ek beveel by julle aan ons suster Fébé, wat ’n dienares is van die gemeente in Kenchréë, [2]dat julle haar ontvang in die Here, soos dit die heiliges betaam, en haar bystaan in elke saak waarin sy julle nodig mag hê. Want sy was vir baie ’n beskermster en ook vir my. [3]Groet Priscílla en Áquila, my medewerkers in Christus Jesus, ... [6]Groet Maria wat baie vir ons gearbei het. [12]Groet Triféna en Trifósa, vroue wat in die Here arbei. Groet Pérsis, die geliefde vrou, wat baie in die Here gearbei het.

[30] 1 Timoteus 5:9–10 (OAV): [9]Laat ’n weduwee gekies word, nie minder as sestig jaar oud nie, wat die vrou van een man gewees het [10]en getuienis het van goeie werke, as sy kinders grootgemaak het, gasvry gewees het, die voete van die heiliges gewas het, verdruktes gehelp en elke goeie werk nagestreef het.

[31] Filippense 4:2–3 (OAV): [2]Ek vermaan Euódia en ek vermaan Síntiché om eensgesind te wees in die Here. [3]En ek vra jou ook, opregte metgesel, wees hierdie vroue behulpsaam wat met my saamgestry het in die evangelie, ook saam met Clemens en my ander medearbeiders wie se name in die boek van die lewe is.

[32] Titus 2:3 (OAV): [3]Die ou vroue moet ook in hulle gedrag wees soos dit die heiliges betaam, geen kwaadspreeksters of aan baie wyn verslaaf nie, maar leraresse van wat goed is, ...

[33] 1 Korintiërs 14:34–35 (OAV): [34]Julle vroue moet in die gemeentes swyg; want dit is hulle nie toegelaat om te spreek nie, maar om onderdanig te wees, soos die wet ook sê. [35]Maar as hulle iets wil leer, laat hulle tuis hul eie mans vra, want dit is lelik vir vroue om in die gemeente te spreek.

[34] 1 Timoteus 2:11–12 (OAV): [11]Die vrou moet haar in stilte laat leer in alle onderdanigheid. [12]Ek laat die vrou egter nie toe om onderrig te gee of oor die man te heers nie, maar sy moet haar stil hou.

Daar word verder ook geredeneer dat beide gedeeltes in die lig van die totale leer van die apostel Paulus gesien moet word. Daar word 'n vraag gevra na die invloed wat 'n fundamentele teks soos Galasiërs 3:28, waar die gelykheid van man en vrou gestel word, op hierdie tekste van Paulus het. Volgens die verslag ontken Galasiërs 3:28 nie die ongelykheid of verskil tussen 'n man en vrou wat in die skepping gevind word nie. Paulus het die gedeelte geskryf in reaksie teen die Judaïsme wat vroue as minderwaardige wesens beskou het (RES 1968:147).

Dit is op hierdie punt dat die kritiese vraag gevra word of hierdie twee tekste regtig 'n altyd geldende verbod plaas op vroue in die bediening, en waar 'n nuwe hermeneutiese sleutel op die tafel geplaas word.

Aan die een kant kan die teks in die lig van die tydvak hanteer word. Hiervolgens toon 'n teks soos 1 Korintiërs 14:35 'n ooreenkoms met 'n teks soos 1 Korintiërs 11:13[35]. Gedurende die betrokke tydvak was dit nie gepas as 'n vrou in die publiek aandag trek nie. As die sogenaamde *morals of the time*-argument gebruik word, sou dit beteken dat Paulus se argument vandag net nog van toepassing sal wees op plekke waar vroue nog nie toegelaat word om 'n openbare rol te vervul nie. Dus, as die staat vroue sou verbied om te regeer, sou dit nie gepas wees as sy dit in die kerk doen nie en omgekeerd.

Hierdie tipe benadering bied geen bevredigende antwoord nie. Die wet waarna daar in 1 Korintiërs 14:34 verwys word, is die skeppingsbepaalde aard van die vrou soos opgeteken in Genesis 3:16[36]. Die verslag kom tot die gevolgtrekking dat die probleem eerder hanteer moet word in die lig van die spesifieke aard van die vrou, dit wil sê, soos sy geskep is en volgens haar natuur. Dit gaan dus nie oor 'n skeppingsbepaalde strukturele verhouding nie, maar eerder oor die skeppingsbepaalde aard van vroue. Die vraag wat gevra moet word is of die funksies in die kerk sal harmoniseer met vroue se spesifieke aard of natuur.

Hierdie voorgestelde sleutel word dan gebruik om 'n teks soos 1 Timoteus 2:11–13 te beoordeel. Volgens die kommissie is Paulus se argumentasie nie baie duidelik vir hulle nie. Ten spyte van die onduidelikheid is dit tog vir hulle wel duidelik dat Paulus se argumentasie by die besondere aard en kwaliteite van 'n vrou begin (vir my is hierdie

---

[35] 1 Korintiërs 11:13 (OAV): [13]Oordeel self: Is dit betaamlik dat 'n vrou met onbedekte hoof tot God bid?

[36] Genesis 3:16 (OAV): [16]Aan die vrou het Hy gesê: Ek sal grootliks vermeerder jou moeite en jou swangerskap; met smart sal jy kinders baar; en na jou man sal jou begeerte wees, en hý sal oor jou heers.

argumentasie glad nie duidelik nie – EPB). Daarom kan vroue slegs funksies verrig wat met hulle aard sal harmonieer (RES 1968:148).

Die gedeelte oor Paulus se sienswyse word egter met twee vrae afgesluit, naamlik of Paulus se beredenering nog vandag toegepas en as bindend beskou kan word. Verder word daar gevra of die aard van eredienste in die vroeë kerk dieselfde is as eredienste in die gereformeerde kader. In die vroeë kerk het die dienste meer 'n gesprekskarakter gehad teenoor die preekkarakter van gereformeerde dienste (RES 1968:149).

Ten spyte van die hermeneutiese sleutel wat voorgestel is, gee die verslag nie regtig 'n duidelike antwoord of verklaring op die tekste wat die sogenaamde swyggebod bevat nie. 'n Deeglike eksegetiese studie ontbreek in die verslag.

## 5.4 VROUE SE ROL IN DIE VROEË CHRISTELIKE KERK MET AGTERDOG BEJEËN

Vroue het in die vroeë Christelike kerk 'n belangrike rol gespeel. Baie van die vroeë Christelike en kerklike skrywers het die rol van vroue in hulle geskrifte uitgelig. So berig Policarpus en Tertullianus onderskeidelik in *ad. Phil.* 4 en *ad Uxorem*, 1.7 van 'n orde waaraan weduwees en maagde behoort het. Hierdie orde is die Altaar van God (*Thysiasterion tou Theou*) genoem en is gestig na aanleiding van die verwysing na weduwees wat gekies moet word om vir ander te sorg in 1 Timoteus 5:9.[37] Tertullianus beskryf die verskillende ampte in die orde as die biskoppe, diakens, weduwees en maagde. Daar is bewyse dat daar ook vroue was wat as diakens gedien het (RES 1968:149–150).

Die Romeinse skrywer, Plinius, berig weer op sy beurt aan die heerser Trajanus dat hy twee vroue in die *diakonia* ondervra het. Justinus, die martelaar, (in *Dial.c. Tryphone*, 88), Tertullianus (in *Apol.* 3) en Clemens van Alexandrië (in *Strom. III, 6, 53*) het die belangrike rol wat vroue in die verkondiging van Evangelie gespeel het in hulle werke uitgelig (RES 1968:150).

Nie-Christelike intellektuele en filosowe soos Celsus en Profrigus, het beide op 'n sarkastiese wyse na die kerk verwys toe hulle geskryf het oor die groot invloed wat vroue op die kerk het (RES 1968:150).

---

[37] 1 Timoteus 5:9–10 (OAV): [9]Laat 'n weduwee gekies word, nie minder as sestig jaar oud nie, wat die vrou van een man gewees het [10]en getuienis het van goeie werke, as sy kinders grootgemaak het, gasvry gewees het, die voete van die heiliges gewas het, verdruktes gehelp en elke goeie werk nagestreef het.

Gedurende die tweede eeu het vroue ’n groot rol in die Montanistiese, Gnostiese en Manicheistiese sektes gespeel. Dit het daartoe gelei dat die amptelike kerk ’n terughoudende houding jeens die invloed van vroue begin ontwikkel het en hulle later suspisieus in die oë van die kerk gemaak het. Eusebius en Hieronimus het breedvoerig hieroor geskryf. Ambrosius, wat onder die naam Pous Damasus (366–384) geskryf het, en een van die eerste kommentare oor Paulus se briewe geskryf het, het gesê dat die bevestiging van vroue in kerklike ampte of bedieninge as ’n fout van die Montanisme beskou moet word. Hierdeur het vroue in die gevegslinie teen ketters beland (RES 1968:150).

Die verslag meld ook dat dieselfde tekste wat in die huidige debat vir en teen vroue gebruik word, ook in die vroeë kerk gebruik is.

Die stryd oor vroue in die bediening het ’n lang en uitgerekte stryd geword. Kerke in die Ooste het ’n meer gematigde houding teenoor vroue gehad en vir ’n lang tyd vroue as diakens bevestig. Vroue kon as diakonesse dien tot ongeveer 1200 n.C. (RES 1968:152). In die westerse kerke is alle vroue na ’n fel stryd uit bedieninge verwyder. Die Konsilie van Oranje het in 441 n.C. bepaal dat geen diakonesse bevestig mag word nie (die *Diaconae omnimodo non ordinandae*) (RES 196:151).

’n Tweede faktor het bygedra tot die stryd teen vroue. Buiten die vrees vir ketters, was die Joodse diskriminasie en degradering van vroue ook ’n onderliggende beginsel. In die lig hiervan sou sommige skrywers dit betwyfel het of vroue enigsins as beeld van God beskou kon word (RES 1968:151).

In die derde plek het daar onsekerheid bestaan oor die interpretasie van tekste soos Handelinge 21:9[38] en 1 Korintiërs 11:4–5[39].

Vierdens het die sosiologiese struktuur van die samelewing van die dag, waar vroue se bydrae tot die openbare sektor baie klein was, nie bygedra tot ’n stil en onpartydige besinning oor die gegewens in die Woord oor hierdie saak nie (RES 196:151).

---

[38] Handelinge 21:9 (OAV): [9]En hy het vier ongetroude dogters gehad wat die profetiese gawe besit het.

[39] 1 Korintiërs 11:4–5 (OAV): [4]Elke man wat bid of profeteer met iets op sy hoof, doen sy hoof oneer aan; [5]maar elke vrou wat bid of profeteer met onbedekte hoof, doen haar hoof oneer aan; want dit is een en dieselfde asof haar hoof geskeer is.

## 5.5 DIE REFORMASIE OOR VROUE IN DIE BEDIENING

### 5.5.1 ’n Middeleeuse siening

Om reg te laat geskied aan die reformatore se siening oor vroue, moet daar eers stil gestaan word by die Middeleeuse siening wat oor vroue geheers het.

Onder die invloed van die askese is seksualiteit, die huwelik en vroue as minderwaardig geag. In 568 n.C. het die Konsilie van Auxerre vroue uit vrees vir besoedeling verbied om nagmaalsbrood met hulle kaal hande te neem. In 585 v.C. het die Konsilie van Macon die vraag bespreek of vroue as mense beskou kan word of nie. Thomas van Aquinas het gesê dat vroue in ’n staat van onderwerping en diensbaarheid aan die man moet leef en onbevoeg is om te heers (RES 1968:152).

Ten spyte van hierdie sieninge was vroue darem nie heeltemal verlore vir dienswerk in die kerk nie. Vroue het in kloosters saamgetrek en hulleself toegewy aan meditasie, lering en die versorging van die armes en siekes. Tog het die kerk aangehou om hulle uit enige amptelike dienswerk uit te sluit. In die Rooms-Katolieke kerk het die bevestiging tot ’n bediening ’n hoë posisie aan ’n persoon gegee, iets wat geen vrou beskore was nie (RES 1968:152).

### 5.5.2 Die Reformasie wyk van die asketiese ideaal af, maar is nie heeltemal bevry nie

Gedurende die Reformasie is daar afgewyk van die asketiese ideaal wat tydens die Middeleeue geheers het. Baie nonne het die kloosters verlaat en getrou. Vroue het hulle plek in die burgerlike samelewing begin inneem. ’n Vrou kon haar roeping nou in die huwelik en in haar gesin begin uitleef. Sy kon egter slegs haar invloed buite die gesin via haar man uitoefen. Dit was veral die vroue van geestelikes wat dit kon doen. Bekende figure wat so ’n invloed begin uitoefen het, was Catherine Booth, Idelette van Buren en Catherina Zell. Tog is hierdie vroue nie tot die amptelike bediening toegelaat nie (RES 1968:152).

#### 5.5.2.1 Luther sukkel om Middeleeuse kombers af te gooi

Luther het dit nie heeltemal reggekry om die Middeleeuse kombers van die vrou af te gooi nie. Hy het aan die begin nog gesê dat vroue meer toeganklik is vir bygelowe en nie in staat is tot openbare optrede nie. Hy het so ver gegaan om te sê dat hy ’n “manlike en geestelike priesterskap” bo ’n “sataniese bygelowige vroulike priesterskap” verkies (RES 1968:152).

Luther het eers later ’n leer van die algemene priesterskap begin verkondig waarvolgens elke Christen, man en vrou, geroep is op grond van hulle doop. Hiervolgens sou vroue ook die Woord van God kon verkondig en die nodige geestelike kwaliteite daarvoor kon besit. Uit die algemene priesterskap het ’n spesifieke bediening ontstaan, soos deur Christus self ingestel, en hiervoor was vroue nie geroep nie. Luther het sy siening gegrond op die feit dat vroue ondergeskik aan die man is volgens “die wet” (Genesis 2:18; 3:16[40]). Hy het ook swaar geleun op die sogenaamde swyggebod in 1 Korintërs 14:34 en 1 Timoteus 2:12. Hy het verder gesê dat ’n mens net in ’n noodgeval van hierdie gebooie sou kon afwyk soos wanneer daar geen man sou wees nie of waar geen man bereid sou wees om te preek nie of waar die gemeente slegs uit vroue sou bestaan (RES 1968:152−153)!

#### 5.5.2.2 Calvyn stel twee soorte diakens voor

Calvyn het grootliks met Luther saamgestem in soverre dit die swyggebod aangaan. Hy het die bediening van die Woord as die onderkoningskap in die kerk beskou en dit as ongewens beskou dat ’n vrou, wat ondergeskik aan ’n man is, hoof van die liggaam kon wees. ’n Vrou mag geen outoriteit of seggenskap oor ’n man hê nie. Volgens die verslag het Calvyn vroue tog onderwaardeer as hy die vrou as ’n toevoeging tot die man beskryf wat net daar is om hom (die man) te help en verder beskou word as ’n ondergeskikte hulp (RES 1968:153).

Net soos Luther het Calvyn in sommige omstandighede uitsonderings toegelaat. Maar Calvyn het dit ’n tree verder as Luther gewaag: Hy het die amp van diaken oopgemaak vir vroue op grond van Romeine 12:8 en 1 Timoteus 5:9 (Calvijn 1956:63−64). Hy het gepraat van diakonesse wat gekies het om in die kerk diens te lewer teenoor die armes en hulleself aan hierdie taak toe te wy (RES 1968:153−154).

Calvyn was van mening dat vroue wel diens kon doen as diakens omdat hulle “geen enkel ander openbaar ambt waarnemen, dan ze zichzelf gaven tot het dienen der armen”. In die lig daarvan behoort daar volgens hom twee soorte diakens te wees, naamlik dié wat die sake van die armes bestuur en dié wat die armes versorg. Die “beheerders van de openbare

[40] Genesis 2:18 en 3:16 (OAV): [18]Ook het die HERE God gesê: Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom ’n hulp maak wat by hom pas. (3)[16]Aan die vrou het Hy gesê: Ek sal grootliks vermeerder jou moeite en jou swangerskap; met smart sal jy kinders baar; en na jou man sal jou begeerte wees, en hý sal oor jou heers.

armenkas" se oorsprong, instelling en amp kan na Handelinge 6[41] herlei word (Calvijn 1956:63−64).

By die Konvent van Wesel (1568 n.C.) het Calvyn se *Ordonnances Ecclésiastiques* 'n groot rol gespeel. Calvyn het sy gedagte oor dubbele diakenamp in hierdie werk uiteengesit. Sy mening dat vroue wel diens kon doen as diakens, is egter nie in die *Ordonnances Ecclésiastiques* uiteengesit nie, maar het in sy Institusie verskyn. Tydens hierdie konvent is daar wel besluit dat vroue as diakens toegelaat mag word: "We hold that in those places where this will be suitable, women of trusty faith and of chaste conduct and of mature age, can likewise be admitted to this ministry, following the example of the apostles" (RES 1968:154).

Hierdie besluit het egter nie in die kerke grondgevat nie. Tydens die Sinode van Middelburg, wat in 1581 gehou is, is dié besluit bevraagteken. Daar is toe besluit dat dit nie raadsaam sal wees om diakonesse toe te laat nie. Die toelating van diakonesse sou tot ongemaklikhede lei. Indien siek vroue versorg moes word, wat nie as 'n betaamlike werk vir 'n diaken beskou is nie, moes dit deur huisvroue of ander mense wat hiervoor geskik is, gedoen word. Volgens die verslag is dit onduidelik wat die ongemaklikhede is waarna daar verwys word (RES 1968:154). Die besluit is dus nie op grond van beginsels geneem nie, maar bloot op grond van praktiese oorwegings.

### 5.5.2.3 Voetius as advokaat vir diakonesse

Voetius, skrywer van *Politica Ecclesiastica*, se standpunt het grootliks met dié van Calvyn ooreengestem. Hy het op grond van 1 Korintiërs 11 en 1 Timoteus 2 gesê dat vroue ondergeskik aan mans is. Tog het hy die praktyk waar vroue in die huwelik as slawe beskou is of waar mans vroue geslaan het, afgekeur (RES 1968:154−155).

Voetius het 'n onderskeid getref tussen openbare en private byeenkomste. Vroue mag wel nie deelneem aan openbare byeenkomste deur stemreg, regering of die handhaaf van orde en dissipline nie (*publicum munus docendi*), maar kon wel by die huis deelneem aan gesprekke en selfs sulke byeenkomste lei (*exercitia pietatis*) (RES 1968:155)

---

[41] Handelinge 6:1−4 (OAV): [1]En in dié dae toe die dissipels vermeerder het, het daar 'n murmurering ontstaan van die Griekssprekende Jode teen die Hebreërs, omdat hulle weduwees in die daaglikse versorging oor die hoof gesien is. [2]En die twaalf het die menigte van die dissipels byeengeroep en gesê: Dit is nie reg dat ons die woord van God nalaat om die tafels te bedien nie. [3]Kyk dan uit, broeders, na sewe manne uit julle, van goeie getuienis, vol van die Heilige Gees en wysheid, wat ons oor hierdie nodige saak kan aanstel; [4]maar ons sal volhard in die gebed en die bediening van die woord.

Voetius kan as ’n advokaat vir diakonesse beskou word. In sy *Politica Ecclesiastica* erken hy dat daar wel diakonesse in die tyd van die apostels was (Romeine 16:1 en 1 Timoteus 5:10[42]). Hulle taak was om die armes, siekes en gevangenes te versorg. Hy het die praktyk dus voorgestaan op grond van die volgende redes:

- in navolging van die voorbeeld wat die apostels gestel het;
- op grond van die feit dat diakens nie met al die werk kan volhou nie,
- en omdat dit nie fatsoenlik vir manlike diakens sou wees om siek vroue of dogters te besoek nie.

Hy noem verder voorbeelde uit die vroeë kerk waar hierdie praktyk algemeen was en waar vroue selfs ander vroue gedoop het. Tog is hy van mening dat die kerk nie al hierdie praktyke hoef na te volg nie, tensy die situasie in die kerk dit vereis. (Dit blyk dus dat Voetius meer oorweging aan die praktyk as die beginsel sou gee – EPB). Hy het verder gemeld dat alhoewel diakonesse in gereformeerde kerke verdwyn het en byvoorbeeld nie in kerke in Frankryk gevind sou word nie, ’n mens wel diakonesse in Nederlandse kerke sou vind. Hy sluit sy betoog af met die woorde: “*quidni liceat subsidiarias eiusmodi diaconissas advocare*” – waarom kan dit nie toegelaat word om sulke diakonesse as hulp te ontbied nie? Die vereistes is volgens hom reeds duidelik in 1 Timoteus 5:6[43] uiteengesit.

Die kommissie sluit hierdie afdeling af met ’n opmerking dat diakonesse ’n amptelike kerklike funksie besit het omdat hulle amptelik verkies en bevestig is.

## 5.6 DIE PRAKTYK IN GEREFORMEERDE KERKE

Teen 1968 het 40 lidkerke van die Wêreldraad van Kerke reeds vroue in die bediening toegelaat. Teen dieselfde tyd het ’n groot aantal van die groter gereformeerde kerke reeds vroue toegelaat terwyl die kleiner kerke hulle teen die praktyk uitspreek.

Die Kommissie lys vervolgens ’n klomp kerke. Inligting oor die NG Kerk en die GKSA is in ’n aanhangsel in die verslag vervat.

Vervolgens ’n weergawe van die stand van sake in verskillende kerke soos in die verslag vervat:

---

[42] Beide teksverse is reeds vroeër aangehaal.

[43] Reeds aangehaal.

- Church of England

  Die aartsbiskop van Canterbury en York het in 1962 ’n kommissie benoem om die kwessie te ondersoek. Na drie jaar is ’n verslag van 60 000 woorde (ongeveer 200 getikte bladsye) gelewer. Die gevolgtrekking waartoe hierdie kommissie gekom het, was dat die toelating van vroue die Church of England sou verdeel en verhoudinge met die Rooms-Katolieke Kerk en die Ortodokse Kerk sou vertroebel. Daarom sou dit onwys wees om enige saak toe te laat wat hierdie eenheid kon verbreek. Volgens hulle gee die Nuwe Testament nie ’n duidelike antwoord hieroor nie en sou die toelating van vroue teen die tradisie van die kerk ingaan (RES 1968:156–157).

- Engelse Presbiteriaanse Kerk

  Hierdie kerk het reeds in 1956 haar deure vir vroue in die bediening oopgemaak (RES 1968:157).

- Church of Scotland

  Die Church of Scotland het tydens dié kerk se Algemene Sinode in 1966 met oorweldigende meerderheid besluit dat vroue wel as ouderlinge gekies mag word. Daar was min Skriftuurlike beredenering oor die saak en diegene wat die toelating van vroue voorgestaan het, het hulle opponente daarvan beskuldig dat hulle nie in voeling met die tendense van die tye was (RES 1968:157)!

- United Free Church of Scotland

  Hierdie kerk het vroue reeds kort na hulle ontstaan in 1929 tot die bediening toegelaat (RES 1968:157).

- Ander Engelse kerke

  Die Free Church of Scotland, die Free Presbyterian Church in Skotland en die Reformed Presbyterian Church het almal teen 1968 nog vroue uit die ampte in hulle kerke uitgesluit (RES 1968:157).

- Irish Presbyterian Church

  Hierdie kerk het ’n interessante onderskeid getref. Ten tye van die verslag het hulle vroue as ouderlinge toegelaat, maar nie as predikante nie (RES 1968:157).

- Ander kerke in Ierland

Die Reformed Presbyterian Church, Evangelical Presbyterian Church en die Free Presbyterian Church in Ierland laat nie een vroue as predikante toe nie (RES 1968:157).

- Presbyterian Church in the U.S.A.

Vroue is reeds sedert die 1920's tot ouderlinge verkies en in 1930 het die Algemene Sinode besluit dat die tersaaklike afdeling in die *Form of Government* só generies geïnterpreteer moet word dat sowel mans as vroue as ouderlinge en diakens kan dien. Daar is egter 'n skerp onderskeid getref tussen diakens en vroue wat as diakens dien, daarom was vroulike diakens ten tye van die verslag 'n redelike jong fenomeen in die kerk. In 1956 is vroue toegelaat om as predikante bevestig te word (RES 1968:157).

- Presbyterian Church in the U.S. (Southern Presbyterian Church)

Hierdie kerk het in 1964 haar kerkorde verander sodat vroue as diakens, ouderlinge en predikante bevestig kon word (RES 1968:158).

- Presbyterian Church in Canada

Na 'n lang en heftige debat het hierdie kerk gedurende die Algemene Sinode van 1966 besluit dat vroue wel tot die bediening toegelaat kan word (133 persone het ten gunste daarvoor gestem, 72 daarteen en 34 het buite stemming gebly) (RES 1968:158).

- United Church of Canada

Hierdie kerk het teen 1948 vroue tot die bediening toegelaat (RES 1968:158).

- Die Hervormde Kerk in Nederland

Daar is in 1958 met 'n baie klein meerderheid ten gunste van vroue as diakens en ouderlinge gestem (27 teen 24). Tydens dieselfde Sinode is vroue onder spesiale omstandighede en in spesiale gevalle as predikante toegelaat. Die verslag maak nie melding wat hierdie spesiale omstandighede behels nie (RES 1968:158).

- Die Gereformeerde Kerke in Nederland

Tydens die 1966-Sinode is daar die volgende besluite oor vroue geneem:

i) Die Gees van God herstel vroue om ten volle mens van God te wees en so word hulle ten volle in die bediening van Sy kerk geïntegreer.

ii) Dit mag tot nadeel van die gemeente strek (die gemeente verarm) as die gawes wat vroue ontvang het permanent van die geïnstitusionaliseerde kerk weggehou word.

iii) Vroue behoort toegelaat te word om deel te hê aan die amptelike bedieninge in die kerk wat leiding aan die gemeente gee.

iv) As vroue toegelaat word, behoort hulle ’n besondere plek langs mans in te neem in ooreenstemming met die beginsel dat mans en vrouens komplementerend besig is met ’n gemeenskaplike taak (RES 1968:158).

- Die Christelijke Gereformeerde Kerke

Vroue word nie tot enige ampte in hierdie kerk toegelaat nie (RES 1968:158).

- Presbyterian Church of New Zealand

Hulle aanvaar vroue in die regerende ampte, maar die kleiner gereformeerde kerke in Nieu-Seeland het teen 1968 nog nie vroue toegelaat nie (RES 1968:158).

- Presbyterian Church of Australia

Nie die Presbiteriane of enige van die kleiner gereformeerde kerke in Australië het teen 1968 vroue tot die ampte toegelaat nie (RES 1968:159).

- Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika (Kaapse Kerk)

Die besonderhede van die NG Kerk is in ’n bylaag tot die verslag hanteer. Die verslag wat deur die NG Kerk ingestuur is, word woordeliks aangehaal. Die verslag maak daarvan melding dat daar groot waardering in die NG Kerk is vir die werk wat vroue met betrekking tot Christelike opvoeding, evangelisasie en welsynsdienste verrig. Daar word verder genoem dat die Vroue-Hulpdiens en die Vrouesendingbond ’n aktiewe rol in gemeentes speel en die volle goedkeuring van die Sinode wegdra. Hulle maak ook melding van die groot geldinsamelings wat die vroue jaarliks loods ten einde die werk van die kerk moontlik te maak. Die enigste plek waar vroue stemreg het is wanneer ’n nuwe gemeente gevorm het en die eerste kerkraad deur die gemeente verkies word (RES 1968:325–326).

- Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Die GKSA laat vroue toe om in ’n hulpdiens dienswerk te lewer en dit is hoog op die prys gestel (RES 1968:326).

## 5.7 GEVOLGTREKKINGS WAARTOE DIE VERSLAG KOM

Die verslag eindig deur 'n klomp vrae op die tafel te plaas. Die enigste duidelike gevolgtrekking waartoe daar gekom word, is dat vroue wel tot diakens toegelaat moet word. Die Skrif verbied dit nie, Calvyn en Voetius was albei voorstanders daarvan en die tye noodsaak dit (RES 1968:159).

Een van die vrae wat die Kommissie nou eers op die tafel geplaas het, was wat die invloed van vrouediakens op die ander ampte sou wees. Die Kommissie is van mening dat die verskillende ampte 'n eenheid moet vorm, maar dat daar ook tussen die ampte gedifferensieer moet word.

Sonder om 'n antwoord te bied, word daar ook gevra of vroue steeds onderdanig in die kerk moet wees as hulle op alle ander samlewingsterreine op 'n gelyke grondslag hanteer word.

Die verslag sluit met twee aanbevelings af waarin die GES gevra word om te verklaar dat, in die lig van die Skrif en die praktyk in die vroeë kerk, vroue wel as diakens gekies mag word. Verder word kerke gevra om verdere ondersoek in te stel oor die ampte van ouderling en diakens. met inagneming van die unieke aard van vroue (RES 1968:160).

## 5.8 GEEN EENSTEMMIGHEID OOR DIE AANBEVELINGS NIE

Tydens die lewering van die verslag is daar kortliks 'n oorsig gegee oor die Skriftuurlike gewens rakende vroue in die ampte. Die gevolgtrekkings en aanbevelings wat genotuleer is, verskil effens van dié in die verslag. Dit blyk ook uit die stemming oor die aanbevelings en die verskillende mosies wat ter tafel gekom het dat daar geen eenstemmigheid oor die aanbevelings was nie.

Een van die bykomende gevolgtrekkings waartoe gekom is, handel oor die skeppingsorde. Hiervolgens is die vrou volgens Genesis 2:18 as hulp vir die man gemaak en daarom mag sy nie enige outoriteit oor 'n man hê nie. Dit het natuurlik verreikende implikasies vir die vraag of vroue in die ampte mag dien of nie.

Die lede van die GES het duidelik nie heeltemal met die aanbevelings van die Kommissie saamgestem nie.

'n Aanbeveling dat 'n kommissie benoem word om verder te gaan navorsing doen oor die verskillende gevarieerde ampte soos dit in die Nuwe Testament voorkom en hierdie studie

aan lidkerke te stuur, is effens gewysig. Die studie moes eers aan die volgende GES voorgelê word.

’n Aanbeveling dat kerke verder navorsing moet gaan doen oor die vraag of alle ampte nie vir vroue oopgemaak moet word nie, met inagneming van hulle eie unieke aard en die gewig wat tekste soos 1 Timoteus 2:12, Efesiërs 5:22–24 en Genesis 2:18 dra, het vir groot debat gesorg. Dit is vervang met ’n mosie wat deur stemming afgedwing is (25 teenoor 22). Hierdie mosie het gelui dat die Skrif duidelik leer dat vroue nie in enige regerende en lerende amp mag dien nie.

Gedurende die volgende sessie is ’n prosedure aanvaar oor die hantering van verslae tydens die GES. Volgens die nuwe prosedure kon nuwe mosies nie tydens die lewering van ’n verslag ingedien word nie. Dit sou eers kon gebeur na deeglike bespreking van ’n verslag. ’n Bykomende mosie is aanvaar wat gestel het dat ’n mosie met ’n tweederde meerderheid deur die vergadering aanvaar moes word. Die vergadering het kennis geneem van die veranderde prosedure en daar is ook gevra dat die prosedure om die sessie, wat handel oor vroue in die ampte, toegepas word. Laasgenoemde mosie is nie aanvaar nie (RES 1968:36–37).

Daar was duidelik ’n groep in die sinode wat teen vroue in die ampte gekant was en wou selfs verhoed dat vroue eers diakens kon word. ’n Nuwe mosie is met 22 stemme teen 20 aanvaar wat lidkerke versoek het om versigtig te wees om vroue tot die amp van diaken toe te laat. Dit is besluit teenoor ’n aanbeveling dat kerke vry moet voel om in die rigting van vrouediakens te beweeg (RES 1968:37). Alhoewel die teenstemme elke keer met ’n skrale meerderheid gewen het, het hulle dit reggekry om die toon van die oorspronklike verslag heeltemal te verander van ’n pleit na verdere studie tot ’n duidelike “nee”.

Daar was van beide kante af openlike teenstand teen die verslag en teen van die besluite wat geneem is. Na die lewering van die verslag het ene ds. C. Graham laat notuleer dat hy hom van die verslag distansieer. Dit is ook genotuleer dat nie alle lede met van die detail in die verslag saamstem nie (RES 1968:34). Die verloorstemme het egter nie so maklik by die besluite berus nie.

Aan die einde van die laaste stemming oor die verslag het Dr. Koole namens die Gereformeerde Kerke in Nederland (hierna: GKN) ’n verklaring gelees waarin daar gestel word dat die GKN reeds besluit het dat hulle vroue tot die ampte gaan toelaat. Hierdie kerk het egter besluit om met die implementering te wag tot na afloop van die GES. Daar was ’n

verwagting dat die Sinode prinsipiële argumente sou lewer. In die verklaring spreek die GKN haar teleurstelling uit met die besluit van die Sinode dat daar duidelike Skriftuurlike gronde teen vroue in die ampte bestaan in weerwil van die Kommissie se versoek dat die saak verder ondersoek moet word. Daar is versoek dat die beswaar van die GKN net so genotuleer word (RES 1968:39).

## 6. 1970: TER SPRAKE, MAAR HERBESINNING GEVRA

In 1970 het die benoemde Kommissie vir Leer en Protestantse Aksie "hom" eenvoudig met die besluit van die GES van 1968 vereenselwig en 'n besluit van die GES woordeliks (nogal in Engels! – EPB) weergegee, gevolg deur 'n Afrikaanse motivering wat hoofsaaklik gehandel het oor die sogenaamde "swyggebod" in 1 Korintiërs 14:34–35[44] en 1 Timoteus 2:11–12[45] wat die vrou verbied om in 'n lerende en regerende hoedanigheid op te tree. "That Synod declare that it is the plain and obvious teaching of scripture that women are excluded from the office of ruling and preaching elders". Hulle maak geen melding van die feit dat die aanbeveling met 'n skrale meerderheid aanvaar is en dat die GKN, met wie die NG Kerk noue bande gehad het, beswaar aangeteken het teen die besluit nie.

Die "swyggebod" wat as motivering vir die besluit gedien het is reglynig met die skeppingsordinansie verbind waarvolgens die man die hoof van die vrou is en "derhalwe aangesê word" om net so "aan julle eie manne onderdanig te wees" (1 Petrus 3:1[46]) (NG Kerk 1970:149). Die Kommissie het die frase "aan julle eie manne" probleemloos op die geloofsverhouding tussen mans en vroue in die kerk van toepassing gemaak. In 'n letterlike navolging van die opdrag van die Algemene Sinode van 1966, maak die Kommissie geen formele aanbeveling nie, maar posisioneer homself duidelik teen vroue in die lerende amp in die studiestuk.

---

[44] 1 Korintiërs 14:34–35 (OAV): [34]Julle vroue moet in die gemeentes swyg; want dit is hulle nie toegelaat om te spreek nie, maar om onderdanig te wees, soos die wet ook sê. [35]Maar as hulle iets wil leer, laat hulle tuis hul eie mans vra, want dit is lelik vir vroue om in die gemeente te spreek.

[45] 1 Timoteus 2:11–12 (OAV): [11]Die vrou moet haar in stilte laat leer in alle onderdanigheid. [12]Ek laat die vrou egter nie toe om onderrig te gee of oor die man te heers nie, maar sy moet haar stil hou.

[46] 1 Petrus 3:1–2 (OAV): [1]Net so moet julle, vroue, aan jul eie mans onderdanig wees, sodat, as sommige aan die woord ongehoorsaam is, hulle ook deur die wandel van die vroue sonder woorde gewin kan word [2]as hulle jul reine, godvresende wandel aanskou het.

Wat die diakenamp betref, het die Kommissie hulle "gevoele" gedeel in reaksie op die aanbeveling van die GES, naamlik dat kerke toegelaat moet word om na "deeglike besinning oor Skriftuurplekke soos Romeine 16:1,3,12[47] en Filippense 4:2–3[48]" self te besluit of vroue hierdie amp mag beklee. Die Kommissie was van mening dat die kerk nie daartoe moes oorgaan die diakenamp as 'n besondere amp te erken nie, alhoewel die amp van diaken toe reeds deel was van die breë Kerkraad. As 'n troosgedagte is daar bygevoeg dat daar wel "van die vrou se hulpdiens ten opsigte van die barmhartigheidswerk van die diakonie met grote vrymoedigheid en dankbaarheid gebruik gemaak *(moet)* word" (NG Kerk 1970:150). Vroue kon dus die werk doen, maar dit mag net nie in die hoedanigheid van 'n besondere amp wees nie! Die tameletjie dat vroue reeds die werk van die diakonie gedoen het, is bloot kerkgeregtelik gesystap deur die gedagte dat die amp van diaken nie amptelik as 'n besondere amp erken moes word nie.

Die inhoud van die debatte rondom hierdie saak is nie bekend nie. Daar is egter geen amptelike aanbevelings uit die studiestuk geformuleer nie. Die sinode het op aanbeveling van dr. A.C. Barnard en ouderling N.J.S. van der Merwe besluit om die hele aangeleentheid terug te verwys na die Permanente Kommissie vir Leer en Protestantse Aksie vir verdere besinning.

## 7. 1972: GES BESTUDEER DIE VERSKILLENDE AMPTE IN DIE BYBEL IN DIEPTE

Op grond van die besluit wat die GES in 1968 in Amsterdam geneem het, het 'n kommissie aan 'n verslag gewerk, wat aan die GES gelewer is tydens die vergadering gedurende 1972 in Sydney, Australië. Die Kommissie het 'n studie gedoen oor die verskillende ampte in die Nuwe Testament, ondersoek ingestel na die aard van die ampte en ordening in 'n spesifieke amp ten einde aanbevelings te maak oor die praktyk wat kerke moet volg met betrekking tot

---

[47] Romeine 16:1–2, 3 en 12 (OAV): [1]Ek beveel by julle aan ons suster Fébé, wat 'n dienares is van die gemeente in Kenchréë, [2]dat julle haar ontvang in die Here, soos dit die heiliges betaam, en haar bystaan in elke saak waarin sy julle nodig mag hê. Want sy was vir baie 'n beskermster en ook vir my. [3]Groet Priscílla en Áquila, my medewerkers in Christus Jesus ... [12]Groet Triféna en Trifósa, vroue wat in die Here arbei. Groet Pérsis, die geliefde vrou, wat baie in die Here gearbei het.

[48] Filippense 4:2–3 (OAV): [2]Ek vermaan Euódia en ek vermaan Síntiché om eensgesind te wees in die Here. [3]En ek vra jou ook, opregte metgesel, wees hierdie vroue behulpsaam wat met my saamgestry het in die evangelie, ook saam met Clemens en my ander medearbeiders wie se name in die boek van die lewe is.

die funksie, die taak en voorregte van die verskillende ampte. Die opdrag het verder gevra dat daar in die besonder na die volgende tekste gekyk moet word: Efesiërs 4:12[49], Romeine 12[50] en 1 Korintiërs 14:12, 23, 26, 31 en 39[51] (RES 1972:167).

In teenstelling met die kommissie van 1968 wat hoofsaaklik uit Nederlanders bestaan het, is daar vir die lewering van die 1972-verslag, vier streekskommissies gevorm. Hierdie streekskommissies het insae in die volle verslag gehad, maar nie saamgewerk aan die verslag in sy geheel nie. Vir die doeleindes van hierdie studie is die Afrika-lede belangrik. Dr. B. Spoelstra van die GKSA het as sameroeper opgetree en die ander lede was dr. H.M. Beets, dr. D.J. Bosch (NG Kerk) en dr. J.D. Vorster (NG Kerk). Twee van die lede was dus lidmate van die NG Kerk. David Bosch is wêreldbekend in sendingkringe en dr. J.D. Vorster was aktuarius van die eerste Algemene Sinode van die NG Kerk. Hy het ook vanaf 1978 op die kommissie gedien wat die verslae oor vroue in die amp moes opstel.

Die kommissie erken aan die begin reeds dat die filosofiese uitgangspunt van 'n kerk en ander invloede die resultate uiteindelik sal beïnvloed en kon veroorsaak dat kommissielede op sommige punte sal verskil. Hulle is egter saamgebind deur al die kerke se gereformeerde belydenis en het dit gekoester (RES 1972:167).

Soos reeds genoem, word die inhoud redelik breedvoerig weergegee omdat daar in die verslae wat tydens die Algemene Sinode van 1974 en 1978 gelewer is, ruimskoots van hierdie verslag gebruik gemaak is.

---

[49] Efesiërs 4:11–12 (OAV): [11]En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, [12]om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus, …

[50] Romeine 12 (OAV): [1]Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer – dit is julle redelike godsdiens. [2]En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is. [3]Want deur die genade wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen wat onder julle is, dat hy nie van homself meer moet dink as wat 'n mens behoort te dink nie; maar dat hy daaraan moet dink om besadig te wees na die maat van geloof soos God dit aan elkeen toebedeel het. [4]Want soos ons in een liggaam baie lede het en die lede nie almal dieselfde werking het nie, [5]so is ons almal saam een liggaam in Christus en elkeen afsonderlik lede van mekaar. [6]En ons besit genadegawes wat verskil volgens die genade wat aan ons gegee is: [7]is dit profesie, na die maat van die geloof; of bediening, in die werk van bediening; of wie leer, in die lering; [8]of wie vermaan, in die vermaning; wie uitdeel, in opregtheid; wie 'n voorganger is, met ywer; wie barmhartigheid bewys, met blymoedigheid.

[51] 1 Korintiërs 14:12, 23, 26, 31 en 39 (OAV): [12]So moet julle ook, terwyl julle streef na geestelike gawes, probeer om uit te munt tot stigting van die gemeente. [23]As die hele gemeente dan saam vergader het en hulle sou almal in tale spreek en daar kom onkundiges of ongelowiges binne, sal hulle nie sê dat julle kranksinnig is nie? [26]Hoe staan die saak dan, broeders? Wanneer julle saamkom, dan het elkeen van julle 'n psalm of 'n lering of 'n taal of 'n openbaring of 'n uitlegging – laat alles tot stigting geskied. [31]Want julle kan almal een vir een profeteer, sodat almal kan leer en almal bemoedig word. [39]Daarom, broeders, beywer julle om te profeteer en moenie verhinder dat daar in tale gespreek word nie.

## 7.1 AMPTE IN DIE BYBEL

Die verslag begin met 'n breedvoerige besinning oor die verskillende ampte in die Nuwe Testament.

Die terme amp van predikant, ouderlingsamp en diakensamp word baie algemeen in gereformeerde kerke gebruik, maar daar bestaan nie ooreenstemmende terme daarvoor soos dit tans in die kerk funksioneer nie. Die konsep eerder as die woord word dus in die Woord gevind. Die woorde *leitourgia* en *leitourgein*, wat in die Griekse vertaling van die Ou Testament (die sogenaamde LXX) gebruik is om die amp van priester mee te beskryf, kom selde in die Nuwe Testament voor en beskryf nie die amp van enige apostel of ander dienaar van Christus nie. Daarom is dit belangrik om na die struktuur van ampte in die Skrif te kyk en uit te vind wat die Bybel leer oor persone wat besondere gawes ontvang het en hoe die ooreenstemmende funksies beoefen is (RES 1972:54,168).

### 7.1.1 Geestelike leiers in die Ou Testament tree nie buite grense van outoriteit op nie

Gedurende die patriargale periode het God deur Abraham, Isak en Jakob met sy volk gekommunikeer. Verder was die hoof van die stam die goddelike verkose ampsdraer. Soos Israel as volk gegroei en ontwikkel het, het die amp van oudstes of leiers ontwikkel, soos in Eksodus 3:16[52]. Terselfdertyd het die amptelike priesterdom onder die leiding van Aäron en sy nageslag ontwikkel. Nadat Israel die beloofde land ingegaan het, het God rigters geroep om hulle te lei. Hulle plek is later deur konings ingeneem. Al hierdie leiers het hulle amp uitgeoefen met die wete dat God self Koning is oor sy volk. Hulle wat deur God geroep is, mag nie Sy plek ingeneem het of die perke van hulle outoriteit oorskry het nie (RES 1972:168).

Moses is die eerste persoon na wie as profeet verwys is. Sonder profete sou die volk nie God se wil geken het nie. Profete is beskou as God se verteenwoordiger om Sy wil te leer ken en priesters was God se verteenwoordiger wat offers aan Hom moes bring. Die amp van profeet was dus merkbaar anders as dié van 'n priester of 'n koning. God het profete van tyd tot tyd geroep wanneer die omstandighede dit vereis het (RES 1972:169).

---

[52] Eksodus 3:16 (OAV): [16]"Gaan roep nou die leiers van Israel bymekaar en sê vir hulle: 'Die Here die God van julle voorvaders, die God van Abraham, Isak en Jakob, het aan my verskyn en gesê: Ek weet van julle en Ek weet ook wat julle aangedoen word in Egipte.

Die profetiese amp is in die Nuwe Testament voortgesit terwyl dié van teokratiese konings en priesters verdwyn het. Alle gelowiges het die taak gekry om koninklike priesters te wees (vgl. 1 Petrus 2:9[53]) (RES 1972:169).

Hierdie Ou Testamentiese feite dien as waarskuwing om nie ongeoorloofde afleidings oor die ampte van konings, priesters en profete – of die *munus triplex* van Christus – te maak nie. 'n Direkte lyn tussen hierdie drie ampte en die Nuwe Testamentiese leraars (profeties), ouderlinge (konings) en diakens (priesters) kan kwalik gehandhaaf word (RES 1972:169).

Met die opkoms van die Sinagoge het 'n nuwe groep ampsdraers na vore getree, naamlik die skrifgeleerdes of rabbi's. Daar het ook 'n ander ontwikkeling ten opsigte van die oudstes of leiers plaasgevind. Gedurende Moses se leierskap was die leiers die verteenwoordigers van die stamme van Israel op grond van hulle senioriteit. Later het elke stad én stam 'n "oudste" of leier gehad wat die volk moes verteenwoordig. In die Nuwe Testamentiese tye was die benaming van toepassing op die lede van die Sanhederin. Die "oudstes" het gedui op 'n posisie waar die persone verantwoordelikheid moes neem vir die sake van die volk of die stad. Hierdie term is gebruik vir die leiers en verteenwoordigers van die volk. Dit was nie 'n statiese posisie nie en het nie op Goddelike instelling berus nie. Dit was eerder 'n posisie wat deur die eeue heen ontwikkel het van 'n natuurlike senioriteit tot die belangrike posisie wat die oudstes in die Nuwe Testament ingeneem het (RES 1972:169).

### 7.1.2 Ampte in die Nuwe Testament groei en ontwikkel

Die Nuwe Testament verklaar alle gelowiges tot 'n koninklike priesterdom in 1 Petrus 2:9. Jesus het self die toon aangegee oor die karakter wat die ampte behoort te hê, naamlik dié van 'n dienskneg (vgl. Johannes 13[54] en Matteus 23:8–11[55]). Paulus het die ampte as gawes aan die kerk beskou. Hierdie verskeidenheid van gawes kan ook as 'n verskeidenheid van dienste beskou word met die gevolg dat die woord diens (*diakonia/diakonos*) 'n kernwoord

---

[53] 1 Petrus 2:9 (OAV): [9]Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig.

[54] Johannes 13:14–15 (OAV): [14]As Ek dan, die Here en die Meester, julle voete gewas het, is julle ook verplig om mekaar se voete te was. [15]Want Ek het julle 'n voorbeeld gegee om, net soos Ek aan julle gedoen het, ook so te doen.

[55] Matteus 28:8–11 (OAV): [8]Maar julle, laat jul nie Rabbi noem nie, want een is julle leermeester: Christus, en julle is almal broeders. [9]En julle moet niemand op die aarde julle vader noem nie, want een is julle Vader, Hy wat in die hemele is. [10]Julle moet julle ook nie leermeesters laat noem nie, want een is julle leermeester: Christus. [11]Maar die grootste van julle moet jul dienaar wees.

vir sowel die amp van gelowige as die besondere amp geword het. Volgens die kommissie het die kerk hierdie basiese riglyne van Jesus vergeet toe die ampte van gelowiges deur die geestelikes onderdruk is. Die Reformasie het weer die belangrikheid van die amp van gelowige beklemtoon (RES 1972:170).

Die kommissie stel dit ook dat die tekste wat in die opdrag van die GES vervat is, nie die vraag beantwoord nie oor wat ’n amp ’n permanente bediening in die kerk maak en meewerk aan die regering van die kerk. Die rede daarvoor is dat daar in die genoemde tekste funksies voorkom wat nie meer in die kerk vervul word nie en dat die gawes in die lyste verskil ten opsigte van die funksie en status. Die verskillende tekste in die Nuwe Testament behoort verder in die lig van die historiese groei en ontwikkeling ten opsigte van die tyd en plek geëvalueer te word. Die kerk in Jerusalem het in ’n unieke posisie verkeer na die uitstorting van die Heilige Gees. Hulle het die voorreg beleef om deur die apostels self bedien te word. Ander gemeentes is sporadies deur die apostels besoek, maar het spoedig ’n nuwe manier van bediening benodig. In die na-apostoliese tyd het ’n nuwe situasie in die lewe en werk van die kerk ontwikkel. Die konsepte rondom die ampte het dus ’n breë spektrum van die bediening van Paulus tot dié van sy medewerkers, soos Timoteus en Apollos, gedek totdat dit in ’n tegniese term ontwikkel het wat die besondere amp wat in die besonder met dienswerk gemoeid was (’n diaken), aangedui het (RES 1972:54).

Uit die verskillende terme wat in verband met die verskillende gawes en bedieninge gebruik is, het ’n verdere patroon ontwikkel wat twee besondere ampte aandui diegene wat regeer en onderrig gee asook diegene wat hulp en diens gelewer het. Die onderskeid tussen dié twee ampte lê uitsluitlik in die kwalifikasies en take wat vir elkeen nodig is (RES 1972:54).

Wat die amp van ouderlinge betref, is daar sekere waarhede in die Skrif wat duidelik uitstaan. Hieronder tel die beginsel dat die toesig en regering altyd aan ’n groep ouderlinge toevertrou is. Dit het in ’n normatiewe patroon in die Nuwe Testament ontwikkel. Binne die ampte was daar ook diegene wat hulle toegespits het op die verkondiging van die Woord en onderrig gegee het (RES 1972:55).

Vervolgens ’n uiteensetting van die ampsbeskouing wat in verskillende boeke of groepe boeke in die Nuwe Testament, gevind word.

#### 7.1.2.1 Handelinge weerspieël nuwe ontwikkelinge

In die boek Handelinge is daar verskeie bewyse hoe nuwe ampte in die vroeë kerk ontwikkel het. In Handelinge 1:1–2[56] word daarvan melding gemaak dat die apostels deur Jesus self uitverkies is om die Evangelie, wat hulle eerstehands gesien en gehoor het, te gaan verkondig. Ná Jakobus se dood en die vertrek van die apostels uit Jerusalem is hulle nie vervang nie.

Naas die apostels was daar ook ouderlinge (vgl. Handelinge 11:29–30[57]) en ’n groep van sewe mans is aangestel om die tafels te bedien sodat die apostels hulle kon toelê op die bediening van gebede en die Woord (Handelinge 6:1–6[58]). In Handelinge 11:27[59] is Agabus as profeet geroep om ’n spesifieke taak te gaan verrig en Handelinge 13:1[60] maak melding van leraars in Antiogië. Handelinge 14:23[61] dui aan dat daar ouderlinge in die gemeentes aangestel is om in beheer van die bedieninge in die gemeente te wees. Dit lyk asof die terme *presbyteros* en *episkopos* na dieselfde persone verwys. In Handelinge 13:1 word Paulus en Barnabas profete en leraars genoem en in Handelinge 14:14[62] apostels. Daar was

---

[56] Handelinge 1:2 (OAV): [1]Die eerste verhaal, Theófilus, het ek opgestel oor alles wat Jesus begin doen en leer het [2]tot op die dag dat Hy opgeneem is, nadat Hy aan die apostels wat Hy uitverkies het, deur die Heilige Gees bevele gegee het;

[57] Handelinge 11:29–30 (OAV): [29]En die dissipels het besluit dat iedereen van hulle na sy vermoë *iets* sou stuur tot versorging van die broeders wat in Judéa woon. [30]En dit het hulle ook gedoen en dit deur Bárnabas en Saulus aan die ouderlinge gestuur.

[58] Handelinge 6:1–6 (OAV): [1]En in dié dae toe die dissipels vermeerder het, het daar ’n murmurering ontstaan van die Griekssprekende Jode teen die Hebreërs, omdat hulle weduwees in die daaglikse versorging oor die hoof gesien is. [2]En die twaalf het die menigte van die dissipels byeengeroep en gesê: Dit is nie reg dat ons die woord van God nalaat om die tafels te bedien nie. [3]Kyk dan uit, broeders, na sewe manne uit julle, van goeie getuienis, vol van die Heilige Gees en wysheid, wat ons oor hierdie nodige saak kan aanstel; [4]maar ons sal volhard in die gebed en die bediening van die woord. [5]En die woord het byval gevind by die hele menigte; en hulle het gekies: Stéfanus, ’n man vol van geloof en van die Heilige Gees, en Filippus en Próchorus en Nikánor en Timon en Pármenas en Nikoláüs, ’n Jodegenoot uit Antiochíë, [6]wat hulle voor die apostels gestel het; en hulle het gebid en hulle die hande opgelê.

[59] Handelinge 11:26–27 (OAV): [26]En hulle het ’n hele jaar lank in die gemeente saam vergader en aan ’n aansienlike skare onderwys gegee; en die dissipels is in Antiochíë vir die eerste keer Christene genoem. [27]En in dié dae het daar profete van Jerusalem na Antiochíë afgekom.

[60] Handelinge 13:1 (OAV): [1]En daar was in die plaaslike gemeente in Antiochíë sekere profete en leraars, naamlik Bárnabas en Simeon wat Niger genoem word, en Lúcius, die Cirenéër, en Manáen, wat saam met Herodes, die viervors, grootgeword het, en Saulus. [2]En terwyl hulle besig was om die Here te dien en te vas, het die Heilige Gees gesê: Sonder nou Bárnabas en Saulus vir My af vir die werk waarvoor Ek hulle geroep het.

[61] Handelinge 14:23 (OAV): [23]En hulle het in elke gemeente vir hulle ouderlinge gekies, en hulle, ná gebed en vas, opgedra aan die Here in wie hulle geglo het.

[62] Handelinge 14:14 (OAV): [14]Maar toe die apostels, Bárnabas en Paulus, dit hoor, het hulle hul klere geskeur en onder die skare ingespring en geroep

klaarblyklik ’n vrye gebruik van woorde en beskrywings om die diens wat hulle verrig het, te beskryf (RES 1972:171–172).

#### 7.1.2.2 Lys gawes in Romeine nie eksklusief nie

Romeine 12:6–8[63] gee ’n lys gawes wat uit genade aan die kerk gegee is. By nadere beskouing van hierdie gawes is dit duidelik dat die lyn tussen die gawes redelik vloeibaar is en dat die gawes nie as eksklusief beskou kan word nie. Sommige van hierdie gawes kan aan sekere ampte verbind word en ander kan weer op enige plek in die kerk bruikbaar wees. ’n Voorbeeld hiervan is die term *diakonia* wat diens beteken. Hierdie term kan op enige persoon in die kerk van toepassing wees en is algemeen gebruik om diens aan God te beskryf. In hierdie konteks dui dit nie op ’n spesifieke geïnstitusionaliseerde amp nie. Daarteenoor is onderrig (*didaskalia*) meer spesifiek en dit word van gawe van profesie onderskei. Vermaning (*paraklesis*) is ’n werk wat later aan ouderlinge en leraars gegee is om sondaars met die Here te versoen. Dit is eerder deel van ’n bediening as ’n amp (RES 1972:172–173).

#### 7.1.2.3 Korintiërs se lyste gawes gegee tot opbou van die liggaam van Christus

Die lys gawes in 1 Korintiërs 12:8–10[64] word op min of meer dieselfde wyse hanteer as dié een in Romeine. Die spesifieke gawes word genoem, maar dit is moeilik om ’n definitiewe lyn te trek tussen dit wat by die ampte tuishoort en wat meer algemeen op die gemeente van toepassing is (RES 1972:173–175).

Die lys in 1 Korintiërs 12:28 is nie net genommer nie, maar noem ook nuwe bedieninge wat nie vroeër genoem is nie. Die Heilige Gees speel ’n deurlopende rol in die gawes wat vir die kerk gegee word. Die feit dat die laaste gawes nie saam met vers 8–10 gelys word nie, beteken nie dat die Gees nie betrokke daarby is nie. Die Heilige Gees gee besondere gawes aan spesifieke gelowiges; hierdie gelowiges word deur die Gees aan die kerk gegee en in sommige gevalle gebeur dit dat die kerk van hierdie persone wat besondere gawes ontvang

---

[63] Romeine 12:6–8 (OAV): [6]En ons besit genadegawes wat verskil volgens die genade wat aan ons gegee is: [7]is dit profesie, na die maat van die geloof; of bediening, in die werk van bediening; of wie leer, in die lering; [8]of wie vermaan, in die vermaning; wie uitdeel, in opregtheid; wie ’n voorganger is, met ywer; wie barmhartigheid bewys, met blymoedigheid.

[64] 1 Korintiërs 12:8–10, 28 (OAV): [8]Want aan die een word deur die Gees ’n woord van wysheid gegee, en aan die ander ’n woord van kennis vanweë dieselfde Gees; [9]aan ’n ander weer geloof deur dieselfde Gees, en aan ’n ander genadegawes van gesondmaking deur dieselfde Gees; [10]aan ’n ander werkinge van kragte, aan ’n ander profesie, aan ’n ander onderskeiding van die geeste, aan ’n ander allerhande tale, aan ’n ander uitleg van tale. [28]En God het sommige in die gemeente gestel: in die eerste plek apostels, ten tweede profete, ten derde leraars, daarna kragte, daarna genadegawes van gesondmaking, helpers, regeringe, allerhande tale.

het, kies vir ’n amp. ’n Gawe beteken dus nie dat daar ’n outomatiese roeping tot ’n amp sal wees nie, maar die teendeel is wel waar: Sonder die gawe daartoe behoort ’n persoon nie vir ’n amp te kwalifiseer nie (RES 1972:175).

Volgens die verslag dui die nommering van die gawes in vers 28 op ’n tydsorde sowel as belangrikheid. Die ander ampte spruit voort uit die basiese amp van apostelskap. Die lys van gawes is dus nie ’n sistematiese beskrywing van die verskillende ampte nie, maar eerder ’n beskrywing van die gawes wat aan die kerk as geheel gegee is tot opbou van die liggaam van Christus (RES 1972:173−175).

Deel van die opdrag aan die kommissie was om in die besonder na die problematiese tekste in 1 Korintiërs 14 te kyk. Die swyggebod in Korintiërs 14:34 word later in die verslag hanteer. Die kommissie trek op hierdie punt ’n paar breë lyne met betrekking tot 1 Korintiërs 14. Hoofstuk 12 en 14 behoort as geheel hanteer te word. In 1 Korintiërs 14 word die balans herstel en handel oor ’n spesifieke situasie in die gemeente van Korinte. Paulus wou die leierskap en die gemeente weer bewus maak van die doel van die verskillende gawes wat die Here aan Sy kerk gegee het. Alle gawes moes tot opbou van die gemeente gebruik word. Hierdie hoofstuk handel dus oor hoe die *charismata* aangewend moes word. Daar was klaarblyklik groter deelname in die eredienste as waaraan die gemiddelde gereformeerde gemeente gewoond was. Paulus se betoog in 1 Korintiërs 14 handel oor die orde tydens ’n erediens en nie oor die ampte nie (RES 1972:176−177).

#### 7.1.2.4 Volgens Efesiërs word gelowiges toegerus vir hulle dienswerk deur die ampte

Die ampte wat in Efesiërs 4:11−16[65] gelys is, is gegee om die gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk in die kerk. Die kerk is nie God se gawe aan die bedieninge nie, maar die bedieninge is Jesus se gawe aan die kerk. Die verslag lys soos voorheen elke gawe en gee kortliks kommentaar oor elkeen (RES 1972:177−179).

---

[65] Efesiërs 4:11−16 (OAV): [11]En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, [12]om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus, [13]totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot ’n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus; [14]sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring; [15]maar, terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus, [16]uit wie die hele liggaam − goed saamgevoeg en saamverbind deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate − die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in liefde.

#### 7.1.2.5 Filippense gee ’n blik op die struktuur van die ampte in die kerk

Die aanhef van die brief aan die Filippense 1:1–2[66] is die enigste brief wat nie net aan ’n gemeente gerig is nie, maar wel aan sy geestelike leiers. Hierdie aanhef gee ten minste ’n blik op die struktuur van die ampte in die kerk. Die opsieners word in die meervoud genoem en dui in die rigting van ouderlinge. Die tweede groep wat genoem word is die diakens. Daar het ’n tyd verloop sedert Paulus sy brief aan die Korinte geskryf het en sedertdien het diakens algemener geword en was permanent deel van die kerk in Filippi. Die term *diakonia* het duidelik hier ontwikkel tot ’n amp in die kerk.

#### 7.1.2.6 ’n Nuwe blik op die ampte gewerp in 1 Petrus en Jakobus

1 Petrus 4:10–11[67] verdeel die gawes in twee groepe, naamlik die gawe om te praat en die gawe om te dien of te doen. In beide gevalle is die ontvangers van die gawes rentmeesters van die woorde en die krag wat God aan hulle toevertrou het.

Jakobus 5:14[68] werp lig op die taak van ’n ouderling. Hier skets hy ’n ander prentjie as dié in Korintiërs waar die gawes van gesondmaking gelys is. Nou is dit deel van die taak van ’n ouderling om vir siekes te bid (RES 1972:179).

#### 7.1.2.7 Die Pastorale Briewe werp die meeste lig op die funksionering van die ampte

Die Pastorale Briewe bevat die meeste relevante materiaal met betrekking tot die verskillende ampte in die Nuwe Testament. Timoteus en Titus was medewerkers van Paulus. Timoteus is georden en hy en Titus het weer op hulle beurt ouderlinge aangestel (vgl. 1 Timoteus 4:14; 5:22[69] en Titus 1:5[70]).

---

[66] Filippense 1:1 (OAV): [1]Paulus en Timótheüs, diensknegte van Jesus Christus, aan al die heiliges in Christus Jesus wat in Filíppi is, saam met die opsieners en diakens: [2]Genade vir julle en vrede van God onse Vader en die Here Jesus Christus!

[67] 1 Petrus 4:10–11 (OAV): [10]Namate elkeen ’n genadegawe ontvang het, moet julle mekaar daarmee dien soos goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God. [11]As iemand spreek, laat dit wees soos woorde van God; as iemand dien, laat dit wees soos uit die krag wat God verleen, sodat God in alles verheerlik kan word deur Jesus Christus, aan wie die heerlikheid en krag toekom tot in alle ewigheid. Amen.

[68] Jakobus 5:14 (OAV): [14]Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het.

[69] 1 Timoteus 4:14; 5:22 (OAV): [14]Verwaarloos nie die genadegawe wat in jou is nie, wat jou gegee is deur die profesie met die handoplegging van die ouderlinge. (Hoofstuk 5) [22]Moenie haastig iemand die hande oplê nie, en moet ook nie met die sondes van ander gemeenskap hê nie. Hou jou rein.

[70] Titus 1:5 (OAV): [5]Om hierdie rede het ek jou in Kreta agtergelaat, dat jy nog verder sou regmaak wat oorgebly het, en van stad tot stad ouderlinge sou aanstel soos ek jou beveel het …

1 Timoteus 3:1–13[71] gee 'n uitvoerige uiteensetting van die karaktereienskappe wat die verskillende ampsdraers behoort te hê. Dit is net hier en in Filippense 1 waar in die Nuwe Testament van diakens as ampsdraers gepraat word.

1 Timoteus 5:3–16 maak melding van 'n spesifieke kategorie van weduwees, maar daar kan moeilik hieruit afgelei word dat daar 'n spesifieke amp van weduwees bestaan het (RES 1972:180–181).

In Titus 1:5–9[72] word daar weer eens 'n lys van die karaktereienskappe van ouderlinge gegee. Die Bybel praat duidelik meer oor die karakter as die taak van ampsdraers. Later in Titus word daar melding gemaak van die onderrig wat ouer vroue aan jonger vroue moes gee. Omdat 1 Timoteus 2:12 openbare onderrig deur vroue verbied, kan daar afgelei word dat die onderrig waarvan hier gepraat word, privaat geskied het (RES 1972:181–182).

### 7.1.3 Die Nuwe Testament oor bevestiging

Die Bybelse siening oor die bevestiging van persone in 'n bepaalde amp is belangrik vir die besluit oor die toelating van vroue in die ampte en daarom was 'n ondersoek na hierdie saak een van die spesifieke opdragte wat die kommissie moes ondersoek. Daar is egter geen aanduiding in die aanbevelings watter rol die praktyk rondom bevestiging in die besluit oor vroue speel nie. Die kommissie meld net in sy verslag voor die Sinode dat daar 'n verskeidenheid van praktyke in die lidkerke voorkom en dat 'n volledige studie oor ordening en die betekenis daarvan goed sal wees (RES 1972:55).

---

[71] 1 Timoteus 3:1–13 (OAV): [1]Dit is 'n betroubare woord: as iemand na 'n opsienersamp verlang, begeer hy 'n voortreflike werk. [2]'n Opsiener dan moet onberispelik wees, die man van een vrou, nugter, ingetoë, fatsoenlik, gasvry, bekwaam om te onderrig; [3]geen drinker, geen vegter, geen vuilgewinsoeker nie, maar vriendelik; geen strydlustige, geen geldgierige nie; [4]een wat sy eie huis goed regeer en sy kinders met alle waardigheid in onderdanigheid hou. [5]Maar as iemand nie weet om sy eie huis te regeer nie, hoe sal hy vir die gemeente van God sorg dra? [6]Hy moet nie 'n nuweling wees nie, sodat hy nie verwaand word en in dieselfde oordeel as die duiwel val nie. [7]Maar hy moet ook goeie getuienis hê van die buitestaanders, sodat hy nie in veragting en in die strik van die duiwel val nie. [8]Net so moet die diakens waardig wees, nie uit twee monde spreek nie, nie verslaaf aan wyn nie, geen vuil gewinsoekers nie, [9]manne wat die verborgenheid van die geloof in 'n rein gewete hou. [10]En hulle moet ook eers 'n proeftyd deurmaak; daarna, as hulle onberispelik is, kan hulle dien. [11]Net so moet die vroue waardig wees, geen kwaadspreeksters nie, nugter, betroubaar in alles. [12]Die diakens moet manne van een vrou wees en hulle kinders en eie huise goed regeer. [13]Want die wat goed gedien het, verkry vir hulle 'n eervolle plek en veel vrymoedigheid in die geloof in Christus Jesus.

[72] Titus 1:5–9 (OAV): [5]Om hierdie rede het ek jou in Kreta agtergelaat, dat jy nog verder sou regmaak wat oorgebly het, en van stad tot stad ouderlinge sou aanstel soos ek jou beveel het [6]as iemand onberispelik is, die man van een vrou, gelowige kinders het wat nie beskuldig word van losbandigheid of tugteloos is nie. [7]Want 'n opsiener moet as 'n rentmeester van God onberispelik wees, nie eiesinnig, nie oplopend, geen drinker, geen vegter, geen vuilgewinsoeker nie; [8]maar gasvry, een wat die goeie liefhet, ingetoë, regverdig, heilig, een wat homself beheers; [9]een wat vashou aan die betroubare woord wat volgens die leer is, sodat hy in staat kan wees om met die gesonde leer te vermaan sowel as om die teësprekers te weerlê.

Daar is verskeie terme en uitdrukkings wat in hierdie verband gebruik word. Vervolgens 'n oorsig oor die verskillende terme, soos voorgelê aan die GES van 1972, tesame met die tekste waarin die term of uitdrukking voorkom. Daar sal telkens net een teks uit elke groep in die voetnota aangehaal om die gebruik van die betrokke term te illustreer. Die kommissie het ook ondersoek ingestel na wat presies gebeur het wanneer 'n persoon in 'n spesifieke amp aangestel is.

- *tithemi* (ἐτέθην)

  Hierdie werkwoord beteken letterlik om iemand "aan te stel" en word in die volgende tekste gebruik: Handelinge 20:28[73], 1 Korintiërs 12:28, 2 Korintiërs 5:19, 1 Timoteus 1:12, 1 Timoteus 2:7 en 2 Timoteus 1:11. In al hierdie tekste is daar sprake van 'n Goddelike aanstelling. Dit sluit nie enige aksie van 'n gemeente of apostel uit nie (RES 1972:182).

- *kathistemi* (καταστήσει)

  In hierdie geval word die persoon "in beheer gestel oor". Hierdie werkwoord word in die volgende tekste gebruik: Matteus 24:25, 47, Handelinge 6:3[74], 7:10, 27, 35, Titus 1:5 en Hebreërs 5:1, 7:28, 8:3. Die gemeenskaplike faktor in hierdie verse is dat 'n hoër outoriteit telkens die betrokke persoon (e) in beheer van 'n spesifieke saak taak geplaas het om 'n bepaalde verantwoordelikheid na te kom (RES 1972:183).

- *cheirotoneo* (χειροτονή)

  *Cheirotoneo* beteken om "te verkies deur die hande op te steek". Voorbeelde hiervan word in Handelinge 14:23[75] en 2 Korintiërs 8:19 gevind. Omdat dit die enigste tekste is waar hierdie term gebruik word, is dit moeilik om enige afleidings daaruit te maak. In ander literatuur word die woord in die konteks van 'n verkiesing gebruik (RES 1972:183).

---

[73] Handelinge 20:28 (OAV): [28]Gee dan ag op julleself en op die hele kudde waaroor die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om as herders die gemeente van God te versorg, wat Hy deur sy eie bloed verkry het.

[74] Handelinge 6:3 (OAV): [3]Kyk dan uit, broeders, na sewe manne uit julle, van goeie getuienis, vol van die Heilige Gees en wysheid, wat ons oor hierdie nodige saak kan aanstel;

[75] Handelinge 14:23 (OAV): [23]En hulle het in elke gemeente vir hulle ouderlinge gekies, en hulle, ná gebed en vas, opgedra aan die Here in wie hulle geglo het.

- *sugkatepsephisthe* (συγκατεψηφίσθη)

  In Handelinge 1:23[76] word daar melding gemaak van deelname in die kerk waar 'n keuse vir die kies van 'n nuwe apostel gemaak moes word. Nadat die lot op Matthias geval het, is hy gekies, wat daarop kan dui dat almal wat teenwoordig was, hulle goedkeuring uitgespreek het. Die term het geen tegniese betekenis nie (RES 1972:183).

In Handelinge 6:5–6[77] word daar verder gemeld dat daar vir die sewe gebid is en dat hulle na hulle verkiesing die hande opgelê is. Dit bring die vraag na vore of daar een of ander seremonie tydens die bevestiging sulke persone plaasgevind het. Persone is in verskillende gevalle die hande opgelê soos wanneer iemand siek was, daar vir 'n persoon gebid is, of iemand geseën is. Handoplegging word ook in verband met die ontvangs van die Heilige Gees gebring. Persone wat vir 'n bediening afgesonder is, is ook die hande opgelê. Handelinge 6:6 en 1 Timoteus 4:14, Hebreërs 6:2 en 2 Timoteus 1:6 maak hiervan melding. Wanneer iemand die hande opgelê is, was dit 'n simbool van hulle inseëning tot hulle betrokke bediening, 'n aanduiding en versekering dat die Heilige Gees hulle sal toerus met die nodige gawes om die taak te kan doen. Dit was nie 'n magiese oordrag van genade van een draer na die volgende nie (RES 1972:184).

In Handelinge 13:3[78] word Saulus en Barnabas die hande opgelê voordat hulle uitgestuur word. Aangesien hulle reeds profete en leraars van die kerk in Antiogië was, was dit nie nodig om hulle weer te orden nie. Hierdie handeling van handoplegging is nie 'n roepingshandeling nie, maar wel 'n uitstuurhandeling deur 'n gemeente (RES 1972:184). 1 Timoteus 5:22[79] maan die kerk tot versigtigheid wanneer iemand die hande opgelê word, wat daarop dui dat ampsdraers met groot diskresie gekies moes word (RES 1972:184).

---

[76] Handelinge 1:23, 26 (OAV): [23]En hulle het twee voorgestel: Josef wat genoem is Bársabas, met die bynaam van Justus, en Matthías. [26]Toe werp hulle die lot, en die lot het op Matthías geval; en hy is gekies om saam met die elf apostels te wees.

[77] Handelinge 6:5–6 (OAV): [5]En die woord het byval gevind by die hele menigte; en hulle het gekies: Stéfanus, 'n man vol van geloof en van die Heilige Gees, en Filippus en Próchorus en Nikánor en Timon en Pármenas en Nikoláüs, 'n Jodegenoot uit Antiochíë, [6]wat hulle voor die apostels gestel het; en hulle het gebid en hulle die hande opgelê.

[78] Handelinge 13:3 (OAV): [2]En terwyl hulle besig was om die Here te dien en te vas, het die Heilige Gees gesê: Sonder nou Bárnabas en Saulus vir My af vir die werk waarvoor Ek hulle geroep het. [3]En toe hulle gevas en gebid het en hulle die hande opgelê het, laat hulle hul gaan.

[79] 1 Timoteus 5:22 (OAV): [22]Moenie haastig iemand die hande oplê nie, en moet ook nie met die sondes van ander gemeenskap hê nie. Hou jou rein.

### 7.1.4 Die bediening van die sakramente nie verbind tot die priesterlike amp nie

Die ampte in die Nuwe Testament kan in twee kategorieë gedeel word. Die eerste kategorie is 'n kerugmatiese kategorie wat te doen het met die proklamasie van die Woord soos die apostels, profete, evangeliste, leraars, predikers en opsieners. Die tweede kategorie het te make met dienslewering aan die gemeente soos diakens (RES 1972:185).

Die vraag wat hieruit na vore kom is waar die bediening van die sakramente dan tuisgehoort het.

Die apostels het die opdrag ontvang om die Evangelie te verkondig en mense te doop (vergelyk Matteus 29:19–20; Markus 16:15–16). Hierdie opdrag omvat die totale mandaat wat Christus gegee het, wat die bediening van die nagmaal insluit. Later in die Nuwe Testament word die bediening van die nagmaal nie aan iemand spesifiek toevertrou nie. Die dissipels het mense gedoop op grond van die outoriteit wat Jesus aan hulle toegeken het om dit te doen (vgl. Johannes 4:2[80]). Toe Petrus beveel het dat Kornelius en sy gesin gedoop moes word, het hy die uitvoering daarvan aan die broers van Joppe oorgelaat. In Paulus se bediening, wat hy in 1 Korintiërs 1:14–17[81] beskryf, het hy slegs vir Crispus, Gajus en die huisgesin van Stefanus gedoop. Hy skryf dat Christus hom gestuur het om die Evangelie te verkondig (RES 1972:184).

Teen die agtergrond van al die tekste wat oor die doop handel, bestaan daar onsekerheid oor hoekom die bediening van die doop nie aan bepaalde ampte toegeken is nie. In die vroeë kerk is die bediening van die sakramente nie aan 'n priesterlike amp verbind nie. In die gereformeerde tradisie word die eenheid tussen Woord en Sakrament aanvaar en hieruit het die praktyk ontwikkel dat die persoon wat geroep is om die Woord te bedien, ook die bediening van die sakramente hanteer (RES 1972:185).

---

[80] Johannes 4:1–2 (OAV): [1]Toe die Here dan verneem dat die Fariseërs gehoor het dat Jesus meer dissipels maak en doop as Johannes – [2]alhoewel Jesus self nie gedoop het nie, maar sy dissipels – …

[81] 1 Korintiërs 1:14–17 (OAV): [14]Ek dank God dat ek niemand van julle gedoop het nie, behalwe Crispus en Gajus, [15]sodat niemand kan sê dat ek in my naam gedoop het nie. [16]Ek het ook nog die huisgesin van Stéfanas gedoop. Verder weet ek nie of ek iemand anders gedoop het nie. [17]Want Christus het my nie gestuur om te doop nie, maar om die evangelie te verkondig, nie met wysheid van woorde nie, sodat die kruis van Christus nie verydel mag word nie.

## 7.2 DIE BESONDERE AARD VAN DIE AMPTE

In reaksie op die 1968-verslag van die GES, wat nie regtig aandag gegee het aan die besondere aard van die ampte nie, fokus die 1972-verslag op tien eienskappe wat bepalend vir die besondere aard van die ampte is. Hierdie eienskappe belig die vertikale lyn baie meer as die horisontale lyn, wat volgens die kommissie, in die verlede te veel belig is. Die sterk beklemtoning wat op die horisontale karakter geplaas is, het aan die amp 'n sterk klerikale karakter gegee. Onder die term "horisontale karakter" tel terme soos "publieke funksie van die amp", "publieke en private dienste", "spesiale plek" en die term "funksie".

Die kommissie het 'n stel van daardie tien eienskappe gelys wat bepalend is vir die besondere aard en karakter van die ampte in die kerk. Hierdie karaktereienskappe word in die verslag as volg gelys en verduidelik (RES 1972:187–196, 201–202):

- Die ampte het 'n teokratiese karakter

  Dit beteken dat die kerk in 'n direkte vertikale verhouding met God staan en nie 'n mensgevormde assosiasie is waar persone met dieselfde belangstellings bymekaar kom nie. Dieselfde teokratiese karakter is ook van toepassing op die verskillende ampte in die kerk. Die ampte is altyd instrumenteel in die manier waarop God vir die kerk sorg en die kerk regeer.

- God het die organisasie van die kerk en die ampte daarmee saam aan die kerk gegee

  Die organisasie van die kerk en die differensiasie binne die ampte het nie uit die kerk voortgespruit volgens die bepaalde behoeftes en omstandighede van die kerk nie. Die ampte word beskou as deel van God se bloudruk vir die kerk.

- Christus is absoluut en sentraal as die Hoof van Sy kerk

  Die kerk kan net beskou word vanuit die oogpunt van die allesomvattende heerskappy van Christus oor Sy kerk. Vir die eerste keer in hierdie verslag word die saak van vroue in die ampte direk beredeneer. Die kommissie is hier van mening dat as iemand sou redeneer dat vroue uit die ampte uitgesluit was op grond van die sosiale omstandighede van die tyd waarin die Bybel tot stand gekom het, hulle ook daarmee impliseer dat Christus diskriminasie binne die kerk, as liggaam van Hom, toegepas het. Sodanige diskriminasie staan in direkte kontras met die nie-diskriminerende karakter van die Nuwe Testament.

Die verhouding Christus-en-Sy-kerk, Hoof-liggaam is normatief vir die verhouding tussen man en vrou wanneer hulle een word. Wanneer Christus dus sekere besondere dienste net vir mans gee om te doen, gee Hy hierdie gawe tog vir die hele kerk.

- Christus gebruik die ampte in Sy diens

Die Reformasie het die Woord van God weer die vertrekpunt gemaak vir die leer oor die ampte, terwyl Rome die outoriteit aan die Kerk gegee het om die ampte te bepaal. Hier maak die kommissie dit duidelik dat daar baie duidelike oorweging geskenk moet word aan die vraag of daar nie ’n neiging is om die individu as vertrekpunt te neem in die hele debat rondom die toelating van vroue tot die besondere ampte nie.

- Die Goddelike sanksie gee ’n verteenwoordigende karakter aan die ampte

’n Deurlopende eienskap van alle ampte deur die Bybel is dié van die Goddelike sanksie, waar God die mandaat en die krag gee om die spesifieke taak uit te voer.

- Christus gebruik die ampte met die oog op die kerk

Die amp en ampsdraer is nie ’n doel op sigself nie, maar word na die kerk gestuur. Daarom word die amp nie gemagtig met die oog op ’n persoon nie.

- Die Woord gee sy eie unieke betekenis aan die konsep van ’n amp

Die Woord werk nie met ’n abstrakte ampsbeskouing nie. Dit is inteendeel baie konkreet wanneer persone geroep word om apostels, profete, evangeliste, diakens, opsieners of helpers te wees. Die *terminus technicus* definieer elke amp na aanleiding van sy spesifieke funksie en op so ’n manier dat daar nêrens in die Skrif ’n kollektiewe amp kristalliseer nie.

Die Woord is duidelik oor die feit dat vroue ook spesiale gawes ontvang het en dat vroue op sigself ook ’n gawe aan die kerk is, maar daar is volgens die verslag geen getuienis in die Woord dat vroue in die besondere ampte as opsieners of diakens gegee is nie.

- Roeping is ’n bepalende eienskap vir die besondere ampte

Onder roeping is die innerlike roeping, as direkte roeping van die Here onder leiding van Sy Gees, eerstens van belang. Roeping gebeur nie meer op dieselfde

manier soos wat die dissipels geroep is nie, maar wel deur ’n innerlike roeping van die Here en indirek deur die kerk.

- Die roeping lei tot bevestiging

  ’n Bepalende eienskap van die besondere of kerklike ampte is die openbare bevestiging in die gemeente.

- Daar bestaan ’n groot verskeidenheid van gawes, dienste en bedieninge

  In die Nuwe Testament word meer as een gawe soms aan dieselfde persoon gegee. Hierdie gawes en bedieninge is nie bykomend aan die kerk gegee nie, maar het gegroei uit die liggaam van Christus. Selfs wanneer die Woord onderskeid tref tussen die verskillende bedieninge, is dit nie normatief dat daar ’n aparte amp vir daardie besondere bediening of gawe geskep moet word nie.

  Volgens die verslag bestaan daar onsekerheid in gereformeerde kringe oor die amp van diaken. Die term *diakonos* kan as *terminus technicus* gebruik word vir elke bediening in die Skrif. Tog is daar aanduidings dat die term teen die einde van Paulus se bediening gekoppel is aan ’n spesifieke diens wat van dié van die opsieners verskil het. Die ware bediening van diakens in gereformeerde kringe word in verband gebring met die bediening aan armes en behoeftiges.

Met hierdie karaktereienskappe in gedagte en alles wat in die verslag oor die ampte in die algemeen geskryf is, sluit die verslag af met ’n stuk waarin bepaal word of vroue dan in die bediening toegelaat kan word al dan nie. Die kommissie is verder van mening dat die huidige opvatting rondom die ampte nie die korrekte Skriftuurlike aard en karakter van die ampte weerspieël nie (RES 1972:202).

## 7.3 ’N NEE VIR VROUE

### 7.3.1 Die Kommissie is ongemaklik met die opdrag en mandaat

Op hierdie punt kom die Kommissie met ’n verrassende stelling na vore, naamlik dat hulle probleme het met die prosedure wat gevolg is om ’n verslag oor hierdie saak te laat opstel én die formulering van die mandaat (RES 1972:196). Dit is vreemd dat dit nie heel aan die begin gemeld is nie.

Die kommissie is van mening dat daar ’n gravamen oor die saak ingehandig moes word wat ’n heel ander prosedure vereis, naamlik dat die onus van bewyslewering op die skouers rus

van diegene wat ongemaklik is met ’n bepaalde stand van sake binne die kerk. Die GES se aanvaarding van die opdrag om die hele saak rondom vroue in die ampte te ondersoek en daardeur verskoning te moet maak oor hoekom vroue nie tot die ampte toegelaat kan word nie, het die hele historiese tradisie in die belydenis en die kerkorde verwerp en dit in ’n onsekere posisie geplaas. Die kommissie is dus van mening dat diegene wat dink dat die gereformeerde tradisie onskriftuurlik oor vroue is, dit moet bewys (RES 1972:196, 201).

Verder het die kommissie ’n probleem met die formulering van die mandaat wat lui dat die úítsluiting [my beklemtoning soos afgelei uit die oorspronklike verslag – EPB] van vroue uit die verskillende ampte in die lig van die Skrif ondersoek moet word. Die formulering dui op ’n aprioriese standpunt ten opsigte van die materiaal, naamlik dat daar in die praktyk teenoor vroue gediskrimineer word, dat hierdie praktyk negatief is en die suggestie laat dat vroue toegelaat behoort te word. ’n Bepaalde moderne filosofiese interpretasie wat “gelykheid” as basiese konsep aanvaar, lê aan die wortel hiervan. Die negatiewe formulering en metodologiese fout het dus, volgens die kommissie, deurgaans gekristalliseer in die interpretasie van die mandaat (RES 1972:196–197).

### 7.3.2 Die swyggebod, skeppingsorde en sondeval gee die deurslag

Een van die groot vrae wat die verslag moet beantwoord is die hantering van Skrifgedeeltes soos 1 Korintiërs 14:34 en 1 Timoteus 2:12 en of daar Skriftuurlike bewyse bestaan waarin vroue toegelaat word tot die besondere ampte.

Om hierdie moeilike vrae te beantwoord word daar eers ’n paar losstaande en algemene gedagtes rondom die saak geopper, voordat die genoemde tekste hanteer word. Die kommissie is eerstens van mening dat daar geen Skriftuurlike bewyse bestaan waarin vroue toegelaat word tot die ampte soos mans nie. Verder word dit beklemtoon dat Paulus dieselfde beginsels vir die kerk en huwelik voorskryf. Aan die een kant is die vrou as huweliksmaat gelyk in Christus. Aan die ander kant beteken hierdie gelykheid nie dat daar geen differensiasie en verskille is nie en dit vat ook nie die leidende posisie wat die man in sy verhouding tot die vrou het, weg nie.

Alhoewel vroue nie tot die ampte toegelaat is nie, beteken dit nie dat hulle uit die kerk se programme uitgesluit is nie, behalwe waar dit oor ’n spesifieke kerklike amp gegaan het. Op grond van Herman Ridderbos se verklarings kom die kommissie ook tot die slotsom dat

die werk wat iemand soos Febe gedoen het (vgl. Romeine 16:1[82]) nie dié van ’n diaken was nie, maar eerder gereken moet word as ’n gawe. Ridderbos is ook van mening dat vroue nie naas opsieners en diakens gereken moet word in 1 Timoteus 3:11[83] nie, maar as die vroue van diakens (RES 1972:197). Alhoewel diakens nie ’n opsig- en regeertaak soos ouderlinge het nie, word daar tog van hulle verwag om hulle huishoudings en kinders te regeer [hierdie opmerking is nommerpas vir die volksmoederdiskoers – EPB]. Hieruit kan afgelei word dat Paulus net aan mans as diakens gedink het. Die ander kwalifikasies vir diakens, naamlik dat hulle die man van een vrou moet wees en eerlike wins moet maak en hulle huis goed moet kan regeer en beheer, is ’n bewys dat hulle Christus verteenwoordig en die verhouding van Christus teenoor sy kerk moet weerspieël. Daarom kan vroue ook nie diakens wees nie (RES 1972:200).

Op hierdie punt gebruik die kommissie vir die eerste keer die stof wat in die algemeen oor die ampte handel om ’n argument te staaf. In die lig van die teokratiese en verteenwoordigende karakter van die besondere ampte, kan daar nie geredeneer word dat daar nie ’n verskil is tussen Febe se dienswerk en die amptelike dienswerk van iemand wat geroep en bevestig is nie. Dit is juis hierdie beginsels wat die ampte van algemene dienswerk onderskei. Alhoewel gelowiges dienswerk kan verrig wat oorvleuel met dié van die ampte, beteken dit nie dat God vroue aangestel het as diakens of opsieners nie. Net so het die medewerkers van Paulus nie apostels geword nie. Die woord wat vir diaken of dienares gebruik word in Romeine 16:1 word in hierdie geval nie as ’n tegniese term gebruik nie, maar het wel ’n wyer betekenis as dienskneg. Daarom kan daar ook nie geargumenteer word dat Febe wel ’n diaken was nie (RES 1972:198, 200).

In teenstelling met die pleidooie van Calvyn en Voetius en Ridderbos se kommentaar, is die kommissie van mening dat daar nie ’n amptelike bediening van weduwees in die kerk bestaan het nie (RES 1972:198). Ridderbos se vertrekpunt, naamlik dat die bediening van die weduwees ’n amptelike diens was, is ook vir die kommissie onaanvaarbaar. Daar word tog ook ander georganiseerde werk deur klerke, kategete en maatskaplike werkers verrig sonder dat hulle ’n besondere amp beklee. Dit gebeur wanneer daar op ’n abstrakte manier

---

[82] Romeine 16:1 (OAV): [1]Ek beveel by julle aan ons suster Fébé, wat ’n dienares is van die gemeente in Kenchréë, [2]dat julle haar ontvang in die Here, soos dit die heiliges betaam, en haar bystaan in elke saak waarin sy julle nodig mag hê. Want sy was vir baie ’n beskermster en ook vir my.

[83] 1 Timoteus 3:11 (OAV): [11]Net so moet die vroue waardig wees, geen kwaadspreeksters nie, nugter, betroubaar in alles.[12]Die diakens moet manne van een vrou wees en hulle kinders en eie huise goed regeer.

oor die ampte geredeneer word sonder dat daar 'n verband getrek word tussen die amp en die ampsdraer (RES 1972:198).

Die vroue wat Jesus gedien en gevolg het, soos wat in Johannes 12:1–8 en Matteus 27:55[84] berig word, en die feit dat vroue die eerste getuies was van Jesus se opstanding, het hierdie dienswerk nie in 'n amptelike hoedanigheid verrig nie, maar wel as deel van hulle persoonlike roeping as gelowiges (RES 1972:200). Daarom kan dit nie as argument gebruik word om vroue tot die besondere ampte toe te laat nie.

Oor die swyggebod in 1 Korintiërs 14:33–37 en 1 Timoteus 2:12 laat die kommissie hulle soos volg uit: In die eerste plek het Paulus hierdie uitlatings met apostoliese en normatiewe gesag gemaak. Hierdie tekste kan dus nie weggeredeneer word nie.

Die swyggebod in 1 Timoteus 2:11–15 beklemtoon dit dat Paulus se standpunt nie uit die praktyk van die dag gekom het nie, maar wel vanuit sy verstaan van die skeppingsorde en die sondeval. Die verbod word gemotiveer deur 'n standpunt dat vrouens onderdanig aan mans moet wees en dat onderrig of die uitoefening van gesag 'n skending van die opdrag tot onderdanigheid. Hierdie hoofskap beteken nie 'n fisiese hoofskap nie, maar wel die idee om ingesluit te word in en deur die ander (die hoof) verteenwoordig te word. Dit is 'n posisie van dominansie en rigting. Die redes vir die verbod is die skeppingsorde en die sondeval. Die verwysing na die skeppingsorde het betrekking op Genesis 2:18–25[85] waar

---

[84] Johannes 12:1–8 (OAV): [1]En Jesus het ses dae voor die pasga na Betánië gekom waar Lasarus was, wat dood gewees het en wat Hy uit die dode opgewek het. [2]Hulle het toe vir Hom daar 'n maaltyd berei, en Martha het bedien; en Lasarus was een van die wat saam met Hom aan tafel was. [3]En Maria het 'n pond egte, baie kosbare nardussalf geneem en die voete van Jesus gesalf en sy voete afgedroog met haar hare. En die huis is vervul met die reuk van die salf. [4]Toe sê een van sy dissipels, Judas Iskáriot, die seun van Simon, wat Hom sou verraai: [5]Waarom is hierdie salf nie vir driehonderd pennings verkoop en *die geld* aan die armes gegee nie? [6]En dit het hy gesê, nie omdat hy oor die armes besorg was nie, maar omdat hy 'n dief was en die beurs gehad het en die bydraes geneem het. [7]Toe sê Jesus: Laat haar staan; sy het dit bewaar vir die dag van my begrafnis. [8]Want die armes het julle altyd by julle, maar My het julle nie altyd nie.

Matteus 27:55 (OAV): [55]En daar was baie vroue wat dit van ver af aanskou het, wat vir Jesus van Galiléa af gevolg en Hom gedien het.

[85] Genesis 2:18–25 (OAV): [18]Ook het die HERE God gesê: Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas. [19]En die HERE God het uit die aarde geformeer al die diere van die veld en al die voëls van die hemel en hulle na die mens gebring om te sien hoe hy hulle sou noem. En net soos die mens al die lewende wesens genoem het, so moes hulle naam wees. [20]So het die mens dan name gegee aan al die vee en aan die voëls van die hemel en aan al die wilde diere van die veld, maar vir die mens het hy geen hulp gevind wat by hom pas nie. [21]Toe het die HERE God 'n diepe slaap op die mens laat val; en terwyl hy slaap, het Hy een van sy ribbebene geneem en die plek daarvan met vlees toegemaak. [22]En die HERE God bou die rib wat Hy van die mens geneem het, tot 'n vrou en bring haar na die mens. [23]Toe sê die mens: Dit is nou eindelik been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal mannin genoem word, want sy is uit die man geneem. [24]Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees. [25]En hulle was altwee naak, die mens en sy vrou, maar hulle het hul nie geskaam nie.

dit geleer word dat vroue geskep is om mans by te staan en aan hulle onderdanig moet wees (RES 1972:56,199).

Alhoewel daar in die Skrif herhaaldelik verwys word na die Skeppingsorde en die oorspronklike verhouding tussen man en vrou in Genesis 2:18, moet dit in gedagte gehou word dat die sondeval hierdie verhouding versteur het. Mans en vroue se eenheid voor Christus word erken, maar daar moet steeds iemand wees wat na vore tree en die familie korporatief voor God en na buite verteenwoordig (RES 1972:201).

Christus se verlossing het egter nie die skeppingsorde opgehef nie, net soos vroue na Christus se verlossing nie vroue daarvan "gered" het om kinders te kry nie. Met betrekking tot die roeping tot openbare aktiwiteite soos lering, onderrig, opsig en regering, het die Skrif vroue in die man ingesluit en kan sy net in en deur die man verteenwoordig word. Tog is sy nog steeds ten volle mens. Dit is alles in ooreenstemming met die oorspronklike verhouding tussen man en vrou en simboliseer die verhouding tussen Christus en sy kerk. Hierdie simboliek word volgens die kommissie nutteloos wanneer 'n vrou die hoof van haar man word of God se verteenwoordiger in die kerk word (RES 1972:56, 199).

In 1 Korintiërs 14:33–37 word 'n soortgelyke verbod gevind. Die redes wat in hierdie teks aangevoer word is dat die onderdanigheid van vroue deur die wet beveel word en dat dit lelik is vir 'n vrou om in die erediens te praat. Paulus impliseer dat die wet van God dit van vroue verwag om onderdanig te wees. Vroue is klaarblyklik in Korinte toegelaat om in die kerk te praat en daarom moes Paulus hulle korrigeer. Hy doen dit nie bloot op grond van die tradisionele outoriteit nie, maar beroep hom op die wet van God. Die bestaande praktyke van die dag het dus nie die deurslag gegee nie, maar wel die openbaring van God in die lig van die wet (RES 1972:56, 198–199). Hierdie twee gedeeltes is dus nie blote illustrasies of beskrywings nie en die redes wat in die tekste aangevoer word, berus nie op tydgebonde en kultuur-historiese omstandighede nie, maar op die skeppingsorde waarin God die verhouding tussen man en vrou vasgestel het (RES 1972:56–57).

Die oënskynlike teenstrydigheid tussen die swyggebod in 1 Korintiërs 14:34 en die erkenning van die gawe en vryheid wat vroue in 1 Korintiërs 11 het om te bid en te profeteer, word deur Ridderbos verklaar in sy uitwysing dat die swyggebod in die kerk of byeenkomste in die kerk gegeld het terwyl die beoefening van gebede en profesie verwys na pneumatiese uitdrukkings wat by die amptelike byeenkomste plaasgevind het. Daar is ook geen Skriftuurlike bewyse wat aandui dat enige *female branches* van die erkende ampte aanvaar is nie (RES 1972:200).

Drie basiese Bybelse waarhede rondom vroue behoort in korrelasie met mekaar gelees word:

- Galasiërs 3:28 wat bepaal dat mans en vroue gelyk voor Christus is (hierdie teks ondermyn nie die leringe van 1 Korintiërs 14 en 1 Timoteus 2 nie),
- 1 Timoteus 2:11–15, 1 Korintiërs 14:33–37 en Efesiërs 5:22 wat dit duidelik maak dat vroue geskep is om onderdanig aan mans te wees, en
- tekste soos 1 Timoteus 3:11; 5:9 en Titus 2:3–4 wat die unieke rol wat vroue kan speel beklemtoon.

Wat die implikasies van hierdie tekste op mekaar het, word nie uiteengesit nie.

Die verslag sluit af met 'n stelling dat die probleem rondom vroue in die amp van buite af (dus uit die samelewing) na die kerk gebring is. Daar bestaan 'n dualisme tussen die posisie van vroue in die moderne samelewing en in die kerk. As die Skrif vir "ons tyd" geïnterpreteer moet word, word die kultuur-historiese normatief en dan bestaan die gevaar dat almal die Skrif gaan demitologiseer soos dit hulle pas (RES 1972:201).

Laastens is die kommissie van mening dat daar nie teen persone gediskrimineer word wat nie in een van die besondere ampte verkies word nie. As daar egter 'n behoefte in die kerk bestaan, kan vroue onder leiding van die besondere ampte diens lewer. Hierdie dienslewering kan egter nie as amptelik beskou word nie, omdat dit nie oor die verteenwoordigende en normatiewe karakter van die besondere ampte beskik nie (RES 1972:202–203).

In die lig van die lywige verslag waaraan 'n baie groot gedeelte aan die amp in die algemeen afgestaan word, het die GES uiteindelik tot die volgende besluite gekom:

1. Die GES versoek lidkerke om verder ondersoek in te stel na die lering rondom die oplegging van hande of ordening in 'n bepaalde amp. 'n Skriftuurlike herevaluering van die praktyk kan lidkerke lei tot 'n eenvormige verstaan en toepassing.
2. Die GES verklaar dat vroue volgens die Skrif uitgesluit is van enige regerende en lerende amp. Hulle mag nie enige heerskappy oor 'n man hê nie op grond van die Skeppingsorde, die sondeval, die uitdruklike verbod daarvan in die wet en die feit dat die apostel Paulus dit beskou het as 'n opdrag van die Here. Kerke wat vroue reeds tot die verskillende ampte toegelaat het, is versoek om die vraag weer in die lig van die Skrif en die verslae van hierdie kommissie te ondersoek.

3. Die GES kon egter nie tot ’n bevredigende besluit kom vir of teen die toelating van vroue tot die amp van diaken nie en het lidkerke weer gemaan om versigtig te wees om in dié rigting te beweeg. Lidkerke is ook versoek om hulle besluite en studiestukke in hierdie verband na die GES te stuur sodat dit met mekaar vergelyk kan word met terugvoering aan die volgende GES.
4. Laastens is lidkerke versoek om ’n volledige lys op te stel van die gawes en bedieninge van vroue in diakonale diens in ’n hulpgewende hoedanigheid of gepaste lerende situasies (RES 1972:58,60).

Met hierdie besluite het die GES duidelik “nee” vir vroue in die ampte gesê.

# 8. ’N VROU GEE STILWEG AAN HAAR ROEPING GEHOOR

## 8.1 GESPREKSGENOOT 1: “EK HET GAAN STUDEER OM MET KINDERS TE WERK”

Terwyl hierdie debatte binne die GES gevoer is en die NG Kerk net begin het om na te dink oor die toelating al dan nie van vroue, het ’n vrou stilweg aan haar roeping gehoor gegee en in 1973 haar teologiese studies begin.

G1: Ek het daai spesifiek gaan studeer veral om met kinders te werk. My belangstelling was ook tale. Ek was baie lief vir tale. En ... die Bybel op sigself wou ek nou maar regtig op die beste moontlike manier bestudeer, want die boek en die woorde en alles in die Bybel was vir my verskriklik interessant en dan het ek ’n liefde vir die jeug.

Nou kon ek ander goed ook gedoen het, ek het onderwys ook gedoen. Maar ek wou baie definitief teologie ook studeer.

Ook uit ’n geloofsverhouding met die ... met die Here wat, ek vertel altyd my storie as iemand my vra, ek kan nie sê wanneer en waar nie, maar vandat ek baie klein is, op laerskool, het ek al gesê ek wil dit doen. En ek het net sterker daarin geword en ek wou maar met die jeug ook werk ... Ag van baie kleins af, en omdat ek lief vir tale en boeke is en my verhouding met die Here was maar net so dat ek regtig wou (teologie studeer) en dat ek dit wou kombineer met my liefde vir kinders en vir hulle leer en so aan. Ek kan nie regtig ’n ingrypende iets sê nie. Dit was net daar.

Tans word daar in groeiende gemeentes ’n hoë premie geplaas op die teologiese kundigheid van kinderwerkers, jeugwerkers of die persone wat die jeug in ’n gemeente bedien. Hierdie

vrou het juis ’n roeping vir kinderbediening gehad, maar kon dit vanweë die NG Kerk se beleid vir meer as twintig jaar nooit uitleef nie. Sy het heimlik gehoop om tog iewers ’n plek te kry, maar dit het nooit so uitgewerk nie.

G1: Weet jy, ek het aanvaar dat dit nou maar iets is wat so is, maar ek het gehoop om tog in ’n gemeente of gemeentes darem ’n possie of ’n plekkie te kry.

## 8.2 AANVANKLIK GEEN TEENSTAND NIE

Sy het die aanvanklike pad nie as moeilik beleef nie. ’n Vrou wat die teologiese wêreld betree het, was eerder vreemd as onaanvaarbaar.

G1: Ag weet jy, op skool en toe ek jonger was, was dit maar vreemd en snaaks. Maar op universiteit het hulle my taamlik aanvaar. Ek hoor van ... [naam uitgehaal – EPB] en ander wat dit bietjie meer negatief ervaar het. Ek het dit nooit verskriklik negatief ervaar nie. Ek was maar op fakulteit te dom gewees om agter te kom as iemand negatief was. Maar ek het daar ingestap en niemand het my gekeer nie. Ek was die enigste ene in ’n klas van 100. [lag] Ek dink nie ... of ... [name uitgehaal – EPB] het dit belewe nie. En ek het geen, ek kan nie onthou van een dag wat iemand ’n seksistiese of negatiewe (opmerking gemaak het) of (my) negatief behandel het nie. Daai klas het my regtig op die hande gedra. Die dosente ook. Ek kan (nie) onthou van iemand wat regtig negatief was nie. Weerstand en negatiwiteit het ek miskien daarna in gemeentesituasies gekry.

Soos ek sê, nie een van hulle (die dosente) was ooit negatief nie. Ek het nou agterna gehoor ook dat van die vrouestudente gekla het oor party dosente se gesindheid, maar weet jy, ek het nie so iets ervaar nie. Soos ek sê: Ek was dalk te dom [lag]. Maar van die manspersone het my kom vertel dat hierdie meisie wat saam met hulle geswot het, is vreeslik lelik behandel. Miskien was dit dosente wat na my gekom het – ek weet nie.

Hoe moeilik sommige gemeentes vroue soos sy sou akkommodeer, sal later aangetoon word. Die eerste vroue se roepingsverhale wys duidelik dat hulle maklik deur medestudente en selfs dosente aanvaar is. Die vraag kan gevra word of hierdie vroue so maklik aanvaar is omdat hulle geen bedreiging ingehou het vanweë die kerklike beleid nie.

# 9. 1974: BREEDVOERIG NAGEDINK OOR DIE AMP

## 9.1 WEER OP VOETSPORE VAN DIE GES

In 1971 is daar nog geen studie op eie bodem onderneem nie. Tydens die Kommissie vir Leer en Protestantse Aksie se vergadering is daar, na aanleiding van 'n voorstel van prof. F.J.M. Potgieter, besluit om die GES se studiestukke en besluite as basis te neem vir die behandeling van die saak (NG Kerk Kommissie vir Leer en Protestantse Aksie 1971:30). Ter voorbereiding vir die Algemene Sinode van 1974 is die verslag van die GES van 1972 vertaal en aan die Sinode voorgelê ter fundering van die standpunt dat vroue nie tot die amp toegelaat word nie. Daar sou slegs kommentaar gelewer word ten opsigte van die kwessie "eenheid van die amp met differensiasie van funksie". Tog spreek die kommissie sy oortuiging uit dat voortgaande besinning oor die aangeleentheid nodig is (NG Kerk Kommissie Leer en Protestantse Aksie 1973:32). Die stuk wat vir die Algemene Sinode van 1974 voorberei is, word tydens die betrokke Kommissie se vergadering vroeg in 1974 goedgekeur, maar tydens hierdie vergadering word besluit om die Sinode te versoek om die mandaat vir die studie breër te maak sodat die Kommissie ook sal besin oor die rol van die vrou in die samelewing (NG Kommissie Leer en Protestanste Aksie 1974:42).

In die verslag wat tydens die Algemene Sinode van 1974 voorgehou is, word die versoek van die GES, naamlik om "voort te gaan met die bestudering van die kwessie vrou en amp in die lig van die Skrif en verslae oor die saak uit te ruil" ook aangedui (NG Kerk 1974:107). Die teenwoordigheid van ander standpunte binne die geledere van Gereformeerde Kerke word ook nou die eerste keer erken. Lidkerke van die GES was duidelik nie meer eenstemmig oor die saak nie. Standpunte het gewissel van alle ampte wat vir vroue toeganklik moet wees, uitsluiting van die predikantsamp, uitsluiting van die ouderlingsamp, tot uitsluiting uit alle ampte. Die GES het, met inagneming van al die standpunte van al die lidkerke egter 'n meerderheidstandpunt ingeneem wat die Kommissie in sy verslag onderskryf het. Die Kommissie het ongelukkig nie enige teenargumente van kerke wat 'n ander standpunt as hulle gehuldig het, weergegee of die sluier daaroor gelig nie. Die "feite" soos in die verslag weergegee, was 'n opsomming van die GES se meerderheidstandpunt soos die Kommissie vir Leer en Protestantse Aksie besluit het. Die aanbevelings was ook in lyn met die aanbevelings van die GES (NG Kerk 1974:105).

## 9.2 DIAKENS OM TE DIEN

Die genoemde verslag begin met 'n oorsig oor die ampte wat in die Nuwe Testament voorkom. Die woord "amp" kom nie as sodanig in die Nuwe Testament voor nie, maar kan as begrip afgelei word uit die woord *episkope*[86], wat 'n omsienersamp is. Verder word die ampte as een van die genadegawes[87] aan die kerk beskou. Die verskeidenheid van gawes word ook as 'n verskeidenheid van dienste of *diakonia*[88] beskou. Die woord *diakonia*[89]/ *diakonos*[90] word as 'n sleutelwoord beskou om die amp van gelowige asook die besondere ampte aan te dui. Hierdie begrip het aanvanklik die bediening van Paulus tot Apollos en Timoteus aangedui, maar het later 'n tegniese term vir die amp van diaken[91] geword wat 'n dienende karakter gehad het.

Die wye verskeidenheid woorde wat gebruik word om die amp as besondere gawe aan te dui, vorm 'n patroon waarvolgens daar tussen twee afsonderlike spesiale ampte onderskei

---

[86] 1 Timoteus 3:1–2 (OAV): [1]Dit is 'n betroubare woord: as iemand na 'n opsienersamp verlang, begeer hy 'n voortreflike werk. [2]'n Opsiener dan moet onberispelik wees, die man van een vrou, nugter, ingetoë, fatsoenlik, gasvry, bekwaam om te onderrig;

[87] Vergelyk die charismata in 1 Korintiërs 12:1, 4–11, 28–31 en Efesiërs 4:11 (beide OAV): [1]En wat die geestelike gawes betref, broeders, wil ek nie hê dat julle onkundig moet wees nie ... [4]Daar is wel verskeidenheid van genadegawes, maar dit is dieselfde Gees; [5]en daar is verskeidenheid van bedieninge, en tog is dit dieselfde Here; [6]en daar is verskeidenheid van werkinge, en tog is dit dieselfde God wat alles in almal werk. [7]Maar aan elkeen word die openbaring van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is. [8]Want aan die een word deur die Gees 'n woord van wysheid gegee, en aan die ander 'n woord van kennis vanweë dieselfde Gees; [9]aan 'n ander weer geloof deur dieselfde Gees, en aan 'n ander genadegawes van gesondmaking deur dieselfde Gees; [10]aan 'n ander werkinge van kragte, aan 'n ander profesie, aan 'n ander onderskeiding van die geeste, aan 'n ander allerhande tale, aan 'n ander uitleg van tale. [11]Maar al hierdie dinge werk een en dieselfde Gees wat aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil.

[28]En God het sommige in die gemeente gestel: in die eerste plek apostels, ten tweede profete, ten derde leraars, daarna kragte, daarna genadegawes van gesondmaking, helpers, regeringe, allerhande tale. [29]Almal is tog nie apostels nie, almal is tog nie profete nie, almal is tog nie leraars nie, almal is tog nie kragte nie? [30]Het almal genadegawes van gesondmaking, spreek almal in tale, kan almal dit uitlê? [31]Maar beywer julle met die oog op die beste gawes; en ek wys julle 'n nog uitnemender weg.

Efesiërs 4:11 (OAV): [11]En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars ...

[88] 1 Korintiërs 21:4, 28 word hier in die verslag genoem. Dit moet 'n tikfout wees en is seker weer 'n verwysing na die teksverse 1 Korintiërs 12.

[89] Die volgende verwysings na die woord *diakonia* word in die verslag gemaak. Omdat die lys so lank is en dit nie deel uitmaak van die kernargument nie, word slegs die verwysings weergee. Handelinge 1:24–25; Handelinge 6:4; Handelinge 12:25; Handelinge 20:24; Handelinge 21:19; Romeine 11:13; 1 Korintiërs 12:5; 1 Korintiërs 16:15; 2 Korintiërs 4:1; 2 Korintiërs 5:18; 2 Korintiërs 6:3; 2 Korintiërs 11:8; Kolossense 4:17 en 1 Timoteus 1:12.

[90] Verwysings na *diakonos*: 1 Korintiërs 3:5; 2 Korintiërs 6:4; 2 Korintiërs 11:23; Efesiërs 3:7; Efesiërs 6:21; Kolossense 1:7, 23, 25; Kolossense 4:7; 1 Tessalonisense 3:2 en 1 Timoteus 4:6.

[91] Vergelyk 1 Timoteus 3:8–13 en Filippense 1:1. Reeds aangehaal

kan word, naamlik dié wat regeer[92] en onderrig en diegene wat bystand verleen en dien.[93] Die twee groepe ampte word onderskei deur hulle onderskeie pligte en kwalifikasies. Die ouderlinge (ook opsieners genoem) moet regeer[94] en onderrig en die diakens dien[95] (NGK 1974:105).

---

[92] Handelinge 20:17, 28 (OAV): [17]En van Miléte het hy gestuur na Éfese en die ouderlinge van die gemeente laat roep. [28]Gee dan ag op julleself en op die hele kudde waaroor die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om as herders die gemeente van God te versorg, wat Hy deur sy eie bloed verkry het.

Efesiërs 4:11. Reeds aangehaal.

[93] Filippense 1:1 (OAV): [1]Paulus en Timótheüs, diensknegte van Jesus Christus, aan al die heiliges in Christus Jesus wat in Filíppi is, saam met die opsieners en diakens ...

1 Timoteus 3:1–13 (OAV): [1]Dit is 'n betroubare woord: as iemand na 'n opsienersamp verlang, begeer hy 'n voortreflike werk. [2]'n Opsiener dan moet onberispelik wees, die man van een vrou, nugter, ingetoë, fatsoenlik, gasvry, bekwaam om te onderrig; [3]geen drinker, geen vegter, geen vuilgewinsoeker nie, maar vriendelik; geen strydlustige, geen geldgierige nie; [4]een wat sy eie huis goed regeer en sy kinders met alle waardigheid in onderdanigheid hou. [5]Maar as iemand nie weet om sy eie huis te regeer nie, hoe sal hy vir die gemeente van God sorg dra? [6]Hy moet nie 'n nuweling wees nie, sodat hy nie verwaand word en in dieselfde oordeel as die duiwel val nie. [7]Maar hy moet ook goeie getuienis hê van die buitestanders, sodat hy nie in veragting en in die strik van die duiwel val nie. [8]Net so moet die diakens waardig wees, nie uit twee monde spreek nie, nie verslaaf aan wyn nie, geen vuil gewinsoekers nie, [9]manne wat die verborgenheid van die geloof in 'n rein gewete hou. [10]En hulle moet ook eers 'n proeftyd deurmaak; daarna, as hulle onberispelik is, kan hulle dien. [11]Net so moet die vroue waardig wees, geen kwaadspreeksters nie, nugter, betroubaar in alles. [12]Die diakens moet manne van een vrou wees en hulle kinders en eie huise goed regeer. [13]Want die wat goed gedien het, verkry vir hulle 'n eervolle plek en veel vrymoedigheid in die geloof in Christus Jesus.

[94] 1 Timoteus 3:2, 5. Reeds aangehaal.

1 Timoteus 5:17 (OAV): [17]Laat die ouderlinge wat goed regeer, dubbele eer waardig geag word, veral die wat arbei in woord en leer.

Titus 1:9 (OAV): [9]een wat vashou aan die betroubare woord wat volgens die leer is, sodat hy in staat kan wees om met die gesonde leer te vermaan sowel as om die teësprekers te weerlê.

Handelinge 20:28. Reeds aangehaal.

Handelinge 15 (OAV): (Daar word na die hele hoofstuk in die verslag verwys; ek haal slegs enkele tekste aan wat direk na die taak van die ouderling verwys.) [2]Toe daar nou geen klein stryd en woordewisseling van die kant van Paulus en Bárnabas teen hulle ontstaan het nie, het hulle besluit dat Paulus en Bárnabas en nog 'n paar ander van hulle sou opgaan na die apostels en ouderlinge in Jerusalem in verband met hierdie vraagstuk.

[5]Maar sommige gelowiges uit die party van die Fariseërs het opgestaan en gesê: Dit is noodsaaklik dat hulle besny word en bevel ontvang om die wet van Moses te onderhou. [6]En die apostels en die ouderlinge het vergader om hierdie saak te ondersoek.

[22]Toe het die apostels en die ouderlinge saam met die hele gemeente besluit om manne uit hulle te kies en na Antiochíë te stuur saam met Paulus en Bárnabas, *naamlik* Judas, met die bynaam van Bársabas, en Silas, manne wat voorgangers onder die broeders was.

1 Petrus 5:1–3 (OAV): [1]Ek vermaan die ouderlinge onder julle, ek wat 'n mede-ouderling en getuie van die lyde van Christus is, wat ook 'n deelgenoot is van die heerlikheid wat geopenbaar sal word: [2]Hou as herders toesig oor die kudde van God wat onder julle is, nie uit dwang nie, maar gewilliglik; nie om vuil gewin nie, maar met bereidwilligheid; [3]ook nie as heersers oor die erfdeel nie, maar as voorbeelde vir die kudde.

[95] Handelinge 6:2, 3 (OAV): [2]En die twaalf het die menigte van die dissipels byeengeroep en gesê: Dit is nie reg dat ons die woord van God nalaat om die tafels te bedien nie. [3]Kyk dan uit, broeders, na sewe manne uit julle, van goeie getuienis, vol van die Heilige Gees en wysheid, wat ons oor hierdie nodige saak kan aanstel ...

## 9.3 UNIEKE AARD VAN DIE TAAK VAN DIE OUDERLING

Met die ondersteuning van 'n lys Skrifgedeeltes[96] word die unieke aard van die ouderling verder omskryf. Die ouderlinge het altyd saam as 'n liggaam die regering of opsig uitgeoefen. Die Gereformeerde beginsel van die gelykheid van die ouderlinge word pertinent genoem. Die regering van die vroeë kerk deur die ouderlinge of opsieners word

---

[96] Handelinge 11:30 (OAV): [30]En dit het hulle ook gedoen en dit deur Bárnabas en Saulus aan die ouderlinge gestuur.

Handelinge 14:23 (OAV): [23]En hulle het in elke gemeente vir hulle ouderlinge gekies, en hulle, ná gebed en vas, opgedra aan die Here in wie hulle geglo het.

Handelinge 15. Dele reeds aangehaal.

Handelinge 20:17. Reeds aangehaal.

Handelinge 20:28. Reeds aangehaal

Filippense 1:1 (OAV): [1]Paulus en Timótheüs, diensknegte van Jesus Christus, aan al die heiliges in Christus Jesus wat in Filíppi is, saam met die opsieners en diakens:

1 Timoteus 5:17. Reeds aangehaal.

Titus 1:5 (OAV): [5]Om hierdie rede het ek jou in Kreta agtergelaat, dat jy nog verder sou regmaak wat oorgebly het, en van stad tot stad ouderlinge sou aanstel soos ek jou beveel het —

1 Tessalonissense 5:12–13 (OAV): [12]Maar ons vra julle, broeders, erken die wat onder julle arbei en julle voorgangers in die Here is en julle vermaan; [13]en bewys hulle in liefde die hoogste agting ter wille van hulle werk. Hou vrede onder mekaar.

1 Timoteus 3:1. Reeds aangehaal.

1 Timoteus 5:17. Reeds aangehaal.

Hebreërs 13:7, 17 (OAV): [7]Gedenk julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het; aanskou die uiteinde van hulle lewenswandel en volg hulle geloof na. [17]Wees gehoorsaam aan julle voorgangers en onderdanig, want hulle waak vir julle siele as diegene wat rekenskap moet gee, sodat hulle dit met blydskap kan doen en nie al sugtende nie; want dit is vir julle nie nuttig nie.

Jakobus 5:14 (OAV): [14]Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het.

1 Petrus 5:1. Reeds aangehaal.

Romeine 12:7, 8 (OAV): ... [7]is dit profesie, na die maat van die geloof; of bediening, in die werk van bediening; of wie leer, in die lering; [8]of wie vermaan, in die vermaning; wie uitdeel, in opregtheid; wie 'n voorganger is, met ywer; wie barmhartigheid bewys, met blymoedigheid.

1 Korintiërs 12:28 (OAV): [28]En God het sommige in die gemeente gestel: in die eerste plek apostels, ten tweede profete, ten derde leraars, daarna kragte, daarna genadegawes van gesondmaking, helpers, regeringe, allerhande tale.

1 Korintiërs 16:15 (OAV): [15]En ek versoek julle, broeders – julle weet dat die huisgesin van Stéfanas die eersteling van Acháje is en dat hulle hul tot diens van die heiliges gestel het ...

2 Johannes 1 (OAV): [1]Die ouderling aan die uitverkore vrou en aan haar kinders – wat ek in waarheid liefhet, en nie ek alleen nie, maar ook almal wat die waarheid leer ken het ...

3 Johannes 1–2 (OAV): [1]Die ouderling aan die geliefde Gajus wat ek in waarheid liefhet. [2]Geliefde, ek wens dat dit met jou in alles goed mag gaan en dat jy gesond is, soos dit met jou siel goed gaan ...

deur feitlik elke Nuwe Testamentiese skrywer gemeld. Dit word as 'n normatiewe patroon deur die Nuwe Testament beskou (NG Kerk 1974:105–106).

## 9.4 ONDERDANIG SAL SY BLY

Na al hierdie teksverse gee die verslag uiteindelik aandag aan die groot vraag, naamlik of die genoemde ampte vir vroue toeganklik is al dan nie. Die antwoord word kort en kragtig gegee dat "beide in die algemeen Christelike en Gereformeerde tradisies is dit die gebruik om die amp van regerende en lerende ouderlinge tot mans te beperk, in die oortuiging dat dit die eenvoudige en klaarblyklike leer van die Skrif is dat vroue uitgesluit is van die amp van regerende en lerende ouderlinge" (NG Kerk 1974:106).

Soos in 1970 word 1 Timoteus 2:11–15[97] en 1 Korintiërs 14:33b–37[98] weer genoem in die motivering hoekom die Skrif die toelating van vroue verbied. Die hoofrede is dat die vrou aan die man onderdanig moet wees omdat sy ná die man geskape is en sy die rede vir die sondeval was (die verslag noem dit die "implikasies van die sondeval"). Hierdie argumente word gesteun deur tekste soos Genesis 2:18–25, 1 Korintiërs 11:22 en Efesiërs 5:22[99]

---

[97] 1 Timoteus 2:11–15. Reeds aangehaal.

[98] 1 Korintiërs 14:33b–37. Reeds aangehaal.

[99] Genesis 2:18–25. Reeds aangehaal.

1 Korintiërs 11:22. Dit moet seker 1 Korintiërs 11:2–16 wees. Hierdie gedeelte handel oor die verhouding tussen God, Christus, man en vrou. Hierdie teks is 'n baie goeie voorbeeld van die lyn van argumentasie wat gebruik is.

[2]En ek prys julle, broeders, dat julle in alles aan my dink en aan die leringe vashou soos ek dit aan julle oorgelewer het. [3]Maar ek wil hê dat julle moet weet dat Christus die hoof is van elke man, en die man die hoof van die vrou, en God die hoof van Christus. [4]Elke man wat bid of profeteer met iets op sy hoof, doen sy hoof oneer aan; [5]maar elke vrou wat bid of profeteer met onbedekte hoof, doen haar hoof oneer aan; want dit is een en dieselfde asof haar hoof geskeer is. [6]Want as 'n vrou se hoof nie bedek is nie, laat sy dan ook haar hare afsny; maar as dit vir 'n vrou lelik is om haar hare af te sny of te skeer, laat sy haar hoof bedek. [7]Want 'n man moet die hoof nie bedek nie, omdat hy die beeld en heerlikheid van God is; maar die vrou is die heerlikheid van die man. [8]Want die man is nie uit die vrou nie, maar die vrou uit die man. [9]Want die man is ook nie ter wille van die vrou geskape nie, maar die vrou ter wille van die man. [10]Daarom moet die vrou 'n *aanduiding van* gesag op die hoof hê ter wille van die engele. [11]En tog, in die Here is die man nie sonder die vrou nie, en die vrou ook nie sonder die man nie. [12]Want soos die vrou uit die man is, so is ook die man deur middel van die vrou; maar alles is uit God. [13]Oordeel self: Is dit betaamlik dat 'n vrou met onbedekte hoof tot God bid? [14]Of leer ook die natuur self julle nie dat as 'n man lang hare dra, dit vir hom 'n oneer is nie; [15]maar as 'n vrou lang hare dra, dit vir haar 'n eer is, omdat die lang hare vir haar gegee is as 'n bedekking? [16]Maar as iemand meen om twisgierig te wees, ons het nie so 'n gewoonte nie, en ook die gemeentes van God nie.

Efesiërs 5:22–33 (OAV): [22]Vroue, wees aan julle eie mans onderdanig, soos aan die Here. [23]Want die man is die hoof van die vrou, soos Christus ook Hoof is van die gemeente; en Hy is die Verlosser van die liggaam. [24]Maar soos die gemeente aan Christus onderdanig is, so moet die vroue dit ook in alles aan hul eie mans wees. [25]Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het [26]om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord, [27]sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees. [28]So behoort die mans hul eie vroue lief te hê soos hul eie liggame. Wie sy eie vrou liefhet,

waarin die hoofskap van die man sterk beklemtoon word. Volgens die verslag het Paulus die gebruik van sommige gemeentes in Korinte om vroue toe te laat om te preek afgekeur omdat dit volgens 1 Korintiërs 14:35 "in stryd met die wet van God" was (NG Kerk 1974:106).

Die kommissie vestig die aandag daarop dat die genoemde tekste nie as voorbeelde gesien moet word nie, maar bevele is wat nie "tydgebonde, historiese en kultureel-relatiewe argumente" is nie. Daarom geld hierdie bevele nie net vir die tyd waarin dit geskryf is nie. Daarom word ook sterk klem gelê op die skeppingsorde en die handhawing van die onderlinge verhoudinge wat God so "verorden" het.

Die lang stukke in die 1974-studiestuk wat aan die omskrywing van die ampte bestee is, word teen die einde van die verslag duidelik omdat die wese van die amp uiteindelik medebepalend is vir die in- of uitsluiting van vroue. Omdat die amp in wese gesien is as lerend en regerend, "ook oor mans dus", is vroue, aldus Paulus, daarvan uitgesluit.

'n Teks soos Galasiërs 3:28[100], wat juis die gelykheid van mans en vroue uitlig, weerspreek volgens die kommissie nie die "onderdanige" tekste nie. Verder word die korrelasie tussen die regering van die man in die gesin met die regering in die gemeente met 'n teks soos 1 Timoteus 3:4–5[101] verduidelik. Die leerskool om ander mense onderdanig te hou en te regeer is die huisgesin.

Laasgenoemde argument sluit baie nou aan by 'n breë diskoers van hierdie tydperk, naamlik dat vroue 'n bepaalde rol moes vervul om hulle gesinne te ondersteun.

---

het homself lief; [29]want niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie, maar hy voed en koester dit, net soos die Here die gemeente. [30]Want ons is lede van sy liggaam, van sy vlees en van sy bene. [31]Daarom moet die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees word. [32]Hierdie verborgenheid is groot, maar ek sê dit met die oog op Christus en die gemeente. [33]In alle geval moet elkeen van julle ook afsonderlik sy eie vrou liefhê net soos homself, en die vrou moet die man eerbiedig.

[100] Galasiërs 3:28 (OAV): [28]Daar is nie *meer* Jood of Griek nie, daar is nie *meer* slaaf of vryman nie, daar is nie *meer* man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus.

[101] 1 Timoteus 3:4–5 (OAV): ... [4]een wat sy eie huis goed regeer en sy kinders met alle waardigheid in onderdanigheid hou. [5]Maar as iemand nie weet om sy eie huis te regeer nie, hoe sal hy vir die gemeente van God sorg dra?

## 9.5 'N VRAAG OOR DIE DIAKONIE

Die betrokkenheid van vroue by diakonale take en "gepaste onderrigsituasies" word in die verslag breedvoerig deur verskeie teksverse[102] aangedui. So kon die ouer weduwees jonger vroue onderrig in hulle verantwoordelikhede teenoor hulle mans. Paulus verwys na die gemeente in Korinte waar vroue gebid en profeteer het en Priscilla en Aquila, het as gedugte man-en-vrou span, die weg van God aan Apollos tydens 'n vergadering uitgelê (NG Kerk 1974:106).

Desnieteenstaande hierdie voorbeelde, word drie "Bybelse waarhede" (wat presies ooreenstem met die GES-verslag van 1972) uitgelig wat steeds bo alles gehandhaaf moet word:

1. Voor Christus is alle mans en vroue gelykwaardig[103].
2. Vroue moet op grond van die skeppingsorde van God in die huis en gemeente aan mans onderdanig wees en kan daarom nie in die lerende en regerende ampte dien nie. 'n Lys tekste[104] wat reeds genoem is ondersteun hierdie argument.

---

[102] 1 Timoteus 5:9−16 (OAV): [9]Laat 'n weduwee gekies word, nie minder as sestig jaar oud nie, wat die vrou van een man gewees het [10]en getuienis het van goeie werke, as sy kinders grootgemaak het, gasvry gewees het, die voete van die heiliges gewas het, verdruktes gehelp en elke goeie werk nagestreef het. [11]Maar jy moet die jong weduwees afwys; want wanneer hulle tot oneer van Christus wellustig word, wil hulle trou [12]en kom onder 'n oordeel, omdat hulle hul eerste geloof verwerp het. [13]En tegelykertyd leer hulle ook om ledig by die huise rond te gaan; en nie alleen is hulle ledig nie, maar ook praatsiek en bemoeisiek, want hulle praat wat nie behoorlik is nie. [14]Ek wil dan hê dat die jong weduwees moet trou, kinders baar, hulle huise regeer en die teëparty geen aanleiding gee om kwaad te spreek nie. [15]Want sommige het al afgewyk agter die Satan aan. [16]As 'n gelowige man of 'n gelowige vrou weduwees *by hulle* het, moet dié aan hulle hulp verleen; en laat die gemeente nie beswaar word nie, sodat dit die wat waarlik weduwees is, kan help.

Titus 2:3−4 (OAV): [3]Die ou vroue moet ook in hulle gedrag wees soos dit die heiliges betaam, geen kwaadspreeksters of aan baie wyn verslaaf nie, maar leraresse van wat goed is, [4]sodat hulle die jong vroue kan leer om versigtig te wees, hulle mans en kinders lief te hê,

1 Timoteus 3:11 (OAV): [11]Net so moet die vroue waardig wees, geen kwaadspreeksters nie, nugter, betroubaar in alles.

Romeine 15:1 (OAV): [Hierdie teks moet eerder Romeine 16:1 wees – dit word later in die verslag so aangehaal.] [1]Ek beveel by julle aan ons suster Fébé, wat 'n dienares is van die gemeente in Kenchréë, [2]dat julle haar ontvang in die Here, soos dit die heiliges betaam, en haar bystaan in elke saak waarin sy julle nodig mag hê. Want sy was vir baie 'n beskermster en ook vir my.

Handelinge 18:26 (OAV): [26]En hy het vrymoediglik in die sinagoge begin spreek; maar nadat Áquila en Priscílla hom gehoor het, het hulle hom by hulle geneem en hom noukeuriger die weg van God uitgelê.

[103] Op grond van Galasiërs 3:28. Reeds aangehaal.

[104] Vergelyk Efesiërs 5:22. Reeds aangehaal.

1 Timoteus 2:11−15 (OAV): [11]Die vrou moet haar in stilte laat leer in alle onderdanigheid. [12]Ek laat die vrou egter nie toe om onderrig te gee of oor die man te heers nie, maar sy moet haar stil hou. [13]Want Adam is eerste gemaak, daarna Eva. [14]En Adam is nie verlei nie, maar die vrou het haar laat verlei en het in oortreding

3. Vroue moet " 'n unieke rol in die diakonale taak[105] van 'n gemeente en in gepaste onderrigsituasies" vervul. (NG Kerk 1974:107).

Op grond van bogenoemde Bybelse waarhede wat volgens die verslag gehandhaaf moet word, sou 'n mens verwag dat die Kommissie 'n aanbeveling aan die Sinode sou maak om vrouens wel tot die amp van diaken toe te laat. Die aanbeveling erken egter nie die unieke diakonale rol wat vroue kan speel nie en gaan selfs so ver om, ten spyte van al die tekste wat aangehaal is, dit te stel dat die Bybel geen positiewe opdrag in hierdie verband gee nie. Die deurslaggewende argument wat gebruik word om vroue ook uit die amp van diaken te hou, is die kerkregtelike posisie wat diakens in die kerkregeringstelsel van die NG Kerk inneem. In die lig daarvan word daar aanbeveel dat die Sinode nie sodanige besondere amp erken nie. Die aanbeveling dat vroue uitgesluit is van die amp van lerende en regerende ouderling is teen die agtergrond van die verslag geen verrassing nie (NG Kerk 1974:107).

Die laaste aanbeveling wat tydens hierdie sinode gemaak word, versoek die Kommissie vir Leer en Protestantse Aksie om op hoogte te bly met die verloop van die studie binne die GES en aan die volgende sinode te rapporteer (NG Kerk 1974:107). Die aanbeveling dat die Sinode nie net oor vroue in die amp moet besin nie, maar ook oor hulle rol in die samelewing en kerk, is betekenisvol. Hierdeur sou nadenke oor 'n baie belangrike en breër samelewingsvraag begin.

# 10. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die ontwikkeling van die Afrikanervrou se rol as volksmoeder teen 'n breër historiese tydvak, wat vanaf 1899-1961 strek, geskets. Twee vroue wat voor 1950 teologie studeer het, maar wat hulle roeping as predikantsvroue uitgeleef het, se verhale is opgeteken. Vroue-organisasies op kulturele, maatskaplike en kerklike terrein sou vir baie

---

gekom. [15]Maar sy sal gered word deur kinders te baar, as hulle bly in geloof en liefde en heiligmaking, met ingetoënheid.

1 Korintiërs 14:33b–37. Reeds aangehaal.

1 Timoteus 3:4–5. Reeds aangehaal.

[105] 1 Timoteus 3:11. Reeds aangehaal.

1 Timoteus 5:9–10. Reeds aangehaal.

Titus 2:3–4. Reeds aangehaal.

Romeine 16:1. Reeds aangehaal.

lank ’n platform vir vroue skep om hulleself uit te leef , ’n verskil in die samelewing te maak en ’n ruimte skep om hulle stem te laat hoor. Tydens die hoogbloei van apartheid het Afrikanervroue hulleself veral binne vroue-organisasies met ’n kultuuroogmerk begin uitleef.

Die vraagstuk rondom die vrou in die amp het in 1966 vir die eerste keer op die Algemene Sinode se tafel gekom alhoewel die Vrystaatse Sinode reeds in 1944 oor vroue-diakens begin besin het. Die GES het in 1968 en 1972 twee uitvoerige verslae oor die saak uitgebring en die NG Kerk se eerste nadenke is grootliks op hierdie twee verslae geskoei. Gedurende die eerste tyd van besinning het die NG Kerk dus nie vanuit ons eie unieke konteks oor teologies oor die saak nagedink nie, maar ’n buitelandse besinning kritiekloos oorgeneem.

In 1970 het die Kommissie vir Leer en Protestantse Aksie in sy verslag “hom” eenvoudig met die besluit van die GES van 1968 vereenselwig en ’n besluit van die GES woordeliks weergegee, gevolg deur ’n Afrikaanse motivering wat hoofsaaklik gehandel het oor die sogenaamde “swyggebod” in 1 Korintiërs 14:34–35 en 1 Timoteus 2:11–12 wat die vrou verbied om in ’n lerende en regerende hoedanigheid op te tree. Die Sinode het daarna besluit om die hele aangeleentheid terug te verwys na die Permanente Kommissie vir Leer en Protestantse Aksie vir verdere besinning.

Die verslag wat voor die Sinode van 1974 gedien het was ’n blote opsomming van die GES se meerderheidstandpunt teen die toelating van vroue tot die ampte. Die aanbevelings was ook in lyn met die aanbevelings van die GES. Die onderdanigheid van vroue op grond van die implikasies van die sondeval en die skeppingsorde is as tydlose en algemeen geldende beginsels onderstreep.

Te midde van die besinning op kerklike vergaderings het ’n paar vroue stilweg aan hulle roeping gehoor gegee en teologie gaan studeer. Gespreksgenoot 1 vertel hoekom sy gedurende hierdie tyd teologie gaan studeer het en hoe sy nie regtig enige teenstand ervaar het nie.

**Hoofstuk 3**

# 1978–1990:
# ’N VERSKIL IN SKRIFINTERPRETASIE KENMERK DIE TWEE KANTE VAN DIE DEBAT

## 1. DIE GROTER LANDKAART: 1978–1990

Na afloop van die Inligtingskandaal, waarin daar bevind is dat B.J. Vorster wel bewus was van die onreëlmatighede waarin staatsgeld gebruik is om die politieke doelwitte van die Nasionale Party (NP) te bevorder, het Vorster as premier bedank (Davenport 1986:310). Hy is deur P.W. Botha opgevolg. Teen hierdie tyd het Afrikaners die meeste senior posisies in die regering, veiligheidsmagte, provinsiale administrasies en ander groot instellings beklee.

Politieke hervorming was teen hierdie tyd onvermydelik. Die sogenaamde hoekstene van apartheid, soos die paswette en die bevolkingsregistrasie, het egter eers in die middel tagtigerjare op die agenda gekom met die oog op hervorming (Giliomee 2004:545). Die NP se konstitusionele hervormings het spanning binne Afrikanergeledere teweeg gebring, met die gevolg dat die Konserwatiewe Party (KP) in 1982, onder leiding van ’n oud-NG-predikant, gestig is en van die NP weggebreek het. Afrikaner-eenheid is hiermee beëindig (Giliomee 2004:558). Nadat ’n referendum in 1983 gehou is, is ’n nuwe grondwet aanvaar. Hieruit het ’n Driekamerparlement tot stand gekom waarin blankes deur die Volksraad, bruin mense deur ’n Huis van Verteenwoordigers en Indiërs deur ’n Huis van Afgevaardigdes verteenwoordig is. Die Volksraad se verteenwoordiging sou altyd meer wees as die ander twee huise saam en swart mense se saak het by die Staatspresident berus (Davenport 1986:314).

Die laat sewentigerjare en die grootste deel van die tagtigerjare is gekenmerk deur die grensoorlog waarin die bedreiging van Afro-Marxisme die hoof gebied is. Slagspreuke soos die “totale aanslag” en “die skrif aan die muur is rooi” is dikwels gehoor en daar is teen hierdie kommunistiese aanslae geveg. Selfs die Christelike Instituut is in hierdie tyd as staatsgevaarlike organisasie gesluit.

Buiten die grensoorlog het Suid-Afrika binnelands ook ’n tyd van destabilisasie beleef met swart opstande wat dwarsoor die land begin opvlam het totdat ’n noodtoestand uiteindelik in 1985 afgekondig is. Teen 1988/1989 het die militêre begroting 17.7% van die land se begroting uitgemaak (Giliomee 2004:551; Maritz 2004:54). Ten spyte van die plofbare binnelandse situasie, het daar tog politieke veranderinge plaasgevind. So is die dra van pasboeke vir swart mense in 1987 afgeskaf. Na P.W. Botha se bedanking het F.W. de Klerk hom in 1988 as president opgevolg. In hierdie jaar is Suid-Afrikaanse magte uit Angola onttrek nadat die Sowjet-Unie hom uit Afrika onttrek het. Die val van die Berlynse Muur in 1989 het amptelik die einde van die Kommunisme ingelei – die vyand waarteen daar vir só lank gestry is, was eensklaps weg.

Die jaar waarin vroue tot die amp van predikant toegelaat is, is in die breër Suid-Afrikaanse konteks ook van kardinale belang. 1990 lui ’n nuwe tydvak in die geskiedenis van Suid-Afrika in. Gedurende Februarie 1990 het president F.W. de Klerk hom bereid verklaar tot demokrasie in Suid-Afrika. Die ANC is gedurende hierdie jaar ontban, die noodtoestand is orals behalwe in KwaZulu-Natal opgehef, en Nelson Mandela is na 27 jaar as politieke gevangene vrygelaat. In hierdie jaar het die ou Suidwes-Afrika (nou: Namibië) ook onafhanklikheid verkry.

**Tabel 8: Tydlyn 1978–1990**

| **Jaargang → Kategorie ↓** | **1978** | **1979–1982** | **1983** | **1984–1985** | **1986–1987** | **1988** | **1989** | **1990** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Polities** | Inligtings-skandaal *** B.J. Vorster bedank as premier *** P.W. Botha nuwe premier | 1979: Christelike Instituut word as staats-gevaarlike organisa-sie gesluit *** 1982: KP word gestig | Nuwe grondwet goedge-keur *** Drie-kamerpar-lement kom tot stand | 1984: Landwye opstande teen apartheid breek uit *** Gedeelte-like nood-toestand in SA | 1986: Algehele noodtoe-stand in SA *** IDASA word gestig *** Dra van pasboeke afgeskaf *** 1987: ’n Groep van 60 Afrikaners ontmoet ANC-leierskap in Dakar | 1988: P.W. Botha bedank as Staats-president *** F.W. de Klerk nuwe Staats-president *** S.A. magte onttrek aan Angola | 1989: DP word gestig | Nelson Mandela word vrygelaat *** Verbod op ANC, PAC en Kommu-nistiese Party word herroep |

| Jaargang → Kategorie ↓ | 1978 | 1979–1982 | 1983 | 1984–1985 | 1986–1987 | 1988 | 1989 | 1990 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Polities (vervolg)** | | | Staats-president kry uitvoer-ende magte *** Kerk-straatbom ontplof | | | | Strande en openbare plekke word vir alle bevol-kings-groepe oopgestel | ANC skort gewapen-de stryd voor-waardelik op *** Namibië word onafhank-lik |
| **Vroue** | | 1979: NHKA laat vroue tot die amp van predikant toe | | | | | | |
| **Kerklik** | Vrystaatse Teolo-giese Fakulteit gestig | SACLA-kerkkonfe-rensie *** 1982: Status confessi-onis opgestel *** 1982: Apartheid as kettery verklaar in Ottawa *** 1982: Vroue word as diakens toegelaat | Nuwe Afrikaanse Bybel-vertaling verskyn | 1985: Kairos-dokument word gepubli-seer | 1986: Kerk en Same-lewing as beleids-dokument aanvaar *** 1986: Belhar-belydenis as belydenis-skrif deur NGSK aanvaar *** 1986: APK stig van die NG Kerk af | | | Rusten-burg-beraad erken apartheid as sonde *** NG Kerk laat vroue tot die amp van ouderling en predikant toe |
| **Ander** | | | 1984: Desmond Tutu ontvang Nobelprys vir Vrede | 1985: Westdene busramp | 1987: Helder-berg vliegramp | | Val van die Berlynse muur | |

(Uys 2007:307–308; Brown & Hofmeyr 2002:25; Giliomee 2004:xii)

## 1.1 OU ROLLE IN NUWE BAADJIES

### 1.1.1 Vroue as stil soldate én brugbouers

Die gewapende stryd en binnelandse onrus het ook ’n invloed op die vroue van Suid-Afrika gehad. Swart vroue moes te midde van die binnelandse onrus die pot aan die kook hou én oorleef. Afrikanervroue het op verskillende maniere op die politieke toestande gereageer.

Aan die een kant is Afrikanervroue op ’n sagte manier opgekommandeer om deel van die stryd te word. In ’n pamflet wat in 1978–1979 deur die Nasionale Party versprei is, is vroue die “stil soldate” genoem en hulle is gevra om vir die “vyand” in familie- en sosiale kringe op die uitkyk te wees. Hulle is ook aangemoedig om “teenoffensief” teenoor hulle swart huiswerkers op te tree en op die uitkyk te wees vir kommunistiese literatuur. *Vroue vir Suid-Afrika* wat in 1986 gestig is, het selfs ’n pamflet met ’n modelgesprek versprei en vroue sterk teen die kommunistiese gevaar waarsku. Alhoewel hulle later ’n multikulturele netwerk gevorm het om rasseverhoudinge te verbeter en ’n Vrouemanifes in 1990 opgestel het, het hulle aanvanklike doelwitte hulle in meer liberale kringe verdag gemaak (Maritz 2004:55,129–131).

Aan die ander kant het daar gedurende hierdie tyd nóg vroue-organisasies soos *Kontak* en *Vroue vir Vrede* tot stand gekom wat hulle onder andere vir beter verhoudinge tussen wit en swart gemeenskappe beywer het. Vanuit politieke geledere is vroue egter teen hierdie organisasies gewaarsku (Maritz 2004:55,128).

Meer konserwatiewe vroue-organisasies soos die *Kappiekommando* en *Afrikanervroue-Kernkrag* het ook in die sewentigerjare en tagtigerjare ontstaan, maar nie baie groot aftrek gekry nie (Maritz 2004:65).

### 1.1.2 Van volksmoeder tot huisvrou

Historici soos Maritz (2004:56–60) is van mening dat ekonomiese welvaart onder die Afrikaners daartoe bygedra het om die volksmoederdiskoers in stand te hou. Baie vroue kon dit bekostig om tuis te bly. Die diskoers van volksmoeder is tot in die 1990’s as ’n baie sterk beeld onder middelklas Afrikanervroue beskou alhoewel sy nie meer so genoem is nie. Die benaming in die volksmond het intussen van “volksmoeder” na “huisvrou[106]”

[106] Nie almal was egter tevrede met die benaming “huisvrou” nie en daar is gepleit dat die woord “tuisteskepper” eerder gebruik moet word (Gerdes 1984:129–131).

verander (Ackermann in 'n onderhoud met Klein 2004:47). Die diskoers geld volgens haar steeds waar die vrou se invloedsfeer beperk word tot die huishoudelike sfeer en sy haar rol uitsluitlik as die ondersteuner van haar man sien. Vroue se invloedsfeer was steeds in 'n groot mate beperk tot die huishoudelike sfeer en sy het haar rol grootliks as die ondersteuner van haar man en die versorger van haar gesin gesien. Dit word as een van die redes beskou hoekom Afrikanervroue nie polities aktief was nie.

In die tagtigerjare is daar egter ook begin om meer krities oor die rol en plek van 'n huisvrou in die samelewing na te dink, in samehang met veranderde gesinsrolle en werkspatrone. Die Nasionale Raad vir Geestesgesondheid het 1984 tot die "Jaar van die Huisvrou" verklaar om 'n groter bewuswording van die gebrek aan erkenning en status van huisvroue te kweek. In dieselfde jaar het huwelikswetgewing sodanig verander dat dit aan vroue gelyke eiendomsreg tydens 'n egskeiding sou gee. Dit sou vroue se ekonomiese sekuriteit verhoog (Gerdes 1984:129–131).

Die hele debat en beskouing oor die skrifgedeeltes wat 'n bepalende rol sou speel in die besluit om vroue tot die ampte toe te laat al dan nie, het volgens akademici soos Loraine Maritz en Elaine Botha en die skrywer Alba Bouwer 'n wyer invloed gehad op die samelewing se siening oor die plek van vroue in die algemeen. Hulle is van mening dat die NG Kerk se aanvanklike beleid om vroue nie in "leiersposisies" toe te laat nie en die daarmee gepaardgaande prediking oor die onderdanigheid van die vrou aan die man, Afrikaners oor die algemeen gekondisioneer het om te aanvaar dat vroue nie leiding mag neem nie. Dit verklaar ook vroue se skynbare gebrek aan belangstelling by meer openbare sake en die skerp reaksie wat die woorde vroueregte en feminisme by baie mans én vrouens ontlok (Maritz 2004:60–62).

EPB: Ek het in my eie betrokkenheid by die NG Kerk se kommissie vir Geslagsgelykheid (later Kommissie vir Diversiteit genoem) hierdie ongemaklikheid deurgaans ervaar. Ek moes só versigtig wees om nie aanstoot te gee as ek net byvoorbeeld gevra het dat die taalgebruik tydens kerklike vergaderings meer inklusief moet wees nie. Tydens die Algemene Sinode van 2004 het 'n predikant my tydens teetyd letterlik uitgetrap oor die feit dat ons 'n groter bewustheid oor vrouesake in die kerk wil skep. Dié voortdurende versigtigheid wat 'n mens aan die dag moes lê, sou later een van die faktore wees wat my baie moedeloos gemaak het en laat wonder het of dit die moeite werd is om soveel tyd en energie daaraan af te staan?

### 1.1.3 Die huwelik as die sosiaal-aanvaarbare norm

Volgens Steyn (2003:116,131) is daar 'n baie sterk diskoers in die samelewing wat aandui dat dit sosiaal die aanvaarbare ding is om te trou en kinders te kry. Hierdie diskoers word ook baie sterk deur die kerk ondersteun en in stand gehou.

In die kerklike debatte oor die toelating van vroue tot die ampte het die huwelik op twee maniere gefunksioneer. Dit is eerstens gebruik om aan te dui dat 'n vrou nie in die huwelik of die kerk oor haar man of enige man mag heers nie as gevolg van die skeppingsordinansie én die sondeval. Verdere argumente het oor die aard van die vrou gegaan – veral haar moederlike en versorgende eienskappe – en hierdie eienskappe sou haar ook ongeskik vir die amp van predikant maak. Praktiese sake rondom die versorging van 'n man en kinders het ook in die laaste debatte opgeduik om te verhoed dat vroue toegelaat word.

Vir gespreksgenoot 2 was om te trou en kinders te kry ook aanvanklik die sosiaal aanvaarbare stap wat gedoen moes word. Sy het dit ook as 'n uitweg en oplossing vir haar eie situasie gesien.

G2: Ek het in daardie tyd vir A (ontmoet), in my finale jaar, voorfinale jaar. Hy was 'n jaar voor my. ... En toe ek nou, eintlik was ek toe dankbaar om te trou. Ek het daarin 'n oplossing gesien. Daar was eintlik nie ander moontlikhede oor nie. Op daardie stadium het my pa gesê: "Nou het jy die hele Fakulteit, jy het al die latte deurgekyk en nou kan jy die kortste lat pluk." Ek het gedink, genade, as ek in die Fakulteit is en ek kry nie 'n man nie. Daai tipe ding ...

Ek was die enigste kind en ek wou graag kleinkinders vir my ma en pa gee. Dit was vir my 'n oplossing om bietjie te *let go* en ma te wees. Maar ek het ongelooflik moeilik aangepas. En toe is die eerste seuntjie daar en dit is nag! Ek wil alles in die boek lees. En dit werk nie uit nie. Ek het eers ma geword met die tweede kind en die derde kind. Dit is hoekom ek nou nog 'n kind kan aanneem. Ek sien nou kans.

Ek dui later in hierdie hoofstuk aan hoe getroude vrouepredikante hulle gesinsverantwoordelikhede ervaar en bestuur en hoe ongetroude vrouepredikante hulle ongetroude huwelikstatus binne die kerk ervaar.

## 1.2 VROUE BETREE NUWE TERREINE

### 1.2.1 Al meer vroue betree die breër arbeidsmark

Deur die geskiedenis heen het daar 'n paar noemenswaardige publikasies verskyn waarin die skrywers hulle sterk beywer het vir die bevryding en bemagtiging van vroue. So het

Mary Wollstonecroft reeds in 1792 in haar boek, *A vindication of the rights of women*, gepleit dat vroue beter onderrig moet ontvang. In 1911 het daar op Suid-Afrikaanse bodem ’n boek verskyn wat in die buiteland as die Bybel van die Nuwe Vrouebeweging (New Woman’s Movement) beskou is, maar plaaslik byna geen invloed gehad het nie. Olive Schreiner het in haar *Woman and Labour* geskryf dat vroue hulle reg tot “a full share of honoured and usefull work” moet terugwen. Die volgende vrouebeweging is aangevuur deur ’n boek van Betty Friedan, *The feminine mystique*, wat in 1964 verskyn het (Gerdes 1984:120). Ten spyte van die beweging in die buiteland, het die bemagtiging van vroue in Suid-Afrika in die sestigerjare minder sigbaar, minder hoorbaar en met baie minder determinasie as in die res van die wêreld plaasgevind . Die eerste amptelike en openbare erkenning van die behoefte aan vroue in die arbeidsmark het eers in 1970 by die Nasionale Konvensie oor Vrouekrag plaasgevind. Alhoewel die aantal werkende vroue in die sewentigerjare merkbaar toegeneem het, was daar in die samelewing oor die algemeen ’n afwysende en kritiese ingesteldheid jeens getroude werkende vroue wat vir enige ander rede as finansiële nood gewerk het (Gerdes 1984:120–121). Die volksmoederdiskoers het dus nog sterk geleef.

Teen 1980 het ander faktore begin meewerk wat die rol van vroue in die breër samelewing begin verander het. Dit het nou vir vroue meer aanvaarbaar begin word om ’n beroep te beoefen vanweë die ekonomiese klimaat, vroue se verhoogde akademiese kwalifikasies en die algemene invloed van die feminisme. Sowat 33% vroue was, hetsy voltyds of deeltyds, nou in die formele arbeidsmark werksaam (Maritz 2004:58). Ekonomiese voorspoed het vroue nou ook die keuse gegee of hulle wou werk of nie.

Teen 1983 het die aantal vroue in top akademiese poste en ander bestuursposisies begin toeneem. Vroue was nie meer beperk tot die sogenaamde meer vroulike professies soos die onderwys en verpleegkunde nie. Hulle het nou baie meer tot velde soos die geneeskunde, regte, sielkunde en ekonomie toegetree. Vanaf 1969 tot 1979 het die aantal vroue (onder alle bevolkingsgroepe) in bestuursposte van 5376 tot 22 880 toegeneem (Gerdes 1984:121,131–132,134). Akademici het begin pleit vir groter buigsaamheid in die arbeidsmark wat praktiese sake soos werksomstandighede en -patrone betref sodat vroue meer tot hulle reg in die breë arbeidsmark kan kom (Gerdes 1984:138).

### 1.2.2 Gespreksgenoot 5: "Ek het dit gedoen met die oog op 'n kerklike werksterpos"

Teen hierdie agtergrond is dit nie vreemd dat daar 'n groep vroue was wat gehoor gegee het aan hulle roeping en begin het om teologie te studeer nie, al was die kerk se deur nog amptelik toe. Vroue het nuwe beroepsmoontlikhede raakgesien en die teologiese wêreld betree.

G5: En ek het dit een aand, dit was lank terug op die radio, dit was in matriek gewees, toe luister ek in en toe praat hulle met een van hierdie kerklike werksters op Studentevaria. En toe ek daai onderhoud hoor het ek vir my pa-hulle gesê dit is presies wat ek wil doen. Dit is presies wat ek wil doen: kerklike werkster. En op daai stadium het ek gedink dit gaan my lei na byvoorbeeld 'n studentebediening of onder verpleegsters of wat ook al ... Ek (het) met my pa-hulle gepraat, want hoe kom jy nou daar uit? En jy kon seker Wellington toe gegaan het, maar hy in sy wysheid gedink om vir my te sê hy dink teologie gaan die heel beste agtergrond, of skoling daarvoor wees. En oukei, **toe het ek nou 'n groot asemskep geneem en besluit om teologie te swot. Terwyl daar nog nie eers sprake was van die vrou in die amp nie. Maar ek het dit gedoen met die oog op 'n kerklike werksterpos.** Dit was my direkte – hoe kan ek sê? – ideaal gewees ..., want ek (het) voor dit gepraat ek wil sendingveld toe gaan. Toe sê hy (haar pa) nee goed, dit ook. Maar ek moet net onthou die dinge op die sendingveld verander ook. Dit is nie hierdie romantiese werk wat dit 50 jaar terug was, op 'n klein sendingstasietjie, en alles klink so romanties. Hy het vir my baie duidelik gesê dit is nie altyd in die praktyk so nie. En toe ek die aand op Studentevaria die insetsel gehoor het oor die kerklike werkster, ek kan nie meer onthou met wie dit was waarmee hulle gepraat het nie, maar toe het ek onmiddellik besef dit is wat ek wil doen. **Dit is dit en niks anders nie**. [My beklemtoning donkerder gedruk – EPB]

### 1.2.3 Feministiese stemme begin hoorbaar word

In die sewentiger- en tagtigerjare het feministiese stemme in die teologiese wêreld Afrika en Suid-Afrika saggies hoorbaar begin word. Landman (1984:21) is van mening dat deelname aan 'n Christelike feministiese teologie in Afrika meer onder gewone vroue ("lay persons") as professionele vroue plaasgevind het en dat hierdie vroue meer pragmaties ingestel was en nie soseer daarin belangstel het om teologies daaroor te besin en te skryf nie. Vroue in Afrika wat hulleself teologies geskool het, het ook eerder onderwysers en evangeliste geword omdat baie min kerke in Afrika vroue tot die ampte toegelaat het. Volgens Barr (1988: paragraaf 21) het vroue wat nie in 'n gemeente "legitimate power" het

nie, ’n ander mag gehad wat hy “behind the scenes power” noem. Vroue het tot op hierdie stadium baie in die kerk gedoen, maar dit kan as mag agter die skerms beskou word.

Teen 1984 was daar slegs ’n paar vroulike teoloë in Suid-Afrika en die feminisitese teologie het nie regtig ’n sterk segsvrou gehad nie. Een van die redes hiervoor was dat daar nie regtig werksgeleenthede vir vroueteoloë was nie omdat die meeste kerke vroue nog nie tot die bediening toegelaat het nie. Die debat het nog rondom die toelating van vroue tot die ampte al dan nie gedraai (Landman 1984:22–23).

## 2. 1978: TWEE VERSLAE TER TAFEL

Na afloop van die Algemene Sinode van 1974 is die aanbevelings wat hier geneem is, na prof. F.J.M. Potgieter, dr. D.A. du Toit en dr. G. Bam vir hantering verwys (NG Kommissie Leer en Protestanste Aksie 1975:48).

Prof. Potgieter het ’n studiestuk opgestel en hierdie stuk is na ’n besluit van die kommissievergadering, na eksegete van die verskillende teologiese fakulteite vir eksegetiese kommentaar gestuur. Dit sou die opsteller se prerogatief wees of hy die kommentaar wou inkorporeer of nie (NG Kerk Kommissie Leer en Aktuele Sake 1977:62; die naam van die kommissie het intussen na Algemene Sinode se Kommissie vir Leer en Aktuele Sake verander en sou voortaan AKLAS genoem word). Interessant genoeg is daar tydens hierdie vergadering ook besluit om nie ’n verteenwoordiger van die Vrouediensaksie op die kommissie te koöpteer nie omdat die kommissie van dr. F.E.O’B. Geldenhuys oor die wettigheid daarvan verskil het (NG Kerk Kommissie Leer en Aktuele Sake 1977:64). Aan die einde van sinodesitting kon verteenwoordigers van die Vrouediens met volle stemreg sitting kry op die kommissies van die sinode waarop hulle dien (NG Kerk 1978:935).

Ander vrouesake wat gedurende hierdie tyd op die kommissie se agenda was, was die dra van hoofbedekkings en kunsmatige inseminasie (NG Kerk Kommissie Leer en Aktuele Sake 1977:65). Ene mev. M.H.J. van Rensburg het ook gedurende hierdie tyd ’n brief aan die kommissie geskryf oor die posisie van die vrou in die kerk (NG Kerk Kommissie Leer en Aktuele Sake 1977:65). Die inhoud van die brief kon ongelukkig nie opgespoor word nie. Die feit dat die inhoud van die brief nie genotuleer is nie, het die enigste vrouestem in die debat verlore laat gaan.

Tydens die Algemene Sinode van 1978 het daar twee studiestukke gedien. Die agtergrond oor die twee studiestukke word nie verhelder uit die notule van die kommissie nie. Gedurende die kommissie se vergadering van 1977 is daar aanvanklik net sprake van een studiestuk wat deur prof. F.J.M. Potgieter opgestel is. Tydens die kommissie se vergadering in 1978 is daar op voorstel van ds. S.M. van Vuuren, aanbeveel dat die voorgenome sinode kennis moet neem van “albei verslae”. Wie vir die opstel van die ander verslag verantwoordelik was, word glad nie in die notule genoem nie (NG Kerk Kommissie Leer en Aktuele Sake 1978:71). Al afleiding wat gemaak kan word is dat iemand op die kommissie nog ’n verslag ingedien het – dalk op grond van die kommentaar wat gevra is vanaf die teologiese fakulteite? Die skryfstyl herinner nogal sterk aan dié van prof. J.A. Heyns. ’n Verdere aanbeveling wat tydens hierdie vergadering gemaak is, is dat daar by die studiestuk van prof. F.J.M. Potgieter ’n voorstel gevoeg moet word wat aanbeveel dat vroue wel volgens die Skrif as ’n “kerklike weduwee” diens mag doen omdat die skeppingsordinansie dit nie ophef nie (NG Kerk Kommissie Leer en Aktuele Sake 1978:71).

Gedurende die eerste 60 jaar van die 20ste eeu was die kenteoretiese vertrekpunt van die Bybelwetenskappe hoofsaaklik naïef-realisties van aard. In die politieke, ekonomiese, sosiale en kulturele klimaat van daardie tyd was daar geen behoefte of ruimte vir ’n kritiese Skrifbeskouing of teologie nie. Namate Afrikanernasionalisme gegroei het, het die kerklike teologie al minder krities geword (Du Toit *et al* 2002:15). Mouton (2002a:302) is van mening dat geselekteerde gedeeltes van die Bybel gebruik is om die ondergeskikte posisie van bepaalde persone in die kerk en samelewing te sanksioneer. Die Skrifgebruik in hierdie tyd het “nóg die kultuur-historiese verband, nóg die literatuurvorm (*genre*), nóg die retoriese funksie of bedoelde effek van die betrokke tekste behoorlik in ag” geneem. Die lang lyste losstaande tekste wat sonder behoorlike eksegese in die eerste klomp verslae vanaf die 1970’s tot 1986 voorkom is ’n goeie voorbeeld hiervan.

Tydens hierdie kommissievergadering is daar ook net kennis geneem van nog ’n skrywe van mev. Van Rensburg oor die posisie van vroue in die kerk (NG Kerk Kommissie Leer en Aktuele Sake 1978:71). Die inhoud of strekking van die korrespondensie is weer eens nie genotuleer nie.

Die saak oor hoofbedekkings is intussen hanteer. Daar is besluit om aan die Algemene Sinode ’n aanbeveling te maak dat daar nie rigoristies hieroor opgetree moet word nie aangesien die dra van hoofbedekkings nie meer as teken van eerbied en gesag beskou word nie (NG Kerk Kommissie Leer en Aktuele Sake 1978:76). Hierdie besluit sou tydens die

Algemene Sinode van 1982 ’n invloed hê op die siening oor hoe die Skrif in situasies soos hierdie hanteer moes word.

Dit is duidelik uit die twee verslae wat ter tafel gelê is, dat daar twee denkrigtings oor die toelating van vroue tot die ampte aan die ontwikkel was. In die eerste verslag (Bylae 13 “Die vrou in die amp” genoem) word daar besondere aandag gegee aan die opdragte wat tydens die 1974-sinode gemaak is. Daar word ook ’n aantal aanbevelings uit hierdie verslag gemaak terwyl die ander verslag slegs gevolgtrekkings maak. Bylae 14 konsentreer op “Die vrou in die wese en funksie van die amp in die algemeen”. By nadere lees van hierdie verslae is die strekking van laasgenoemde bylae baie meer ten gunste van die vrou in die amp. Later meer oor hierdie verslag.

## 2.1 UIT DIE KERKLIKE DEBAT UITGESLUIT

Alhoewel Anna Linde en Jeanne Fourie op hulle stil manier as baanbrekers beskou kan word, was hulle nie kampvegters vir die toelating van vroue nie. ’n Mens sou dink dat die vroue wat die eerste tree geneem het, meer betrokke by die breë kerklike debat sou wees. In lyn met die afwesigheid van die oorgrote meerderheid Afrikanervroue in die politieke arena, het vrouetokkelokke ook nie in die openbaar aan die kerklike debat probeer deelneem nie. Die stilte van Afrikanervroue op politieke terrein het ook na die kerk oorgespoel. Die volksmoederdiskoers wat vroue se magte tot hulle huise beperk het, was so dominant dat Afrikanervroue dit nie eers sou waag om hulle openlik daarteen te verset nie of hulle het soos gespreksgenoot 1 dit as tydmors geag om daaroor te probeer redeneer.

G1: Ja, ek weet van al die *oppes* en die *affes*, en die bakleiery oor die hoed dra ... ek het maar altyd as ek iets in die koerant lees, dit maar uitgehou, maar nie regtig deelgeneem nie. Dit was vir my tydmors. Ek spandeer eerder my tyd aan dit wat ek nou kan doen. As ’n ou nie die lig sien, gaan jy nie met redenasies hom die lig laat sien nie ... Toe ek studeer het die dag, toe was ’n ou maar in die studies self in en toe het ek nou nie vreeslik na die buitegoed opgelet nie. Maar ek weet van alles wat gebeur het. En dat dit hoeveel keer op die agendas was voordat daar enigsins beweging gekom het.

Vroue soos gespreksgenoot 1 sou egter tog graag op ’n manier by die proses van nadenke betrokke wou wees, maar hulle is nie gevra nie. Dit het gespreksgenoot 1 dus aan die ander kant gepla dat mans so op ’n eensydige manier oor vroue kon praat en besluit. Sy het gevoel dat die inisiatief van die kerk se kant af moes kom.

G1: Ek dink nie daar is ooit ’n vrou geraadpleeg nie. Daar was baie van die debatte aan die gang en niemand het met my gepraat nie. Prof. Heyns het sommer so bietjie, maar nie uit ’n oogpunt van ‘jy moet nou ’n inset lewer nie’. Maar niemand het met my enigsins so gesprek gevoer nie ... Ek sou nou nogal wou. As hulle maar net met my gesprek wou voer. Ek sou graag wou. Ek sal nie sê ek weet alles nie, maar ek was tog direk betrokke. Hulle was nog net stil met my.

Gespreksgenoot 5 het nie aan die begin van haar studies gedink dat sy in die bedienings sal staan nie. Omdat dit nie deel van haar visie was nie, het sy haar nie regtig aan die kerklike debat gesteur nie. Eers toe vroue toegelaat is, het haar roeping om predikant te wees, in haar begin groei.

G5: Ons het kennis geneem daarvan. Maar weet jy ek het op daai stadium, toe ek admissie geswot het en op kweekskool was, het ek nooit voorsien dat ek regtig vir die bediening sal gaan eendag nie. Ek het dit nie voorsien vir myself nie. Ek het myself nog steeds net gesien in ’n pos as ’n kerklike werkster of ’n jeugwerkster, maar ek het nie regtig uit myself gesê: hierby sal of wil ek nog eendag uitkom nie. Dit was nie regtig deel van my visie gewees nie. Maar soos die dinge ontwikkel het deur die jare en soos wat ’n mens self maar jou persoonlikheid ontwikkel en ek dink ook so bietjie jou selfvertroue ontwikkel, het dit vir my ná negentig ’n baie groter realiteit geword. **Maar ek was nie een van die vegters vir die amp nie. Daaraan het ek nou nie meegedoen nie. En ek het, soos ek sê, self op kweekskool het ek nooit voorsien dat ek eendag in ’n gemeente sal wil staan nie en myself as genoeg bekwaam beskou nie.** Dit is iets wat later begin groei het in my.

Die NG Kerk se sinodale kommissies is op daardie stadium uit verteenwoordigers van elke sinodale streek saamgestel en hierdie kommissies moes dan verslae vir die sinode saamstel. Daar was op daardie stadium nie ’n sensitiwiteit om met die persone oor wie daar besluit word te praat nie. Die samestelling van die verslae en die interpretasie van die swygtekste kon dalk heel anders daar uitgesien het as vroue by die proses betrek is. ’n Goeie voorbeeld van ’n meer verteenwoordigende en deelnemende proses is die kommissie wat tussen 2004 en 2007 aan die verslag oor homoseksualiteit gewerk het. Hierdie kommissie is saamgestel uit persone wat vir en teen homoseksualiteit was, daar was ook homoseksuele persone en terapeute op die kommissie.

## 2.2 BREËR GEDINK OOR VROUE SE ROL IN DIE SAMELEWING EN KERK

Die aanbeveling wat tydens die 1974-sinode gemaak is, naamlik dat daar aandag gegee moet word aan die roeping van die vrou in die samelewing en die kerk, het by die Sinode van die NG Kerk in Suid-Afrika (hierna: Wes-Kaap Sinode) aandag geniet. Hulle het besluit dat daar soveel as moontlik ringe by die opstel van so 'n verslag betrek moet word en dat kommissies in wie se diens vrouelidmate staan, ook gevra word om studiestukke deur te stuur (NG Kerk Wes-Kaap 1975:55,479). Die kommissie het nie self aan die opdrag van die Algemene Sinode van 1974 aandag gegee nie, maar besluit om eerder vir die Kaapse Sinode se studiestuk te wag met die versoek dat al die ander sinodes ook dieselfde sal doen (NG Kerk 1978:272). Die Kaapse Sinode se versoek dat kommissies in wie se diens vrouelidmate staan ook studiestukke moet instuur, was 'n tree in die regte rigting, want so sou vrouestemme oor hulle eie rol hoorbaar word. Tog sou dit mans se reg bly om oor vroue se lot in die ampte te besluit.

Die inhoud van die verslag wat by 1978 se Algemene Sinode gedien het, toon egter niks van die roeping van vroue in die breë samelewing nie. Daar is ook geen vrouestem in die verslae hoorbaar nie.

## 2.3 NUWE KLEM OP SEKERE SAKE

### 2.3.1 Onderskeid tussen amp van gelowige en besondere ampte

In die besinning oor die vrou in die amp in Bylae 13 word daar in die besonder aandag gegee aan die onderskeid tussen die amp van gelowige en die besondere ampte wat in die "institutêre kerk" funksioneer. Galasiërs 3:28[107] word weer as bewys aangehaal dat alle gelowiges gelyke status voor God het, maar dat dit nie op die besondere ampte of volkere van toepassing gemaak kan word nie. Dit sou die teks "uit verband uitruk". Die amp van gelowige kan aldus die verslag sonder onderskeid deur mans en vroue beklee word, maar dieselfde geld nie vir die besondere ampte nie (NG Kerk 1978:272).

---

[107] Galasiërs 3:28. Reeds aangehaal

### 2.3.2 Vroue se dienswerk nie amptelik nie

Om die punt te staaf dat vroue van die amp van lerende en regerende ouderling uitgesluit is, maak die verslag groot gewag daarvan dat daar in die Ou Testament geen vroulike priesters en in die Nuwe Testament geen vroulike apostels was nie.

In die verslag word daar geleun op die artikels van een van die kommissielede, dr. J.D. Vorster, wat onder andere daarop wys dat geen vrou in die Nuwe Testament as apostel gekies is nie en dat alle besondere ampte later tog in die amp van apostel opgesluit was. Volgens hom is dit betekenisvol dat Maria, wat as vrou die eerste getuie van die opstanding was, nie 'n apostel was nie, en dat sommige van die vroue in die Nuwe Testament meer bekend was vir hulle geloof en diens as die apostels self. Die dienswerk van Dorkas[108], die Skrifuitleg van Priscilla aan Apollos[109] en die dogters van Filippus[110] se profetiese gawe was "persoonlik", "privaat" en nie amptelik nie. Ander vroue wat ook "baie in die Here gearbei het", maar nooit in 'n amp gestaan het nie, was Triféne, Trifósa, Pérsis en Maria[111]. Dit staan in kontras met die feit dat daar "op elke plek" [112] ouderlinge aangestel is, iets wat klaarblyklik nie met enige vroue in die Bybel gebeur het nie. Die feit dat Mirjam[113], Debora[114] en Gulda[115] profetesse was en dat die voorspelling van Joël 2:28[116] die gawe van

[108] Handelinge 9:36 (OAV): [36]En in Joppe was daar 'n sekere dissipelin met die naam van Tabíta, wat, as dit vertaal word, beteken Dorkas. Sy was oorvloedig in goeie werke en aalmoese wat sy gedoen het.

[109] Handelinge 18:25–26 (OAV): [25]Hy (Apollos) het onderrig ontvang in die weg van die Here; en vurig van gees, het hy gespreek en die dinge aangaande die Here noukeurig geleer, alhoewel hy net van die doop van Johannes geweet het. [26]En hy het vrymoediglik in die sinagoge begin spreek; maar nadat Áquila en Priscílla hom gehoor het, het hulle hom by hulle geneem en hom noukeuriger die weg van God uitgelê.

[110] Handelinge 21:8–9 (OAV): [8]En die volgende dag het ons, die geselskap van Paulus, vertrek en in Cesaréa aangekom; en ons het ons intrek geneem in die huis van Filippus, die evangelis, wat een van die sewe *diakens* was, en by hom gebly. [9]En hy het vier ongetroude dogters gehad wat die profetiese gawe besit het.

[111] Romeine 16:12 (OAV): [12]Groet Triféna en Trifósa, vroue wat in die Here arbei. Groet Pérsis, die geliefde vrou, wat baie in die Here gearbei het.

[112] Handelinge 14:23 (OAV): [23]En hulle het in elke gemeente vir hulle ouderlinge gekies, en hulle, ná gebed en vas, opgedra aan die Here in wie hulle geglo het.

[113] Eksodus 15:20 (OAV): [20]En Mirjam, die profetes, die suster van Aäron, het 'n tamboeryn in haar hand geneem; en al die vroue het uitgegaan agter haar aan, met tamboeryne en in koordanse.

[114] Rigters 4:4 (OAV): [4]En Debóra, 'n profetes, die vrou van Láppidot, het in dié tyd Israel gerig ...

[115] 2 Konings 22:14 (OAV): [14]Toe gaan die priester Hilkía en Ahíkam en Agbor en Safan en Asája na die profetes Hulda, die vrou van Sallum, die seun van Tikwa, die seun van Harhas, die klerebewaarder—sy het in Jerusalem in die Nuwe Stad gewoon—en hulle het met haar gespreek.

[116] Joël 2:28 (OAV): [28]En daarna sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle ou mense drome droom, julle jongelinge gesigte sien.

profesie op seuns en dogters beloof, maak nie van profesie ’n amptelike funksie nie, maar slegs ’n genadegawe[117] wat God gee aan wie Hy wil (NG Kerk 1978:273).

Euodia en Sintiche[118] se stryd om die Evangelie te verkondig wys volgens die verslag eerder op die vroue se ywer om die Evangelie te bevorder as op ’n *terminus technicus* wat aandui dat hulle in die besondere amp gestaan het en die Evangelie amptelik verkondig het (NG Kerk 1978:273).

### 2.3.3 Teksindeling verander die betekenis

Alhoewel die 1974-sinodeverslag breedvoerig uitgebrei het op die betekenis van 1 Korintiërs 14:33–34[119], word ’n foutiewe teksindeling uitgewys wat die betekenis van die genoemde verse sou beïnvloed. Volgens dr. J.D. Vorster moet die laaste deel van vers 33, naamlik “soos in al die gemeentes van die heiliges” eintlik deel van vers 34 wees. Vers 34 moet eintlik volgens die Griekse vertaling (Nestlé-Aland) lees “Soos in al die gemeentes van die heiliges moet julle vroue in die gemeentes swyg, want dit is hulle nie toegelaat om te spreek nie ....”[120] (NG Kerk 1978:273).

---

[117] Vergelyk 1 Korintiërs 12:1–11 (OAV): [1]En wat die geestelike gawes betref, broeders, wil ek nie hê dat julle onkundig moet wees nie. [2]Julle weet dat julle heidene was, weggevoer na die stomme afgode net soos julle ook al gelei is. [3]Daarom maak ek julle bekend dat niemand wat deur die Gees van God spreek, Jesus ’n vervloeking noem nie; en niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees. [4]Daar is wel verskeidenheid van genadegawes, maar dit is dieselfde Gees; [5]en daar is verskeidenheid van bedieninge, en tog is dit dieselfde Here; [6]en daar is verskeidenheid van werkinge, en tog is dit dieselfde God wat alles in almal werk. [7]Maar aan elkeen word die openbaring van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is. [8]Want aan die een word deur die Gees ’n woord van wysheid gegee, en aan die ander ’n woord van kennis vanweë dieselfde Gees; [9]aan ’n ander weer geloof deur dieselfde Gees, en aan ’n ander genadegawes van gesondmaking deur dieselfde Gees; [10]aan ’n ander werkinge van kragte, aan ’n ander profesie, aan ’n ander onderskeiding van die geeste, aan ’n ander allerhande tale, aan ’n ander uitleg van tale. [11]Maar al hierdie dinge werk een en dieselfde Gees wat aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil.

Handelinge 21:9. Reeds aangehaal.

118 Filippense 4:2–3 (OAV): [2]Ek vermaan Euódia en ek vermaan Síntiché om eensgesind te wees in die Here. 3En ek vra jou ook, opregte metgesel, wees hierdie vroue behulpsaam wat met my saamgestry het in die evangelie, ook saam met Clemens en my ander medearbeiders wie se name in die boek van die lewe is.

119 1 Korintiërs 14:33–34 (OAV): ... [33]want God is nie ’n God van wanorde nie, maar van vrede, soos in al die gemeentes van die heiliges. [34]Julle vroue moet in die gemeentes swyg; want dit is hulle nie toegelaat om te spreek nie, maar om onderdanig te wees, soos die wet ook sê.

120 Ek fokus nie in hierdie studie op die eksegese van die twee swygtekste nie. Ek het wel twee gesprekke met proff. Hennie Stander en Stephan Joubert oor die genoemde tekste gevoer. Volgens Stander is geen sprake van “reg” of “verkeerd” in hierdie geval nie. Daar bestaan baie goeie redes en wetenskaplike argumente vir enigeen van die twee standpunte naamlik om vers 33b hetsy by vers 33a te voeg, hetsy by vers 34. “Maar om dit by vers 34 te voeg om sodoende ’n lekker stok te hê vir ’n argument teen die vrou in die amp, is die swakste van alle swak argumente.” (Stander 2006).

### 2.3.4 Swyggebod norm vir alle tye

Die besware wat teen hierdie tyd begin opper is teen die sogenaamde swyggebod soos vervat in 1 Korintiërs 14:34 en 1 Timoteus 2:12[121] word deur twee argumente in die verslag weerlê. Die beswaar dat 1 Korintiërs 14 slegs oor getroude vroue gaan, word soos in 1974, algemeen geldend gemaak deur die skeppingsorde. Die skepping, en nie die huwelik nie, is volgens die opstellers van die verslag, die bepalende faktor.

’n Argument dat die genoemde tekste tydgebonde sou wees, word skerp tereggewys as die relativering van God se norme en ’n aantasting van die gesag van die Skrif. (NG Kerk 1978:273–274). Hierdie soort argumentasie en Skrifhantering sien dit dus onmiddellik as ’n aantasting van die gesag van die Skrif as die konteks waarin sekere uitsprake gemaak is, in ag geneem word.

’n Voorbeeld hiervan is van die argumentasie wat in 2006 in die GKSA rondom dieselfde saak gevoer is. Die debat rondom die toelating van vroue tot die ampte het vroeg in 2006 in die GKSA groot onenigheid binne hierdie kerk veroorsaak. Een van die groot strydpunte was die interpretasie van die Skrif rondom die tekste wat die sogenaamde swyggebod bevat. Hierdie debat is nie net op sinodale vlak gevoer nie, maar ook onder lidmate. Een van die GKSA se lidmate laat hom as volg oor die saak uit:

> Sou ons kerkvader Totius, **uitnemende kenner van die Woord van God, die Bybel so gelees het dat die vrou in 'n amp mag dien**? Sou ons kerk- en volksvader pres Paul Kruger, **uitnemende kenner van die Woord van God, die Bybel so gelees het dat die vrou in die amp mag dien?** As die Here in Timoteus die opdrag gee: 2 Tim 3:14 “Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het”. Ek hoef net terug te kyk na die lewensvrug van hierdie mense, en dié van my grootouers, om te weet dat dit verpligtend is om hulle weë na te volg TENSY dit aangetoon kan word dat hulle ’n krom weg bewandel het. ... **Dit is duidelik dat daar ’n onoorbrugbare kloof bestaan oor hoe die Woord van God uitgelê moet word.** Dit word al hoe duideliker dat hoe vinniger dié wat die rug op Totius, Kruger en ander voorgangers gedraai het uit die

---

[121] 1 Korintiërs 14:34. Reeds aangehaal.

1 Timoteus 2:12. Reeds aangehaal.

> GKSA padgee, hoe beter. Eintlik: Hoe spoediger die wat hulle ruê op die weë van die vaders gekeer het, weer na daardie beproefde weë terugkeer, hoe beter sal dit vir (hulle) wees.
>
> (Van der Dussen 2006) [My beklemtoning –EPB].

### 2.3.5 Amp van diaken weer onder oë

Alhoewel die vraag of vroue nie tog die amp van diaken mag beklee nie, tydens die Algemene Sinode van 1974 aandag geniet het, word die vraag weer tydens die 1978-sinode onder oënskou geneem. Hierdie keer meer breedvoeriger.

Die GES-verslag van 1972 oor Febe se klaarblyklike posisie as diaken in Romeine 16:1[122] word woordeliks aangehaal as argument teen vroue as diakens. Hiervolgens het Febe as dienares nie 'n amptelike funksie beklee nie omdat die woord wat haar dienswerk aandui, nie 'n tegniese term was nie. Daarom dra geen argument daaroor volgens die GES gewig nie. Die amptelikheid van dienswerk al dan nie, het swaar gewig gedra in baie van die argumente.

Die ou kerkvaders soos Calvyn en Voetius het wel vroue se dienswerk as diakonesse erken, maar slegs in die hoedanigheid van 'n hulp. Calvyn was van mening dat vroue wel diens kon doen as diakens omdat hulle "*geen enkel ander openbaar ambt waarnemen, dan ze zichzelf gaven tot het dienen der armen*". In die lig daarvan behoort daar volgens hom twee soorte diakens te wees, naamlik dié wat die sake van die armes bestuur en dié wat die armes self versorg. Die "*beheerders van de openbare armenkas*" se oorsprong, instelling en amp kan na Handelinge 6[123] herlei word (Calvijn 1956:63–64). Volgens die verslag is hier dus sprake van besondere dienswerk wat nie met die gewone diakenamp vereenselwig kan word nie (NG Kerk 1978:274).

Voetius was ook van mening dat daar diakonesse gedurende die apostoliese tydvak was wat na die armes, siekes en gevangenes omgesien het, maar hierdie diakonesse behoort tot die kategorie van die "behulpsels" wat "in eigenlijke zin geen ambt" was nie. Hierdie vroue

---

[122] Romeine 16:1. Reeds aangehaal.

[123] Handelinge 6:1–4 (OAV): [1]En in dié dae toe die dissipels vermeerder het, het daar 'n murmurering ontstaan van die Griekssprekende Jode teen die Hebreërs, omdat hulle weduwees in die daaglikse versorging oor die hoof gesien is. [2]En die twaalf het die menigte van die dissipels byeengeroep en gesê: Dit is nie reg dat ons die woord van God nalaat om die tafels te bedien nie. [3]Kyk dan uit, broeders, na sewe manne uit julle, van goeie getuienis, vol van die Heilige Gees en wysheid, wat ons oor hierdie nodige saak kan aanstel; [4]maar ons sal volhard in die gebed en die bediening van die woord.

moes dan na ander vroue omsien omdat dit nie vir mans betaamlik was om jong dogters of siek vroue te besoek nie (Jansen 1952:115).

Die GES het by hierdie argumente aangesluit deur tot die slotsom te kom dat diakonesse slegs helpers vir die eintlike diakens was. Alhoewel daar geargumenteer sou kon word dat diakens nie regeerders of opsieners soos ouderlinge is nie, gee die vereistes wat vir 'n diaken in 1 Timoteus 3:12[124] gestel word, die laaste deurslag. Hiervolgens moet diakens hulle vrou en kinders goed kan regeer. Daarom kan daar afgelei word dat die apostels slegs aan manlike diakens gedink het. Verder moet diakens Christus verteenwoordig en "as men display the relation of head-to-body" (REC 1972:200). Die verslag beskryf hierdie beredenering as "treffend" (NG Kerk 1978:274–275).

Die amp van diaken was nie net met betrekking tot die vrou onder oënskou nie, maar ook ten opsigte van hulle posisie op meerdere kerklike vergaderings. Tydens dieselfde sinodesitting dien twee verslae oor die posisie van diakens op meerdere kerklike vergaderings. Die vraag wat beantwoord moes word is of diakens nie ook op meerdere kerklike vergaderings sittingsreg behoort te hê nie omdat hulle ook op die Kerkraad regeermag besit. Op hierdie stadium kon diakens nie na meerdere kerklike vergaderings afgevaardig word nie. Die vraag is die eerste keer in 1962 gevra waarop 'n aanbeveling goedgekeur is dat dit sinodes vrystaan om aan diakens met adviserende stem sittingsreg te verleen. Een van die redes wat diakens uit die kerklike regering uitgehou het, was dat meerdere vergaderings beleidmakende vergaderings was en daar gereken is dat die diakens net met die praktyk, en nie met beleid, gewerk het nie. Daarna is daar weer gevra om aan die saak aandag te gee, maar die kommissie was nie gereed om in 1974 daaroor verslag te doen nie (NG Kerk 1978:261–268,835–836).

Die verslae volg lang kerkordelike beredenerings vir en teen die teenwoordigheid van diakens op 'n kerkraad. Een verslag kom tot die gevolgtrekking dat diakens prinsipieel geen regeermag besit nie en ook geen seggenskap oor die verdeling van fondse besit nie. 'n Ander verslag maak weer baie van die gelykwaardigheid van die verskillende ampte wat beteken dat diakens nie prinsipieel van die kerkregering uitgesluit kan word nie. Tydens die sinode van 1978 is daar besluit om die gebruik te handhaaf dat diakens volle sittingsreg op 'n kerkraad het, maar dat die hele aangeleentheid weer ondersoek moes word (NG Kerk

---

[124] 1 Timoteus 3:12 (OAV): [12]Die diakens moet manne van een vrou wees en hulle kinders en eie huise goed regeer.

1978:835–836). Hierdie besinning rondom die regeermag van diakens sou later 'n invloed uitoefen op die hele debat rondom die toelating van vroue in die ampte en daar is vanaf 1979 begin om hierdie twee sake gesamentlik te hanteer.

## 2.4 EEN VERSLAG, TWEE INTERPRETASIES

Die GES se verslag van 1968 is reeds breedvoerig weergegee (REC 1968:149–156). Hierdie historiese oorsig word in beide die verslae wat voor die Algemene Sinode van 1978 gedien het, gebruik. Verslag 13 wys op die historiese verloop om aan te dui dat daar geen eenstemmigheid in die vroeë kerk oor vroue in die ampte was nie en lê veral klem op Calvyn se standpunt. "Die vrou in die amp (het) die geeste reeds in die vroegste tye vir etlike eeue besig gehou" (NG Kerk 1978:275). [Van watter geeste die sinode praat is nie duidelik nie! – EPB]. Verslag 14 gebruik die GES se verslag op sy beurt om die belangrike posisie wat vroue in die kerk gespeel het, onmiddellik uit te lig.

Hierdie is 'n goeie voorbeeld van hoe die konteks 'n invloed het op die interpretasie van 'n brondokument, in hierdie geval 'n verslag.

### 2.4.1 Onderliggende beweegredes

Dit blyk dat daar in die vroeë geskiedenis twee redes agter die teenkanting teen vroue gelê het.

Die Joodse diskriminasie teen en degradering van vroue is die eerste onderliggende beginsel. Dit is veral sigbaar in oud-Christelike geskrifte waar van die outeurs dit betwyfel het of vroue enigsins na die beeld van God geskape is. Sommige kerklike outeurs het op 'n neerhalende wyse ook gesê dat vroue oor gebrekkige insig beskik. Daarteenoor het die heidense intellektuele die invloed van vroue in die Christendom uitgelig.

Tweedens het daar 'n sterk weerstand opgebou teen vroue uit vrees vir die sektes en die belangrike rol wat vroue in van hierdie sektes gespeel het (GES 1968:151). Die rol van die vrou in die kerk het hiermee in die spervuur beland van die offisiële kerk se stryd teen die ketters (NG Kerk 1978:277).

Ook in die verslaggewing rondom vroue se rol in sekere sektes, verskil die toon. Die Montaniste was ten gunste van vroue in die ampte en vroue het prominent in hierdie sekte opgetree. Hulle het hulleself op Handelinge 21:9[125] en 1 Korintiërs 11:4–5[126] beroep. Vroue

---

[125] Handelinge 21:9. Reeds aangehaal.

het ook in die Gnostiese en Manicheïese sektes opgetree. Die prominente rol wat vroue in van hierdie sektes gespeel het, het kerkleiers suspisieus teenoor vroue gemaak. So bring Ambrosius hierdie vroue se posisie onder verdenking as hy in sy kommentaar op die briewe van Paulus meld dat die Manicheërs sorg gedra het dat die vroue ten gunste van hulle sou stem om sodoende hulle doel te bereik (NG Kerk 1978:275).

Verslag 13 meld vroue se leierskapsrolle by sekere sektes koud en klinies as een van die sake waarvan die sinode aandag behoort te gee. Verslag 14 wys op ’n meer genuanseerde wyse hierna deur bloot uit te wys dat daar vroue was wat in sektes ’n prominente rol gespeel het en dat hulle prominente rol veroorsaak het dat die rol van die vrou in die kerk vermeng geraak het met die stryd van die offisiële kerk teen die ketters. Daar was nou ’n dubbele stryd om te stry (NG Kerk 1978:277)! Verslag 14 se weergawe van vroue se rol in die sektes is myns insiens ’n meer gebalanseerder interpretasie van die gebeure.

Policarpus en Tertullianus het groot gewag gemaak van die orde van weduwees [127] waaronder diakonesse en selfs biskoppe getel het. Justinus, Clemens van Alexandrië en Hieronymus het ook melding van hulle aktiwiteite gemaak.

Die Konsilie van Oranje het in 441 n.C. bepaal dat diakonesse onder geen omstandighede in die amp bevestig kon word nie (die sogenaamde *Diaconae omnimodo non ordinandae*). Westerse kerke het toe alle vroue van hulle ampte onthef. Die kerk in die Ooste was meer buigbaar oor die saak en het die diakonesse-amp eers teen 1200 n.C. afgeskaf. Daarna het vroue hulle met die verloop van tyd in kloosters teruggetrek (NG Kerk 1978:277; REC 1968:151).

### 2.4.2 Die Reformatore se beskouing

Bylaag 13 het die negatiewe sy van Calvyn oor vroue onder die aandag van die sinode gebring. Hy het hom baie sterk uitgespreek teen enigiemand, en by name vroue, wat nie ’n amp beklee nie en dan die sakrament van die doop wil bedien. Hy verwys ook na Tertullianus wat vroue verbied het om in ’n kerk te spreek, onderrig te gee of te doop. Epifanus het Marcion, wat vroue die vryheid gegee het om die doop te bedien, verwyt. Dit

---

[126] 1 Korintiërs 11:4–5 (OAV): [4]Elke man wat bid of profeteer met iets op sy hoof, doen sy hoof oneer aan; [5]maar elke vrou wat bid of profeteer met onbedekte hoof, doen haar hoof oneer aan; want dit is een en dieselfde asof haar hoof geskeer is.

[127] 1 Timoteus 5:9 (OAV): [9]Laat ’n weduwee gekies word, nie minder as sestig jaar oud nie, wat die vrou van een man gewees het ...

is as sonde beskou omdat hulle die reël wat Christus gegee het, geskend het (NG Kerk 1978:275) (vgl. ook Calvijn 1956:365–366). Hierdie verslag maak wel melding van Calvyn se standpunt oor diakonesse, maar kom tot die gevolgtrekking dat hier sprake is van "heel besondere dienswerk ... wat nie sonder meer met die gewone diakenamp vereenselwig kan word nie" (NG Kerk 1978:274).

Bylaag 14 beskou die Reformasie as 'n tyd van verandering. Gedurende die Reformasie het die opvatting oor die huwelik verander en onder andere 'n plek in die burgerlike lewe aan vroue toegeken. Tog het dit nie die deure na die ampte vir vroue oopgemaak nie. Alhoewel Luther die algemene priesterskap van alle gelowiges beklemtoon, beteken dit nie dat vroue tot die ampte toegelaat kan word nie. Die feit dat Calvyn tog vroue toegelaat het tot die diakenamp word sterk uitgelig en daar word tot die gevolgtrekking gekom dat Calvyn se "fundamentele onderskikking van die vrou nie vir hom in stryd (is) met die toelating van die vrou tot die diakenamp nie". Die Konvent van Wesel het op die voetspoor van Calvyn sekere toegewings oor die vrou in die amp gemaak. Hier word 'n interessante opmerking van Voetius aangehaal. Voetius het ook die ondergeskiktheid van die vrou aan die man gehandhaaf en gesê dat sy nie in die kerk mag spreek nie, "hoewel sy meer godsdienstig as die man is". Soos reeds gemeld, was Voetius ten gunste van vroulike diakens onder sekere omstandighede en dat hulle in sulke gevalle offisieel gekies en bevestig moet word (NG Kerk 1978:277).

### 2.4.3 Geen eenstemmigheid

Verslag 13 swyg oor die posisie in ander kerke, terwyl die GES-verslag van 1968 volledig daaroor verslag doen. Verslag 14 steek nie die praktyk weg nie en gee 'n breë oorsig oor die kerke wat vroue wel toelaat tot die amp. Hulle meld ook die feit dat 40 kerke wat teen 1968 lid was van die Wêreldraad van Kerke, reeds vroue toegelaat het. Die Gereformeerde Kerke in Nederland se volledige besluit word aangehaal saam met die kerkordelike reëlings wat hulle getref het. Hierdie besluite lê klem op die feit dat die sondeval vroue nie meer terughou nie, omdat "die Gees van Christus die vroue ten volle herstel as 'man van God' (Galasiërs 3:28) en haar ten volle opneem in die bediening van die opbou van die kerk" en daarom moet die vrou 'n volwaardige plek kry langs die man "according to the principle of mutually complementary participation in a common task" (NG Kerk 1978:278). Hierdie positiewe inligting oor vroue wat wel toegelaat is, word gemeld om aan te toon dat daar nie meer eenstemmigheid bestaan dat vroue nie tot die amp toegelaat kan word nie.

Bylae 14 erken prontuit dat daar geen eenstemmigheid oor die toelating van vroue tot die ampte bestaan nie. Aan die een kant moet die uitsluiting van vroue gesien word teen die agtergrond van die tydsbepaalde sosiale agtergrond waarin die Bybel tot stand gekom het. Aan die ander kant word daar aangevoer dat die sogenaamde sosiologiese argumente nie rekening hou met die "uitdruklike uitsprake van die Skrif" nie (NG Kerk 1978:277).

Waar verslag 13 vroue se dienswerk in die vroeë kerk en Bybel gedegradeer het as "nie-amptelik", word die dienswerk wat vroue in die Skrif verrig, volgens Bylae 14 as "besonder" beskou (NG Kerk 1978:277).

Teenstanders teen die vrou in die amp het vroue van die diakenamp uitgesluit, terwyl voorstanders redeneer het dat daar in die lig van vroue se besondere dienswerk weinig probleme oor die vrou in die diakenamp behoort te wees.

## 2.5 DIE POSISIE VAN DIE VROU MET BETREKKING TOT DIE AMP

Verslag 14 vra die vraag of die "skeppingsbepaalde verhouding tussen man en vrou aangetas word indien die vrou tot die amp toegelaat sou word". Die algemeen bepalende skeppingsordinansie wat in Bylae 13 met soveel sekerheid gestel is, word hier onmiddellik bevraagteken!

Die benadering wat in hierdie verslag gevolg word, is opmerklik anders. Waar daar in die eerste verslag en die verslag wat tydens die Algemene Sinode in 1974 gedien het, ritse teksverse aangehaal is om 'n punt te bewys, word daar in hierdie verslag met die breër dogmatiese lyne gewerk. Hierdie verslag lê veral klem op die posisie van die vrou met betrekking tot die amp in terme van haar eie unieke aard en roeping.

### 2.5.1 Christus die ankerpunt van die amp

Hier word die sondeval nie onmiddellik voor vroue se deur gelê as een van die redes waarom vroue nie tot die amp toegelaat kan word nie. Die sondeval word geteken as 'n weiering van "die mens as man-vrou, om in die drievoudige Godverheerlikende opdrag (kennis, geregtigheid en heiligheid) te bly". God se genade, as Sy groot Koninkrykshandelinge waarbinne die verbondsgedagte sentraal staan, word in dieselfde asem as die sondeval genoem. Die ampswerk van Jesus Christus word beskou as die herstel van die opdrag waarin die mens vroeër gefaal het. Christus kom en lewer profetiese, koninklike en priesterlike diens. Daarom kan die amp nooit geskei word van die genade wat God in Jesus Christus geskenk het nie. Die besondere ampte vind hulle plek binne die groot

genadebestel van God en daarom moet daar gewaak word teen enige verselfstandiging van die amp of verampteliking van die kerklike lewe. Omdat God hom bemoei met die gemeente en die ampsdraer, is daar van die begin af ’n “geweldige stuk dinamiek, beweeglikheid en openheid in die struktuur van die vroegste Kerk” (NG Kerk 1978:276).

### 2.5.2 Funksie van die amp

Waar alle verslae tot dusver sterk klem gelê het op die heersende en amptelike karakter van die amp, word die dienskarakter van die amp nou die eerste keer uitgelig. Die woord amp beteken volgens verslag 14 “’n bepaalde taak, funksie of opdrag wat deur iemand[128] (God Drie-enig) [My byvoeging – EPB] met hoër gesag opgelê word” en daarom is alle ampswerk altyd dienswerk. Die ampte is daar ter wille van die opbou van die gemeente en die genadewerk van God en is nie daar op grond van ’n “primordiale, onveranderlike bloudruk” nie.

Die toestande waarin die ampte aanvanklik gefunksioneer het, kan dus nie gekanoniseer word nie en is ook nie die resultaat van ’n dogmatiese kerkregtelike reëling nie. Slegs die oorsprong van die amp is tydloos, maar die vergestalting daarvan is tydelik en nie absoluut nie. Die verslag maak spesiaal melding daarvan dat daar in die debatte rondom die amp die vergestalting van die amp onveranderd gehandhaaf wil word terwyl andere die ampsinhoud eerder as onveranderlik sien en geen besware het teen die wysiging van die gestalte daarvan nie (NG Kerk 1978:276).

### 2.5.3 Eksegetiese kantaantekeninge

In die besinning oor die posisie van vroue met betrekking tot die amp probeer die opstellers van verslag 14 by Skrifgegewens aansluiting vind. In teenstelling met verslag 13 en vorige sinodeverslae, word daar nie net bloot lyste en lyste losstaande tekste aangehaal nie, maar ook aangetoon hoe die sosiale en historiese agtergrond ’n invloed op die praktyk en gewoontes van die dag uitgeoefen het. Hiervolgens moet die oorheersende rol wat die man

---

[128] Mark 10:45 (OAV): [45]Want die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as ’n losprys vir baie.

Jesaja 54:17 (OAV): [17]Elke wapen wat teen jou gesmee word, sal niks uitrig nie; en elke tong wat teen jou opstaan in die gereg, sal jy weerlê. Dit is die erfdeel van die knegte van die HERE en hulle geregtigheid wat uit My is, spreek die HERE.

Eksodus 14:31 (OAV): [31]Ook het Israel die magtige daad gesien wat die HERE aan die Egiptenaars verrig het. Toe het die volk die HERE gevrees en geglo in die HERE en Moses, sy kneg.

in die burgerlike en kultiese lewe gedurende die Ou Testamentiese tye gespeel het, nie beskou word as die ideaal-tipiese sosiale struktuur nie, maar eerder 'n refleksie van die feitlike stand van sake (NG Kerk 1978:278).

Die verslag lig ook die belangrike rol uit wat vroue in die Ou Testament gespeel het en kom tot die gevolgtrekking dat hulle ook in die openbaar soms leiding op godsdienstige gebied geneem het en daarom nie minderwaardig of uitgeslote was nie (NG Kerk 1978:279). Vroue se rol binne die kultiese gemeenskap word beklemtoon sonder om, soos in vorige verslae te sê, dat hierdie rolle as "nie-amptelik" beskou moet word nie.

Wat gegewens in die Nuwe Testament betref slaan verslag 14 ook 'n toon in wat merkbaar anders is. Galasiërs 3:28 word onmiddellik op die tafel geplaas met die stelling dat hierdie vers besondere erkenning gee aan die vrou as "volkome gelyk aan die man" in 'n godsdienstige sin en daarom is sy ook "volkome gelykwaardig in die uitoefening van die amp van gelowige". Sewe bladsye vantevore in dieselfde sinodale verslag is dieselfde vers aangehaal en word daar tot die gevolgtrekking gekom dat alhoewel die amp van gelowige sonder onderskeid tussen mans en vroue beklee word, dit nie vir die besondere ampte geld nie en dat hierdie vers nie as bewysgrond aangehaal kan word om aan te toon dat daar geen verskil meer is tussen man en vrou of tussen die verskillende volkere nie (NG Kerk 1978:272, 279).

Vroue se deelname aan die gemeentelike lewe word vervolgens met voorbeelde uitgelig om aan te toon dat vroue binne hulle eie aard nooit van die gemeente uitgesluit is nie. Die feit dat daar net manlike apostels en dissipels was, word verklaar deur aan te toon dat vroue se eerste taak binne daardie sosiale bestel nie in die openbare domein gelê het nie, maar by hulle huise en gesinne. Tog het vroue in die vroeë kerk in sommige gevalle 'n buitengewone rol gespeel ten spyte van die Joodse samelewing waarin vroue 'n vernederende posisie beklee het. So het Jesus die ongehoorde ding gedoen om vroue toe te laat tot sy volgelinge. Jesus se optrede het daartoe gelei dat vroue soms in die vroeë kerk 'n prominente rol gespeel het. Die verslag noem tientalle voorbeelde om dit te staaf – voorbeelde wat vroeër ook as "nie-amptelik" afgemaak is (NG Kerk 1978:279).

Die vraag of vroue nie tog as diakens kan dien nie, word weer opgehaal. Hier word tot die gevolgtrekking gekom dat die vrou in die vroeë kerk wel as diakens 'n amptelike funksie vervul het en dat daar byvoorbeeld geen prinsipiële verskil was tussen die werk wat Febe as "diakones" gedoen het en die amptelik aangestelde diakens in die gemeente was nie. Die res van die gegewens gee nie sekerheid of vroue wel ooit amptelik tot die ander ampte

toegelaat is nie. Wat wel duidelik is, is dat vroue wel amptelike werk gedoen het wanneer daar behoefte was aan gespesialiseerde take en die behoefte wesentlik verband gehou het met die aard, wese en aanleg van vroue (NG Kerk 1978:279–280).

### 2.5.4 Die swyggebod uit 'n ander hoek bekyk

Die verslag hanteer die sogenaamde swyggebod in 1 Korintiërs 14:34–35 en 1 Timoteus 2:8–15 vanuit 'n ander hoek. Waar dit in verslag 13 as norm vir alle tye beskou is, word hier 'n aantal redes gegee hoekom hierdie verse juis die vrou help om haar aanvullingstaak telkens opnuut in haar situasie te interpreteer in ooreenstemming met haar aard (NG Kerk 1978:280–281).

In die eerste plek gaan dit in hierdie twee tekste om die getroude vrou. Tweedens was dit nie Paulus se bedoeling om die vrou die swye op te lê nie, maar om die orde in die gemeente te bewaar. Die gebod was dus nie bedoel om 'n absolute verbod te wees nie. Die tydgebondenheid van die twee uitsprake word verder deur talle kommentatore soos Ridderbos, Wendland, De Boor en Smelik uitgewys. Dit was deel van die gedragskode van die dag dat vroue in die openbaar moes swyg omdat dit lelik of 'n skande was om in die openbaar op te tree. Hiervolgens was Paulus besorg oor die posisie van die jong kerk in Korinte en hulle getuieniskrag en daarom moes hulle nie iets doen wat ongewoon was nie. Paulus het ook nie die vrou misken nie, maar wou haar in alle opsigte vrou laat bly. Kommentaar op die skeppingsorde, wat as rede vir die verbod gebruik is, het ook nie uitgebly nie, alhoewel die verslag nie heeltemal los kon kom van die argumente rondom die skeppingsorde nie. Die verse moet volgens verslag 14 eerder in die rollestruktuur wat voor die sondeval gegeld het, verstaan word en ook in die lig van die versoening en herstel wat Christus gebring het. Die verbod is klaarblyklik gemik op getroude vroue wat hulle huise in die steek gelaat het. Dit sou kon lei tot grootskaalse ontwrigting van die gesin en die gemeenskap. Ten einde laaste word daar gepleit dat die vrou nie dit wat tot haar wese behoort, naamlik haar "moederroeping", moet nalaat nie. Die beperking wat Paulus dus plaas is ter wille van die ware roeping van die vrou en haar eerste taak ten opsigte van haar huis en gesin (NG Kerk 1978:280–281).

## 2.6 KERNASPEKTE

Die kernaspekte van verslag 14 kan soos volg saamgevat word (NG Kerk 1978:281–282):

- Die vroeë kerk was in ’n groeifase wat ’n sekere vloeibaarheid teweeg gebring het. Die nuwe situasie het baie aanpassing en nuwe reëlings gevra waarvoor daar geen aanvaarde kerkorde bestaan het nie. Die kerk van Christus kan dus voortdurend met ’n veranderde wêreld gekonfronteer word wat nuwe eise aan die liggaam van Christus stel.

- Die doel van ampswerk, naamlik dat die ampte daar is ter wille van die koninkryk, moet nie uit die oog verloor word nie. Daarom moet daar gewaak word teen ’n veramptelikheid. Terselfdertyd moet die amp ook nie gering geskat word nie. Kontinuïteit en ontwikkeling is deel van kerkwees.

- Vroue het in die Ou en Nuwe Testament ’n belangrike rol in die godsdienstige lewe gespeel in terme van hulle eie aard en roeping. Waar vroue op die voorgrond getree het, was dit op terreine waar die kerk hulle besondere aanleg nodig gehad het. Dit geld veral ten opsigte van barmhartigheidsdienste. Ander gespesialiseerde dienste waartoe die vrou as gelowige geroep word is byvoorbeeld die kategese en maatskaplike dienste.

- Wanneer daar verklaar word dat die vrou ’n “hulp” vir die man is, beteken dit dat sy hom volledig maak en naas hom staan. Die hoofskap van die man is nie ’n baasskap nie. Hier maak die skrywers van die verslag die stelling dat die kerk moet bepaal wat die presiese plek is wat die vrou moet inneem in die kerk wat in lyn is met haar eie aard. Daarom moet die kerk na weë en middele soek waar die vrou met haar besondere “aanleg, gawes en aard” diensbaar kan wees in die Koninkryk van God. Gelykheid beteken dus nie ’n identiese opdrag en bevoegdheid nie. Sonder om dit pertinent te noem, sluit die skrywers van die verslag by die GES-verslag van 1968 en 1972 aan wat opdrag gee dat die vraag rondom die vrou in die besondere amp vanuit die unieke aard en roeping van die vrou benader moet word. Dienswerk op ’n terrein waar die vrou se eie aard tot haar reg kom, soos die diakonia, hoef nie die “skeppingsbepaalde strukture tussen man en vrou aan te tas nie”.

- In die besinning rondom hierdie saak moet daar gewaak word om nie aan die een kant uit te gaan van ’n liberalistiese gelykheidsbeginsel nie, maar aan die ander kant ook nie van ’n magiese drumpel tussen man en vrou nie.

## 2.7 SLEGS AS HULPKRAG GOEDGEKEUR

In die lig van al die argumente wat tydens hierdie sinode op die tafel geplaas is, is aanbeveel dat die standpunt van die Algemene Sinode van 1974 gehandhaaf word en dit is dat vroue nie tot die lerende of regerende ampte van ouderling of tot die amp van diaken toegelaat word nie. ’n Verdere aanbeveling het gelui dat vroue wel “ooreenkomstig die Skrif” as kerklike weduwees of hulpkragte kon diens doen, maar nie bevestig mag word nie. Dit sou nie die skeppingsordinansie ophef nie (NG Kerk 1978:275).

Uiteindelik is ’n amendement van dr. J.D. Vorster oor die aanbeveling goedgekeur wat die hulpposisie van vroue baie duidelik omlyn het:

> Die Woord van God leer duidelik dat die vrou gelykwaardig met die man is, in die amp van die gelowige naas die man moet dien, as hulp van die man in die kerk van Christus in die betrekking van hulpdiens mag optree, maar nie in die amp bevestig word of toegelaat word nie; daarom besluit die sinode dat vroue in die betrekking van diakonesse as hulpkragte mag optree maar nie as diakens bevestig mag word nie.
>
> (NG Kerk 1978:838)

’n Voorstel dat die vrou wel tot die diakenamp toegelaat word, is afgekeur (NG Kerk 1978:838). Die gesprek was egter nog nie klaar nie en albei verslae is ook na die sinodes vir besinning en verslag verwys met die oog op verslag aan die volgende Algemene Sinode (NGK Kerk 1978:220, 838).

Gespreksgenoot 2 het in 1978 begin studeer. Sy het die sinode se “nee” nie toe as ’n probleem beskou nie, omdat daar volgens haar nog baie tyd was.

G2: Toe ek begin swot het in ’78, toe sê vir myself: “Sewe jaar is jare tyd! Dit sal teen daai tyd klaar wees.” Toe is dit nog sewe [eintlik ses – EPB] jaar!

# 3. “DIE HERE HET MY GEROEP”

Al het die Algemene Sinode van 1978 nie die deur vir vroue tot enige ampte oopgemaak nie, het meer vroue aan hulle roeping gehoor gegee en teologie begin studeer. Elke vrou se roepingsverhaal is uniek. Twee van die vroue wat in die 1970’s begin studeer het, wou aanvanklik eers iets anders – toevallig albei medies – gaan studeer. Maar op die ou einde

het hulle paaie teologie toe beweeg. Albei was sterk daarvan oortuig dat die Here hulle geroep het en hulle het aan Sy roepstem gehoor gegee. Teen 1978 was daar al ten minste ses vroue wat teologie studeer het. Vervolgens gespreksgenoot 2 en gespreksgenoot 7 se roepingsverhale.

## 3.1 GESPREKSGENOOT 2: "DIT HET TOT MY GESPREEK"

Gespreksgenoot 2 identifiseer vandag nog met Jesaja 42:2–3 as roepingsteks.

*2 Hy sal nie roep nie, hy sal nie hard skree nie, hy sal nie sy stem op straat laat hoor nie.*
*3 'n Geknakte riet sal hy nie afbreek nie, 'n lamppit wat dof brand, sal hy nie uitdoof nie.*
*Hy sal my wil bekend maak soos dit is.*

G2: Ek was in 1977 in matriek. In 1978 het ek 'n jaar medies geswot. Daai jaar het ek nie deurgekom nie. Dit was nogal vir my 'n teken dat dit nie my rigting is nie. En toe is ek eintlik daardie Desember oorsee en ek dink, wat ek altyd sê, ek het eintlik daar oorsee iets ervaar van die lewe is groter en hoekom is ek hier? Ek dink hierdie hele ding van ek het 'n doel, van ek wil my self verwesentlik, of ek wil vervulling kry, was vir my belangrik. Toe ek daar voor Michelangelo se beeld van Moses gesit het, en die detail gesien het en hoe groot die beeld is, en wat hy bereik het, het ek net vir myself gesê: "Maar ek moet 'n verskil maak ..."

... Ek het letterlik op die bed gelê by my ma en gewag vir my pa om te kom en toe dink ek: "Maar hoekom nie teologie nie?" ... Ek het by RAU aansoek gedoen. Ek was nog half laat vir die klasse ook – hier Februarie se kant. Maar ek het dadelik begin en ek was verskriklik gelukkig. Jy weet, die kontras tussen dit en medies was vir my so bevestiging van die rigting.

Saam met bogenoemde verloop van sake staan een insident vir haar uit wat haar roeping aan haar bevestig het.

G2: Die hoogtepunt in my studies, wat ek nooit sal vergeet nie, ek sal nou vir jou die naam gee van die professor. Hy was Bybelkunde professor by RAU ... maar hy het vir my kom roep na sy kantoor toe. En ek dag, wat nou? Jy weet, hoekom moet ek na sy kantoor toe? Hy vra my toe uit hoekom studeer ek teologie? Ek sê toe vir hom ek wil graag, dit is vir my lekker, daar is nie regtig 'n stem uit die hemel nie. Maar die teks wat die hele tyd by my opkom is (die teks in) **Jesaja** wat sê: ("Wie) sal ek stuur? My gesalfde wat op die straathoeke staan en nie skreeu of hard praat nie. Hy praat sag. Dit het tot my gespreek. **Ek identifiseer met daai stukkie. En dat dit helend is en omgee vir mense.** En toe doen hy 'n gebed saam met my. En dit was vir my só spesiaal. Ek het by hom toe by hom my Honneurs gedoen ...

Hy het vir my gevra: "Kry jy 'n beurs?" Ek sê toe vir hom: "Nee". Hy sê toe vir my: "Dr. Jannie Malan se seun kry 'n beurs, hoekom nie jy nie?" Daar is dit gereël in die NG Kerk in

> Aasvoëlkop ... **Dit was toe vir my 'n verskriklike bevestiging vir my dat die Here my geroep het** en dit is toe vir my betaal. Hulle sou dit vol betaal tot ek klaarmaak – die voorwaarde is om klaar te maak en nie te druip 'n jaar nie. So dit was 'n volle beurs – ek hoef niks terug te betaal nie. **So dit was 'n ongelooflike bevestiging vir my**. [My beklemtoning donkerder gedruk – EPB]

Dit is betekenisvol dat 'n gemeente soos Aasvoëlkop 'n beurs aan 'n vrou gegee het in 'n tyd wat die kerk se deure nog nie eers vir diakens oopgemaak is nie.

## 3.2 GESPREKSGENOOT 7: "DIE HERE SAL MY ALTYD TERUGBRING NA WAT EK MOET WEES"

Gespreksgenoot 7 het geweet sy word geroep en het aanvanklik baie daarmee geworstel totdat sy uiteindelik gehoorsaam aan haar roeping was en die stap in die donker gewaag het.

G7: ... ek het so in my standerd 9-jaar, ons was toe besig met finalejaar katkisasie, en ek het vreeslik geworstel met die vrou in die amp. Daar was twee predikante op .... Dan was ek by die een en dan by die ander een om te vra hoekom word die vrou nie in die amp toegelaat nie. Of dit nou diaken, ouderling of predikant is. Die een was verskriklik negatief en gesê ek moet dit so aanvaar en net rustig wees. Die ander ou het vir my gesê as ek dink die Here roep my, moet ek gehoorsaam wees aan die roeping, want al is ek ongehoorsaam, **sal die Here my altyd terugbring na wat ek moet wees.**

Toe het ek nog 'n lang ruk daarmee geloop – ek wou eintlik medies geswot het. Dit was my groot ding – medies. En toe, die begin van my matriekjaar, het my skeinatpunte en my wiskundepunte net geval, en dit is die twee goed wat jy nodig het vir medies. En dit het toe vir my baie sterk gevoel asof die Here vir my op so 'n manier vir my die deur toemaak vir medies en dat Hy vir my baie sterk roep om predikant te word.

Weet jy Elsje, daai wat ek netnou vir jou gesê het dat ek intellektueel so half geworstel het met 'hoekom nie die vrou in die amp nie?', het ek agterna besef dit is ook die manier hoe die Here met my gepraat het. Dat hy my so soort van voorberei het. Wat ek toe wel gedoen het, was om in die begin van matriek, veral toe my wiskundepunte en skeinatpunte so sleg begin raak het, om vir die Here te vra hy moet vir my 'n teken gee. Ja, so ek het vir dit baie pertinent gevra. [My beklemtoning donkerder gedruk – EPB]

## 3.3 ONDERSTEUNING ÉN VRAAGTEKENS

### 3.3.1 Ouers staan bankvas agter hulle kinders

Beide hierdie vroue en gespreksgenoot 5 het hulle ouers se ondersteuning geniet al was die kerk se deure aan die begin van hulle studieloopbane nog toe. Dit het vir hulle baie beteken.

G7: Wag, miskien moet ek dit ook nog sê. En toe, nadat ek besluit het ek gaan predikant word, was om vir my ouers te sê. Ek het lank daarmee geloop en gebid daaroor en gewonder watter kant toe. Want ek dink hulle (ouers) was in hulle koppe gerat vir medies. En toe het ek vir hulle gaan sê ek wil dit graag swot. My pa was nogal die een wat gesê het: "As dit is wat jy wil doen, dan staan ons bankvas agter jou." So ek het onmiddellik hulle ondersteuning dadelik gehad.

G2: En toe ek dit deel met my ouers, toe sê hulle: "Maar kom ons ondersoek dit." So my ma het my nooit teëgegaan nie. Sy het my al die pad ondersteun.

Vroue wat later gaan studeer het, het ook hulle ouers se ondersteuning onthou en waardeer.

G4: My ma het van die begin af my keuse ondersteun. Ek glo sy het iets van my roeping herken en raakgesien, al het sy ook nie mooi geweet wat om daarmee te maak nie. Sy het aanhou sê selfs al word ek nie 'n dominee nie, sal die studies tog baie beteken. Nou, jare later en gelukkig in my werk, is sy baie trots.

### 3.3.2 Klasmaats reageer verskillend

Die eerste vrouestudente se klasmaats het hulle nie as 'n bedreiging beskou nie en hulle goed behandel.

G5: Ek dink nie hulle het dit so ernstig opgeneem nie, want daar was nie werklik vir ons in die bediening plek op daardie stadium nie, wel in 'n studentebediening. Ja, ek sal nie sê dat hulle dit nie ernstig opgeneem het nie ... hulle het ons regtig net soos die ander studente behandel en eintlik meer ophef van ons gemaak. Want jy sit daar so 80 in 'n klas, 78 mans en twee vrouens, natuurlik gaan daar 'n ophef van jou gemaak word ...

Dan was daar die opmerkings van klasmaats wat aanvanklik seergemaak het. Met die verloop van die jare het daar egter vergifnis gekom. Ander het weer geen probleem met vrouepredikante gehad nie.

G7: Een van die ouens, ek en hy was later baie groot maats, inteendeel, nou nog. Toe ons nou nog hierdie baie inters gehad het, daai wat jy jou voete blase dans, het ons 'n inter in die Brandwag gehad, daai kompleks. Ek dink ons het roomys 08:00 die oggend gaan eet of so iets stjoepid. En toe het ons teruggestap koshuis toe.

En hy sê toe vir my wat dink ek maak ek hier?

Ek sê vir hom: "Nee, ek kom teologie swot. Wat maak hy hier?"

Nee, sê hy vir my, hy ook.

**Toe sê hy vir my: "Hier is eintlik nie plek vir vrouens in hierdie kursus nie."**

Ek sê toe vir hom: "O, hoekom dink jy so?"

Hy sê toe vir my: "Sien jy enige ander vrou?"

Ek sê toe vir hom: "Nee."

Hy sê toe vir my: "Dit sê mos vir jou hier is nie plek vir jou regtig nie."

En toe het hy vreeslik aangegaan hoe reg die plek vir hom is en hoeveel beurse hy het en hoe slim hy is en hoe oulik hy is en so aan. Ons het later groot pêlle geword, ek het dit hom heeltemal vergewe. [My beklemtoning donkerder gedruk – EPB]

G7: 'n Ander ou, maar dit het later jare gebeur, **het vir my gesê ek sal tog nooit iewers kom nie**. En ek was verskriklik kwaad vir hom. Ek het dit altyd vir jare teen hom gehou tot hy later vir my kom vra het, maar kan ek hom nie maar vergewe nie? Nou het ons eintlik baie kontak, maar dit is nou half 'n grap tussen ons elke keer as ons mekaar sien. [My beklemtoning donkerder gedruk – EPB]

G7: Weet jy, Elsje, ek dink daar was ook mans wat openlik ondersteunend was. Ek dink vir baie was dit 'n snaaksigheid omdat dit was nie 'n bekende situasie nie.

Gespreksgenoot 2 onthou hoe die manne op hulle eerstejaarskamp vir haar gesê het: "A, hier is darem 'n meisie om die skottelgoed te was!" Sy sê dat hierdie tipe opmerkings haar diep seergemaak het.

Gespreksgenoot 7 kon die manne beter hanteer toe sy geleer het om deel van die groep te raak.

G7: Ek het dit in my kop baie sterk gehad, ek sal vir julle wys. So ek het so middelmatig na goed toe presteer. Die tale was die middelmatige ene! Ek het sielkunde, wysbegeerte en ons het nog Bybelkunde in ons eerstejaar gehad. Dit was my hoofvakke. Daarmee het dit baie goed gegaan. Ja, ja. Die tale het 'n ou op die uiteinde tog maar deurgekom, maar ek dink dit het ook naderhand gemaak dat die ouens mens begin aanvaar het. Want 'n ou het saam ge-*suffer* met die tale, saam swaargekry. En ek dink ek was nooit *cocky*, of ek wil nou amper sê hennetjie uitnek gewees nie. Ek het ... **ek dink dit is die ding wat ek baie vroeg geleer het, om deel van hulle te raak was vir my baie belangriker as om uit te staan. So ek het baie die *game***

**gespeel soos wat hulle sou wou gehad het ek moet dit speel.** Ja, definitief. [My beklemtoning donkerder gedruk – EPB]

### 3.3.3 Dosente positief én negatief

Van die dosente het positief teenoor vrouestudente opgetree soos gespreksgenoot 5 ervaar het.

G5: En ... en onder die dosente ook, ek het nooit onder die dosente enige, hoe kan ek sê, vraagtekens agter ons geplaas nie, hulle het ons eerder aangemoedig. Vir ons ook gevra wat wil julle gaan doen daarmee? As julle dan nou nie toegelaat word tot die amp nie, wat wil ons doen en so aan? ... Hulle het ons soos al die ander studente behandel.

Ander dosente het weer sterker gevoelens oor vrouepredikante gehad en dit duidelik gekommunikeer. Vir gespreksgenoot 7 was dit verskriklik sleg. Haar vraag aan ’n dosent, oor wat sy met haar roeping moet maak het onbeantwoord gebly.

G7: Ons het net begin by die Fakulteit, toe het hy (die betrokke dosent) my ingeroep en vir my gesê hy het daai tyd sy intreerede en hy gaan praat oor die vrou in die amp. Die vrou hoort nie in die kerk nie en hier is vir my ’n afskrif van die lesing wat hy gaan gee. Ek kan maar solank daarna kyk. Dit was vir my verskriklik sleg. **Dit het gevoel ek het die oubaas nog niks aangedoen nie en hy tree my sommer aan. Dit was vir my ’n baie slegte en ’n negatiewe ervaring vir ’n baie lang ruk.** Ek het toe tog gaan luister na die ding. Ek het agterna weer met hom gaan praat en vir hom gesê: **“Ek verstaan nie wat maak ek met ’n roeping, dat ek glo dat ek geroep is nie. Hoe werk dit? Roep die Heilige Gees net mans en so aan?”** Hy kon my nie eintlik ’n antwoord gee daarop nie. Maar het net weer gesê: **“Vrouens kan nie in die bediening wees nie, dit is so eenvoudig soos dit. Daar is nou nie twee stories daaroor nie. En hy soek my nie daar nie, maar hy kan nie anderste as om vir my klas te gee nie, want die universiteit laat my toe om die graad te swot. Maar as hy ’n keuse gehad het, moes ek nie daar gewees het nie.”** [My beklemtoning donkerder gedruk – EPB]

Gespreksgenoot 7 moes ook nog ’n ietwat vreemde opmerking van ’n ander dosent hanteer. Dit is onseker wat ’n mens van hierdie opmerking moet dink. In vandag se samelewing sal dit as heeltemal onvanpas beskou word om só ’n opmerking teenoor ’n damestudent te maak.

G7: En toe het hy (die dekaan) weer op ’n stadium vir my gesê hy het my lief soos wat hy sy eie vrou het, maar hy sien nie kans daarvoor dat ek in die bediening moet kom nie.

#### 3.3.3.1 Prediking tydens teologiese opleiding ’n probleem

Omdat die teologiese opleiding van voornemende NG-predikante aan universiteite geskied het, kon vroue nie toegang tot die verskillende teologiese fakulteite geweier word nie. Prediking was egter ’n probleem – aan die een kant was dit gewoonweg deel van die opleiding en aan die ander kant was dit ook ’n deel van die kerk se toelatingsvereistes. Teologiese fakulteite se hantering van hierdie deel van die opleiding het die vrouestudente verwar.

Een van die eerste damestudente het geweier om haar klaspreke te doen omdat die kerk hulle nog nie toegelaat het nie. Dit het haar duur te staan gekom. Gespreksgenoot 2 het nie gewaag om die sisteem uit te daag nie, maar ervaar dat sy die pion in ’n deurmekaar stelsel geword het.

G2: Die groot saak met ... was, sy het gesê: “As ek nie kan preek nie, gaan ek nie preek nie.” En toe doen sy nie prakties preek nie. Toe gee hulle vir haar ’n B.D. weiering, want sy preek nie. Toe slaag sy nie haar prakties nie, toe moet sy prakties oordoen deur UNISA. Maar ... was meer, langbroek gedra, en sy was meer, soos ek sê, rebels.

G2: Ek was ’n *pleaser*. Sê vir my om te spring, dan spring ek nog hoër. Op die ou end doen ek alles. Toe ek nou in my tweede jaar kom, derde jaar kom, toe moet ons ’n klaspreek doen. Die klaspreek het ek gedoen. Derde jaar. Die einde van die B.D. Toe het ek vir ... geken, of hy was by my doop en my ma-hulle was vriende met hom. Hy het die Andrew Murray-kerk begin. En hy het ons getrou ook op die einde. Hy sê toe, nee, kom preek in my kerk. Ek gee nie om nie. Ek gaan preek toe. En nou is dit op die kansel. Maar ou ... was ook, lyk my as ek nou terugdink, ... Toe is dit voorbladnuus! Die volgende ding is ek op die voorblad saam met hom en ek het ’n ... in my arms en die opskrif is: Vrou preek op NG Kerk-kansel. Dit was nie beplan of iets nie. Ek was maar bietjie ’n pion op daardie stadium. Ek het nog die koerantknipsels. Toe spring hulle op en af. Preek jy nie, is jy in die moeilikheid. Preek jy, is jy in die moeilikheid. Toe vra almal: “Wie gee die toestemming?” Maar toe moes hulle maar eintlik aan hulleself verantwoording doen, want hoekom het hulle ... gestop en nou doen ek dit en ek is in die moeilikheid?

Gespreksgenoot 7 het haar proefpreek skelm gedoen en in ’n baie ongemaklike situasie beland.

G7: Ek onthou toe ek my proefpreek moes hou, het ek dit skelm gedoen, bedoelende sonder prof ... (dekaan) se wete. Ek en prof ..., die prof wat my begelei het, en ons het alles mooi gereël en ek het op ... my proefpreek gehad en so. En toe seker so ’n week of wat daarna, toe praat prof ... van hierdie proefpreke wat gegee is, en om een of ander rede vra hy vir my of ek ’n

proefpreek gegee het. En ek sê toe nee. ... en die ou wat langs my sit stamp my so en sê vir my: "Maar jy jok mos nou." Maar ek sê toe vir hom: "Ek sien nie kans om hier in die klas uitgehaal te word nie." Ek het net nie kans gesien daarvoor nie.

Toe die middag kos dit my toe om hom te bel en ek het nogal vreeslik gesukkel om hom in die hande te kry. En toe ek hom nou in die hande kry toe sê ek vir hom ek wil hom kom sien. Toe gaan sien ek hom en sê vir hom ek het vir hom gejok. Ek het die proefpreek gehad en so aan.

Nou hy het my nie vreeslik uitgehaal nie, maar hy het vir prof ... toe vreeslik uitgehaal. Jare na die tyd het prof ... dit eers vir my kom sê dat hy goed op die rooi tapyt was oor daardie storie en omdat dit nie toelaatbaar was nie. Die reëls was nog nie so nie.

## 4. 1982: DIE AMP VAN DIAKEN WORD VIR VROUE OOPGESTEL

Op grond van die sinodebesluit van 1978, dat verteenwoordigers van die Vrouediens voortaan volle sittingsreg op kommissies kon kry, het 'n verteenwoordiger van die Algemene Vrouekomitee vanaf 1979 op die kommissie vir Leer en Aktuele Sake begin dien en verteenwoordigers van AKLAS is ook op die Algemene Komitee van die Vrouediens benoem (NG Kerk Kommissie Leer en Aktuele Sake 1979a:79, 86). Die saak oor die vrou in die amp het nie tydens die eerste en tweede kommissievergadering aandag geniet nie omdat dit na die streeksinodes verwys is vir bespreking en verslag (NG Kerk Kommissie Leer en Aktuele Sake 1979a:81, 1979b:92).

Die saak het eers weer in 1981 by die kommissie aandag gekry nadat die Sinode van Natal versoek het dat 'n grondige studie deur Ou- en Nuwe Testamentici en kerkhistorici oor die posisie van die vrou in die Skrif onderneem word. Die dagbestuur was van mening dat daar reeds studiestukke in hierdie verband opgestel is en daar navraag gedoen sal word oor die besluite wat die verskillende sinodes oor die vrou in die amp en die diaken geneem het (NG Kerk Dagbestuur Kommissie Leer en Aktuele Sake 1981:114). 'n Subkommissie is later benoem om 'n eenvormige verslag op te stel vir voorlegging aan die kommissie. Dr. G. Bam en professore J.A. Heyns en W.D. Jonker was die lede van hierdie kommissie (NG Kerk Kommissie Leer en Aktuele Sake 1981:121). Hulle konsepverslag is in 1982 met enkele redaksionele wysiginge aanvaar (NG Kerk Kommissie Leer en Aktuele Sake 1982:128) vir voorlegging aan die Algemene Sinode.

## 4.1 STREEKSINODES LAAT HULLE STEMME HOOR

Op versoek van die Algemene Sinode het die verskillende streeksinodes studiestukke en aanbevelings oor die vrou in die amp deurgestuur.

Die Wes-Kaapse Sinode het dit aan hulle Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake (hierna: SKLAS) opgedra om ’n studie, in oorleg met die verskillende ringe, oor die vrou in die amp te maak omdat die praktyk in verband met die Vrouediens in sommige gemeentes nie ooreengestem het met die kerkordelike bepalings oor die amp nie. Die Oos-Kaapse Sinode het die versoek aan SKLAS deurgestuur terwyl die Natalse Sinode besluit het dat AKLAS die studie moet onderneem in samewerking met Ou en Nuwe Testamentici en kerkhistorici. Hulle bring ook die vraag oor die verteenwoordiging van diakens op meerdere vergaderings na die tafel en versoek dat hierdie vraag in die lig van die eerste studie beantwoord word.

Soos reeds gemeld het die Vrystaatse Sinode vanaf 1944 oor die plek van vroue in die kerk nagedink. Die ring en predikante van Bloemfontein het twee voorstelle na die sinode gebring waarin gevra is dat die amp van die Nuwe Testamentiese diakones weer in ere herstel sal word en as hulpdiens ingestel sal word met die oog op die ernstige toestande en vraagstukke van minderbevoorregtes in die dorpe en stede. Hierdie voorstel is egter deur die sinode verwerp (NG Kerk Vrystaat 1944:266, 468–469). In 1948 was daar weer so ’n versoek wat uiteindelik in 1952 goedgekeur is. Tydens hierdie sinode is daar ook ’n reglement vir die diakonesse-hulpdiens goedgekeur waarin daar by kerkrade aanbeveel word om van hierdie diakonesse-hulpdiens gebruik te maak om met die versorging van die armes in die gemeente te help. Die (manlike!) voorsitter van ’n gemeente se diakonie moes ook as voorsitter van die diakonesse-hulpdiens optree – die voorsitter kon nie uit vrouegeledere kom nie (NG Kerk Vrystaat 1948:166, 451–452; 1952:153–155; 394). Teen 1956 het dié hulpdiens al in 20 gemeentes bestaan en verklaar die Vrystaatse Sinode dat die maatskaplike sorg in die kerk nie tot sy reg sal kom “voor en aleer die vrou naas die man haar plek hier inneem nie” (NG Kerk Vrystaat 1956:23, 166, 168). Teen dié agtergrond is die Vrystaatse Sinode se besluit wat hulle aan AKLAS deurgestuur het vreemd, naamlik dat die Skrif dit nie toelaat om die vrou tot die besondere amp van diaken te verkies nie. Hulle maak nie eers melding van die hulpdiens wat reeds so lank in die Vrystaatse Kerk bestaan het nie. Die gedagte dat vroue volgens hulle eie aard in die kerk benut moet word, word ook hier geopper. Tydens die Vrystaatse Sinode van 1979 het hierdie sinode hom met die

inhoud van Bylaag 13 vereenselwig, terwyl die teologiese denke in Bylaag 14 hulle "beswaard en verontrus" laat voel en met "groot beslistheid" van die hand gewys het. Dit word ook gestel dat hierdie verslag die Heilige Skrif as onfeilbare Woord relativeer (NG Kerk Vrystaat 1979:70, 598, 625–626). Hiermee het hulle die debat rondom die vrou in die amp en die kerk se siening oor Skrifgesag bymekaar uitgebring. Die gedagte dat die gelykheid van man en vrou voor God nie vir die besondere ampte geld nie word net soos in die Algemene Sinode van 1978 se verslag onderskryf. Die Vrystaatse Sinode erken selfs dat daar "ongelykheid" bestaan (NG Kerk Vrystaat 1979:626).

Daar is ook versoek dat daar dringende pogings aangewend moet word om manlike lidmate persoonlik te bearbei en toe te rus vir die besondere ampte sodat die tekort in die ampte uitgewis kan word (NG Kerk 1982:519). Hierdie besluit is 'n erkenning dat die kerk gesukkel het om die besondere ampte na wense te vul, maar vroue nie as deel van die antwoord gesien het nie. Die vraag kan seker gevra word watter rol praktiese omstandighede, soos die onvermoë om vakatures te vul, gespeel het in die uiteindelike beweging van die kerk om die amp van diaken vir vroue oop te stel.

Die Sinodes van Wes-Transvaal, Noord-Kaapland en Suid-Transvaal het net kennis geneem van AKLAS se ondersoek, terwyl die sinode van Noord-Transvaal die eerste tree geneem het om vroue in beginsel tot die amp van diaken toe te laat (NG Kerk Noord-Transvaal 1979:192,448,563).

Dat die beginsel nie sonder meer van die konteks losgemaak kan word nie, is duidelik uit die versoek van die Ring van Pretoria dat die eise van die middestad die gemeentes al meer daartoe dwing om vrouelidmate as diakonesse te gebruik. Hierdie ring het versoek om in die lig van die bogenoemde eise dringend aandag te gee aan die prinsipiële oorweging van die vrou in die amp van diaken (NG Kerk Noord-Transvaal 1979:448). Die versoeke van die Algemene Sinode en die Ring van Pretoria is na die Tydelike Kommissie vir Leer en Aktuele Sake verwys, waarop Noord-Transvaal se sinode besluit het dat "om aan 'n bepaalde geslag te behoort ... prinsipieel nie deel uitmaak van die voorwaarde vir die bekleding van die besondere amp van diaken nie" en dat die toelating van vroue nie die skeppingsbepaalde verhouding tussen man en vrou sal versteur nie. Daarom het die sinode in beginsel besluit om vroue tot die amp van diaken toe te laat en sy instemming met bylaag 14 van die 1978-verslag van die Algemene Sinode te betuig. Daar is ook besluit om die Algemene Sinode te versoek om dienooreenkomstig standpunt in te neem sodat vroue in die hele kerk tot die amp van diaken toegelaat kan word (NG Kerk Noord-Transvaal

1979:563). ’n Amendement wat deur ds. Andrew Gerber van die NG Gemeente Doornkloof ingedien is teen die toelating van vroue as diakens, is nie aanvaar nie.

Hierdie stap deur die Sinode van Noord-Transvaal het ook die weg gebaan om na te dink oor die vrou in die leer- en regerende amp omdat die drie besondere ampte in die NG Kerk as gelykwaardig beskou word (NG Kerk Noord-Transvaal 1979:660).

## 4.2 AKLAS VERSKIL IN DIE INTERPRETASIE VAN SKRIFUITSPRAKE

AKLAS het weer alle uitsprake in oënskou geneem en tot die gevolgtrekking gekom dat die voorbeeld van die vroeë kerk nie as sodanig normatief is vir die wyse waarop die kerk in die toekoms ingerig moet word nie. Die feit dat vroue in die vroeë kerk in sekere situasies amptelik diens gedoen het en in ander weer glad nie, bied nie die antwoord op die vraag of vroue vandag (toe in 1982) tot die ampte toegelaat kan word nie. Dit sou slegs gedoen kon word as daar op grond van die Skrif aangetoon kon word dat die feitelike posisie in die Nuwe Testament bedoel is om “onveranderlik normatief” vir die kerk van alle eeue te wees. Daarom kan die antwoord net gesoek word in die aantal prominente Skrifuitsprake wat vroue moontlik uitsluit en die algemeen Bybelse en teologiese oorwegings wat daarmee in verband staan (NG Kerk 1982:520). Die lang lyne in die Skrif en die Skrif as geheel moes dus die lig werp op die vraag of die twee swyggebodtekste algemeen en vir alle tye geldend tekste vir die kerk neerlê en of Paulus riglyne neergelê het wat vir ’n spesifieke situasie gegeld het en ruimte daarvoor laat om in ander tye op ’n ander manier gekonkretiseer te word (NG Kerk 1982:520).

### 4.2.1 ’n Besluit oor die dra van hoofbedekkings bied ’n hermeneutiese sleutel

’n Vroeëre besluit oor die dra van hoofbedekkings wat tydens die Algemene Sinode van 1978 geneem is, het die hermeneutiese sleutel gebied waarmee AKLAS na die swygtekste 1 Korintiërs 14 en 1 Timoteus 2 gekyk het.

Tydens die behandeling van die verslae oor die dra van hoofbedekkings deur vroue in die erediens, is dit onomwonde gestel dat die vraag nie gevra word oor die behoud of verandering van ’n bepaalde mode of tradisie nie, maar wel oor die handhawing van die gesag van die Skrif (NG Kerk 1978:313). Hieroor was daar groot verskille, en soos met die verslag oor die vrou in die amp, ook twee verslae met duidelik uiteenlopende standpunte.

Aan die een kant is daar gesê dat die dra van hoofbedekkings deur vroue ’n teken was van haar onderworpenheid, aan die skeppings- en herskeppingsbepaalde gesag van die man. Teen 1978 het vroue egter oor die algemeen nie eers meer na die deftigste geleenthede toe hoede gedra as teken van eerbetoon of gesag nie en daarom het die een verslag aanbeveel dat daar nie rigoristies in hierdie saak opgetree moet word nie. Die afskaffing van die dra van hoede sou nie die Goddelik ingestelde gesag van die man oor die vrou aantas nie. Hulle het dus steeds met die standpunt gewerk dat ’n man Goddelik ingestelde gesag oor ’n vrou het, maar darem toegegee dat die dra van ’n hoed al dan nie, nie hierdie gesag sou aantas nie.

Aan die ander kant is daar gesê dat wanneer die Skrif duidelike voorskrifte oor ’n saak gee, dit nie afgemaak mag word as tyd- of lokaalgebonde nie. Voorstanders van hierdie standpunt het aanbeveel dat Paulus se uitsprake rondom die dra van hoofbedekkings as “evangelie” gesien moet word en nie as ’n plaaslike geleentheidsreëling nie en dat dit oor die plek van die vrou in die gesagstruktuur van die Here gaan. Sou sy nie ’n hoofbedekking dra nie, sal dit ’n teken wees dat sy die Goddelike rangorde verontagsaam (NG Kerk 1978:320).

Na vele debatte en amendemente wat hulle op die gesag van die Skrif beroep het, is daar uiteindelik besluit dat die hoed nie as verpligte kerkdrag vir die vrou vereis word nie. ’n Elftal broeders het hulle skriftelike minderheidstemme teen die besluit laat aanteken (NG Kerk 1978:843–845).

AKLAS het die onderskeiding tussen ’n normatiewe en tydsbetrokke of kultureel-bepaalde element in Paulus se uitsprake as hermeneutiese sleutel geneem om die swygtekste te interpreteer. Volgens tradisionele eksegese kan daar geen twyfel bestaan dat Paulus die vrou verbied om in ’n lerende of regerende posisie in ’n gemeente op te tree nie. Die vraag wat gevra moet word, is of motiverings wat Paulus gebruik, naamlik die wet, die skeppingsorde en die sedes van sy tyd, verskillend gekonkretiseer kan word in verskillende tye (NG Kerk 1978:520–521).

In die lig van die hantering van die situasie rondom die dra van hoofbedekkings, het AKLAS ’n aantal kantaantekeninge oor die twee uitsprake in 1 Korintiërs 14 en 1 Timoteus 2 gemaak. Hierdie twee tekste handel nie oor dieselfde situasie nie. Eersgenoemde teks het onordelike vroue in die oog terwyl laasgenoemde teks oor ’n spesifieke werksaamheid

gaan. Paulus verbied vroue nie in een van die twee tekste om mee te doen aan die Woord-aspekte van die erediens nie, want volgens 1 Korintiërs 11:5[129] het hy vroue toegelaat om te profeteer en deel te neem aan die openbare diens van gebed. ’n Ander breë lyn wat help om hierdie tekste te interpreteer is Galasiërs 3:28, 1 Korintiërs 11:11–12 en Handelinge 2:17–18 waarin die gelykheid van vroue teenoor mans beklemtoon word en daar ook aangetoon word dat vroue deel in die volheid van die gawes van die Gees wat in ’n groot mate op die getuienisdiens afgestem is.

Paulus se beroep op die skeppingsordening in 1 Timoteus 2:11–14 is gedoen binne ’n bepaalde kulturele situasie waarin die ondergeskiktheid van vroue teenoor mans vanselfsprekend aanvaar is. Sou ’n vrou in ’n lerende posisie teenoor die man optree, sou dit die goeie sedes van die dag aantas. Paulus wou nie dat die gelykwaardigheid van mans en vroue op so ’n wyse uitgeleef word dat dit op ’n revolusionêre wyse in die maatskaplike ordening ingryp nie. Hiervolgens sou die evangelie dus, soos in die geval van die verhouding tussen slawe en hulle base, kon meewerk aan die “ontstaan van ’n ander verhouding tussen man en vrou in die samelewing en onder dié omstandighede is dit nie uitgeslote dat die skeppingsordering in die lig van die geestelike gelykheid van man en vrou in die gemeente van Christus anders as in 1 Timoteus 2:12 gekonkretiseer kan word nie” (NG Kerk 1982:521).

### 4.2.2 Verskille binne AKLAS oor die betekenis van die skeppingsordening

Nie almal in AKLAS het met bogenoemde standpunt saamgestem nie. Diegene wat verskil het, was van mening dat Paulus hom op die wet en die skeppingsordening beroep en dat dit ’n beginsel is wat vir alle tye geld en nie deur kulturele veranderinge aangetas word nie. Vir ander was die skeppingsordening as Skrifbeginsel die altyd geldende normatiewe beginsel (NG Kerk 1982:521).

Die kommissielede het nie verskil oor die geldigheid van die skeppingsorde nie (m.a.w. dat daar ’n natuurlike verhouding tussen man en vrou is wat saamhang met hulle geskapenheid deur God), maar wel oor wat dit presies was en hoe dit homself in die kerklike lewe uitwerk.

---

[129] 1 Korintiërs 11:5 (OAV): ... [5]maar elke vrou wat bid of profeteer met onbedekte hoof, doen haar hoof oneer aan; want dit is een en dieselfde asof haar hoof geskeer is.

Vir die een groep was die skeppingsordening daarin geleë dat die man die hoof van die vrou is – 'n verhouding wat vir sowel die huweliksverhouding as die kerklike verhoudinge geld – omdat Paulus sy gebod grond op die onveranderlikheid van die skeppingsordinansie. Tog gee hierdie groep toe dat die posisie van vroue onder die invloed van die Christendom verander het en dat die emansipasie van vrou in die maatskaplike en politieke terrein "iets goeds" is. Hulle verwelkom dit self en gee toe dat dit beter is dat vroue in die huwelik die man se kameraad eerder as "sy ondergeskikte" is (NG Kerk 1982:522). Dit blyk dat voorstanders van hierdie standpunt egter geen verandering op kerklike terrein verwelkom het nie.

Vir die ander groep besit die skeppingsordening van God ook blywende geldigheid, maar hulle is van mening dat die konkretisering wat Paulus op grond van die skeppingsordening gemaak het, baie nou verbonde was aan die konkrete situasie waarin hy verkeer het. Paulus het die goeie orde van die betrokke gemeentes in die oog gehad en sy bedoeling was nie om vir vroue beperkings op te lê wat nie elders in die samelewing vir haar sou geld nie. Hy wou egter verhoed dat die gemeente by die samelewing in diskrediet kom. Wanneer die kulturele situasie en die posisie wat vroue in 'n betrokke samelewing sou beklee verander, ook as gevolg van die invloed wat Christene het, dan kan daar 'n situasie ontstaan waarin vroue 'n ander funksie in die gemeente kan vervul. Dit moet egter tot opbou van die gemeente wees (NG Kerk 1982:522).

Die groep wat laasgenoemde standpunt gehuldig het, kon egter nie heeltemal loskom van die beperkinge wat die toepassing van die skeppingsordinansie op vroue geplaas het nie. Hulle maak 'n stelling dat die vrou se skeppingsmatige aard steeds in gedagte gehou moet word en sy 'n hulp vir die man is en bly, ook in die gemeente (NG Kerk 1982:522)!

Die kommissielede van AKLAS erken hulle verskil in die interpretasie van die Skrif oor die posisie van vroue voor die sinode asook die feit dat dit tot "allerlei misverstande en agterdog teenoor mekaar" kan lei (NG Kerk 1982:523).

### 4.2.3 Kritiese Skrifbenadering onder oënskou

Tydens die laat 1970's en die vroeë 1980's het die saak rondom Skrifbeskouing, Skrifgesag en Skrifhantering op die kerklike agenda beland. Verskille hieroor het hom reeds sterk uitgewys in die debat rondom die toelating van vroue tot die besondere ampte. Die Sinode van Noord-Transvaal het in 1983 versoek dat 'n studie oor Skrifgebruik en Skrifbeskouing gemaak word (NG Kerk Noord-Transvaal 1983:520). In die Wes-Kaapse Sinode is 'n

soortgelyke opdrag gegee wat uitgeloop het op die publikasie *Die Reformatoriese Sola Scriptura en die Skrifberoep in etiese vrae* (1980).

In hierdie publikasie word daar gekyk hoe die reformatoriese "Sola Scriptura" verstaan moet word. Buiten die polemiese betekenis teenoor die "plus" van Rome, het dit ook betekenis vir die wyse waarop die Reformasie die Skrif verstaan het. Daar word ook spesifiek gekyk na die manier waarop Paulus konkrete vrae benader het. In navolging van Ridderbos word daar gemeld dat waar Paulus konkrete vrae benader, hy dit telkens hanteer in samehang met die historiese en wisselende situasie waarin die gebod van God gehoorsaam moet word (Kommissie vir Leer- en Aktuele Sake Wes-Kaap 1980:15).

Wanneer die stelling gemaak word dat die Skrif verstaan moet word binne die verband waarin dit staan en dat die historiese betekenis daarvan vasgestel en geïnterpreteer moet word in verband met die sentrale betekenis van die Skrif as verkondiging van die verlossing in Christus en die koms van die koninkryk, word daar verwys na die hermeneutiese beginsels in *Ras, Volk en Nasie, Volkereverhoudings in die Lig van die Skrif*. In laasgenoemde publikasie is apartheid vanuit die Skrif begrond! Die res van die gevolgtrekkings fokus veral op die gebruik van die Skrif in etiese vraagstukke. Een van die gevolgtrekkings waartoe daar gekom word, is dat gebooie en beginsels in die Skrif nie in abstrakte vorm aan ons gegee word nie, maar in die vorm van konkrete voorskrifte "aan bepaalde mense in hulle spesifieke historiese situasies". Daar moet op 'n verantwoordbare manier onderskei word oor watter beginsels vir alle tye geld en wat nie meer noodwendig geld nie (Kommissie vir Leer- en Aktuele Sake Wes-Kaap 1980:19–20). Daar word egter geen konkrete voorbeeld van laasgenoemde stelling gegee nie. Presies hoe die onderskeiding plaasvind is ook nie duidelik nie.

## 4.3 'N JA VIR DIE AMP VAN DIAKEN

AKLAS se lede het egter in 'n groot mate saamgestem dat vroue wel tot die amp van diaken toegelaat kan word. Al struikelblok was dat die Kerkorde volle sittingsreg aan diakens in 'n kerkraad gegee het. Vir diegene wat uit beginsel teen vroue in enige regerende amp is, sou dit beteken dat vroue ook nie tot die amp van diaken toegelaat kan word nie omdat sy dan ook op die kerkraad sou dien. Hierdie kwessie sou saam met die verslag oor die toelating van vroue as diakens hanteer word.

### 4.3.1 Die diaken en meerdere vergaderings

Die Sinode van Midde-Afrika het in 1978 ’n versoek aan die Algemene Sinode gerig om te besin oor die vraag of diakens op grond van artikel 30 van die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB) nie ook op meerdere vergaderings sittingsreg behoort te hê nie omdat hulle in elk geval op ’n kerkraad regeermag besit. Daar het twee studiestukke oor dié saak voor die Algemene Sinode van 1978 gedien, waar daar besluit is dat diakens wel volle sittingsreg op ’n kerkraad mag hê, maar dat die hele aangeleentheid verder ondersoek moet word (NG Kerk 1978:835−836).

Artikel 30 van die NGB verleen aan die diaken, saam met die opsieners en herders, regeermag in die kerk. Tot op hierdie stadium is die regeermag van ’n diaken in die NG Kerk kerkordelik beperk tot die kerkraad van ’n gemeente en nie uitgebrei tot die meerdere vergaderings van die kerk nie.

Die grondliggende vraag wat die sinode moes beantwoord is of die diaken hoegenaamd enige regeermag in die kerk mag hê. Dit sal dan bepaal of hy (slegs manlik ten tye van die skrywe van die verslag) enigsins lid van ’n kerkraad of enige ander meerdere vergadering mag wees (NG Kerk 1982:514).

Die kommissie het eerstens gaan kyk watter Skrifgegewens aangaande diakens beskikbaar is en of die Skrif enige inligting gee oor die aanstelling van diakens. Tekste soos Filippense 1:1, 1 Timoteus 3:8−12, Titus 1:5, Handelinge 14:23 en Handelinge 6[130] gee geen inligting

---

[130] Filippense 1:1 (OAV): [1]Paulus en Timótheüs, diensknegte van Jesus Christus, aan al die heiliges in Christus Jesus wat in Filíppi is, saam met die opsieners en diakens ...

1 Timoteus 3:8−12 (OAV): [8]Net so moet die diakens waardig wees, nie uit twee monde spreek nie, nie verslaaf aan wyn nie, geen vuilgewinsoekers nie, [9]manne wat die verborgenheid van die geloof in ’n rein gewete hou. [10]En hulle moet ook eers ’n proeftyd deurmaak; daarna, as hulle onberispelik is, kan hulle dien. [11]Net so moet die vroue waardig wees, geen kwaadspreeksters nie, nugter, betroubaar in alles. [12]Die diakens moet manne van een vrou wees en hulle kinders en eie huise goed regeer.

Titus 1:5−9 (OAV): [5]Om hierdie rede het ek jou in Kreta agtergelaat, dat jy nog verder sou regmaak wat oorgebly het, en van stad tot stad ouderlinge sou aanstel soos ek jou beveel het — [6]as iemand onberispelik is, die man van een vrou, gelowige kinders het wat nie beskuldig word van losbandigheid of tugteloos is nie. [7]Want ’n opsiener moet as ’n rentmeester van God onberispelik wees, nie eiesinnig, nie oplopend, geen drinker, geen vegter, geen vuilgewinsoeker nie; [8]maar gasvry, een wat die goeie liefhet, ingetoë, regverdig, heilig, een wat homself beheers; [9]een wat vashou aan die betroubare woord wat volgens die leer is, sodat hy in staat kan wees om met die gesonde leer te vermaan sowel as om die teësprekers te weerlê.

Handelinge 14:23 (OAV): [23]En hulle het in elke gemeente vir hulle ouderlinge gekies, en hulle, ná gebed en vas, opgedra aan die Here in wie hulle geglo het.

Handelinge 6 (OAV): [1]En in dié dae toe die dissipels vermeerder het, het daar ’n murmurering ontstaan van die Griekssprekende Jode teen die Hebreërs, omdat hulle weduwees in die daaglikse versorging oor die hoof gesien is. [2]En die twaalf het die menigte van die dissipels byeengeroep en gesê: Dit is nie reg dat ons die woord van God nalaat om die tafels te bedien nie. [3]Kyk dan uit, broeders, na sewe manne uit julle, van goeie

oor die aandeel van diakens aan die regeermag in die kerk nie, maar wel oor die vereistes waaraan diakens moet voldoen (NG Kerk 1982:514).

Omdat die Skrif geen direkte uitspraak oor die regeermag van diakens gee nie, het die kommissie na teologiese lyne met betrekking tot die ampte gekyk. Hiervolgens kan die opdragte en dienswerk wat aan die besondere ampte verbind word, nie vermeng word nie. So kry die koninklike amp in die regeermag van die ouderling gestalte. Daar sou dus hieruit gekonkludeer moes word dat geen regeermag, nie op ’n kerkraad of meerdere vergadering, aan diakens gegee kan word nie (NG Kerk 1982:514). Die hantering van hierdie beginsel was egter problematies omdat daar wel in die Skrif uitsonderings gemaak word. So gee 1 Timoteus 5:17[131] opdrag dat die profetiese en koninklike ampte deur ouderlinge uitgevoer moet word. Dan sou uitsluiting uit die regeermag hoogstens kon geskied op grond van die feit dat daar nêrens in die Bybel ’n direkte regeeropdrag aan diakens gegee word nie.

Op ’n vraag of die Belydenisskrifte dan foutief in hierdie opsig is, het die kommissie eers stilgestaan by die verhouding tussen die Skrif en die kerkorde. Die Skrif gee geen volledige kerkorde aan die kerk nie, terwyl die Skrif ook nie sonder enige normatiewe betekenis vir reëlings van ’n kerkorde is nie (NG Kerk 1982:514). Die volgende redes ten gunste van die afvaardiging van diakens na ’n meerdere vergadering is aangevoer (NG Kerk 1982:515–517):

- In die lig van *jus divinum positivum*-beginsel (die voorgeskrewe positief-goddelike reg) is daar bevind dat daar geen Skriftuurlike of genoegsame teologiese gronde bestaan wat die diaken uit die regering van die kerk uitsluit nie en dat die Belydenisskrifte juis op grond van die *jus divinum positivum*-beginsel reg is om aan die diakens regeermag saam met die ander ampte toe te ken. Die ou kerkvaders maak ook nooit enige melding dat daar in hierdie geval ’n teenstelling tussen die Belydenis en die Kerkorde was nie. Hiervolgens laat ander kerke binne die

---

getuienis, vol van die Heilige Gees en wysheid, wat ons oor hierdie nodige saak kan aanstel; [4]maar ons sal volhard in die gebed en die bediening van die woord. [5]En die woord het byval gevind by die hele menigte; en hulle het gekies: Stéfanus, ’n man vol van geloof en van die Heilige Gees, en Filippus en Próchorus en Nikánor en Timon en Pármenas en Nikoláüs, ’n Jodegenoot uit Antiochíë, [6]wat hulle voor die apostels gestel het; en hulle het gebid en hulle die hande opgelê. [7]En die woord van God het toegeneem, en die getal van die dissipels het in Jerusalem baie vermeerder, en ’n groot menigte van priesters het gehoorsaam geword aan die geloof.

[131] 1 Timoteus 5:17 (OAV): [17]Laat die ouderlinge wat goed regeer, dubbele eer waardig geag word, veral die wat arbei in woord en leer.

Gereformeerde familie diakens ook toe om na meerdere vergaderings afgevaardig te word.

- Daar bestaan ook geen absolute sekerheid dat Handelinge 6 oor die instelling van diakens gaan nie en daarom kan die stelling nie gehandhaaf word dat diakens slegs ingestel is met die oog op die praktyk nie.
- Die onderskeiding wat daar tussen praktiese werk van die gemeente en die beleidmakende opdrag van ’n meerdere vergadering in 1962 gemaak is, word ook afgekeur omdat beleid nooit los van die praktyk kan staan nie.
- Die kerkorde lewer reeds aan diakens ’n ongekwalifiseerde aandeel aan die regering van die kerk en daar bestaan nie dwingende redes vir die kerk om die huidige praktyk, waar diakens reeds deel is van die kerkraad, te verander nie. So word die regering en tug oor die gemeente ook aan diakens opgedra. Die kerkorde gee aan die ouderling en diaken dieselfde status.
- Die kerkorde nivelleer die verskil tussen die ampsopdragte van die ouderling en diaken.

Hiervolgens sou die logiese stap wees om die Kerkorde sodanig te wysig dat dit ook vir diakens moontlik sal wees om na ’n meerdere vergadering afgevaardig te word. Die verslagskrywers was egter tog versigtig om nie te vinnig te beweeg nie en vra die vraag of die NG Kerk op daardie stadium ’n dringende behoefte beleef het om diakens na meerdere vergaderings af te vaardig. Hulle bring die hele saak in verband met die toelating van vroue tot die ampte deur ook te vra of dit dalk nie ’n bevryding vir die kerk kan wees om die diakenamp selfs los te maak van die kerkregering op gemeentelike vlak nie. Dan sou daar geen beswaar meer kon wees teen die toelating van vroue tot die amp van diaken nie.

Ten einde laaste is daar tot die finale gevolgtrekking gekom dat alhoewel daar geen Skriftuurlike of ander prinsipiële oorwegings is wat in die Algemene Sinode se pad staan om diakens tog toe te laat om na meerdere vergaderings afgevaardig te word die Sinode nie hierdie weg moet volg nie. Die Sinode het besluit om eerder ’n indringende studie oor die kerkregtelike strukturering en praktiese funksionering van die ouderling- en diakenamp te maak en die bevindinge dan saam met die hele vraagstuk rondom die toelating van vroue tot die amp van ouderling en predikant te hanteer (NG Kerk 1982:1248).

### 4.3.2 Tot volwaardige diakens toegelaat

Na deeglike besinning oor die posisie van diakens ten opsigte van meerdere vergaderings en die verslag van AKLAS ten opsigte van vroue en die ampte, het die Algemene Sinode van 1982 besluit dat op grond van die "huidige stand van verantwoordelike Skrifverklaring daar geen prinsipeel-teologiese beswaar teen die toelating van vroue tot die amp van diaken in die NG Kerk bestaan nie" en dat hierdie amp dus vir die vrou oopgestel word om daarin "volgens haar spesifieke Skeppingsmatige aard te dien" (NG Kerk 1982:1249).

Hierdie besluit is nie sonder slag of stoot geneem nie. Ds. J.J. Viljoen het sy teenstem laat aanteken en het later in die sinodesitting versoek tot revisie gevra wat afgekeur is (NG Kerk 1982:1249,1442). Besware dat die toelating van vroue tot die amp van diaken enige beginselbesware teen die toelating van vroue tot die amp van ouderling en predikant neutraliseer en dat die geskiedenis geleer het dat sodanige toelating konsekwent lei tot die toelating van vroue tot die ander regeermagte, het op dowe ore geval. 'n Amendement dat die sinode by sy besluit van 1978 rondom hierdie saak moet volstaan, wat vroue as hulpkrag of diakones toelaat, is met 'n klein meerderheid verwerp (211 stemme teen 187). 'n Derde amendement wat aan vroue slegs 'n adviserende stem op 'n kerkraad wou gee totdat daar uitsluitsel in verband met die regeermag van die diaken gekry is, is ook nie aanvaar nie (NG Kerk 1982:1249–1250).

Na die aanvaarding van die besluit is daar op aanbeveling van die tydelike regskommissie besluit om die woord diakens vir mans en vroue te gebruik, omdat hier nie sprake was van 'n vierde amp nie en die woord diakonesse verwarring hieroor kon laat ontstaan. Die formulier vir die bevestiging van diakens moes waar nodig aangepas word met die vroulike aanspreekvorm. Praktiese aangeleenthede soos kleredrag en werkopdragte is na mindere vergaderings verwys vir besluitneming (NG Kerk 1982:1133–1134).

AKLAS is ook versoek om voort te gaan met besinning oor die lede, terrein en gesag van die onderskeie ampte (NG Kerk 1982:1252).

Hierdie stap het groot opslae gemaak. Tydens die Sinode van Noord-Transvaal in 1983 is lidmate en kerkrade versoek om die besluit van die Algemene Sinode te aanvaar en hulle te weerhou van openbare uitlatings wat in stryd met die besluit is omdat dit verwarring by lidmate skep en die funksionering van die amp van diaken belemmer. Lidmate en kerkrade is versoek om hulle besware eerder langs die kerklike weg te hanteer (NG Kerk Noord-Transvaal 1983:520, 569).

### 4.3.3 Die Vrouediens lewer nie ’n bydrae tot die debat nie

Alhoewel die Vrouediens die sinode wysheid toegebid het by die besinning oor die toelating van die vrou tot die amp van diaken, het hulle geen bydrae gelewer om vroue tot diakens toe te laat nie. In die verslag van die komitee van die Vrouediens word daar aanbeveel dat vrouelidmate opgeroep word om in die amp van gelowige hulle “tyd, kragte en gawes aan die arbeid van die Kerk ... te wy” (NG Kerk 1982:721).

Sestien jaar nadat vroue tot die amp van ouderling en predikant toegelaat is, sou die Vrouediens steeds as aparte identiteit in die NG Kerk voortbestaan met verteenwoordiging op die breë moderatuur, maar sonder stemreg op die Algemene Sinode. Later meer hieroor.

# 5. 1986: “KOM ONS WAG EERS MET DIE VROUE”

Teen 1980 het al meer vroue die roeping ontvang om predikante te word. Tussen die drie Teologiese Fakulteite was daar ten minste 15 dames besig met hulle teologiese studies.

## 5.1 SUBKOMMISSIE BEGIN WERK

Na afloop van die Algemene Sinode van 1982, wat die Kommissie van Leer en Aktuele Sake versoek het om voort te gaan met die bestudering van die hele aangeleentheid, is ’n subkommissie onder leiding van ds. A. Gerber benoem om uitvoering aan die opdrag te gee. Dit is algemeen bekend dat ds. Gerber teen die vrou in die amp gekant was. Hy het onder andere ’n gravamen teen die toelating van vroue as diakens gesekondeer (NG Kerk 1986:696). Gerber is later oor na die Afrikaanse Protestantse Kerk (APK) toe dié kerk in 1987 van die NG Kerk afgeskei het. Die ander lede van die kommissie was mev. C. Cronje, di. S.M. van Vuuren (wat later ’n minderheidsverslag teen die vrou in die amp sou indien), M.J.P. Grobler en M.T.S. Zeeman (NG Kerk Dagbestuur Kommissie Leer en Aktuele Sake 1983:139, Kommissie vir Leer en Aktuele Sake 1984:153). Alhoewel dit nie so genotuleer is nie, was prof. D.A. du Toit verantwoordelik vir die opstel van die meer positiewe verslag. Du Toit was ook verantwoordelik vir die opstel van dié gedeeltes in Kerk en Samelewing wat oor menseregte gehandel het (Du Toit 2007).

Ander sake op Leer en Aktuele Sake se agenda was die kommunistiese bedreiging, Sondagbeskouing, geslagsverandering, aborsie, bonusobligasies en gesinsbeplanning.

Ter voorbereiding van die Algemene Sinode van 1986 is daar besluit om die verslag oor die diaken en meerdere vergaderings (saamgestel deur ds. G.J. Nel, prof. W.D. Jonker, drr. T.H.N. Sadler en L.L.J. Visser) met die verslag oor die vrou in die amp te integreer. Proff. D.A. du Toit en P.C. Potgieter sou hiervoor verantwoordelikheid neem (NG Kerk Kommissie Leer en Aktuele Sake 1985:169).

## 5.2 VERSIGTIG VIR DIE FEMINISTE

Die debat oor toelating van vrouepredikante het teen hierdie tyd die aandag van die media begin trek. Die aardigheid van vrouepredikante is in die vrouetydskrif, Rooi Rose van Februarie 1986 bespreek. Die trant van hierdie artikel is interessant. Die artikel is oorweldigend positief oor die "henne op die kerktoring", maar is terselfdertyd versigtig vir feminisme. Yolanda Dreyer-Papp, die eerste vrou van die Afrikaanse susterskerke in Suid-Afrika om as predikant bevestig te word, se dubbeldoor-van, waarin sy haar eie van en getroude van gekombineer het, is bevraagteken as iets wat "'n mens al klaar (laat) onraad bemerk" en het die joernalis laat wonder of sy "een van daardie feministe (is) wat 'n man goed laat verstaan dat sy in alle opsigte die man se gelyke is en haar nie steur aan die eeu-oue gebruike soos om van haar nooiensvan af te sien as sy die dag trou nie". Dreyer se verduideliking het die joernaliste tevrede gestel en die "feminisstorie kry dus sy eerste barsie". Die vrees van die joernaliste is finaal die nek ingeslaan deur haar roepingsverhaal (Louw & Roos 1986:12).

Hierdie artikel wys 'n tendens uit wat twintig jaar later nog steeds van krag sou wees: 'n versigtigheid vir die feminisme onder Afrikanervroue en daarmee gepaardgaande belangeloosheid by die openbare debat rondom gendersake.

## 5.3 SINODE BESLUIT OOK OOR SKRIFGESAG

Tydens dieselfde sinode het daar ook 'n verslag oor Skrifgesag en Skrifgebruik gedien omdat in verskeie kringe kommer geheers het oor teenstrydige standpunte tussen teoloë oor bepaalde sake (NG Kerk 1986:55).

In hierdie uitgebreide verslag word duidelik gesê dat daar met die "historiese en kulturele bepaaldheid van die Bybelse verkondiging en die uitgesproke doel waarmee hierdie verkondiging" aan ons gegee is, rekening gehou moet word. Daar word ook teen biblisisme gewaarsku wat nie voldoende rekening hou met die "historiese gesitueerdheid van die Skrifwoorde, met hulle heilshistoriese verband, met die ryke verskeidenheid van

betekenisse waarin taaltekens gebruik kan word, of met die aard van die literatuurgenres" waarmee die leser te maak het nie (NG Kerk 1986:57).

Die verslag hanteer ook sake soos tekskritiek, Skrifkritiek en Skrif en belydenis. Die sinode het hierdie verslag goedgekeur en ringe is daarop gewys dat hulle die nodige "opsig en tug" moet uitoefen wanneer lidmate of ampsdraers die gesag van die Skrif ondermyn. Die NG Kerk se gehegtheid aan die tradisioneel Gereformeerde leer aangaande die Heilige Skrif is ook hier herbevestig. (NG Kerk 1986:55, 592).

Omdat ’n gemeenskaplike Skrifleer egter nie vanselfsprekend lei tot ’n gemeenskaplike Skrifuitleg nie, het die sinode aan die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake opdrag gegee om ’n studie in verband met Skrifberoep in etiese sake te onderneem (NG Kerk 1990:124–125).

Le Roux (1993a:33, 37–42) toon aan dat Ferdinant Deist vanuit die Ou Testamentiese wetenskappe ’n bepalende rol gespeel het om binne die hermeneutiek die konteks van die Bybel sowel as die konteks van die metode én die konteks waarin die eksegeet funksioneer, in ag te neem.

## 5.4 KOMMISSIELEDE KAN MEKAAR NIE OORTUIG NIE

Die subkommissie wat die verslae vir AKLAS gereed moes kry, het uit die staanspoor gepoog om ’n eenheidsverslag aan die sinode voor te lê, maar dit het spoedig geblyk dat hulle mekaar nie sou oortuig nie. Die patroon wat reeds vanaf 1978 gevolg is, naamlik om twee verslae voor te lê, sou die debat tot op die einde kenmerk.

Die kommissie het daarna ’n deeglike bespreking oor die vrou in die amp gevoer aan die hand van ’n konsepverslag. Die kommissie kon egter nie tot ’n vergelyk kom nie en daar was ’n staking van stemme. Prof. J.A. Heyns het nie sy reg op ’n beslissende stem uitgeoefen nie en daar is besluit om aan die sinode te rapporteer dat die kommissie nie tot ’n beslissing kon kom nie en daarom word albei verslae aan die sinode voorgelê vir debat en sodat die sinode op gelyke grond die saak kon debatteer en tot ’n besluit kom. Daar is ook by elke verslag alternatiewe aanbevelinge aan die sinode voorgelê (NG Kerk Kommissie vir Leer en Aktuele Sake 1986:196; NG Kerk 1986:160–161).

Heyns se optrede in hierdie verband het ’n groot indruk op die kommissielede gemaak. Volgens ’n mededeling van dr. Willie Botha (2006) het Heyns ’n versoenende gees gehad en het nooit sy posisie as voorsitter misbruik nie. "Hy wou dat die kerk self besluit."

> By ’86 was daar ’n staking van stemme, ons kon mekaar nie vind nie en Johan Heyns het gesê dat oor hierdie saak is hy nie bereid om ’n beslissende stem uit te bring nie omdat dit so omstrede was. Ek het baie respek vir hom. Johan Heyns was ’n wetenskaplike en hy het geglo dat jy beginselsake nie met ’n meerderheidstem deurkry nie. (SvV)

## 5.5 VOLGENS HAAR SKEPPINGSMATIGE AARD

In die lig van die opdrag van die Algemene Sinode van 1982 waarvolgens AKLAS moes voortgaan met die besinning oor die lede, terrein en gesag van die onderskeie ampte, is daar eers kortliks stilgestaan by die sinodebesluit wat vroue tot die amp van diaken toegelaat het. Die groot getal vroue, wat as diakens gekies is sedert hierdie besluit geneem is, en die taak met groot effektiwiteit verrig het, het die sinode tot dankbaarheid gestem. Hierop het die sinode die besluit van 1982 herbevestig en verder beklemtoon dat die vrou in hierdie amp “kragtens haar skeppingsmatige aard moet funksioneer” (NG Kerk 1986:161, 697). Geen verslag het ooit verduidelik wat presies met die frase “haar skeppingsmatige aard” bedoel word nie, alhoewel die frase telkens gebruik is. Uit ’n persoonlike onderhoud met ds. Sampie van Vuuren en volgens die inhoud van die minderheidsverslae oor die toelating van vroue tot die ampte, blyk dit dat Van Vuuren hierdie frase baie gebruik het. Volgens hom is vroue meer versorgend van aard en kan hulle nie met die nodige gesag in gemeentes optree nie (Van Vuuren 2006).

## 5.6 ’N STERK PLEIDOOI TEN GUNSTE VAN VROUE AS OUDERLING EN PREDIKANT

Die verslag ten gunste van vroue as ouderling en predikant het eers ’n nuwe oorsig oor die stand van sake in ander kerke gegee en daarna na die argumente teen en vir die toelating van vroue gekyk. Nadat die argumente beoordeel is, is daar tot ’n finale gevolgtrekking gekom. Die verslag teen die toelating van vroue het sterk op Skrifgebruik en -interpretasie gefokus. Volgens Botha (2006) het prof. Danie du Toit van Stellenbosch ’n groot aandeel in die skryf van verslag ten gunste van die toelating van vroue gehad.

### 5.6.1 Al meer kerke laat vroue toe

Die prentjie op die breër kerklike toneel het begin verander sedert in 1968 daaroor verslag gedoen is. Teen 1986 het 92 lidkerke van die WBGK vroue tot die besondere ampte toegelaat terwyl 30 kerke vroue geweier het en 35 nog onseker oor die saak was. Wat die Gereformeerde lidkerke van die WBGK betref, het 37 reeds hulle ampsdeure vir vroue

oopgemaak, 8 was steeds toe en 17 was in die proses van heroorweging. Daar was nou duidelik ’n swaai ten gunste van vroue in die ampte. Sekere Walliese en Engelse kerke het vroue reeds in 1909 tot die besondere ampte toegelaat op grond van die argument dat vroue se rol in die sending, diens van barmhartigheid en die plaaslike gemeente dit genoodsaak het (NG Kerk 1986:161). Daar was dus duidelik ’n toename in die aantal kerke wat vroue tot die besondere ampte toegelaat het.

### 5.6.2 Tydlose oorsprong van die amp en die tydgebonde vergestalting daarvan

Die dinamika, beweeglikheid en openheid in die struktuur van die vroeë Christelike kerk is juis ’n aanduiding daarvan dat die ampte nie bedoel was om ’n ewige en onveranderlike bloudruk te wees nie, maar juis daar was “ter wille van die opbou van die gemeente en die genadewerk van God”. Omdat die ampte nie ’n uitvloeisel van ’n dogmatiese-kerkregtelike reëling is nie, kan die ampte nie op grond van los teksgegewens in so ’n skema ingedruk word nie. Daar moet dus gewaak word teen ’n verstarde amptelikheid. Die oorsprong van die ampte kan as tydloos beskou word, maar die vergestalting daarvan is tydelik en aanpasbaar. “Kontinuïteit en ontwikkeling is inbegrepe in ons kerkwees” en die leiding van die Heilige Gees is die waarborg dat daar ware kontinuïteit en groei sal wees. Daarom sal ’n lewende kerk wat dinamies groei en beweeg altyd ’n strukturele openheid en beweeglikheid hê (NG Kerk 1986:162,164).

### 5.6.3 Weer na vroue se rol in die Bybel gekyk

Hierdie deel van die verslag herhaal baie van die argumente wat in die 1978-verslag staan ten opsigte van die Bybelse gegewens rondom vroue en die ampte. Daar word weer eens aangedui dat die Ou Testament nie ’n ideaalbeeld probeer stel het nie, maar die feitelike stand van sake in ’n patriargale samelewing weergegee het. In hierdie tipe samelewing was ’n vrou se eerste en belangrikste taak die vervulling van haar huishoudelike verpligtinge. Die oorwegend manlike aanspreekvorme van ampsdraers moet in die lig van hierdie oorheersing gesien word (NG Kerk 1986:162).

In die kultiese gemeenskap het vroue egter ’n belangrike rol gespeel wat met hulle eie aard saamgehang het. So was daar sekere kultiese wette in Eksodus tot Deuteronomium wat net op vroue van toepassing was. Verder het vroue tog soms in die openbaar op godsdienstige terrein leiding geneem. Mirjam, Debora en Noadja is ’n paar voorbeelde hiervan (NG Kerk 1986:162).

Die Nuwe Testament gee van die begin af besondere erkenning aan vroue en hanteer hulle as volkome gelykwaardig in die uitoefening van die amp van gelowige. Die kiesreg wat vroue ten opsigte van die diakens in Handelinge 6 gehad het en die feit dat hulle nooit uit die gemeente uitgesluit is nie, is 'n bewys daarvan. Net soos in Ou Testamentiese tye moes vroue in die Nuwe Testament egter "nederig, vroom en onderworpe aan die man as hoof wees" met as haar eerste taak die huis en gesin en nie die openbare lewe nie. Vroue het ook hier binne 'n patriargale samelewing gefunksioneer (NG Kerk 1986:162–163).

Ten spyte van die nederige posisie wat vroue in die Joodse samelewing gehad het, het vroue in die Nuwe Testament tog van tyd tot tyd 'n gespesialiseerde taak of buitengewone rol in die kerk vervul. Vroue soos Febe, Priscilla, Aquila, Trifena, Trifosa, Persis, Euodia, Sintiche en Filippus se profeterende dogters word weer eens hier gelys (NG Kerk 1986:163).

Die diakenamp kom ook weer onder die loep. Daar word tot die gevolgtrekking gekom dat vroue in die vroeë kerk wel 'n amptelike funksie as diakonesse vervul het. Paulus se erkenning van Febe as 'n diaken het daartoe gelei dat sy elders ook as diaken erken is. Calvyn en Voetius word as voorstanders van hierdie praktyk aangehaal (NG Kerk 1986:163).

Die gespesialiseerde take wat vroue in die Nuwe Testament en vroeë kerk vervul het, is 'n bewys dat die kerk van tyd tot tyd opnuut moet besin oor die dienste wat benodig word, veral ten opsigte van vroue. Die take wat die vroue verrig het, het ook telkens verband gehou met die aard, wese en aanleg van 'n vrou. Elke keer as vroue op die voorgrond getree het, was dit waar die kerk hulle besondere aanleg en aard benodig het, soos met diakonale werk en ander gespesialiseerde dienste in die kerk (NG Kerk 1986:162,164).

### 5.6.3.1 Paulus se spreke teen die agtergrond van 'n tydsbepaalde situasie

#### *5.6.3.1.1 Gelykwaardigheid hef nie natuurlike onderskeid op nie*

Dit is geen verrassing dat die swyggebod[132] weer in hierdie verslag hanteer word nie.

---

[132] 1 Korintiërs 14:33–35 (NAV): [33]God is tog nie 'n God van wanorde nie, maar van orde en vrede. Soos in al die Christelike gemeentes [34]moet die vrouens ook in julle byeenkomste stilbly, want hulle word nie toegelaat om te praat nie. Hulle moet onderdanig wees, soos die wet ook sê. [35]As hulle iets te wete wil kom, moet hulle tuis hulle eie mans vra, want dit is lelik vir 'n vrou om in die erediens te praat.

1 Timoteus 2:11–13 (NAV): [11]'n Vrou moet in die erediens stil en onderdanig wees en haar laat leer. [12]Ek laat haar nie toe om daar onderrig te gee of oor die man gesag uit te oefen nie; sy moet stil wees. [13]Adam is immers eerste gemaak, Eva daarna.

Die tekste word hier saam met die beginsel van gelykwaardigheid hanteer. Hiervolgens moet daar aan die een kant gewaak word teen ’n liberalistiese gelykheidsbeginsel tussen man en vrou en aan die ander kant moet daar ook nie ’n magiese drumpel tussen man en vrou gesien word nie. Die Skrif is baie duidelik oor gelykheid en onderskeid. Volgens Galasiërs 3:28 en 1 Korintiërs 11:11−12[133] is die mens in sy/haar religieuse verhouding tot God volkome gelykwaardig voor God en deel sy net soveel as hy in die volheid van die gawes van die Gees, wat in ’n groot mate afgestem is op getuienisdiens en Woordverkondiging (NG Kerk 1986:163−165).

Alhoewel die twee tekste nie om presies dieselfde saak gaan nie, sluit nie een van die twee tekste vroue uit van die Woordaspekte van ’n erediens nie, want dan sou vroue selfs nie eers in die kerk mag kom nie. Paulus wou nie die vrou die stilswye oplê nie, maar die orde in die gemeente op daardie stadium bewaar. Eksegete soos Ridderbos, Pop, Wendland, De Boor en Smelik was dit almal eens dat hierdie uitsprake tydsgebonde was. Dit was deel van die gedragskode van daardie tyd waaraan Christene gebonde was. Dit was ook onbetaamlik vir vroue om in die sinagoge te praat. Daarom sou dit ’n skande wees as vrouens in die samekomste van die gelowiges praat. Paulus het dus die verbod ingestel juis ter wille van die getuieniskrag van die jong gemeente in Korinte. Die gemeente kon dus nie aan vroue ’n posisie gee wat hulle nie in die gemeenskap gehad het nie (NG Kerk 1986:163−165).

Teksverklaarders het ook agter Paulus se opmerkings ’n strewe gesien dat hy die vrou vrou wou laat bly. Hy het vroue definitief as gelykwaardig beskou, maar hy wou nie dat sy die rol van die man oorneem nie. Die gelykwaardigheid van mans en vroue hef nie die onderskeid tussen hulle op nie. Paulus was ook klaarblyklik bang vir ’n situasie waar getroude vroue hulle taak in hulle huis afskeep en dat dit tot grootskaalse ontwrigting in die gesin en gemeenskap sou lei. Daarom het hy vroue nie die profesie belet nie (vgl. 1 Korintiërs 11:5[134]), maar tog ’n beperking daarop geplaas ter wille “van die ware roeping van die vrou en haar eie aard” (NG Kerk 1986:164).

---

[133] Galasiërs 3:28 (NAV): [28]Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal één.

1 Korintiërs 11:11−12 (NAV): [11]Tog het die Here bepaal dat die vrou nie sonder die man sal bestaan nie, en die man nie sonder die vrou nie, [12]want soos die vrou uit die man geneem is, so kom die man deur die vrou in die wêreld, maar alles is uit God.

[134] 1 Korintiërs 11:5 (NAV): [5]Maar elke vrou wat bid of profeteer sonder iets op haar kop, doen haar hoof, haar man, oneer aan, want dan is sy net soos ’n vrou wie se hare afgeskeer is.

*5.6.3.1.2 'n Bepaalde rolverdeling binne 'n unieke verhouding*

Oor die skeppingsordening wat so baie keer as bewys téén vroue gebruik word, is ook kortliks kommentaar gelewer. Dit is die eerste keer dat 'n sinodeverslag op hierdie argument kommentaar lewer. Hier word gestel dat die feit dat die vrou tweede geskape is en as hulp vir die man, nie beteken dat sy "minder mens as die man" is nie. Die Hebreeuse woord (*ezer*[135]) wat vir hulp gebruik word, dui geensins op minderwaardigheid of ondergeskiktheid nie. Dit dui eerder op volledigheid – die vrou as die man se gelyke maak hom volledig. Sy staan dus naas hom, "komplementerend selfstandig en nie slaafs ondergeskik" nie. Die hoofskap van die man gaan nie oor 'n politieke of magsbegrip van heers nie, maar is eerder 'n aanduiding van 'n bepaalde rolverdeling binne die unieke eenheid van 'n huweliksverhouding. Paulus sê nie dat die man hoof is van elke vrou nie, maar van sy vrou. Hierdie onderdanigheid word egter deur mede-onderdanigheid[136] gekwalifiseer wat impliseer dat mans in sekere situasies ook aan vroue onderdanig kan wees en deur hulle gelei kan word. Hierdie binnehuwelikse verhouding kan nie op buitehuwelikse verhoudings van toepassing gemaak word nie (NG Kerk 1986:162–164).

Hierdie punt kom baie duidelik in 1 Timoteus 2:12–13 na vore as Paulus vroue nie toelaat om in 'n amptelik-lerende posisie van gesag teenoor mans te staan nie. As rede gebruik hy die skeppingsverhouding tussen man en vrou. Adam is eerste geskape en boonop het Eva nog vir Adam verlei! Die rollestruktuur was egter voor die sondeval al so. In die lig van die herstel wat die versoening van Christus teweeg gebring het, is dit duidelik dat dit hier oor getroude vroue gaan en nie oor baasskap *per se* nie. Die konsep van "baasskap" het na die sondeval ontwikkel. Veral in daardie tyd was 'n vrou se hoogste roeping haar gesin en kinders. Christus se verlossing het die strukture herstel en nie opgehef nie. Die verskillende rollestrukture dui juis op die onderskeid waarin mans en vroue mekaar aanvul. Hierdie aanvulling is slegs moontlik indien mans en vrouens hulle eie aard behou. Vrouens moet dus nie die taak van 'n man probeer oorneem nie. Dit sou egter ook beteken dat 'n vrou

---

[135] Genesis 2:18 (NAV) en Hebreeuse ekwivalent: [18]Verder het die Here God gesê: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke."

[18] וַיֹּאמֶר יְהוָה אֱלֹהִים לֹא־טוֹב הֱיוֹת הָאָדָם לְבַדּוֹ אֶעֱשֶׂה־לּוֹ עֵזֶר כְּנֶגְדּוֹ׃

[136] Efesiërs 5:21–24 (NAV): [21]Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig. [22]Vrouens, wees aan julle mans onderdanig, net soos julle aan die Here onderdanig is. [23]Die man is die hoof van die vrou, soos Christus die hoof van die kerk is. Christus is ook die Verlosser van die liggaam, sy kerk. [24]Soos die kerk aan Christus onderdanig is, moet die vrouens in alles aan hulle mans onderdanig wees.

haar aanvullingstaak telkens in nuwe situasies opnuut sal moet interpreteer (NG Kerk 1986:163–164).

In hierdie verband is dit ook noodsaaklik om raak te sien dat vroue reeds van die begin af ’n plek naas die man gehad het en dat dit nie ’n geval is dat die kerk vir die vrou ’n plek moet inruim nie – dit is die Heilige Gees[137] wat enigiemand bekwaam maak vir sy/haar dienswerk kragtens sy/haar bepaalde gawes (NG Kerk 1986:164–165).

### 5.6.4 Die oopstelling van die ampte van leraar en ouderling sal verrykend wees en bedieningsbehoeftes oplos

In die lig van al die argumente meld die verslag eers dat daar geen beswaar meer kan wees teen die toelating van vroue tot die amp van leraar en ouderling nie, veral omdat die amp van diaken reeds oop is. Dit sou ook die dienswerk wat mans reeds verrig, aanvul en verryk. Verder sou dit kon voorsien in die dringende bedieningsbehoeftes wat reeds bestaan het in meisieskoshuise, gevangenisse, hospitale en tehuise. Die situasie in die kerk word hier met Handelinge 6 vergelyk, waar ’n bepaalde behoefte tot die aanstelling van die sewe diakens gelei het (NG Kerk 1986:165)

Dit was inderdaad so dat daar aanvanklik gedink en geredeneer is dat vroue veral as studenteleraars en jeugpredikante tot hulle reg sou kom. Hierdie argumentasie het ook goed aangesluit by die redenasie dat dit in lyn met die vrou se eie aard sou wees. Terugskouend is dit ’n verskraling van die ampspotensiaal van vroue. Dit was egter ’n eerste klein treetjie in die regte rigting. Vir die eerste keer het die huidige konteks ook begin inspeel op die kerk se hantering van die vraagstuk.

### 5.6.5 Argumente vir en teen

Die mees algemene argumente wat tot dusver teen gebruik is die toelating van vroue tot die besondere ampte is (NG Kerk 1986:161):

- Dat daar ’n skerp onderskeid gemaak word tussen die amp van gelowige, wat vir mans en vroue oop is, en die besondere ampte, wat slegs deur mans gevul mag word.

---

[137] 2 Korintiërs 3:5–6 (NAV): [5]Uit onsself is ons nie in staat om iets te bedink asof dit uit onsself kom nie. Ons bekwaamheid kom van God, [6]wat ons bekwaam gemaak het om bedienaars van ’n nuwe verbond te wees, nie van die letter nie, maar van die Gees. Die letter maak dood, die Gees maak lewend.

- Die feit dat vroue nie as priesters diens gedoen het in die Ou Testament nie, alhoewel hulle soms as profete opgetree het.
- Die feit dat daar nie ’n vrou onder die twaalf dissipels of sewe diakens was nie. Maria het ook nooit ’n amp beklee nie.
- Die feit dat daar nie met sekerheid bepaal kan word dat enige van die vroue na wie soms verwys word, ’n besondere amp in die Nuwe Testament beklee het nie.
- Paulus se beroep op die skeppingsordening is ’n bewys daarvan dat die beginsel van onderdanigheid vir alle tye geldend is en nie deur kulturele veranderings aangetas kan word nie. Verder is voorstanders van hierdie argument ook daarvan oortuig dat hierdie beginsel nie net vir die huweliksverhouding geld nie, maar ook vir kerklike verhoudinge. Die emansipasie van vroue op ander samelewingsterreine is goed, maar geld nie vir die kerk nie.
- Kerkhistoriese gegewens dat vroue wel soms tot die besondere ampte toegelaat is, selfs tydens die Reformasie, word nie as genoegsaam geag om ’n algemene reël te wees nie.
- Die oopstelling van die amp van diaken beteken nie noodwendig dat vroue ook tot die lerende en regerende ampte toegelaat moet word nie.
- Vroue se aard, rol en funksie sal nie in die normale leraar-amp tot hulle reg kom nie.
- Daar bestaan allerlei praktiese probleme wat ’n vrou verhoed om ’n predikant te wees.
- Die oortuiging dat die praktiese situasie, byvoorbeeld ’n behoefte aan vroue vir werk van die besondere ampte, nie die kerk mag lei in sy prinsipiële ampstruktuur nie.

Diegene wat ten gunste van die toelating van vroue tot die besondere ampte is, gebruik hoofsaaklik die volgende argumente (NG Kerk 1986:161–162):

- Hulle handhaaf nie so ’n skerp onderskeid tussen die amp van gelowige en die besondere ampte nie.
- Daar word gevra hoekom vroue op grond van Ou Testamentiese gegewens nie ten minste tot die amp van leraar (die profetiese amp) toegelaat kan word nie.

- Daar word aangevoer dat die uitsluiting van vroue tot die amp van priester in die Nuwe Testament opgehef word deur die aanvaarding van vroue as diakonesse om barmhartigheidswerk te doen.
- Hulle aanvaar dat die vroue wat dienswerk in die Nuwe Testament gedoen het, dit wel amptelik gedoen het.
- Hulle beroep hulle op kerkhistoriese gegewens dat vroue inderdaad tot die besondere ampte toegelaat is en dat die geskiedenis nie genoegsame getuienis bied om die teendeel te bewys nie.
- Die vormgewing van Paulus se uitsprake in 1 Korintiërs 14:33–34 en 1 Timoteus 2:11–14 is nie noodwendig vir alle tye geldend nie.
- Dat die oopstelling van die diakenamp vir vroue wel die weg baan vir die oopstelling van die ander ampte.
- Dat die Skrifbeginsel, naamlik dat die vrou ’n komplementerende funksie naas die man het en volgens haar eie aard moet werk, nie die deure tot die besondere ampte toemaak nie, maar wel oopmaak omdat ampswerk daardeur verryk en verbreed kan word.
- Die klem op die funksionering van die vrou kragtens haar eie aard juis ’n waarborg is teen die praktiese probleme wat sou kon opduik.
- En laastens dat vroue in dringende bedieningsbehoeftes soos dameskoshuise, gevangenisse, hospitale ensovoorts kan voorsien.

Uit hierdie lys argumente is dit duidelik dat diegene wat vroue nie tot die besondere ampte wil toelaat nie, nie die dienswerk van persone buite om die eerste dissipels, apostels en diakens as amptelik aanvaar het nie, veral nie as dit vroue was nie. Voorstanders van vroue sien die enkele diensgeleenthede juis as voorbeelde dat daar nie ’n algehele verbod op vroue geheers het nie. Verder lê die verskil in die hantering van die Skrif en ’n siening rondom Skrifgesag. Paulus se uitsprake in die sogenaamde swyggebodtekste word aan die een kant as ’n norm vir alle tye gesien en aan die ander kant as ’n tydsbepaalde kulturele beginsel. Verder word die unieke en eie aard van vroue ook vir en teen hulle toelating gebruik. Aan die een kant is dit beperkend en maak dit die deure tot die predikantsamp toe (hulle aard maak dit prakties onmoontlik) en aan die ander kant word geargumenteer dat vroue se skeppingsbepaalde aard juis die bediening kan verryk. Die kamp was ook in twee

gedeel deur hulle ampsbeskouing. Dit is ook duidelik dat elke groep aan hulle argumente vasgeklou het en mekaar nie van die teendeel kon oortuig nie. Die verslag het vir die soveelste keer gepoog om ’n beoordeling van die verskillende argumente te gee en daardeur aangetoon dat vroue wel tot die ampte toegelaat kan word.

## 5.7 DIE REGERING VAN DIE KERK LÊ NIE IN ’N VROU SE AARD NIE

Ds. Sampie van Vuuren was verantwoordelik vir die skryf van die verslae teen die vrou in die amp. Uit die staking van stemme is dit duidelik dat hy nie alleen gestaan het nie. Die verslag werk sterk vanuit die uitgangspunt dat die aard van die amp nie versoenbaar is met die posisie, rol en funksie van ’n vrou nie.

### 5.7.1 Aard en doel van ampswerk sluit vroue uit

Dié verslag waarsku eerstens dat die woord “diens” nie gebruik kan word om ampswerk mee te beskryf nie. Alhoewel die woord ’n meer “Bybelse klank” het, kan die voorkeurgebruik van hierdie begrip lei tot ’n blote funksionele verstaan van die ampte en dit kom neer op ’n horisontalisering van die diensbetoon in die gemeente. Die argument dat ampswerk in sy wese dienswerk is en vroue daarom toegelaat moet word, word in die lig van bogenoemde “met beslistheid” afgewys (NG Kerk 1986:165).

In die tweede plek word die doel van ampswerk uitgelig. Alhoewel die Skrif tussen twee fasette in die ampswerk van ouderlinge onderskei, beklemtoon Paulus die regeeropdrag van ouderlinge. Hierdie regeermag verskil in wese van die gesag van ’n wêreldse owerheid. Ouderlinge het egter die taak om die heerskappy van Christus in sy gemeente te realiseer. Soos reeds aangetoon gaan Van Vuuren (2006) van die uitgangspunt uit dat dit nie in die vrou se aard is om gesagvol op te tree nie omdat sy meer versorgend is. Daarom sou dit tot die “degradering” van die ouderlingsamp lei as vroue tot ouderlinge toegelaat word (NG Kerk 1986:165).

Sonder om dit in verband met vroue te bring, beklemtoon die verslag in die derde plek dat daar goeie Skriftuurlike gronde bestaan vir die onderskeid tussen die amp van gelowige en die besondere ampte. Later in die verslag word dit duidelik dat ’n groot aantal vroue die Here in die amp van gelowige gedien het en dat die vroeë Christelike kerk vroue nie vir die besondere ampte oorweeg het nie (NG Kerk 1986:165–166).

### 5.7.2 Die Skrif gee ’n duidelike nee vir vroue as ouderlinge en diakens

Die verslag lewer kritiek op die stelling dat die Bybel vroue nêrens verbied om as ouderlinge of leraars te werk nie. Die feit dat daar van geen priesteresse in die Ou Testament melding gemaak word nie en dat dié amp uitsluitlik vir mans gereserveer was, word beklemtoon (NG Kerk 1986:166).

Jesus se optrede is die volgende betekenisvolle riglyn. Hy het net mans as dissipels gekies en toe ’n plaasvervanger vir Judas Iskariot gekies moes word, is slegs mans oorweeg. Selfs Maria, die moeder van Jesus, het nooit vir ’n besondere amp in aanmerking gekom nie. Die ampswerk van vroue soos Dorkas, Priscilla, Euodia en ander vroue was persoonlik en nooit amptelik van aard nie (NG Kerk 1986:166).

Die werk van die sogenaamde kerklike weduwees in 1 Timoteus 5:9–11 word ook as nie-amptelik afgemaak. Volgens dié verslag het die vroeë kerk nie so ’n amp geken nie. Na alle waarskynlikheid is die name van weduwees bloot net op ’n lys aangebring en dit beteken nie dat hulle tot enige amp verkies is nie (NG Kerk 1986:166).

Die tekste wat die sogenaamde swyggebod bevat word hier nie as tydsgebonde beskou nie. Die argument dat Paulus veral met getroude vroue gepraat het word ook afgemaak. Paulus sou hier van die “afhanklike posisie van die vrou in die algemeen” praat. Paulus se verwysing in 1 Korintiërs 11:5 na vroue wat bid of God se boodskap verkondig, word verklaar in die lig van die buitengewone gawes. Dit sou beteken dat vroue in hierdie geval die buitengewone gawes beoefen het en dat dit heeltemal anders as die uitoefening van die besondere amp was. Daar kan dus nie uit hierdie vers afgelei word dat Paulus vroue toegelaat het om die Woord op ’n amptelike wyse te verkondig nie. Die drie gronde waarop Paulus sy standpunt begrond dat vroue in die erediens moet swyg, word sterk beklemtoon en as beginsels beskou waarmee die hele Skrif rekening hou. Persone wat die skeppingsorde, die feit dat die vrou die man verlei het en die Godgewilde onderskeiding tussen man en vrou as tydsgebonde afmaak of ontken, relativeer die Skrif en tas die normatiewe gesag van die Woord van God aan.

Laasgenoemde opmerking is tiperend van die teenstanders teen vroue. Wanneer iemand van hulle verskil word gesê dat hierdie persone die Skrif ondermyn. Die debat oor Skrifgesag kan nie losgemaak word van die debat oor die toelating van vroue tot die besondere ampte nie.

### 5.7.3 Ander oorwegings

Die verslag blaai ook kortliks deur die kerkgeskiedenis en dui aan dat vroue wel as diakens bevestig is, maar dat hierdie gebruik by die sinode van Middelburg in 1581 gesterf het.

Op kerkregtelike gronde word geargumenteer dat die besondere ampte almal uit die apostelamp ontwikkel het, maar dat elke amp ’n eiesoortige funksie het. Daarom is dit nie vanselfsprekend dat die amp van ouderling en leraar oopgestel moet word as die diakenamp reeds oopgestel is nie. Vroue kan in die amp van diaken dien omdat dit in lyn met haar skeppingsmatige aard is.

In die laaste plek is ’n aantal praktiese oorweginge aangebied wat vroue sou verhoed om in die amp van ouderling en diaken te dien. So kan ’n getroude vrou nie ’n beroep aanvaar wat in stryd met haar man se belange is nie. Dit sou beteken dat vroue by huweliksluiting moet bedank of dat die selibaat as eis vir vroulike predikante ingestel moet word. Verder sou werk in dameskoshuise ’n beperkte legitimasie vereis (NG Kerk 1986:167).

### 5.7.4 Gravamen teen die toelating van vroue tot die diakenamp

Tydens die sinode het die Sinode van Suidwes-Afrika (nou: Namibië) ’n gravamen van 26 bladsye ingedien teen die toelating van vroue as diakens. ’n Ouderling, ene Willem Louw van die NG Gemeente Meersig, het dit aanvanklik ingedien en dit is deur die Sinode van Suidwes-Afrika as amptelike standpunt aanvaar. In die gravamen word die verslae wat tydens die Sinodes van 1978 en 1982 gedien het, breedvoerig behandel. Die beswaar teen die toelating van die vrou tot die diakenamp is dat hierdie besluit nie “volgens die Woord” is nie en dat die hermeneutiese standpunte van die voorstanders van die toelating van vroue tot die besondere ampte, aanvegbaar is.

Die gravamen gaan selfs so ver om te beweer dat die emansipasie van vroue lei tot ’n uitwas van “’n vervrouliking van die man en ’n vermanliking van die vrou ... wat weer lei tot groter homoseksualisme en lesbianisme in ons tyd”! In 2006 duik die verband wat daar tussen homoseksualiteit en die toelating van vroue tot die ampte hier getrek is, weer op. Op ’n ietwat omstrede webwerf, Gereformeerd en Afrikaans, verskyn ’n spotprent van dr. Coenie Burger wat op ’n glyplank gly. Aan die bopunt van die glyplank is die woorde “vrou in die amp” geskryf en aan die onderpunt “homoseksualisme” (Anoniem 2006). In reaksie op hierdie spotprent het daar ’n hele debat op Kletskerk, ’n elektroniese gespreksforum van die Kerkbode, verskyn. Ene Lukaris, waarskynlik ’n predikant van die NG Kerk wat weier om sy ware identiteit bekend te maak, het die spotprent op Kletskerk

bekend gestel en onder andere daarby geskryf dat dit interessant sou wees om navorsing te doen oor hoeveel kerke in die wêreld wat die vrou tot die amp toegelaat het, "vandag met die sonde van homoseksualisme in hulle midde sit". Volgens hom is die argumente ten gunste van die akkommodering van homoseksuele "identies aan die pragmatiese strategieë wat aangewend is vir die vrou in die amp" en die "oorgang van (die) vrou in die amp na homoseksualiteit 'n baie natuurlike een" (Lukaris 2006).

Die Evangelie mag dus nie 'n prominente rol speel in die moderne emansipasie van die vrou nie. Die skrywer neem berigte van lidmate en predikante wat gedurende hierdie tyd in die Kerkbode verskyn het, punt vir punt in behandeling en kom tot die slotsom dat hy met elke persoon verskil oor wat hulle "in eerlikheid meen die Skrif oor hierdie saak leer". Hy lewer ook kritiek teen die feit dat prof. J.A. Heyns as pleitbesorger vir die toelating van vroue tot die diakenamp tydens die sinode opgetree het en voel dat Heyns "'n besondere bydrae gelewer het om die Sinode tot 'n positiewe besluit oor die saak te beweeg". In die gravamen word die man tot die absolute heerser verhef en daar word selfs gesê dat die man se heerlikheid gesien word in sy gesag oor die vrou! In die gravamen word daar ook van die standpunt uitgegaan dat die amp 'n vorm van gesagsbeoefening is en daarom mag vroue nie enige amp beklee nie. Die Sinodebesluit van 1982 word as onskriftuurlik beskou omdat vroue deel het aan die regeermag as hulle diakens is en op 'n kerkraad dien. Daar word vir 'n hersiening van die 1982-besluit gevra of dat diakens ten minste uit die kerkregering uitgesluit moet word (NG Kerk 1986:465–487).

Die tydelike kommissie vir Leer en Aktuele Sake kon weer eens nie tot 'n vergelyk kom nie en daar het weer twee verslae oor hierdie saak voor die sinode gedien.

In die meerderheidsverslag word ernstige beswaar gemaak teen die opvatting oor wat kerklike gesag is en dat die gravamen van die oortuiging uitgaan dat daar 'n prinsipiële verskil is tussen die besondere ampte en die amp van gelowige wat status en gesag betref. Die kommissie kom tot die gevolgtrekking dat die verslag geen nuwe insigte na vore gebring het wat oortuig om vroue uit die amp van diaken te weer nie (NG Kerk 1986:695–696).

In 'n minderheidsverslag wat deur di. M.J.P. Olivier en A. Gerber ingedien is, word daar voorgestel dat die sinode die gravamen aanvaar op grond van die feit dat die skeppingsgefundeerde gesagsbeginsels nie net vir die verhouding tussen man en vrou in die huwelik geld nie en dat die hermeneutiese sleutels wat gebruik is "groot gevare vir die verklaring van die Skrif inhou" (NG Kerk 1986:696).

Die sinode het die meerderheidsverslag aanvaar en die gravamen nie aanvaar nie (NG Kerk 1986:696). Een predikant en twee ouderlinge het spesifiek gevra dat hulle minderheidstem aangeteken moet word.

### 5.7.5 Diakens kan nie uit meerdere vergaderings geweer word nie

Alhoewel AKLAS besluit het om die verslae rondom diakens en meerdere vergaderings en dié van die vroue in die besondere ampte te integreer, het twee afsonderlike verslae voor die sinode verskyn. Na ’n deeglike besinning oor die Skrif en die ampte, ’n kerkhistoriese oorsig en die kerkregtelike besinning oor die geestelike regering van die kerk, is daar besluit dat diakens wel lede van ’n kerkraad is en daarom ook in beginsel na meerdere vergaderings afgevaardig kan word (NG Kerk 1986:111–118, 713). Vir die eerste keer sou ’n diaken ook na ’n meerdere vergadering soos ’n ring, streeksinode of algemene sinode afgevaardig kon word en by implikasie sou vrouens so deel kon word van die regering van die kerk.

## 5.8 TE VEEL OMSTREDENHEID VERTRAAG DIE PAS

Die Algemene Sinode van 1986 sal altyd onthou word vir die verslag *Kerk en Samelewing: ’n getuienis van die Ned Geref Kerk* wat as beleidsdokument aanvaar is. In hierdie verslag is die hantering van apartheid as ’n politieke en maatskaplike sisteem wat mense veronreg en een groep onregmatig bo ’n ander bevoordeel, afgewys omdat dit nie op Christelik-etiese gronde aanvaar kan word nie. Verder het hierdie dokument die prinsipiële en Skriftuurlike begronding van apartheid as beleid as fout erken en aanvaar. Voorts is erken dat die Skrif nie rasgemengde huwelike verbied nie. Daar is ook Bybels-etiese riglyne neergelê vir die medemenslike en groepsverhoudings (Kerk en Samelewing 1986:52, 61). Die sinode het wegbeweeg van die vroeë regverdiging van apartheid op Bybelse en teologiese gronde (Potgieter 2002:216).

Hierdie verslag het groot beroeringe veroorsaak en is ook een van die redes hoekom ’n aantal predikante en lidmate die NG Kerk na afloop van hierdie sinode verlaat het om die eksklusiewe blanke kerk, naamlik die APK, te vorm.

Die aanvaarding van Kerk en Samelewing sou die toelating van vroue tot die amp van ouderling en predikant vertraag. Dr. W.J. Botha (2006) vertel dat ds. P.B. Botha die aand nadat Kerk en Samelewing aanvaar is, aan prof. Johan Heyns gesê het dat die kerk nou vir swartes oop is en dat dit beter sou wees om eers met die vroue te wag. Waarskynlik het die

gemoedere hoog geloop en sou te veel verandering nie goed vir die kerk wees nie. Die saak rondom die vroue was ook omstrede en daar was duidelik ook verdeeldheid rondom hierdie saak. So het P.B. Botha dan op die 23ste Oktober ’n ordemosie ingedien waarin daar voorgestel word dat die sinode kennis neem van die verslae en dit terugverwys na AKLAS en die onderskeie streeksinodes vir nog verdere studie. Hierdie mosie is so aanvaar (NG Kerk 1986:697) en ten spyte van die sterk verslag ten gunste van die toelating van vroue tot die amp van ouderling en diaken, het hierdie deur steeds toe gebly. Die kerk sou vir nog vier jaar oor die saak moes dink.

Hierdie is ’n goeie voorbeeld van die “ewige maar” wat Allan Boesak (2007:16) na aanleiding van ’n preek van Johan Heyns op die Belhar-belydenis van toepassing maak. Volgens hom het Heyns in ’n preek oor Naäman gesê: “... ons weet wat reg is, ons weet wat gehoorsaamheid aan Christus vra, ons weet ook waar ons genesing lê, maar ...” Te veel groot besluite vir een vergadering was die groot “maar” wat in die pad van die toelating van vroue gestaan het. Daar is dus uit ’n pragmatiese oogpunt besluit dat vroue se saak eerder moet wag. In 1986 was die rassediskoers na alle waarskynlikheid belangriker as die vrouediskoers en daarom het die vergadering dit so aanvaar.

### 5.8.1 Legitimasie: “Julle is geroep, maar behalwe jy, want jy is ’n vrou”

Die besluit om die pas te vertraag het ’n direkte impak op voornemende vrouepredikante gehad. Meer as die pas is vertraag – hulle kon nie saam met hulle klasmaats na sewe jaar se studies gelegitimeer word nie. Dit was ’n baie negatiewe ervaring vir hierdie vroue. Vir die eerste keer het van hulle van die feit bewus geword dat die kerk op grond van hulle geslag nee sê op hulle roeping om predikante te word.

Gespreksgenoot 2 beskryf die legitimasieplegtigheid waaraan sy net halfpad kon deelneem as volg:

G2: Dit was saam met ons gradeplegtigheid. Dit was saam. Ek het my graad gekry – die diploma. En toe is dit die legitimasie. En almal gaan op, behalwe ek. Dit was vir my [bly stil ...]. **Ek onthou net daai ding van: “Julle is geroep deur die Here!” Maar behalwe jy, want jy is ’n vrou. Maar julle is hier, julle, julle, julle ...! Ek was deel van julle, behalwe hier val ek uit.** [My beklemtoning donkerder gedruk – EPB]

Gespreksgenoot 7 het aan ’n ander universiteit dieselfde ervaring gehad.

G7: Ons het die diploma gekry. Die aand met die diploma en legitimasieplegtigheid, dit was een storie gewees. Ons het eerste die diplomas gekry en toe ek die diploma gekry het, toe staan

daar een van die *admin*-ouens, wat my letterlik aan my hand vat en lei dat ek net nie weer op die plek gaan sit waar ek gesit het nie. Doodbang ek staan dalk saam met die mans op vir die legitimasie-eed. Dit was vir my verskriklik sleg. Daai, daai aand het ek ge-*crack*. ... hulle moes dit gereël het. Hoe anderste? Hulle moes dit gereël gehad het. Daai aand het ek gehuil. Non-stop. ... Maar so het ek nooit by huil gekom in die Fakulteit nie, in klasse of sulke goeters nie. Maar daai aand. Daai aand was dit vir my verskriklik, verskriklik erg.

En die ander ding is ook, jy het so hard gewerk en 'n ou kom met baie van daai ouens, ons was dertig toe ons klaargemaak het, kom jy 'n pad van sewe jaar. **En nou skielik is jy anderste omdat jy 'n vrou is.** Daai ding ... ek dink dit is die eerste keer wat dit my regtig getref het. Jy is regtig 'n vrou en daarom is jy anderste. Dit maak nie saak wat jou akademiese kwalifikasies is of al daai goeters nie, jy is 'n vrou en daarom is dit nie belangrik nie.

Ek dink, Elsje, dit is die ding wat my die meeste in hierdie hele opset, vandat ek begin swot het, gevang het. Ek dink nie ek het dit besef watter impak dit op my gehad het in die beginjare nie. Maar ek het naderhand begin voel ek is nie goed genoeg nie. **Want die boodskap wat ek aanmekaar gekry het was: omdat jy 'n vrou is, is jy nie goed genoeg vir dit nie.** [My beklemtoning donkerder gedruk – EPB]

#### 5.8.1.1 'n Deur gaan tog oop

Die besluit om "eers met die vroue te wag", het ewe skielik die realiteit van werksgeleenthede vir van die vroue laat oopbreek. Gespreksgenoot 7 het ervaar dat God, ten spyte van die kerk se besluit, tog 'n deur vir haar oopgemaak het.

G7: ... Die ander deel van '86 was hierdie geweldige spanning van 'n ou het studieskuld en watse werk gaan jy nou doen. Waarnatoe volgende jaar? Ek dink, terwyl jy geswot het, het jy geweet, o, volgende jaar swot ek nog en dan is mens kalm daaroor. Maar toe. Ons was besig met eindeksamen, toe bel dominee ... my. Toe sê hy vir my die kerklike werkster by ... gaan weg, die pos is myne. Al wat ek moet doen is om ja te sê.

Intussen het ek toe aansoek gedoen vir 'n jeugwerk, jeugdosentpos by Wellington en hulle laat weet my toe ek moet kom vir 'n onderhoud. Ek weet toe nou nie wat om te doen nie. Nou het ek hierdie twee goeters, en ek wou eintlik net een hê. Ek gaan toe weer na prof ... toe. Hy sê toe vir my hy dink ek moet vir die onderhoud ook gaan, as ek nie daar was nie, sal ek nooit weet of ek die regte besluit geneem het nie. So ek is toe Wellington toe vir die onderhoud. Toe ek daar in onderhoud sit, toe weet ek: dit is nie hier waar ek moet wees nie ...

Toe gaan ek toe terug en ek bel vir dominee ... en sê vir hom: "Ek sê ja vir die pos." En toe het ek in Januarie 1987 daar begin werk. Weet jy Elsje, **toe voel dit vir my asof alles hier bymekaar kom.** Ek wat wou medies geswot het, nou werk ek met verpleegsters. **Daar was**

**twee dinge van my roeping.** Ek wou gepreek het en ek wou met jongmense gewerk het. En hier het ek dit nou. Ek werk met jongmense. [My beklemtoning donkerder gedruk – EPB]

Die predikant saam met wie sy gewerk het, het haar op verskillende maniere gehelp om tuis te kom in die kerk, al kon sy nog nie amptelik ’n dominee wees nie. Die feit dat iemand in haar vermoëns geglo het, het haar gehelp om oor die teleurstelling te kom.

G7: Dit was vir my ongelooflik. As ek iewers saam met dominee ... gekom het, **dan het hy my voorgestel as sy medeleraar. En dit was vir my wonderlik.** Hy het ook, hy was op ’n stadium my kuratoriumbegeleier. Toe het hy vir my gesê: Ek gaan jou gebruik om die vrou in die ... (provinsie) bekend te stel. Ek het net gedink, ag nee, wat beteken dit? En my nie vreeslik daaraan gesteur nie. Totdat dit toe gekom het op die uiteinde by my bevestiging en ek terug is na hom toe. Toe sê hy vir my: “Maar ek het dit mos al lankal vir jou gesê, dat dit is wat gaan werk.” Toe sê hy vir my: “Jou gesindheid is reg. **Jy wil die Here dien**, jy wil nie op die een of ander manier afwys nie en op ’n manier jou plek *claim* nie.” Ja, so toe het ek daar gewerk.

**Dit was vir my wonderlik om te weet: hier is iemand wat in my glo.** En amper onvoorwaardelik. Hy het eintlik in my geglo nog voordat hy iets gesien het wat ek kon doen of rede gehad het om in my te glo. So, hy was geweldig positief.

Die ander ding wat hy gedoen het, hy het my laat ringsittings bywoon. Hy het my sinodes toe laat gaan, (en) op die besoekersgalery (laat) sit. Maar hy was partykeer op die moderatuur, dan het ek op sy stoel gesit in die sinodesaal self. So hy het geweldig baie goed vir my gedoen en ek dink wat vir my die positiewe daarvan was, ek het die ratte van die kerk in ’n sekere sin verstaan voordat ek in die kerk was, danksy hom. [My beklemtoning donkerder gedruk – EPB]

# 6. 1990: DIE DEURE GAAN VIR VROUEPREDIKANTE OOP

Na afloop van die onstuimige sinode van 1986 moes AKLAS wéér ’n studiestuk opstel nadat die onderskeie streeksinodes daaroor verslag gelewer het. Die subkommissie wat ’n konsepverslag vir AKLAS moes voorberei, het deeglik van die verskillende verslae kennis geneem, maar probeer om uit al die verslae en akademiese artikels die kernprobleme in die gesprek vas te lê. Die subkommissie wat aan hierdie opdragte uitvoering moes gee was: Prof. P.C. Potgieter (sameroeper), dii. A.J. de Klerk, T.E. Carpenter, S.M. van Vuuren, drr. C.J.A. Vos en D.A. Scholtz (NG Kerk Kommissie Leer en Aktuele Sake 1989:222–223). Die kommissie het weer eens van prof. D.A. du Toit se kundigheid gebruik gemaak om die

verslag voor te berei (Du Toit 2007). Daarna is die verslag deeglik by AKLAS bespreek en verander waar nodig (Botha 2006). Hierdie verslag is in 1989 voltooi en daar sou in geen onsekere terme nie by die sinode aanbeveel word dat vroue wel tot die amp van ouderling en predikant toegelaat word. Kort voor die Algemene Sinode het die kommissie weer vergader en tydens hierdie vergadering is ds. S.M. van Vuuren toegelaat om ’n minderheidsverslag aan die Sinode voor te lê (NG Kerk Kommissie Leer en Aktuele Sake 1990:243). Vir die vierde agtereenvolgende sinode sou twee verslae met verskillende standpunte oor dieselfde saak aan ’n sinode voorgelê word. Die lede van AKLAS kon mekaar weer nie oortuig nie!

In die kerklike media het die debat al warmer geword. Tussen 1986 en 1990 het vele briewe, rubrieke en berigte oor vrouepredikante verskyn. Die Kerkbode se redaksie was duidelik ten gunste van die toelating van vrouepredikante. Dit blyk uit die positiewe artikels wat hulle oor afgestudeerde vroueproponente geplaas het en diepte-artikels oor hoe die Skrif hieroor verstaan moet word (vgl. Meiring 1986; Van Deventer 1989; Van Deventer 1990; Van Renen 1989; Pienaar 1990). Die beswaardes het hulle mening meestal in die briewekolomme laat hoor.

Sewe van die elf streeksinodes het hulle in 1987 ten gunste van die oopstelling van die ouderling- en predikantsamp uitgespreek terwyl die ander vier hulle “onomwonde” teen die toelating van vroue uitgespreek het (NG Kerk 1990:131). Die vier streeksinodes wat nee gesê het, was die sinodes van Suid-Transvaal, Vrystaat, Natal en die destydse Suidwes-Afrika, nou Namibië (Die Kerkbode 1987b). Met hierdie verdeeldheid binne sinodale geledere moes AKLAS en die Algemene Sinode rekening hou. Die hartseer rondom die stigting van die APK was nog vars in almal se geheue en die toelating van vroue was ’n sensitiewe saak om so kort na die gebeure rondom Kerk en Samelewing te hanteer.

Teen 1989 het reeds elf vroue hulle teologiese studies aan die drie fakulteite van die NG Kerk voltooi, maar in die praktyk moes hulle tevrede wees om “hier hospitaalbesoeke te bring, daar diaken te speel” (Moolman 1989:115).

## 6.1 HERMENEUTIESE VERTREKPUNTE VERSKILLEND

Die meerderheidsverslag het met ’n sterk belydenis oor die gesag en die doel van die Skrif begin. Geloofstaal soos “ons glo” en “ons aanvaar” is opvallend in die eerste deel van die verslag – daar moes geen onduidelikheid oor die vertrekpunte van die lede van AKLAS wees nie!

In die eerste plek is die aanvaarding van die gesag van die Skrif bevestig. Vervolgens word die problematiek rondom die kommunikasie van die boodskap na sowel die oorspronklike lesers as die Kerk van alle eeue uitgelig. Om die probleem te illustreer word Paulus as voorbeeld gebruik. Hiervolgens was Paulus met die gemeente in Korinte in gesprek en moet daar bepaal word wat Paulus oorspronklik bedoel het. Die Woord kan nie maar op die oog af gelees word sonder om die oorspronklike konteks in ag te neem nie. Dit sou biblisties wees om woorde uit die Bybel oor te dra asof vandag se lesers die eerste lesers is. Alhoewel die norm steeds vandag van toepassing sal wees, sal dit prakties op ’n ander wyse tot uitdrukking kom. Verder moet nie net die voorafgaande en daaropvolgende gedeelte rondom ’n teks in ag geneem word nie, maar uiteindelik ook die hele Skrif. Die vraag moet dus gevra word of die Woord in sy geheel ’n bepaalde verklaring toelaat. ’n Laaste hermeneutiese beginsel wat in die skryf van die verslag in ag geneem is, is dat ’n leerstuk nie op ’n enkele vers gebou kan word nie, veral nie as die betrokke vers “eksegetiese probleme” bevat nie. In so geval moet daar lig opgesteek word by ander teksgedeeltes ten einde die bedoeling van die betrokke gedeelte vas te stel. Hierdie beginsel word *sacra Scriptura sui ipsius interpres* genoem (NG Kerk 1990:129).

Die waarde van so ’n verklaring aan die begin van ’n omstrede saak soos hierdie moenie onderskat word nie. Een van die groot kwessies wat die debat rondom die toelating van vroue so lank uitgerek het en omstrede gemaak het, was Skrifhantering en Skrifgesag. Die twee lyne was vanaf 1978 se sinode duidelik sigbaar. Sonder om ’n verdedigende posisie in te neem, het die meerderheidsverslag deur hierdie verklaring enige moontlike beskuldiging dat hulle nie die gesag van die Skrif sou aanvaar nie, in die kiem gesmoor.

In die debat sou elke standpunt Paulus se tekste in 1 Korintiërs 14:33–35 en 1 Timoteus 2:11–12 óf gebruik om hulle punt te probeer bewys óf weerlê om die ander standpunt af te wys. Beide benaderings het dan tekste uit die res van die Skrif gebruik ter motivering van hulle bykomende standpunte en argumente (NG Kerk 1990:129).

### 6.1.1 Skrifhantering ’n groter debat

Skrifhantering was weer eens een van kernprobleme in die onversoenbaarheid van die verslae. Die hantering van die Skrif was nie net met betrekking tot vrouesake soos hierdie ’n probleem nie, maar ook ’n groter debat in die kerk. In opvolg van die verslag oor Skrifgesag wat in 1986 hanteer is, is daar weer riglyne by die hantering van die Skrif in etiese sake aanvaar (NG Kerk 1990:562). Die verslag stem met groot dele van die verslag

ooreen wat Leer en Aktuele Sake van die Wes-Kaapse Sinode reeds in 1980 uitgegee het omdat die verslag grootliks ooreenstem met die uitgangspunte aangaande Skrifgesag en Skrifgebruik wat die Algemene Sinode in 1986 aanvaar het. Die verwysings na Ras, Volk en Nasie is in die 1990-verslag weggelaat.

In hierdie verslag word die kompleksiteit van etiese vrae erken. Die noodsaaklikheid van ’n interdissiplinêre gesprek om die presiese vraag in ’n etiese saak te help formuleer, word ook onderstreep. “Etiek het ’n wetenskap geword waarin mense uit verskillende rigtings van die wetenskap met mekaar behoort saam te werk.” (NG Kerk 1990:127, 562).

Die behoefte om ’n “wyse van Skrifberoep” te ontwikkel kom veral na vore in tye wat gekenmerk word deur drastiese verskuiwings in lewensbeskouing en lewenstyl (NG Kerk 1990:125, 562). Die feit dat dit vanaf die 1980’s al meer aanvaarbaar vir vroue geword het om ’n beroep buite die sogenaamde vroulike professies te beoefen, kan as ’n merkbare verskuiwing in die lewenstyl en lewensbeskouing van die Afrikaners beskou word. Dit is dus nie vreemd dat die debat rondom die toelating van vroue met soveel verskille en emosie gepaard gegaan het nie.

Die groot vraag wat die verslag oor Skrifhantering moes antwoord was nie of daar met betrekking tot etiese kwessies ’n beroep op die Skrif gedoen moet word nie, maar eerder hóé dit gedoen moet word (NG Kerk 1990:125, 562). Die breë lyne van die verslag is reeds onder 4.2.3 bespreek.

### 6.1.2 Wat het Paulus werklik bedoel?

Die gedeeltes in Korintiërs 14 en 1 Timoteus 2 waarin vroue aangesê word om te swyg, word as die beslissende gedeeltes in die debat oor vroue beskou en dit is juis oor hierdie twee tekste waaroor daar geen eenstemmigheid was nie. Hierdie problematiek is eerlik verreken in die meerderheidsverslag. Ten einde ’n beslissing te maak sou die verskillende standpunte en argumente bloot aangehoor en oorweeg kon word. In so benadering tot die hantering van hierdie problematiese en teenstrydige situasie sou ander oorwegings en goeie argumentasie die oorwegings oorskadu wat uit die teks kristalliseer. Daarom is daar besluit dat die hermeneutiese beginsel, waarvolgens daar probeer word om Paulus se motief vas te stel, die sleutel tot die verstaan van die teks moes wees. Dit vra vir ’n rekonstruksie van die agtergrondsituasie waarin die briewe geskryf is (NG Kerk 1990:129).

#### 6.1.2.1 Die ordelike verloop van die erediens beskerm

1 Korintiërs 14:33–35 kan nie in isolasie gelees word nie. Net ’n paar hoofstukke vroeër in hoofstuk 11 word daar melding gemaak van vroue wat bid en profeteer. Skynbaar was dit toelaatbaar, net solank hulle hoofde bedek was. Hoofstuk 14 handel oor sake wat met die orde in ’n gemeente te doen het. Sekere vroue het op so ’n wyse opgetree dat hulle nie die opbou en orde van die gemeente gedien het nie en Paulus het hierdie vroue oor hulle negatiewe optrede aangespreek.

Godsdiens-sosiologiese ondersoeke het aan die lig gebring dat vrouens in beheer van die huisreëlings was en dat hulle nie in hulle huise ’n sluier gedra het nie. In die vroeë Christelike kerk het Christene in huise bymekaar gekom en die vroue het nie die kerklike praktyk om sluiers te dra en eenkant te gaan sit, nagekom nie. Omdat hulle gewoond was om in hulle huise vryer op te tree, het hulle in die huiskerke ook so opgetree. Vandaar die aanmaning oor die dra van sluiers in hoofstuk 11 en die opdrag tot stilswye. Paulus wou op daardie stadium die ordelike verloop van die erediens beskerm en het nie bedoel om ’n ewigdurende verbod uit te vaardig nie. Die huisdienste moes dieselfde karakter en atmosfeer hê as die byeenkomste in die sinagoges (NG Kerk 1990:130).

#### 6.1.2.2 ’n Rekonstruksie van die oorspronklike konteks

Wat 1 Timoteus 2 betref, is die rekonstruksie van die oorspronklike konteks moeiliker bepaalbaar as in die geval van die teks in 1 Korintiërs 14. Die vraag wat gevra moet word is of Paulus hier na die erediens verwys. Hieroor bestaan geen eenstemmigheid onder eksegete nie. Een groep aanvaar dat dit in hierdie geval oor die erediens handel, ’n ander groep argumenteer dat dit oor ander samelewingsverbande gaan, die derde groep staan ’n gemeentelike opset voor en die laaste groep pleit daarvoor dat die uitklaring van geslagsrolle lig op die teks moet werp (NG Kerk 1990:130–131).

As daar aanvaar word dat die konteks van hierdie teks die erediens is, dan kan vroue nie tot die amp van predikant of ouderling toegelaat word nie. Die verwysings na ouderlinge en terme soos “leer” en “onderrig gee” dui op ’n erediensituasie. Paulus se motivering uit die skeppingsorde is hier belangrik. Hiervolgens is die swyggebod skeppingsmatig bepaal.

Ander eksegete bevraagteken die bevinding dat dit in 1 Timoteus oor die erediens gaan. Hulle bevinding is dat dit oor ander samelewingsverbande handel. Indien hierdie konteks aanvaar word, kan hierdie teks of die motivering nie as argument in die debat gebruik word nie.

Die oorspronklike Griekse[138] teks bevat nie die woord "erediens" nie, dit is wel 'n invoeging in die Afrikaanse vertalings. 'n Gesinskonteks is dus eerder hier van toepassing. Die woord αὐθεντεῖν wat hier gebruik word om die uitoefening van gesag aan te dui, is nie gewoonlik in 'n kerklike konteks gebruik nie, maar wel in 'n sekulêre konteks. Vroue word dus hier aangespreek oor hulle optrede teenoor mans in die alledaagse lewe. In die Bybelse tyd was stilswye 'n teken van respek en onderdanigheid – Paulus roep hier die vroue op om respek te toon op die manier waarop dit gedurende daardie tyd beoefen is. In moderne tye of in ander kulture kan die wyse van respekbetoning op 'n ander manier tot uitdrukking kom. Daarom kan die swyggebod nie as 'n norm vir alle tye beskou word nie (NG Kerk 1990:130).

Vir 'n derde groep is die gemeentelike opset die konteks waarteen Paulus se verbod afspeel. Hulle verklaar die teks deur uit te wys dat dit wat in die gemeentelike lewe gebeur, nie die "Godgewilde" posisie van 'n man as gesinshoof in gedrang moet bring nie (NG Kerk 1990:131).

'n Vierde benadering hanteer die teks teen die groot lyne gelykwaardigheid en ongelykheid. Man en vrou is nie gelyk (eenders) geskape nie, maar wel gelykwaardig. Daarom sal mans en vroue verskillende rolle, funksies en posisies in die samelewing beklee waarin hulle komplementêr tot mekaar, maar nie kompeterend teenoor mekaar sal wees nie (NG Kerk 1990:130–131).

Sonder om 'n definitiewe keuse te maak kom die meerderheidsverslag tot die gevolgtrekking dat die Bybel meer na die swyggebod sou verwys as dit so 'n belangrike saak was. As die Bybel nie êrens van 'n vrou as ouderling of leraar praat nie, beteken dit nie noodwendig dat die Bybel daarteen is nie. Die feit dat baie vroue medewerkers van Paulus was, moet ook nie geïgnoreer word nie.

---

[138] **Nestle-Aland Greek New Testament**

[11] γυνὴ ἐν ἡσυχίᾳ μανθανέτω ἐν πάσῃ ὑποταγῇ· [12] διδάσκειν δὲ γυναικὶ οὐκ ἐπιτρέπω οὐδὲ αὐθεντεῖν ἀνδρός, ἀλλ᾽ εἶναι ἐν ἡσυχίᾳ.

**Ou Afrikaanse Vertaling**

[11]Die vrou moet haar in stilte laat leer in alle onderdanigheid. [12]Ek laat die vrou egter nie toe om onderrig te gee of oor die man te heers nie, maar sy moet haar stil hou.

**Nuwe Afrikaanse Vertaling**

[11]'n Vrou moet in die erediens stil en onderdanig wees en haar laat leer. [12]Ek laat haar nie toe om daar onderrig te gee of oor die man gesag uit te oefen nie; sy moet stil wees.

### 6.1.3 Vroue lees die swygtekste binne die kultuurkonteks

Vrouepredikante het hulle nie regtig oor die swygtekste bekommer nie. Hulle het dit ook as tydmors beskou om met mense wat daaroor verskil, te redeneer. Hulle eie subjektiewe eksistensiële ervaring het hulle teologie rondom die swygtekste beïnvloed sodat hulle roepingstekste vir hulle swaarder as Paulus se swygtekste geweeg het. Van die roepingsverhale en -tekste word in hoofstuk 4 weergegee.

Gespreksgenoot 2 was bietjie bekommerd aan die begin van haar studies, maar ’n boekie van die NHKA het rustigheid in haar gemoed oor die saak gebring.

G2: In die begin het ek gedink, maar maak ek nie ’n fout nie? Maar ek het ’n boekie gehad met die titel “Vroue as predikante” wat deur ene Dreyer geskryf is. Dit het vir my perspektief gebring. Met sommige mense kan jy in elk geval nie redeneer nie. Ek mors nie my asem nie, dit maak my net ontsteld.

Gespreksgenoot 3 was aanvanklik nogal verbaas oor my vraag oor hoe sy die swygtekste interpreteer. Sy voel dat sy nie met iemand in debat oor die saak sal gaan nie.

G3: Niemand het my nog ooit regtig gekonfronteer met daai tekste nie. So ek het nog nie nodig gehad om dit te *handle* nie. Maar Hennie Stander het, was dit nou hy? Nee, Jan van der Watt, het half, ek dink dit half toevallig deurgekom eendag, in ’n klassituasie, het hy verduidelik die hele ding van kultuur en die manier van doen in daai tyd was die vrouens het eenkant gesit, hy het nog ’n grappie gemaak en gesê, soos wat ’n klomp vrouens kan kekkel, julle weet. Maar hy het dit regtig nie op ’n negatiewe manier gesê nie. Want hulle het gepla as die mans dink, of iets in dier voege. Jy weet dit het op so ’n manier verbygegaan en dit was vir my oukei, *fine*.

Ek besef dat dit wel vir mense ’n *issue* is. En dan ds. B het ’n uitdrukking gehad, wat in die Sendingkerk baie groot geloop het, ter wille van die swakheid van sommige ... Jy moet maar half versigtig wees ter wille van die swakheid van sommige. En ter wille van die ou wat dit so interpreteer, ag kry vir jou, Oom ...

EB: Sê nou maar iemand kom staan voor jou en sê: “Maar hier staan dit”. Wat sal jy sê? Is jy oortuigbaar op daardie tekste?

G3: Ek is baie bewus van die feit dat daar kultuurgoed en feitegoed is. **As jy ’n teks lees en jy ervaar hom as ’n kultuurding, en ek ervaar hom as ’n feit, kom ons kom ooreen om te verskil. Maar ek gaan nie myself op jou afdwing nie, ek gaan waarskynlik nie met jou *fight* nie ...** [My beklemtoning donkerder gedruk – EPB]

Gespreksgenoot 6 het weer heeltemal vrede oor die swygtekse. Vroue soos sy wat ná die Algemene Sinode van 1990 gaan studeer het, het bloot aanvaar dat die saak nou uitgeklaar is.

G6: Ek het 'n bepaalde konteks waarbinne ek dit lees. Ek het heeltemal vrede daaroor. Ek dink mens moet die hele ding rondom Paulus se teologie vir mense probeer darem (verduidelik). Ek verduidelik dit altyd vir studente, hulle lag verskriklik lekker, veral die meisies, in daai tyd het mans en vrouens apart gesit en die vrouens was nie opgelei nie, hulle het geen opleiding gehad nie so hulle het nie die taal waarin die evangelie verkondig is, verstaan nie. Dan het hierdie manne kerk gehou en hulle geleer in 'n taal wat hierdie vroue nie altyd verstaan het nie. Wat doen vrouens as hulle begin *boring* raak? Hulle begin praat onder mekaar. Dan sê die ou: "Julle moet stilbly! Julle maak chaos in hierdie plek, hier moet orde wees." Dan lag hulle lekker en sê hulle verstaan dit nou! [lag] **Ek dink net ek probeer die punt oor te bring dat dit was dinge binne 'n bepaalde konteks gewees** ... Seksisme, rassisme, klassisme, dit is die goed waarvoor Christus gekom het ... Mens is so bewus van jou eie tekortkominge en swakhede. Maar gits, is dit nie waaroor die Evangelie gaan nie, om daardie goed in ons te kom afbreek om nuwe mense te wees. En dit is vir my *sad*, as sulke groot besluite op daai punte geval het. **Dit is vir my interessant dat jy dit vir my sê. Toe ek gaan swot het, het ek dit gedoen met die aanvaarding: "Dit is mos nou reg". Die denke van die debat is baie minder deel van my.** [My beklemtoning donkerder gedruk – EPB]

Hulle lees en verstaan van die swygtekste word bevestig deur Lisel Joubert se standpunt oor 1 Korintërs 14:34 in 'n artikel oor vroue in die kerk. Sy skryf: "Ek glo die moderne vrou kan die Bybel lees en daarin die vrymoedigheid en vryspraak vind om ten volle haar potensiaal te ontsluit. Die Bybel kan ook gebruik word as instrument om vroue te onderdruk, maar dan word dit misbruik. Vir my bly die Bybel 'n geloofsboek wat my eintlik oor God moet leer en nie soseer my rol as 'n vrou in die samelewing nie. En as ek die God agter die Skrif ontdek, sal baie van hierdie ander *issues* verdwyn." (soos aangehaal in Swanepoel 2006:17).

## 6.2 AMPSGESAG IS NIE IN 'N PERSOON GELEË NIE

Die tweede kernprobleem in die debat gaan oor ampsbeskouing. Diegene wat vroue nie tot die amp wou toelaat nie, het sterk op die argument geleun dat die gesagvolle aard van die amp vroue uitsluit. Hulle koppel ampsgesag aan kerkregering en gee aan ampsgesag hiermee 'n politieke en juridiese karakter.

Hierdie verslag is tekenend van 'n nuwe ampsbeskouing wat besig was om in die NG Kerk te ontwikkel en wat teen die jaar 2007 al meer op gemeentevlak sigbaar sou word. Die dienskarakter [139] in plaas van die gesagvolle regeerkarakter van die amp sou al hoe belangriker word.

Die woord wat die funksie van 'n ampsdraer beskryf, is presies dieselfde woord wat gebruik word om die funksie van 'n lidmaat aan te dui. Hierdie woord is *diakonia* of te wel diens en dit het vir Grieke van daardie tyd 'n vernederende konnotasie gehad; dit was iets wat jy nie eintlik gedoen het nie. Die Nuwe Testament het juis van woorde soos *timè* en *arché* weggebly omdat dit in die Griekse wêreld vir politieke gesag en die godsdienstige owerhede gebruik is (NG Kerk 1990:129).

Ampsgesag is nie geleë in heerskappy[140] of baasskap[141] nie en daarom kan daar ook nie 'n hiërargie tussen die verskillende ampte of die ampte en die gemeente bestaan nie. Die verskil is eerder funksioneel. Ampsgesag is in die Woord gefundeer omdat Christus Sy gemeente deur die Woord regeer. Daarom kan daar nie gesê word dat die gesag van die ampsdraer in die persoon (hetsy 'n man of vrou) geleë is nie (NG Kerk 1990:129).

Die Gereformeerde ampsbeskouing laat ook nie ruimte toe vir 'n hiërargie tussen die gemeente of die verskillende ampte onderling nie. Omdat daar nie 'n hiërargie tussen die ampte kan wees nie beteken dit verder dat onderdanigheid *per se* nie as argument teen die toelating van vroue gebruik kan word nie (NG Kerk 1990:131).

## 6.3 PRAKTIESE PROBLEME NIE AS ONOORKOMBARE STRUIKELBLOKKE GESIEN NIE

Alhoewel AKLAS daarvan oortuig was dat die oorwig getuienis in die Bybel daarop dui dat vroue nie tot die lerende- en regerende ampte verbied kan word nie, het hulle enkele praktiese sake op die tafel geplaas wat die finale besluit tog sou kon beïnvloed.

---

[139] Kyk na die A–Z-beleid aangaande predikante wat voor die Algemene Sinode van 2007 gedien het. In hierdie dokument word die amp "bedieningskanale waardeur God sy werk doen" beskryf en verder omskryf as dienswerk.

[140] 2 Korintiërs 1:24 (NAV): [24]Ons wil nie as heersers voorskryf wat julle moet glo nie. Julle staan immers vas in die geloof. Maar ons wil medewerkers wees om julle geluk te bevorder.

[141] 1 Petrus 5:3 (NAV): [2]Pas die kudde van God wat aan julle toevertrou is, goed op. Hou toesig oor hulle, nie uit dwang nie, maar gewillig soos God dit verwag; nie om eie gewin nie, maar uit toegewydheid; [3]ook nie deur baas te speel oor dié wat God aan julle sorg toevertrou het nie, maar deur 'n voorbeeld vir die kudde te wees.

Die amp van predikant is beskou as ’n lewenslange lewenstaak en hierdie bepaling in die Kerkorde kon onder druk kom as ’n vrouepredikant sou trou en kinders kry. AKLAS het voorgestel dat tydelike of beperkte legitimasie ondersoek word. Selibaatskap as die enigste ander alternatief is afgewys (NG Kerk 1990:131)! Hier was duidelik nog ’n beskouing dat wanneer vroue trou en met ’n gesin begin, hulle noodwendig heeltemal ophou werk.

### 6.3.1 Vrouwees en moederskap in die praktyk

Volgens die volksmoederdiskoers het moederskap bepaalde eise aan ’n vrou gestel. Binne dié diskoers was moederskap ’n biologiese, religieuse en nasionale roeping (Kruger 1991:238). Dit was die absolute ideaalbeeld. Daarom is daar byna geen aandag aan die behoeftes en realiteite van werkende vroue gegee nie, omdat dit nie as die ideaal beskou is nie. So sou daar in opvoedingsprogramme en tydskrifartikels met net een ideaal, wat as ’n realiteit beskou is, gewerk word as vroue oor moederskap opgevoed en ingelig is. Programme en populêre artikels het met die veronderstelling gewerk dat ’n vrou wat ’n kind het by die huis is. Vroeëre literatuur het ook met die uitgangspunt gewerk dat wanneer vroue goed oor moederskap opgelig en opgevoed word, dit sal help met die welwese van die volk (Kruger 1991:264–267).

Teen die 1990’s het die algemene siening rondom werkende ma’s al begin verander. Vandag is dit glad nie meer ongewoon as ’n ma voltyds of deeltyds werk nie. Dit beteken nie dat vroue nie persoonlike konflik hieroor ervaar nie. Aan die een kant wil hulle suksesvol in hulle beroepe wees en aan die ander kant voel hulle skuldig as hulle kinders klein-klein by ’n dagmoeder of oppasser moet bly. In baie gesinne is ’n tweede inkomste noodsaaklik om of finansieel te kan oorleef of ’n bepaalde lewenstyl te kan bekostig. Bykans elke vrouetydskrif het jaarliks artikels oor werkende ma’s.

Oor moederskap voel vroue anders as die besware wat dikwels geopper is. Proponent Ilse van Rooy het haar in die 1990’s só daaroor uitgelaat in ’n tydskrif: “Selfs as ek ’n volwaardige predikant word met my eie gemeente, sal moederskap ideaal wees. Bedags sal ek die meeste van die tyd tuis wees om my kind te versorg, terwyl my man saans toesig kan hou wanneer ek huisbesoek doen” (Gomes en Coetsee 1994:28).[142]

---

[142] Gemeentes se ritme verskil, maar myns insiens werk dominees nie net in die aande nie. Dit sou dalk in die praktyk nie heeltemal so eenvoudig wees nie, alhoewel predikante nie kantoorgebonde is nie en dus meer beweeglik is. Ek kon Van Rooy egter nie opspoor om met haar oor haar stelling in gesprek te tree nie. Sy is vandag nie meer in die bediening nie – EPB.

Vrouepredikante ervaar en benader die verantwoordelikheid rondom ouerskap verskillend. Hulle persoonlike omstandighede, ouderdom en gesinsamestelling speel ook ’n rol in hulle eie belewing rondom en beskouing van ouerskap. Hulle diverse sienings oor hulle rol en plek in die huwelik pas binne ’n postmoderne konteks waarin die manier waarop besluite geneem word nie noodwendig deur algemeen geldende waarhede bepaal word nie. “Elke individu, ook minderwaardige individue in die gesin, veroorloof hom of haar dit om binne ’n bepaalde konteks eie besluite te neem” (Müller 2002:22).

Volgens gespreksgenoot 4 verskil haar situasie nie van dié van haar vriendinne wat dokters en rekenmeesters is nie. Sy en haar man het een kind.

G4: Ek dink my man het geweet ek sal ’n beroepsvrou wees, maak nie saak watter beroep nie ... Ek besef hy is in ’n unieke situasie en waardeer dit ongelooflik dat hy soveel ruimte vir my het. Ruimte vir my beteken dikwels ruimte vir die gemeente met sy dinge ... Ek was getroud voor ek begin werk het, so ek het geen ervaring van hoe dit nie my werk beïnvloed nie ... Ek dink maar net altyd: as onderwys (veral deesdae) of verpleging of maatskaplike werk tipiese vroueberoepe is, verstaan ek nie hoekom leraarskap nie ook is nie. Geen van hierdie beroepe is sagte kantoorwerkies met maklike ure nie. Wat beteken voluit werk? 16 uur per dag? Ek weet dit gaan soms rof, ook met my, maar as die mans in die verlede so moes werk om voluit te werk, het gemeentes hulle uitgebuit en misbruik, en hulle het dit toegelaat. Dis ook nie Christelike werksetiek nie. **Ek kan nie dink dat my vriendinne wat dokters en rekenmeesters is, kan werk en kinders grootmaak, en ek nie.** [My beklemtoning donkerder gedruk – EPB].

Vir gespreksgenoot 6 is haar gesin ’n belangriker roeping as predikantwees, maar dit staan nie in stryd met mekaar nie. Sy het een kind en is tans swanger met haar tweede kind.

G6: Om die bediening en mens se gesin te balanseer, is ’n geweldige uitdaging. Maar vir my is my gesin eerste prioriteit. Ek is in die eerste plek ’n vrou vir my man en ’n ma vir my kind en dan ook ’n predikant in die bediening. Ek sien te veel gesinne wat gebroke is weens die eise van vandag se beroepe in die algemeen. Vir my is my gesin ’n roeping en glo ek dit is vir die Here belangrik.

Gespreksgenoot 3 se kinders is al volwasse en sy staan nie voltyds in die bediening nie. Omdat sy en haar man aan ’n bepaalde patroon gewoond is, voorsien sy dat om in die aand te werk bepaalde uitdagings aan haar en haar man sal stel. Sy sien egter hoe haar getroude kinders se uitgangspunte al reeds van haar en haar man s’n verskil en hoe hulle hulle voltydse loopbane en gesinsritme eenvoudig net bestuur en nie as ’n probleem ervaar nie.

G3: Dit is moeilik. Dit is moeilik. **Ek dink dit gaan uit en uit die situasie gaan bepaal word deur die spesifieke gesinslede.** Ek persoonlik dink, as ek byvoorbeeld 'n dominee-*job* gaan kry hier in ons omgewing, gaan dit vir ... baie moeilik wees. Want hy soek my by die huis in die aand. So die vergaderings, selfs soos dit nou is met die Gemeenteraad, is dit nie vir hom aldag baie lekker nie. Hy sal aanpas daarby, ek is seker daarvan, maar ons sal 'n pad moet loop. 'n Ontwikkelingspad moet loop wat dit betref. Moet groei daarin. **Dit het uit en uit te doen met die twee individue wat betrokke is in die verhouding en dan *obviously* die gesin daar rondom.** ... Jy moet verstaan, ons is nou dertig jaar getroud en hy het vir dertig jaar, vir twintig daarvan, het hy 'n vrou by die huis gehad. So ek het partykeer die gevoel *whatever I do* is nie belangrik genoeg nie. Terwyl ek vir 'n feit weet dit is nie so nie, maar dit is my ervaring en ek dink dit is gewoon ... se menswees. Hy soek sy vrou by die huis. Ons is baie naby aanmekaar wat dit aanbetref. En ek dink wat dit betref is 'n plattelandse gemeente, waar daar baie plase en baie ouer mense is, gaan byvoorbeeld huisbesoek in die dag wees. Hy gaan waarskynlik saam met my kan gaan. Wat ook al. Dit sal dit dalk kan makliker maak en so aan.

O ja, verseker (is dit versoenbaar). As ek nou kyk na ... en ... (haar getroude kinders). **Hulle gaan net aan. Die ou wat eerste by die huis is, maak die kos. Hulle rig hulle in daarvolgens.** Ek dink nie dit hoef ... met kinders ... vir my was dit doenbaar, ek is ontsettend dankbaar dat ek by die huis kon wees as ek daaraan terugdink. Terwyl ek daarin was, was dit nie maklik nie. Maar ek is intsettend dankbaar, as ek nou na my kinders kyk, dat ek by die huis kon wees. Ek weet nie of dit noodwendig die verskil gemaak het nie ... Dit is nie 'n grap nie. Ek dink nie dit is maklik nie. My dagboek word tot 'n baie groot mate bepaal deur ... se dagboek. Die oomblik as jy twee persone het wat al twee belangrike dagboeke het wat moet sinkroniseer, kan dit knor. **Maar dit is nie ondoenbaar nie. Ek sien dit by baie mense waar dit doenbaar is.** [My beklemtoning donkerder gedruk – EPB]

### 6.3.2 Ongetroude predikante se unieke ervaring

Behalwe die vlugtige verwysing dat vrouepredikante moontlik selibaat sou moes bly, is daar nie in die besinning oor vrouepredikante aan die unieke behoeftes van ongetroude vrouepredikante aandag gegee nie. Oor die algemeen word daar nie veel aandag aan ongetroude vroue se behoeftes gegee nie. Steyn (2003:120–121) het in navorsing oor ongetroude vroue bevind dat die diskoerse rondom ongetroude vroue 'n baie lang geskiedenis het. Volgens hierdie diskoers word vroue as't ware geprogrammeer om begeerlike vroue en moeders te wees en is die enigste vervulde staat vir 'n vrou om haar eie gesin te hê (Steyn 2003:114–116). Bons-Storm (1996:134) is van mening dat aanvaarbare

rolle vir vroue in die kerk en breër samelewing ’n bepaalde afhanklikheid van manlike figure impliseer.

Daar bestaan ook bepaalde negatiewe persepsies oor nooit-getroude vroue. Van hierdie persepsies is dat ongetroude vroue eensaam is, onvolledige lewens het en dat om getroud te wees die enigste ideale, gesonde en bevredigende staat is waarbinne ’n vrou kan leef (Steyn 2003:119). Steyn (2003:131) is ook van mening dat die swygteks in 1 Timoteus 2:11–15 vir die nooit-getroude vrou “ontstellend” is.

Buiten die negatiewe persepsies wat in die samelewing bestaan ervaar nooit-getroude vroue self ook sekere sake. Twee hiervan is dat sy deel van ’n paar moet wees om goed genoeg te wees en dat sy nie altyd ernstig opgeneem word nie (Steyn 2003:112–113).

Ekself is ’n nooit getroude vrou binne die bediening. Alhoewel hierdie studie nie oor my verhaal gaan nie, het ek tog besluit om saam met gespreksgenoot 7 en gespreksgenoot 5 my stem op hierdie punt te laat hoor.

EPB: Om ’n ongetroude vrouepredikant te wees het voor- en nadele. Een van die voordele is dat ek meer tyd en energie in my roeping kan stort sonder om bang te wees dat ek my “huismense” afskeep. Dit het my in staat gestel om op die moderatuur te dien saam met ’n voltydse gemeentepos en doseerverpligtinge by UP. Ek kon langer ure werk.

Aan die negatiewe kant het ek ondervind dat ek in sekere situasies harder moes werk om ernstig opgeneem te word. Omdat ek nie getroud is of kinders het nie, is situasies rondom huwelikspastoraat vir my moeiliker. Wanneer ek onseker daaroor voel of ek regtig verstaan, verwys ek lidmate met groot vrymoedigheid na ’n kundige persoon op die terrein van huweliks- en gesinspastoraat. Ten opsigte van sake soos doopkategese sorg ek dat ek baie goed voorbereid is. Ek het ook sisteme in my lewe ingebou waar ek met kinders en gesinne in aanraking kom ten einde iets van hulle leefwêreld te verstaan. Dit het my baie gehelp.

Ek het die swygteks in Timoteus nooit op ’n persoonlike vlak interpreteer nie – vir my was die verbod wat die kerk daaruit gelees het swaar genoeg!

Gespreksgenoot 5 is geskei en dit maak haar as’t ware onaanvaarbaar vir die kerk, al was die egskeiding, nie haar fout nie. Sy is baie realisties oor haar omstandighede alhoewel haar hart brand om in die bediening te kan staan.

G5: So ek blameer nie net die kerk, of ek blameer nie die kerk daarvoor nie. Ek besef as ek nou wil kla, dan moet ek net realisties wees oor waarnatoe stuur jy jou CV’s. Dit is net vir my as alleenouer moeilik om te voorsien dat ek byvoorbeeld in ’n stadsgemeente vir vier, vyf aande ’n

week gaan besig wees van vyfuur tot elfuur. Want daar is nie iemand by die huis by die kinders nie. So dit is gekompliseerde omstandighede ook omdat ek nog 'n alleenouer is ook.

Weet jy, Elsje, ek noem dit nou maar uit my eie uit ook. Ek dink wat my CV, aansoeke aanbetref, is die feit dat ek geskei is. Ek is redelik seker daarvan. Niemand sê dit vir my nie. Maar ek is baie seker daarvan dat veral in 'n omgewing waar jy nie bekend is nie. In P ken almal nou hoe dit gebeur en so aan. Maar as jy nou hierdie CV C toe stuur, en jy is nog 'n vrou en jy is geskei. Ek dink die vraagtekens is sommer so 5, 6, 7, 8, agter die ding. Daarom het ek al vir my ma-hulle gesê, as ek getroud was, was ek al dalk gouer geholpe met 'n werk. Dit lyk net 'n bietjie suspisieus vir mense wat nie my omstandighede geken het nie, wat nie weet wat gebeur het nie en wat jou nie ken nie.

### 6.3.3 Ander knelpunte aan gemeentes oorgelaat

Dat die pad van implementering en aanvaarding moeilik sou wees is ook voorsien, alhoewel die NG Kerk nie 'n daadwerklike plan daarmee gemaak het nie. Die Algemene Regskommissie moes aan die kerkregtelike en praktiese knelpunte aandag gee en dit is aan gemeentes oorgelaat om self te besluit om watter maniere die vrou in die amp van ouderling aangewend kan word. Die Algemene Kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie (AKAE) moes aanbevelings maak oor die optimale funksionering van die vrou in die amp van predikant (NG Kerk 1990:130–132)..

Die argument rondom die unieke aard van 'n vrou het weer sy kop op hierdie punt uitgesteek. Die unieke bydrae en aanwins wat 'n vrou tot die bediening kan bring is beklemtoon in teenstelling met die minderheidsverslag wat daarop gekonsenteer het om die aard van die vrou as 'n struikelblok uit te lig. Gemeentes wat groot predikantespanne het en waar die predikante kan spesialiseer, is aangemoedig om van die dames wat teologie studeer het in diens te neem al word hulle nie bevestig nie (NG Kerk 1990:131,132–134).

Ten einde laaste het die meerderheidsverslag aanbeveel dat vroue tot die ampte van predikant en ouderling toegelaat word.

## 6.4 DIE ANDERSHEID VAN 'N VROU VERHOED HAAR OM MANSWERK TE DOEN

Die minderheidsverslag wat tydens die sinode gedien het, is deur ds. S.M. van Vuuren opgestel en het veral gekonsentreer op die aard van die vrou wat haar verhoed om predikant te wees. Van Vuuren het spesifiek op die vrou se aard gekonsentreer omdat dit sy

belangstellingsveld is en ook omdat hy gevoel het dat daar reeds in vorige verslae aandag gegee is aan die prinsipiële begronding teen die toelating van vroue (Van Vuuren 2006).

Volgens Van Vuuren lê die swyggebodtekste klem op die andersheid van vroue en poog Paulus om die verskil tussen gebruike van mans en vroue aan te toon. Hiervolgens sou dit oneerbaar vir vroue wees om soos die man te wil aanbid en moet vroue in aanbidding "eie aan" hulle vroulike aard wees. Deur die ampte oop te stel, ignoreer die Algemene Sinode die Godgewilde andersheid van vroue.

Van Vuuren beweer dat vroue teen hulle minderwaardige posisie in die Westerse samelewing in opstand kom en dat selfs homoseksuele persone hulle hierin ondersteun: "die meisie-agtig geklede bebaarde jongman met sy oorbelle en armbande en die homoseksuele mens, wat nie duidelik weet tot watter geslag hy behoort nie (is), deel van die opstand teen die minderwaardigheid van die vrou" (NG Kerk 1990:132). Die NG Kerk moet van hierdie opstand kennis neem en dit kanaliseer deur ruimte in gemeentes te skep vir hulle God-gegewe vrou-wees. Die besondere ampte is beslis nie een van hierdie ruimtes nie. Een van sy aanbevelings aan die sinode is dan ook dat die sinode 'n studiestuk opstel oor die beste benutting van die vrou se gawes in die kerk (NG Kerk 1990:134).

Hy ontken nie die gelykwaardigheid van vroue en mans nie, maar staan die ongelykheid tussen mans en vrou sterk voor en illustreer dit deur sekere persoonlikheidseienskappe te kategoriseer volgens geslag. So is alle mans byvoorbeeld taakgerig en alle vroue kommunikatief (NG Kerk 1990:132–133).

Toegepas op die besondere ampte kan vroue nie die werk van 'n predikant doen nie omdat dit 'n mansberoep is. Haar seksualiteit kan ook "vir die gemeente, haar kollegas, haar kollegas se vrouens en vir haarself" probleme skep. 'n Ander tipiese "manlike" eienskap is dié van gesag: "As die ampte ... gesag dra, is dit nie vir die vrou bedoel nie". Vroue kan volgens hom nie gesag internaliseer nie en 'n gemeente sal vroue in 'n gesagsposisie moeilik aanvaar. Hiermee gee hy ook 'n bepaalde ampsbegrip weer, naamlik dat die amp van predikant 'n gesagvolle amp is (NG Kerk 1990:133). Hierdie standpunt kom uit 'n persoonlike belangstelling en studie in die onderwerp "manlik, vroulik en die kerk" (Van Vuuren 2006).

SvV: 'n Gemeente wat net vroue as predikante het, gaan geleidelik ontslae raak van die gesagsaspek. 'n Gemeente wat albei het sal sekerlik meer gebalanseerd wees, maar weet jy, die predikant, die manspredikant wat die beste vaar, wat die meeste werksbevrediging

> ervaar, is die predikant wat gesagvol optree. Met ander woorde die vrou is die vertroetelaar ... die moeder se liefde is vertroetelende liefde ...

Laastens sal vrouepredikante nie die wedywering kan hanteer nie en die vroue van predikante sal vrouepredikante ook as ’n bedreiging ervaar (NG Kerk 1990:133).

Oor een saak was Van Vuuren wel reg en dit is dat vrouens nie maklik hulle voete in die deur sal kry en beroep sal word nie. Hy illustreer sy waarskuwing deur talle voorbeelde uit Amerikaanse kerke aan te haal en beweer dat die oopstelling van die predikantsamp weinig meer as simboliese waarde sal besit (NG Kerk 1990:133).

Van Vuuren se standpunt laat die vraag ontstaan hoe manspredikante vroue dan enigsins in geloof en aanbidding kan lei as die amp van predikant in sy wese manlik is en vroue net op ’n vroulike manier kan aanbid. Die logiese implikasie van sy argument is dat geloof soos manspredikante dit leer en modelleer net vir ander mans geskik kan wees.

Impliseer hierdie frase dat ’n vrou se skeppingsmatige aard haar beperk om slegs sekere aspekte van die amp van diaken te verrig? Sou dieselfde nie ook van ’n man gesê kon word nie? Of was die bedoeling van hierdie frase om dit te beklemtoon dat vroue as vroue in die amp moes staan en dit nie soos ’n man probeer doen nie (Rhodes 1988:198)?

Die feminisme word daarvan beskuldig dat hulle in die stryd teen seksisme en diskriminasie vroue van hulle vroulikheid ontneem deur hulle vroulike eienskappe as bedreigend vir voortreflikheid te beskou (vgl. Heyns 1987:39). Daarom sal ’n sinsnede wat die vrou se eie aard beklemtoon, uit hierdie geledere onmiddellik met agterdog bejeën word.

Daar kan nie weggekom van die feit dat God die mens as man en vrou geskape het nie (Genesis 1:27). Menswees, sonder sowel man- as vrouwees is onvolledig en dra in homself die kiem van sy eie ondergang (Büchner & Strauss 1992:24). Net so sal kerkwees onvolledig wees as ’n vrou se aandeel nie daarin verreken word nie. Jewett (1982:116) stel dit dat die kerk “geestelike vaders” en “geestelike moeders” nodig het.

Sonder om dit aan ’n spesifieke geslag te koppel, moet daar toegegee word dat elke mens die reg het tot ’n styl en enige persoon se styl sal tot uiting kom in sy/haar bediening. Dit bring mee dat geen twee preke ooit dieselfde sal wees nie en dat dieselfde taak deur twee persone op verskillende wyses verrig sal word. Wie ’n afgeronde definisie van ’n vrou se eie aard aan die hand van ’n lysie eienskappe gee, loop die gevaar om te veralgemeen en eensydig te raak. Sekere eienskappe kan seker in die breë meer aan ’n man of ’n vrou gekoppel word, maar dit is nooit absoluut nie. As daar byvoorbeeld gesê word dat ’n vrou

meer saggeaard is, beteken dit nie dat daar nie mans is wat saggeaard is nie. Dit beteken ook nie dat 'n saggeaarde persoon nie leiding kan neem of ferm kan optree nie. Selfs in die eksegese word dit verreken dat die eksegeet nie 'n blanko bladsy is nie, maar dat sy/haar verwysingsraamwerk, agtergrond, opvattings en teologiese uitgangspunte alles sal meewerk in die proses van Woordverstaan en uiteindelik in die Woordoordrag. As stylverskille in die prediking erken en verreken word, is dit net so aanvaarbaar dat 'n vrou haar eie unieke styl mag handhaaf in haar bediening, hetsy as diaken, ouderling of predikant (vgl. Büchner 1991:9–12).

In die sestigerjare het soortgelyke stemme in die Gereformeerde Kerke in Nederland opgegaan (Goedhart 1966:77). Die frase is ook gebruik om die argumente ten gunste van vroue as diakens en predikante te versterk. Dalk was dit gebruik om, in die lig van die opvatting dat die feminisme vroulike eienskappe as 'n bedreiging beskou, teenstanders aan die een kant gerus te stel en die bydrae wat vroue tot die kerk kan maak, te beklemtoon.

Daar moet in ag geneem word dat die inhoudelike betekenis van wat 'n vrou se "eie aard" sou wees, iets is wat sosiaal gekonstrueer word. Dit kan in verskillende gemeenskappe verskillende dinge beteken. Kruger (1991:332) is van mening dat hierdie tipe verskille hoofsaaklik in patriargale diskoerse geformuleer word. So sal daar in 'n kerklike konteks 'n beeld geskep word van wat "vroulik" beteken en wat vroue binne hierdie betekenisraamwerk kan doen.

## 6.5 RIGLYNE VIR DIE AANWENDING VAN VROUE IN DIE DIAKENAMP

Op grond van 'n sinodebesluit in 1986 het AKLAS ook riglyne vir die aanwending van vrou in die diakenamp opgestel sodat sy hierdie amp volgens haar eie aard kan vervul. Dat laasgenoemde aanbeveling ook deur ds. Sampie van Vuuren gemaak is, is geen verrassing nie (NG Kerk Kommissie Leer en Aktuele Sake 1986:196). Hierdie riglyne beklemtoon weer eens die gelykwaardigheid van mans en vroue en die belangrikheid van alle werk wat daarop gerig is om die gemeente op te bou. In hierdie kort verslaggie word 'n belangrike erkenning wat eintlik meer aandag moes kry, so stilweg gemaak naamlik dat die "kompetisie-beginsel" [onderdanigheid? – EPB] tussen mans en vroue "vreemd is aan God se skeppingswil" en as 'n uitvloeisel van "die gebroke werklikheid en geskiedenis verstaan (moet) word" (NG Kerk 1990:562).

In teenstelling met die minderheidsverslag se standpunt oor die aard van die vrou as struikelblok vir haar toelating tot die amp van predikant, maar in aansluiting by die meerderheidsverslag se standpunt dat mans en vroue komplementêr tot mekaar is, word die verskille tussen mans en vroue en die verskillende wyses waarop hulle hulle onderskeie rolle vervul, as "verryking en verdieping van die dienswerk aan die kerk" gesien. Gemeentes is ook in hierdie besluit aangemoedig om hierdie verryking doelbewus na te streef. Alhoewel 'n vrou se rol as vrou en moeder nog steeds baie hoog geag word, word dit vir die eerste keer nie as struikelblok vir diens in die kerk gesien nie, maar as 'n eienskap wat 'n vrou juis geskik maak vir sekere dienswerk wat die kwaliteit van die geloofsgemeenskap kan verryk en 'n verruiming kan meebring in sekere eienskappe van 'n gemeente. Hierdie eienskappe word beskryf in terme van die gevoelsmatige, sensitiwiteit, medemenslikheid en versorgingsgerigtheid van 'n gemeente (NG Kerk 1990:562).

Dit is aan gemeentes self oorgelaat om aan hierdie riglyne konkrete gestalte te gee en die sinode het kerkrade versoek om in die lig van hierdie riglyne, wat eerder algemene beginsels as riglyne was, te besin oor die manier waarop vrouediakens in gemeentes aangewend word (NG Kerk 1990:562).

## 6.6 LEWENDIGE DEBATTE EN GESLOTE STEMBRIEWE

Daar was nie eenstemmigheid op die breër kerklike front oor die toelating van vroue nie. Soos reeds aangetoon het al elf die streeksinodes teen 1987 die kans gehad om hulle oor die saak uit te spreek: sewe streeksinodes was ten gunste van die toelating van vroue en vier daarteen. Alhoewel daar nie eenstemmigheid was nie, het hierdie stap alle sinodes ten minste die geleentheid tot inspraak gegee (Die Kerkbode 1987a).

Die finale debat oor die toelating van vroue tot die besondere ampte het groot belangstelling uitgelok. Nie almal wat wou praat het 'n spreekbeurt gekry nie. Hierdie debat is ook gekenmerk deur die verdeeldheid wat daar in die kerk hieroor was.

Aan die een kant was daar die ondersteuners van die minderheidsverslag wie se argumente meestal die praktiese struikelblokke uitgewys het. Die ooraanbod van proponente op daardie stadium is ook op die tafel gesit (Die Kerkbode 1990).

Aan die ander kant het die voorstanders vir vroue meer teologiese argumente gebruik. Prof. Attie Barnard het ook daarop gewys dat predikantsvroue die "wêreld vol preek terwyl hulle nie eens teologiese opleiding het nie" en gevra hoekom teologies-geskoolde vroue nie ook

die kans gegun kan word nie. Prof. Danie du Toit, skrywer van die meerderheidsverslag, het uitgewys dat die minderheidsverslag geen Bybelse gronde aantoon op grond waarvan vroue nie tot die ampte toegelaat kan word nie (Die Kerkbode 1990).

Een van die vrouepredikante wat die debat as besoeker bygewoon het, onthou dit so:

G7: Ek onthou baie goed. Daai oggend toe ek my kar gesluit het, het ek gebid: "Here, laat U wil geskied" [huil]. En toe is ons besoekersgalery toe. Hulle het begin met die debat oor die vrou in die amp net so voor teetyd. Toe het hulle dit gestop. En toe tydens teetyd ... En toe het daar 'n predikant na my toe gekom en gesê: "Ek sal sorg dat jy nie 'n predikant word nie." En dit was vir my verskriklik sleg. En dit was vir my toe eintlik wonderlik hoe die mans so eintlik om my toegemaak het en vir my gesê het: "Moet jou asseblief nie aan hom steur nie, hy weet nie wat hy sê nie".

In elk geval, na tee is ons terug. En toe was daar nog 'n paar debatte. Die debatvoering was party plekke histeries. Oor hoe gaan hulle 'n man uit die kroeg uithaal. Wat van haar as sy skei? Wat van haar as sy kinders het? Wat van haar as sy getroud is en die man is oorsee? Al sulke goeters het hulle oor gedebatteer. Dit was kort nadat Yolanda Dreyer geskei is en daai ding is nogal redelik gereeld opgehaal op die vloer – haar egskeiding en wat dit aan die kerk doen, haar huwelik wat misluk het omdat sy 'n predikant is, ensovoorts.

Oukei, ek dink wat ek van Johan Heyns sal onthou, is: Hy het daar voor by die moderatuurstafel gesit en hy het die debat begin ook. Toe kan hy sy slotargument gee. Toe het hy gesê: "Wie het die eerste gaan vertel dat Jesus opgestaan het? Dit was vroue gewees." En hy dit net daar gestop. Toe het hulle gestem.

Na 26 jaar se amptelike besinning het die Algemene Sinode uiteindelik tot stemming oorgegaan. Die Reglement van Orde, bepaling 3.16.1 (Kerkorde 1991:24) het bepaal dat daar oor sensitiewe sake per geslote stembrief gestem kan word. Prof. Pieter Potgieter, moderator tydens die 1990-vergadering, het geoordeel dat die saak kontensieus genoeg is vir 'n geslote stembrief. Uiteindelik is die meerderheidsverslag met 242 stemme teen 137 aanvaar. Na soveel jare van nadenke, verslae en debatte, het die deur uiteindelik vir vrouepredikante oopgegaan (NG Kerk 1990:563; Die Kerkbode 1990).

G7: Ek onthou, Fanie Snyman het onder op die vloer gesit. En hy het sy duime so vasgehou en vir my gewys dat hy vir my duim vashou en so aan. En ek dink baie van die mans het my dopgehou. Ek dink dat hulle die spanning kon gelees het ... Toe is dit nou so dat die vrou wel in die amp goedgekeur is. En die ou wat eerste by my was, wat ook op die besoekersgalery was, was Julian Müller, wat vir my gesê het: "Baie geluk." Kyk, hy was mos 'n studenteleraar

> gewees en ek het hom van daar af geken. En hy was toe heel eerste by my gewees. Ek weet nie meer of hy dit onthou nie. Maar ek onthou dit baie, baie goed.

Die Tydelike Regskommissie is gevra om die gepaste artikels in die Kerkorde te wysig (NG Kerk 1990:563). Daar is ongelukkig besluit om die manlike vorm van skryfwyse in die Kerkorde te behou omdat dit volgens die regkommissie ook die vroulike vorm insluit. Dames kon ook gelegitimeer word sodra hulle aan al die vereistes van hulle teologiese opleiding voldoen het en preekvergunning vir vroue is onmiddellik toegestaan (NG Kerk 1990:718).

Daar is ook besluit dat AKAE ondersoek moet instel na hoe die toelating van vroue in die lerende amp vrouewerk in sy huidige vorm sal raak en dat die Algemene Kommissie vir Vrouelidmate (AKV) ook in hierdie kommissie moet dien (NG Kerk 1990:625).

### 6.6.1 Kerklike taalgebruik reflekteer manlike leefwêreld

Die besluit van die regskommissie om nie inklusiewe taal in die Kerkorde te gebruik nie, sou vir jare die werklikheid van manlike oorheersing in stand hou en weerspieël. Dit was 'n ondeurdagte en bloot praktiese en maklike besluit van die Regskommissie waarin daar nie behoorlik teologies oor die implikasie van die besluit nagedink is nie.

Tradisioneel word die verhouding tussen taal en 'n persoon (gebruiker) slegs as 'n manier gesien om jouself uit te druk. Hiervolgens gebruik mense taal bloot om sake wat reeds in hulleself of die wêreld bestaan, mee te beskryf of uitdrukking daaraan te gee (Burr 1996:33). In 'n postmoderne denkwyse is taal nie net meer 'n helder venster op die wêreld nie. Taal skep en modelleer wat mense sien en hoe hulle dit wat hulle sien verstaan (Ward 2007: paragraaf 3). Binne die sosiaal-konstruksionisme is die manier waarop taal gestruktureer word bepalend vir die manier waarop ervaring gestruktureer word. Dit wil sê dat hoe 'n persoon oor hom- of haarself dink, hulleself ervaar, hulle identiteit en persoonlikheid deur taal beïnvloed word (Burr 1996:35, 39). Taal voorsien ons dus van 'n struktuur wat ons in staat stel om vorm en betekenis aan ons ervaringe te gee (Demasure & Müller 2006:414). Burr (1996:40–41) is verder van mening dat wanneer ons na verduidelikings vir sosiale optrede soek, ons nie na die individue moet kyk nie, maar na die linguistiese spasie/area waarin mense saam met ander mense beweeg.

Taal word ook nie in 'n vakuum gebesig nie. Waar en hoe en tussen wie iets gesê word, het ook 'n invloed op die betekenis daarvan. Die betekenis van 'n opmerking of vraag kan dus verander omdat situasies kan verskil en mense verskillend is (Van der Merwe

1995:179–180). Toegepas op ’n kerklike vergadering is die aanspreekvorm “broers” vir vrouens wat jare lank moes wag om predikante te kan word, nie ’n blote aanspreekvorm waarby hulle vanselfsprekend ingesluit is nie. In so ’n situasie ervaar die vroue dat hulle steeds uitgesluit word. Dieselfde geld vir ’n begrip soos “broederkringe”. Sosiale ongelykhede word weerspieël in linguistiese ongelykhede (Lakoff 1975:46–47; Plaatjies 2003:301).

Volgens Bennett (2007: paragraaf 2) is taal inklusief as dit nie vroue of ander minderheidsgroepe uitsluit nie. Teologiese en liturgiese taal het oor eeue heen in ’n bepaalde leefwêreld ontwikkel waarin mans die hoofrolspelers was. Volgens dr. Elsabé Kloppers, direkteur van die Instituut van vir Kerkmusiek in Suid-Afrika, is vroue in die teologiese en liturgiese wêreld onsigbaar en onhoorbaar gemaak. Insklusiewe taalgebruik is volgens Kloppers nie regstellende taal nie, maar moet byvoorbeeld in die erediens gebruik word sodat almal in die erediens tuis kan voel (*Die Hervormer* 2006:1). Vrouepredikante kan volgens Barr (1988: paragraaf 25) die sagte, versorgende kant van God in die liturgie beter reflekteer.

Daar bestaan groot verskille oor die gebruik van inklusiewe liturgiese taal veral waar dit oor Godsbeelde en Goddelike metafore gaan. Bennett (2007: paragraaf 10) is van mening dat meer vroulike metafore by die liturgie gevoeg kan word, maar dat die tradisionele metafore tog behou moet word en dat dit altyd Bybels gegrond moet wees. Wanneer inklusiewe liturgiese taal op ’n kerk afgedwing word, kan dit eksklusief raak.

Dieselfde geld nie vir die kerklike aanspreekvorme nie. Hier behoort gebruikers meer moeite te doen om doelbewus inklusief te praat, alhoewel hoofstroom-Protestantse kerke dikwels daarteen skop (vgl. Bennett 2007:9 se ervaring hieroor).

#### 6.6.1.1 Dit is die mag van die gewoonte – of is dit?

Volgens Barr (1988: paragraaf 3 en 6) moet inklusiewe taal in die kerk nooit op propoganda gemik wees nie. Alhoewel hy die opmerking maak ten opsigte van liturgiese taal, is dit ook van toepassing op aanspreekvorme en algemene kerktaal. Hy is verder van mening dat die hele saak rondom inklusiewe taal in die kerk baie sensitief is. Barr (1988: paragraaf 15) is verder van mening dat vrouepredikante die leiding moet neem om inklusiewe liturgiese taal in die kerk te help vestig. Myns insiens kan vroue wel help om liturgiese taal meer inklusief te maak, maar moet manspredikante juis daarop bedag wees om in aanspreekvorme die volle vergadering in ag te neem.

Die manlik oorheersende aanspreekvorme in die kerk word verdedig as ’n “gewoonte” en dat vroue dit as vanselfsprekend moet aanvaar dat hulle as kerkraadslede of kollegas hartlik welkom is (Wessels 1995:9). Laasgenoemde verskoning vind bitter min byval by vroue: “Dit is nie meer goed genoeg om eksklusiewe taal te verskoon omdat dit nog maar altyd so gebruik is nie” (Hantie Kotze soos aangehaal in Wessels 1995:17). Die algemene gevoel is dat mans meer moeite moet doen om anders te praat, al was die manlike aanspreekvorme hoe lank gebruik.

Gespreksgenoot 7 laat haar soos volg oor die aanspreekvorm “broers” uit:

G7: Die storie was anderste toe ek fakulteit toe gegaan het. Toe was dit broers, dan praat, praat, praat hulle, en dan sal hulle sê “suster”. En dan gaan ons weer aan en dan broers hulle weer. Dan vra hulle verskriklik mooi om verskoning dat hulle my nie genoem het nie, maar ek moet aanvaar dat ek ingesluit is by die broers en so aan.

Weet jy, dit het my in ’n sekere sin nie gepla nie. Maar wat my wel naderhand geweldig begin irriteer het is hierdie verskoning gevraery, want dit het vir my gevoel in plaas daarvan om nou aanmekaar te konsentreer om elke keer om verskoning te vra, kan julle maar net so wel sê “broers en suster”. **Hoe moeilik kan dit nou wees as ’n ou uit ’n gemeente kom waar daar tog mans en vrouens in die gemeente was?** [My beklemtoning donkerder gedruk – EPB]

Vyf jaar na afloop van die besluit van die Algemene Sinode om die manlike aanspreekvorme te behou, het ’n debat in die kerklike media hieroor uitgebreek. In ’n artikel wat in *Die Kerkbode* van 27 Oktober 1995 verskyn het, word die vraag gevra of die besware wat vroue teen manlike aanspreekvorme soos “broederlike onderhoud” en “broers” maak “tydmors oor beuselagtighede” is en of dit die moeite werd is om daaroor te stry. Dat vroue oorsensitief oor manlike aanspreekvorms is, is ’n flou argument wat die aandag probeer aflei van die werklike probleem. Dit is meer as ’n praktiese saak, in wese gaan dit oor die integrering van ’n geloofstandpunt in ’n persoon se lewe: “As ’n mens erns maak met God se “ja” vir die mens, kan jy nie sulke sensitiwiteit sonder meer afmaak nie” (Kruger soos aangehaal in Wessels 1995:9).

Lakoff (1975:43–45) het in ’n omvattende studie ook bevind dat die aanhoudende gebruik van die neutrale aanspreekvorm “he” in Engels vroue uitgesluit, minderwaardig en “nonexistent” laat voel. Sy is bekommerd oor die invloed van die gebruik in Engels en baie ander tale om in ’n gemengde gehoor op die manlike aanspreekvorm terug te val.

As ’n saak nie vir een groep belangrik is nie, beteken dit nie dat dit onbelangrik is vir die persone wat aan ontvangkant daarvan staan nie. Sinsnedes soos “dit laat ons nie regtig deel

voel van die vergaderings of beraadslaginge nie", dit is "onsensitief" en "ek voel as vrou uitgesluit en ondergeskik" som vroue se ervarings hieroor op (Wessels 1995:9).

#### 6.6.1.2 Die mag om sosiale verandering teweeg te bring

Taal het ook die mag om persoonlike en sosiale verandering teweeg te bring (Burr 1996:43). As die regskommissie van die begin af duidelike leiding gegee het deur inklusiewe taal te gebruik, sou dit kon meehelp om die realiteit van vrouepredikante vinniger in die kerk te vestig.

Müller (2000b:12) laat hom soos volg oor kerklike taal uit in 'n bespreking van die huidige huweliksformulier:

> "Ons kerklike taal is waarskynlik een van die grootste struikelblokke in die stryd om diskriminasie teen vroue uit te wis. Hoe sal ons ooit 'n bydrae kan lewer tot die gelyke behandeling van vroue en die respekvolle behandeling van die vrou en dogter in die huisgesin as ons aanhou om sulke formuliere te gebruik? As die kerk eerlik is met die belydenis dat daar in Christus nie meer allerhande ongelyke kategorieë van mense is nie, maar dat almal één is en gelyk is as susters en broers in Christus, sal ons daardie taal konsekwent moet praat in ons gebede, ons liedere, ons formuliere en ons preke."

Prof. Elna Mouton (soos aangehaal in Wessels 1995:9), toe nog verbonde aan die Departement Godsdienswetenskappe aan die Universiteit van Port Elizabeth, som die kern van die problematiek reg op as sy sê: "Ons praat soos ons dink. As mense voortgaan om in hulle aanspreekwyse vroue uit te sluit, wonder 'n mens of hulle regtig hulle vooroordele prysgegee het, soos hulle beweer. Het hulle harte regtig verander?" Eksklusiewe taalgebruik versterk ook heersende vooroordele, al is die gebruikers daarvan nie eens bewus van hulle eie vooroordele nie.

Gespreksgenoot 7 meet die verandering in die kerk sewentien jaar nadat vroue tot die amp van predikant toegelaat is, onder andere aan die taalgebruik tydens kerkvergaderings.

G7: So ek dink daar is sekere goed wat met sinodes nog gebeur as hulle net die heeltyd "broers".

#### 6.6.1.3 Gelaaide woorde

Volgens gespreksgenoot 2 gaan inklusiewe taal oor meer as net aanspreekvorme. Sy voel dat manspredikante ook versigtig moet wees met watter begrippe hulle gebruik om iets te illustreer.

G2: ... Onthou jy professor .... by ... Ag, dan kan hy so vir jou sê: "Nou kraam julle die antwoorde uit." Dan het ek gedink, dit is 'n erg persoonlike woord daai, wat weet hy daarvan? En dan dink hulle jy as vrou moet dit nie persoonlik neem nie.

#### 6.6.1.4 Wees sensitief vir alle minderheidsgroepe

Inklusiewe taalgebruik gaan oor meer as net die insluiting van vroue. Minderheidsgroepe in kerke, soos enkellopendes, word ook baie keer in die kerk deur middel van taalgebruik, voorbeelde en simboliek uitgesluit: "Soms praat predikante in gemeentes asof alle mense in die gemeente getroud is en kinders het" (Antonissen soos aangehaal in Wessels 1995:9). Predikante én ampsdraers sal tydens byeenkomste, eredienste en amptelike kerkvergaderings moeite moet doen om inklusief te praat en die gemeente deur eie voorbeeld te sensitiseer.

## 7. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die breër historiese tydvak wat vanaf 1978 tot 1990 strek, kortliks beskryf. Gedurende die politieke onrus wat in die 1980's geheers het, het Afrikanervroue op verskillende maniere op die onrus gereageer. Aan die een kant is hulle opgekommandeer om op 'n sagte manier deel van die stryd te word en aan die ander kant het hulle deel van vroue-organisasies geword wat hulle vir beter verhoudinge tussen wit en swart beywer het. Die volksmoederdiskoers het tot in die 1990's nog sterk onder Afrikanervroue gefunksioneer. Die benaming het egter intussen na dié van huisvrou verander. Die 1990's word deur groot politieke en staatkundige veranderinge in gekenmerk.

Die kerklike debat rondom die toelating van vroue tot die ampte is vanaf 1978 tot 1990 sal onthou word vir die skerp verskil in Skrifinterpretasie. Tydens die Sinodes van 1978, 1982, 1986 en 1990 het daar telkens twee verslae gedien. In die verslae wat teen die toelating van vroue gemik was, is vroue se dienswerk in die Bybel as nie-amptelik afgemaak. Die swyggebod is ook as norm vir alle tye beskou. Vroue is uiteindelik in 1982 tot die amp van diaken toegelaat. In die meerderheidsverslag wat in 1990 voor die Algemene Sinode gedien het, is die problematiek oor die interpretasie van die swygtekste eerlik verreken. Daar is probeer om vas te stel wat Paulus se motief vir die skryf van die tekste was en tot die gevolgtrekking gekom dat die Bybel meer na die swygtekste sou verwys as dit so belangrike saak was. Na 26 jaar se besinning het die Algemene Sinode in 1990 per geslote stembrief gestem en die meerderheidsverslag, ten gunste van die toelating van vroue tot die

ampte van ouderling en diaken, aanvaar. Daar is ongelukkig besluit om die manlike vorm van skryfwyse in die Kerkorde te behou en nie inklusiewe taal te gebruik nie.

Meer vroue het gedurende die 1980's aan hulle roeping gehoor gegee en teologie gaan studeer ten spyte van die feit dat die NG Kerk se deure nog toe was. Die besluit in 1986 om eers met die toelating van vrouepredikante te wag omdat Kerk en Samelewing reeds baie rimpelings veroorsaak het, is baie negatief deur die vrouestudente beleef wat toe nie saam met hulle klasmaats gelegitimeer kon word nie. Hier het hulle hulle vroulikheid vir die eerste keer as 'n struikelblok in die oë van die kerk beleef.

Terwyl die kerk skerp oor die interpretasie van die swygtekste verskil het, het vroueproponente en -predikante swaarder gewig aan hulle roepingstekste as die Pauliniese swygtekste toegeken.

**Hoofstuk 4**

# 1991–2007:
# DIE PRAKTYK VAT STADIG POS

## 1. DIE GROTER LANDKAART: 1991–2007

### 1.1 GROOT VERANDERINGS OP POLITIEKE TERREIN

F.W. de Klerk het na sy inhuldiging as staatspresident in 1989 massaoptrede begin toegelaat, die noodstand beëindig en die verbod op bevrydingsorganisasies soos die ANC en PAC opgehef (Giliomee 2004:593). Dit het die weg help baan vir die amptelike samesprekings (KODESA genoem) tussen die De Klerk-regering, die ANC en ander partye vir 'n toekomstige staatkundige bedeling.

Suid-Afrika is ook gedurende hierdie tydperk op vele gebiede weer tot die internasionale arena toegelaat. In 1992 is 'n referendum onder wit kiesers gehou wat met 'n oorweldigende meerderheid ten gunste van die De Klerk-regering se beleid vir grondwetlike hervorming gestem het. Ná die menseslagting by Boipatong waarin 46 mense gesterf het, het die ANC hom tydelik aan die onderhandelinge onttrek, maar na oorreding weer teruggekeer na die tafel (Uys 2007:309).

1994 was die volgende waterskeiding. In die kleiner konteks van die NG Kerk is dit die jaar wat die eerste vrouepredikant in die NG Kerk uiteindelik beroep is. Maar dit was ook 'n groot jaar in Suid-Afrika. Gedurende April 1994 is die eerste demokratiese verkiesings in Suid-Afrika gehou waarna Nelson Mandela die eerste swart staatspresident geword het. Die proses het bo alle verwagtinge taamlik vreedsaam verloop.

President Nelson Mandela onderteken die nuwe Suid-Afrikaanse grondwet in 1996 nadat dit deur die parlement aanvaar is (Uys 2007:309). Thabo Mbeki volg Nelson Mandela in 1999 as staatspresident op en dien nou reeds in sy tweede termyn.

President Mandela het 'n Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) aangestel om die skending van menseregte tussen 1960 en 1990 te ondersoek. Tydens die WVK-sittings kon diegene wie se menseregte geskend is, hulle stories in die openbaar vertel. Amnestie is aan

oortreders toegestaan wat 'n volle belydenis oor hulle dade afgelê het (Giliomee 2004:611). Prof. Piet Meiring, toe moderator van die Oos-Transvaalse Sinode en professor in Sendingwetenskap aan Universiteit van Pretoria, is genomineer om in die Reparasie- en rehabilitasiekomitee te dien (Meiring 1999:15).

Die politieke toneel het vir wit Afrikaners baie verander. Die Demokratiese Alliansie (DP) het in 2000 tot stand gekom. Die NP het uiteindelik in 2004 ontbind. In 2004 het die ANC die derde demokratiese verkiesing met 'n oorweldigende meerderheid gewen. Dit is nie net meer wit vroue wie se politieke stem stil is nie. Dit is opmerklik dat baie Afrikaners die laaste paar jaar polities apaties geword het. Volgens Giliomee (2004:635) is Afrikaners nou 'n oorwegend "wetsgehoorsame, godsdienstige en pragmatiese gemeenskap wat saam met al die ander mense in die land vryheid van spraak en ander individuele regte geniet." Hy beskryf Afrikaners voorts as mense wat tans sonder sterk leiers en organisasies is, maar tog "besig is om hulle eie besondere gemeenskapsidentiteit te herontdek en herbeskryf."

Die NG Kerk het in 2004 'n roepingsverklaring aanvaar waarin sy haar eerstens opnuut verbind het aan die Here en om die Woord tydig en ontydig te verkondig. In die tweede plek het die NG Kerk haar opnuut aan Suid-Afrika verbind en om mee te werk aan oplossings vir samelewingsprobleme (NG Kerk 2004:426). Hiermee het die NG Kerk haar roeping herbevestig om in Suid-Afrika te midde van onsekerheid en 'n vlaag van misdaad uit te leef.

**Tabel 9: Tydlyn 1991–2007**

| Jaargang → Kategorie ↓ | 1991–1992 | 1993 | 1994 | 1995–1996 | 1998 | 1999–2000 | 2002–2004 | 2005–2007 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Polities** | 1991: KODESA same-sprekinge begin | Verskeie moorde en mense-slagtings vind plaas: * Chris Hani word deur Janusz Waluz vermoor | ANC wen eerste demokra-tiese verkiesing in SA | | | 1999: ANC wen tweede demokra-tiese verkiesing | 2003: Nuwe politieke party, die Vryheids-front Plus word gestig | |

| **Jaargang → Kategorie ↓** | **1991–1992** | **1993** | **1994** | **1995–1996** | **1998** | **1999–2000** | **2002–2004** | **2005–2007** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Polities (vervolg)** | Groeps-gebiede-wet word afgeskaf *** 1992: Wit kiesers stem ten gunste van De Klerk se beleid van grondwet-like hervorm-ing *** Boipa-tong-mense-slagting | * Amy Biehl word deur politieke oproer-makers vermoor * St. James Kerkslag-ting *** Tussen-tydse Grondwet op 18/11 aanvaar en oorgangs-regering kom tot stand | Nelson Mandela as staats-president ingehuldig *** Veelparty-regering kom tot stand *** F.W. de Klerk en Thabo Mbeki beide adjunk-presidente | 1996: WVK se eerste sittings o.l.v. aartsbis-kop Desmond Tutu begin *** Nuwe Suid-Afrikaanse Grondwet word aanvaar *** NP onttrek hom aan die veel-party-regering | 1998: Bom ontplof in 'n eetplek in die Kaapse Waterfront *** Die moorde-naars wat Amy Biehl vermoor het, kry amnestie *** WVK-onder-soeke voltooi | Thabo Mbeki word president *** APLA, gewapen-de vleuel van die PAC, ontbind *** 2000: Demokra-tiese Allianasie kom tot stand | 2004: ANC wen 3de demo-kratiese verkiesing *** NP ontbind na swak verkie-singsuit-slae | |
| **Ekonomies** | | | | | | Tito Mboweni eerste swart president van die Reserwe-bank | | 2006: Sakeleier dr. Anton Rupert oorlede |
| **Opvoed-kundig en kultureel** | | F.W. de Klerk en Nelson Mandela wen saam die Nobelprys vir vrede *** Afrikaans word een van elf landstale | | | | | | |
| **Vroue** | Women's National Coalition gestig | | | | | "Naked women's protest" vind plaas | | 2007: Wet-gewing bepaal dat geskeide vroue toegang het tot hulle mans se pensioen-fonds |

| **Jaargang →<br>Kategorie ↓** | **1991–1992** | **1993** | **1994** | **1995–1996** | **1998** | **1999–2000** | **2002–2004** | **2005–2007** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Kerklik** | | | VGK kom tot stand<br>***<br>NG Kerk se Sinode van Versoening<br>***<br>Prof J.A. Heyns vermoor | NG Kerk maak voorlegging aan WVK | NG Kerk hertoegelaat tot WBGK<br>***<br>Algemene Sinode besin weer oor Skrifinterpretasie | Geloofsverklaring 2000 | 2002: NG Kerk 350 jaar in Afrika<br>***<br>2002: NG Kerk bely dat diskriminasie teen vroue sonde is<br>***<br>2004: Dr. Beyers Naudé oorlede<br>***<br>'n Vrou word vir die 1ste keer op die moderatuur van die Algemene Sinode verkies | 2006: Kerkherenigingsgesprekke tussen die NG Kerk, VGK, RCA en NGKA kom weer op dreef<br>***<br>2007: Algemene Sinode van die NG Kerk neem na lang debat standpunt in oor homoseksualiteit |
| **Ander** | 1991: S.A. word weer lid van die Internasionale Olimpiese Komitee en Internasionale Krieketraad<br>***<br>1992: S.A. hertoegelaat tot Fifa, die internasionale Sokker Federasie | | | 1995: S.A. die gasheerland van Wêreldbekerrugby & SA wen die toernooi | | | 2002: Mark Shuttleworth word 1ste Suid-Afrikaner om 'n ruimtevaart mee te maak<br>***<br>2002: Hansie Cronjé, voormalige krieketkaptein sterf in vliegongeluk | 2007: S.A. wen weer die Wêreldbekerrugbytoernooi |

(Uys 2007:308–310; Brown & Hofmeyr 2002:25; Maritz 2004:71; Meintjes 2007:347)

## 1.2 AFRIKANERVROUE SE SOEKE NA ’N EIE EN UNIEKE ROL EN IDENTITEIT

Teen 1992 het die media meer genuanseerd oor die posisie van vroue in die godsdienswêreld begin berig. Dit was nou nie net meer enkele artikels met ’n sagte aanslag oor die rariteit van ’n vroueproponent of vrouepredikant wat êrens in ’n gemeente werksaam is nie. ’n Koerantberig in Beeld met die opskrif: “Vroue maak stem dik in godsdienswêreld” vertel ’n meer volledige storie oor die posisie van vroue in bykans alle gelowe. Die berig is nie in tradisionele kerklike taal geskryf nie en gebruik terme soos dat vroue op gesagsposisies in die godsdienswêreld “aandring” en dat ’n stil “rewolusie” in die land “woed”. ’n Berig in dieselfde trant het ook in hierdie tyd in ’n vrouetydskrif verskyn. Al meer kerke het vroue nou as priesters en predikante begin toelaat met die Anglikaanse Kerk en die Church of England wat hulle deure in 1992 vir vroue oopgegooi het (Beeld 1992:11).

Die patriargale samelewing het egter nog ’n houvas op vroue in die algemeen gehad. Roepstemme om aanvaarding van vroue in die politieke- en besigheidswêreld het nou ook hoorbaar begin word. Wetgewing het nog sterk teen vroue gediskrimineer. So het die maatskappyewet byvoorbeeld bepaal dat ’n vrou eers haar man se skriftelike toestemming moes verkry voordat sy ’n maatskappy kan stig (sien Delport 2000, bylae 2, punt 5). Tot in 1992 is slegs 17% van bestuursposte in maatskappye deur vroue beklee. In ’n tydskrifartikel uit hierdie tyd word berig hoe ’n man sy vroulike politieke teenstander nie oor haar kundigheid of politieke kwessies aangevat het nie, maar haar wel daarvan beskuldig het dat sy nie die werk behoorlik sou kon doen nie vanweë haar verpligtinge teenoor haar man en kinders (Maritz 2004:46–47)! Die feit dat die media aan die saak aandag gegee het, wys dat dit selfs tot in 1992 nog steeds ’n breër probleem in die samelewing was. Hierdie tipe argumentasie wat vroue se bekwaamheid meet aan die nakoming van hulle huislike verpligtinge en nie op die spesifieke veld van toepassing nie, was ook kenmerkend van die vroeëre kerklike debat oor die toelating van vroue tot die ampte.

Daar was ’n beweging van die volksmoederdiskoers na dié van die huisvrou. Teen 2007 word beroepsvroue algemeen aanvaar, maar die vraag word steeds in die media gevra: “Kan ’n vrou regtig régtig ’n goeie ma wees én ’n suksesvolle loopbaan hê, of sal sy iewers iets moet prysgee?” Volgens die artikel voer werkende ma’s ’n innerlike stryd tussen die

behoefte om hulleself te aktualiseer en in 'n beroep uit te leef teenoor die stryd om 'n goeie ma te wees (Van Eeden 2007:10).

### 1.2.1 Vroue-organisasies heroriënteer hulleself binne 'n nuwe politieke bestel

Na oud-president Nelson Mandela se vrylating in 1990 en veral na die eerste demokratiese verkiesing in 1994 moes vroue-organisasies hulleself heroriënteer binne 'n nuwe politieke bedeling. Een van die progressiewe stappe wat verskeie vroue-organisasies geneem het, was om by die Women's National Coalition (WNC) betrokke te raak. Dit was egter net die vroue in die leierskap van organisasies soos Dames Aktueel, Jong Dames Dinamiek, Die Dameskring en die SAVV wat hierdie blootstelling gekry het. Min van die kontak het regtig deurgesyfer na takke se werksaamhede.

'n Organisasie soos JDD het hulleself vanaf 1995 begin toespits op vrouesake en wegbeweeg van die kulturele sy van dié organisasie se oorspronklike doelstellings (JDD 1997:1–6). Hierdie skuif het gewone lede in beweging gebring om 'n nuwe sosiale verantwoordelikheid vir die bemagtiging van vroue te aanvaar en tot uitvoering te bring (JDD 2001:1–2). Vroue is (deur vroue-organisasies) op verskillende maniere aangemoedig om hulle mede-Suid-Afrikaners te leer ken en na hulle uit te reik (Maritz 2004:115). In die lig hiervan het die meeste Afrikaanse vroue-organisasies hulle doelstelings en werksaamhede onder oënskou geneem. Teen 2005 het die ledetal van die meeste vroue-organisasies dramaties afgeneem. Dit kan aan 'n verskeidenheid van faktore toegeskryf word. Een van die faktore is dat meer vroue werk en nie meer tyd het om aan 'n vroue-organisasie te behoort nie. Vroue-organisasies is ook nie meer die enigste ruimte waarin vroue hulleself sinvol buite hulle huise kan uitleef nie.

### 1.2.2 Die stryd teen diskriminasie begin amptelike status kry

In 1993 het die oorgangsregering konsepwetgewing teen diskriminasie voorgelê. Sterk vroueleiers en kampvegters vir vroueregte, soos Margaret Lessing en advokaat Francis Bosman, het 'n sterk pleidooi gelewer om vroue deel van die besluitnemingsprosesse in die land te maak. Dit sou help om diskriminasie teen vroue teë te werk. Ten spyte hiervan het Afrikanervroue nog steeds nie in die politieke arena 'n sterk stempel afgedruk nie – haar openbare stem was steeds grootliks afwesig en geen vroueparty het enige setels in die eerste demokratiese verkiesing in 1994 gewen nie (Maritz 2004:62–63). Vroue het hulle stemme op daardie stadium steeds eerder deur vroue-organisasies laat hoor.

Vrouedag is die eerste keer op 9 Augustus 1995 gevier. Die datum herdenk die vroue-optog van 1956 toe vroue teen die paswette betoog het. Op 24 Julie 1996 is daar ook ’n nasionale Kommissie vir Geslagsgelykheid in die lewe geroep. Meer as 40% van die huidige Parlement bestaan uit vroue.

Die stryd teen diskriminasie en vooroordele jeens vroue is nog lank nie verby nie. In ’n studie wat die Suid-Afrikaner se mening oor waardes peil, is daar bevind dat meer as die helfte van Suid-Afrikaanse mans en byna ’n derde vroue glo dat vroue nie oor die nodige leierskapsvaardighede in die besigheidswêreld en politiek beskik nie. 23% mans en 17% vroue glo ook steeds dat universiteitsopleiding belangriker vir seuns as meisies is (CICP 2007:9).

## 2. SAL VROUEPREDIKANTE AANVAAR ÉN BEROEP WORD?

Skaars ’n week na afloop van die geskiedkundige Algemene Sinode van 1990 is die vraag of vroue ooit op die kansel sal pryk, in die media gevra. Die aanname is gemaak dat dit “waarskynlik nog ’n hele ruk (sou) duur voordat vrouepredikante aanvaar en en beroep word” (Hagelskamp 1990:17). Dit was profetiese woorde en die media het ’n probleem raakgesien waaraan die NG Kerk se sinodale strukture tot in 2000 niks sou doen nie. Dit sou nog byna vier jaar neem voordat die eerste vrou in die NG Kerk beroep word.

Vir die vroue wat reeds in die 1980’s hulle studies voltooi het, was die aanhoudende onsuksesvolle aansoeke ’n baie negatiewe ervaring. Aanvanklik was gespreksgenoot 2 baie bly oor die Algemene Sinode se besluit, maar haar blydskap was van korte duur. Sy dink vandag dat die kerk nie regtig gereed was vir die besluit wat geneem is nie.

G2: Hulle het my gebel – ons was op vakansie. Ek was baie bly, maar dit het my nog nie geraak nie. Dit bly *wow*, wonderlik! Dit is soos vrede in die land, maar daar het niks verander in my lewe nie. **Eintlik – toe het my seer begin. Toe het ek begin aansoek doen. Daai was amper vir my meer traumaties. Daai eerstes was kleintjies – ek kon amper vir myself sê, oukei, dit is nie ek nie. Ek kon dit nog bietjie oorleef. Maar toe begin dit (voel) dit is ek wat nie slaag nie, ek wat nie slaag nie, ek wat nie goed genoeg is nie, ek wat nie werk kry nie. Nou is die kerk se saak weer reg. Hy’s oop. Maar ek is nou nie goed genoeg nie. Ek dink dit was vir my die slegste jare.** Want dit het toe begin noodsaaklik raak om werk te kry. Om werk te kry! ... **Ek dink nie die kerk was reg vir die vrou nie** ... [My beklemtoning donkerder gedruk – EPB]

## 2.1 UITEINDELIK GELEGITIMEER

Vroue wat reeds vroeër hulle studies voltooi het, kon uiteindelik gelegitimeer word. In 1990 is agt vroue gelegitimeer en die volgende jaar veertien. Estie Visagie was een van die vroue wat in 1991 gelegitimeer is, 35 jaar nadat sy haar studies voltooi het. Sy het haar B.A. Admissie in 1953 aan US voltooi en in 1956 haar B.D. by Tukkies behaal. Sy is egter nooit beroep nie. Nie al die vroue wat reeds in die 1980's klaar gemaak het, het onmiddellik vir legitimasie aansoek gedoen nie omdat hulle omstandighede dit nie onmiddellik toegelaat het nie. Toe gespreksgenoot 2 eers in 1992 vir legitimasie aansoek doen, wou die kuratorium dat sy eers wees 'n *collocium doctum* doen. Sy het hierteen vasgeskop.

G2: In 1992 toe sê hulle vir my ek moet nou weer 'n *collocium doctum* doen omdat ek nou al die jare uit die kerk, jy weet nou agter geraak het. **Toe sê ek, toe het ek half opgestaan en gesê: "Probeer dit! Dit is nie my skuld dat ek hier staan nie." Toe het hulle dit gelos en toe is ek net gelegitimeer.** Ek gaan nie weer nou verantwoording doen vir my lewe, waar ek dit al die pad reeds reg gedoen het nie! [My beklemtoning donkerder gedruk – EPB]

Om uiteindelik na soveel jare van wag gelegitimeer te word, was 'n soort antiklimaks vir die vroue. Hulle wou dit eerder saam met hulle klasmaats beleef het.

G2: Met my legitimasie was ek swanger met my derde kind. Daar staan ek so uit met my swanger magie, so vroulik! Dit is nie my jaargroep nie en hierso, dit pas nie in hierdie manswêreld nie. Ek was nie veronderstel om so te lyk nie! Want dit maak jou vroulikheid meer en dit was juis vir my die bedreiging.

G7: Ek, ek weet van daai geleentheid niks. Dit is asof dit 'n totale *blank* is. Ek weet ... was ook by daai geleentheid. Baie keer sal hy daarna verwys, maar ek is 'n totale *blank*. Ek weet niks wat gepreek is nie. Ek weet nie hoe ek deur daai storie is nie, wat ek geteken het of niks nie.

EPB: Was dit 'n anti-klimaks vir jou?

G7: Ja, absoluut. **Hier was ek saam met 'n klas waarmee ek geen bande het nie.** Dit was vir my baie sleg gewees. [My beklemtoning donkerder gedruk – EPB]

Gespreksgenoot 5 het aanvanklik teologie gaan studeer met die oog daarop om 'n kerklike werkster te word. Die NG Kerk se besluit het nou nuwe moontlikhede vir haar oopgemaak. Dit was iets waaraan sy voorheen nie regtig gedink het nie.

G5: Toe dit eers amptelik oop is, toe het ek besef, wel, my kwalifikasies is dieselfde as wat my klasmaats was dalk gaan ek dit eendag ook kan doen. Op daai stadium het ek dit nie gedink nie, want my kinders was nog baie klein gewees en soos ek sê, dit was maar 'n voltydse ding,

met drie klein kindertjies en jy is klaar in 'n gemeente. So ek het dit nie baie direk toe, nou onmiddellik, nou sal en moet dit gebeur nie. Ek het myself eers kans gegee dat dit ek net eers dit wat gedoen moet word, klaar moet doen. Ek het vir myself gesê dit gaan nog kom, maar dit sal eers later in my lewe kom ... **Maar ek het besef hier is nou baie sterker moontlikhede. Ek gaan nou in my eie dorp meer gebruik kan word en gaan daar vir my moontlikhede oopgaan** ... Ek het dit maar 'n kans gegee. Wat ek bedoel is: Ek was realisties gewees omtrent dit wat ek sal kan vermag met drie klein kindertjies. Dit was vir my belangrik, ja. Dit was vir my baie belangrik, want ek was in die eerste plek eers net 'n ma gewees. Jou kinders wil jy tog goed grootmaak. **So ek het vir myself gesê: "Hier is vir my wonderlike nuwe moontlikhede, maar dit gaan bietjie later kan kom."** [My beklemtoning donkerder gedruk – EPB]

Die nuwe moontlikhede het by preekbeurte begin.

G5: Toe mag ons nou gepreek het. So ek is toe so af en toe gevra vir preekbeurte. As 'n dominee op vakansie gaan of een raak siek of hulle het dit ook gedoen om my nou 'n kans te gee. Dit is maar waar dit begin het eers, net by preekbeurte.

## 2.2 DIE BESTE AANWENDING IS ONDER VROUE

Aanvanklik is die plek waar vrouepredikante aangewend sou kon word tot 'n bepaalde soort gemeente beperk. Oor die algemeen is daar gedink dat vrouepredikante in gemeentes met verpleegsterstehuise en universiteitskoshuise sou kon werk. Dr. Willie Botha het hom só hieroor in 'n koerantartikel in 1990 uitgelaat: "Veral gemeentes met baie vrouelidmate in onder meer verpleegsterstehuise, universiteitskoshuise en ander inrigtings sal in vrouepredikante belangstel" (Dr Willie Botha). Anna-Lieze Rossouw, 'n finalejaar teologiese student het op haar beurt gesê dat "vroue waarskynlik meer gebruik (sal) word in studentegemeenskappe of vir hospitaaldienste, waar hul meer emosionele aanslag beter benut kan word" (Hagelskamp 1990:17). Alhoewel hierdie stellings goed bedoel is en skeptici so kort na die besluit nog oortuig moes word van die voordele wat vrouepredikante kon inhou, beperk dit vroue steeds asof hulle nie algemene gemeentewerk sou kon doen nie. Dit verreken ook nie die feit dat almal nie dieselfde gawes het nie en dat nie almal, mans of vroue, goeie jeug- of studentepredikante kan wees nie. Die veronderstelling dat vroue net in dameskoshuise mag werk, hou ook nie rekening met die feit dat manlike predikante al die jare vroue bedien het nie. Hierdie lyn begin al met Anna Linde se verhaal soos in hoofstuk twee vertel.

## 2.3 Die eerste vrouepredikant vier jaar na toelating beroep

Greta Heymans was die eerste vrou word wat in NG Kerk as predikant bevestig is. Vir haar was dit ’n lewensdroom wat waar geword het. “Sy beskou dit as die finale erkenning vir baie jare se studie en arbeid, soms onder heelwat antagonisme van medestudente van wie sy dikwels moes hoor: ‘Los die predikantskap vir die mans’”(Gomes en Coetsee 1994:27). Dit sou nie net die finale erkenning van baie jare se werk wees nie, maar vroue se aansien in die kerk verander. Heymans het kort voor haar beroeping aan Neels Jackson gesê dat “solank ’n mens ’n proponent is, bly jou aansien maar minder as dié van ’n predikant” (Jackson 1994:3). Haar opmerking gaan in wese nie oor status in die samelewing nie, maar oor die feit dat baie proponente volledige predikantswerk gedoen het teen ’n baie laer salaris as dié van geordende predikant, maar ook die voorreg ontneem is om die sakramente te kan bedien. Lidmate neem proponente ook doodgewoon nie so ernstig op as ’n bevestigde predikant nie. Later meer oor die frustrasies wat proponente ervaar.

Bloemfontein was in vele opsigte ’n plek van eerstes. Dit was hier waar die Algemene Sinode die besluit ten gunste van die toelating van vroue geneem het. Die eerste vrouepredikant sou ook hier beroep en bevestig word. Dit was ook hier dat die eerste vroulike pastoor in die Apostoliese Geloofsending (AGS) bevestig is (Gomes en Coetsee 1994:26–27).

Heymans (2006) beskryf hierdie historiese gebeurtenis soos volg: “Ek het dit hoegenaamd nie verwag dat ek die eerste een sou wees nie. Dit het vir my gevoel ek is baie gemiddeld. Ek is nie uitstaande of wat ook al, dat dit na my kant toe moes gekom het nie.”

### 2.3.1 Nog deure gaan oop

Binne die NG Kerk-familie was Mary-Ann Plaatjies die eerste vrou om as predikant bevestig te word. Sy is in 1991 na die kombinasiegemeente van Robertson en Robertson-Oos in die NG Sendingkerk bevestig (Beeld 1992:11). En Michelle Boonzaaier is die eerste bruin vrou wat in die NG Kerk bevestig is. Sy is in 2007 deur die NG Gemeente Helderberg beroep met die opdrag om deur middel van ’n alternatiewe bediening na mense uit te reik wat nie in die kerk se huidige strukture tuis voel nie (Oosthuizen 2007:3). Binne die geledere van die drie Afrikaanse susterskerk het Yolanda Dreyer in 1980 die eerste tree as

’n vrou op ’n kansel gegee toe sy as finalejaarstudent in Pretoria gepreek het (Beeld 1992:11). Sy is die daaropvolgende jaar in die NHKA beroep.

Die eerste treë het die res van die kerk meer moed gegee om ook babatreetjies te gee. Helena McGillivray (néé De Swardt) is in die NG Gemeente Helderberg bevestig en Dina Joubert was die eerste vrou om in die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag as kapelaan aangestel te word (Ley 1994:4). McGillivray het die bediening en NG Kerk egter in 1997 verlaat. Joubert se aanstelling was merkwaardig omdat sy liggaamlik gestremd was. Sy is sonder ’n heuppotjie gebore en moes in ’n rolstoel en met ’n kunsbeen oor die weg kom. Sy moes dus twee vooroordele te bowe kom: dié van ’n vrou as predikant en van ’n gestremde persoon.

Die verhale van die eerste vroue in die tydskrifonderhoude is nog positief en vol energie. ’n Koerantberig oor die vroueproponente in die 1995-jaargroep van die Universiteit van Pretoria vertel verhale van vroue met groot drome: vroue sou volgens hulle ’n bydrae kon lewer tot “positiewe groei in die kerk” en die “holistiese opheffing” van vroue was volgens ’n ander proponent belangrik (Yssel 1995:2). Die uiteenlopendheid van vroue se roepingsverhale en die verwagtinge van die vroue val ook op. Een vrou wou slegs deeltyds in die bediening staan en ’n ander “sal preek wanneer sy die kans kry” (Yssel 1995:2). Van die vroue was reeds gereed om ’n ander inkomste te genereer sou dit nodig wees. Hierdie groep was meer gereed om ’n koninkryksbediening te vestig as die eerste groep vroue wat gelegitimeer is.

#### 2.3.1.1 Verantwoordelikheid

Van die vroue wat in die eerste groep was om gelegitimeer te word het gevoel dat daar ’n groot verantwoordelikheid op hulle skouers rus. Hulle het ervaar dat almal se oë op hulle rus en dat hulle elke ding absoluut korrek moes doen ter wille van die vroue na hulle. In die 1980’s was dit nie vir ’n vrou sosiaal aanvaarbaar om ’n langbroek kerk toe te dra nie. Gespreksgenoot 7 se opmerking moet teen hierdie agtergrond verstaan word.

G7: Ek dink die ander ding wat ook waar is, die media se oë was die hele tyd op jou gewees. Ek weet daar is daai oggend nog ’n foto geneem voordat ons in die kerk in is. ... (koerant se naam) gewees. **So ek dink die heeltyd het ek die besef gehad ek moet fyntrap. Ek het hierdie verskriklike verantwoordelikheid gevoel van: ek bepaal wat met die vrouens na my gaan gebeur.** En daarom as die mans baadjies moes aantrek na ’n geleentheid toe, ek het gesorg dat ek ’n rokkie en sykouse aanhet. Ek het probeer sodat die dosente my nooit moes aanspreek oor my kleredrag nie of wat ook al nie. Ek het nooit ’n langbroek klas toe aangetrek

nie. Altyd rokkies aangetrek. Rompies en sulke goeters. Want dit het vir my gevoel as ek nou droogmaak, gaan die dames wat na my kom daaronder ly. Hulle gaan heeltyd hoor: "Ja, sy het so en so gemaak en julle gaan seker ook."

Die vroue het ook nie altyd daarvan gehou om uitgesonder te word nie. Die verantwoordelikheid om as vrouens baanbrekerswerk te doen het ook swaar op hulle skouers gerus.

G2: Iets wat my wel gevang het op Fakulteit was jy moet oorpresteer. Jy is die hele tyd uitgesonder. Kom ons doen die guns en ons vra die vrou in die klas! Daai tipe ding. Of jy is so namens dié vrou in dié amp. As jy faal, dan kan die vrou dit nie doen nie. Maak nie saak of dit jy as persoon is nie.

## 3. 1994: ENKELE KERKORDELIKE WYSIGINGS

Die Algemene Regskommissie het na 1990 se Algemene Sinode opdrag ontvang om na moontlike kerkregtelike en praktiese knelpunte ten opsigte van die toelating van vroue tot die ampte te kyk. Tydens die interimtydperk het die Algemene Sinodale Kommissie (ASK) goedgekeur dat, anders as met mans die geval is, sal ’n vrouepredikant nie haar bevoegdheid verloor nie indien haar man verplaas word en haar dienste in die gemeente daardeur beëindig word (NG Kerk 1994:15, 167, 393):

Bogenoemde reëling werk met die veronderstelling dat ’n man se beroep die bepalende is en die kerk selfs bereid is om kerkordelike uitsonderings te maak om hierdie diskoers in stand te hou. In die Suid-Afrikaanse samelewing tot en met 1994 was dit die aanvaarbare praktyk. Die politieke veranderinge wat na 1994 ingetree het, sou die diskoers rondom ’n man se werk heeltemal verander. Regstellende aksie het die rolle rondom die broodwinner begin verander. In baie gesinne is die vrou vandag die broodwinner of die een met ’n belangriker pos as haar man.

Hierdie reëling is tereg tydens die sinodesitting verander sodat dit op mans sowel as vroue van toepassing is toe die ASK se reëling verander is na "**dat man en vrou se omstandighede eweredig** ingevolge die Reglement vir die reëling van die bevoegdheid van predikante en proponente hanteer word" (NG Kerk 1994:427) [My beklemtoning – EPB]. Hierdie is ’n goeie voorbeeld van hoe die veranderde sosiale konteks die kerk in haar besluitneming beïnvloed het.

Ander sake wat deur die ASK behandel is, is die volgende (NG Kerk 1994:15, 167, 393):

- Vrouepredikante is geregtig op kraamverlof met volle traktement en toelaes vir 'n tydperk van vier weke voor die verwagte datum en agt weke na haar bevalling.
- Vrouepredikante is ook geregtig op dieselfde vergoeding as manlike predikante tensy anders ooreengekom en waar 'n vrou in 'n tentmakerspos staan, moet sy die voordele soos in die ooreenkoms aangegaan, ontvang.

Die reëling rondom vergoeding behoort eintlik nie nodig te wees nie, omdat vrouepredikante vanselfsprekend op dieselfde salaris as mans geregtig behoort te wees. Vandag is 'n artikel soos hierdie glad nie meer nodig nie, omdat baie gemeentes eie pakkette met hulle leraars onderhandel.

Tydens hierdie sinode is daar gelukkig besluit om die aanspreekvorme in van die reglemente meer inklusief te maak (sien wysigings van reglemente in NG Kerk 1994:167, 454). Daar is selfs 'n voorstel gemaak dat die 1990-besluit rondom manlike aanspreekvorme herroep word. Dit staan egter nie in die Handelinge van die Sinode of hierdie voorstel aanvaar is nie, maar daar kan van die veronderstelling uitgegaan word dat die besluit rondom eweredige omstandighede vir beide vroue en mans hierdie voorstel ondervang het.

## 3.1 STRUKTURE STEEDS UIT 'N OU BEDELING

Die opdrag wat tydens die Algemene Sinode van 1994 gegee is, naamlik om ondersoek in te stel hoe die toelating van vroue vrouewerk in sy huidige vorm sal raak, is nooit hanteer nie. Die AKV het amptelik daarteen beswaar aangeteken waarop die Sinode hulle weer om verskoning gevra het (NG Kerk 1994:184, 460).

Die stilswye van die Vrouediens in die proses om vroue tot die ampte toe te laat, is reeds in hoofstuk 3 uitgewys. 'n Groot frustrasie onder vrouepredikante is dat die strukture van die Vrouediens, nadat vroue ten volle tot die ampte toegelaat is, steeds op dieselfde manier bly voortbestaan het. In die besigheidswêreld word daar algemeen aanvaar dat 'n organisasie se struktuur sy visie of strategie moet weerspieël ("structure follows strategy"[143]) ten einde dinamies te wees. 'n Struktuur sê dus ook iets oor 'n organisasie se denkwyse en

---

143 Die historikus Alfred Chandler het in 1962 aan Harvard Universiteit die stelling "structure follows strategy" gebaseer op vier studies van Amerikaanse maatskappye wat die industrie sedert die 1920's oorheers het. Hy het 'n empiriese ondersoek na die samehang tussen strategie en organisasiestruktuur gedoen (Utikal 2002: paragraaf 1).

uitgangspunte. Die NG Kerk se strukture op sinodale vlak weerspieël nog ’n denkwyse dat vrouens en kinders nie deel van die hoofstroom van die kerk kan wees nie.

Die Oos-Transvaalse Sinode se Vrouediens praat steeds elke jaar met die finalejaar teologiese studente se eggenotes. Versoeke dat hulle die veranderde omstandighede in ag moet begin neem en dat die meerderheid eerstejaarstudente nou vroue is en dus nie meer die tradisionele rol van “mevrou Dominee” gaan vertolk nie, val op dowe ore.

Veranderde omstandighede word volgens gespreksgenoot 4 nie dinamies bestuur nie en sy vra tereg wat daar van die behoeftes van die eggenoot van ’n vrouepredikant gemaak word.

G4: Daar is niemand met wie hy (haar man) kan praat oor hoe om die man van die dominee te wees nie.

Tydens die Algemene Sinode van 2004 op Hartenbos het ’n verteenwoordiger van die Vrouediens die volgende aan my gesê: “Maar ons dien op die mans se kommissie.” Hierdie stelling het dit aan my duidelik gemaak dat vroue wat by die Vrouediens betrokke is, hulleself steeds as ’n aparte liggaam sien en nie altyd rekening hou met die realiteit dat “die mans se kommissies” nou oop is vir almal nie.

Gespreksgenoot 3 en gespreksgenoot 6 laat hulle só oor die Vrouediens uit:

G3: Ek hou nie van goed apart vir vroue nie.

G6: Ek sien glad nie die sin van aparte strukture nie. Ons is deel van die kerk en moet binne die strukture onsself wees.

Gespreksgenoot 8 sien die praktiese werk raak wat vrouelidmate in gemeenteverband doen, maar voel dat hierdie werk nie op sinodale vlak gereël hoef te word nie.

G8: ... ek dink nie daar hoef ’n vrouediens op sinodale vlak te wees nie.

Gespreksgenoot 7 ervaar dat vroue dikwels die lewe vir haar moeilik maak en hierdie vyandigheid vanuit eie geledere maak dat vroue steeds dink dat ’n kerkraad nie die plek vir ’n vrou is nie.

G7: Weet jy wat, ek dink party vrouens is ook nie gelukkig daarmee dat die vrou in die amp is nie. Dat ons amper onder ons ons eie vyande het. In ’n sekere sin. Wat dit dan maak as vrouens op die kerkraad kom, hulle dan nie op die kerkraad wil wees nie, want hulle glo dan nog steeds dit is nie die plek vir ’n vrou nie.

Gedurende 2007 se Algemene Sinode het die Taakspan vir Vrouelidmate verslag gelewer oor die geestelike behoeftes van vrouelidmate. Hierdie ondersoek toon dat slegs 24%[144] vrouelidmate in die NG Kerk al enige blootstelling aan 'n vrouepredikant gehad het en dat 54% voel daar moet vrouepredikante in die kerk wees. Verder toon die verslag dat slegs 35% vroue nog by die Vrouediens of 'n Vrouebediening betrokke is en dat die plattelandse respondente meer inskakel as hulle stedelike eweknieë (NG Kerk ADGO 2007:1, 3–4). Teen 2007 was hierdie situasie nog glad nie uitgeklaar nie en is daar ook nie regtig 'n konstruktiewe gesprek oor die saak aan die gang nie.

## 4. MEER VROUE ERVAAR DAT HULLE GEROEP IS

Nadat die Algemene Sinode besluit het om vrouepredikante tot die NG Kerk toe te laat, het nog meer vroue aan hulle roeping gehoor gegee. Elke vrou se roepingsverhaal getuig van die persoonlike pad wat die Here met haar geloop het en hoe sy op 'n unieke wyse van haar roeping bewus geword het. Die vroue se roepingsverhale vertel ook hoe hulle God se teenwoordigheid in hulle lewens op 'n spesifieke stadium in hulle lewens ervaar het. Al vier die volgende verhale het 'n element van 'n besondere ervaring van God wat hulle roep en vir elkeen het hierdie roeping besondere vrede in hulle lewens gebring.

### 4.1 GESPREKSGENOOT 4: "EK WOU ELKE MINUUT IN SY DIENS WEES"

Gespreksgenoot 4 het vroeg in haar studieloopbaan teologie oorweeg, maar omdat dit nie so algemeen was nie en sy onseker oor werksgeleenthede was, het sy dit liewers gelos.

G4: ... het my drie maande nadat ons begin uitgaan het, gesê hoekom gaan swot ek nie teologie nie? Dit was in 1993. **Maar teen daardie tyd was dit nog nie so algemeen nie.** Jy het dit gedink, maar almal het vir jou gesê daar gaan nie werk wees nie. [My beklemtoning donkerder gedruk – EPB]

Maar tydens 'n optrede in die opera Nabucco het sy besef dat sy nie haar roeping meer kan weerstaan nie.

---

[144] In die voorwoord van die verslag staan 62%, maar in die tabelle staan daar 24%. By navraag het geblyk dat die voorwoord die persentasie foutief aangee en dat die korrekte persentasie wel 24% is.

G4: Ek het in my tweede jaar in die opera Nabucco gespeel. Dit handel oor die storie van Nebudkadnesar. Ek was 'n "tempel-*virgin*". Ek glo die Here het dit so bewerk dat 'n paar dinge gelyk gebeur het. Ek het ongekende geestelike groei en verdieping beleef, ook omdat ek met mense te doen gekry het wat nie *compromise* nie. Ek het 'n stuk heiligmaking beleef wat vir my steeds kosbaar is, en besef dat ek nooit gelukkig sou wees as ek my tyd op ander dinge as die Here spandeer nie. Ek wou elke minuut in Sy diens wees, nie net ekstra tydjies terwyl ek 'n ander beroep najaag nie. Ek wou 'n invloedsfeer in die koninkryk hê. En ek het besef dis 'n goeie en *great* ding om te begeer. Maar my keuses sou 'n direkte invloed hê. Ek sou die kans moes vat om teologie te swot, al het niemand gedink dis 'n veilige beroepskeuse vir 'n vrou nie. Die aantrekking was egter byna magneties; jy weet mos hoe werk roeping: dit bly jou keuse, maar terselfdertyd is dit onweerstaanbaar. Ek het nie regtig gevoel dat ek 'n ander opsie het nie. Dus, tydens een optrede van die opera (met die storie van Nebukadnesar in my agterkop die hele tyd: hoe futiel die lewe sonder God uitdraai), het ek voor die voetligte op die verhoog besluit: "Ja, dis wat ek sal doen."

Ek het vir my ma gesê en sy het soos 'n goeie ma gesê dat ek enigiets kan swot, maar dat ek dit waarmee ek besig is, eers moet klaar maak. Ek het in my tweede jaar Grieks I en Hebreeus I in die aande gedoen. En in my derde jaar Grieks II en Hebreeus II.

Daarna het ek 'n jaar C-Kruis gaan doen om myself uit te sorteer. Die C-Kruis jaar was 'n ervaring in spanwerk: ek het besef hoe nodig het kinders van die Here mekaar in bediening. Ek het prakties geleer wat dit beteken om as liggaam van Christus te funksioneer. (As een *band member* nie opdaag nie of droogmaak, het dit 'n invloed op spanmaats en bediening.) Dit het my *view* oor gemeentelewe vir altyd verander. Ek het baie gemeentes gesien waar dit goed gaan; baie gemeentes met stukkende dominees; baie gemeentes met honger jongmense. Ek het besef hoe groot die behoefte is aan relevante jeugbediening in ons kerk. Ek het besef hoe groot die verskil is wat ek kan maak.

## 4.2 GESPREKSGENOOT 3: "*THE GREAT WANNA-BE*"

G3: Ek het regtig groot geword met 'n *urge* vir die Here, vir die kerk. Kinderkrans was vir my regtig lekker. Sondagskool was vir my regtig lekker. Die teksies leer waaroor almal altyd so kla, was nie vir my 'n *issue* nie. Ek het ongelooflik baie tekste geken ook. Dit was vir my deel van my. ... Op daai stadium het ek nog nie verstaan van die verhoudingding en van ... dit was vir my meer reëls. Ek het regtig die behoefte gehad. CSV op hoërskool was vir my omtrent die hoogtepunt van die week. Standerd nege en tien was ek kringleidster. Standerd sewe, *obviously* het ek die bekeringbelewenis gehad, en so aan. Maar tog waarskynlik nie in lewensverandering nie. Meer 'n kopverandering dalk, of 'n besluit, 'n bewuste besluit, maar nie praktyk uit die besluit uit gevolg nie. Toe maar bietjie vir bietjie weggeraak, tot ... gebore is, het my buurvrou, waar

ons gebly het in ...., my saamgenooi na die Vrouebybelstudie toe. Dit was die tyd toe Vrouebybelstudie meer algemeen was.

Ek het met die Eksodus-kursus, het ek wat jy nou mos jou lewensverhaal moet skryf, is my lewensverhaal "*The great wanna-be*" (*want to be*).

Kleintyd was ek "***wanna-be playing outside.***" Want ek was sieklik. Ek kon nooit as my maatjies sneeumanne buite gebou het, moes ek deur die venster staan en kyk. En als. Ek het vreeslik maklik siek geword, asma gekry, *what-what*. So ek kon nooit lekker saam speel nie. Ek wou altyd graag buite toe.

Daarna was dit "***want to be good enough.***" Want my ma, ek het altyd gesê my ma moes twintig kinders gehad het vir al die verwagtinge wat sy van my gehad het. Wat toe alles op my (afgekom het), want ek was die enigste (kind).

En toe is ek nou getroud. "***Want to be happy.***" Dit was nou 'n groot deel.

En toe het 'n periode van "***want to be more***" aangebreek. Ek wou iets met my lewe doen, maar ek het nie gewerk nadat H gebore is nie, ek het kinders groot gemaak, ek het gestagneerd gevoel, ongelooflik. Want hierdie, ek meen jy kan oor nat doeke en kindersiektes praat, dit het my verskriklik gefrustreer.

En toe het ek by, so op 'n tydelike basis vir so vier oggende 'n week, by die Sendingkerk 'n *jobbie* gekry as tikster. Administratiewe hulp. Tikwerk gedoen op wasvelle! Afkondigings gemaak en so aan ... En so. Maar dit was vir my 'n ongelooflike ervaring om by hom te werk.

Toe bel daar 'n persoon, hulle het toe die Kinderevangelisasie Instituut by Witrivier begin. En bel toe spesifiek en hulle het hierdie drie weke *crash course*, en hulle wil weet of daar nie van die mense wat met die jeug betrokke is by F Gemeente, wat soontoe wil gaan nie.

Ek het vir Dominee vertel daarvan en ek gaan die aand huis toe en sê vir G (haar man): "Ahh, ek wens ek kon dit doen!" Want ek is nou hierdie Kinderkranstannie, maar ek het nie die vaagste idee hoe om met kinders te werk nie. Ek is baie lief vir my eie, maar ek hou nie eers altyd van hulle nie, so hoe moet ek nou ander mense se kinders *handle* en so? En hy sê vir my: "Jy moet gaan". En ek het toe vir omtrent 'n week nie my mond kon toekry nie, want ek meen, dit het nie so gewerk nie. Ek het hierdie dogtertjie van omtrent 'n jaar, dit moes in 1987 rond gewees het, sy was baie klein. Sy was baie klein. Dit kan '88 wees. Daar rond. Dit was 'n geweldige ding gewees en alles het net in plek geval. En ek is toe op hierdie drie weke kursus.

Die hele drie weke het ek daar gesit en wonder: "Wat maak ek hier?" Ek hoort nie hier nie. Hierdie mense rondom my het hierdie absolute passie vir kinders. En ek wil net Kinderkrans kan *handle*. Ek is glad nie, ek het nie hierdie roeping om met kinders te werk of so iets nie. En toe ons met die eksaminering, wat ds. Johan du Preez spesifiek toe nou doen, die

Kinderberaad was die vak gewees. As 'n kind sy lewe vir die Here wil gee, hoe om hom te begelei. Dit was bietjie van 'n tien punt plan gewees, maar in elk geval. Dit is baie sinvol, mens kan mos nou maar aanpas waar nodig. Maar in elk geval, nou het ons hierdie prosedure opgeswot. Jy moet verstaan, ons sit in hierdie klas en ons is 24, kan nie onthou nie, maar daar rond. Hulle is die *audience*, wat jy in elk geval nie het as jy regtig met 'n kind praat nie. Hierdie man wat voor my sit, met sy magie en sy bles, sy bril, sy snor, is 'n tienjarige laaitie, wat ek nou moet beraad.

Ek bewe waar ek nie geweet ek het plekke nie. Maar in elk geval, ons praat nou. En ek dink ek was so by punt vier, maar punt vier is nog so half agtergrond van die hele ding. Jy het mos so half bietjie van 'n aanloop voordat jy nou eintlik by die kruks of die bekering van die persoon kom. Die feit dat die kind 'n sondebesef het, maar ek is nog glad nie daar nie. Sê nou maar punt vier.

Toe stop hy my en ek is baie verontwaardig. Hy draai so na die klas en sê: "Mens kan sien sy werk baie met kinders né?" En gelukkig is dit toe teetyd. Maar ek storm daar uit, maar ek grens soos in ... want ek weet nie wat gaan hier aan nie. Ek kan nie met kinders werk nie.

Nou, Mount Petra, waar die Kinderevangelisasie Instituut is, dit is 'n rots waarin die berg eindig. En die rots het sulke los klippe wat die trappies vorm en op elke trappie is 'n teksvers uitgetrap. En jy kan half op daardie rots so half 'n gebedsroete doen, jy weet. Maar ek gaan sit daar op daai rots, maar ek tjank, en ek sê vir die Here: "Nou weet ek glad nie wat om hiermee te maak nie. Want dit is nou te groot vir my, ek kan dit nie *handle* nie." En ek het net besef, die Here het hier iets baie groots gedoen.

En Elsje, toe ek terugkom by die huis, dit was soos in daai volgende Sondag, toe ek sien, toe's daar 'n klomp kinders om my en hulle hang aan my. En ek het net geweet: hierdie is gróót! Maar nou is dit die tagtigs, die vrou is nie eintlik 'aan' nie. Daar is van die mense wat saam met my die kursus gedoen het, wat ek weet in ander gemeentes 'n kinderkerk begin het, wat nou my behoefte sou wees, maar ek is punt een nie opgelei nie en punt twee is ek 'n vrou. En die *limit* was, daar was Kinderkerk in ons gemeente en die student wat daar gepreek het, wat ook in die gemeente gebly het, het eendag gepreek oor Dawid wat die Here se witbroodjie was. Dit het amper vir my hartverlamming veroorsaak, want hoe kan jy, jy kan nie vir kinders lieg nie en hoe kan jy daar staan op ten minste drie plekke in die Bybel, die Here het nie witbroodjies nie. Hoe kan hy ... buitendien vir 'n laerskoolkind is 'n witbroodjie 'n aaklige ding, so dan wil hy dit nie wees nie! Ek het 'n verskriklike *scene* gemaak. Dit het my nou eintlik nie veel gehelp nie, maar in elk geval, ons was nou baie betrokke by die kinders en so aan. En *eventually*, toe ons nou begin dink daaraan om te trek, o nee, ekskuus. Ek wil nou eers sê. Toe het ek ook 'n beradingskursus gedoen by Mensana ... **Maar al die tyd ... ek (het) daar**

**(al) die behoefte (gehad om) predikant (te) wees, maar ek dink nie ek het dit ooit vir myself verwoord nie.**

... Maar dit was 'n behoefte. En toe op 'n stadium het ek en G gepraat en toe sê hy vir my: "Maar hoekom gaan swot jy nie teologie nie?". *Fight* die *system* dan van binne af. En toe het hy my ondersteun en ek het toe gaan teologie swot.

Toe het ek nogal die ernstige begeerte gehad om (in die bediening in te gaan). Jesaja 49 het 'n baie groot invloed op my gehad.

Jesaja 49:5

*5 En nou maak die Here 'n aankondiging,*
*Hy wat my in die moederskoot al sy dienaar gemaak het*
*om Jakob na Hom toe terug te bring*
*sodat Israel nie meer verstrooi sal wees nie.*
***Die Here het my 'n belangrike opdrag gegee***
***en my God gee my die krag om dit te doen.***

Nee, dit het half saam-saam gebeur, maar hy het my van die begin af ondersteun. Die kinders ook al. Dit was vir hulle vreeslik *funny* dat hulle ma nou ook ... En dit het hulle nie vreeslik beïnvloed nie. Kyk, teologie swot is mos half soggens klasdraf en so. So dit het nie 'n *major* invloed gehad op die kinders en so aan nie. Dit was vir my 'n ongelooflike *great* ervaring. Ek het dit verskriklik geniet. Ek was die ma van die klas. En jy swot mos dan met 'n totaal ander lewensuitkyk, want jy swot dit omdat jy dit wil swot. Dit is nie meer na skool en so nie.

So ek kon toe my BA, kyk dit was nog B.A. en B.D., B.A.-Teologie en B.D., ... Ek het my B.A. in twee jaar gedoen ... Toe cum ek my graad, my B.A.-Teologie. En ek het die heel eerste keer in my hele lewe beleef dat ek my ma se goedkeuring gekry het. En sy het dit nie geweet nie, sy het dit by die gradeplegtigheid gesien. Dit was nogal 'n groot ervaring vir my [lag]. Op my oudag! ([My beklemtoning donkerder gedruk – EPB]

## 4.3 GESPREKSGENOOT 8: "EN MY HELE MENSWEES HET TOT RUS GEKOM"

G8: Ja!!! Dit is net vir my, daar is net een lewe. Ek het toe, ek was ... my ouers is geskei toe ek so standerd vyf, standerd ses was. En my tienerjare was die jare wat ek groot goed moes deurmaak en uit-*sort*. En ek het hier in standerd nege, in my belydenisklasjaar .. Ons was aanvanklik in die Hervormde Kerk. Toe het ons die NG Kerk gaan bywoon, want my ma was in die NG Kerk voordat sy en my pa getroud is. En toe net geland by 'n fantastiese predikant, H. Genade leer verstaan. Toe kom matriek. **En ek het net genade verstaan. En dit was vir my**

**bevrydend. Ek was in daai stadium in 'n verskriklike naïewe, maar baie volwasse manier van glo gehad, want ek het die genade verstaan.** Toe moet ek besluit wat gaan ek nou doen. En my probleem is dat my belangstelling 'n groot verskeidenheid van goed is. Ek is regtig lief vir musiek, vir sing en vermaak, ek is kreatief, kunstig, lief vir skryf, lief vir tale, lief vir redeneer, *public speaking*, praat, debatteer, krities dink, filosofeer. So ek het 'n verskriklike wye verskeidenheid goeters begin ondersoek. Argitektuur, tekstielontwerp, kunsrigtings, drama, regte, kommunikasiekunde, B.A. met tale, joernalistiek, medies.

En ek sou enigeen kon doen. En ek het aansoek gedoen vir almal by verskillende universiteite. Selfs ingenieurswese. Ek kan nie mooi onthou nie, maar dit is daardie ingenieurswese waar jy 'n stasie beplan, waar jy fabrieke of daai tipe goeters, waar jy 'n wynkelder, sal ontwikkel en ontwerp. En ek kon nie besluit tussen daai goed nie. Ek was seker vir sewe of agt verskillende goed ingeskryf. Dit was *crazy* [lag]. En ek het van week tot week, my ma se sielkundige het hierdie boeke gehad ... Hierdie week gaan ek argitektuur swot, en dan dink ek die volgende week: "Maar ek gaan *bored* raak, *bored* raak! Dan is dit regte, regte is die ding! Ek gaan 'n advokaat word en ek gaan. Dan dink ek, ek gaan *bored* raak, ek gaan my verveel. En toe op 'n dag, uit frustrasie, is my ma die een wat vir my sê: "Maar het jy al ooit daaraan gedink om teologie te gaan studeer?"

**En dit klap my soos koue water in die gesig en ek weet toe glad nie wat om daarmee te maak nie.** En ek het met H gaan praat en H het vir my gesê, ek moet dit 'n maand gee. En ek moet daaroor gaan bid, en daaroor dink en met die Here daaroor praat, en kyk wat gebeur. Ek het toe maar dit gaan doen. **Maar die *weird* ding het gebeur, toe my kop in daai rigting begin gaan, het dit net reg gevoel. En my hele menswees het tot rus gekom en ek het nog nooit weer getwyfel nie, ek het nog nooit weer gewonder nie. Tot vandag toe nog het ek nog nooit weer teruggekyk nie.** [My beklemtoning donkerder gedruk – EPB]

## 4.4 GESPREKSGENOOT 6: "EK MAAK JOU 'N LIG VIR DIE NASIES"

G6: En toe, in my standerd agt-jaar was vir my half 'n persoonlike ontmoeting-met-die-Here-jaar. In 'n wonderlike huis groot geword. Standerd agt was nogal 'n draaipunt vir myself. En baie by die skool betrokke gewees, by die CSV (Christen Studentevereniging). Baie lief vir sport gewees. Eintlik dink ek moes ek 'n professionele gholfspeler gewees het. Eintlik was dit my plan [lag baie lekker]. En toe in my matriekjaar, toe het ek aansoek gedoen vir ... Ek het toe uitgegaan met 'n outjie wat medies geswot het op ... Hy was so twee jaar ouer as ek. Hy was toe op ..., swot medies. En ek was maar in die skool en toe wou ek eintlik fisioterapie gaan doen het, toe word ek nie gekeur nie. Toe skryf ek in vir MBK (Menslike Bewegingskunde) met die oog op biokinetika ...

En toe in matriek, September, Augustus was rekordaksamen, in daai tyd. Voor ek biologie geskryf het, onthou ek. **Toe het ek die aand Bybel gelees en Jesaja 49 gelees.** En 'n verskriklike ... dit het my nogal diep geraak. **Een (van) die roepingsverhale. En toe vir die eerste keer half begin wonder: "Is dit waarheen ek op pad is reg?"**

Toe die naweek daarna is ek by die huis. Ons het maar altyd naweke huis toe gegaan. Ons was in die koshuis gewees. En die Sondagaand, Kruis en Kroniek was op die televisie gewees. En daai Sondagaand toe lê ek en my ma op die bank en televisie kyk voordat ek nou weer moet teruggaan koshuis toe, en toe wys hulle op Kruis en Kroniek hoe die eerste vroue gelegitimeer is. Dit was in 1991 (?). [1990 – EPB]. Toe wys hulle dit op Kruis en Kroniek.

Ek het so gekyk en toe sê ek vir my ma, dit was nooit in my kop dat 'n mens dit eintlik kan swot nie. En toe daai week daarna terug koshuis toe en daar is 'n vriendinnetjie wat se Pa predikant was. En ek sê toe vir haar: "As jou Pa jou kom haal, wil ek met hom praat". Baie voor op die wa. En toe vra ek hom nou: "Wat beteken dit alles?" Hy het net vir my gesê: "Maar jy is belaglik in jou kop om te dink dat 'n vrou so iets kan doen." Ek dink dit was die *challenge*! [lag]

Toe daai September, Oktober, November het dit net al hoe meer ontwikkel en Jesaja 49 heeltyd gelees – Ek maak jou 'n lig vir die nasies – daai gedeelte. Die eerste sewe verse die heeltyd gelees.

En al hoe sterker begin voel: Dit is die pad. En toe het ek met die outjie met wie ek uitgegaan het, ook gepraat. En hy het net vir my gesê: "Jy is heeltemal mal in jou kop." Toe is alles teen my half. Ek was baie lief vir sport, so MBK was in elk geval 'n goeie opsie. En ... toe gekom. En toe het ek nou ... toe gekom. En man, elke keer as ek by die (Teologiese Fakulteit) verbyry, dan dink ek, elke keer wonder ek: "Is dit nie waar ek moet wees nie?".

Maar ek geniet my sport, en alles. En toe hierso by Juniemaand, toe maak ek en die outjie uit met wie ek uitgegaan het, toe is daai een stressor bietjie af van my af. Dit was traumaties vir my gewees. Ons het my hele skoolloopbaan uitgegaan. Lang, ernstige kys gewees. Ek dink ons het omtrent standerd vyf, einde standerd vyf, begin uitgaan. Toe daai Augustusmaand, toe is dit Sendingweek op X. Toe het ek hokkie gespeel vir die Universiteit en ek het die aand na hokkie, sommer met my hokkieklere en hokkiestok heel agter in die kerk gaan sit. En so half laat ...

Die singery was klaar en toe sê hy (die prediker) ons lees uit **Jesaja 49**. En toe ek my Bybel oopmaak, toe sien ek dit is presies 'n jaar terug, dag en datum, (ek skryf altyd datums neer van goed wat met my gebeur), toe is dit dag en datum 'n jaar terug wat ek die teksgedeelte gelees het. Jislaaik, ek dink nie ek het veel onthou van die preek nie. **Maar daar het iets gebeur daardie aand. Ek het weer na Jesaja 49 gevra: "Is dit die pad?"** ... En toe, toe begin wonder daaroor. En daai Desember weer met my ouers gepraat en hulle het gesê ek

moet my keuse maak. Toe ek terugkom ... toe, toe is ek nie lekker seker nie. Toe gaan ek maar weer aan met my *swottings*.

Jesaja 49:6

*6 Hy het gesê: Dit is nie genoeg dat jy my dienaar is*
*om die stamme van Jakob te herstel*
*en om die Israeliete wat gered is, terug te bring nie;*
***Ek maak jou 'n lig vir die nasies** sodat die redding wat Ek bewerk,*
*die uithoeke van die aarde sal bereik.*

En Juliemaand in my tweede jaar, weer in die eksamentyd, dit gebeur altyd in eksamens, ek dink dan is mens meer afhanklik van die Here, toe het ek in die biblioteek gesit. En net daar besef, jislaaik, ek *fight* nou teen 'n ding ... Ek geniet my *swottings*, dit is eintlik vir my traumaties dat ek dit moet los, want ek geniet dit so.

En ek het opgestap ... Daai tyd het ek vir E (haar man) ontmoet, in my tweede jaar, en hy het ook teologie geswot en dit het my darem so bietjie agtergrond gegee van wat dit behels. En ek het opgestap na die telefoonhokkie toe, ons het nog nie selfone gehad nie, die telefoonhokkie in die bib (biblioteek), eintlik snaaks, nè! [lag]. En ek het hom gebel en gevra hy moet my kom haal, ek wil met hom gesels. En toe ek by die telefoonhokkie kom, toe is daai ding opgeplak, so 'n simpel ding, van die ou wat op die eiland was en toe wil verdrink en toe stuur die Here 'n boot, en toe sê hy nee, die Here gaan hom help. En toe hy in die hemel kom, toe sê die Here vir hom: "Hoeveel keer moet ek nou nog vir jou 'n reddingsbootjie uitstuur?"

Toe is (het) alles binne hierdie gegewe situasie gebeur. Toe vir E gebel en eintlik vir hom my storie vertel, hoe ver die ding kom. Ons het saam gebid en gesels en alles. Die volgende dag het ek hom gebel en gesê: "Ek gaan oorgaan." En ek het net daar alles wat ek kon verander vir my tweede semester, sommer net daar verander. Dit was so twee teologiese modules, en so aan.

En toe bel ek my ma, en ... en sê: "Ma, ek het oorgeslaan teologie toe."

En toe sê sy vir my: "A, ek het nog altyd gedink jy gaan dit vir my sê."

Ek het toe begin swot en alles. En toe, my ma het dit tot nou toe nie vir my vertel nie, so 'n jaar of wat later, terwyl ek nou swot, toe sê E vir my, my ma het hom eendag gebel en gevra of dink hy ek is op die regte pad, het ek die regte besluit geneem. En toe sê sy vir hom, na my sussie se geboorte het sy soveel miskrame gehad dat hulle vir haar gesê het dat sy nie weer 'n kind sal kan hê nie. En toe het Moeder 'n belofte aan die Here gemaak en gesê dat as Hy vir haar nog 'n kind gee, sal sy die kind aan die Here toewy en vir Hom grootmaak en alles. En toe ek die dag vir haar sê, ek gaan teologie swot, was dit vir haar 'n stuk van haar verbintenis

aan die Here. En jislaaik, dit het nou ongelooflik baie vir my beteken. Sy wou dit nooit vir my sê nie, want sy was bang dit beïnvloed my.

Van daar af het ek net nog nooit getwyfel aan my roeping nie. Ek het al keelvol geraak vir die kerk. So 'n jaar of twee terug het ek nogal met die Here ge-*struggle* oor ... maar ek weet, ek is waar ek moet wees .... **Ek het nog nooit oor my roeping getwyfel nie. In die moeilike tye hou ek regtig daaraan vas.**

## 4.5 GEMENGDE REAKSIE VANUIT KERKLIKE GELEDERE

Alhoewel die kerk amptelik oop vir vrouepredikante was het hulle tog soms teenstand verduur.

### 4.5.1 Is grappies oor vroue werklik só onskuldig?

Teenstand kom nie altyd in die vorm van onwelkome woorde nie, maar is soms meer subtiel. Gespreksgenoot 4 vertel hoe sy een oggend in een uur meer as tien grappies oor vroue moes verduur. Sy het later haar goed gevat en uit die klas uitgestap.

G4: Die grappies het maar altyd 'n chauvinistiese kleur: hoe Eva eintlik skuldig was; hoe vrouens in die kombuis hoort; persoonlike opmerkings oor voorkoms (positief of negatief). En jy moet saamlag anders is jy moeilik en *stuck up*. Later word dit onmoontlik.

Op die oog af klink grappies oor vroue na onskuldige humor, maar wanneer grappe 'n bepaalde boodskap begin oordra soos gespreksgenoot 4 dit ervaar het, is dit nie meer so onskuldig nie en lank nie meer onskuldige humor nie. Chauvinistiese grappies wil deur humor eintlik die boodskap oordra oor hoe die verteller vroue beskou en oor hulle dink. Die ander dilemma waarmee die persoon aan die ontvangkant van die grappie sit, is hoe om te reageer. Wanneer 'n persoon hom/haar vervies, word hulle optrede dikwels negatief beoordeel en stap die persoon wat die grappie vertel het, dikwels as die held weg.

EPB: Ek het in 2005 in 'n gemeente in Pretoria gepreek en die predikant het my na die tyd in die woorde van die volgende teksvers uit Sagaria 5:5-8 bedank: *"5Die engel wat vir my die gesigte moes uitlê, het vorentoe gekom en vir my gesê: "Kyk daar! Kyk wat kom daar aan." 6Ek het gevra: "Wat is dit?" en hy het gesê: "Dit is 'n graanmandjie wat aankom." Hy het bygevoeg: "Dit bevat die sonde van almal op aarde." 7Toe word die ronde looddeksel van die mandjie opgelig, en daar sit 'n vrou binne-in die mandjie! 8Die engel het gesê: "Dit is die goddeloosheid!" Hy het haar teruggestamp in die mandjie en die looddeksel oor die bek toegeklap."* Ek was so verstom dat ek net my Bybel gevat en uit die konsistorie geloop het.

> Indien dit as ’n grap bedoel is, het ek dit glad nie so ervaar nie. Inteendeel. Ek het gevoel dat die betrokke predikant my letterlik uit die Bybel uit verneder en op my plek gesit het.

Navorsing toon aan dat grappe in werksplekke gewoonlik oor gemarginaliseerde of minderheidsgroepe soos vroue, homoseksuele persone, persone met MIV/Vigs en swart mense gemaak word en dat sodanige grappe as diskriminasie beskou word (kyk onder andere Snyman-Van Deventer *et al.* 2004:28-61; Barnard 2004:42 en Mosely 2002: paragraaf 1). In die Suid-Afrikaanse konteks word seksueel-georiënteerde grappe as seksuele teistering beskou en in ’n ondersoek wat in 1996 by die Port Elizabeth Technikon gedoen is, word sulke grappe beskou as een van die mees algemene vorme van seksuele teistering wat deur die respondente ondervind is (Snyman-Van Deventer *et al.* 2004:48). In die VSA word seksuele kommentaar en humor in só ’n ernstige lig beskou dat dit nie eers op ’n spesifieke werknemer gerig hoef te wees nie, maar wanneer ’n persoon selfs net die atmosfeer as intimiderend en aanstooklik ervaar, kan die werkgewer gedwing word om wetlik iets aan die situasie te doen (Snyman-Van Deventer *et al.* 2004:34). Volgens Dreyer, Heyns & De Jongh van Arkel (1994:58) kom skeefgetrekte sienings oor vroue onder andere na vore in grappe en dit weerspieël dat ons steeds in ’n patriargale samelewing leef.

Die regsimplikasies van sodanige grappe behoort nie in ’n kerklike omgewing die afskrikmiddel te wees nie, maar gelowiges moet hulleself afvra of sodanige optrede en opmerkings uit ’n Bybelse oogpunt gepas is.

Daar was ook ŉ dosent wat gespreksgenoot 4 geïgnoreer het en nie een keer aangespreek het nie, ten spyte van die feit dat hulle net drie studente in hulle jaargroep was. Sy het al die byleeswerk gedoen en tog dieselfde punte as die mans gekry. Die betrokke dosent het ook aan haar gesê dat liberalisme in die kerk ingekom het en dat dit begin het met die toelating van die vrou tot die amp.

### 4.5.2 Vrystaatse kuratorium weier student legitimasie

In Bloemfontein het nog ’n betekenisvolle insident gebeur wat vrouepredikante raak. Aan die einde van 1994 het die kuratorium van die Vrystaatse Sinode die top teologiese student legitimasie geweier omdat sy siening van vroue in die amp van predikant, radikaal met dié van die NG Kerk verskil het. Benno Zuiddam, ’n Nederlander wat gekies het om in Bloemfontein te gaan studeer, wou in Suid-Afrika bly nadat hy met ’n Suid-Afrikaner getroud is. Volgens hom was daar geen Bybelse motivering vir die toelating van vroue tot die ampte nie en omdat dié saak in Nederland op gemeentelike vlak hanteer word, het hy

nie gedink sy siening sal ’n probleem veroorsaak nie. Die kuratorium het hom “ter wille van die goeie orde in die kerk” nie gelegitimeer of beroepbaar gestel nie (*Beeld* 1994:3).

### 4.5.3 Openlike teenkanting

Gespreksgenoot 7 het nadat sy bevestig is, agtergekom dat daar nog steeds mense is wat teen die vrou in die amp gekant was. Sy het dit hanteer deur ’n doelbewuste besluit te neem om sulke tipe opmerkings liewers te ignoreer.

G7: Ek het een kerkraadsvergadering, of dit was nie ’n kerkraadsvergadering nie, dit was eintlik ’n byeenkoms na ’n aanddiens, het een student na my toe gekom en vir my gesê hy soek my nie hierso nie. Toe het ek vir hom gevra hoekom nie. Toe het hy vir my gesê omdat ek ’n vrou is. Ja, nou is dit eintlik snaaks. Hy is in Malawië ’n sendeling en nou ondersteun die gemeente hom nog steeds met die vrouedominee en al. Daai goeters was vir my partykeer sleg. En in my eerste en tweede jaar het ek nogal mense gemerk wat teen die vrou in die amp was. Later het ek besef dit gaan nie werk nie, ek gaan met ’n klomp bagasie loop. Ek moet dit liewerste afgooi. So ek my nooit in ’n vreeslike sin daaraan gesteur nie.

Gespreksgenoot 4 het ervaar dat harde werk soms ondankbaar kan wees.

G4: Daar is ook negatiewe, teenkant-stories: ’n Pa het een aand sy tienerseun kom haal nadat ek tyd en moeite spandeer het om hulle *punk gospel* band te help! Ek stap hom toe tegemoet om myself voor te stel, verantwoordelik en volwasse, en steek my hand uit om myself voor te stel, waarop hy koel en glimlaggend antwoord: “O jy’s die *girl* wat die dominee is. Ek dink hierdie vrouedomineegoed is sommer str...t.” Net so.

Vrouepredikante is ook bewus van gemeentes wat vroue se aansoeke summier van die tafel gestoot het en nie eers bereid was om daarna te kyk nie.

G3: Dit was vir my sleg gewees om te besef ek sou nooit in ... tot my reg kom nie omdat daar nie ... die uitkyk van die predikante daar was nie *into* vroumense nie. Hoegenaamd nie. Inteendeel, ek weet vir ’n feit dat met die een predikant wat in daai tyd min of meer beroep is, is die aansoeke van vroue summier van die tafel afgegooi. Nie eens na gekyk nie. ... (haar man) was deel van die kommissie. So wat dit betref, dit is vir my simpel. Maar dit is asof ek hulle amper op ’n manier jammer kry, mans wat so dink. Want hulle besef nie hoeveel skade hulle hulleself aanrig nie. Dit voel vir my ons as vrouens kan ’n bydrae lewer omdat ons vrouens is, omdat ons ’n ander aanslag het. Maar ek wil nie oorneem nie ...

### 4.5.4 Aangenaam verras

Lidmate is ook dikwels aangenaam verras deur vrouepredikante se eie unieke aanslag.

G4: Ek kan heelwat positiewe stories vertel. Mense is aangenaam verras as hulle agterkom 'n vrou kan ook die werk doen. Dit is wel vir my soms lagwekkend dat daar soveel aandag gevestig word op die feit dat ek 'n vrou is. Ek is geamuseer deur mense se verbasing. Daar is dikwels terloopse opmerkings van vroue wat die vroulike aanslag so waardeer, eintlik hulle verlekker daarin. 'n Mens kan sien hulle smag al lank daarna. En baie kinders is fantasties. Hulle het mos nie vooropgestelde idees nie, en aanvaar jou met ope arms.

G7: Baie keer sou hulle teruggekom het en vir my gesê het hulle is aangenaam verras. So die ervaring wat hulle gehad het oor 'n vrou wat preek: die stem wat anderste is, die boodskap wat op 'n ander manier tog oorgedra word, dié goeters.

## 4.6 ROLMODELLE EN MENTORS

Die term "rolmodel" is die eerste keer deur die sosioloog Robert K. Morgan gebruik toe hy in 'n studie oor die sosialisering van mediese studente, bevind het dat individue hulleself met groepe of individue vergelyk wat dieselfde sosiale rol vervul as waarna die individu streef (Kaufman 2004: paragraaf 1; Holton 2004:514–515). Die eerste vroue wat studeer het, het ander vroue in die teologiese wêreld gemis. Hulle moes die "hoe" van vrouepredikant-wees in 'n manlik gedomineerde teologiese wêreld self uitwerk.

G2: Toe gaan ons nou Fakulteit toe. En daar het die stukkie eensaamheid begin inkom. Ek was die enigste vrou gewees ... Daar was nie 'n rolmodel teologies nie. Dit is die hartseer. Dat jy rolmodel moes wees en jy sukkel in jouself. Ek het in myself gesukkel.

G7: Toe ek begin swot het, hier was blykbaar twee meisies voor my wat B.A. Admissie geswot het. Maar hulle is D toe en die ander een is getroud. So ek het nêrens 'n rolmodel gehad wat ek geweet het, so tree jy op in die klas, jy hanteer die mans so, of dit of dat. Ek moes dit soort van vanself uitwerk hoe ek die goeters gaan doen, moet doen om kop bo water te hou.

Ja, ek het 'n keuse gehad tussen twee. Ek kon óf baie positief gewees het oor die hele *setup* óf ek kon baie negatief gewees het oor hoe die kerk my hanteer het tot op daardie stadium. Ek het gekies om positief uit te dra buitentoe. **Ek dink weer eens, ter wille van die ouens wat na my kom. Ook vir die ouens wat daar buite sit. Ek onthou toe ek op skool was, het ek Yolanda Dreyer se goed uitgeknip. Sy was vir my half die rolmodel. So ek het baie na geleef aan wat in haar lewe gebeur. En ek het besef ook dat daar dalk mense buite kan wees wat hoop kan kry deur my storie te lees. So, ja, ek het probeer om altyd 'n positiewe beeld ... Ek bedoel dis weer eens ek was die eerste een. Daar was niemand voor jou wat jy kan bel en sê: "Hoor hier, hoe hanteer mens dit nou, so of so?" nie. Daar is net niemand. Jy moet op jou eie manier jou weg vind.** En al hierdie goeters. Ek dink dit het dit moeilik gemaak. En ek dink ek het dalk half simpatie gehad ook met die mans wat in 'n

sekere sin half onttroon gevoel het en bedreig moes gevoel het deur die vrou. En dit was eintlik tog so onnodig.

Vandag se vrouestudente beweeg in ’n groep waarin vroue nie meer die uitsondering is nie en vrouepredikante en selfs enkele vroulike teologiese dosente is deel van hulle wêreld. Dit het volgens gespreksgenoot 6 ’n definitiewe invloed op vrouestudente en maak, sonder dat hulle dalk eers daarvan bewus is, hulle pad makliker.

G6: Ek dink nie dit is vir hulle ’n *issue* nie. Hulle beweeg in ’n fakulteit rond waarvan ’n derde vrouens is. Toe ek en jy daar beweeg het, was ons enkeles. So die Fakulteit lyk anders. Daar is selfs nou ’n vrouedosent. ’n Dekaan. Sy is fantasties. Daar is selfs ’n vrouepredikant in die dorp wat so half deel van hulle storie is. So ek dink daardie goed het definitief ’n invloed. En vrouens begin beroepe kry. Hulle leef nie met daai totale magtelose gevoel wat ek dink in ons tyd wat jy nie weet of jy ’n *job* gaan kry nie. En hulle raak net al meer. Vir volgende jaar is daar, ek praat nou onder korreksie, 38, 42 eerstejaars wat ingeskryf is, wat nogal ’n groot klas is. Waarvan 32 NG Kerk-studente is, en 18 is vroue.

In die besigheidswêreld word leierskap en mentorskap vandag hoog aangeskryf. Daniel Goleman (2002:77), ’n kenner op die gebied van emosionele intelligensie en leierskap, sê dat mentors of “coaches” mense help om hulle unieke sterk en swak punte te identifiseer, langtermyndoelwitte te formuleer en ’n plan te help konseptualiseer om hierdie doelwitte te bereik. In die CFN-kursus (2006:1) vir mentors word ’n mentor volgens Bell beskryf as iemand wat ’n ander persoon help om iets te leer wat hy/sy andersins minder goed, stadiger of glad nie sou geleer het nie. Individue het dus ook persone nodig wat bereid is om tyd en kennis in hulle persoonlike en loopbaanontwikkeling te belê. Gedurende die laaste paar jaar word mentorskap in ’n sinodale gebied soos Oos-Transvaal hoog aangeskryf, alhoewel dit nog nie regtig in die praktyk posgevat het nie. Gespreksgenoot 6 het op verskillende stadiums drie mentors in haar lewe gehad wat haar teologies baie verryk het. Haar eie ervaring sowel as dié van gespreksgenoot 8 dui ook daarop dat mentors nie noodwendig geslagsgebonde is nie.

G6: I en J was sterk mentors vir my as student gewees. Ek het my prakties by J gedoen. So ons het ’n verskriklike goeie verhouding. ... Ek het aanvanklik nooit vir K geken nie. K was ’n randfiguur binne die span. En toe al die ouens uit is, was dit asof K ’n nuwe rol binne die span begin speel het. In hierdie jare van verandering in ons gemeente het K ook ’n rol in my eie lewe gespeel. Veral wat teologie aanbetref. **Ons het baie teologies saamgesels.** Hy sien die goed raak van *powers* in die kerk. Hy het die goed beleef op ’n ander vlak ook in die kerk. Hy was regtig nogal vir my ’n mentor die laaste paar jaar.

### 4.6.1 Elna Mouton

Hierdie studie sal nie volledig wees as daar nie vir 'n oomblik stilgestaan word by prof. Elna Mouton nie. Mouton het haar voorgraadse studie aan die Universiteit van Stellenbosch (US) (1972) en die Hugenotekollege te Wellington (1974) voltooi en haar as kerklik-maatskaplike werkster bekwaam. Sy het as kerklik-maatskaplike werkster in die Transkei en Oos-Kaap gewerk voordat sy die hoofuitvoerende beampte van die Oos-Kaapse Sinode se Vroueaksie begin werk het.

Intussen het sy haarself verder in Bybelkunde bekwaam en onderskeidelik 'n B.A. Honneurs en M.A. aan die Universiteit van Stellenbosch en die Universiteit van Port Elizabeth verwerf. Daarna het sy 'n D.Th in Nuwe Testament aan die Universiteit van Wes-Kaapland onder leiding van professore Bernard Lategan en Dirkie Smit verwerf.

Vanaf 1990 het sy die kerklike omgewing vir die akademie verruil en Nuwe Testamentiese vakke in die Departement Bybel- en Godsdienskunde aan UPE doseer voordat sy in 2000 benoem is as die eerste voltydse vroulike dosent aan die Fakulteit Teologie op Stellenbosch. Sy is vanaf 2005 dekaan van die Fakulteit Teologie (Mouton 2002b:1–3; Mouton 2005:1).

Mouton het op meer as een wyse 'n besondere invloed op die vrouepredikante wat met haar in aanraking gekom het gehad.

G6: Toe Elna Kweekskool toe gekom het, ek het nooit by haar klas gehad of iets nie, maar ek het baie van haar gehou. Ons het 'n *nice* verhouding. Ek sal nie sê Elna is 'n mentor vir my nie, maar ek sit in baie vergaderings saam met haar. Laat ek vir jou sê, daai vrou is *amazing*. Sy help my. As ons in 'n vergaderings sit, is ons baie keer die enigste twee vrouens. En dan wonder ek: "Wat sal sy sê?" Telkens sal sy op die einde van 'n vergadering inkom en die hele saak ontlont en *powers* uitwys en reageer. Sy kry dit reg om die manne op 'n manier aan te vat ... Haar wysheid en die hantering van situasies is vir my fantasties. Haar verhoudings in ongelooflik. Sy is geweldig sensitief, maar tog reguit. Sy kan meer reguit wees. Ek dink Elna is in daai opsig vir my 'n rolmodel op die oomblik.

G8: Sy was 'n *guide*. Ja, rolmodel is 'n woord wat mens kan inperk. Elna het in my eerste jaar, toe ek deur daai verskriklike intense geloofskrisis gaan, van die *reality*, hier is Teologie, jy kan nie die Bybel lees soos wat hy daar staan nie, die wêreld is nie in sewe dae geskep nie, Jona was definitief nie in die vis nie, het sy op die mees *beautiful* manier ingekom en langs my gestap en my net gehelp om te verstaan. En omdat sy so 'n totale oortuigende *genuine* gelowige is, kon ek net altyd na haar kyk as die goed vir my totaal *crazy* geraak het en dit net nie meer sin

gemaak het in my kop nie, want dan wat sy net daar om te sien. Al het ek dit nog nie *together* nie en die goed bymekaar versoen nie, sy het ... hê net bietjie *patience*, want dit sal gebeur.

## 4.7 ROEPING GEE HOOP

Die benarde posisie van vroueproponente het by tye die breër nuus begin haal. Christina Landman het in 1997 'n rubriek in *Beeld* geskryf onder die opskrif "Drome loop verkeerd" waarin sy vertel het hoe swaar die vroue kry wat wag. Daar was natuurlik reaksie in die briewekolomme. Ene John Knox het Landman daarvan beskuldig dat dit haar skuld is dat vroueproponente nie werk kry nie vanweë haar "feministiese teologie". Carin van Schalkwyk (wat teen 2007 nog steeds op 'n voltydse beroep gewag het terwyl sy etlike jare al as proponent werk) het betekenisvol op Knox se skrywe gereageer. Sy het daarop gewys dat geen vroueproponent 'n marionet van Landman is nie en "dat elkeen van ons vroue in 'n persoonlike verhouding met die Here staan en dat dit binne daardie verhouding was wat ons ons roeping ontvang het" (Van Schalkwyk 1997:10). Van Schalkwyk was reg in haar reaksie. Dit is inderdaad vrouens se roepingsverhale wat hulle telkens laat vashou het aan die droom om volwaardige predikante te kan word.

G1: Van die mense het my gevra, en in ander gemeentes het mense my ook gevra, ek het dan net vir hulle gesê, dat ek helder en dood oortuig is dat as jy 'n roeping van die Here ontvang het, dan roep Hy jou om iets te kom doen en dan moet jy vir my uit die Bybel kom bewys dat ek nie 'n roeping het nie en ek moenie hierdie werk doen nie. Maar ek het maar net altyd op die roeping gekonsentreer. Ek het geweet ek het 'n roeping van die Here af, en Hy sal my nie verkeerd roep nie. Ja, om nou ure met 'n ou te redeneer oor moet jy stilbly, dit is in elk geval nie reg om so met die Bybel om te gaan nie. Ek was in elk geval verstom gewees nadat ek die Bybel bestudeer het, hoe baie tekste is positief op die vrou gerig, wat altyd verswyg is vir ons ... Ek dink byvoorbeeld aan 1 Konings 22. Hoe Hosea moes gaan hoor wat die Here sê by 'n profetes. Sy was 'n profeet, daai tyd in die Ou Testament. Dit word nooit gesê nie, maar die ander plekke waar die vrou nie mag praat nie, dít word gesê .. Maar dit bly 'n worstelstryd vir die ouer manne en die sinodale besluite. **Maar ek het nog altyd net gesê: ek weet die Here het my geroep.** En al sê Paulus nou wat, ek dink dit nie dit is op alle vroue van toepassing nie. Ek het baie met gewone mensies geredeneer, maar dit is moeilik as iemand nie teologiese agtergrond het nie. Hoe verduidelik jy dit vir hulle al die goed rondom eksegese en fundamentalisme en al die goed? [My beklemtoning donkerder gedruk – EPB]

G5: **Ek gun dit nogal vir myself ook. Ek moet dit nou eerlikwaar vir jou sê. Ek was miskien te lank met die krummels tevrede.** Maar goed, my omstandighede self het van my gevra dat ek nog nie voltyds in 'n volle bediening sou kon staan nie. Ek is heeltemal realisties daaroor,

hoor. **Hoe graag ek dit ook al sou anders wou hê** ...Ek dink die toekoms wat voorlê, al is dit nog net 18 jaar wat voorlê, kan dalk 'n goeie agtien jaar wees. Wat vir my vervullend gaan wees ... [My beklemtoning donkerder gedruk – EPB]

G7: ... Ek dink net op die uiteinde is die roeping-ding die ding wat my deur die jare gedra het. Ek dink om al die nonsens en die teenstand en al daai goeters was doodgewoon die wete dat ek weet: Die Here roep my hiervoor.

G3: Nee, weet jy Elsje, dit is vir my geweldig groot, ek het dit nooit ervaar as spesialer vir my omdat ek 'n vrou is nie. Vir my persoonlik was dit 'n geweldige *wow*!-ervaring toe ek daai teks ervaar, nie net lees nie, van **"Ek het vir jou 'n *job* en Ek sal vir jou die krag gee om dit te doen." En *that's it*! Ek het 'n *job* en ek sal die krag kry om dit te doen! *Whatever that job might be*!** En ek leer nou al so twintig jaar daaraan. Hoe, wat die *job* is, en vir die res, of dit vergelyk met die swygtekste, nog nooit 'n gedagte gegee nie ... **En ek was baie oortuig daarvan dat die Here my nie hierdie kursus sal laat doen en nie vir my 'n *job* hê nie.** So ek het nogal regtig gedink ek gaan baie gou in 'n gemeente staan. [My beklemtoning donkerder gedruk – EPB]

Burger (2005:27–30) sê dat 'n duidelike roeping 'n groot verskil in 'n mens se lewe kan maak. Hy noem ses maniere waarop roeping mense se lewens kan verryk en verander, naamlik:

- Roeping gee sin en betekenis.
- Roeping gee hoop en energie.
- Roeping gee koers en rigting.
- Roeping gee volharding in moeilike tye.
- Roeping gee oortuiging en passie aan die lewe.
- Roeping help ons om te verstaan dat die Here 'n persoonlike verhouding met elkeen wil hê.

Friedrich Nietzsche het gesê dat "Wie 'n hoekom het om voor te leef, kan byna enige hoe verduur" (soos aangehaal in Burger 2005:26). Alhoewel Burger se boek nie net op predikante gemik is nie, het vroueproponente se roeping en roepingstekste hulle laat vasbyt gedurende die kerk se tyd van besinning én besluitneming én aanvaarding van vroue in die ampte. Vir 'n predikant om aan sy/haar roeping vas te hou, is nie 'n unieke "vroulike" eienskap nie. In die jongste verslag (2006) van Kerkspieël ag 78.6% van die predikante wat aan die ondersoek deelgeneem het, 'n duidelik roeping van God as van groot belang om

deur ’n gemeente aanvaar te word. Dit is die derde hoogste faktor wat ’n rol speel in die aanvaarding van ’n predikant (Bisschoff en Schoeman 2007: vraag 46). In die persoonlike gesprekke was dit opmerklik dat vroue se roepingstekste vir hulle swaarder geweeg het as Paulus se swygtekste en dat hulle eenvoudig aan hulle roeping vasgehou het ten spyte van die kerk se “nee”. Hulle roeping kon hulle nie los nie en hulle kon ook nie hulle roeping los nie.

### 4.7.1 Roeping gee ook hoop vir ander

Drie vroue het in gespreksgenoot 4 se eerste gemeente besluit om teologie te gaan swot terwyl sy daar predikant was. Haar aanvanklike waagstuk het nou ’n invloed op ander uitgeoefen.

G4: Dames oorweeg teologie as beroepskeuse en het dus die opsie om roeping ernstig op te neem. Selfs al sou hulle nie studies voltooi nie (soos baie mans ook), glo ek dis ’n verrykende ervaring vir elkeen. Binne ’n kultuur is daar voorbeelde nodig om mense te laat nuut dink oor hulle keuses. Almal is nie baanbrekers nie, en as daar ander is wat moeilike dinge doen, maak dit dit makliker vir dié wat volg.

Maar om ’n vrouepredikant te wees, is nie net ’n inspirasie vir voornemende vrouepredikant nie. Onbewustelik gee dit ook ’n stem en ’n stuk waagmoed aan ander vroue soos blyk uit dié insident in gespreksgenoot 4 se sussie se lewe:

G4: My sussie is met ’n Dopper getroud. Aan die begin van die jaar het een van haar kinders haar gevra wat tannie ... presies doen. “Sy is ’n dominee.” Toe die Doppers se besluit oor vroue bekend word na afloop van hulle besluit dat vroue nie tot die amp toegelaat kan word nie, het my sussie die eerste keer haar stem laat hoor op hierdie klein plattelandse dorpie. Die boere het sesuur die oggend vergadering gehou en hulle geskaar by die gemeentes wat teen die sinodebesluit was. Dit was vir my lekker om te wees dat my roeping en beroep tog ook ’n wyer invloed het.

## 5. 1998: ’N OORAANBOD VAN PROPONENTE VERTRAAG DIE PAS

Vrouepredikante kon nie op ’n slegter tyd as in die 1990’s toegelaat word nie. In 1990 het Kerkspieël bevind dat die ooraanbod van proponente jaarliks met 20–40 toeneem. Teen 1990 was daar reeds 110 proponente wat uit vorige jare op beroepe gewag het. In die 1998-

verslag is daar voorspel dat die aantal gelegitimeerdes nie in die nabye toekoms die vraag na predikante sal ontmoet nie (NG Kerk 1998:97–99). Dit was egter nie die geval nie. Teen 2002 was daar steeds ’n ooraanbod van proponente. Volgens Schoeman (2007) was een van die ander probleme gedurende die 1990’s dat daar nie ’n behoorlike register van beroepbare proponente was nie. Dit het behoorlike projeksies baie bemoeilik. Die gebrek aan ’n behoorlike register het egter ook implikasies vir die pastorale versorging van werklose proponente gehad. Die Algemene Sinode het op hierdie stadium ’n beroep op proponente gedoen om by hulle plaaslike gemeentes in te skakel vir onderskraging en steun. Hiermee saam is gemeentes, ringe en sinodes versoek om saam met die onderskeie kuratoria groter aandag aan die pastorale ondersteuning van proponente te gee. Daar is verder ’n beroep op ringe gedoen om moeite te doen om in kontak met proponente te bly en kerkrade is versoek om by beroeping aan proponente voorkeur te gee (NG Kerk 1998:450, 524). Proponente getuig dat van hierdie onderskraging en pastorale ondersteuning maar min, indien enige, tereg gekom het.

G2: In al daai jare – wat het ons ring gedoen? Niks! Ek het eenmaal gevra, is daar fout met my of wat? Ek dink dit is maar die sisteem. Niemand het eers gebel en gesê: “Ek bid vir jou nie.” Niemand het omgegee nie. Nie van bo of onder of enigsins in die kerk nie.

Anna-Lieze Rossouw was dus reg in haar opmerking in *Beeld* dat die “ooraanbod van manlike proponente aanvanklik in vroue se pad (sal) staan” (Hagelskamp 1990:17).

Die praktyk het aanvanklik ook nie so vinnig in die NHKA posgevat nie. Tien jaar nadat die NHKA haar deure vir vroue oopgemaak het, was dit nog ’n “aardigheid” in die populêre media. Op hierdie stadium het ds. Coen de Lange aan die media gesê dat “van die vroulike proponente langer op beroepe wag” as hulle manlike eweknieë (Moolman 1989:115).

Kerkspieël (Schoeman en Bisschoff 2000:113) het ook bevind dat baie gemeentes nie vakante poste met voltydse predikante vul nie. Meer as 150 gemeentes het in hierdie stadium van pastorale hulpe gebruik gemaak. Daar is meer van emerituspredikante as proponente gebruik gemaak. Die predikante wat dus reeds ’n kans gehad het, het eenvoudig voorkeur bo proponente geniet.

Buiten die ooraanbod van proponente het daar nog vooroordele geheers oor die geskiktheid van vroue om predikante te wees. Tydens die Algemene Sinode van 1998 is daar ook tydens die vergadering indringend besin oor die wyse waarop die potensiaal van vroue in die ampte en die toenemende getal vroueproponente gedien kan word. Die moderamen van

die Wes-Kaapse Sinode het ’n beskrywingspunt hieroor ingedien nadat hulle agtergekom het hoe min vroue op hierdie stadium al ’n beroep gekry het (NG Kerk 1998:301, 450–451). Hulle het vier voorstelle gemaak hoe die probleem hanteer kan word.

- In die eerste plek moes daar tot op gemeentevlak oor die teologiese verantwoording van die vrou as predikant gekommunikeer word. Die besluit rondom die toelating van vroue moes dus op ’n doelgerigte wyse aan gemeentes gekommunikeer word om die vooroordele te help afbreek.
- Tweedes moes daar deur doelgerigte beplanning van alle beskikbare werkkragte (by name van vroue in die ampte) gebruik gemaak word met inagneming van bestaande wetgewing. Dit is onduidelik wie hierdie beplanning moes doen en hoe dit op gemeentelike vlak tot sy reg sou kom.
- Derdens word daar waardering uitgespreek vir die rol wat vroue tot dusver in die kerk gespeel het, maar ook met hartseer kennis geneem dat vroue nie tot hulle reg kom in die ampte nie.
- En in die vierde plek word daar ’n stelling gemaak dat die pad vorentoe vir die vrou met geloofsmoed en verwagting betree moet word.

Om te keer dat bogenoemde stellings net woorde op papier sou bly, het die sinode ’n ad hoc-kommissie aangewys om die saak spoedeisend te ondersoek met terugvoering aan die ASK. Die kommissielede was drr. F.M. Gaum, C.J.J. Niemandt, C. Cilliers, ds. M. Nel, prof. J.C. Müller en mev. H. Bezuidenhout (NG Kerk 1998:358, 423, 439). Gaum, Müller en Cilliers moes aandag gee aan die teologiese verantwoording en kommunikasie aan gemeentes terwyl Niemandt, Bezuidenhout en Nel moes beplan hoe vroue ten beste benut kon word en hoe die vroue ook pastoraal begelei kon word (NG Kerk Ad hoc-kommissie 1999:2). Dit is onbekend in hoeverre daar aan die opdragte gestalte gegee is.

## 5.1 DIE FRUSTRASIES VAN PROPONENT-WEES

Om ’n proponent in die NG Kerk te wees word oor die algemeen as frustrerend ervaar. Die meeste proponente kan nie verstaan hoekom hulle nie dadelik volle ampsbevoegdheid soos dokters kan kry nie. ’n Proponent[145] is bevoeg om alle ampspligte uit te voer, maar mag nie

[145] “Die huidige bepalings verwoord ’n beskouing dat persone wat nie ’n uiterlike roeping ontvang het nie, se dienswerk net beperk is tot Woordverkondiging. Proponente mag op uitnodiging van ’n kerkraad die Woord tydens eredienste en ander geleenthede verkondig (Bepaling 3.2 van Reglement 3). Proponente mag nie

die sakramente bedien nie (NG Kerk 1998:511). Hulle mag ook nie die simboliese handelinge wat met Woordbediening gepaard gaan uitvoer nie. Inteendeel, die verkondiging van die Woord deur proponente word nie as amptelike Woordbediening beskou nie (NG Kerk 1998:511). Om as tentmakerpredikant bevestig word moet die betrokke persoon aan die NG Kerk se pensioenfonds behoort of aan 'n goedgekeurde pensioenfonds (gewoonlik die pensioenfonds van 'n maatskappy). Die NG Kerk se pensioenfonds is baie duur en gemeentes het dikwels nie die geld om dit te betaal nie. Op die ou einde is dit nie 'n roeping of werk in 'n gemeente wat in die pad van volle bevoegdheid staan nie, maar geld. Vir iemand wat regtig 'n roeping het en jare studeer het, is dit moeilik om te verstaan.

G8: **Die proponentstorie het nog nooit vir my sin gemaak nie.** Ek het nog altyd gesê jy moet mense legitimeer tot predikante. Maar dit neem so lank. Jig, ek is nou al amper tien jaar uit die Kweekskool uit. Ek het van die begin af, een van die goed wat nog nooit vir my sin gemaak het nie, as jy bedank uit 'n gemeente dat jy jou bevoegdheid verloor. Watter *crazy motion* is dit? Asof die kerk beheer het oor my bevoegdheid om predikant te wees? Dit is so oud in terme van denke. As 'n prokureur by 'n firma bedank en sê ek wil nie meer as 'n prokureur by julle werk nie, hou daardie prokureur nie op om 'n prokureur te wees nie. Maar die kerk sê nee: "As jy bedank by 'n gemeente, dan verloor jy jou status." Jy verloor jou predikantsbevoegdheid. Watse *crazy* ding is dit? Dit is sulke goed waarna ek kyk en ek dink "jislaaik". Nou, ek meen ek het die keuse gemaak, jy maak die keuse om binne daai strukture die goed te probeer verander. Ek het net nie daarvoor, ek sien nou nog nie daarvoor kans nie.

Baie gemeentelede verstaan nie wat 'n proponent werklik is nie. 'n Algemene vraag wat proponente moet beantwoord is: "Wanneer studeer jy nou klaar?" Gespreksgenoot 5 werk al vir twaalf jaar as proponent in 'n gemeente. Sy voel sy kan haar roeping uitleef, maar die strukture en 'n gebrek aan iemand wat wil leiding neem en haar situasie probeer verander, maak dat sy jaar in en jaar uit predikantswerk moet doen sonder om amptelik daarvoor erkenning te kry.

---

sakramente bedien nie (Die Algemene Sinode van 2004 het juis hierdie aspek vir verdere studie verwys: "*of daar sekere bedieningstake (bv sakramentsbediening) slegs aan die bevestigde leraar toevertrou kan word en of sodanige take ook deur nie-bevestigde leraars uitgevoer kan word*" (Besluiteregister Algemene Sinode 2004 punt 5 p. 18)."
"Proponente mag nie simboliese gebare wat gepaard gaan met die Woordbediening en liturgie uitvoer nie (die Algemene Sinode van 2004 het hierdie aspek vir verdere studie verwys: *Beskrywingspunt Noord-Transvaal: Die Algemene Sinode word versoek om goed te keur dat proponente die simboliese gebare by seëngroet en seën, wat gepaard gaan met die Woordbediening in die liturgie en prediking, kan uitvoer."* Besluiteregister Algemene Sinode 2004 punt 5 p.18)" (NG Kerk 2007, Aanvullende verslag van die moderamen: 10–15).

G5: Ja, ek dink so. Soos ek sê, my roeping kan ek uitleef. Dit waaroor dit werklik gaan, die verkondiging van die Evangelie, die verspreiding van die Evangelie, dit kan ek elke dag uitleef, daar is nie eers twyfel daaroor nie. **Dit is maar hierdie ander tipe van binnewerke en strukture wat my frustreer.** Maar dat ek by die essensie van my werk uitkom elke dag, ja. Soos ek sê, dit is meer die strukture wat op hierdie stadium taamlik frustrerend is. **Party van die oumense noem my proponent. Vir ander is ek dominee. Ander vra weer vir my: "Hoe moet ek nou eintlik vir jou sê? Wat is jy nou eintlik? Wie is jy nou eintlik?"**

So dit is nie vir my die probleem nie. Soos ek sê in die praktyk het dit my al definitief, die feit dat jy net proponentstatus het – dit vang my elke keer. Of hoe kan ek sê? Ek is elke dag by die twee ouetehuise, ek hou gereeld Sondae eredienste ... **Maar ek mag nie Nagmaal bedien nie. Ja, maar ek mag nog nie in die elf jaar wat ek hier is, Nagmaal bedien het nie.** Dit is net dit wat vir 'n mens, dit raak vir jou 'n onhoudbare situasie.

**Ek het nou net, omdat jy nou nog nie daardie heel laaste stappie** ... Ek doen in die praktyk alles wat predikante doen. Sterwensbegeleiding, rousmart. Ek hou begrafnisse dat dit by my ore uitloop. Ek preek elke maand. Ek tree nou net nie op as voorsitter van 'n kerkraad nie. [My beklemtoning donkerder gedruk – EPB]

Gespreksgenoot 5 is na alles bereid om selfs vir 'n verminderde salaris te werk, só belangrik is haar roeping vir haar.

G5: Ek sal dit doen vir 'n verminderde salaris. 'n Sesagste pos, hoekom sal jy dit nie doen vir 'n ses-agste salaris nie?

Alhoewel sy vir poste aansoek doen, was sy tot dusver nog nie suksesvol nie. Sy is baie realisties oor haar omstandighede, maar dit bly moeilik.

G5: Dit voel eintlik vir jou of jy nog, ... ja, jy is net goed vir sekere dinge en so aan. Ek het byvoorbeeld aan 'n gemeente hier naby al drie keer my CV ingestuur en elke keer het ek dit nie gemaak nie. Ek het een keer vir 'n onderhoud gegaan. Maar elke keer as hulle in die knyp is, as die dominee loop of hy weggaan, dan bel hulle my om te kom preek. Toe het ek nou maar besluit, nee wat, hulle moet nou maar verder soek. Dit is nie dat mens lelik is nie, maar as jy goed is om daar te gaan preek, maar jy is nie goed genoeg om daar aangestel te word, of net tydelik gebruik te word nie, dan moet hulle nou maar verder soek. So dit is 'n ou klein gemeentetjie, by hulle het ek definitief die ervaring van jy is goed genoeg tot op 'n punt. **Jy is reg en so aan, maar ons soek maar eintlik iemand anderste, 'n man. Ons soek 'n man, ons soek nie 'n vrou nie.** Maar weet jy, Elsje, **ek probeer my bes om nie so bitter te raak oor sulke goed nie, maar ek besef om altyd stil te bly gaan niks aan die situasie doen nie. Dit gaan dit ook nie beter maak nie.** [My beklemtoning donkerder gedruk – EPB]

Gespreksgenoot 3 wag al nege jaar op ’n beroep. Sy het al meer vrede oor haar situasie as ’n jaar of twee terug, maar die feit dat sy as proponent nie die sakramente kan bedien nie, is steeds moeilik om te aanvaar.

G3: Dit sal lekker wees as ek 'n dominee is. Maar as ek nie is nie is dit ook oukei. As ek dink daaroor dat ek dalk op 'n kol gaan kleinkinders hê en nie kan gaan doop nie, oor sulke *crap* van die kerk, ek is jammer .... **So dit is die frustrasie daarvan**, maar ek dink ek kan nou baie beter onderskei tussen die frustrasies van die kerk as instituut se stoepidgeite, en my pad met die Here. Dit is nie een nie, dit is twee verskillende goed ... [My beklemtoning donkerder gedruk – EPB].

### 5.1.1 Predikante A–Z

Die Algemene Sinode van 2002 het die Algemene Regskommissie (ARK) opdrag gegee om na die huidige reëlings met betrekking tot die bevoegdheid van predikante en proponente te kyk met spesifieke verwysing na die moontlike struikelblokke wat proponente ondervind, die moontlikheid om predikantsbevoegdheid nie aan ’n gemeente te koppel nie en die kerkordelike weg waardeur proponente in die staat gestel kan word om in die kerk te werk (NG Kerk 2002:401, 573). Hierdie versoeke is gerig om te kyk of dit mans- en vroueproponente nie in staat kan stel om hulle roeping volledig in die kerk uit te leef nie.

Tydens 2007 se Algemene Sinode het daar ’n omvattende dokument “A–Z-beleid aangaande predikante” gedien wat ingrypende aanbevelings oor die roeping van voornemende predikante, die keuringsproses, teologiese opleiding en die ordening van predikante maak. Hiervolgens is voorgestel dat proponentsbevoegdheid verval en teologiese studente na afloop van hulle studies direk as predikante georden word (NG Kerk 2007:132, 253–257). Die voorstel is gemotiveer deur vier redes (NG Kerk 2007:255):

- Eerstens sal die kerkverband van komplekse prosedures verlos wees om die bevoegdheidsregisters by te hou en telkens veranderinge aan te bring.
- Tweedens sal dit die ongelykheid regstel wat daar tans tussen Woord- en Sakramentsbediening bestaan en proponente in staat stel om die sakramente te bedien.
- Dit sal verhoed dat die uitwendige roeping bloot vertolk word in ’n ander benaming. Die dokument stel dat die uitwendige roeping van ’n predikant nie neerslag vind in ’n ander benaming nie, maar wel in ’n bediening.

- Dit is ook in lyn met die groeiende belang van missionêre kerkwees waarin gelegitimeerdes op verskillende wyses in die koninkryk van God kan dien.

Die hele dokument is goedgekeur behalwe die gedeelte oor legitimering en ordening. Veral die Sinode van Noord-Kaap het sterk besware teen die genoemde afdeling gehad. Indien die voorstel goedgekeur sou word, sou dit die frustrasies van baie mans- en vroueproponente opgelos het. Dit sal nou eers weer tydens die Algemene Sinode van 2011 aandag kan geniet.

# 6. MOEDER KERK EN HAAR DOGTERS

Twintig jaar nadat die NHKA en nege jaar nadat die NG Kerk hulle deur vir vrouepredikante oopgemaak het, het die bewuswording van die bydrae wat vroue tot die kerk kan maak, nog nie tot in die sogenaamde "topstrukture" deurgedring nie. Beide kerke se moderamens het nog net begin om 'n enkele vrou tot hulle strukture toe laat, maar volgens Dreyer (soos aangehaal in Jackson 1999:11) was seksisme nog steeds in die kerk te bespeur. Vroue moes meer "deelnemende ampsdraers van die kerk" word.

Cecile Cilliers, 'n ouderling van die Andrew Murray Gemeente in Johannesburg, was die eerste vrou om tot die breë moderamen van die NG Kerk op haar sinode van 1998 verkies te word. Cecile het die deur vir vroue-ouderlinge oopgemaak. Teen 2007 was die gebruik in die NG Kerk gevestig. Die sinode sou spontaan vroue-ouderlinge tot die breë moderamen verkies sonder dat 'n kwota vasgestel is. Alhoewel die eerste tree in die leierskapstrukture gegee is, het vrouepredikante nog gesukkel om 'n staanplek in gemeentes te kry.

Die Ad hoc-kommissie wat in 1998 aangewys is, het in April 1999 vergader en die voorstelle wat die Wes-Kaap gemaak het, as werkswyse aanvaar. Hulle het ook besluit dat aandag gegee moet word aan die pastorale begeleiding van vroueproponente ten einde hulle spesifieke nood aan te spreek (NG Kerk 2002:398). Na die beste van my wete het laasgenoemde besluit nooit tot uitvoering gekom nie. 'n Besoek deur 'n groep vroueproponente het my egter in beweging gebring.

EPB: 'n Groep vroueproponente het my vroeg in 2000 kom sien en gevra dat ons iets moet doen aan die situasie van vroueproponente. Tien jaar na toelating was daar nog slegs ses vroue in voltydse en deeltydse predikantsposte bevestig. Ek het na aanleiding van die vroue se nood

versoek om die moderamen te spreek. Daar is besluit om 'n konferensie[146] vir vroueproponente en -predikante te reël. Ek het die nodige reëlings vir die konferensie getref . Op daardie stadium het ek as projekorganiseerder by die ATKV gewerk omdat al my aansoeke vir 'n predikantspos ook onsuksesvol was.

Alle vroueproponente en -predikante sowel as die dagbesture (moderature) van die verskillende streeksinodes en die ASK is genooi na die konferensie wat vanaf 15-17 September 2000 in Johannesburg plaasgevind het. Die konferensie is deur sowat 80 persone bygewoon en het as "Moeder Kerk en haar dogters" bekend gestaan.

Verskeie sprekers vanuit die kerk, kundiges uit die arbeidsmark en verskillende vrouepredikante het tydens die konferensie opgetree. Die vrouepredikante wat opgetree het, het in verskillende bedieningsituasies gestaan en vertel hoe dit regtig gegaan het. Die doel daarvan was om die vooroordele wat gemeentes kon hê, af te breek. Bykans al die toesprake is in Bylae 2 ter insae beskikbaar. Ds. Gretha Heymans, die eerste vrouepredikant in die NG Kerk, het die Sondag die erediens in die Andrew Murray Gemeente waargeneem.

Buiten dat vrouepredikante vir die eerste keer self kon verwoord hoe dit regtig met hulle in die bediening gaan en die geleentheid gehad het om die suksesverhale te deel, het 'n ander belangrike ding tydens die konferensie gebeur. Tydens 'n groepsessie onder leiding van Ruda Landman het vroue die eerste keer die geleentheid gekry om ook hulle seerkry en pyn in die kerk te verwoord. Hierdie was redelik 'n emosionele sessie en baie trane het gevloei. Volgens Bons-Storm (1996:134) veroorsaak die rol wat vroue volgens die dominante diskoers van 'n samelewing moet speel, dat die spasie waarin hulle 'n positiewe identiteit en selfnarratief kan ontwikkel, baie nou is. Buite hierdie spasie loop vroue met 'n groot klomp skuldgevoelens gemeng met opstandigheid. Die grootste gedeelte van hulle stories bly egter onverteld.

EPB: Ek kan met Bons-Storm se siening identifiseer. Tydens hierdie konferensie was ek baie opstandig teenoor God en die kerk, maar het terselfdertyd daaroor skuldig gevoel. Alles in my skreeu om 'n dominee te kan wees en nou is ek kwaad vir my geestelike moeder.

Een proponent het die volgende oor 'n onderhoud vertel: "Ek moet erken dat die vrae tydens die onderhoud my ontsenu het. Ek voel ek het dit nie goed beantwoord nie. Ek was goed voorbereid om my visie vir die gemeente uit te spel en om my standpunt oor

---

[146] Coertzen se stelling in 350 Gereformeerd (2002:124) dat die konferensie op versoek van die ASK gereël is, is nie 'n juiste weergawe oor hoe die konferensie tot stand gekom het nie.

teologiese kwessies te formuleer. Maar die vrae het my onkant gevang: Wanneer gaan jy trou? Wat sal jy maak as jou man ’n ander geloof aanhang? Hoe sal jy dit hanteer as jy kinders kry? Sal jy saans laat kan rondry vir huisbesoek?” (Wessels 2000:9). “Ná die tyd het die konferensiegangers saamgestem dat die geleentheid wat ‘Sus’ gehad om eerlik en openlik oor haar frustrasies te praat, goed was ...” (Die Kerkbode 2000:1). Alhoewel die groepsessie nie ’n terapeutiese sessie was nie, het dit tog terapeutiese waarde gehad. Uit persoonlike mededelings weet ek dat hierdie sessie ’n soort katarsis vir baie vroue was. Meintjes (2007:353–361) vertel hoe joernaliste tydens die “Naked women’s protest” in 1990 nie met een vrou gepraat het wat aan die protesoptog deelgeneem het nie en slegs hulle aksies en dade gerapporteer het. Niemand het probeer om “a voice to the women” te gee en by hulle self te hoor waaroor hulle protesteer nie. Deur haar studie het die vroue 18 maande na die insident die eerste kans gehad om self te vertel waarom hulle geprotesteer het. In die gesprekke het sy ontdek dat die vroue se weergawes van wat hulle eintlike probleem is, drasties verskil van die formele verslaggewing daaroor. Dieselfde het met hierdie konferensie gebeur: Vrouepredikante en -proponente kon die eerste keer vir die kerk sê wat met húlle gebeur het én hoe húlle dit ervaar het.

Müller (1996:111) beskryf hoe noodsaaklik dit in ’n terapeutiese situasie is om jou verlede, al is dit hóé pynlik, te onthou sodat dit deel van die boustof van ’n nuwe toekomsverhaal kan wees. ’n Terapeutiese situasie behoort die nodige sekuriteit of veilige ruimte te verskaf waarbinne die pynlike verhaal oor die verlede vertel kan word. As ek weer die geleentheid kon kry om die konferensie te reël sou ek nie ’n joernalis gekies het om die sessie te lei nie. Dit moes baie blootstellend gewees het al het die trane en verhale gevloei. Met die kennis wat ek vandag het sou ek veiliger ruimtes kies met fasiliteerders wat kan help om die verhale te ontknoop.

Die vroue wat die konferensie bygewoon het, het ’n klomp praktiese voorstelle[147] gemaak wat na die ASK deurgegee is om verder mee te werk. Hierdie voorstelle sou kon meehelp om ’n nuwe toekoms mee te skep. Die voorstelle kan in vier kategorieë saamgevat word, naamlik seksisme, kommunikasie en blootstelling aan die kerk, stappe deur die ASK self en ’n verantwoordelike liggaam om met die proses voort te gaan. ’n Ad hoc-kommissie is dus vanuit die konferensie aangewys om met die proses voort te gaan. Die lede van die

[147] Sien Bylae 2, punt 11 vir die volledige lys voorstelle wat deur die vroue en lede van die verskillende streeksmoderature tydens hierdie konferensie gemaak is.

kommissie was dr. Cecile Cilliers, prof. Piet Strauss, dr. Nelus Niemant en ds. Elsje Büchner. Prof. Elna Mouton en ds. Johann Symington is na die tyd gekoöpteer terwyl twee lede van die AKV ook genooi is om op die kommissie te dien.

Lede van die ASK het na die tyd gesê dat hulle verras is deur die intensiteit van die ervarings wat vroueproponente moes deurmaak.

## 6.1 DIE KERK HET MY GE*DROP*

Die kerk in die breë en gemeentes is nie begelei in die proses om plek te maak vir die eerste vroue en om te help met 'n bekendstellings en aanvaardingsproses nie. Die besluit is geneem en daar is aangeneem dat gemeentes sal weet hoe om met die besluit te handel. My medenavorsers het hulle eie gevoelens oor die pad wat hulle moes loop, soos volg verwoord:

G7: **Ek dink hulle moes meer planne in aksie gehad het.** Maar nou aan die ander kant van die vraag: wie op aarde sou dit vir hulle gegee het as daar nie vrouens was om dit te kon doen ook op die uiteinde nie? Ek dink op die uiteinde het hulle die besluit geneem gewoon omdat daar so 'n aandrang was op 'n stadium. **En dat hulle besef het daar is nie 'n ander manier om dit te hanteer nie en gehoop daar kom nou nie veel van op die uiteinde nie.** [My beklemtoning donkerder gedruk – EPB]

G2: **O ja, die kerk het my ge-*drop*.** Ek sal dit selfs op voorbladnuus ook sê, maar wat help dit my? Niemand. Ek kan nie 'n vinger wys na iemand en sê: jy het my ge-*drop* nie. Want dit is vir my meer 'n kollektiewe begrip. Die kerk. Die kerk het my seergemaak. En ek dink dit is wat my ... ek kan nie sê dit is die kerk nie, ek moet sê dit is dit of dit is nie, maar vir my het dit 'n simbool geraak van my pyn, my verleentheid, my frustrasie. En ek dink daai jare wat ek nie kon werk kry nie, ek het nie geld gehad nie, ek kon my nie verder bekwaam nie ...Ek het gaan swot om outonoom te wees. Om nie ryk te wees nie, maar menswaardig te kan wees. **En ek is nie menswaardig nie. Soos ek sê: ek verdien dit in die kerk.** Ek sal nie iets vra wat ek nie verdien het nie. Ek het gewerk daarvoor. Dit is seksisme wat my teruggehou het ... Ja, dit is sinvol om met 'n persoon te werk en uit te stap en te voel jy het geslaag en 'n verskil gemaak. Ek wil ook 'n verskil aan my lewe gemaak het. **En ek het nie daarin geslaag nie. Ek het nie bereik wat ek wou bereik het nie. En soos ek sê, wat ek gevra het was nie om die hoof van die plaas te wees nie, maar ek wou gekry het wat ek verwag het. Om een en een, twee te maak.** As jy 'n blommetjie plant, moet hy groei. Dit is al wat ek verwag. Net 'n natuurlike resultaat. 'n Bevrediging van dit wat ek ingesit het moet uitkom. En ek sien dit nie. Ek het dit nie ... **Die verhale in my kerk is so seer. Dit is asblik-verhale. Dit is seerkry-verhale in gemeentelede. Die sere wat ek daar gekry het, is so lelik dat ... En dit is nie**

**asof ek verkeerd was nie. Dit was kwessies van magsmisbruik. ... Die *rejection* kom uit die kerk uit.** Ek het 'n goeie selfbeeld gehad om te gaan studeer. Ek het 'n goeie selfbeeld gehad. Ek was skaam en ek het nie daai *backups* in die huis gehad van boeties en sussies wat my ge ... nie. Ek was sensitief, maar waar ek vandag is, waar ek 'n emosionele wrak is, soos ek jou sê ... Maar ek dink in '92 toe ek nou gelegitimeer is, ek het ongelooflik kans gesien toe. Die kinders was gebore, ek sou 'n bediende saam met my gevat het – my dogtertjie was op die heup. Ek sou 'n plan gemaak het. Ek was reg. **Daai '92 tot in 2002, wat ek in ... bevestig is, daai tien jaar was vir my nog erger. Dit was amper ... daai *rejecting* ... My negatiewe verhale kom uit daai tyd. As ek vandag ook terugkyk, as die kerk my net toe kon bevestig, die status kon gee, was dit soveel beter. Ek kon dit nie van hulle vra nie, ek het nie daardie visie gehad nie en hulle het nie daardie insig gehad nie.** [My beklemtoning donkerder gedruk – EPB]

'n Deel van gespreksgenoot 2 en gespreksgenoot 7 se frustrasie is dat niemand in die kerk vir hulle seerkry en gevoel van verwerping verantwoordelik gehou kan word nie. Hulle voel in 'n kollektiewe sin teenoor die kerk opstandig en dit maak hulle magteloos omdat niemand spesifiek vir hulle seer verantwoordelik gehou kan word nie.

G7: Ek het nou die dag vir iemand gesê as ek nou uit die kerk uit gaan, soos in ek gaan doen ander werk, dan dink ek, ek is klaar met 'n kerk. Ek sal nie aan 'n kerk behoort nie. Kerke het ek te veel gesien wat hulle regtig is ... So as ek in die kerk wil bly, sal ek in die bediening moet bly.

Toe gespreksgenoot 2 uiteindelik bevestig is, het sy die volgende waarde aan die titel dominee geheg.

G2: Dit was so *wow*! Dit is nie 'n titel wat vir my status gee nie, maar dit was vir my 'n titel van erkenning. Dit het daaroor gegaan. Van verwesentliking. Ek het dit bereik. Dit het daaroor gegaan. Dit is vir my kosbaar. Dit was nie van eer nie. Ek wil dit voor my naam sien, want ek het dit bereik en ek was geregtig daarop gewees. Ek dink as die kerk net vir my kon gee wat hulle vir 'n man gegee het. **Net die erkenning van om 'n werk te kan hê.** En daai vernedering wat ek deurgegaan het, om net te erken ... [My beklemtoning donkerder gedruk – EPB]

## 7. VROUEPREDIKANTE SE BELEWING VAN GOD

Soos in hoofstuk 1 genoem, behoort daar in 'n postfundamentele teologiese benadering 'n eerlike poging aangewend word om die navorsingsgenote se religieuse en spirituele

verstaan van en hulle ervaringe oor God se teenwoordigheid in hulle lewens te begryp (vgl Müller 2004:303). Buiten hulle roepingsverhale het van hulle ook vertel hoe hulle in die kans om hulle roepings uit te leef al dan nie, gegroei en gekwyn het in hulle geloof.

## 7.1 "DIE KERK VAT MY WEG VAN GOD AF"

Gespreksgenoot 2 het die kerk as 'n verlengstuk gesien en toe sy vir tien jaar moes wag vir 'n beroep nadat sy reeds haar studies in die 1970's begin het, het sy so seergekry dat God vir haar ver gevoel het. In my gesprek met gespreksgenoot 2 was daar op hierdie punt nie kans vir die ontdek van 'n nuwe verhaal nie. Ek het my egter verbind om na hierdie studie 'n pad saam met gespreksgenoot 2 te stap. Ek kon myself baie goed met gespreksgenoot 2 identifiseer vanweë my eie verhaal. Haar woorde en pynlike ervaring van God wat ver is, was nie vir my 'n skok nie.

G2: **Die kerk was vir my die arm van God en ek het dit nie besef nie.** Ek moes op 'n stadium my by God uitbring, en my distansieer van die kerk. Maar êrens is die kerk die simbool van God. Die kerk was die instrument in my lewe wat my weg gevat het van God af. Die kerk is die instrument wat my in die hel sal laat beland. Die kerk sal my hel toe stuur, want hy maak my verbitterd, en hy laat my vloek en hy laat (maak) my op. **Ek voel God is ver. Ek voel God straf my. Ek voel ek is nie goed genoeg vir God nie.** Dit is in die kern van my geloof ingebou. En dit kom waarvandaan? Dit kom uit my studie en uit my kerkverhaal. [My beklemtoning donkerder gedruk – EPB]

Toe gespreksgenoot 2 na meer as tien jaar na legitimasie 'n pos gekry het, het sy dit só beleef. Dit is asof die wonder van om geroep te wees wegraak in die pyn en dat mens in jou pyn na enige strooihalm sal gryp om net weer menswaardig te voel.

G2: Dit was vir my sleg in die gemeente. Die een kerkraadslid het gesê: "O, jy het 'n pos gekry. Dit is seker maar 'n regstellende aksie-possie." Toe dink ek: 'dit is seker so-regstellende aksie-possie'. **Maar weet jy, vir my was die krummels van die tafel beter as niks**. Ek het niks van die kerk gekry nie. [My beklemtoning donkerder gedruk – EPB]

## 7.2 "EK IS WAAR DIE HERE MY WIL HÊ"

Gespreksgenoot 7 beleef haar roepingsverhaal en alles wat met haar langs die pad gebeur het as 'n moeilike reis, maar dat sy in die proses tog gekom het waar die Here haar wil hê. Vir haar is dit belangrik dat sy moet wees waar die Here haar wil hê.

G7: Weet jy, ek dink dit was vir my positief. Ek dink, ek dink dit was tog 'n positiewe ervaring om te weet ek het nou regtig gekom waar ek glo die Here wil my hê. Dat dit 'n lang pad was. Ek dink

daar was tog die negatiewe goeters. Daar was so baie tyd wat verlore is. Die impak wat hierdie hele ding op 'n ou se sielkundige lewe gehad het. Nou kan jy maklik vir my vra, wat van my roeping dan? Ek dink dat die Here 'n mens ook roep vir 'n sekere tyd. Vir 'n spesifieke taak en so. En ek dink Hy kan my nou weer roep vir iets anderste. As dit Sy wil is. Ek probeer regtig na aan Hom leef om te hoor waarnatoe wil Hy met my, en of wil Hy met my.

## 7.3 "WANNA-BE CLOSE TO HIM"

Gespreksgenoot 3 het 'n haar roepingsverhaal aan die hand van die sinsnede "*the great wanna-be*" vertel. Haar roepingsverhaal is nou vervleg aan haar lewensverhaal en hierdie sinsnede. Na tien jaar as proponent het sy 'n stuk geloofsgroei beleef waar dit nie meer vir haar oor haar eie selfverwesentliking gaan nie, maar om regtig na aan God te leef. Haar verhaal van geloofsgroei is nou verweef aan haar betrokkenheid in die gemeente waaraan sy behoort. Vir haar is daar ook 'n groot verskil tussen die breë kerk en die plaaslike gemeente.

G3: Ek dink die Here is baie besiger met my as wat Hy met die kerk is! [lag]

Kom ek gaan terug na my lewensverhaal toe. My *wanna-be* ding.

Toe was dit die *wanna-be more*.

Toe was dit *wanna-be* dominee.

**En nou is dit *wanna-be close to Him*.**

Dit is vir my dit. Ek het nie meer 'n verskriklike saak met die kerk as instituut nie. Daarmee sê ek nie dat ek my ooit sal losmaak van die kerk nie. Dit sal die Here vir my moet sê as dit is wat hy wil hê. Maar ek besef dat die *stupidities* en die simpelgeite waarmee ons te doen het, kom van mense af. Die kerk het my ge-*drop*, maar God het my verseker nie ge-*drop* nie. Inteendeel, hy het my opgetel daar waar die kerk my ge-*drop* het. [My beklemtoning donkerder gedruk – EPB]

G3: Dit was ... En so mettertyd het die Here die pad geloop met my tot waar ek nou is, waar ek baie vrede het of ek 'n *job* kry of nie. Ek was geweldig opstandig oor ek nie kan dominee wees nie. Want nou het ek al die kwalifikasies, ek het al die dinge gedoen, maar omdat iemand nou nie my op die kop geklap het nie, sal ek nie my kleinkinders byvoorbeeld eendag kan doop nie. Of sulke soort van goed. Dit het my baie opstandig gemaak. Maar ek praat deesdae baie min daaroor, omdat ek ervaar deesdae dat ander mense my half amper opsweep. As ek met mense praat dan raak hulle opstandig, so opstandig soos wat ek was. Terwyl ek het nou al 'n bietjie meer vrede daarmee.

EB: Wat maak dat jy vasbyt?

G3: Die Here! Regtig, ek weet nie of Hy wil hê ek moet voltyds 'n dominee in 'n gemeente wees nie. Maar dat hy vir my 'n *job* het, as dit nou is om op die Gemeenteraad te wees, is dit *fine*. As dit is om een maal 'n kwartaal en ses maal 'n jaar by ... te preek, dan is dit *fine*. As dit is wat volgens Hom genoeg is, is dit vir my reg. Dan is dit so. Maar verstaan jy, dit was vir my bad, maar dit was nie vir my so bad soos wat dit vyf, ses jaar terug sou wees nie. Natuurlik sal dit vir my 'n absolute fees wees, maar ja, die Moses Bybelstudies in die Gemeenteraad het die Here net vir my gesê: "M, Moses was tagtig toe hy die *job* begin het." As Hy vir my eers 'n *jobbie* het as ek tagtig is, *so be it*.

Dat dit gaan oor Hom. Dit gaan nie oor my *job* nie, dit gaan nie oor my gawes nie, my wat ook al nie. So ek is verby oor die opstand wat ek beleef het omdat ek nie 'n dominee-*job* het nie. Die afhanklikheid van die Here is net nou baie groter vir my. So, ja, ek is hier vir Hom, nie Hy vir my nie. En ek dink dit is 'n groot verskil van 1993 af. Onbewustelik. Want ek bedoel ek het nooit dit beleef dat ek soort van die Here is in my diens nie. Jy weet, maar ek dink die bewustheid nou dat ek in Sy diens is, is baie groot.

## 7.4 "EK WIL *GLIMPSES* VAN GOD FASILITEER"

Gespreksgenoot 4 ervaar ook dat sy nou op die regte plek is en sy ervaar God se liefde as die sterkste mag op aarde. Dit dryf haar só dat sy hierdie liefde wat sy ervaar met ander wil deel.

G4: Dis heerlik om midde-in die *real thing* te wees: 'n gewone bedieningspos in 'n gewone gemeente; dis lekker, dis sinvol, ek doen wat ek voor geleer het en geroep is. DIT WERK ... Ag ek is mal daaroor om God te sien werk in mense se lewens. En dit sien ek elke dag. Dis so gerusstellend, want 'n mens besef ons is maar net tussengangers, dis eintlik die Here wat dinge laat gebeur, en ons kan dit *witness*. Ek wil 'n dominee wees om mense *glimpses* van God te fasiliteer, omdat ek glo in die liefde van God wat die sterkste mag op aarde is. En ek wil graag vir mense 'n positiewe kerkbelewenis gee, iets wat ek min van gehad het.

## 7.5 GEESTELIKE GROEI EN 'N PAD VAN AANVAARDING

My navorsingsgenote het ook besondere geestelike groei op hulle reis deur die NG Kerk beleef.

G7: Nee, ek dink dit is ... ek dink dit is 'n geestelike *journey*. Ek dink 'n mens kan nie anderste as om geestelik te groei nie, en ek dink, om moeilike vrae te vra oor godsdiens as goed nie reg werk nie, as jy swak doen in Grieks en Hebreeus en jy glo die Here het jou geroep. Jy weet: Hoe werk dit dan nou? As jy met moeilike kollegas saamwerk: Hoe werk dit dan nou? Is dit

hoe dit moet wees? Ek dink daar gebeur 'n klomp goed met 'n ou wat 'n mens geestelik laat groei ook op die uiteinde. Ek dink dit is gemengde gevoelens. Ek ... ja, ek dink daar is partykeer goed wat vir 'n ou sleg is en mens moet dit saamdra. Maar dan is daar ook die goeie kante. So ek dink dit sny maar na albei kante toe.

Gespreksgenoot 6 beskryf haar belewing van God in drie stadia. Dit het gegroei van 'n bewustheid van wie God vir haar is tot 'n spiritualiteit waarin misterie vir haar 'n groot rol speel. Haar roepingsverhaal sluit baie nou aan by haar belewing van God.

G6: In die eerste rondte het ek 'n bewustheid van God beleef. Op hoërskool was ek bewus van God se genade, vergifnis en 'n belewing van wie Hy is. Ek het Hom leer ken as die God van liefde en genade.

In die tweede rondte het ek hierdie roepingsbewustheid gehad. Ek het God baie persoonlik beleef uit die Woord. Tekste en gebeurtenisse het 'n groot rol in my lewe gespeel. Goed het gebeur. Die groot vraag wat ek in hierdie stadium gevra het was: "Waarheen is die Here met my op pad?" My studies en my verhouding wat misluk het, het my hierdie vraag laat vra.

Nou is ek in 'n stadium met 'n sterk klem op die misterie. Stilte en meditasie maak nou 'n geweldige groot deel van my spiritualiteit uit. Goeie dogma moet deurbreek. Dit is vir my belangrik dat goed nuut moet deurbreek. My *spiritual guide* .... hou my op my tone oor my gebedslewe. Ek sien haar een maal per maand. Die boek van John Ackermann het my geleer om te *stop, look and listen.*

Ek was nog nooit kwaad vir die Here nie. As ek moedeloos met die kerk is, dan dink ek net dit is nie hoe God wil hê die kerk moet wees nie. Dit hou my in die kerk. In my worsteling het dit die laaste tyd vir my oor my eie identiteit gegaan. Ek is in 'n fase van herstel om te ontdek hoe God oor my dink en dit wil ek herontdek en omhels. Die God van die emosie is nou vir my belangrik. 'n God wat saam met my kan huil en lag. So kon ek weer lief raak vir myself.

## 7.6 "GOD HET DEUR ALLES VIR MY GESORG"

Gespreksgenoot 5 het God se sorg baie konkreet in haar verhaal beleef. Sy vertel 'n aangrypende verhaal hoe sy as enkelouer op 'n kunsmark goed gaan verkoop het en hoe die Here op 'n konkrete wyse vir haar die nodige geld voorsien het om die betrokke dag daar te kon uitstal. Daarna het sy weer genoeg geld vir die maand gehad om vir haar kinders te sorg.

G5: Weet jy, dit is iets waaraan ek nogal in die laaste tyd baie dink. Oor byvoorbeeld, as ek nou sê, mens besef daar is sekere dinge van die kerk wat nie reg loop soos wat dit moet loop nie of jy moes al baie gouer predikantstatus gekry het, en sekere dinge moes al gebeur het en

dan dink jy tog weer aan die praktyk van jou lewe en dan besef jy dan: Is dit nie maar miskien reg dat dit gaan soos dit gaan nie? By die foute wat jy sou sien wat gemaak word of by die leemtes wat daar is. Is dit nie maar miskien dan nog steeds reg dat dit so gaan nie? Is dit nie miskien hoe die Here dit bedoel het nie?

Dit is vir my altyd baie moeilik om te onderskei, is dit presies soos wat die Here dit wou gehad het of is dit as gevolg van die leemtes wat daar in die kerk se strukture is, dat dit so gaan. Dit is vir my moeilik om te onderskei: dit glo ek dit is presies soos wat die Here dit wou gehad het, of nee: dit is nie soos wat dit bedoel is nie, daar moes al dinge gebeur het. Dit is vir my moeilik om dit nogal (te onderskei).

En ek moet vir jou sê in alles ervaar ek die versorging van die Here elke dag. Elke liewe dag. Ook in die tye wat daar ... Joe, daar was R10 vir twee dae oor gewees. Ja. Ervaar ek nog Sy versorging. Ek moet jou sê, ek wens dit ook vir niemand anders toe nie, hoor. Daarmee saam sê ek: Ek wens dit vir niemand anders toe nie. Dit is nie maklik nie. Dit is finansiële oorlewing vir 'n alleenouer, ek kry die onderhoud vir die kinders, maar dit is nie naastenby genoeg nie. Nie naastenby genoeg nie om te oorleef nie. Soos ek sê, daar mis 'n mens regtig nogal, jy weet, die werk, of die inkomste wat 'n werk jou sou kon gee waarvoor jy dan opgelei is en wat jy ook sou kon doen, so goed soos enige man. Dit mis 'n mens.

Maar die versorging van die Here ervaar ek elke dag, eerlikwaar. Ek dink nog steeds, as ek my omstandighede vergelyk met ander dele van die wêreld, is dit goed. ... Die kinders kan skool toe gaan. Ons is almal goed geklee. Ek ry nou wel 'n stokou kar en daar is kort-kort 'n probleem. Maar die versorging van die Here was, ek wil amper sê, daar waar mense gefaal het, het die Here bly sorg.

# 8. 2002: DISKRIMINASIE TEEN VROUE IS SONDE

Buiten die terugvoering wat aan die Sinode oor Moeder Kerk en haar dogters gegee is, het die Algemene Sinode 'n besondere stap geneem deur te bevestig dat diskriminasie teen vroue sonde was en is. Dit het egter nie net hierby gebly nie, die Sinode het ook sy eie aandeel aan optredes wat onbillik of kwetsend teenoor vrou in die kerk was bely. Predikante, kerkrade en lidmate is verder versoek om sensitief te wees vir neerbuigendheid en vooroordele teenoor vroue (NG Kerk 2002:400, 573).

In geen onsekere terme nie het die Sinode ook verklaar dat die "bevoordeling van een geslag bo 'n ander" teen die wil van God is en hom uitgespreek teen alle vorme van diskriminasie, strukturele onreg, magsmisbruik en geweld (NG Kerk 2002:400, 573).

Hierdie woorde is ver verwyderd van die uitsprake wat die NG Kerk veral in 1978 en 1982 gemaak het waarin die onderdanigheid van vroue as ’n skeppingsordinansie en die sondeval gebruik is om vroue uit die ampte te hou.

Hierdie uitspraak is ook deurgetrek na die hantering van vroue in die samelewing. In die Suid-Afrikaanse Samelewing vier geweld teen vroue en kinders hoogty. Daar word beraam dat een uit elke twee vroue die kans staan om verkrag te word en dat een uit elke vier vroue in ’n verhouding staan waarin sy verbaal of fisies of emosioneel mishandel word. Verder word daar elke agt minute in Suid-Afrika ’n kind seksueel gemolesteer (sien POWA 2007 vir die jongste statistieke). Met hierdie syfers wat ’n hartseer verhaal vertel het die Sinode hom ook uitgespreek teen alle vorme van geweld, in die besonder verkragting, kindermolestering en gesinsgeweld. Gemeentes is versoek om lidmate sensitief te maak vir die probleem (NG Kerk 2002:400, 573).

EPB: Hierdie belydenis het die koerantopskrifte gehaal, maar ek is van mening dat dit nie regtig na die hart van die kerk deurgewerk nie. Dit was na hierdie sessie wat ’n predikant my aangevat het oor ons verslag oor vrouesake en die nodigheid daarvan bevraagteken het. Ek ervaar verder dat min manspredikante bereid is om oor sake soos gesinsgeweld, verbale geweld, verkragting en molestering te preek. Vergelyk ook die bevindings in Kerkspieël 2006 (Tabel 10 van hierdie studie) waarin daar bevind is dat gemeentes die minste oor ’n saak soos seksisme (wat sterk met vrouesake verband hou) preek. ’n Predikant het tydens ’n sessie vir voortgesette teologiese opleiding vir predikante, aan my gesê dat vrouens eerder oor hierdie onderwerpe moet preek. In ’n studie is daar bevind dat slagoffers van gesinsgeweld dikwels deur hulle geloofsoortuigings en dit wat in die kerk gepreek word, in gewelddadige verhoudings vasgevang voel en dat hulle dan die skyn in die gemeente moet handhaaf en moet maak asof alles reg is (vgl. Barkhuizen 2004:141 e.v.)

Volgens Mouton (2002a:302) het die ’n erfenis van gebrekkige Skrifgebruik waarin die Bybel gebruik is om die ondergeskikte posisie van bepaalde persone in die kerk en samelewing te sanksioneer ’n gebrek aan ’n kritiese bewussyn ten opsigte van geregtigheid teenoor alle mense tot gevolg gehad. Sy twyfel ook of die vele debatte oor die gelykwaardigheid van vroue op sinodale vlak ’n “blywende entoesiasme vir die saak van vroue” kon skep. Die vraag kan ook gevra word of hierdie belydenis twaalf jaar vroeër, toe die Algemene Sinode besluit het om vroue tot die ampte toe te laat, nie groter impak sou hê nie. Die 1990-sinode het net besluit dat vroue in die ampte kon dien sonder om eers te dink aan die impak van ’n bepaalde Skrifinterpretasie op vroue gehad het en hoe dit ’n bepaalde beeld van vroue in die samelewing help vestig het. Daar behoort iewers nagedink te word

oor die vroue wat uit seerkry en frustasie die NG Kerk verlaat het as gevolg van haar aanvanklike beleid oor vroue.

’n Navorsingsgroep vir ’n vroueteologie wat in die 1990’s by BUVTON gestig is, het op ’n informele wyse gevra dat die NG Kerk alle vroue wat teologie studeer het en legitimasie geweier is en oor sestig is, as ’n daad van restitusie en versoening moet bevestig (Navorsingsgroep s.a.:14). ’n Mens kan net gis oor die boodskap wat so ’n daad van boetedoening kon hê.

## 8.1 Debat in ’n breër konteks geplaas

Alhoewel ’n struktuur soos die Algemene Sinode nie regtig iets aan ’n saak soos geweld teen vroue en kinders kan doen nie, is dit tog noodsaaklik dat die samelewing die kerk se profetiese stem in hierdie verband hoor. Hierdeur is die hele debat oor die toelating van vroue tot die ampte en die probleme wat hulle na toelating ondervind het om aanvaar te word, in ’n breër konteks geplaas. Die hoë syfers van geweld teenoor vroue in Suid-Afrika dui op ’n algemene respekloosheid teenoor vroue en dat baie mans vroue as minderwaardig beskou.

Dit is in hierdie konteks wat vrouepredikante sukkel om as geestelike leiers aanvaar te word en waarin vrouesake ’n sensitiewe kwessie is. Gespreksgenoot 7 is van mening dat predikante in hulle opleiding blootstelling aan hierdie kwessies moet kry.

G7: Ek dink dit kan help. Sê nou maar mens kan al die manstudente se koppe begin swaai, of die vrouens ook, die ding moet nou nie na die ander kant toe begin swaai op die uiteinde nie. Hulle beklee op die uiteinde sulke belangrike posisies waar hulle mense in ’n sekere sin kan opvoed en waar hulle ’n enorme verskil kan maak in die hele saak. Ja, maar ek wonder nog steeds, as mens vandag na ’n finalejaarsklas sou gaan, hoeveel van hulle voel bedreig deur die vroue?

Die bestaan van geslagsverskille is deel van ons sosiaal gekonstrueerde realiteit en kan nie ontken word nie. Kruger (1991:332–233) is van mening dat daar ’n nuwe genderdiskoers oor wat “vroulikheid” beteken, ontwikkel moet word. So word die verskille nie ontken nie, maar word ’n bewustheid behou dat die inhoud van wat vroulikheid beteken sosiaal gekonstrueer word en nie bloot ’n produk is van ’n Godgegewe biologiese “andersheid” nie. As ’n vrou byvoorbeeld as swak gesien word, gaan dit oor baie meer as fisiese krag of die gebrek daaraan. Myns insiens moet mans en vrouens saamwerk aan die ontwikkeling

van 'n nuwe genderdiskoers. Bepaalde tekste oor vroue moet in die proses saam gedekonstrueer word.

## 8.2 BYKOMENDE BESLUITE

Die Ad hoc-kommissie wat na vrouepredikante se saak moet omsien, het ook opdrag gekry om vir die volgende Algemene Sinode 'n kerkgeskiedenis op te stel oor vroue se bydrae in die kerk en hulle ervaring vanuit hulle eie perspektief, 'n empiriese studie oor die hermeneutiese sleutels waarmee vroue die Bybel lees, asook die invloed wat dit op hulle selfverstaan en geloofslewe het (NG Kerk 2002:400, 573). Daar is ook 'n baie kort weergawe van die geskiedenis van vroue in die NG Kerk met toespitsing op die ampte as 'n bylae in die sinodestukke ingevoeg (NG Kerk 2002:401–402).

Streeksinodes is versoek om byeenkomste op sinodale vlak te hou (NG Kerk 2002:400, 573). Van laasgenoemde versoek het egter nie veel gekom nie.

Laastens het die kommissie opdrag ontvang om Bybelstudiemateriaal aan gemeentes beskikbaar te stel sodat verantwoordelike Skrifverstaan bevorder kan word. Prof. Elna Mouton het 'n stuk geskryf wat as 'n bylaag tot die verslag gedien het, oor die verstaan van die Skrif en konteks ten opsigte van die posisie van vroue en die ampte. Hierin pleit sy vir 'n veelkantige verstaan van die Skrif. Alhoewel die Algemene Sinode se standpunt verander het plaas sy die problematiek rondom Skrifverstaan soos volg weer op die tafel:

> "Die eensydige manier waarop die Bybel dikwels in die verlede vertolk is, het klem gelê op die "geestelike" kant van menswees, terwyl God se betrokkenheid in die konkrete kultuur-historiese, ekonomiese en politieke lewe van elke dag dikwels onderwaardeer is. Vir baie het dit ook beteken dat die woorde in die Bybel as direkte opdragte van God verstaan is, op presies dieselfde wyse geldig vir alle tye en omstandighede. Hoewel ons nie die opregtheid van so 'n Skrifverstaan in twyfel wil trek nie, het die gevolge daarvan in terme van baie vroue se posisie toenemend onaanvaarbaar geword. Ons frustrasie behoort veral by die feit te lê dat so 'n manier van Bybellees nie altyd die konkrete omstandighede van mense (toe en nou) ernstig neem nie, en daarom gewoon nie die volle rykdom en bedoeling van die Skrif respekteer nie."
>
> (NG Kerk 2002:403)

In die verslag word die leiers van die NG Kerk uitgenooi om die "lewensveranderende krag van die Bybel nuut en eerlik teenoor lidmate te verantwoord terwyl hulle terselfdertyd na die geloofservarings van vroue luister én hierdie verhale as 'n gesagvolle bron in die heling van die kerk aanwend (NG Kerk 2002:404).

Tydens hierdie sinode is 'n voorstel van die vloer af gemaak waarin vroueproponente en -predikante bedank is vir hulle baanbrekersbydrae wat hulle in moeilike omstandighede in die kerk gemaak het (NG Kerk 2002:573–574).

'n Konkrete versoek is aan die Teologiese Fakulteite gerig om waar moontlik vrouteteoloë in diens te neem. Kerkrade, ringe en sinodes is ook versoek om doelgerig moeite te doen om die potensiaal van vrouelidmate te erken, te ontwikkel en te benut en vroue na meerdere vergaderings af te vaardig (NG Kerk 2002:574). Die afvaardiging van vroue sal later in hierdie hoofstuk verder hanteer word. Teen 2007 is daar nog net een vroueteoloog by een van die drie teologiese fakulteite van die NG Kerk aangestel, naamlik prof. Elna Mouton.

Di. Elsje Büchner, Elise Klut, Nelis van Rensburg, drr. Marius Nel, Deon Bester, Andries Cilliers, prof. Elna Mouton en mevv. Rinel Hugo en Susan Goosen was die lede van die nuwe kommissie. Ds. Klut en drr. Bester, Nel en Cilliers het later van die kommissie bedank.

## 9. LAAT ANDER DIE PRAATWERK DOEN

In hoofstuk 2 is aangetoon dat Afrikanervroue aan die een kant só ferm onder die patriargale ideologie van die NG Kerk was, dat hulle nie die beginsel van manlike leierskap bevraagteken het nie (Vincent 1999: paragraaf 1) en aan die ander kant het die volksmoederdiskoers vroue se stemme in openbare ruimtes stil gemaak. Dit wil voorkom asof dit vir Afrikanervroue gerieflik was dat ander hulle stem laat hoor en die veldtogte namens hulle loods. In die tagtiger- en negentigerjare het vroue toenemend in die openbare sektor begin betrokke raak en die stryd teen diskriminasie teen vroue het amptelike status begin kry (vgl. 1.2.2 van hierdie hoofstuk). Vroue se stemme in die openbare sektor het al meer hoorbaar geword, maar volgens Denise Ackermann (soos aangehaal in *Beeld* 1992:11) was dit nie dieselfde geval in die godsdienstige wêreld nie: "Vroue sal aandring op hul regte in die sogenaamde onkerklike wêreld, maar hulle is traag om dit in die godsdienstige wêreld te doen."

Binne NG Kerk-geledere is die invloed van "stil Afrikanervroue" duidelik sigbaar. Vroueproponente en -predikante se stemme was merkbaar afwesig in die hele debat van meer as 40 jaar rondom hulle eie toelating én aanvaarding binne die NG Kerk. Dit wil nie voorkom asof Ackermann kennis dra van die diskoerse binne Afrikanergeledere wat vroue swygsaam in die kerklike debat gemaak het nie. Sy verklaar dit vanuit 'n heel ander hoek: "Vroue wat voel hulle het 'n geestelike roeping, blameer die afwesigheid van vroue in leiersposisies in die godsdiens in Suid-Afrika op mans. Hulle voel die mans bestuur die godsdienswêreld soos 'n seunsklub (Boys' Club). Aktiewe ontmoediging, saam met die afwesigheid van vroue as rolmodelle, maak die meeste vroue bang om die bestaande magte uit te daag" (*Beeld* 1992:11).

Ackermann spreek in 'n gesprek met Bastienne Klein (2004:43) haar teleurstelling uit oor die gebrek aan belangstelling onder jonger vroue in die bemagtiging van vroue. Volgens haar besef jonger vroue nie hoeveel ter wille van hulle bereik is deur die ouer generasie nie. Hulle het ook nog nie genoeg sosiale analise gedoen om te verstaan hoeveel nog moet gebeur voordat ons 'n werklike gelyke gemeenskap sal hê nie.

Buiten bogenoemde faktore is daar ook meer persoonlike redes waarom vroue verkies dat ander die praatwerk doen. Gespreksgenoot 2 verwoord haar gevoelens oor haar eie afwesigheid in die debat soos volg:

G2: ... ek was te bang dit traumatiseer my te veel. Die oomblik, ek was so emosioneel betrokke, dat ek, ek het nie ingeklim nie, want ek kon dit nie lekker nie. Onthou jy daai dag, toe ek gepraat het by daai vroueding[148], ek het amper flou geval. Dit was vir my vreemd. My emosie was vir my te veel ... Ek kan nou met jou praat, maar eintlik was die ding groter as ek. Ek het my weggehou, want ek was al klaar op 'n slegte plek waar ek nie wou veg nie. Ek kon nie meer daai pad loop waar ek moes veg nie. Ek dink ek is te veel bloedneus geslaan en te veel. Ek dink nie ek glo in myself genoeg nie, dat ek namens die vrou kan opstaan nie. **Ek is nie regtig daardie voorloper nie.** Of om in die koerant te kan inklim nie. Dit is vir my moeilik om elke keer so (te) vrees om in die koerant te kom. Ek geniet dit nie. Dit is nie vir my 'n *wow* nie. Ek dink eerder: "Ek het dit nie so gesê nie, ek het dit so gesê". **Op die ou einde is dit nie ek nie. So daai pad van veg is nie die pad wat ek wou loop nie. Dit is nie tipies ek nie.** [My beklemtoning donkerder gedruk – EPB]

Ander vroue kan hulle doodeenvoudig nie met die debat vereenselwig nie.

---

148 Sy verwys na die konferensie "Moeder Kerk en haar dogters".

EB: Hoe voel jy oor die hele verloop om vroue toe te laat?

G6: Ek weet te min daarvan af, maar ek dink dit is totaal belaglik. Ek kan nie glo dat die kerk, waarvan ek deel is vandag, (so) 'n teologie kon hê, dit is vir my *scarey*. Die vrouegoed is vir my soos die rassistiese goed. Ek kan nie glo dat my kerk dit 'n paar jaar terug (goedgepraat het nie).

## 9.1 GENDERSAKE IS NIE VIR ALMAL BELANGRIK NIE

In my gesprekke met my medenavorsers oor die afwesigheid van vroue by die debat het ek ook 'n ongemaklikheid met gendersake opgetel. Dit was breër as gespreksgenoot 2 se meer persoonlike ongemak. Gespreksgenoot 8 wou aanvanklik glad nie met my 'n gesprek voer nie omdat sy nie deel wil wees van die groter gendergesprek nie. Vir haar gaan dit nie oor die stilswye van die Afrikanervrou deur die geskiedenis heen nie, maar oor 'n doelbewuste keuse om vanuit 'n ander raamwerk oor geslagsgelykheid en gendersake te dink. Sy is ook postmodern in haar denke en lees selfs die Postmodern Bible.

G8: Ek het nog nooit, Elsje, hoekom die gendergoed het my nog nooit aangestaan nie, want ek het die gendergoed nog nooit beleef nie. Nooit. Nie in die kerk nie, nie in die privaatsektor nie. Ek was in 'n klas waar daar 'n sterk element van mans was wat skepties was oor vroue, maar dit het my nie geraak nie, want ek het ('n keuse gemaak) of jy die goed ernstig opneem. Van die dosente se kant af het ek dit nooit beleef nie. Dit is net: Ek was nog nooit bedreig nie en het nog nooit gevoel ek moet myself verdedig nie. Het beslis nie die aanstelling wat ek gekry het, gekry omdat hulle voel hulle moet 'n vrou aanstel nie. Wou nog nooit deel van die vroue se hele *battle* wees nie, want ek het geen (byeenkomste) bygewoon op X (waar) hulle die vroue bymekaar gekry het en waar almal 'n snikkieparty gehou het en hierdie vreeslike hartseer, *sad* stories vertel het van *discrimitnality* ... Dit werk glad nie vir my nie. **So ek het daai dag daar weggestap en gesê: "Ek kan nie in hierdie konsep funksioneer nie. Want ek kies my perspektief, ek kies hoe ek voel, ek is in beheer van my emosies, ek is verantwoordelik vir my emosies. Ek sal dieselfde goed beleef wat vroue beleef en ek sal dit nie so ervaar of interpreteer nie, want ek kies 'n ander raamwerk."**

En ek het groot sensitiwiteit daarvoor gehad en ek die goed gelees. Maar die oomblik toe dit begin, die oomblik as feministiese teologie in daai vroueding ingaan wat vroue wil ophef, dan begin ek wegbeweeg. Ek het juis van Sally McFague en daai benadering gehou wat gegaan het oor 'n taal waar mense mense word en waar mense gelyk is en waar ... My hart van my teologie is die inklusiwiteit van genade. Die opheffing wat dit doen. En waar dit *who ever* bo is, *cuts to sizes*. *Who ever* onder is, mans en vroue, *gays*, *straight*, swart, wit, bruin, arm, ryk, gelyk maak. Dit is vir my die Evangelie. Dit is hoe ek dit verstaan. So die oomblik, en daar is

baie teologiese feministiese geskrifte en goeters wat daai doen. Dit trek my, dit het nog altyd, dit sal altyd. Maar die oomblik as dit in hierdie *battle* vir die vroueding ingaan, dan begin ek voel ... ek weet nie, ek identifiseer nie, niks daarmee nie. Die kerk het niks met gender te doen nie, dit het niks met vrou- of manwees te doen nie. Dit het meer te make met 'n denkraamwerk, 'n manier van dink wat regtig *genuine*, postmodern en inklusief is, waar jy jou bevind in die kerk, in 'n omgewing en dink: ek wil nie hier wees nie. My verhouding met die Here is nie afhanklik hiervan nie. [My beklemtoning donkerder gedruk – EPB]

### 9.1.1 "Ek celebrate mense en mense se gawes en mense se uniekheid"

Ek het vir gespreksgenoot 8 gevra hoe sy dit reggekry het om só oor gendersake te dink en wat haar teologie hieroor gevorm het.

G8: Ek dink dit is 'n kombinasie van my persoonlikheid en my grootwordstorie en die mense, jy weet Elna-hulle het my grondlegging in teologie gelê. En om getroud te wees en in 'n huwelik te wees waar daar net geen vorm van enige rol-*issue* is nie. Ons verwerp dit heeltemal, ons rig ons lewens in volgens wie ons is. **Ek *celebrate* mense en mense se gawes en mense se uniekheid.** [My beklemtoning donkerder gedruk – EPB]

*Defending the caveman*. Ek stel nie eers belang om dit te gaan kyk nie. Hierdie *Men are from Mars and Women from Venus*, ek stel nie belang in daardie goed nie, want dit stereotipeer mense, dit skei die gendergoed. Terwyl ... ek het nog nooit persoonlik beleef dat mense teen my diskrimineer omdat ek 'n vrou is nie. Nie eers hier in die werk nie. Ek, en ek het in die kerk, het ek dit ook nie so beleef soos wat ek dit hoor nie. Nou ek hoor dit en ek neem kennis daarvan. Maar ek wil nie van daai ding deel raak nie. Want dit lyk vir my, ek sien net te veel kere hoedat dit mense intrek. So ek staan buite dit, ek wil buite dit staan, ek wil nie in die kerk ooit weer voltyds wees nie, Elsje ...

Gespreksgenoot 3 kan as meer tradisioneel in haar denke beskou word, maar gendersake funksioneer ook glad nie in haar lewe nie.

G3: Ek het nooit *anger* in ons groep ervaar nie. En nou moet ek vir jou bysê. **Die hele ding van die *issues* oor vrouens, *feature* nie in my lewe nie. Ek het nie, ek deel nie baie van die *issues* wat vrouens het oor ons vrouens is nie. Dit is net nie vir my 'n *issue* nie.** Ek is baie bly ek is nie 'n man nie. Ek wil hoegenaamd nie ene wees nie, ek wil nooit in my lewe 'n *job* hê omdat ek 'n vrou is nie. Ek wil 'n *job* hê omdat ek hom kan doen. Ja, daar is onregverdighede en so aan. Maar, miskien is ek bietjie fatalisties om dit te sê, maar ons kan dit *handle*. Mans sou dit nie kon *handle* nie. So ek het glad nie daai hele vroue-*issue* nie ... Op 'n manier. Ek weet nie of ek wil sê ek het bo dit uitgestyg nie, ek was nooit onder dit nie. As jy verstaan wat ek daarmee sê. Want dit was nooit vir my 'n *issue* nie. Miskien in my

vormingsjare, die begin van my huwelik [lag] het ek en ... (haar man) een keer 'n *fight* gehad van 'julle mans het dit so maklik, julle kom net by die huis en ek moet weer *perform* wat kosmaak betref en *what, what, what* ... ons moet net bietjie omruil. En toe sê hy, oukei, dan kan jy begin met die drein wat verstop is, ek sal die kos maak vanaand. Dit was klaar! *End of story*! So miskien het dit tog 'n invloed gehad op my lewe. Ek is baie *happy* met die feit dat ek 'n vrou is, ek is baie *happy* met die feit dat ek 'n man het. Die feit dat ek 'n ongelooflike wonderlike man het, het waarskynlik baie daarmee te doen. [My beklemtoning donkerder gedruk – EPB]

### 9.1.2 Is die stryd dan enigsins nodig?

Vroueproponente en -predikante dink dit is belangrik dat daar 'n bewussyn oor vrouesake moet wees, maar hulle wil nie noodwendig deel van die proses wees nie. Hulle weet ook nie of dit al die energie werd is nie.

G3: Ek steur my half nie aan die proses nie. Die feit dat daar iets gebeur is vir my goed. Ek is op 'n manier amper jammer vir die mense wat die baanbrekerswerk moet doen, as gevolg van die *punch* wat hulle moet vat en die amper 'n idee van 'n stigma wat begin kleef aan mense soos, vrouens, jy dalk, wat veg vir die saak van die vrou en as gevolg daarvan baie *wrap* moet vat en baie skade moet ly, dink ek. Ek dink nogal ...

EB: Maar jy wil nie deel wees daarvan nie?

G3: Nee, want ek het nie daai *issues* nie. So nee.

EB: Maar vir die saak?

G3: **Nee, ek dink nie dit moes gelos gewees het nie. Ek voel dalk net nie sterk genoeg daaroor om deel te wees van die proses nie. Ek is dankbaar daarvoor, as dit nie daarvoor was nie, sou ek in elk geval nie die geleenthede het en erkenning gekry het wat ek nou al het nie. Maar ja, nee, dit is een van daai *fights* wat ek bly is julle ouens *fight* dit.** [My beklemtoning donkerder gedruk – EPB]

G8: Ek dink daar is baie kerke wat nie gereed is vir vroue nie – oor stereotipes. Die hoeveelheid energie wat dit gaan vat om hulle te verander, is net nie energie wat ek bereid is om te spandeer nie. My *attitude* oor die wêreld is dat *I don't have to bend her*. So hoekom sal ek dit ooit wil doen? Hoekom sal ek ooit in my lewe die energie en die *patience* en die pyne wil vat, wat dit gaan vat om in 'n standaard gemeente wat 'n ... Ek meen, ek het in deur die onderhoude gesit en dan vra hulle vir my vrae: "Maar wat as jy gaan kinders kry?" Dat ek daar van weggestap het en gedink het, ek het nie julle nodig nie. Ek het nie nodig om dit deur te gaan nie. Ek het nie nodig om hierdie gemeente myself te probeer bewys en ...

By een van die Teologiese Fakulteite was daar ’n groep vroue wat kwaad en opstandig teenoor die kerk was. Hulle het ’n navorsingsgroep gestig wat oor gendersake gepraat het. In twee van die onderhoude is hierdie groep vroue uitgesonder. My medenavorsers kon nie met die groep se styl identifiseer nie en hulle is ook derhalwe nooit na die groep se byeenkomste uitgenooi nie.

G6: Nee. Op my het dit ’n ... ek onthou van daai vrouens wat sterk vrouens was voor ons, kyk hulle was so drie jaar voor my. In my B.A.-jare was hulle in die (Fakulteit), en ek weet net hulle hulle aggressiewe pogings het my verskriklik ... ek wou teenoor dit reageer. Dalk het daar goed gebeur ... maar ek het net gevoel: ek wil nie nou ’n *show* opsit nie, dan raak ek so en ek wou nie so wees nie. **Wat ek gesien het in die reaksie was ... jy weet hulle het sulke vrouegroepe gehad en ek was nooit genooi nie. Want ek was nie ..., ek het nie gestaan vir die goed nie! Ek weet net die styl waarin dit gebeur het, was nie vir my nie. Ek weet nie, vir my het dit nie gehelp nie. Ek het half die gevoel gehad dit het ’n teenreaksie by my na vore gebring. Jy vat my nou terug na goed. Ek was baie sensitief daarvoor dat ek nie so wou wees nie.** En dit is hoekom ek die heeltyd sê daar het by my ’n ander ontwaking later eers (plaasgevind), wat ek eers agtergekom het toe ek die goed aan my lyf so begin (voel het), op ’n ander vlak begin vat het, het ek eers meer begin bewus word. Maar daai tyd het ek net die heeltyd vir myself gesê: “Dit werk nie, want kyk wat gebeur met hulle. Hulle kry seer”. Ek onthou net die verskriklike seerkry en hartseer en *fights* en aggressie by hulle. Ek het net die heeltyd gedink jy gee jouself nie ’n kans op hierdie manier nie. So of ek die regte, ek dink nie noodwendig dit was die regte *way* nie, maar ek het ’n ander roete gevolg. Dit het my gehelp om bitter vinnig ’n beroep te kry ... En ek dink dit was deel daarvan, want ek het nie, dit was nie my doel nie, maar ek dink nie hulle het my gesien as ’n bedreiging nie ... [My beklemtoning donkerder gedruk – EPB]

G8: Die groep wat die jaar voor my was, ... en ..., ..., ..., daai groep. Hulle was ’n *angry lot*. Hectic. Hulle het my lewe baie moeilik gemaak, want ek sou ’n soortgelyke ding sê en totaal iets anders bedoel, en die mans in my omgewing sou dit hoor wat hulle gedink het. Hulle was ’n aggressiewe, *angry*, feministiese groep.

Ten spyte van haar ongemak oor vroue wat veg vir gendersake het gespreksgenoot 6 die afgelope paar jaar ’n groter begrip en bewussyn ten opsigte van gendersake opgebou.

G6: Daar was tye wat ek nogal skuldig gevoel het. Help ek die vrouesaak aan deur nie noodwendig altyd te *fight* vir goeters nie. Ek het op daai stadium nooit die punt gevoel om dit te doen nie. Dit is regtig goed wat in die laaste drie jaar eintlik nader aan my lyf kom sit het.

Dit moet ek nou sê, ek het met ’n redelike naïwiteit in die klas ingestap.

EPB: Naïwiteit ten opsigte van?

G6: Van vrouegoeters. Ek het nie 'n saak gehad nie. Ek kom teologie swot. Die Here het my geroep en die kerk het gesê dit is reg en hier kom doen ek die ding! [lag] Daar was nie vir my 'n bewussyn van die goed nie. In ons klas was C die ene wat goed sou optel wat sensitief was, maar ek dink nie daai sensitiwiteit was by my nie. Deur my opleiding was ek nie baie bewus van hierdie goed nie. Ek het *nice* ouens in die klas gehad ...

Heel aan die einde van een gesprek het gespreksgenoot 6 die volgende opmerking gemaak:

G6: Ek kan dink, as jy klaar geswot het, en jou klasmaats word gelegitimeer en maar jy kan nie. Elsje, dan sal ek ook *issues* hê. So ek is heeltemal bewus van die onreg.

Hierdeur toon sy begrip vir die vroue wat die pad moes oopmaak en gee sy erkenning aan 'n vorige generasie wat swaarder as sy gekry het.

### 9.1.3 Hoekom gaan dit beter af as 'n mens eerder stilbly?

Die prys om te rebelleer is baie hoog. Baie vroue is bang hulle verloor hulle lewensmaat, huis, werk of posisie in die kerk as hulle teen die sisteem rebelleer (Bons-Storm 1996:135). Iets hiervan is waar in die genderdebat. Ek het self ervaar hoe dit 'n mens ongewild maak en hoeveel mans en vroue 'n soort ongemak daaroor ervaar. Mouton (2002a:302) is ook reg as sy sê dat al die debatte nie regtig 'n entoesiasme vir die saak van vroue skep nie.

In die jongste Kerkspieël (2006) moes die respondente kies aan watter van die sogenaamde sewe "reuse" samelewingsvraagstukke hulle die meeste aandag gee. Die groot samelewingsvraagstukke is armoede en werkloosheid, gesinskrisisse, misdaad en korrupsie, geweld, HIV/Vigs, rassisme en seksisme. NG Gemeentes gee tans die minste aandag aan seksisme.

**Tabel 10: Samelewingsvraagstukke waaraan gemeentes aandag gee**

| Gee u gemeente spesifiek aandag aan | Ja (%) | Nee (%) | n |
|---|---|---|---|
| Armoede & Werkloosheid | 80 | 20 | 769 |
| Gesinskrisisse | 71 | 30 | 753 |
| Misdaad en korrupsie | 42 | 58 | 738 |
| Geweld | 38 | 62 | 768 |
| HIV/Vigs | 35 | 65 | 785 |
| Rassisme | 33 | 67 | 763 |
| Seksisme | 14 | 86 | 762 |

(Bisshoff en Schoeman 2007)

Daar is geen maklike antwoord op die vraag "hoekom" nie. Die impak van die volksmoederdiskoers en 'n lang gevestigde patriargale samelewing kan sekerlik nie onderskat word nie. Gespreksgenoot 6 het haar soos volg daaroor uitgelaat:

EB: Hoekom gaan dit beter af om stil te bly?

G6: Ek dink ons is nog net in 'n sisteem waarin die mans, al is hulle hóé vrydenkend oor die vrouegoeters, dit ook maar nie daar is nie. En as jy so reageer, dan kom die ou goed in hulle maar net uit. Ek dink dit is deel van die sisteem nog wat net nie ... Ek dink in Europa en ander plekke is dit ook daar, maar by hulle is dit al meer deurbreek. Maar die natuurlike ding, wat net natuurlik oraait sou wees as jy nou 'n man was .... Dit is deel van 'n sisteem nog wat net nie ...

Kyk S het in haar proefskrif gaan skryf wat dit beteken om die minste te wees. En sy sê vrouens dink die tipiese ding waaroor dit gaan om die minste te wees beteken om jou las te dra. Jou kruis te dra, daai tipe goed. Dan sal die vrou in so situasie sê, die teologie in ons, om jou kruis te dra beteken om stil te bly. Sy draai die ding om. Sy sê binne 'n patriargale sisteem is om jou kruis te dra, is om op te staan. En dit is *fine*. As jy stilbly, dan gaan jy saam met die sisteem. Om teen die sisteme op te staan, beteken eintlik dit. Dit het nogal vir my ... daai gedeelte in Johannes 4 van die Samaritaanse vrou, dit is vir my 'n verskriklike mooi teks. Alan Boesak het in daai boek van hom ook 'n stuk daaroor geskryf. Ek kan nou nie mooi onthou wat is die goed wat ek daaruit gehaal het of presies wat hy geskryf het nie, maar daar is eintlik 'n hengse teologiese gesprek tussen Jesus en die vrou aan die gang. Alles teen die sisteem in. Die ongelooflike ding hier teen die einde is, dat daai vrou teruggaan na dieselfde sisteem toe en die Evangelie gaan verkondig. En daai ding, dit is presies wat ek nou probeer sê, dit lyk ons help niemand, ek besef teologies help ons niemand, as ons stilbly nie. Die krag lê daarin om teen die sisteem op te staan. Dit het my definitief die afgelope paar jaar gehelp om wel te praat wanneer ek tog gedink het dit nodig is. Ek wil eintlik sê, die afgelope twee jaar het ek gesien, ek is baie meer assertief.

Maar die punt is. Ek het die proses nie aangehelp toe ek dit ge-*fight* het nie, dit het ek die afgelope ses maande gesien, die ding gaan nêrens heen nie. Retireer maar 'n bietjie. Laat die goed gaan ter wille van die groter saak en die bediening nou. ... (gemeente se naam) ly nou hieronder. Miskien gaan dit nie nou oor my eie vroue-*issues* nie. Toe ek teruggestaan het, toe het die goed regtig vinnig gebeur.

Ek voel half arrogant as ek dit sê, maar ek voel regtig dat daar van die goed is wat 'n helse verskil gemaak het. Nou is my vraag, alles is nie eintlik vrouegoed nie, nie vroue-*issues* nie, maar as ek as vrou opmerkings maak. Ek dink die goed waaroor ek opgestaan het die afgelope tyd het spesifiek oor magsgoed gegaan ... Dit het nie oor vroue-*issues* gegaan nie,

maar dit het oor mags-*issues* gegaan. In magsgesprekke, interessant het ... (kollega) dit nie altyd agtergekom nie.

Die verband tussen mag en gender sal ’n baie interessante veld vir verdere studie wees.

### 9.1.4 Speel die spel soos hulle dit wil hê

Gespreksgenoot 7 het weer ondervind dat sy die teenstand makliker kon hanteer deur die spel volgens ander spelreëls te speel. Die vraag kan egter gevra word of sy nie haar stem in die proses verloor het nie. Volgens haar het sy deur haar stil en voortdurende teenwoordigheid tog op die ou einde reggekry wat sy wou.

G7: Weet jy, ek dink baie keer hierdie ding van, hierdie ervaring van ‘ek is nie goed genoeg nie’. Ek dink dit is die ding wat ek die meeste vrees ook, of sensitief voor is: “Is ek goed genoeg? Ek dink die ander ding wat ek ook begin doen het, ek het dit netnou ook vir jou gesê van my klasmaats, ek het ook in terme van die manne in die kerk, het **ek die *game* gespeel soos wat hulle dit wil hê.** Met ander woorde, ek sou stil gebly het as hulle praat van die vroue in die amp, sou ek of net gelag het, maar ek sou hulle nooit aangevat het of so iets nie. En ek dink dit het baie gemaak dat wanneer ek moes en nou nog moet praat, dat ek eerder stilbly as wat ek my mond oopmaak en praat.

En ek dink dit is deel van die goeters wat gekom het, met ... Ek dink dit is hoe ek die spel gespeel het en uiteindelik ingekom het. Ek dink ek het dit so gespeel dat ek nooit ooit vir ’n man ’n bedreiging was nie. Ek was altyd daar. **Ek dink my teenwoordigheid was irriterend daar, maar ek het nie gesteek of so iets nie.**

## 9.2 HOE KAN VROUE MEKAAR HELP?

As dit dan tog nodig is om oor gendersake te praat soos gespreksgenoot 3 uitgewys het, is die vraag op watter manier die proses op ’n gemakliker manier gedien kan word. Gespreksgenoot 6 het nie ’n maklike antwoord daarop nie, maar voel dat vroue tog in ’n veilige ruimte met mekaar oor die klein jakkalsies moet kan praat sonder om ’n groot ophef daarvan te maak. Gespreksgroepe kan ook hiermee help.

G6: Klein goetertjies, maar as jy mooi gaan sit en dink, dan het ek vrae daaroor.

Dan dink ek partymaal, dit is my vraag, dan moet ons as vroue mekaar kan help. Dit is waarvoor daai vrouekonferensie[149] is. “Hoe hanteer ’n mens nou daai ding?” As ek nou praat daaroor, dan word ek kwaad. In die situasie dan laat gaan ’n mens dit nou maar.

---

149 ’n Retraite vir vrouepredikante in 2008 wat ’n gesprekskarakter gaan aanneem.

Dit is die ander ding, Elsje. Ek het in ’n konserwatiewe Afrikaanse plaashuis grootgeword waar die rolle bitter duidelik gedefinieer is. Ek het dit deurbreek. En die *family* weet dit. En baie groot. My man het my geweldig daarmee kom help, want hy is nie ’n ou wat, dink ek, hy is maar ’n Suid-Afrikaanse man, maar ek sal vir hom baie krediet gee. Wat die rolle in ons huis aanbetref het hy huisverantwoordelikhede, baie meer verantwoordelikhede as wat ek het. Net op alle vlakke. Hy is fantasties wat dit aanbetref. En die grootste ondersteuner wat ek kan kry. Hy ... die Here het hom vir my gegee. Want daar is niemand wat my so laat ‘is’, soos ... nie. Dit is vir my fantasties.

Maar as my ma-hulle by ons kom kuier in die huis, in die ... kom kuier, dit is net twee dae, dan is ek so bewus van hoe ons die goed anders doen, en hoe ek dan probeer om almal tevrede, nie tevrede nie, maar hoe mens in die gevestigde rolle weer inklim, en ek dink dit is wat ek baie keer besef, omdat ek maar ook so groot geword het, het ’n mens net ... My natuurlike eerste reaksie sou altyd meer die tipiese ou vrouerol gewees het. Terwyl ek dink in die laaste klompie jare het dit my gehelp om te sien, wragtag, dit is nie die eintlike rol nie. Die oomblik as daar goed gebeur wat maklik konflik kan veroorsaak, dan kom ek agter is daar iets wat ek, dit is amper ’n beskermingsmeganisme, wat maak dat ek sê dit is oukei. Maar as ons uit die vergadering is, dan is ek kwaad.

Ek het nou die dag in ’n vergadering gesit en baie lekker gelag, toe hulle die getalle gee toe sê die een ou, ons sal nou iets moet doen in die kerk sodat die kerk gereed kan wees vir vroue. Toe dink ek nou, noudat julle sien hier kom ’n *surprise*, nou wil julle iets doen! Ek en E het vir mekaar oog geknip op daai moment. Dit is nogal bemagtigend – die feit dat daar meer en meer vroue is. As ek in ’n vergadering sit en daar sit een ander vrou, dan kom ek agter ek is meer myself.

## 10. 2004: “IS DIE NG KERK GEREED OM OOR VROUESAKE TE PRAAT?”

EPB: Tydens ’n vergadering wat die Ad hoc-kommissie wat na die situasie van vrouepredikante moes kyk in 2004 gehou het, het daar ’n moedeloosheid oor die vergadering neergesak en die lede het ernstig daaroor gepraat om liewers alles te los. Van die kommissielede het gevoel dat hulle nie regtig eerlik oor vrouesake kan praat en die werklike kwessies op die tafel kan sit sonder om in die proses geëtiketteer te word nie. Daar was ook ernstige bedenkinge of die kerk regtig ernstig of gereed is om hierdie sake te hanteer. Ek het hulle oortuig dat ons met die werk moet voortgaan en ons bekommernis maar eerlik met die kerk moet deel.

Die Ad hoc-kommissie het besluit om tog met die werk voort te gaan en hulle bekommernis met die kerk te deel. Dit is soos volg in die agenda van die Algemene Sinode van 2004 verwoord:

> Na verskeie gesprekke, ervarings binne die kerk en die aanhoor van verhale, het die kommissie tot die oortuiging gekom dat die opdrag van die Algemene Sinode van 2002 veel groter is as wat 'n ad hoc-kommissie kan hanteer en verantwoordelikheid voor neem. Die aanvanklike waarneming is dat die kerk nog nie gereed is om verantwoord, genuanseerd en probleemoplossend oor vrouesake (in die breedste sin van die woord) te praat nie. Die sosio-kulturele aannames wat deur die eeue bepaal het hoe mans en vroue die Bybel gelees het, geld tot vandag en word nie eerlik genoeg deur die kerk verreken nie. Wanneer vrouesake op die tafel geplaas word, word daar verskil oor die "eintlike probleem" is, die betrokkenes is bang om mekaar te vervreem, hulle is ook bang vir ongeduldige bedreigdheid, mekaar se reaksies én vir die herdefiniëring van stereotipe rolle. Die vorige Algemene Sinode het 'n belydenis oor diskriminasie gemaak. Wat het van hierdie belydenis op grondvlak geword? Is daar genoegsaam (of enigsins) oor hierdie saak gepreek?
>
> (NG Kerk 2004:265).

Agter laasgenoemde vraag het 'n bekommernis in die harte van die Ad hoc-kommissie gelê dat 'n baie mooi en nodige belydenis van die NG Kerk oor diskriminasie teen vroue, net gemaak is omdat dit polities korrek is en nie werklik in die harte van die meeste predikante en lidmate leef nie. Ek het reeds vroeë gemeld dat ek 'n sensitiwiteit en ongeduld by heelparty predikante opgetel het wanneer gendersake op die agenda was. Die opmerking soos reeds vroeër aangehaal, wat 'n lidmaat teenoor gespreksgenoot 4 gemaak het is tekenend hiervan. Agter die woord "girl" en die daaropvolgende opmerking lê baie meer as net dat die persoon teen vrouepredikante gekant is.

Die kommissie het met die ASK oor hulle bekommernisse in gesprek getree en daar is na indringende gesprekvoering besluit om die kommissie te vergroot en dat meer mans hulle stemme oor vrouesake moet laat hoor.

## 10.1 ’N VOËL HET TWEE VLERKE NODIG OM MEE TE VLIEG

Toe ek die WBGK se kongres in 2001 in Zambië bygewoon het, het ’n Nigeriese predikant tydens ’n gesprek oor die posisie van vroue in gereformeerde kerke die volgende gesê: “A bird cannot fly with one wing”. Sy woord het ’n groot lig vir my laat oopgaan. Vrouesake kan nie die uitsluitlike passie van ’n groep besorgde vroue wees nie. Sterk mansstemme is juis nodig om die stigma rondom die saak te help breek. Die WBGK het reeds in 1989 in Seoul besluit om ’n vennootskapsbenadering te volg. Hulle het daarna begin om konferensies aan te bied wat deur die “Department of Partnership” gereël is en waar mans en vroue saam kan praat oor hoe hulle as vennote God, die kerk en samelewing beter kan dien. Hulle het ook ’n baie goeie publikasie, *Created in God’s image: From hierarchy to partnership. A church manual for gender awareness and leadership development* die lig laat sien.

Volgens Landman (2004:8) het vroue eers aan ’n vroueteologie begin werk en die “Bybel begin lees as ’n boek wat genesing vir mans én vroue bring”. Daarna is daar begin om aan ’n vennootskapsteologie te begin werk wat streef na “suksesvolle verhoudings tussen mans en vroue op persoonlike vlak, in die werk, en natuurlik in die kerk”. Om hierdie vennootskapsteologie in die kerk te vestig is mede-eienaarskap nodig.

Op gemeentevlak begin gemeentes reeds die dinamika van ’n vennootskap tussen kollegas ervaar.

G4: Ek dink samewerking tussen verskillende geslagte bring ’n normale dinamika, soos in enige werkplek. Kollegas het ook al opgemerk dat hulle voel dit bring ’n stuk balans, perspektief. Ek dink baie van hulle sou lankal vroulike kollegas wou hê.

Om aan die vennootskapsbenadering te begin uitdrukking te gee is die Ad hoc-kommissie se verslag gesamentlik deur ds. Elsje Büchner en dr. Deon Bester aangebied. Daar is ’n dvd-opname getoon wat die problematiek, persepsies en sensitiwiteit rondom vrouesake op ’n visuele manier uitgebeeld het.

Die kerk het egter nog ’n ver pad om te stap om die vennootskapsteologie rondom gendersake te help vestig.

## 10.2 ’N KERS WORD VIR VROUE AANGESTEEK

Die benarde prentjie in die Suid-Afrikaanse samelewing rondom geweld teen vroue en kinders is weer onder aandag van die sinode gebring. Dr. Coenie Burger is aan die begin

van die verslag gevra om ’n kers aan te steek vir al die slagoffers van gesinsgeweld, vroue wat verkrag is en gemolesteerde kinders. Dr. Burger het in tydens hierdie liturgiese moment gesê dat hy jaarliks in November uitgenooi word na die optog wat gedurende die 16 dae-veldtog teen geweld teen vroue en kinders gehou word en dat hy in die toekoms definitief hierdie optog sal bywoon al is optogte nie regtig in sy aard nie.

## 10.3 ONBILLIKE ARBEIDSPRAKTYKE EN ROLVERWARRING

Die Sinode het besluit dat die Lessenaar vir Geslag en Diversiteit nie bloot na vroue se unieke behoeftes moet omsien nie, maar juis op geslagsgelykheid moet fokus. Die taakspan het voorts opdrag gekry om onbillike arbeidspraktyke [150] saam met die Taakspan Diensverhoudinge te help ondersoek (NG Kerk 2005:446).

Die sensitiwiteit en rolverwarring rondom die verhoudinge met die AKV het weer op die tafel gekom. Die Sinode het versoek dat daar met die AKV in gesprek getree word met die oog op nouer samewerking en die uitklaar van werksterreine (NG Kerk 2004:446).

## 10.4 LEEFSTYL-BYBEL VIR VROUE

Die opdrag om Bybelstudiemateriaal saam te stel om verantwoordbare Skrifverstaan te bevorder, is ondervang deur die verskyning van die Leefstyl-Bybel vir Vroue wat in 2003 deur Lux Verbi.BM uitgegee is (NG Kerk 2004:264). Twee van die kommissielede, prof. Elna Mouton en ekself, was betrokke by die skryf van die Bybel saam met ’n span van 24 Suid-Afrikaanse teoloë en vrouepredikante. Prof. Christina Landman was die eindredakteur van hierdie Bybel. Mouton was een van die hoofskrywers en Büchner het die kommentaar oor geweld en verkragting geskryf.

Wat die Bybelstudiemateriaal,[151] kommentaar en rubrieke in hierdie Bybel uniek maak, is dat dit in ’n Suid-Afrikaanse konteks en deur Suid-Afrikaanse vroueteoloë en -predikante geskryf is. Die aanslag en temas wat hanteer is, was heel anders as die sogenaamde “pienk

[150] Ek het in my navorsing agtergekom dat daar vroue (veral vroueproponente) is wat nie billik behandel word nie. Dit is egter baie moeilik om van buite af vir ’n gemeente te sê dat hulle nie die vrou in hulle diens billik behandel nie.

[151] ’n Groep predikante het ook vanaf 2006 saam met Mouton aan ’n boekie “Moed om mens te wees” gewerk wat oor Jesus se optrede teenoor vroue handel met spesifieke verwysing na Lukas 10:38–42. Die publikasie verskyn aan die einde van 2007.

boekies"[152] wat die mark van geestelike leesstof vir vroue tot op hierdie stadium in Suid-Afrika oorheers het.

Die idee vir die Bybel is in Nederland gebore toe Hedwig Meyer-Wilmes 'n kopie van 'n Nederlandse Bybel *Met eigen ogen: Commentaar op de Bijbel vanuit het perspectief van vrouwen* aan Landman gegee het. Die Bybel is bemark as 'n Bybel vir vroue wat daarin glo dat God 'n hart vir vroue het en 'n praktiese gids soek vir hulle alledaagse Christelike lewenstyl (Landman 2005:152, 159).

Daar word onder andere goeie agtergrondinligting oor die betrokke Bybelboek aan die begin van elke Bybelboek gegee, die leefwêreld (konteks) van toe en nou word beskryf, daar is vroueportrette wat die vroue in die Bybel aan die leser bekendstel en mites oor vroue word pertinent beskryf en in 'n Bybelse perspektief geplaas. Al hierdie inligting word op sewe lewensterreine van die hedendaagse vrou deur die hele Bybel toegepas, naamlik vroue se persoonlike behoeftes, geestelike groei, ma-wees, getroud-wees, gesinsake, vriendskappe, hoe om situasies by die werk te hanteer en hoe enkelvroue volledig vrou kan wees. Daar is dus nie met die voorveronderstelling gewerk dat vroue net by die huis of net getroud is nie.

Daar is 15 000 kopieë van hierdie Bybel binne 21 dae verkoop en dit het ook die *Christian Booksellers of South Africa's Book of the Year Award* gewen (Landman 2005:160).

Die kommissie was tevrede dat hierdie Bybel 'n eerlike poging is om 'n afgeskeepte perspektief op die tafel te plaas en die vrouestemme in die Bybel meer hoorbaar te maak. Manlike predikante is aangemoedig om van hierdie Bybel gebruik te maak, aangesien dit die Skrif op 'n "verantwoordbare manier hanteer om onder andere stereotipes oor vroue aan die kaak te stel sonder om die leser te intimideer" (NG Kerk 2004:265).

## 10.5 AFVAARDIGING VAN VROUE NA MEERDERE VERGADERINGS

Tydens die Algemene Sinode van 2002 was slegs 5% van die afgevaardigdes vroue. Daar is 'n beroep op kerkrade gemaak om die leierskappotensiaal van vroue daadwerklik te ontwikkel sodat die afvaardigings na meerdere vergaderings meer verteenwoordigend kan wees (NG Kerk 2004:265).

---

[152] Landman het die term "pienk boekies" die eerste keer gebruik om die populêre geestelike boeke vir vroue met hulle fundamentalistiese en neo-piëtistiese inhoud mee te beskryf (Landman 2005:158).

Tydens 2002 se Algemene Sinode was 20 uit die 400 afgevaardigdes (5.10%) vroue, teen 2004 se Algemene Sinode was 12% van die afgevaardigdes vroue en by 2007 se Algemene Sinode het die persentasie weer teruggesak na 10% (vgl. Jackson 2007:9). Die aantal vrouepredikante wat afgevaardig is het darem van 2004 van een na vyf in 2007 gestyg.

Ek is in 2004 tot die moderatuur van die Algemene Sinode verkies en het die eerste vrou geword om in hierdie posisie te dien (Jackson 2004a:5).

In ’n ondersoek wat in die Protestante Kerke in Nederland gedoen is, is daar bevind dat hoe hoër daar in die hiërargie van die kerk gegaan word en hoe invloedryker die posisie is, hoe minder vroue is daar in hierdie poste (Van Limpt 2007: paragraaf 1–7). Een van die redes hoekom vroue selfs in Nederland nie deur die glasplafon kan breek nie, is omdat organisasies soos die kerk ’n baie lang tradisie van “manlike bestuur” het en onbewustelik profiele daar stel waaraan mans eerder sal voldoen. ’n Ander rede wat aangevoer word vir die afwesigheid van vroue in “bestuursposisies” in die kerk is die kwessie van selfvertroue. Vroue sien om een of ander rede nie kans om op ’n manlik gedomineerde vergadering hulle plek in te neem nie.

## 11. 2007: LEIERSKAPONTWIKKELING MOET AANDAG KRY

In die lig van die gesprek wat tydens 2004 se Algemene Sinode opgeduik het oor die profiel van afvaardigings na meerdere vergaderings het die vraag rondom kwotas kort-kort in informele gesprekke opgeduik. Moes ringe en sinodes nie gedwing word om vroue op breër strukture te verkies nie? Sou dit nie help om leierskap te ontwikkel nie? Daar was eenstemmigheid dat kwotas nie sou help om gesindhede te verander nie. Alhoewel die boodskap voortdurend gekommunikeer word, het geslagsgelykheid en diversiteit egter nog nie in die geestelike leierskapstrukture van die NG Kerk neerslag gevind nie (NG Kerk 2007:135–136 ).

G7: Ek dink nie daar is genoeg vordering nie. Of dit is ’n kwessie van die ratte van die kerk beweeg te stadig? Ek dink byvoorbeeld nog steeds as jy aansoek doen vir ’n pos en hulle sien dit is ’n vrou, dan gooi hulle dit gewoon uit sonder om regtig die meriete van die saak te beoordeel. Ek kyk maar nog steeds, kyk hoe min vrouens is daar op sinodale vlak wat betrokke is. En as ’n mens gaan na gemeentes toe, sal ek vir jou sê, die kerkraadslede wat die beste hulle werk doen, is die vrouens. So ek weet nie. Ek dink dit is nog te min.

Kwotas is nie ’n maklike saak nie. In die politieke bestel van Suid-Afrika is dit algemeen aanvaarbaar, alhoewel nie gewild onder almal nie. Kwotas is kerke is egter ’n vreemde begrip. Dreyer (soos aangehaal in Jackson 1999:11) is reg as sy sê dat kwotas mense “bewus (kan) maak van ’n saak, maar (dat) dit ook ’n teenreaksie (kan) wek”. ’n Spontane bewuswording in die kerk waarin die bydraes van vroue waardeer word op grond van die diepte en kwaliteit daarvan, sou op die lang duur baie beter wees. Die vraag bestaan egter steeds: Hoe kan vroue groei in die bydrae wat hulle lewer en hoe kan mense hierdie bydraes leer waardeer as vroue nie die kans gegun word nie?

Die gevaar bestaan dat vroue net om die simboliese waarde en om polities korrek te wees, in posisies verkies word of byvoorbeeld na konferensies uitgenooi word. Tydens konferensies word vroue dan beperk om oor die oorgebruikte onderwerp “vroue in die kerk” te praat. Volgens Ackermann (soos in gesprek met Klein 2004:49) moet mans in die teologie begin besin oor etiese kwessies wat deur geslagsdiskriminasie veroorsaak word.

In die middel van 2006 het die stand van leierskap in die NG Kerk soos volg uitgesien (diversiteit in terme van ouderdom en geslag en potensiaal gestremdheid word weergegee):

**Tabel 11: Diversiteit in leierskap in die NG Kerk teen 2006**

| Sinode | Leierskap | Verteenwoordig | Spesiale projekte in plek |
|---|---|---|---|
| Wes- en Suidkaap | Moderamen | Mans: 26<br>Vroue: 1<br>Bo 35: 25<br>Onder 35: 1<br>Geen gestremdes | Onbekend |
| Noord-Kaap | Predikant in Sinodale Diens en Skriba van die Sinode | Mans: 3<br>Vroue: 0<br>Bo 35: 3<br>Onder 35: 0<br>Geen gestremdes | Geen |
| KwaZulu-Natal | Predikant in Sinodale Diens, Uitvoerende Amptenaar by moderamen | Mans: 23<br>Vroue: 1<br>Bo 35: 23<br>Onder 35: 1<br>Geen gestremdes | Geen |
| Oos-Kaap | Sinodale kommissie | Mans: 9<br>Vroue: 1<br>Bo 35: 9<br>Onder 35: 1<br>Geen gestremdes | Geen gefokusde projekte, wel vaste besluite rondom verteenwoordiging. Netwerk vir Familie fokus op die inskakeling van jonger mense. Netwerk vir Vrouelidmate verbreed nie diversiteit nie, maar skep plek vir vrouelidmate. |

| Sinode | Leierskap | Verteenwoordig | Spesiale projekte in plek |
|---|---|---|---|
| Vrystaat | Moderatuur | Mans: 12<br>Vroue: 1<br>Bo 35: 11<br>Onder 35: 2<br>Geen gestremdes | Geen |
| Wes-Transvaal | Sinodale bestuurskommissie | Mans: 25<br>Vroue: 1<br>Bo 35: 26<br>Onder 35: 0<br>Geen gestremdes | Geen |
| Noordelike Sinode | Sentrale Diensraad | Mans: 51<br>Vroue: 3<br>Bo 35: 51<br>Onder 35: 3<br>Geen gestremdes | Kyk na ouderdomsverspreiding asook verteenwoordiging van susterskerke. Gaan Diversiteitskommissie op die been bring. |
| Oos-Transvaal | Sinodale Diensraad | Mans: 12<br>Vroue: 2<br>Bo 35: 14<br>Onder 35: 0<br>Geen gestremdes | Leierskapswerkgroep wat kyk na die ontwikkeling van jong leiers |
| Namibië | Moderatuur | Mans: 5<br>Vroue: 1<br>Bo 35: 6<br>Onder 35: 0<br>Geen gestremdes | Geen |

(NG Kerk 2007:135–136)

Bogenoemde tabel toon duidelik aan dat die leierskap in die NG Kerk nog nie divers genoeg is nie. Alhoewel daar nie in die kerk met ’n demokrasie gewerk word nie, is ’n diverse verteenwoordiging van stemme tog nodig om beter insette tydens ’n vergadering te kan lewer. Besluite kan nie net uit een raamwerk van verstaan geneem word nie. Vroue, jonger dominees en gestremdes sien dikwels ’n saak vanuit ’n ander perspektief.

Vrouepredikante, maar ook enige vrou wat in ’n leiersposisie in die kerk kom, sal voorberei en in die proses begelei moet word. Kerklike vergaderings wat slegs op debatte fokus sluit ontneem mense soms die geleentheid om ’n sinvolle bydrae te lewer. Volgens Marais (2007:41–42) kan daar nie ontken word dat daar ’n rasionele kant aan geloofsonderskeiding is nie, maar dat kerklike vergaderings moet onthou dat dit nie die enigste kant is nie. Die gebruik van die Luistersiklus in vergaderings, soos deur Marais (2007) uitgewerk kan help om kerklike vergaderings meer kreatief en luisterend te maak.

EPB: Gedurende my termyn op die moderatuur van die Algemene Sinode het ek ervaar dat die vergaderings baie op die rasionele gefokus was. Hiermee sê ek nie dat daar nie op ’n rasionele en verantwoordelike manier vergadering gehou moet word nie, maar dat daar op ’n meer holistiese wyse te werk gegaan kan word. Ek het byvoorbeeld gevoel dat die moderatuur

'n beter profetiese stem in die samelewing sal wees as hulle meer sigbaar op plekke van nood is. Dit sal tog baie wyer trefkrag hê as die leierskap byvoorbeeld vir 'n oggend in 'n sopkombuis gaan werk in plaas daarvan om 'n verklaring uit te reik waarin hulle sê dat hulle in hulle gebede dink aan dié wat honger is. En sal 'n oggend in 'n sopkombuis die betrokke persone nie anders laat dink in hulle besluitneming en leiding oor 'n saak soos armoede[153] nie?

Gespreksgenoot 6 ervaar dieselfde.

G6: Ek dink 'n ding wat ek redelik sterk beleef het in daardie tyd was die feit dat hulle in jou geglo het. En ek het nooit in my span die gevoel gehad dat ek kry nie die volle ondersteuning en gelyke kanse nie. Ek dink hulle het my te veel vertrou vir 'n 26-jarige dominee. So ek dink dit het my gehelp. Redelik kort daarna is ek by die laaste sinode verkies op die moderamen. Ek is net daarna op die kuratorium verkies. So ek het 'n klomp geleenthede binne die kerk en die strukture gekry. In die sewe jaar wat ek nou in die bediening is, ek is nou maar 33, as ek dink wat ek nou al alles, die rolle wat 'n mens vervul binne die kerk, dan weet ek net, my klasmaats het nog nie een daai geleenthede gehad nie ... Daar is regtig rolle wat ek beklee wat ek besef, as ek 'n man was, het ek nie daardie kans gehad nie. Ek dink dit is die kante wat 'n mens ook op die tafel moet sit. Wat vir my geleenthede gebied het. In daai plekke het ek nou 'n klomp goed belewe wat vir my sleg was.

Hmm, [lang stilte] daar het ek baie keer die gevoel gehad ek word nie gehoor nie. En dan kry jy die gevoel jy is maar net ge-*label* omdat die getalle reg moet lyk. Dit het vir my begin sleg raak. Dan wil ek nie deel hiervan wees nie as julle my nie hierbinne kans gee om 'n jong stem en 'n vrouestem in te bring nie. As jy die kans kry om dit te doen, dan wil jy mos dat daar iets kom van dit wat jy doen.

**Ek dink ons moet iets doen! Maar ek dink nie daar is al iets nie. Letterlik niks het nog verander nie. Ek is net bang daar is 'n groot stuk ruimte vir die vrou, maar daar is nie bemagtiging nie.** Ek dink dit is 'n goeie woord. Ek dink ek het dit al vir jou gesê, my gevoel is, as die kerk nou 'n rol wil speel ten opsigte van vroue in die kerk, dan moet ons vroue bemagtig. Ek kom op 26, 27, 28 in posisies wat min mans nog in was en nou moet ek met dieselfde selfversekerdheid en selfvertroue *operate*, as wat mans van 40 en 50 *operate*. Dit is belaglik om dit van 'n jongmens te verwag en dan is jy nog gewoonlik net een of twee vroue in

---

[153] Een van my kollegas vertel hoe dit hom tydens die Algemene Sinode van 2007 ontstel het as predikante aanmekaar gebid het: "Here, dink tog aan dié wat honger is". "Natuurlik dink die Here aan hulle, maar wat doen óns aan ander mense se hongerwees en nood?". Hy het 'n sterk behoefte gehad dat die Algemene Sinode op 'n praktiese manier moet wys dat die saak rondom armoede vir hulle regtig belangrik is. Daar is bykans drie sessies tydens hierdie sinode aan die vraagstuk oor homoseksualiteit afgestaan en 'n skrale twintig minute aan die gesprek oor armoede.

> ’n vergadering van twintig mans. Ek dink as die kerk nou wil bemagtigend inspeel, op vrouens, dan moet ons die goed doen wat ons wil doen. Ek dink dit is goed wat by die Fakulteit ook ingedra word. Maar nie net die vroue moet daarvan bewus word nie, ook die mans. Dit is bietjie van ’n leierskapsding ook. ... Maar dat mens meer pro-aktief kan help, sal dit goed wees. [My beklemtoning donkerder gedruk – EPB]

In die ontwikkeling van die werksaamhede is daar besluit dat die kommissie eerder op diversiteit moet fokus. Die bestuur van diversiteit dek ’n wye veld, maar die gevaar bestaan dat die fokus op geslagsgelykheid in die proses verlore kan gaan. Net die tyd sal leer of die NG Kerk fokus sal behou. Ek het ernstige voorbehoude hieroor, want die kerk systap ’n moeilike onderwerp hierdeur.

## 11.1 VROUE DEUR ’N NUWE TEOLOGIE ONDERDANIG GEHOU?

“Absolute louter snert onder die dekmantel van teologie.” Só het dr. Nelus Niemandt sy gevoel tydens ’n moderamen vergadering opgesom oor die gedagte dat vroue volgens die Bybel altyd “onderdanig” aan hul mans moet wees. ’n Ander predikant het sy bekommernis uitgespreek oor huweliksmateriaal en boeke soos dié van die *Promise Keepers* en die Amerikaanse teoloog Bruce Wilkenson (Jackson 2004c:3). Hierdie gesprek was die geboorteplek van die opdrag wat die 2004-Sinode aan die Kommissie vir Geslagsgelykheid en Diversiteit gegee het om leiding te gee oor die vraag of die man in die huwelik die hoof van sy vrou behoort te wees.

Die kommissie het twee teoloë gevra om ’n gespreksdokument voor te berei. Drr. Stephan Joubert en Lourens Bosman het die dokument voorberei (NG Kerk 2007:136–139). Die verslag het egter op die laaste dag in die afloop van die sinode eers aandag gekry en daar is ongelukkig slegs op ’n terloopse wyse van die dokument kennis geneem sonder enige bespreking. Hiermee het ’n gulde geleentheid om die saak krities onder die aandag van die kerk te bring, verbygegaan.

Daar is tans in die “NG-Kerk ’n diskrepansie tussen die posisie van vroue in die kerklike strukture (’n egalitêre beskouing waar vrouens op elke vlak as gelykes van mans kan funksioneer) en ’n komplementêre teologie van die huwelik waarin die man as die dominante figuur gesien word. ’n Groot hoeveel materiaal oor die huwelik (in die vorm van kursusse, boeke en sprekers) wat tans in die NG-Kerk gebruik word, kom uit die VSA en is ’n uitdrukking van die komplementêre beskouing en soms ook die patriargalisme.”’n Voorbeeld van so ’n skrywer is Elizabeth George (NG Kerk 2007:138).

Alhoewel Afrikanervroue se stemme steeds baie stil in die politieke arena is, is daar baie suksesvolle vroue in verskeie sektore van die samelewing. Die vraag kan egter gevra of vroue die inhoud van die volksmoederdiskoers afgeskud het? Die laaste paar jaar steek 'n nuwe tendens sy kop uit en dit is om vroue deur middel van 'n fundamentalistiese Skrifbeskouing op "hulle plek" – dit is onderdanig aan die man – te hou. Die volksmoederdiskoers word dus tans op 'n populêre wyse in stand gehou én Bybels gefundeer. 'n Vrouekonferensie wat teen 2007 landswyd deur die NG Gemeente Moreletapark aangebied word, die Esterkonferensie verkondig hierdie siening sterk. Vroue kry tydens hierdie konferensie manteljies wat hulle rondom hulle mans se skouer moet gaan hang om sy geestelike leierskap te bevestig (Ester 2007: dvd 4).

## 11.2 GENDERSAKE AS MODULE TYDENS TEOLOGIESE OPLEIDING

Die Universiteit van Stellenbosch gee reeds in 'n spesiale module aandag aan gendersake. Voorstelle dat gendersake deel van die nuwe kurrikulum by die Universiteit van Pretoria moet uitmaak is deur my aan die kuratorium deurgegee.

G4: Ek dink teologiese fakulteite het 'n plig om samelewings-*issues* deeglik teologies deur te trap. Gender-*issues* is deel hiervan. Meer as dit kan 'n mens seker nie verwag nie, hoewel ondersteuning vir voorheen benadeeldes, asook almal wat met verandering moet *cope* (die mans ook) baie kan help.

In die Protestantse Kerke Nederland (PKN) word vrouestudente vir 'n week lank afsonderlik onderrig in vrouesake en voorberei hoe om moeilike situasies in die kerk te hanteer (Van Doorn 2005). So 'n module sal vrouestudente myns insiens baie kan help, maar gendersake behoort ook vir mans en vrouens aangebied te word sodat jonger dominees saam 'n gebalanseerde siening oor geslagsgelykheid en vrouesake in die algemeen die kerk kan indra.

# 12. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar gekonsentreer op die tydperk nadat vroue tot die amp van ouderling en diaken toegelaat is. Nadat die NG Kerk in 1990 die deur vir vrouepredikante oopgemaak het, het dit nog vier jaar geduur voordat die eerste vrou beroep en bevestig is. Daarna het die praktyk redelik stadig posgevat en die kerklike gemeenskap het met

gemengde reaksie teenoor vroue reageer. Die ooraanbod van proponente tussen 1990 en ongeveer 2003 het die kans vir vroue om beroep te word nog verder versleg.

Na die Sinode van 1990 het al meer vroue ervaar dat hulle geroep is en teologie gaan studeer. Teen 2007 was daar by twee universiteite meer dames- as mansstudente, alhoewel slegs 2.58% van die totale predikantekorps in die NG Kerk vroue is.

In September 2000 is daar ’n konferensie genaamd “Moeder Kerk en haar dogters” gereël om die probleme wat vrouepredikante en -proponente ervaar het, aan te spreek. Tydens hierdie konferensie kon vroue die eerste keer regtig vertel hoe hulle die lang jare van wag en die steeds bestaande vooroordele jeens vrouepredikante ervaar het.

In ooreenstemming met die metodologie wat ’n postfundamentele prakties-teologiese benadering gevolg word, is gepoog om die navorsingsgenote se religieuse en spirituele verstaan van en hulle ervaringe oor God se teenwoordigheid in hulle lewens aan te hoor en te begryp. Buiten hulle roepingsverhale het van hulle ook vertel hoe hulle in die kans om hulle roeping uit te leef al dan nie, gegroei en gekwyn het in hulle geloof.

In opdrag van die Algemene Sinode van 1998 is daar elke jaar ’n Ad hoc-kommissie van die moderatuur aangewys om spesifiek na die saak van vrouepredikante om te sien. Hierdie kommissie het nie net op die probleme van vrouepredikante gefokus nie, maar ook na vrouesake in die algemeen begin kyk en daarmee die debat in ’n breër konteks geplaas. Daar is ook begin pleit dat mans deel moet vorm van die gesprek oor vrouesake. Ander sake wat tot 2007 aandag gekry het is onbillike arbeidspraktyke, rolverwarring, leierskapsontwikkeling en die afvaardiging na meerdere vergaderings.

Die debat rondom gender is egter nie vir alle vrouepredikante ewe belangrik nie en in lyn met die volksmoederdiskoers is ’n klomp vrouepredikante daarmee gemaklik dat ander eerder die praatwerk moet doen. Die vraag kan dus gevra of vroue die inhoud van die volksmoederdiskoers afgeskud het. Die laaste paar jaar steek ’n nuwe tendens sy kop uit en dit is om vroue deur middel van ’n fundamentalistiese Skrifbeskouing op “hulle plek” – dit is onderdanig aan die man te hou. Die volksmoederdiskoers word dus tans op ’n populêre wyse in stand gehou én Bybels gefundeer. Dit plaas die hele debat opnuut weer op die kerklike agenda.

**Hoofstuk 5**

# KRITIESE TERUGSKOUING

## 1. EVALUERING VAN NAVORSINGSPROSES GEVOLG

Aan die einde van hierdie navorsing wil ek eerstens krities kyk na die navorsingsproses wat gevolg is. Omdat die navorsingsproses tot bepaalde inhoudelike insigte gelei het, sal daar terselfdertyd ook gereflekteer word op inhoudelike sake met betrekking tot hierdie navorsing.

### 1.1 MEER AS EEN STEM EN MEER AS EEN VERHAAL

Wanneer die verloop van ’n bepaalde saak in die geskiedenis van die kerk nagevors word, kan die navorser baie maklik alleen en verlore tussen die vergeelde bladsye van sinodale agendas en notules raak in ’n poging om die ware storie te ontsluit. Die navorsingswaardes wat in die sosiaal-konstruksionisme geld het my van gewaande objektiwiteit bewaar en die druk om die één ware verhaal te ontdek van my afgehaal. Ek het ontdek dat die verloop van gebeure en dus ook geskiedenis kompleks en meervlakkig is. Daar gebeur baie meer as wat in ’n verslag of notule opgeskryf gestaan. Ek het ’n bepaalde dinamika beleef tussen wat in die formele kant van kerklike vergaderings besluit is en dit wat vroue op grondvlak beleef het.

Die feit dat ’n klompie vrouepredikante bereid was om húlle belewenis van hulle roeping as predikante te vertel, te midde van die formele proses van toelating in die NG Kerk, het daarvoor gesorg dat ’n meervlakkige, ryker en dikker geskiedenis van vrouepredikante in die NG Kerk die lig gesien het. ’n Kerkgeskiedenisskrywer behoort dus meer bewus van die kompleksiteit van gebeure te wees en dit erken en verreken wanneer geskiedenis opgeteken word.

Hulle deelname het ook daarvoor gesorg dat vroue se eie stemme in dié stuk van die NG Kerk se geskiedenis gehoor word. Die geskiedenis is dus nie vanuit die uitsluitlike perspektief van die Kerk of slegs deur my oë weergegee nie. In hierdie opsig kan dit as ’n deelnemende en verhalende proses beskou word.

Hierdie navorsing het ook ’n bydrae gelewer tot die daarstelling van ’n stuk vrouegeskiedenis in die NG Kerk en het ’n bepaalde leemte gevul. Die breë verhaal van vrouepredikante se pad van toelating tot die ampte tesame met die kleiner, dog nie minder belangrik nie, verhale van ’n groep vrouepredikante is nou in een band beskikbaar. Hierdie is ’n stuk “*herstory*”.

Een van die voorveronderstelling van die sosiaal-konstruksionisme is dat daar ’n onbeperkte aantal beskrywings en verduidelikings vir ’n saak of gebeure kan wees. Daarom maak die verhale wat hier opgeneem is, nie daarop aanspraak dat dit die volle spektrum van alle vrouepredikante se verhale verteenwoordig nie. Daar is nog ander onvertelde verhale. Die verhale van vroueproponente of –predikante wat die NG Kerk verlaat het word nie hier gehoor nie. Baie van die vroue wou nie hulle verhale vertel nie en ek kan dit verstaan. Die moontlikheid van herkenning is te groot en dit sou hulle onnodig blootstel. Ek het wel een afspraak gereël gehad en dit is op baie kort kennisgewing gekanselleer. Ek kon daarna nie weer daarin slaag om ’n afspraak met die betrokke persoon gereël te kry nie. Van die ander vroue in hierdie groep is ook óf oorsee óf hulle kontaknommers is onbekend. Die huiwering van diegene wat die kerk verlaat het, het my onder die indruk gebring oor hoe intens persoonlik vroue (en sekerlik mans ook) hulle roeping beleef en hoe diep mense kan seerkry wanneer hulle om verskillende redes nie aan hulle roeping kan uiting gee of voldoen nie.

Ek het twee verhale van vroue wat reeds voor 1960 teologie studeer het in hierdie studie weergegee. Daar is sekerlik nog vroue soos Anna Linde en Jeanne Viljoen wat nooit die geleentheid gehad het om oor hulle roeping te praat of dit uit te leef nie. Dit het my laat besef dat ons in kerkgeskiedenis meer aandag aan die belewenis en ervaring van mense moet gee terwyl hulle nog leef. As diegene wat iets beleef het nie meer daar is nie, is hulle stemme vir ewig stil en kan ons weer eens net terugval op geskrewe bronne wat hoofsaaklik op die institusionele karakter van die kerklike lewe fokus en waarin die kerkhistorikus nie die insette van medenavorsers het nie.

## 1.2 VERRASSENDE UITKOMSTE

Die navorsingsproses wat ek gevolg het, het ook vir verrassende uitkomste gesorg. Ek moes onder andere daarteen waak om nie dit was ek as belangrik of betekenisvol ag op my medenavorsers af te dwing nie. Dit was veral die gesprek met gespreksgenoot 8 wat my sensitief hiervoor gemaak het. Die gesprek met haar het my daarvan bewus gemaak dat nie

alle vrouepredikante *per se* met gendersake gemaklik is nie. Sy wou aanvanklik nie aan die gesprek deelneem nie omdat sy nie in terme van gender dink of funksioneer nie. Dit het my gedwing om met haar as gewone predikant en nie soseer as vrouepredikant te praat nie! Dit het die gesprek 'n ander dimensie gegee en sy het ook 'n ander teologiese blik oor mans, vroue en kerklike sake op die tafel geplaas. Daarna het ek ook 'n ongemak met gendersake en veral met die feminisme by ander van my medenavorsers opgetel. Alhoewel ek daarvan bewus is dat daar tog vrouepredikante in die NG Kerk is wat meer simpatiek teenoor die feminisme staan, was my medenavorsers om verskillende redes ongemaklik met 'n feministiese teologiese aanpak of uitkyk en gendersake oor die algemeen. Tog is hulle terselfdertyd verdraagsaam teenoor diegene wat meer feministies is. Ek was voor die aanvang van hierdie studie vaagweg bewus van hierdie ongemak, maar ek het nie verwag dat hulle hulle ongemak in soveel woorde sal formuleer nie. Hiermee saam hang 'n gebrek aan eienaarskap by 'n groot groep vrouepredikante terwyl hulle terselfdertyd die vrugte van oop deure wil geniet. Jonger vrouepredikante is nie regtig bewus van die swaar pad wat van hulle susters moes loop om die deure vir hulle oop te kry nie.

Verder het die persoonlike verhale van vrouepredikante in terme van hulle roeping, studies en kerklike loopbane nog ander verrassende perspektiewe op die tafel geplaas. Ek het aanvanklik gedink, onder invloed van my eie verhaal, dat alle vrouepredikante seer verhale te vertel het. Dit was nie die geval nie. Die verhale in hierdie navorsing gee 'n blik op die negatiewe, maar beslis ook op die positiewe en vervullende verhale van vrouepredikante. Ek het ook diep onder die indruk gekom van die erns waarmee my medenavorsers hulle roepingsverhale bejeën. Nie een vrou het haar roeping ligtelik opgeneem nie.

### 1.2.1 Die volksmoederdiskoers help om die stilswye van vroue beter te verstaan

In die sosiaal-konstruksionisme word daar op diskoerse gefokus (Demasure & Müller 2006:413). Deur te kyk na watter diskoerse daar oor Afrikanervroue in 'n patriargale samelewing bestaan, het ek die stilswye van die eerste vrouestudente en vrouepredikante gedurende die NG Kerk se besluitnemingsproses beter verstaan. In die volksmoederdiskoers het Afrikanervroue se stemme in die openbare arena stil geraak, ook in die kerk. Hierdie diskoers het 'n invloed op die verloop van die debat rondom die toelating van vrouepredikante gehad. Aan die een kant het dit saam met 'n teologiese fundering vanuit die kerk 'n bepaalde siening oor vroue se plek in die samelewing bevestig. Hiervolgens is vroue hoofsaaklik tot die huishoudelike sfeer beperk terwyl sy terselfdertyd

as die inherente krag van die volk beskou is. Sy is as't ware gepaai met 'n ereposisie en 'n veredelde uitbeelding van haar rol terwyl dit haar terselfdertyd eintlik stemloos gemaak het. Verder het die feit dat vroue hulle in ander vroueruimtes soos vroue-organisasies en die Vrouediens uitgeleef het, gemaak dat hulle vir 'n langer tyd stil tevrede met hulle posisie in die kerk was. Slegs enkele vrouepredikante het stilweg teen die grein van die diskoers in, daarteen gerebelleer deur teologie te gaan studeer met die hoop dat die kerk iewers 'n plek vir hulle sou hê.

Hierdie diskoers is so diep in die Afrikanersamelewing ingebed dat vroue tot in die 1990's redelik afwesig in die openbare arena was. Afrikanervroue is doodgewoon nie daaraan gewoond om in die openbaar op te staan vir sake nie, hulle is eerder stil doeners. Dit verklaar myns insiens ook iets van vrouepredikante se ongemak met die feminisme en die feit dat hulle selfs vandag nog sê dat ander eerder die praatwerk moet doen.

## 1.3 DIE GEBRUIK VAN 'N POSTFUNDAMENTELE PRAKTIES-TEOLOGIESE METODOLOGIE

Van die bewegings in die postfundamentele prakties-teologiese metodologie het my gehelp om hierdie stuk geskiedenis en die verhale van die vroue te ontsluit.

### 1.3.1 Die konteks en geïnterpreteerde ervaring

Die debat rondom die toelating van vrouepredikante was vir 24 jaar op die kerklike agenda voordat vroue toegelaat is. Daarna het die NG Kerk vir nóg 'n verdere 17 jaar besin oor die probleme wat vrouepredikante ervaar. Om die verhale van Anna Linde en Jeanne Viljoen te akkommodeer, moes die groter historiese en kerklike konteks oor 'n tydperk van omtrent 107 jaar verreken word. Die groter kontekste waarin die kerklike vergaderings en persoonlike verhale van die verskillende vroue afgespeel het, kon dus net oorsigtelik verreken word. Die invloed wat die groter konteks en diskoerse op vroue oor die algemeen in 'n bepaalde tyd gehad het, is ook telkens verreken. Ek het ook moeite gedoen om met my medenavorsers in hulle konteks te gaan praat. Dit was vir my belangrik om iets van hulle leefwêreld te leer ken en verstaan.

#### 1.3.1.1 Die swygtekste kontekstueel geïnterpreteer

In 'n postfundamentele prakties-teologiese metodologie word die konteks deeglik verreken. Die verloop van die proses om vroue tot die ampte toe te laat is 'n goeie voorbeeld van hoe die NG Kerk in sy sinodale vergaderings vanuit 'n bepaalde konteks na die Skrif gekyk het

en ’n besluit teen die toelating van vroue geneem het. Later en in ’n veranderende konteks het dieselfde kerk meer krities na Bybeltekste gekyk en die kultuur-historiese konteks van die teks self meer verreken en tot ander insigte gekom. Op ’n persoonlike vlak het vrouepredikante die swygtekste vroeg-vroeg kontekstueel geïnterpreteer en groter gewig aan hulle roepingstekste gegee.

### 1.3.2 Om fyner te luister en regtig te hoor

’n Navorser moet fyn luister en die regte vrae stel om sy/haar medenavorsers werklik deel van die navorsingsproses te maak. Ek het beslis in die proses van luister en verstaan gegroei. Aan die begin het ek meer biografiese vrae gevra en uit die transkripsies agtergekom dat ek soms te vinnig die volgende vraag gevra het. Later het ek meer betekenisvrae gevra en my medenavorsers het meer kans gehad om hulle verhale en die betekenis wat hulle daaraan heg te vertel.

’n Groepsgesprek tussen my en my navorsingsgenote en ’n gesamentlike proses van interpretasie sou ’n ander dinamika en ander temas na vore gebring het. Dit was egter prakties moeilik om te laat realiseer en dit sou ook ’n baie duur proses gewees het om agt vroueproponente en -predikante op een slag van regoor die land bymekaar te bring. Ek is tog spyt dat so ’n gesprek nie kon realiseer nie.

Daar was nie geleentheid vir die ontwikkeling van alternatiewe verhale nie omdat dit buite die skopus van hierdie hoofsaaklik kerkhistoriese studie val. Die studie het ook nie ’n terapeutiese inslag gehad nie. Ek is egter van mening dat ten minste drie van die vroue se verhale anders sou kon uitdraai indien daar voldoende geleentheid vir die ontwikkeling van alternatiewe verhale was.

### 1.3.3 Heilige grond

Ek het reeds gemeld dat die erns waarmee vrouepredikante hulle roeping bejeën my opgeval het. Wanneer hulle hulle verhale vertel het was dit byna soos om op heilige grond te staan en ek was voortdurend daarvan bewus dat intens persoonlike verhale met die neerskryf daarvan openbare besit word en ek kan net bid dat enige leser hierdie roepingsverhale met die nodige versigtigheid sal hanteer.

Die meeste vrouepredikante se ervaring van God was ook baie nou verbind aan hulle persoonlike roepingsverhale en hoe hulle hulle roeping binne en buite die kerk kon vervul. Dit was opmerklik dat hierdie vroue se roeping en hulle ervaring van God se

teenwoordigheid in die hele pad wat hulle moes loop, die een ding was wat hulle laat vasbyt het deur moeilike en onsekere tye. Hulle belewing van God in die kerklike konteks is wisselend. Een van die vroue beleef dat dit juis die kerk is wat haar weg van God neem en 'n ander een ervaar God se sorg te midde van 'n kerklike konteks wat haar vir meer as 'n dekade stief behandel.

In hierdie gesprekke het my navorsingsgenote ruim geleentheid gehad om hulle eie religieuse taal te gebruik en daarom het ek nie hulle roepingsverhale en hulle belewing van God probeer interpreteer nie. Die manier waarop elkeen dit op 'n unieke wyse verwoord het spreek vanself.

Die nuwe A–Z-handleiding vir predikante ken aan die gemeente, ring en kuratorium 'n groter rol in die uitstuur en begeleiding van 'n voornemende predikant toe (NG Kerk 2007: 132, 253–257). Dit sal interessant wees om die impak hiervan oor 'n paar jaar op enige predikant of voornemende predikant se ervaring van God se teenwoordigheid te hoor.

### 1.3.4 Interdissiplinêre navorsing kan meer lig op bepaalde temas werp

Die postfundamentele teologiese benadering moedig 'n interdissiplinêre gesprek aan. Ek het die algemene historiese konteks en die algemene impak wat die tydvak op vroue gehad het, telkens verreken, maar van 'n diepgaande gesprek is daar nie sprake nie. 'n Interdissiplinêre gesprek oor van die temas wat uit die gesprekke na vore gekom het, sou baie gehelp het om dit beter te verstaan. Een aspek wat verder ondersoek kon word is die groot gesprek rondom werkende vroue en die invloed wat gesinsverantwoordelikhede op professionele vroue het. Vrouepredikante se mening oor die eise wat die bediening op hulle rol as ma's en vroue het, is weer eens wisselend. Sommige hanteer dit probleemloos en vir 'n ander een verhinder haar gesinsomstandighede haar om 'n voltydse beroep te kry.

## 1.4 BYDRAE TOT METODOLOGIE VAN KERKGESKIEDSKRYWING

Die navorsingswaardes wat in die sosiaal-konstruksionisme geld en die postfundamentele prakties-teologiese metodologie het my gehelp om beter vorm aan die manier waarop die persoonlike verhale van vrouepredikante in hierdie studie gestalte gekry het, te gee. Ek is daarvan oortuig dat mondelinge geskiedenis 'n prominenter rol in kerkgeskiedskrywing behoort te kry. Dit sal 'n vollediger blik op die verloop van gebeure in die kerk bied en ook help om die kompleksiteit van gebeure weer te gee.

Ek hoop hierdie studie sal ook ’n bydrae lewer tot die ontwikkeling en verfyning van ’n eties verantwoordbare metodologie van kerkgeskiedskrywing in ’n postmoderne konteks en in die besonder tot ontwikkeling van mondelinge geskiedenis as ’n metode om die gemarginaliseerdes se stemme in kerkgeskiedskrywing hoorbaar te maak.

# 2. KERKHISTORIESE BYDRAE

Baie van die insigte waartoe ek gekom het, soos die invloed van die volksmoederdiskoers, is reeds in die metodologiese oorsig weergegee. Vervolgens nog ’n paar sake.

## 2.1 “HERSTORY” IN PLAAS VAN “HISTORY”

Ek was verras om te sien hoe min aandag vroue en vrouesake in nuwe algemeen historiese werke soos Giliomee se *Die Afrikaner* kry. ’n Boek soos *Women in South African History* wat in 2007 uitgegee is, is óók stil oor Afrikanervroue. Is dit ’n nalatenskap van die volksmoederdiskoers en die feit dat hulle openbare stem regtig stil was? Hierdie stilte oor vroue se rol in die geskiedenis is ook merkbaar in resente kerkhistoriese werke. Daarom was hierdie studie vir my ’n persoonlike ontdekking om uit te vind wat breedweg met Afrikanervroue in die twintigste eeu gebeur het.

Ek hoop hierdie studie het ’n bydrae gelewer om “herstory” oor ’n bepaalde aspek in die NG Kerk se geskiedenis te vertel.

## 2.2 DIE IMPAK VAN ’N BEPAALDE SKRIFBESKOUING OP VROUE

Die swygtekste het vir ’n baie lang tyd ’n groot plek in die debat oor vrouepredikante ingeneem. Hierdie tekste is nie net gebruik om vroue uit die ampte te hou nie, maar ook om aan hulle ’n bepaalde rol in die skepping, samelewing en huwelik te gee. Ek sou baie graag wou weet watter invloed die argumente in die eerste paar verslae, dat juis die skeppingsorde en sondeval vroue onbevoeg maak om in die ampte te dien, op vroue in die algemeen en vrouepredikante se selfverstaan het. Omdat my navorsingsgenote die swygtekste eenvoudig as kultuurgebonde beskou het en groter gewig aan hulle eie roepingstekste verleen het, het hierdie tema nie verder aandag gekry nie.

Die onderdanigheid van vroue teenoor mans het ook telkens in die teenverslae na vore gekom. Alhoewel vroue tot die ampte toegelaat is, is ek van mening dat die teologie rondom die swygtekste en die onderdanigheidstekste in Efesiërs 5:21–33 nog sterk in die

NG Kerk en Afrikanersamelewing funksioneer. Hierdie bekommernis word ook opgemerk in die Sinodale verslae oor vrouepredikante in 2004 en 2007. Hierdie Skrifbeskouing het gemaklik gestalte in die volksmoederdiskoers gekry en is later voortgesit in die rol wat aan huisvroue toegedig is. Vandag word dié teologie deur populêre Christelike boeke en konferensies of praatjies vir vroue in stand gehou. Dit word nou net in ander woorde en op 'n sagter manier gestel. Die traagheid om die NG Kerk se strukture op Sinodale vlak in oorstemming met sy besluite oor vroue se posisie in die kerk te verander, is ook 'n bewys daarvan dat die teologie rondom die onderdanigheid van vroue nog sterk leef.

## 2.3 IMPAK VAN KERKLIKE BESLUITE OP MENSE

Ek was ook verras oor die impak wat die Sinodale besluite van 1986 op vrouestudente gehad het. Voor dit was die debat vir die enkele vroue wat studeer het, redelik ver en vaag. Al was die kerk se deure toe, kon hulle met hulle studies voortgaan ten spyte van die enkele praktiese knelpunte soos die prediking. Met die 1986-besluit om eers met die toelating van vroue te wag, het vroue vir die eerste keer regtig onder die indruk gekom dat hulle vrouwees 'n struikelblok in die oë van die kerk is. 'n Goedbedoelde besluit ter wille van die groter kerklike prosesse het nie met die impak wat dit op vrouestudente se persoonlike lewe gehad het, rekening gehou nie.

Die NG Kerk se onvermoë om gemeentes ná die 1990-besluit om vroue wel toe te laat om predikante te word, op 'n praktiese manier te begelei om omstrede Sinodale besluite te aanvaar, het 'n groot impak op die eerste klomp vroueproponente en –predikante gehad. Dit was amper asof die kerk skouer opgetrek het en gesê het: "Die deur is mos nou oop" en toe gebeur daar niks. As daar vroeër begeleiding en gesprekvoering was, soos tans rondom die proses van kerkhereniging gebeur, kon vrouepredikante dalk vroeër en makliker aanvaar geword het. 'n Meer pastorale pad van bystand en begeleiding in die hele tyd waarin daar 'n ooraanbod van proponente was, sou die seerkry vir van die mans- en vroueproponente help verlig het.

Kerklike taalgebruik het 'n groter impak op vroue as wat gereken word. Ten spyte van 'n beroep wat op die Algemene Sinode van 2004 gedoen is om inklusiewe taal te gebruik, leef die woorde broederkringe en broers (sonder die susters) nog sterk voort. Die leierskap behoort weer eens hier self 'n voorbeeld te stel en duidelike leiding aan die kerk te gee. Susters is nie maar vanselfsprekend by die broers ingesluit nie.

# 3. TEMAS WAT NIE VERREKEN IS NIE

Vanweë die omvang van hierdie studie is sekere temas nie verreken of in diepte behandel nie. Van hierdie temas is die volgende:

- Daar is nie verreken hoeveel vroue maatskaplike werk gaan studeer het omdat hulle nie teologie kon gaan studeer het nie, om aan hulle roeping gehoor te gee.
- Anna Linde en Jeanne Viljoen het hulle roeping as vrouepredikante in die rol van predikantsvroue uitgeleef. Hierdie tema sou verder ondersoek kon word. In hoe ’n mate het predikantsvroue in ’n vroeëre era hulle persoonlike roeping en bediening in hulle rol as predikantsvroue uitgeleef terwyl hulle ook dalk self predikante sou wou wees?
- Die invloed wat ’n bepaalde ampsbeskouing gedurende die 1970’s tot 1990 gehad het, is bloot genoem en nie in diepte ondersoek nie. Dit sou interessant wees om te weer waar die skuif van ’n heersende en gesagvolle ampsbeskouing tot ’n meer dienende ampsbeskouing vandaan kom.
- ’n Pastorale en moontlik liturgiese proses waarin daar erkenning verleen word aan dié vroue wat wel teologie studeer het, maar nooit gelegitimeer of beroep is nie, is slegs genoem, maar nie verder ondersoek of uitgewerk nie. So ’n proses sou egter helend vir die betrokke vroue kon wees. ’n Predikant wat tans in ’n gemeente dien waar ’n vrouepredikant vroeër seergekry het en uiteindelik uit die bediening én die NG Kerk is, het onlangs aan my gesê: “Ons het nog ’n rekening om te betaal, maar weet nie wat om te doen nie.”
- Alhoewel die Universiteit van Stellenbosch reeds aandag aan gendersake gee, is die moontlike inhoud van so ’n kursus en die waarde wat dit kan hê, nie uitgewerk nie.
- Leierskapsontwikkeling en die ontwikkeling van vroue se potensiaal in leierskapstrukture in die NG Kerk sal aandag moet kry. Die inhoud en praktiese gestaltegewing aan so ’n proses sou handig kon wees, maar val buite die skopus van hierdie studie.

## 4. DIE INVLOED VAN HIERDIE NAVORSING OP MY BEDIENING EN EIE VERHAAL

My roepingsverhaal begin reeds in 1985 en ek is dus nou 22 jaar by die saak van vrouepredikante betrokke. Nadat ek my B.Th-skripsie in 1991 oor die kerkregtelike implikasies van die toelating van vrouepredikante gedoen het, het ek in my jeugdige voortvarendheid gedink dat alles gesê is. My eie verhaal en my intense betrokkenheid by die saak van vrouepredikante op akademiese en kerklike vlak die afgelope sewe jaar het my net meer bewus gemaak van die sensitiwiteite wat daar steeds rondom die saak heers. Ek besef ook dat die vooroordele oor vrouesake en die teologiese lyne oor die plek van vroue in die kerk baie diep lê en dat dit nie noodwendig met ’n paar besluite gaan verander nie. Op ’n stadium het ek gedink dat ek na hierdie studie eers halt gaan roep met my eie betrokkenheid by die saak van vrouepredikante en vrouesake oor die algemeen, maar diep in my hart weet ek dat ek dit nie sal kan doen nie. Dit is onlosmaaklik deel van my roeping, al is dit soms ’n ongewilde pad om te stap.

Die blootstelling wat ek aan die narratiewe benadering gehad het, het ’n besliste invloed op my pastorale werk en my uitgangspunte oor ander mense se verhale. Ek hanteer ander mense se verhale met baie meer respek en versigtigheid. Ek is ook intens bewus van die kompleksiteit van verhale en is versigtig om vinnige antwoorde te gee.

Ek is ook intens daarvan bewus dat roeping ’n voorreg is waarmee die kerk in die breë, maar ook die predikant self nie mag mors nie. My eie roepingsverhaal en die roepingsverhale van my navorsingsgenote het hierdie bewustheid by my verskerp.

## 5. SAKE VIR VERDERE NAVORSING

Die temas wat nie verreken is nie en in punt 3 aangedui is, kan moontlik tot verdere navorsing lei. Ander temas waaroor verdere navorsing nodig is, is soos volg:

- Die invloed wat die swygtekste in 1 Korintiërs 14:34–35 en 1 Timoteus 2:11–12 en die onderdanigheidstekste in Efesiërs 5:21-33 op hedendaagse vroue se selfverstaan en die verstaan van hulle rol in die samelewing en huwelik het, kan die kerk help om vrouepredikante spesifiek en vrouelidmate in die algemeen te begelei tot die volle benutting van hulle potensiaal. Potensiaalontwikkeling lê nie soseer net in die

ontwikkeling van programme en projekte nie, maar begin ten diepste by ons verstaan van tekste soos hierdie.

- Drie van my navorsingsgenote het hulle roeping uit die boek Jesaja ontvang. Die invloed van ’n duidelike roeping op predikante met spesifieke verwysing na die roepinstekste in Jesaja kan ’n insiggewende studie wees.
- ’n Goeie ondersoek na die teologie wat in populêre Christelike boeke vir vroue verkondig word, is myns insiens noodsaaklik en dringend. Baie boeke kom uit die Amerikaanse mark en word in Afrikaans vertaal en baie goed bemark. Die invloed van hierdie boeke is groot en dit kan tot ’n sinvolle gesprek met die Christelike boekhandel lei.
- ’n Kerkregtelike studie na die plek en rol van die Vrouediens (nou die Vrouelessenaar) op sinodale vlak in die lig van die taak en bevoegdhede van die Algemene Sinode en die feit dat vroue tot die ampte toegelaat is, is ook noodsaaklik.

## 6. DIE PAD VORENTOE

Alhoewel vrouesake tans nie hoog op die NG Kerk se agenda is nie, lyk dit asof daar tog ’n paar sake is wat verder aandag sal moet geniet. Van hierdie sake is leierskapsontwikkeling, gendersake in teologiese opleiding en Skrifbeskouing en -hantering rondom die plek van vroue.

Ek hoop dat hierdie navorsing wel ’n bydrae gelewer het tot ’n beter verstaan van die pad wat die NG Kerk geloop het om vroue tot die amp van predikant toe te laat en ’n begrip gekweek het vir die persoonlike verhale wat hulle te midde van 41 jaar se besinning afgespeel het. Ek is diep dankbaar vir elke vrou wat aan haar roeping getrou was.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**BYLAE 1**

# VOORBEELD VAN VRAELYS WAT UITGESTUUR IS OM BIOGRAFIESE DATA TE BEKOM

Beste Kollega

**INSAKE: INLIGTING VROUEPREDIKANTE, -PROPONENTE EN -STUDENTE**

Ek is tans besig met navorsing vir die Algemene Sinode se lessenaar vir Geslag en Diversiteit, oor die posisie van vroue-proponente en –predikante. Ons wil vasstel hoe dit met ons vroue gaan, watter probleme hulle moontlik ondervind, hoe die moderatuur probleme kan help aanspreek en saam met wie ons 'n pad van heling kan stap waar nodig. Dit gaan ook darem nie net oor probleme nie – daar is ook sekerlik verhale van hoop. Hierdie verhale moet ook gehoor en gedeel word.

Verder wil ons agterkom wat die spesialiteitsvelde onder ons vroue is, sodat ons van jou kundigheid kan gebruik maak, waar nodig. Ons het meer vroue-stemme nodig in breër kerklike verband en wil vroue bemagtig in geestelike en kerklike leierskap.

Ek sal bly wees as jy jou inligting volgens die onderstaande vrae vir my kan stuur (reply hierdie e-pos na ebuchner@luxmundi.org.za). Dit is belangrik dat jy dit so volledig as moontlik sal invul - jou spesialiteitsterrein in nagraadse studies en jou huidige werk is veral van belang.

Indien jy enige navrae het, kan jy my gerus skakel by 082 821 6889.

Ek wil ook net meld dat ek hierdie data vir my doktorale navorsing sal gebruik, maar voordat enige persoonlike verhaal gebruik word, sal ek jou persoonlik skakel om toestemming te vra.

Ek hoop dat ons deur die deel van ons eie verhale die reis vir ander vroue in die kerk makliker kan maak en dat jou eie verhaal in die proses vir jou nuwe betekenis sal kry. Waarmee jy ook al besig is, mag jy werklik geseënd wees in jou koninkrykswerk.

Vriendelike groete!

Elsje Büchner

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| **Titel:** (prof., dr., ds., prop.): | |
| **Van:** | |
| **Nooiensvan:** | |
| **Voorletters:** | |
| **Noemnaam:** | |
| **Sinodale gebied indien in gemeente:** | |
| **Wag jy nog op 'n beroep?** (Ja/Nee) | |
| **Selfoonnommer:** | |
| **Telefoon werk:** | |
| **Telefoon huis:** | |
| **Faksnommer:** | |
| **E-posadres:** | |
| **Jaar gelegitimeer:** | |
| **Jaar bevestig:** | |
| **Klasgrootte:** | |
| **Aantal vrouens in jou klas:** | |
| **Kan jy hulle name onthou? Enige kontaknommers sal ook handig wees:** | |
| **Kwalifikasies:** | |
| **Verdere studie na teologiese grade verwerf? Indien wel, noem:** | |
| **Vakgebied waarin gespesialiseer het:** | |
| **Onderwerp van M- of D-grade:** | |
| **Indien jy nie in 'n gemeente werksaam is nie, wat doen jy tans?** | |
| **Is jy nog in die bediening? Indien nie - hoekom nie?** | |

| | |
|---|---|
| **Is jy nog in die NG Kerk? Indien nie - hoekom nie?** | |
| **Vorige gemeente:** | |
| **Huidige gemeente:** | |
| **Is jy in 'n voltydse pos** (ja/nee)? | |
| **Deeltydse pos** (ja/nee)? | |
| **Tentmaker** (ja/nee)? | |
| **Kapelaanspos** (ja/nee)? | |
| **Pastorale hulp** (ja/nee)? | |
| **Hoe lank het dit geneem voordat jy beroep is?** | |
| **Aard van jou huidige pos** (Byvoorbeeld: jeugwerk, kinderwerk, pastoraat, gewone predikant ens.)? | |
| **Is jy bereid om jou storie met my te deel / verdere onderhoud** (ja/nee)? | |
| **Is daar iets waarmee die Algemene Sinode / Moderatuur behulpsaam kan wees?** | |
| **Watter frustrasies ervaar jy tans?** | |
| **Enige ander opmerkings?** | |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**BYLAE 2**

# TOESTEMMING – GEBRUIK VAN INLIGTING UIT ONDERHOUDE VIR NAVORSINGSDOELEINDES

Hiermee gee ek, (volle name en van) ........................................................................ (ID-nommer: ...............................) dat **Elsje Büchner** (ID: 671215 0158 081) die inligting wat bekom is uit persoonlike onderhoude en korrespondensie vir navorsingsdoeleindes vir die graad DD (Doctor Divinitatus) aan die Universiteit van Pretoria kan gebruik. Die volgende beginsels geld tydens die navorsing:

1. Die persoon met wie 'n onderhoud gevoer word, word as medenavorser beskou.
2. Die verhale van medenavorsers sal anoniem weergegee word. Aan die begin van die proefskrif sal breë beskrywings van elke medenavorser gegee word. Data soos Universiteite, Gemeentename en Sinodale streke sal vermy word. Omdat die aantal vrouepredikante so klein is, bestaan die moontlikheid egter dat persone uit die breë beskrywings erken mag word.
3. Die medenavorser sal deur die loop van die navorsing geken word in interpretasies wat gemaak word.
4. Voordat enige artikels vir akademiese- of populêre doeleindes gepubliseer word met van die verhale daarin, sal die betrokke medenavorsers eers gekontak word vir verdere toestemmingsgebruik.
5. Alle bandopnames en geskrewe terugvoer sal na afloop van die finale eksaminering van die proefskrif vernietig word.

Handtekening: ..............................................................................

Geteken te .................................................. op hierdie ................... dag van .................................... 2006/7.

**BYLAE 3**

# BESKIKBARE TOESPRAKE WAT TYDENS "MOEDER KERK EN HAAR DOGTERS" GELEWER IS

Die volgende is die aantekeninge wat deur van die sprekers self verskaf is of deur myself afgeneem is, daarom is van die toesprake slegs kriptiese aantekeninge. Ek het besluit om die toesprake as bylaes in te sit omdat ek die enigste een is wat kopieë oor alles besit. Die konferensie het 'n belangrike rol gespeel om die saak van vroueproponente en –predikante onder die aandag van die kerk te bring. Verder het vroue tydens hierdie konferensie vir die eerste keer self aan die woord gekom en hulle eie verhale hier vertel. Die toesprake word ongeredigeer weergegee. Aan die einde word die voorstelle wat vanuit die konferensie gemaak is ook gelys.

## 1. MOTIVERING VIR DIE KONFERENSIE (1)

Spreker: **Dr. Miks Smuts**

My opdrag is om in 'n paar minute 'n motivering te gee vir die ASK se besluit om hierdie kongres te belê.

In 1982 het die Algemene Sinode die vrou tot die diakenamp toegelaat.

Ek onthou nog goed 'n debat by die Sinode van 1986 oor die vraag of die vrou nie ook tot die ander besondere ampte toegelaat moet word nie. 'n Lid wat teen die gedagte was, het geredeneer dat dit reeds 'n fout was om die vrou tot die diakenamp toe te laat. Nou dat dit wel gedoen is, gaan die kerk moeilik nee kan sê vir die ander twee ampte, want, het hy gesê, "as jy 'a' gesê het, moet jy ook 'b' en 'c' sê!"

In 1990 hét die Algemene Sinode toe ook "b" en "c" gesê.

Nou, tien jaar later, is die vraag tweeledig:

- Waar staan ons vandag ten opsigte van die deurvoering van die sinode se besluite?
- Moet die kerk ook nog in die verband "d", "e" en "f" sê? Indien wel, wat is dit.

Hieroor sou die ASK graag van die kongres leiding wil kry.

In 'n saak soos hierdie is dit belangrik om te onderskei tussen *die formele besluitneming* van die sinode en *die toepassing daarvan in praktyk*. Besluite soos die oor die vrou in die amp skep die ruimte waarbinne gemeentes op nuwe bane kan beweeg. Dit beteken egter nie dat dit onmiddellik in die praktyk gebeur nie. Die kultuur binne die kerk mag vir sulke nuwe besluite ryp wees, en dan volg die praktyk heel vinnig op die beleidsbesluit. Is die kultuur egter nie daarvoor ryp nie, is daar 'n traagheid en soms selfs weerstand teen die toepassing daarvan.

'n Goeie voorbeeld daarvan dat die besluitneming soms vinniger beweeg as die kultuur in die kerk, het ons in die aanvaarding van "Kerk en Samelewing" in 1986. Alhoewel daar diegene was wat opgewonde was oor die besluite, het dit as 'n skok vir 'n groot deel van die lidmate gekom. Terwyl die wat opgewonde was, graag wou beweeg, het hulle in die praktyk gestuit teen talle wat dit teëgestaan het en hulle voorberei het om die besluit in 1990 ongedaan te probeer maak …

Die aanvaarding van 'n nuwe beleid deur die sinode beteken dus nie altyd dat dit dadelik met entoesiasme in die praktyk toegepas sal word nie.

Daar is ook gevalle waar die kultuur die formele besluitneming van die kerk vooruit loop. 'n Goeie voorbeeld daarvan is die wyse waarop die nagmaalskelkies in ons kerk aanvaar is. 'n Sinode het nooit daaroor besluit nie. Een gemeente, Johannesburg (Irene) het dit begin doen, en ander het die voorbeeld gevolg. Dieselfde het gebeur met die invoer van pinksterbidure en met die wegdoen met die hoed vir vroue, ens. Vandag is dieselfde in 'n groot mate besig om te gebeur in die praktyk rondom die kerklied.

Mense wat 'n nuwe beleid van die sinode steun, beleef die stadige vordering wat deur die trae kerkkultuur veroorsaak word as 'n frustrasie.

Ander kere beleef die kerkvolk die traagheid van die sinode om beleid te verander as 'n frustrasie, begin dan op hulle eie beweeg en maak sinodebesluite dikwels irrelevant - soos tans met die kerklied die gevaar is.

As ons by hierdie kongres kyk na die stand van sake ten opsigte van die vrou in die amp, moet ons onderskei tussen die rol en waarde van sinodebesluite en die praktyk van die kultuur in die kerk.

*Ten opsigte van sinodebesluite*, moet ons vra of die nodige beleidsbesluite wel geneem is? Moet hulle verbeter of verstel word? Watter nuwe besluite moet nog geneem word?

Ten opsigte van die kultuur en praktyk moet gevra word of die praktyk wel dui op 'n aanvaarding en toepassing van die sinode se beleid in die verband? In watter mate was daar vordering? Wat moet

nog gebeur? Wat verhinder dat vinniger gevorder word? Watter rol kan die ASK en die Algemene Sinode speel om die vordering in die verband só te beïnvloed dat dit beter sal gaan?

Die ASK het die kongres belê omdat die saak vir hom erns is.

Ons sien met verwagting daarna uit dat u vir ons sal sê wat die "d", "e" en "f" is wat nog gesê moet word.

## 2. MOTIVERING VIR DIE KONFERENSIE (2)

Spreker: **Ds. Elsje Büchner**

My intense betrokkenheid by die reëlings van hierdie konferensie het 'n paar gewaarwordinge aan die lig gebring.

Daar is by 'n groep vroue besondere verwagtinge oor die uitkoms van hierdie konferensie – dat alles ewe skielik hierna drasties sal verander.

Dan is daar die ietwat siniese (of is dit realistiese?) siening dat ons net gaan praat en dat daar niks van gaan kom nie. Wat gaan dit help. Dit is ook dan blykbaar die rede vir heelwat vroue se afwesigheid.

'n Verdere groep kerklikes is skoon "boos" – "waarmee is julle nou besig!?" En dit word afgemaak as 'n erg feministiese veldtog en die persone klap soos skulpe toe.

'n Ander groep het self hulle monde vol oor die sprekers – ons het sommer vooraf besluit wie in ons kraal praat al dan nie.

Vir ander is daar geen probleem nie. Hulle is gelukkig en verstaan nie die ongelukkigheid of doel van die konferensie nie.

Daar was 'n groot bereidwilligheid by die ASK om die debat op die tafel te plaas.

Die afgelope paar jaar het daar 'n opwindende kerklike debat ontwikkel oor verskeie kerklike sake. Al die strydvrae waaroor ons in die kerkgeskiedenis geleer het, het nou ewe skielik weer op die tafel geland saam met nog baie meer: die gesag van die Bybel, Jesus Christus se Middelaarskap, opstanding, morele waardes ens. Mense begin debatteer & voorraad opneem. Ander is weer erg verward en verontwaardig. Omdat ons nie eintlik gewoond is aan sulke "na aan die hart-debatte" nie, is ons geneig om mense te etiketteer en persepsies oor mekaar op te bou.

As mens begin swot het jy sterre in jou oë en droom jy groot drome oor die bediening. Die werklikheid is dikwels vir mense 'n ander storie – 'n ontnugtering. Die kerk is nie altyd soos ons gedink het nie.

Vier vroue het reeds die bediening verlaat – waarvan een my verlede Sondag geskakel het – seer, ontnugter, kwaad. Kan ons dit so los?

Dit is nou 10 jaar nadat die Algemene Sinode van 1990 die groen lig gegee het. Twee geslagte het nou al klaar gemaak (ouderdomsgaping van ±10-12 jaar). Dit is buiten die ouer groep vroue wat heelwat vroeër teologie studeer het en nooit in die bediening gestaan het nie. Die groep vroue wat gedurende die eerste twee jaar van gelegitimeer is, blyk die swaarste te kry, kry moeiliker beroepe, is nou heelwat ouer – kry moeiliker werk.

Hierdie tendens is nie eie aan Suid-Afrika nie. In Amerika sukkel vrouens ook om in die strukture opgeneem te word. Bv. die Baptiste Kerk in Amerika wat as't ware twee saamtrekke gehou het waarvan die een groep sterk gekant is teen die toelating van die vrou tot die amp (*Time* 26 Junie 2000).

Verder het daar so onlangs as 7 September weer stemme vanuit die NGK opgegaan téén die vrou in die amp van predikant (Beeld, bl. 9, 2000-09-07 – NGK Brakpan-Suid).

Ons Gereformeerde susters mag dit nog nie eers amptelik op die preekstoel waag nie.

Twee aanhalings in die tye van verandering wat ons beleef, het 'n diep indruk op my gemaak – in my eie poging om die vrae van die dag te hanteer.

'n Dosent het eendag uit 1 Korintiërs 3 gepreek met die tema: "Die kerk is van God, maar word beset deur dwase mense."

'n Kollega (Gereformeerd vanuit hart en niere) wys my altyd kalm daarop dat ons nou die gebroke werklikheid beleef as ek my so opwerk oor wat mense in die kerk aanvang.

Met dit alles in gedagte – hoe bring ek dit by hierdie naweek se konferensie uit?

Ons drome word soms in die modder vertrap.

Ons kom agter die kerk is nie volmaak nie.

Ons kom agter die samelewing het 'n groter openheid jeens vroue met regstellende stappe & ons wonder waar pas die kerk hierin?

In die verlede was daar al twee byeenkomste van vroulike teoloë – Kaapstad & Pretoria. Tydens hierdie byeenkomste is daar veral klem gelê op die slegte ervarings en die stimulering van 'n

feministiese teologie asook 'n bewusmaking van die manlik oorheersende terme in die kerk. Dit het gemengde reaksie uitgelok.

Hierdie konferensie is nie 'n akademiese debat en gaan nie noodwendig op teologiese sake in"zoom" nie (teologiese sake in die sin van die vroulike beeld van God ens, verhale oor vroue in die Bybel ens.).

Die praktyk (wat regtig aangaan & wat verwag word) gaan as vertrekpunt op die tafel geplaas word met die gedagte dat ons dit Bybels sal oorweeg en evalueer en met voorstelle vorendag sal kom ten einde die situasie te hanteer. (Dit mag dalk baie pragmaties klink, maar ons gaan soos die verspieders van ouds eers die situasie ondersoek – dalk meer strategies).

Ons wil hê dat ons met mekaar sal begin praat oor wat ons ervaar, oor ons eie sieninge.

Dat ons die persepsies wat ons dikwels oor mekaar het (reg of verkeerd) vir 'n oomblik sal agterlaat en werklik na mekaar sal luister.

Na mekaar se vrese aan beide kante sal luister. Geduldig sal wees met mekaar.

Bereid sal wees om bymekaar te leer. In die kerk gaan dit tog oor oortuigings.

Dat ons nie mense teen mekaar sal afspeel nie.

Hoekom lê ek so sterk klem hierop – ons kan dit nie bekostig om bymekaar verby te praat nie. Ons moet leer om met mekaar te praat. Ek wil pleit vir 'n goeie gesindheid en gesonde debat.

Die kerk kan nie hierdie debat ontduik nie – gesien in die lig van die veranderinge in die samelewing – het die kerk 'n profetiese stem (dui ons rigting aan vanuit die Woord) of tree ons bloot reaktief op?

## 3. Moeder Kerk en haar dogters: Geboorte en opgroei (1)

Spreker: **Prof. Christina Landman**

Geen aantekeninge beskikbaar nie

# 4. MOEDER KERK EN HAAR DOGTERS: GEBOORTE EN OPGROEI (2)

Spreker: **Prof. Piet Strauss**

1. Oorsig van die geskiedenis van die vrou in die kerk, vrou in die amp.

2. NGK en vrou in kerk en amp

3. Stellings wat met geskiedenis ("geboorte en groei") van moeder met haar dogters verband hou.

Stellings

1. Die posisie van die vrou in die kerk as gesprekspunt is gee nuwe saak nie. Dit is eintlik so oud soos die Christelike kerk self. Huidige debat is moontlik meer intens as gevolg van die fokus wat daar tans wat op vroue- en kinderregte geplaas word. Die klimaat waarin dit plaasvind word verder beïnvloed deur die menseregtekultuur van ons tyd. In hierdie kultuur is gelykheid = geregtigheid.

2. Die Christengelowige kan/wil hierdie debat nie net sosiologies = die huidige posisie van die vrou in terme van die wette van die land (grondwet, veral hoofstuk 3 as Handves vir Menseregte) of die breë geldende samelewingsopvatting benader nie. Ons uitgangspunt moet wees die breë kontoere van die Bybel waarin ons soek na konstantes wat ons optrede in elke tyd moet bepaal. Vanuit hierdie uitgangspunt speel die huidige posisie van die vrou in die samelewing ook 'n rol. Ons moet daarmee rekening hou sonder om daarvan ons uitgangspunt te maak.

3. Die NGK het 'n lang geskiedenis waarin vroue 'n deurslaggewende rol gespeel het. Sonder die talle bydraes, aksies en opofferings van vroue sou ons ten opsigte van die allesomvattende benadering in die sending, barmhartigheid en gemeentebou nie kon doen wat gedoen is nie. Vir baie mense in Afrika was hierdie vroulike kant van die werk van die NGK die blywende gesig wat hulle van hierdie kerk oorgehou het. Hierdie bydraes het boonop een ding duidelik geïllustreer: die besondere ampte is nie 'n absolute voorwaarde vir vroue om in diens van kerk en koninkryk te tree nie.

4. Ten opsigte van die rol van die vrou in die kerk het die NGK, soos ander gereformeerde kerke, aan twee konstantes probeer vashou: Bybelse norme en die sogenaamde skeppingsmatige aard van die vrou. Soos met baie ander sake, is hier ook foute gemaak, het insigte gegroei en is daar ruimte vir verbetering/reformasie.

5. Die feit dat die NGK die vrou eers in 1982 tot die amp van diaken en in 1990 tot die ampte van predikant en ouderling toegelaat het, kan toegeskryf word aan ’n paar hoofredes. Die eerste een is die erns wat daar was om die Bybel op hierdie punt reg te verstaan. Die tweede was haar deelwees aan die breë gemeenskap van gereformeerde kerke wêreldwyd by wie daar in die algemeen groot huiwering in die toelating van die vrou tot hierdie ampte was – en by baie nog steeds is. In hierdie verband was daar ook kontinuïteit met die geskiedenis van die kerk wêreldwyd. Die derde is dat sy in haar eksegese van die Woord op hierdie punt deur twee hindernisse moes breek voordat sy aan die vrou in hierdie opsig haar regmatige plek in die kerk kon laat inneem: ’n neiging tot ’n fundamentalistiese Skrifgebruik waarin by gedeeltes soos 1 Kor 11 en 14 en 1 Tim 2 nie tussen beginsel en toepassing in die eie tyd onderskei is nie, en die wanopvatting dat die leiersrol wat die Bybel aan die man in die huwelik gee haar in alles en oral aan hom ondergeskik maak. Daarmee is ’n bepaalde gestaltegewing in die geskiedenis van die plek wat die vrou as vroulike mens in die samelewing inneem, tot ’n ewigdurende beginsel verhef. Vroulikheid – hoe ironies – is met stilswye in die erediens geassosieer en die raadsale van die regering van die kerk belet. En, waar Christus by die man die enigste Hoof van die kerk is, was dit in die geval van die vrou Christus én die man! Onbedoeld – so glo ek was dit die geval by baie van ons mans en die baie vroue wat hulle hierdie situasie laat welgeval het – het die ampte so ’n soort laaste vesting vir manlike beheer geword. Want die Bybelse norm vir die kerk is die Woord en haar taak die uitdra van die Woord, sodat die mens – manlik of vroulik – wat hiervoor toegerus word (hiervoor charismata ontvang), gehoorsaam moet wees en toegelaat moet word om dit te kan wees.

6. Die Bybelse uitgangspunt is dat God die mens man en vrou gemaak het. Menswees is sonder manlikheid is onaf en sonder vroulikheid onvolledig. God het hulle gemaak om mekaar aan te vul as Sy verteenwoordigers op aarde, nie om met mekaar te kompeteer of mekaar hulle volledige menswees te ontsê nie. Jy kan mens wees op ’n vroulike manier en op ’n manlike manier. Vroulikheid is nie minderwaardig nie en manlikheid nie noodwendig redelik en daarom meerderwaardig nie. Blonde vroue is natuurlik nie ’n las vir die gemeenskap nie en lompe mans nie verfoeilik nie. Wat die inhoud van manlikheid en vroulikheid in ’n bepaalde gemeenskap is, word tot op groot hoogte ook kultureel bepaal. Daar is ook meer as een manier van vrouwees en manwees.

7. Die plasing van die kwessie van die vrou in die besondere ampte op die agenda van die Algemene Sinode van 1966 was deur Sinode van Midde-Afrika, op daardie stadium

bestaande net uit mans. Hierdie studie begin, interessant genoeg, in die tyd van die hoogbloei van apartheid waar moderne menseregte nie 'n gewilde tema was nie. Die druk agter hierdie studie kom op die oog af nie van sterk druk deur vroue self nie. Op daardie stadium was dit 'n onverhitte tema wat behoorlike Skrifeksegese net kon bevorder het.

8. Dit is onteenseglik so dat die toelating van die vrou tot die besondere ampte – soos by die NGK in 1990 – 'n nuwe situasie geskep het waarin oorgangsmaatreëls nodig was. As ek luister na die twyfel by sommige, soos geuiter in die wandelgange, oor die wenslikheid en geskikheid van vroue as predikant of as ouderling, wil dit voorkom asof die oorgangstyd nog nie heeltemal oor is nie. Die blote feit van hierdie kongres bevestig dit. Op die oog af wil dit ook voorkom asof daar by sommige kerkrade nog blantante vooroordeel sit teen die vrou in die amp van die predikant. Soveel so dat hulle by voorbaat enige vrou vir enige pos ongeskik ag. Hierdie vooroordeel skemer soms ook deur in korrespondensie en gesprek met vrouekandidate.

9. Nie alle vroue is geskik vir alle poste vir predikante wat daar in die kerk bestaan nie. Nie alle mans ook nie. Haar vroulikheid is deel van haar toerusting vir die bediening: in sommige gevalle 'n bate en in die algemeen verrykend in die kerklike lewe. Die kerk bestaan uit gelowige mense, vroulik en manlik. Ons het die vroulike vat in die ampte ook nodig. Vir meer menslikheid of die afronding van gereformeerdheid as gerig op die volle mens, man en vrou en met alle persoonlikheidstipes. Ook in kerkvergaderings.

10. Die mans in die kerk moet die vroulike dominees nie krities afwagtend en op 'n afstand nie, maar ondersteunend en pastoraal begeleidend help tuismaak om so hulle eie stempel op die bediening af te druk.

11. Bewaar ons in 'n oorgangstyd egter van regstellende aksie. Dit is vir beide geslagte krenkend en dui boonop op 'n gewaande minderwaardigheid van die vrou. God wil in die kerk net een regstelling hê: dat ons almal in lyn sal kom met die Woord. In die kerk gaan dit op die ou end primêr om die vraag of jy gelowige mens is (Gal 3:28). En in kerkvergaderinge gaan dit nie om die mans wat verteenwoordig moet wees of die vroue of dogters of wat ookal nie, maar om mense wat as geroepenes God by die mense verteenwoordig.

12. Vrouedominees moet primêr op grond hulle vermoë om die Woord te bedien, beoordeel word. Hulle vroulikheid is deel van hulle toerusting vir sekere soorte predikantswerk.

13. Om vroulike dominees gedurig deur grappies of opmerkings daaraan te herinner dat hulle vroulik en anders is, is abnormaal en kan daarom op die duur as diskriminasie en 'n gebrek aan aanvaarding ervaar word.

## 5. MOEDER KERK EN HAAR DOGTERS: WAT SÊ DIE WETGEWING VIR ONS?

Spreker: **Dr. Elize Delport** (Kommissie vir Geslagsgelykheid)

Ons leef in 2 verskillende wêrelde - water haal, weerlig (ander realiteit)

Mag wat vrouens het om verandering teweeg te bring.

Vrouens 54% van die bevolking

Groot verandering die afgelope tyd op sosio-ekonomiese & regsgebied

Tweedeklas burgers voor 1994

Wetgewing het teen vrouens gediskrimineer

Maatskappyewet - man se skriftelike toestemming nodig

Verhaal van prokureur - eerste toelating

Daar is in die kerk rolmodelle

**Beleid**

- ±1940: VN begin besluite neem
- Vroue moet begin om bemagtig te word
- Vandag: word klem gelê op vrouens se belang by besluiteneming & beleid

**KODESA**

- Vrouens begin belange terugeis
- Woman's National Coalition
- Vrouens is gekonsulteer oor wat hulle in die Grondwet wil hê
- Dit het gerealiseer: grondwet weerspieël dit
- Menseregtehandves: gelykheid & geen diskriminasie

- Geslagsgelykheid: geen diskriminasie op grond van huwelikstatus, geslag
- Verskil tussen “sex” en “gender”
- Ander wetgewing soos wet op gelyke indiensneming &

  die bevordering van gelykheid
- Wet sê daar moet ook beleid wees om gelykheid te bevorder
- Wys op inhoud van Beijingdokument

Wetgewing stel raamwerk, maar mense moet dit begin glo & eienaarskap neem

Leierskap is nodig

Statistieke in kerk weerspieël nie goeie prentjie

Vrouens in leierskapsposisies

- Agente vir verandering
- Vrouens is meelewend (versorgend)
- Vrouens se leierskapstyl is anders (konsulteer)
- Vrouens is gewoond aan dubbelrolle
- Vrouens is prakties
- ’n Moeder gryp die skerp kant van die mes - moet dus die moeilike kwessies aanspreek

Maar hoekom gebeur dit nie in die kerk nie?

- Stereotipering
- Daar is nie genoeg beleidmakende vrouens nie (sinodale)

**VRAE VIR GESPREK**

* Watter hekkies ervaar julle & hoe kan dit oorkom word
* Debat moet aan die gang kom
* Moet dit ook vir vrouens vra: watter probleme hulle met vrouens het

Kyk bv na gesinsgweld - veral in Afrikaanse gemeenskappe is die stilte nog nie gebreek nie

Vigs word ook verswyg

Kerk & vrou in die kerk kan help om verskil in land te maak soos om armoede aan te spreek

Voorstelle:

Wat doen die Kommissie vir Geslagsgelykheid - hoofstuk 9 (waghonde om toe te sien dat die staat sy beloftes nakom)

Beleid in praktyk monitor, ouditgroep oor wetgewing, opvoedkundige programme, kyk na implimentering na internasionale konvensies, luister na geslagsverwante klagtes.

Kommissie wil eers praat en het tande

**Kommissie sal graag met die kerk in gesprek wil tree**

* Universiteitsvlak - wat gaan in kurrikulums aan?

* Vrouens moet op alle besluitnemingstrukture verteenwoordig wees

Vrouens se potensiaal moet benut word

# 6. DIE VERANDERINGE IN SUID-AFRIKA

Spreker: **Andrè Keun** (Bestuurskonsultant)

DIE INVLOED VAN VERANDERING IN SUID AFRIKA OP DIE KERK: `N BESKOUING VANUIT DIE KORPORATIEWE BESIGHEIDSOMGEWING

INLEIDEND

In Mei 1994 is Suid Afrika herenig onder `n nuwe demokraties-verkose regering. Hierdie regering het onder andere deur middel van die nuwe konstitusie wat in 1997 in werking getree het, hom verbind tot die aftakeling van rasse- en geslagsongelykhede.

Die regering bevestig weer sy verbintenis tot geslagsgelykheid met die onderskrywing van “The International Convention for the Elimination of All Forms of Discrimination Against Women (CEDAW) in 1995.

Die bestaan van `n kantoor wat uitsluitlik belas is met die status van vroue, sowel as die staande Kommissie vir Geslagsgelykheid en soortgelyke afdelings binne nasionale en provinsiale departemente, dui verder op die erns waarmee die regering van die dag hierdie visie wil aktualiseer.

Ons stem almal saam dat informasie die sneller vir besluitneming in die moderne IT-gedrewe sakewêreld geword het. Dit op sigself word immers as die grootste verandering in die sakewêreld hierdie dekade bestempel.

`n Mens wonder onwillekeurig wat die impak van visuele informasie en wydverspreide statistieke op die huidige geslagsongelykheid in die breë SA samelewing kan wees.

Dit sou dus verder interessant wees om vergelykings te begin tref tussen die statistiek wat beskikbaar is in die sakewêreld en in ons geval, die NG Kerk, mbt mans en vrouens in senior posisies of dan in die amp.

Alleen die verskynsel van globalisering noop mens verder om te kyk na ons Suid Afrikaanse situasie en hoe dit vergelyk met ander lande op soortgelyke vlakke van ontwikkeling en met soortgelyke probleme.

STATISTIEK OOR GESLAG IN SA

Geslags-statistiek gaan verder as blote vergelykings tussen mans en vroue in bepaalde rolle of posisies in die verskillende samelewingsverbande.

Dit verander interne sake na issues wat wêreldwyd sigbaar word op webwerwe en plakkate tydens konferensies oor TV skerms om die aarde stuur.

Die impak wat vroue in bestuursposisies op die effektiwiteit van ondernemings het, word byvoorbeeld gereeld aangedui in verslae van sulke ondernemings.

Ons ervaring is dat sakemanne in senior posisies, deesdae spesifiek erkenning gee aan die addisionele waarde wat hul vroulike kollegas tot die onderneming toevoeg.

POLITIEKE BESLUITNEMERS

Die drastiese toename van vroue in die Parlement die afgelope jare dui op die toepassing van CEDAW in politieke kaders.

Voor die verkiesing van 1994 was daar een vroulike lid in die kabinet en een adjunk-minister.

In 1997 was daar reeds 111 vroue uit die 400 lede van ons parlement. Vandag is 36% van die regerende party se verteenwoordigers vroue.

Dit is egter hoofsaaklik by die aanstelling van swart vroue dat die prentjie verander het.

As ons kyk na bestuursposte in staatsdepartemente is die volgende waar:

Uit 61 wit bestuurders was slegs 5 vroue

Uit 36 swart bestuurders was 7 vroue

Onder wit bestuurders is dus 8% vroue en by swart bestuurders is daar 19% vroue.

GESLAGSGELYKHEID IN DIE SAKEWÊRELD

Die eerste beduidende verandering die afgelope paar jaar ten opsigte van mans en vrouens in die sakewêreld het te make met die vernouing van die verdienste gaping tussen die twee geslagte.

In die dae van apartheid het vrouens gemiddeld 60% van mans se salarisse verdien. Deesdae het hierdie syfer gestyg tot nagenoeg 89%.

Uit al hierdie statistiese gegewens kan `n mens sekerlik aflei dat die sakewêreld in sy multikulturele gewaad die lelie-wit NG Kerk voor is ten opsigte van die gelyke behandeling van vroue.

Die feit dat meer vroue as mans huidiglik aan tersiêre inrigtings studeer, dui op die verdere versnelling van geslagsgelykheid in die professionele wêreld van môre.

Alhoewel vroue bemagtigingsorganisasies nog relatief jonk is in ons sakegeskiedenis, kan mens aanvaar dat swart bemagtiging die ergste foute reeds uitgewys het en kan vroue dus leer van hulle sonder om dieselfde duur skoolfonds te betaal.

Daar word reeds wyd aanvaar dat die vroue beter vaar as hul medestryders in swart bemagtiging.

Die mees prominente verslag kom van die bemagtigingsmonitor BusinessMap wat oor 35 vroue beleggingsgroepe verslag doen.

Met voorbeelde soos Wiphold (Women Investment Portfolio Holdings) wat `n verwagte omset van R800m oor die volgende twee jaar gaan bestuur, kan die rol van vroue in die moderne sakewêreld moeilik onderskat word.

VAN SAKELEIERS NA KERKLEIERS

Die feit dat ons kerk se topstrukture byna net uit mans bestaan, toon dat vroue nie volledig aanvaar word nie.

Dit is na my mening nie regtig nodig dat hierdie debat sal uitwys of die moderne vrou die situasie so sal bly aanvaar nie. Die meer logiese sal wees dat die kerkleiers sigbaar toon dat die bestuur van verandering en diversiteit vir die NG Kerk prioriteit is.

Mens kan verskeie voorbeelde uit die sakewêreld aanhaal waar vroue, bloot op grond van hul vaardighede, hul plek as deelnemende besluitnemers in raadsale inneem.

In my voorbereiding het ek meer as een kerkvrou teëgekom wat `n proses van bewuswording as die oplossing vir die probleem sien. Uit ons ervaring in die sakewêreld, sou ek summier voorstel dat kerkleiers veranderingsbestuur begin toepas wat geslagsdiversiteit insluit. Dit impliseer natuurlik dat

selfs kwotas ter sprake kan wees. Daar was nog altyd meer dinamika in `n implimenteringsplan as in nuwejaarsvoornemens.

Uit bogenoemde standpunt sou mens kon vra vanwaar die skielike dringendheid rondom hierdie saak dan kom. As sakeman en direkteur aanvaar mens eienaarskap vir die missie en prestasie van jou onderneming. As vroue kan help om missie-bereiking en prestasie te optimaliseer, dan kyk ons nie na ons sakebybel of dit geoorloof is nie, ons doen die ding.

Hoe lyk die missie van `n gemeente en watter kritiese suksesfaktore word uitgespel? Dit lyk dan vir my logies en dringend dat vroue in volle sterkte, ook as besluitnemers, ontplooi sal word waar dit gaan oor sake soos barmhartigheid, sending en onderlinge sorg in enige gemeente vandag.

Soos Prof. Elna Mouton in Julie vanjaar, toe sy die eerste vrouedosent in 140 jaar in die teologiese fakulteit van Stellenbosch geword het, sê: “ Ek gaan nie na Stellenbosch om die vrou se saak te verdedig nie. Dit gaan vir my om die rykdom van die Christelike boodskap.”

Sy sal graag `n vroueperspektief bring in `n nuwe gesprek met nuwe stemme.

Een broer by die sinode wat na my mening die regte inligting behoort te hê, meen dis nie moontlik om te sê of vroue minder beroepe kry as mans nie, want, sê hy die saak is te kompleks.

`n Volgende senior kerkamptenaar in die Wes-Kaap maan teen bloot kwantitatiewe ontledings omdat daar agter elke geval `n unieke verhaal is.

As mens egter hoor wat etlike vroue in die amp, en helaas nog nie in die amp, aan Neels Jackson, oor hul eensame pad in die kerk vertel, bevestig dit die gebrek aan korporatiewe visie t.o.v. die vrou se rol in die kerk.

Die uitbundige tevredenheid van een vroulike weermagkapelaan, laat mens tog vir `n oomblik wonder of die blootstelling aan moderne bestuursbenaderings in haar organisasie, nie dalk grootliks bydrae tot die wyse waarop sy as kollega aanvaar word nie.

Mens kan net nie nalaat om die wonderlike suksesverhaal van Kempton Park-Wes hier kortliks aan te haal, waar die lidmatetal verdubbel en die begroting verdriedubbel het, in die twee jaar wat Ds. Elza Meyer as enigste leraar dien nie. Belangrikste deel van die verhaal is die wyse waarop sy aanvanklik nie op hul kortlys was nie. Sy het op die nippertjie die plek van `n ander kandidaat ingeneem nadat dié onttrek het.

<u>Slotsom</u>

As ons hierdie debat gaan voer rondom die morele kwessie van die vrou se ondergeskikte rol in die kerk, gaan ons dalk nog etlike kommissies, studiegroepe en soortgelyke tydsame strukture vorentoe beleef.

Die meer logiese pad vir my sou eerder wees om plaaslik in gemeentes aktief te beplan rondom `n missie wat gehoorsaamheid aan God se opdrag vir Sy kerk verseker.

Waar besluitnemers gevisualiseer het wat hulle besigheid in `n gemeente sal wees, moet die visie geaktualiseer word deur relevante praktyke en programme.

Dit neem die fokus normaalweg na programme in barmhartigheid sending en onderlinge sorg.

Natuurlik kan die vrou se rol as besluitnemer in hierdie sake nooit ondergeskik wees aan mans nie.

Ek glo sinodes kon nog altyd beter waarneem of terugkyk, terwyl die mees relevante aksies en energie in gemeentes ontstaan.

*Local* is altyd lekkerder.

Bronne

Central Statistical Service (CSS), 1997. Cencus `96*: Preliminary estimates of the size of the population of South Africa*. Pretoria

Government of South Africa, 1997. *Conventon of the Elimination of All Forms of Discrimination Against Women (CEDAW): First African report*. Office of the President, Pretoria

Block, D. 1999. *Be a Material Girl.* Daily Mail and Guardian, 6 August 1999.

Jackson, N. 2000. *Vrouedominees se eensame pad. (e.a.)* Beeld, 25 Julie 2000.

## 7. DIE INVLOED VAN DIE FEMINISME OP DIE KERK

Spreker: **Me. Louise du Toit**

WATTER UITDAGING RIG DIE FEMINISME AAN DIE KERK?

Die kerk word deur die feminisme uitgedaag om konsekwent sy (nie haar!) eie waardes toe te pas. Waarom moet die kerk hom hieraan steur? Moet die kerk hom dan nie net aan ('konstantes' van) die Bybel steur nie? Vroue (ook vroue binne die kerk en in die hart van die kerk) bring 'n morele aanklag teen die kerk in – die kerk behoort alle morele aanklagte ernstig op te neem, en soveel te meer nog aanklagte 'van binne'. Maar die feministiese uitdaging aan die kerk is nie slegs profeties, in die sin

dat sonde uitgewys word nie; dis ook ’n oproep tot ’n nuwe verhouding met mekaar en ’n vars gemeenskap met God.

Indien ’n mens ‘feministies’ (m.a.w. uit die oogpunt van vroue, met hulle belange voorop) na die kerk kyk, watter dinge moet aandag geniet?

Uitskakeling van strukturele onreg: *billike* behandeling van die vroue-lidmate, insluitend vroue-in-ampte: veral deeglike besinning oor besluitneming- en regering*strukture* van die kerk (algemeen, struktureel);

‘regstellende aksie’? Inderdaad! Sorg moet gedra word dat vroue se inspraak gemaak word en gehoor word waar belangrike besluite geneem word – op alle vlakke (nie = spieëlverteenwoordiging), want die kerk het óók ’n politieke (mags-)dimensie. Noodwendige verbreding van die ‘vrou-in-die-amp’-debat, sonder om daardie vroue se spesifieke, gefokusde en hoogs sigbare uitsluiting uit kerklike strukture af te speel

Uitskakeling van persoonlike diskriminasie: kritiese selfondersoek ten einde alle onbillike hantering van vroue uit te skakel – moeilik sonder om met vroue se stemme en ervarings gekonfronteer te word

’n Indringende gesprek met vroue sodat vroue se stemme gehoor kan word, en hul belange in besluitneming gereflekteer kan word – vanaf sinodale tot gemeentelike vlak en selfs kleiner; vroue se belange is nie oral en altyd dieselfde nie, maar verskil dikwels van mans s’n, veral in ’n seksistiese samelewing (kerk-‘politiek’); ‘essensialisme’-debat – vroue deel hul posisie vis-à-vis manlike dominasie; die graad van vroulike ‘essensialisme’ is direk eweredig aan die graad van seksisme wat ’n samelewing kenmerk – hoe minder opsies vroue het vir menswees, hoe meer eenvormig sal hulle lyk en optree

’n Ondubbelsinnige veroordeling van seksisme in al sy vorme: (K&S 12.1.4) ‘Seksisme is ’n ernstige sonde wat geen mens of kerk mag verdedig of beoefen nie. Wie dit teoreties verdedig of prakties deur houding en handeling te kenne gee dat een geslag inherent meerderwaardig en die ander geslag inherent minderwaardig is, maak hom skuldig aan seksisme. Seksisme is ’n sonde wat geneig is om kollektiewe en gestruktureerde vorme aan te neem. As morele dwaling beroof dit die menslike persoon van haar waardigheid, pligte en regte. Dit lei tot onderdrukking en uitbuiting en moet derhalwe in alle vorme afgekeur en beveg word.'

Die kerk moet nie net ’n alternatiewe soort gemeenskap vir die vroue van Suid-Afrika bied nie, maar moet ook ’n ondubbelsinnige, profetiese stem laat hoor teen alle vorme van seksisme en vrou-spesifieke diskriminasie en misdaad, bv. gesinsgeweld, verkragting, armoede, onbillike wetgewing, werkplek-diskriminasie, e.a.

Die kerk moet doelbewus die onverantwoordelike omgang met sekere teksverse (bv. die skeppingsverhaal en sekere verse van Paulus) wat deur eeue heen gebruik is om vroue ekonomies, religieus, polities en andersinds te ontmagtig, afwys en alternatiewe lesings van daardie tekste voorstel.

Die kerk moet die hiërargies-patriargale struktuur van Woordverkondiging (wat indruis teen die basiese beginsels van die protestantisme) ontbind, en lidmate teologies bemagtig sodat afgodery (die verabsolutering van menslike interpretasies) vermy kan word. ’n Nuwe leierskapstyl van nederige diens eerder as outoritêre leierskap kan ontwikkel word, waar die sondige skeiding van diens (sorg) en regering (besluitneming) doelbewus afgebreek word. Ontwikkeling van persone se gawes ontkoppel van hul geslag (‘volgens haar skeppingsaard’)

Die kerk moet toegee dat alle spreke oor God metaforiese spreke is, en dat alle uitsprake oor God maar floue benaderings is van die Saak waaroor dit gaan. Daarom is alle teologie altyd voorlopig en moet dit in beginsel oop wees vir herinterpretasie, en in beginsel oop wees vir die misterie van die werklikheid en die transendensie van God. Indien so ’n teologie inslag vind in die kerk, kan metafore bo en behalwe dié van ‘Vader’ en ‘Seun’ (insluitend ander Bybelse metafore, waaronder vroulike personae) inslag vind. Metafoor van die Drie-eenheid: God as liefdevolle interpersoonlikheid (swanger liggaam), eerder as ’n enkele, dominerende maskuliniteit. Uitsluitlik manlike beelde vir God verwring sowel die aard van God (man en vrou is na God se beeld) as vroue se ervaring van God. ’n Eksklusief manlike God kan eg vroulike krisisse en kwellinge nie begryp nie. Hierdie verryking van ons woordeskat rondom God sal help om verafgoding (die gelykstel van Godself aan ons spreke oor Godself) teen te werk:

*In die begin God,*

*In die begin was die bron van alles wat is,*

*Verlangende God*

*Kermende God*

*God in barensnood*

*God wat lewe gee*

*Jubelende God*

*En God was lief vir haar skepping,*

*En God het gesê*

*'Dit is goed'.*

*En God, welwetende dat alles wat goed is, gedeeld is,*

*Het die aarde koesterend in haar arms gehou.*

*God het gesmag na verhouding*

*God het begeer om die goeie aarde te deel,*

*En die mensheid is gebore uit die verlange van God,*

*Ons is gebore om die aarde te deel.*

(Heyward 1982: 49-51; eie vertaling)

Die kerk se taal, simboliek, liturgie, belydenisskrifte, sakramente kan aangepas en verryk word deur doelbewus vroue se lewens, woorde en ervarings daarin te reflekteer. Die voortgesette gebruik van eksklusief manlike beeldspraak vir God in die kerk is 'n direkte poging om manlike oorheersing met goddelike gesag te sanksioneer. 'Die Christelike heiliges se grootsheid is geleë in hul bereidheid om bevraagteken, geoordeel, kaal uitgetrek en *sprakeloos gelaat* te word deur dit wat in die sentrum van hul geloof lê.'

Die kerk se argitektuur kan aangepas word, sodat vroue en hul kinders nie meer in afsonderlike ruimtes afgesonder word nie, maar dat veral kinders met ope arms in die sentrum van die erediens ontvang en welkom gemaak word – wat sou Jesus gedoen het met die kinders?

Ons kerk se teologie moet van seksisme bevry word. Jesus se fokus was op die bevryding en heelmaking van mense, en sy leer en optrede het die sosiale en godsdienstige 'gewoontes' van sy tyd deurbreek in voorbereiding op die koms van die Koninkryk

Vroue en mans kan vrygestel word van enersyds, 'n fundamentalistiese lesing van die Bybel, waarin daar veronderstel word dat die gesag van die teks op 'n tydlose manier onveranderd bly en dat respek vir daardie gesag onbegrypende herhaling en na-prating van die een tydlose boodskap behels, en andersyds, van 'n ideologiese lesing waar jy jou bestaande verstaan op die teks afdwing, eerder as om jou voorverstaan bloot te stel aan die wêreld van die Bybelteks, en daardeur gewysig, uitgebrei of geheel en al uitgedaag te word. Uiteindelik is die fundamentalistiese en die ideologiese lesings nie so ver van mekaar verwyder nie, aangesien albei ironies genoeg neerkom op 'n soort weiering om jouself aan die andersheid en gesag van die teks bloot te stel, en dus op 'n verheffing van eie interpretasie bo die teks self. God en die Bybel moet altyd toegelaat word om ons te verras – en dit geld eweveel vir die 'tradisionele' en feministiese lesings van die Bybel.

Die kerk moet feministiese teologieë (veral dié uit Afrika en Suid-Afrika) ernstig neem, studente en lidmate in daardie debatte inlei, en self aan daardie debatte begin deelneem.

Uiteindelik dus: kan die insigte van die feministiese teologie veel bydra om mans en vroue weer in nederige stilte sprakeloos te laat in die teenwoordigheid van die misterie van God, met die oorweldigende bewussyn dat 'n mens jouself net kan vind as jy jouself prysgee – dat jy 'n verruimde self terugontvang as jy bereid is om die self(-verstaan) wat vir jou kosbaar is, op die spel te plaas in 'n egte ontmoeting met God. Wie die Bybel nie op hierdie manier lees nie, maar krampagtig soek om hul kosbare self daarin terug te vind, lees in fundamentalistiese en ideologiese ongeloof.

Vroue staan vandag nog in die poorte en voorportale van die tempel – hul is nog gemarginaliseer binne die geïnstutionaliseerde godsdiens, en dit is miskien nie in alle opsigte 'n slegte posisie nie. Die marginale figuur, die hofnar, die tussenganger: miskien moet vroue hierdie posisie van 'hekwagter' uitbuit en hul beter tuismaak daarin as om té haastig te probeer toetree tot die sentrum van die kerk, te haastig die klede te wil omhang, aan die prosessies te wil deelneem, en die gesag te wil toe-eien, te gretig te wees om die middelpunt en fokuspunt te wil wees, om 'ere-mans' te wil word. Dit gaan dus hier om die radikalisering van die gelykheidsideaal; van te weier om té snoesig te lê in die ampsnes, twv al die ander wat nog buite die kerk op die stoepe en trappe staan, en van buite deur die vensters loer. In 'n sekere sin (of minstens sekere vroue) moet kan sê: 'hier (op die stoep) staan ek, ek kan nie anders nie'. Voordat my klein, woelige kind, my swart vriendin, my gay vriend en my arm tuinier nie welkom gemaak word in die sentrum van my kerk en gemeente nie, kan ek daar ook maar nie te tuis in voel nie.

## 8. Die situasie van die proponente in die NG Kerk

Spreker: **Dr. Nelus Niemandt**

1. Proponente se situasie - Statistiek sê niks!

Een geroepene wat nie in bediening tereg kom nie is 'n ramp.

Ramp vir die mens betrokke en vir die kerk

Intuisie sê alles

Leonrad Sweet noem dit die 11 en een-derde leiersvaardigheid in postmoderne wêreld

Moeder kerk het haar dogters meer as ooit nodig

Vergeet die statistiek en kyk na die mense

Dit is nie soseer 'n geslagsprobleem nie

Vakante gemeentes slegs 2%

Probleem van werklose proponente en leraars

Daar is 'n skoef los…

Daar is meer geleenthede as ooit vir die kerk

Daar is 'n skoef los…

Lidmate kla dat die werk van die kerk nie gedoen word nie

Ons leef in 'n wêreld vol mense wat graag die reis saam met gelowiges wil voortsit

2. <u>Kerkorde sê niks!</u>

Nie meer 'n verbod op ons susters nie

Ook nie 'n plig teenoor ons susters nie

3. <u>Wet op Gelyke Indiensneming van 1998</u>

Meer geleenthede vir indiensneming van aangewese werknemers daar te stel

Werkgewers met meer as 50 werknemers in diens

4. <u>Wetgewing help niks</u>

Meeste gemeentes val buite die wet wat verpligte indiensname sou kon oplê

Wette wen nie mense of gemeentes nie

Die plaaslike gemeente is alles, want dit is volledig kerk

5. <u>Begin die stories vertel</u>

Ons Evangeliese krag lê in ons stories.

Vertel stories van ons susters se rol en invloed – nie net opgeleide teoloë nie.

Verhale van suksesse en worsteling en mislukking

6. <u>Maar… daar is ook sake in ons Kerkorde wat suksesse moeilik maak</u>

Hoe lyk die leraar?

Daar is net een soort dominee wat alles doen

Daar is in feite min ruimte vir diversiteit en uiteenlopende ampsinhoude

Ons het nuwe soort leraars nodig…

Wat verskillende rolle speel en verskillende vaardighede(gawes?) het:

Teoloog/prediker/kreatiewe skepper

Teoloog/bestuurder/fasiliteerder

Pastor/trooster

Mentor/reisgenoot

Teoloog/leier/dromer ens.

Ons het nuwe soort leraars nodig…

Geen pastor/leraar/teoloog/leier kan net een ding doen nie – die postmoderne wêreld vra multi-take en multi-vaardighede

Meer tentmakers

Meer mense gaan meer en meer multi-beroepe volg… hoekom nie leraars nie

NG Kerk sal baie meer tentmaker-vriendelik moet word.

‘ n Leraar lewenslank in diens

Ons het net een outydse (industriële) model van diens

Stel eerder gemeente se behoeftes voorop – stel leraar vir ’n tyd aan om ’n rol te speel

Diversiviseer vergoeding

Projekbenadering

Raak ontslae van proponente

Status, status, status

Leraarsbevoegdheid net in gemeente is beperkend

Dink weer moontlikheid om bevoegdheid aan kerkverband te koppel – draer van teologie en belydenis

Vergeet van leraars – lidmate tel alles

Die volgende reformasie – amp van gelowige kom tereg en so kom vrou tereg.

# 9. MOEDER KERK VERTEL SELF HOE DIT MET HAAR DOGTERS IN DIE BEDIENING GAAN

## 9.1 EGPAAR IN DIE BEDIENING

Sprekers: **Dii. Marius en Jampie Nel**

Inleiding

'n Beduidende aantal vroue-proponente en -leraars is met hulle manlike eweknieë getroud (ongeveer 23% van die 61 wat sedert 1990 gelegitimeer is). Dié situasie bied bepaalde voordele en nadele vir sowel die betrokke egpare, as hulle gemeentes, wat verantwoordelik bestuur moet word.

Besliste voordele

■ 'n Gedeelde roeping, opleiding en leefwêreld bied beslis die ruimte vir groter wedersydse ondersteuning en begrip.

■ 'n Groter oorvleueling ten opsigte van die daaglikse program verseker dat man en vrou mekaar meer sien as die deursnee leraar van wie die eggenoot ook werk.

■ Egpare wat mekaar wedersyds respekteer kan mekaar ten opsigte van gawes en vaardighede aansienlik komplementeer en bystaan.

■ Vir gemeentes bied egpare 'n geweldige besparing ten opsigte van byvoorbeeld gedeelde behuising, medies en ander byvoordele (Vir ons eie gemeente beloop dit tans meer as R70 000 per jaar).

Moontlike nadele

■ Die wesenlike gevaar dat die bediening egpare se hele lewe in beslag sal neem.

■ Die moontlike afskeep van die kinders indien daar nie daadwerklik aan hulle behoeftes aandag gegee word nie, wat eintlik van enige gesin waar kan wees.

■ Egpare wat deur mekaar bedreig voel, kan in 'n ongesonde kompetisie met mekaar verval, wat terminaal vir hulle huwelik kan wees.

■ Aangesien egpare gewoonlik saam verlof neem, het dit die implikasie dat twee-pos gemeentes in die gevalle sonder 'n leraar is.

Waarop kan egpare let?

■ Leraars wat met mekaar trou moet seker maak dat hulle verhouding die spanning, tempo en eise van 'n dubbele bediening sal kan oorleef.

■ Die mans moet besef dat gedeelde gemeentebediening gedeelde verantwoordelikheid vir die huishouding en kinders noodsaak.

■ Daar moet aktief gestreef word na 'n gesonde balans tussen gesin, gemeente en huwelik.

■ Die erkenning van mekaar se andersheid as man en vrou en gewoon as persone, asook die volwasse aanvaarding van moontlike teologiese- en bedieningsverskille.

■ Die skep van ruimte om verder te ontwikkel.

*Marius en Jampie Nel*

*Marius en Jampie ontmoet as eerstejaars in 1986 op Stellenbosch, in die Griekse klas en tree in die huwelik in hulle vyfde jaar. Hulle werk as opsigters van die Nagskuiling in Stellenbosch, voordat hulle in 1993 na Uitenhage skuif waar hulle saam 'n proponentspos deel in Jampie se grootword-gemeente.*

*In Januarie 1994 ontvang Marius die beroep na Doornpoort (Pretoria), waar Jampie in dieselfde jaar aangestel is as pastorale hulp. Sy word in 1996 georden as tentmaker en in 1998 as volle leraar. Sover bekend is hulle die enigste egpaar wat saam in een gemeente in volledige poste staan. Hulle het twee kinders, Marelize (6) en Pieter (2) wat ongetwyfeld die lig in hulle lewe is!*

*Marius is besig met sy DTh in Nuwe Testament en werk oor vergifnis en versoening volgens Matteus en Jampie met 'n MTh in narratiewe terapie. Hulle deel 'n liefde vir die Kaap, boeke-koop én lees, fliek, slaap, sport (kyk!) en kuier.*

## 9.2 ENKELVROU IN DIE BEDIENING

Spreker: **Dr. Yolanda Dreyer**

NKP Studenteleraar, Nelspruit, Johannesburg Nederlandse gemeente

Voordele van "anders" wees.

Ek sou nie hierdie goed met 'n man gepraat het nie.

Nie probleme om byvoorbeeld dronk man te hanteer nie.

Kan rolmodel vir ander vroue wees.

Daar-wees as predikant en vrou kan stereotipes afbreek.

Ry alleen - nog steeds hier om die storie te vertel!

Kry positiewe terugvoer oor deelnemende bestuurstyl.

Kerk moet van die "magsding" afkom na 'n dienskarakter.

Wanbalans moet reggestel word.

Meer perspektiewe is 'n verryking.

## 9.3 MENEER DOMINEE

Spreker: **Thys Meyer**

'n Mens se ervaring en belewenis van enige gebeurtenis of situasie word in die eerste instansie gemeet teen die verwagtinge wat vooraf geskep is deur die onderskeie belanghebbendes.

Meneer dominee is in die bevoorregte posisie, in teenstelling met mevrou dominee, dat daar nie 'n gevestigde (soms argaïese) rolverwagting vir die posisie bestaan nie.

Verwagtinge en perspektiewe:-

God se verwagting.

Die gemeente se verwagting.

Die predikant (my eggenoot) se verwagting.

Die huisgesin se verwagting.

Eie

Bostaande vrae moet beantwoord word in die agtergrond van die spesifieke bedieningsmodel en styl van die predikant en die mileue van die betrokke gemeente.

Basiese beginsels van kerkwees:-

God is in beheer.

Die res van ons is hier as dienaars om Sy wil te doen.

Sy wil is dat daar eenheid en eensgesinheid sal wees.

Ons doen alles in totale afhanklikheid.

Wat is die rol van die moderne man in die huwelik

Gesinshoof

Broodwinner

Eggenoot

Vader

Ondersteuner van vrou se beroep

1 Kor 12 handel oor die liggaam van Christus, die besonderse plek van elke lid, en die gesamentlike taak wat slegs in harmonie en samewerking uitgevoer kan word. Met dit as agtergrond volg 1 Kor 13 wat ons wys op die weg van die liefde, wat o.a. as volg geïnterpreteer kan word:

Die goddelike opdrag aan enige eggenoot, (waarskynlik van enige mens teenoor sy medemens), is om die ander persoon genoegsame lewensruimte, ondersteuning en liefde te gee sonder enige selfsug of eiebelang, sodat die ander persoon sy taak en roeping tot eer van God kan vervul.

## 9.4 GEMEENTES VERTEL

Spreker: **Regter Piet Schabort**

Toe ek 'n student was, het baie meisies die eerstejaar regsklasse bygewoon — veral toekomstige maatskaplike werksters. Die toetrede tot die regstudie was die personereg en familiereg. Hier kon mens iets leer van die individu as draer van regte en verpligtinge: van vóór die geboorte tot by die graf. Aan die einde van die eerste jaar het die meisiestudente dan gewoonlik van die regstoneel af verdwyn — soms tot die mansstudente se misnoeë.

Toe ek in 1963 advokaat geword het, was daar ook maar net enkele vrouens aan die Johannesburgse Balie. Een was die reeds bejaarde Bertha Solomon. Sy was as Parlementslid 'n baanbreker met die verskansing van vroueregte deur wetgewing. Die enkele ander vroue advokate, met die hoogste uitsonderings, was bra onopsigtelik en het geen besondere rol in die beroepsverband gespeel nie. Dit was 'n manswêreld — en hulle was vroue.

Wat die verandering meegebring het weet ek nie, maar ek het regsdosente al dikwels hoor sê dat die koms van televisie daarmee te doene gehad het. Iemand anders het gesê dat namate breinkrag spierkrag vervang het vir oorlewing, vroue na vore begin tree het. Vanaf die sewentigerjare het daar in elk geval 'n toestroming van vrouestudente na die regsfakulteite plaasgevind. Dit was ook nie lank nie of mens het verneem dat van die heel beste regstudente meisies was. Vandag vind daar kwalik 'n verhoor plaas sonder vroue regslui. Ek het dit ook al gehad dat die regspanne nét uit vroue bestaan het.

Ek verwys na ons beroep omdat 'n predikant in 'n sin ook maar 'n advokaat is — ten minste wat die Woordbediening betref. Predikante moet mense ook oorhaal vir 'n saak. Terloops, in ons omgewing

voel ons nog tuis in togas. Die persoonlike voornaamwoord "u" is ook nog in vaste gebruik. Die "toehoorders", of te wel die gemeente in die hofopset, is die regters. Hulle was self voorheen advokate, maar nou moet hulle stil sit en luister. Hulle weet dat dit makliker is om te-staan-en-praat as wat dit is om vir ure aaneen te-sit-en-luister!

Daar is genadiglik 'n verskil. Regters se monde is nie gesnoer nie. Wyk die advokaat van die punt af, word *sy* terstond daarheen teruggeroep. Raak *hy* onlogies, vat die regter hom vas. Verwys *sy* na gesag, moet dit akkuraat wees en die bron bo verdenking. Praat *hy* te vinnig of te driftig, sê die regter: Hokaai! Vir truuks is daar nie juis plek nie. Die ou regter was lank reeds verveeld met die advokaat se poging om sy hopelose punt te verduidelik. Hy sit toe maar so eenkant toe en kyk. "My lord, my lord, I would like to illustrate to your lordship with these two books how the vehicles collided." Die regter verroer nie 'n ooglid nie. Die advokaat laat val 'n boek "per ongeluk" om sy aandag te probeer wen. "My lord, if we assume this was the bus . . ." "Mr So & So", sê die regter, "is it not enough to hear you? Must you inflict upon me the additional misery of having to look at you as well!"

Die Balie is geen maklike werksplek vir vroue nie. Dis nie 'n sosiale tennisbaan vir balslaan en giggel nie. Daar moet gespeel word soos professionele vrouens dit vandag doen. Daarby is dit 'n marathon. Dit verg jarelange toewyding en opoffering. Vir dié wat deur 'n romantiese illusie daarheen gelok is of vir dié wat deur ydele ambisie bekoor, hierdie beroepstatus nagejaag het, lê ruwe ontnugtering voor. En soms sou die bedenking selfs te midde van sukses kon ontstaan of dit alles die prys werd was — gedagtig aan die ander lewensopsies wat daarvoor ingeboet is.

Ek vra 'n Joodse kollega terloops hoe hy vroue advokate vind. "You know, some are good, some are not so good. Some are clever, some are not so bright. Some do their home work, others don't. You can't generalise." Ek dink nie dat daar in die regswêreld eintlik meer 'n vraag bestaan oor hoe vroue as advokate is nie. Hulle *is* eenvoudig — *dáár*. En omdat hulle daar *is* móét hulle presteer om beroepshalwe te oorleef — en in die proses moet hulle al die kwaliteite van karakter, persoonlikheid, intellek en moeite aan die dag lê wat die beroep van elk van sy lede verg.

'n Advokaat is 'n advokaat is 'n advokaat. Dis 'n beroep — en vir die gelowige is dit ook 'n roeping. 'n Predikant is 'n predikant, is 'n predikant — dis 'n roeping . . . en dit lyk vir my ook na 'n beroep.

*Die eiendomlike van 'n vrou is haar vroulikheid.* Hoe tref dié eienskap van vrouepredikante gemeentes? Dít is glo die vraag.

Sover ek weet, is 'n behoorlike, empiriese ondersoek deur die N. G. Kerk oor hierdie onderwerp nog nooit onderneem nie. Dit was ook nie binne my vermoë om dit te doen nie — nie dat ek gevra was om dit te doen nie.

Wat ek gedoen het, is om so uitgebreid moontlik persoonlik en per telefoon navrae te rig aan gewone, meelewende, lidmate wat in afgelope jare eerstehandse ervaring van vrouepredikante opgedoen het. Dit was nie moontlik om alle betrokke gemeentes te betrek nie. Ek het egter redelik wyd lig opgesteek en meen dat my respondente, wat anoniem sal bly, die sin en erns van hulle kommentaar ingesien en objektief probeer reageer het. Hier en daar het ek die kwessie ook met predikante self aangeroer, vrouens sowel as mans. In die proses moes ek voor oë hou dat kommentaar maklik op blote verwoording van stereotipe veronderstellings kon uitloop.

Die verskynsel van vroue in ons kerk se bediening, is betreklik nuut. Ek is telkens daarop gewys dat gemeentes met hulle predikante in kluis, mans sowel as vrouens, benewens al die ander aanpassings van afgelope jare, in 'n proses verkeer om ook hierdie verwikkeling te akkommodeer. Dus sal die gemeentelike opset en ervaring van vandag teen môre bes moontlik nie meer geld nie. Namate die proses in gemeentes gevorder het, bestaan daar dan ook betreklike verskille in plaaslike insigte en ervaring.

Ek gaan nou puntsgewyse enkele bevindings en opmerkings oor 'n paar kern gemeentelike terreine aanstip. Uit die aard van die saak sal ek moet veralgemeen. Alles wat ek gaan noem is natuurlik nie op elke vrouepredikant van toepassing nie, maar dit behoort darem 'n breë oorsig van gelewerde kommentaar te gee:

<u>Eredienste</u>:

Gemeentes is oorweldigend gunstig met vrouepredikante se kanselbediening beïndruk. Hulle preke is goed voorberei, inhoudelik verantwoord en die aanbieding is aanvaarbaar. Van een is gesê dat haar stemtoon irriterend styg as sy hard praat. Nog een besef nie sy moet haar mond oopmaak en prááat nie. Een praat soos “die tannies op die draadloos” — 'n volwasse man se kommentaar en hy het dit blykbaar heel positief bedoel. (Dus kon hy nie gesinspeel het op sekere draadloostannies van wie iemand anders gesê het dat hulle soos engeltjies klink nie.)

Vir gemeentes is dit in die eerste plek die boodskap wat van belang is, nie die boodskapper nie. Iemand sê, “ek wil net geestelike kos hê en dít kry ek wel by ons vrouedominee. Die feit dat dit 'n vrouestem was, het my eers verwar, nou is ek daaraan gewoond.”

Mý gevolgtrekking is dat as die prediker opreg is en die boodskap geestelik gegrond, dit vandag werklik nie meer saak maak of dit 'n man of 'n vrou is nie. Net soos by die advokatuur, hoef die prediker ook nie 'n wonderlike spreker te wees nie. Trouens, die vermoëns van die prediker sou die boodskap kon ondermyn, soos wanneer dit met oordrewe intensiteit of oordrywing geskied of as die mond net te glad is.

Twee manspredikante met wye ervaring het gesê: Vrouepredikante bied 'n nuwe belewing, 'n nuwe beklemtoning, 'n verrykende nuwe visie van die evangelie deur hulle eiendomlike vroulike benadering. 'n Manlike lidmaat sê: "Die manspredikante is geneig om feite aan te spreek en aan te bied. Vroue skep 'n bykomende dimensie deur ook die emosie te raak. Dit dra by tot 'n positiewe (nie-charismatiese) ervaring in die erediens."

'n Teologiese professor verwys na 'n sekere vroulike predikant se sensitiwiteit, styl, oordeel, wysheid en volwassenheid.

Van een vrouepredikant word gesê, "sy bring die doop baie nader aan die ouers." Van 'n ander, sy probeer die kinders altyd betrek. Die goeie kleuterbediening van iemand word so toegelig: "Noem dit maar moederlike instink wat tot voordeel van die kleintjies aangewend word — heel anders as wat 'n man dit sou doen".

Die volgende perspektiewe word deur 'n manlike en vroulike lidmaat met tersaaklike praktiese ervaring , gebied:

Die man: "Vroulike predikante neig soms na meer oppervlakkige Woord-eksegese, terwyl 'n meer praktiese boodskap — praktyk en voorbeeld gerig eerder as filosofiese Woord-vertolking — gelewer word. Dit word dikwels positief ervaar."

Die Vrou: "Miskien die belangrikste bydrae wat die vrou op hierdie terrein maak, is die interpretasie van die Woord op die gebied van die alledaagse lewe. Omdat die vrou oor die algemeen meer ingestel is op die proses van hoe dinge behoort te verloop en moontlik minder op die eindresultaat, verstaan sy die *hoe* beter. Die *doel* is die man se visie. Die wêreld van gedagtes is die man s'n. Die vrou s'n is die praktiese, die gewone van die alledaagse, waaruit die lewe bestaan. Deur die Woord hiermee te verbind, bring sy 'n ander perspektief. Dit maak die Woord meer toeganklik vir die gewone mens."

<u>Pastoraal</u>:

Die vrouepredikante is sensitief, deernisvol, meelewend en toeganklik. Gemeentelede, veral vrouens met huweliksprobleme en jong mense verkies dikwels om liewer met hulle te beraadslaag as met manspredikante. Dit geld ook wat ou mense betref en op die terrein van die barmhartigheidsdiens, en noem 'n vrou, by sterwensbegeleiding. Van 'n vrouepredikant is gesê dat die kinders "rasend mal" is oor haar — sy is modern. Die tieners voel sy leef uit wat sy sê. Dis blykbaar vir hulle ook moeiliker om naby hulle manspredikant te kan kom om te bepaal hoe hý leef. 'n Tiener sê van haar: "Dis vir my makliker om met haar te praat omdat ek 'n meisie is. Vir my seuns vriende ook. Sy is saggeaard. Sy druk nie haar opinies op ons af nie, maar gee leiding."

Tydens huisbesoek skep vrouepredikante ’n gemaklike atmosfeer. Hulle word gesien as iemand met wie mens kan praat. Die praktiese probleme rondom huisbesoek is oorkombaar.

Iemand noem dat as kleingroepbegeleier hulle predikant met haar fyn aanvoeling baie goed vaar.

Leierskap, Bestuurstyl, Kommunikasie Vaardighede en Organisatories:

’n Lidmaat met heelwat kennis op hierdie kerklike terrein, sê dat wanneer ’n vrouepredikant haar styl skoei op die lees van die verouderende betreklik outokratiese manlike rolmodel, sy oordrewe en geforseerd voorkom en aanstoot kan gee. In haar benadering tot leiding gee, moet sy haar aanslag dus in “liefde” verpak — sy moet sagter, meer subtiel optree om suksesvol te wees.

Hoewel die kommentaar onder hierdie wye opskrif heel gunstig is, blyk dit dat vrouepredikante oor die algemeen nog nie die breë gemeentelike blootstelling gehad het wat hulle manlike eweknieë reeds te beurt geval het nie. Van sommige se organisatoriese vermoëns en daarmee gepaardgaande ingesteldheid op detail, is wel met lof gepraat. Dit is ook gedoen ten opsigte van sommige se inspirerende rol in vroueaksies, waar hulle natuurlike belangstelling glo goed te pas kom. Vergaderings is maar ’n neteligheid en kerkraadsvergaderings ’n potensiële broeiplek vir moeilikheid as dit nie taktvol en vaardig hanteer word nie. Ek het nogtans nie van enige besondere probleme op hierdie gebied verneem nie. Stereotipe sinspelings het wel voorgekom.

’n Manlike lidmaat meen dat elke gemeente ’n behoefte aan ’n “gesagsfiguur” het, soos dié wat ’n manlike predikant gewoonweg sou verpersoonlik. Hy bestig uit sy gemeentelike ervaring dat daar in ’n predikantespan ’n bewese behoefte aan ’n vroueleraar is.

Huwelik:

Dit is nêrens genoem as ’n werklik kompliserende faktor nie. Die vrouepredikante se eggenotes ondersteun hulle. Daar is genoem dat ongetroude vrouepredikante nie noodwendig beter toegerus is vir die bediening nie.

Waar daar sprake is van kinders, is geen noemenswaardige probleme by die nakoming van gemeentelike verpligtinge uitgespreek nie. Daar is wel genoem dat dit sekere begrip van gemeentes verg. Predikantskinders kry ook huiswerk, het ook naskoolse aktiwiteite en word ook siek, is gesê.

Kollegas:

Oor die algemeen was die kommentaar besonder positief. Dit is as ’n bate beskryf om in ’n gemengde span te kan saamwerk. ’n Vroulike gemeentelid noem: “Ek ag ons gemeente besonder gelukkig om deur predikante van beide geslagte bedien te kan word. Die balans in benadering wat dit bied, is besonders.”

'n Teologiese professor het daarop gewys dat waar feministiese agendas moontlik bestaan, dit in seksistiese gemeentes sou kon lol. Dit lyk logies. Hieroor het niemand egter gekla nie.

Om nou maar soos 'n manspredikant af te sluit — ten slotte: Ja, daar was hier en daar 'n insident betreffende 'n vrouepredikant. Hieroor het ek nie hof gehou nie. Dan sou ek alle betrokkenes moes aangehoor het. Wat ek wel kan sê, is dat ek duidelik verseker is en dat op die oog af, na my oordeel, hierdie situasies nie gewyt kan word aan iets wat as inherent vrouliks of manliks, as iets universieel vrouliks of manliks bestempel kan word nie.

Hoe word vrouepredikante ervaar met verwysing na hulle wesenseie, die feit van hulle vroulikheid? Ek sou sê uitstekend. Elkeen sal egter voortdurend haar kant, volgens die eise van haar beroep, móét bring.

## 9.5 TEOLOGIESE OPLEIDING

Spreker: **Prof. Elna Mouton**

Ek is gevra om by hierdie geleentheid iets te sê oor my ervarings as lidmaat en vroue-teoloog, en spesifiek oor die *positiewe* aspekte daarvan. Met die byna terloopse opmerking daarby: *'Ons wil mos nie nét kla nie!'* Dit het my natuurlik aan die wonder gesit: Veronderstel die versoek dat ons teen hierdie tyd (van die konferensie en selfs die breër debat) reeds ál die negatiewe ervarings op die tafel het, ál die vervreemding en pyn, frustrasie en onreg, en die volle aard en diepte van die heresie (dwaling) van seksisme in die kerk aangespreek het, of selfs verstaan? Of beteken dit straks dat die kerk genoeg gehad het van die vroue se geknaag oor geregtigheid en gelykwaardigheid, en eintlik belangriker dinge het om hul mee besig te hou? Was Christina Landman dalk reg toe sy vermoed het dat die Algemene Sinode eintlik maar net vir Sus wou sus, en saam met haar die kerk wou oortuig dat dinge darem nie so erg is as wat die vroue-predikante dit probeer maak nie? Of, is hierdie dalk heel eenvoudig 'n eerlike poging *om bestek op te neem*, om winspunte en geleenthede langs die pad te identifiseer - as 'n logiese stap in enige proses van kwaliteitsbeskerming? Uiteindelik het ek gekies om maar ál hierdie moontlikhede in gedagte te hou, en die proses mettertyd met suspisie én vertroue teen die helende lig van God se teenwoordigheid te hou...

Omdat ek nou net 'n raps meer as twee maande aan die binnekring van (tradisioneel) Afrikaanse teologiese opleiding blootgestel is (wat 'n wonderverhaal in sigself is), het ek dit billik geag om 'n paar studente - hoofsaaklik damestudente - by die Fakulteit Teologie op Stellenbosch te nooi vir 'n oop gesprek met die oog op hierdie sessie. Agt van hulle het so 'n geleentheid bygewoon, almal NGK-lidmate. Van hulle kon nie dink hoe 'n mens 15 minute lank positief oor dié onderwerp kan praat nie! En tóg is ons uiteindelik hoopvol uitmekaar… Wat hier volg, is 'n kombinasie van hulle indrukke en

my eie waarneming tydens klas- en persoonlike gesprekke, asook uit komiteewerk op wyer vlak.[154] My waarneming vervleg hede en toekoms feitlik spontaan, omdat ek óók sien wat ek graag wíl sien. Trouens, dikwels is 'n toekomsperspektief die *enigste* manier om sinvol met die verlede en die hede te kan werk - soos die Noord-Amerikaanse feministiese teoloog Letty Russell graag sê: *'By remembering forward we are able to hope backward'*. Ek fokus in die paar oomblikke tot my beskikking op die sg. "ontvangers" van teologiese opleiding, nl. die studente - as 'n soort barometer ('meetinstrument' - André Keun) vir ons huidige uitkomsgerigte onderwys.[155]

Studente is natuurlik lank nie meer passiewe ontvangers van kennis nie, maar aktiewe, verbeeldingryke mede-skeppers, mede-produsente van kennis. Vir my persoonlik is die één verblydende teken wat ek by teologie-studente (veral nagraadse studente) opmerk, dat hulle die Bybel met 'n nuwe soort erns en met nuwe oë wil lees. Dit mag vanselfsprekend klink, maar ná al die ontnugtering rondom die misbruik van die Bybel in die regverdiging van rassisme en seksisme, is dit allermins die geval. Wat ek sien, is dat studente dit as 'n groter wordende uitdaging aanvaar om die eg menslike kant van die Bybel - dws die sosio-kulturele en historiese aard daarvan, die waardes en voorveronderstellings van mense in die Ou Nabye Oosterse wêreld - so goed as moontlik te probeer verstaan en te verantwoord. Trouens, dat hulle dit *juis as 'n wonder* beleef dat God mense in die totaliteit van hul menswees by die Godsopenbaring betrek - tóé, maar ook nou! Daarmee saam groei nie alleen 'n nuwe en eerlike soort waardering vir, en worsteling met die radikale, dinamiese aard en lewensveranderende potensiaal van die Bybel nie, maar *ook - en veral - met wie God self is!* Presies dít hou die belofte in van 'n nuwe, sinvolle *oriëntasie en vertrekpunt* in ons gesprekke - 'n soort anker op die stormsee. Dít is die eerste teken wat my laat moed skep.

---

[154] Elke positiewe aspek is egter vervleg met talle versoekings wat tegelykertyd om die deur loer, en moes dus veel meer genuanseer kon word. Ons weet maar te goed dat wanneer sterkpunte oorbeklemtoon word, of losgemaak word van die verbande waarbinne dit bedoel is om as aksente te funksioneer, dit net so maklik kan omswaai om weer nuwe eensydighede te word.

[155] Hiermee veronderstel ek 'n hele proses van vernuwing op bestuursvlak tov besluitnemingsprosesse en die aanstelling van personeel (vgl die US Kerklike Skakelraad, Fakulteite Teologie, Forum for University Theological Education, ens), asook op die terrein van navorsing (RGN-beleid, vakgemeenskappe). Dié verhaal getuig van bevryde mans en vroue met visie en deursettingsvermoë op regerings-, universiteits- en kerklike terreine (helaas meestal in hierdie volgorde). Die resultaat is legio unieke geleenthede vir vroue in die breër samelewing - byna te veel om te behartig!

Hieruit spruit 'n verdere takkie van hoop wanneer studente - op voetspoor van die dinamiese aard van die Bybel, en in voortdurende interaksie daarmee - begin worstel met die vertaling en toepassing van Bybelse perspektiewe vir vandag se andersoortige omstandighede en behoeftes, sodat dit as *bevrydende waarheid* deur álmal ervaar sal word. In die liturgie, die pastoraat, die kerk se verskillende bedieninge, en in debatte oor die samelewing en morele kwessies ('pastorale etiek' - Christina Landman).

'n Derde waarneming. Die enkele vroue-stemme (bv. vanuit feministiese en 'womanist' bewegings) wat wel in leerplanne en klasbeprekings meespreek, dra gewis daartoe by dat studente op 'n nuwe manier na mekaar *luister.* En tot die gevoeligheid dat studente nie net die onderliggende waardesisteme van hul eie kultuur begin bevraagteken nie, maar ook dié van die Bybelse tye (punt 1). Hiermee saam hang die hele proses van *gesag* - die delikate en dikwels onbewuste toekenning van gesag aan mense (hetsy individue of groepe), aan tekste, tradisies, of watter bronne ookal. En die bewussyn dat niemand meer die 'reg om gehoor te word' vandag as vanselfsprekend kan neem nie. Dit moet as't ware telkens weer 'verdien' word. Dit geld vir mans sowel as vroue. Ons etos, geloofwaardigheid en integriteit word in die proses dus hopelik al hoe minder aan die vroeëre noodwendighede van geslag en/of etnisiteit gekoppel.[156]

Waar hierdie soort sensitiwiteite begin groei, raak studente verder bewus van die onontwykbare *verbande* tussen verskynsels in die kerk en samelewing soos rassisme, klassisme en seksisme, en begin hul die vernietigende sistemiese aard van hierdie netwerke te snap en oop te vlek.[157] Hoewel die einste verskynsels met hul ingewikkelde oorsake en gevolge studente dikwels tot 'n punt van moedeloosheid en hooploosheid bring (wat verstaanbaar is), is daar ook tekens van gewilligheid om die tye waarin ons leef as 'n kreatiewe ruimte te bevriend waarbinne God nuut geken en gedien kan word. Dis asof daar iewers op die dun lyntjie tussen angs en sekerheid, tussen wanhoop en vertroue, tóg energie loskom om weer te waag, te eksperimenteer en aan iets nuuts te bou. Die gróót vraag is egter of hierdie energie vir die kerk behoue gaan bly. Dis energie wat studente kritiese vrae laat vra, en wat hul na die *hart*, die *wese* van kerkwees laat vra. En wat hul laat kies om - al is dit net vir 'n wyle - eerder versigtig op die drumpel van hierdie oomblik te bly huiwer as om te gou weer in

---

[156] Daar sal egter veel meer ruimte in die kurrikula geskep moet word vir bydraes deur vroueteoloë regoor die wêreld, en veral uit Afrika. Vgl die uiters belangrike referaat van Dr Louise du Toit by hierdie konferensie: 'Watter uitdagings rig die Feminisme aan die kerk?'

[157] Hierdie bewussyn word doeltreffend versterk deur die gesamentlike opleiding van VGK- en NGK-studente by die Fakulteit Teologie op Stellenbosch sedert die begin van 2000.

knellende patrone vasgegiet te word of dieselfde foute te herhaal. Dis asof dié energie hul juis soms laat remtrap in geval almal nog nie gereed is om aan te beweeg nie, in geval daar iemand is wat nog nodig het om te huil, om te rou en te weeklaag oor verliese, en van lank onderdrukte herinneringe genees te word. Dit alles het natuurlik 'n spiraal-effek, wat hul weer met 'n nuwe soort kritiese lojaliteit na die geskiedenis laat kyk - nie net die kerkgeskiedenis en verstaansgeskiedenis van die Bybel nie, maar ook hul eie stories, waardes en voorkeure, motiewe, voorveronderstellings en taalgebruik. En dan hoor ek van hulle sê: Ons kan en wil dit nie alleen aandurf nie, ons het mekaar nodig - meer nog, ons het *juis* die gawes, vaardighede en perspektief van *vroue* nodig om hier uit te kom. Wel, indien dít alles moontlik geword het, selfs in die mees beperkte sin, dan is daar hoop!

Dit bring my by 'n vyfde waarneming. Uit gesprekke met dame- én manstudente leef daar 'n sterk oortuiging dat daar 'n veel groter poging tot *integrasie* binne teologiese opleiding voorkom sedert vroue deel daarvan is (integrasie van teorie en praktyk, gees en liggaam, intellek en emosie, rede en gevoel, identiteit en moraliteit, godsdiens en kultuur, verhoudings en aktiwiteite, van die ganse lewe as roeping voor God, van verlede, hede en toekoms, van 'n verskeidenheid gesigspunte en leierskapstyle). Dit beteken dat die ideologie van *geskeidenheid en individualisme*, wat ons (onder andere) van die moderne tyd geërf het, begin plek maak vir 'n herdefiniëring en -waardering van wesensbegrippe vir die kerk soos 'die gemeenskap van gelowiges' en 'gereformeerde spiritualiteit'. Dit alles raak terselfdertyd die integriteit en samehang van die teologie as wetenskap, met al die onderafdelings daarvan (vgl Christina Landman se uitnodiging tot 'n 'vennootskapsteologie'). Hoewel studente erken dat die meeste van hulle die een of ander tyd rondom identiteits- en geloofsvrae tydens hul opleiding deur 'n *'desert of critique'* (Ricoeur) gaan, kan baie van hulle by terugskoue sê dat die uiteinde positief en konstruktief is - juis agv hul blootstelling aan verskeidenheid.

Hieruit blyk 'n belangrike aksent. Studente merk op dat daar 'n groter passie vir *verhoudinge* in klasgesprekke aan't ontwikkel is, wat direk met vroue se bydrae verband hou. Dit gaan gepaard met aspekte soos aktiewe luister en meelewing, pastorale sorg en 'bemoedering', ook die versorging van die aarde, sowel as 'n groeiende waardering van die noue samehang tussen verhoudinge en aktiwiteite in enige geloofsgemeenskap.

Persoonlik is ek in hierdie dae opnuut beïndruk deur damestudente se vermoë om vir hulself 'hoopvolle ruimtes' vir oorlewing, ja vir konstruktiewe sinservaring, te skep. Dit val steeds op dat damestudente oor die algemeen akademies uitblink. Begenadig met hierdie kennis, is hul bereid om te *worstel* met vraagstukke van die dag, en konsekwent te weier om met oppervlakkige kitsantwoorde tevrede te wees. Ek hoor dikwels dat manstudente erken dat hul eintlik deur die feminisme-debat gehelp word om hulself te definieer. Hul besef al hoe meer dat marginalisering vroue juis op duisende

punte uitgedaag en bemagtig het. My gevoel is verder dat vroue ook nie wil toelaat dat die een -isme sommer maar deur 'n volgende een vervang word nie, maar dat daar veel meer van 'n gesamentlike poging sal wees om almal se rolle nuut te herskryf. En dat die stemme van swart vroue met dubbele deernis ontvang behoort te word. Hierdie proses word - nogal ironies! - versterk deur die feit dat wit mans wêreldwyd al hoe meer aan hul vel voel wat 'marginalisering' beteken. Dit skep 'n soort gemeenskaplike ervaring van die spanning en broosheid, voorlopigheid, beskeidenheid en risiko's wat tipies is van verandering en oorgangsituasies. Meer as ooit tevore dus, is ons in 'n posisie om mekaar se harte en taal te verstaan, en aan gesamentlike oplossings te werk - ja, om 'profetiese verbeelding' (Brueggemann) aan die dag te lê! Miskien kan ons op hierdie punt iets by oesters leer. Daar word gesê dat oesters hul lewe as manlik begin, en dan ná 12 maande besluit dat hul liewer vroulik wil wees. Die identiteit van oesters hou dus verband met die vermoë om hul letterlik in mekaar se wêrelde te kan verplaas. Verbaas dit ons dan dat oesters terselfdertyd bekend is as die mees perfek gebalanseerde vorm van proteïne?

Ons leef immers in die hoop dat *dié God vir wie niks onmoontlik is nie* (Job 42:2; Mk 14:36; Lk 1:37) ook vir die verwesenliking van óns volle potensiaal voorsiening gemaak het!

## 10. MOEDER KERK EN DIE PAD VORENTOE

Spreker: **Prof. Pieter Potgieter**

Samevatting:

- Ervaring van vroue in die kerk: goeie ervaring. Vroue vaar beter as mans in amp van gelowige. Leer ken vroue in besondere ampte - as skitterend. Goeie ervaringe van vrouestudente.
- Verhale van onreg & misbruik gryp aan die hart - verdien dit nie.
- Het geweet iets is nie reg nie. Het nie tot reg gekom nie. Sal in toekoms beter weet. Veral as dit gaan oor misbruik van mense - mag dit mos nie wees nie.
- Die vroue ervaar veel meer daarvan.
- Toekomsvisie:
- Plaaslike gemeentes: ouderlinge en diakens kom goed tot hulle reg.
- Predikante - kom nie tot reg nie. Lyk beter as dié wat voor 1990 begin swot het. Moet leiding gegee word. Sodat dit nie sal sloer by die regstel van dit wat verkeerd is nie.

- Ringe en sinodes lyk nie goed genoeg saamgestel nie.
- OVS lyk nie goed nie.
- Algemene Sinode - dankbaar.
- Kommissies lyk glad nie goed nie.
- Deurbrake kom. Cecile Cilliers - Jacarta.
- Maar nou weet ons hoe die kerk werk. PCP nie biskop of pous nie. Moet deur sinodes werk. Sal moet iets daaraan doen.
- Herhaal sinodebesluite. 1978. 1982. 1986. 1990. Is dit nie 'n skande vir die kerk nie? Die Bybel sê ja en die Bybel sê nie. Verootmoedigend. Gebrekkige insig. Ons kerk wil erns maak met die Woord van God. Soms te versigtig.
- Besluit was nie eenparig nie. Stemming per stembrief. Elkeen presies volgens oortuiging. Aanvanklik sterk verset.
- Toepassing bly altyd probleem. Tog iets van skande i.v.m. saak. Vir sommige ander motief as gehoorsaamheid aan Woord.
- ASK sal baie simpatiek besluit. Verslag moet daar dien. Nie net kennis nie - maar besluite neem.

## 11. VOORSTELLE WAT TYDENS DIE KONFERENSIE GEMAAK IS

1. Statistiek moet bygehou word sodat ons presies weet wie is waar (ook met alle proponente).
2. Vra ondersoek na algemene kerklike bevoegdheid i.p.v. gemeente gekoppelde bevoegdheid.
3. Ons stel voor dat ons as byeenkoms 'n getuienis aan ons moeder (die kerk) rig, wat die kern van seksisme (byvoorbeeld) veroordeel.
4. Wat hier plaasgevind het geboekstaaf sal word.
5. Moeder Kerk & haar dogters op streeksvlak sal plaasvind.
6. Nie op hierdie stadium 'n belydenis uitgaan nie - eerder die positiewe "lief ten spyte van" moet kommunikeer. Saak van seksisme moet bely word.

7. Kerkbode: rubriek skep met deurlopende basis van positiewe verhale.

8. Posisie van die proponente:

   Aksieplanne m.b.t. bogenoemde moet gestalte kry.

9. Entrepeneurskap moet aandag in die opleiding aandag kry. Meer blootstelling aan die feminisme gee.

10. Skuldbelydenis. Onderskeid - vroeër klaargemaak het.

11. Praat met vroue en nie oor hulle nie.

12. Stel vrouens bloot aan die breë publiek.

13. Min word daadwerklik gedoen om die situasie aan te spreek - vra vir meer aksieplanne.

14. Diversivisering van ampsbevoegdheid.

15. Kundigheid: kerk van raad te bedien om relevant te bly.

16. Gesprekke met die “ander” moet plaasvind.

17. Taakgroepe - doelbewuste gesprekke om ook armoede & vigs aan te spreek.

18. Sinodebesluite skep die ruimte. Kultuurveranderings moet in gemeentes plaasvind.

    Verkoop suksesstories.

    Verkoop individue versus groep vroue.

    Bestuur verandering.

    Skeduleer.

    Betrek manne.

19. Sensitisering van predikante oor “fyn afpraat”.

20. Maak die verskil - gebruik die forum om mense bewus te maak van die “issues”.

21. Voorstelle & planne op voortdurende basis. Gesprek moet aan die gang gehou word. Openbaar & met gemeentes.

22. Mense moet bewus gemaak word van die onbewuste vooroordele. Vertel die stories.

23. Versterk goeie gedrag.

24. Kerkleiers moet beloftes maak oor die vroue van die kerk.

25. Kerk moet voor loop in siening oor vroue.

26. Kanaal moet geskep word om “van seer ontslae te raak”.

27. Praat van verhale.

28. Loop die tweede myl. *Rondevouz*punt het ons mekaar gevind.

29. Diep seer te hoor en te erken.

30. Kerkordelike weg aan te dui & in die tweede myl voor te loop om die vroulike evangeliebedienaars in staat te stel om in die kerk te kan werk.

31. Noudat seer na oppervlak gekom het - vroue moet die tweede myl saamloop.

    Nou ’n rigting aangedui - nou vat ons hande.

32. 1933: plan is gemaak met die proponente wat nie kon werk kry nie. 1950-1960 3-jaar bepaling om rondskuiwery is aan bande gelê. Nou moet dit weer gedoen word.

33. Doen beroep. Alle beroepe vir volgende 2-jaar net vir proponente.

34. Versoek: ASK “statement” sal maak - kan nie vereenselwig met Brakpan-Suid.

35. Erkenning / gebaar aan vroue van vroeër as bly van waardering.

36. Kwessie oor predikantsbevoegdheid.

# BIBLIOGRAFIE

Die bronne wat in hierdie studie gebruik is, word in die volgende kategorieë gesorteer:

- Algemeen (waaronder gepubliseerde boeke, akademiese tydskrifte, ongepubliseerde proefskrifte en verhandelings, artikels wat op die internet verskyn het en webwerwe van instansies).
- Elektroniese korrespondensie en besprekingsgroepe.
- Koerante en populêre en kerklike tydskrifte.
- Kerklike publikasies soos agendas en notules van verskillende kerklike vergaderings.
- Persoonlike onderhoude gevoer.
- Ander (waaronder spotprente, webwerwe van instansies, begrafnisbriewe, jaarverslae).

## 1. ALGEMEEN

**Adonis, J.C.** 2002. Kerkgeskiedskrywing in Suid-Afrika: ’n kritiese evaluering. *Ned Geref Teologiese Tydskrif,* 43(102), 7–21. Bloemfontein: CLF-Uitgewers.

**Anoniem** s.a.(a). *Information about oral history activities*. 19 paragrawe. [Aanlyn beskikbaar op 2006-01-19], by <http://orspdocs.umesp.maine.edu/Ethical/oralhistory.htm>.

**Anoniem** s.a.(b). *Oral history*. 12 paragrawe. [Aanlyn beskikbaar op 2006–01–19], by <http://www.answers.com/topic/oral-history>.

**Arnold, J.** 2005. *Is the rise of gender history ‘hiding’ women from history again? History in focus: articles on gender history*. Articles (2), 5 paragrawe. [Aanlyn beskikbaar op 2007-03-03], by <http://www.history.ac.uk/ihr/Focus/Gender/articles.html >.

**Augustine, C.S.** 2002. The social construction of the South African male identity. Unpublished MA-degree in Clinical Psychology. Randse Afrikaanse Universiteit.

**Bailey, J.** 2005. *Is the rise of gender history 'hiding' women from history again? History in focus: articles on gender history.* Articles (1), 7 paragrawe. [Aanlyn beskikbaar op 2007-03-03], by < http://www.history.ac.uk/ihr/Focus/Gender/articles.html >.

**Bakan, D.** 1996. Some reflections about narrative research and hurt and harm, in Josselson, R (ed.), *Ethics and Process in the narrative study of lives*, 3–8. Thousand Oaks, London en New Delhi: SAGE Publications.

**Balcomb, A.** 2000. The power of narrative: Constituting reality through storytelling, in Denis, P. (ed.), *Orality, Memory and the Past. Listening tot he voices of black clergy under colonialism and apartheid*. Papers read at the International Conference held at the University of Natal, Pietermaritzburg on 30 June – 3 July 1999, 49–62. Pietermaritzburg: Cluster Publications.

**Barkhuizen, M.** 2004. Profesional women as victims of emotional abuse within marriage or cohabitating relationships: a victimological study. Unpublished M.A.-dissertation: University of Pretoria: Pretoria.

**Barnard, J.P.** 2004. MIV-positiewe huiswerkers se konstruering van hul ervarings van MIV en VIGS binne die werkgewersgesin. Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif: Universiteit van Pretoria.

**Barr, B.** 1988. *Inclusive Language, Women's Ordination, and Another Great Awakening*, 31 paragrawe. [Aanlyn beskikbaar op 2007-09-29] by, <http://www.religion-online.org/showarticle.asp?title=347>. Oorspronklik gepubliseer in: The Christian Century, April 13, 366–368.

**Bar-On, D.** 1996. Ethical issues in biographical interviews and analysis, in Josselson, R (ed.), *Ethics and Process in the narrative study of lives*, 9–21. Thousand Oaks, London en New Delhi: SAGE Publications.

**Bennett, D.** 2007. *Thou shalt not use exclusive language*. 10 paragrawe. [Aanlyn beskikbaar op 2007-09-29], by http://.ancient-future.net/exclusive.html.

**Biblia Hebraica Stuttgartensia** 1996, c1925; morphology c1991. With Westminster Hebrew Morphology. Stuttgart; Glenside PA: German Bible Society; Westminster Seminary.

**Black, M., Martini, C.M., Metzger, B.M. & Wilkgren, A.** 1993. c1979 (electronic edition of the 4th edition). *The Greek New Testament*. Federal Republic of Germany: United Bible Societies.

**Blenk, C.** 1988. *Kerk- en wereldgeschiedenis van de 20e eeuw*. Kampen: Kok.

**Boesak, A.** 2007. *Die oorwinning oor al ons maars. Belhar se reikwydte strek 25 jaar later ver buite Suid-Afrika.* [Aanlyn beskikbaar op 2007-10-14], by <http://152.111.1.251/argief/berigte/beeld/2007/10/01/B1/16/dlboesak.html>. Oorspronklik gepubliseer in *Beeld* 1 Oktober 2007, bl. 16.

**Bons-Storm, R.** 1996. *The incredible woman. Listening to Women's Silences in Pastoral Care and Counseling*. Nashville: Abingdon Press.

**Bosman, L.L.** 2001. 'n Narratiewe beskouing van die pastoraal terapeutiese self in 'n postmoderne samelewing. Ongepubliseerde DD-proefskrif: Universiteit van Pretoria.

**Brink, E.** 1990. *Man-made women: Gender, class and the ideology of the volksmoeder*. 47 paragrawe. [Aanlyn beskikbaar op 2007-06-28], by <http://www.sahistory.org.za/pages/library-resources/online-books.htm>. Oorspronklik gepubliseer in: Walker, C (ed), *Women and Gender in Southern Africa to 1945*. Cape Town: David Philip.

**Brits, H.J.** 2006. 'n Postmoderne beskouing oor die teologiese legitimering van apartheid met verwysing na die veertigerjare van die vorige eeu. *Ned Geref Teologiese Tydskrif,* (1–2) Maart en Junie, 40–49.

**Brown, W. & Hofmeyr, G.** 2002. Tydlyn, in Hofmeyr, G (hoofred.), *NG Kerk 350. Eenhonderd bakens in die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652–2002*, 18–25. Wellington: Lux Verbi.BM.

**Büchner, E.P. & Strauss, P.J.** 1992. Die vrou as predikant: Enkele konsekwensies in die Gereformeerde bediening. *Acta Theologica* 12(2), 18–35.

**Büchner, E.P.** 1991. Die vrou as predikant: Enkele konsekwensies in die Gereformeerde bediening. Ongepubliseerde B.Th-skripsie: Universiteit van die Oranje Vrystaat.

**Burger, C.** 2005. *Ontmoetings met die lewende God. Hoe God ons roep, nuut maak – en stuur.* Wellington: Lux Verbi.BM.

**Burr, V.** 1996. *An introduction to Social Constructionism*. Reprinted. London and New York: Routledge.

**Cahoone, L.E.** 1995. The ten modernisms, in Rossouw GJ (ed.), *Life in a postmodern culture*, 1–33. Pretoria: HSRC Publishers.

**Calvijn, J.** 1956. *Institutie of onderwijzing in de Christelijke Godsdienst*. Derde Deel. Bevattende boek IV. (Vierde druk). Uit het Latijn vertaald door Sizoo, A. Delft: Meinema.

**Clifford, A.M.** 2001. *Introducing Feminist Theology*. New York: Orbis Books.

**Coertzen, P.** 2002. Kerkreg en kerkregering in die NG Kerk gedurende die afgelope dekades, in Coertzen, P (red.), *350 Jaar Gereformeerd. 350 years Reformed*, 120–134. Bloemfontein: CLF-drukkers.

**Coetzer, P.W.** 1986. Die era van apartheid, 1948–1961, in Cameron, T. & Spies, S.B. (red.), *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld*, 271–290. Kaapstad, Pretoria: Human en Rousseau.

**Davenport, T.R.H.** 1986. Van referendum tot referendum, 1961–1984, in Cameron, T. & Spies, S.B. (red.), *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld*, 303–314. Kaapstad, Pretoria: Human en Rousseau.

**De Klerk, W.C.** 2002. Rekonstruksie van lewe na egskeiding. Ongepubliseerde D.Th-proefskrif. Universiteit van Suid-Afrika.

**De Klerk, C.** 2004. *Gelukkig op my eie. Daar is lewe na egskeiding*. Pretoria: LAPA Uitgewers.

**Demasure, K. & Müller, J.** 2006. Perspectives in support of the narrative turn in pastoral care. *Ned Geref Teologiese Tydskrif,* (47) 3 en 4. September en Desember, 410–419.

**Die Bybel** 1954. Ou Afrikaanse 1954-vertaling (elektroniese weergawe van die tweede uitgawe). Suffolk: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

**Die Bybel** 1998, c1983. Nuwe Afrikaanse Vertaling. (Electronic ed.). Cape Town, South Africa: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

**Dreyer, Y., Heyns, L.M. & De Jongh van Arkel, J.** 1994. Seksisme in die kerk – geskiedenis of werklikheid? *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 9(1): 55–71.

**Du Toit, B.** 2000. *God? Geloof in 'n postmoderne tyd*. Bloemfontein: CLF Uitgewers.

**Du Toit, F., Hofmeyr, H., Strauss, P. & Van der Merwe, J.** 2002. *Moeisame pad na vernuwing. Die NG Kerk se pad van isolasie en die soeke na 'n nuwe relevansie 1974-2002.* Bloemfontein: Barnabas.

**Du Toit, M.** 1921. *Vrou en feminist of iets oor die Vrouevraagstuk*. Bloemfontein: De Nationale Pers Beperk.

**Dueck, A. & Parsons, T.D.** 2004. Integration discourse: Modern and Postmodern. *Journal of Psychology and Theology,* 32(3), 232–247.

**Elam, D.** 1997. Romancing the postmodern Feminism and deconstruction, in Jenkins, K (ed.), *The postmodern history reader*, 65–74. London: Routledge.

**Elmesky, R.** 2005. *Rethinking qualitative research: Research participants as central researchers and enacting ethical practices as habitus*. 20 paragrawe. [Aanlyn beskikbaar op 2006-01-03], by <http://www.qualitative-research.net/fqs-texte/3-05/05-3-36-e.html>. Online Journal. *Forum Qualitative Research* 6(3).

**Ernst, J.H.** 1995. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die menseregtevraagstuk: 1910–1990. Ongepubliseerde DD-proefskrif: Universiteit van Pretoria.

**Gasa, N.** 2007. Feminisms, motherisms, patriarchies and women's voices in the 1950s, in Gasa, N (ed.), *Women in South African History. Basus'iimbokodo, bawel'imilambo/ They remove boulders and cross rivers,* 207–229. Cape Town: HSRC Press.

**Gaum, F.M.** 2002. Lang reis met apartheid, in Coertzen, P (red.), *350 Jaar Gereformeerd. 350 years Reformed*, 236–243. Bloemfontein: CLF-drukkers.

**Gerdes, L.C.** 1984. The role of women in society – a psychological perspective, in Vorster, WS (ed.), *Sexism and Feminism in theological perspective.* Proceedings of the eight symposium of the Institute for Theological Research (UNISA) held at the University of South Africa in Pretoria on the 5th and 6th September 1984. 119–144. Pretoria: University of South Africa.

**Giliomee, H.** 2004. *Die Afrikaners. 'n Biografie.* Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

**Gluck, S.** 1987. Tweede druk. What's so special about women? Women's oral history, in Dunaway, DK en Baum, WK (ed.), *Oral History. An interdisciplinary anthology*, 221–237. United States of America: American Association for State and Local History.

**Goedhart, H.** 1966. *Een vrouw op de kansel?* Zuiderduijn: Woerden.

**Goleman, D.** 2002. *The new leaders. Transforming the art of leadership into the science of results.* Time Warner Paperbacks: London.

**Gottlieb, M.C. & Lasser, J.** 2001. *Competing values: a respectful critique of narrative research*. [Aanlyn beskikbaar op 2006-01-12], by <http://www.ais.up.ac.za/database/htm>. Academic Search Premier. Oorspronklik gepubliseer in: *Ethics en Behaviour* 11(2), 191–194.

**Goudzwaard, B.** 1998. Hoe om sin te maak van die postmodernisme, in Goudzwaard, B, Geertsema, HG en Heyns, MF, *Wat beteken postmodernisme?* Instituut vir Reformatoriese Studie 369 (September), 1–10. Potchefstroom: PU vir CHO.

**Groenewald, G.** 1971. Noem haar Vrou en Moeder, in van Der Colf, AP (samesteller), *"Hier staan ons ...". Geloftefeesbundel*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

**Grundlingh, A.** s.a. *The National Women's Monument: The making and mutation of meaning in Afrikaner memory of the South African War*. 49 paragrawe. [Aanlyn beskikbaar op 2007-07-02], by <http://www.celat.ulaval.ca/histoire.memoire/historire/cape1/grundlingh.htm>.

**Hadjistavropoulos, T. & Smythe, W.E.** 2001. *Elements of risk in qualitative research*. [Aanlyn beskikbaar op 2006-01-13], by <http://www.ais.up.ac.za/database/htm>. Academic Search Premier. Oorspronklik gepubliseer in: *Ethics en Behaviour* 11(2), 163–174.

**Heyns, J.A. & Jonker, W.D.** 1977. *Op weg met die Teologie*. Tweede druk. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

**Heyns, M.** 1987. Geslagtelikheid en die vrou, in Van der Walt, B (red.), *Venster op die vrou*, 33–48. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie.

**Hoffman, A.** 1987 (second printing). Reliability and validity in oral history, in Dunaway, DK en Baum, WK (ed.), *Oral history. An interdisciplinary anthology*, 67–73. Tennessee: American Association for State and Local History.

**Hofmeyr, J.W.** 1991. The origins and development of Christianity in South Africa (16th – 19th centuries), in Pillay, GJ en Hofmeyr, JW (ed.), *Perspectives on Church History. An introduction for South African readers*, 1(1), 232–247. Pretoria: De Jager-HAUM.

**Holton, G.** 2004. *Robert K Merton – Biographical Memoirs*. Proceedings of the American Philosophical Society, 148(4): 506–517.

**Horst, E.** s.a. *Patriarchy: An experiential definition.* 16 paragrawe. [Aanlyn beskikbaar op 2007-10-11], by <http://www.csbsju.edu/isti//ISTIAArticles/Patriarchy.html>.

**Ijsseling, S.I.** 1978. 1e druk, 2e oplage. Hermeneutiek en Retoriek, in Kwant, RC en Ijsseling, SI (red.), *Filosoferen. Gangbare vormen van wijsgerig denken*, 150–172. Alphen aan den Rijn/Brussel: Samsom Uitgeverij.

**Jansen, J.** 1952. *Korte verklaring van de Kerkorde der Gereformeerde Kerken*. Derde vermeerderde druk. Kampen: Kok.

**Jenkins, K.** 1997. Introduction: on being open about our closures, in Jenkins, K (ed.), *The postmodern history reader*, 1–30. London: Routledge

**Jewett, P.K.** 1982. *The ordination of women*. Michigan: Eerdmans.

**Joyce, P.** 1997. History and postmodernism, in Jenkins, K (ed.), *The postmodern history reader*, 244–249. London: Routledge.

**Kelly, C.** 1997. History and postmodernism, in Jenkins, K (ed.), *The postmodern history reader*, 250–254. London: Routledge

**Kerk en Samelewing** 1986. *'n Getuienis van die Ned Geref Kerk soos aanvaar deur die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk*. Bloemfontein: Pro Christo-Publikasies.

**Kirk, N.** 1997. History, language, ideas and postmodernism: a materialist view, in Jenkins, K (ed.), *The postmodern history reader*, 315–340. London: Routledge.

**Klein, B.** 2004. On becoming and being a woman theologian in South Africa: in conversation with Denise Ackermann. *Journal of Theology for Southern Africa*, 118 (March), 40–52.

**Kleynhans, E.P.J.** 1985. *Gereformeerde Kerkreg 3*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

**Kruger, L-M.** 1991. Gender, community and identity: Women and Afrikaner nationalism in the Volksmoeder discourse of Die Boerevrou (1919–1931). Unpublished dissertation submitted tot the Faculty of Social Science, University of Cape Town.

**Lakoff, R.** 1975. *Language and woman's place*. New York, Hagerstown, San Francisco, London: Harper Colophon Books.

**Landman, C.** 1984. A profile of feminist theology, in Vorster, WS (ed.), *Sexism and Feminism in theological perspective*. Proceedings of the eight symposium of the Institute for Theological Research (UNISA) held at the University of South Africa in Pretoria on the 5th and 6th September 1984. 1–35. Pretoria: University of South Africa.

**Landman, C.** 1994. *The piety of Afrikaans Women. Diaries of guilt*. Pretoria: University of South Africa.

**Landman, C.** 2002a. 1890. Van Vrouesendingbond tot Vrouediens, in Hofmeyr, G (hoofred.), *NG Kerk 350. Eenhonderd bakens in die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652–2002*, 154–155. Wellington: Lux Verbi BM.

**Landman, C.** 2002b. 1982. Vroue in die kerkraad en op die kansel, in Hofmeyr, G (hoofred.), *NG Kerk 350. Eenhonderd bakens in die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652–2002*, 214–215. Wellington: Lux Verbi BM.

**Landman, C.** 2005. 'Leefstyl-Bybel vir vroue': Afrikaans-speaking women amidst a paradigm shift. *Studia Historiae Ecclesiasticae*, June/July, vol. XXXI, no./nr. 1(147–162).

**Le Roux, J.** 1993a. *A Story of two ways. Thirty years of Old Testament Scholarship in South Africa*. Old Testament Essays. Supplement number 2. Pretoria: Verba Vitae.

**Le Roux, J.** 1993b. The nature of Historical Understanding. *Studia Historiae Ecclesiasticae,* XIX(1), 35–63.

**Leedy, P.D. & Ormrod, J.E.** 2001. *Practical Research. Planning and design.* Seventh edition. Ohio: Merril Prentice Hall.

**Lerner, G.** 1986. *The creation of Patriarchy*. United States of America: Oxford University Press.

**Louw, C.** 2001. *Boetman en die swaneswang van die verligtes*. Tweede druk. Kaapstad: Human en Rousseau.

**Louw, D.** 1989. *Gesinsverryking. Riglyne vir groei en kommunikasie.* Pretoria/Kaapstad: Academica.

**Louw, H.** 2002. Vroue van die NG Kerk – getrou in die amp van die gelowige 1952–2002, in Coertzen, P (red.), *350 Jaar Gereformeerd. 350 years Reformed*, 279–284 Bloemfontein: CLF-drukkers.

**Lyotard, J-F.** 1997. The postmodern condition, in Jenkins, K (ed.), *The postmodern history reader*, 36–63. London: Routledge.

**Marais, F.** 2007. *God praat – leef luisterryk vir vergaderings. Handleiding vir gemeenteleiers op soek na God se agendas vir gemeentes.* Wellington: Bybelkor.

**Maritz, L.** 2004. Afrikanervroue se politieke betrokkenheid in historiese perspektief met spesiale verwysing na die Women's National Coalition van 1991–1994. Ongepubliseerde DPhil-verhandeling. Universiteit van Stellenbosch.

**Meintjes, S.** 2007. Naked women's protest, July 1990: 'We won't fuck for houses', in Gasa, N (ed.), *Women in South African History. Basus'iimbokodo, bawel'imilambo/ They remove boulders and cross rivers,* 347–367. Cape Town: HSRC Press.

**McCullagh, C.B.** 1984. *Justifying historical descriptions*. Cambridge: Cambridge University Press.

**Meetoo, D. & Temple, B.** 2003. *Issues in multi-method research: Constructing self care*. [Aanlyn beskikbaar op 2006-01-26], by <http://www.ualberta.ca/~iiqm/backissues/2_3final/pdf/meetotemple.pdf>. Oorspronklik gepubliseer in: *International Journal of Qualitative Methods,* 2(3), 1–21.

**Meiring, P.** 1999. *Kroniek van die Waarheidskommissie. Op reis deur die verlede en die hede na die toekoms van Suid-Afrika*. Vanderbijlpark: Carpe Dien Boeke.

**Miller, R.** 2004. *The Millennium Matrix: Reclaiming the past, reframing the future of the church.* San Francisco: Jossey-Bass.

**Morgan, A.K. & Drury, V.B.** 2003. *Legitimising the subjectivity of human reality through qualitative research method.* [Aanlyn beskikbaar op 2006-01-03], by <http://www.nova.edu/sss/QR/Qr8-1/morgan.html>. Oorspronklik gepubliseer in: *The Qualitative Report,* 8(1), 70–80.

**Morse, J.M. & Chung, S.E.** 2003. *Toward holism: The significance of methodological pluralism.* [Aanlyn beskikbaar op 2006-01-26], by <http://www.ualberta.ca/~iiqm/backissues/2_3final/pdf/morsechung.pdf>. Oorspronklik gepubliseer in: *International Journal of Qualitative Methods,* 2(3), 1–12.

**Mosely, B.** 2002. *Workplace discrimination against, and jokes about African Americans, gays, Jews, Muslims and others, according to Harris Interactive survey.* 15 paragrawe. [Aanlyn beskikbaar op 2007-10-12], by <http://freerepublic.com/focus/news/788359/posts>.

**Mouton, E.** 1997. Nuut gedink oor die Bybel ... uit 'n vrou se perspektief, in Jones, C & Hulley, L (red.), *Wonder jy ook oor ...? Gedagtes oor omstrede kwessies van ons dag*, 131–148. Kaapstad: Lux Verbi.

**Mouton, E.** 2002a. Gereformeerde vroue ná 350 jaar: hervormend, helend, hoopvol?, in Coertzen, P (red.), *350 Jaar Gereformeerd. 350 years Reformed*, 300–309. Bloemfontein: CLF-drukkers.

**Mouton, E.** 2002b. *Reading a New Testament document ethically.* Atlanta: SBL.

**Mouton, E.** 2005. *Tha Pathos of New Testament Studies: of what use are we to the church? Inaugural address.* March 2005.

**Müller, J.C.** 1996. *Om tot verhaal te kom: Pastorale gesinsterapie.* Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

**Müller, J.** 2000a. *Reis-geselskap. Die kuns van verhalende pastorale gesprekvoering*. Wellington: Lux Verbi BM.

**Müller, J.** 2000b. *Vrou op haar plek. Kerk se taalgebruik hou man bo*. [Aanlyn beskikbaar op 2007-10-14], by <http://152.111.1.251/argief/berigte/beeld/2000/08/28/12/11.html>. Oorspronklik gepubliseer in *Beeld* 28 Augustus 2000, bl. 12.

**Müller, J.** 2002. *Gesinne van binne. Vertel die verlede en droom oor die toekoms van jou gesin*. Bloemfontein: Barnabas.

**Müller, J., Van Deventer, W. & Human, L.** 2001. Fictionwriting as metaphor for research: a narrative approach. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika,* 16(2), 76–96.

**Müller, J.C. & Schoeman, K.** 2004. Narrative research: a respectful and fragile intervention. *Sociale interventie*, 13(3), 7–13.

**Müller, J.C.** 2004. HIV/AIDS, narrative practical theology, and postfoundationalism: The emergence of a new story. *HTS Theological Studies/Teologiese Studies*, 60 (1 & 2), 293–306.

**Müller, J.C.** 2006. *Opleiding: Noodsaaklike vertrekpunte met die oog op die teologiese opleiding in die NG Kerk*. 22 paragrawe. [Aanlyn beskikbaar op 2006-06-01], by <http://www.teo.co.za/wmprint.php?ArtID=3>.

**Murray, B.K. & Stadler, A.W.** 1986. Van die Pakt tot die begin van apartheid, 1924–1948, in Cameron, T. & Spies, S.B. (red.), *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld*, 248–270. Kaapstad, Pretoria: Human en Rousseau.

**Naudé, P.** 1993. Bedieningspraktyk tussen modernisme en post-modernisme: perspektiewe vir 'n studentebediening. *Ned Geref Teologiese Tydskrif*, deel XXXIV(1), 94–99.

**Nevins, A.** 1987 Oral History: how it was born. The uses of oral history, in Dunaway, DK en Baum, WK (ed.), *Oral History. An Interdisciplinary Anthology*, 27–36. United States of America: American Association for State and Local History.

**Niemandt, N.** 2007. *Nuwe drome vir nuwe werklikhede*. Wellington: Lux Verbi.BM.

**Nieuwoudt, T.** 2002. 1899: Die Anglo-Boereoorlog en die kerk, in Hofmeyr, G (hoofred.), *NG Kerk 350. Eenhonderd bakens in die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652–2002*, 156–157. Wellington: Lux Verbi BM.

**Osmer, R.R.** 2006. Toward a Transversal Model of Interdisciplinary Thinking in Practical Theology, in Shults, FLeR (ed.), *The Evolution of Rationality. Interdisciplinary Essays in Honor of J Wentzel van Huyssteen*, 327–345. Grand Rapids, Michigan / Cambridge, UK: William B. Eerdmans Publishing Company.

**Phillips, D.C.** 1994. Telling it straight: issues in assessing narrative research. *Educational Psychologist,* 29(1), 13–21.

**Pillay, G.J.** 1991. Foreword, in Pillay, GJ en Hofmeyr, JW (ed.), *Perspectives on Church History. An introduction for South African readers*, 1(1), i–iii. Pretoria: De Jager-HAUM.

**Plaatjies, M-A.** 2003. Vroue in die teologiese antropologie van die Afrikaanse Gereformeerde tradisie. Ongepubliseerde DTh-proefskrif: Universiteit van Suid-Afrika.

**Potgieter, P.C.** 2002. 1986. Met Kerk en Samelewing deur die Rubicon, in Hofmeyr, G (hoofred.), *NG Kerk 350. Eenhonderd bakens in die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652–2002*, 214–215. Wellington: Lux Verbi BM.

**Rhodes, L.** 1988. Supervision of women in parish contexts. *Journal of supervision and training*, 10, 198–207.

**Roberts, M.** 2004. Women's history and gender history, in Lambert, P en Schofield, P (ed.), *Making history. An introduction tot he history and practices of a discipline*, 192–203. London en New York: Routledge.

**Rossouw, G.J.** 1995. Theology in a postmodern culture: Ten challenges, in Rossouw, GJ (ed.), *Life in a postmodern culture*, 75–93. Pretoria: HSRC Publishers.

**Rubin, H.J. & Rubin, I.S.** 1995. *Qualitative interviewing. The art of hearing data*. United States of America: SAGE Publications.

**Seldon, A. & Pappworth, J.** 1983. *By word of mouth. 'Élite' oral history*. London and New York: Methuen.

**Shults, F.L.** 2007. *Postfoundationalism*. 11 paragrawe. [Aanlyn beskikbaar op 2007-06-27], by <http://science.enotes.com/science-religion-encyclopedia/postfoundationalism>. *Encyclopedia of Science and Religion*.

**Slim, H. & Thompson, P.** 1993. *Listening for a change. Oral testimony and development*. London: Panos Publications.

**Smuts, M.** 1981. *Vrou van die Predikant en Predikantsvrou*. Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

**Smythe, W.E. & Murray, M.J.** 2000. *Owning the story: ethical considerations in narrative research*. [Aanlyn beskikbaar op 2006-01-11], by <http://www.ais.up.ac.za/database/htm>. Academic Search Premier. Oorspronklik gepubliseer in: *Ethics en Behaviour* 10(4), 311–336.

**Smythe, W.E. & Murray, M.J.** 2001. *A respectful reply to Gottlieb and Lasser*. [Aanlyn beskikbaar op 2006-01-13], by <http://www.ais.up.ac.za/database/htm>. Academic Search Premier. Oorspronklik gepubliseer in: *Ethics en Behaviour* 11(2), 195–199.

**Snyman-Van Deventer, E., Du Plessis J.V. & De Bruin, J.H.** 2004. Seksuele teistering in die werkplek: 'n Suid-Afrikaanse perspektief. *Tydskrif vir Regswetenskap*, 29(1), 28–61.

**Spies, S.B.** 1986a. Rekonstruksie en unifikasie, 1902–1910, in Cameron, T. & Spies, S.B. (red.), *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld*, 219–228. Kaapstad, Pretoria: Human en Rousseau.

**Spies, S.B.** 1986b. Unie en onenigheid, 1910–1924, in Cameron, T. & Spies, S.B. (red.), *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld*, 231–247. Kaapstad, Pretoria: Human en Rousseau.

**Starr, L.** 1987. Oral History, in Dunaway, DK en Baum, WK (ed.), *Oral History. An Interdisciplinary Anthology*, 3–22. United States of America: American Association for State and Local History.

**Steyn, H.M.** 2003. Die nooit-getroude vrou sonder kinders: 'n pastoraal narratiewe benadering met besondere verwysing na diskoerse. Ongepubliseerde Phd-verhandeling. Universiteit van Pretoria.

**Stone, L.** 1997. History and postmodernism, in Jenkins, K (ed.), *The postmodern history reader*, 242–243. London: Routledge.

**Strauss, P.J.** 1989. Ekumene gestol? Die invloed van die Cottesloeberaad op die ekumene van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, in Du Rand, JA en Kellerman, JS (red.), *Diensknegte van die Koning. Huldigingsbundel ter ere van Prof JJ de Klerk en prof EPJ Kleynhans*, 146–162. Bloemfontein: Pro Christo-Publikasies.

**Thompson, P.** 1987 (second printing). History and the community, in Dunaway, DK en Baum, WK (ed.), *Oral history. An interdisciplinary anthology*, 37–50. Tennessee: American Association for State and Local History.

**Tu, Y.** 1999. *Major areas of public history*. [Aanlyn beskikbaar op 2006-01-19], by <http://www.library.csi.cumy.edu/dept/history/tu/ares.html>. Oorspronklik voorberei vir HST 594.

**Utikal, H.** 2002. *Von der Strategie zur Struktur/Structure follows strategy*. 8 paragrawe. [Aanlyn beskikbaar op 2007-10-08], by <http://www.somin-kucher.com/Internetdatabase/publication.nsf/0/9015964e20f2c7aac.html>. Oorspronklik gepubliseer in *Frankfurter Allgemeine Zeitung* 2002.

**Uys, I.** 2007. *Feitegids*. ’n Kernensiklopedie. Kaapstad. Pharos Woordeboeke, ’n afdeling van NB-Uitgewers Beperk.

**Van Aswegen, H.J.** 1986. Suid-Afrika en Afrika, 1961–1984, in Cameron, T. & Spies, S.B. (red.), *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld*, 293–302. Kaapstad, Pretoria: Human en Rousseau.

**Van der Merwe, C.G.** 2004. Bestuursake van vrywilligers as lede van Afrikaanse Christelike Vroue Vereniging Besture. Ongepubliseerde M.Diac.-verhandeling: Universiteit van Suid-Afrika.

**Van der Merwe, W.** 1995. Language and postmodern culture, in Rossouw, GJ (ed.), *Life in a postmodern culture*, 173–199. Pretoria: HSRC Publishers.

**Van der Watt, L.** 1996. *The gendered construction of Afrikaner identity in Voortrekker tapestries*. 33 paragrawe. [Aanlyn beskikbaar op 2007-06-28], by <http://www.uwc.ac.za/arts/english/interaction/951vdw.htm>. Oorspronklik gepubliseer in: Gabeba, B, Roper, C en Wittenberg, H (eds), *Inter Action 4*. Proceedings of the Fourth Postgraduate Conference. Bellville: UWC Press, 74–82.

**Van der Watt, P.B.** 1987. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1905–1975*. Pretoria: NGKB.

**Van Huyssteen, W.** 1993. *Is the Postmodernist always a Postfoundationalist?* [Aanlyn beskikbaar op 2007-05-02], by <http://theologytoday.ptsem.edu/oct1993/v50-3-article3.htm>. Oorspronklik gepubliseer in *Theology Today*, vol 50(3), October 1993, 373–386.

**Van Huyssteen, W.** 1997. *Essays in Postfoundationalist Theology*. Grand Rapids, Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company.

**Van Huyssteen, W.** 1998. *Tradition and the task of theology*. 42 paragrawe [Aanlyn beskikbaar op 2007-05-02], by <http://calbears.findarticles.com/p/articles/mi_qa3664/is_199807/ai_n8792594/_pg_1>. Oorpronklik gepubliseer in *Theology Today*, July 1998.

**Van Limpt, C.** 2007. *Bestuursfuncties in de PKN. Hoe gewichtiger de post hoe schaarser de vrouw*. 13 paragrawe. [Aanlyn beskikbaar op 2007-01-19], by <http:www.trouw.nl/deverdieping/religie_filosofie/html>.

**Vansina, J.** 1985. *Oral tradition as history.* United States of America: The University of Wisconsin Press.

**Vincent, L.** 1999. *A cake op soap: The Volksmoeder ideology and Afrikaner women's campaign for the vote*. 45 paragrawe. [Aanlyn beskikbaar op 2007-06-28], by <http://search.ebscohost.com/login.aspx?direct=trueendb=aphenAN=2934410ensite=ehost-liveenscope=site>. Academic Search Premier. Oorspronklik gepubliseer in: *International Journal of African Historical Studies* 32(1), 1–17.

**Ward, G.** 2007. *Postmodernism*. 11 paragrawe. [Aanlyn beskikbaar op 2007-06-27], by <http://science.enotes.com/science-religion-encyclopedia/postmodernism>. *Encyclopedia of Science and Religion*.

**Webster, S.W.** 1996. A historian's perspective on interviewing, in Josselson, R (ed.), *Ethics and Process in the narrative study of lives*, 187–206. Thousand Oaks, London en New Delhi: SAGE Publications.

**Wright, J.** 2000. Thinking beyond "modernist" history, in Denis, P (ed.), *Orality, Memory and the Past. Listening to the voices of Black Clergy under colonialism and apartheid,* 124–159. Pietermaritzburg: Cluster Publications.

**Young, R.** 1997. White mythologies: writing History and the West, in Jenkins, K (ed.), *The postmodern history reader*, 75–76. London: Routledge.

## 2. ELEKTRONIESE KORRESPONDENSIE EN BESPREKINGSGROEPE

**Lukaris** 2006. (c_lukaris@yahoo.com) *Check 'n great nuwe website uit!!!.* [Besprekingsgroep:] [Aanlyn beskikbaar op 2006-05-09], by: <http://www.kletskerk.co.za>.

**Stander, H.** 2006. (hstander@icon.co.za) Re: Vraag. Skriftelike mededeling aan outeur na navraag oor die korrekte teksindeling van 1 Korintiërs 14:33-34. 19 Julie.

**Van der Dussen, N.** (calvyn@jakaranda.co.za) 2006. Re: [gksaforum] vroulike diakens. [Besprekingsgroep:] gksaforum@yahoogroups.com. 4 Mei.

## 3. KOERANTBERIGTE, POPULÊRE TYDSKRIFTE EN BRIEWE IN KOERANTE

***Beeld*** 1992. Vroue maak stem dik in godsdienswêreld. 17 November 1992, bl. 11.

***Beeld*** 1994. Kerk sluit sy deure vir top-student. Sy siening oor vroue as ampsdraers verskil. 26 November 1994, bl. 3.

***De Vos, W.*** 2001. Vroue is die kerk se 'ander vlerk' – Elsje Büchner. *Die Kerkbode* 4 Mei 2001, bl. 5.

***Die Hervormer*** 2006. Vrouwees vandag. 15 September 2006, bl. 1.

***Die Kerkbode*** 1981. Merkwaardige kerkvrou oorlede. 16 Desember 1981.

***Die Kerkbode*** 1987a. Ja-nee vir vrou in amp. 28 Oktober 1987.

***Die Kerkbode*** 1987b. 7 Sinodes sê ja, 4 sê nee vir vrou as leraar, ouderling. 28 Oktober 1987.

***Die Kerkbode*** 1990. Sinode maak nuwe deure vir vrou in NG Kerk oop. 26 Oktober 1990.

***Die Kerkbode*** 2000. Sus sê kaalkop hoe sy oor kerk voel. 6 Oktober 2000, bl. 1.

***Die Vaderland*** 1950. Twee predikante voor die kansel. 14 Desember 1950.

**Gomes, L. & Coetsee, J.** 1994. Skoonheid op die kansel. *Die Huisgenoot* 17 Maart 1994, bl. 26–28.

**Hagelskamp, E.** 1990. Sal vroue ooit op die kansel pryk? *Beeld* 24 Oktober 1990, bl. 17.

**Jackson, N.** 1994. Eerste vroulike dominee dalk op NG kansel. *Beeld* 2 Februarie 1994, bl. 3.

**Jackson, N.** 1999. Vrouelidmate nie net 'koeksister-susters'. Kyk na ons bydrae, vergeet bedienderol'. *Beeld* 8 April 1999, bl. 11.

**Jackson, N.** 2004a. NG Kerk kies vrou in moderatuur van algemene sinode. *Die Burger* 16 Oktober 2004, bl. 4.

**Jackson, N.** 2004b. Vrou nuut in kerk se moderatuur. *Beeld* 16 Oktober 2004, bl. 5.

**Jackson, N.** 2004c. 'NG Kerke versuiker ook hierdie probleem'. Mans moet siening afbreek van vroue se onderdanigheid. *Beeld* 20 Mei 2004, bl. 3.

**Jackson, N.** 2007. Steeds te min vroue in ampte. [Aanlyn beskikbaar op 2007-10-14], by <http://152.111.1.251/argief/berigte/beeld/2007/05/15/B1/9/tnjvroue.html>. Oorspronklik gepubliseer in: *Beeld*, 15 Mei 2007, bl. 9.

**Kaufman, M.T.** 2003. Robert K Merton, versatile sociologist and father of the focus group, dies at 92. [Aanlyn beskikbaar op 2007-10-12], by <http://query.nytimes.com/gst/fullpage.html?res=9B04E0DB1E3DF937A15751C0A9659C8B63>. Oorspronklik gepubliseer in: *The New York Times*, 2003-02-24.

**Landman, C.** 2004. Vroue wil die mans saam met hulle neem. *Die Kerkbode* 11 Junie 2004, bl. 8.

**Ley, M.** 1994. Eerste vroulike kapelaan het 'n 'voorsprong' in haar werk. *Beeld* 3 Maart Oktober 1994, bl. 4.

**Louw, I. & Roos, M.** 1986. Henne op die kerktoring. *Rooi Rose*, 19 Februarie 1986, bl. 12–13.

**Meiring, P.** 1986. Vrouepredikante: wat sou Paulus sê? *Die Kerkbode* 12 November 1986.

**Meiring, S.** 1981. Anna Christina Linde 1901–1981. Huldigingswoord op 16 September 1981 by die Marta-Maria-kring uitgespreek. *Die Sendingblad*: 425–426, Desember.

**Moolman, E.** 1989. Haai, jy preek dan nes 'n man! *Die Huisgenoot* 16 Februarie 1989, bl. 114–115.

**Oosthuizen, J.** 2007. Helderberg-gemeente maak geskiedenis met bruin vroue-leraar. *Kerkbode* 11 Mei 2007, bl. 3.

**Pienaar, D.** 1990. Die vrou op die kansel …? *Die Voorligter* Augustus 1990, bl. 42–43.

**Sarie Marais** 1951. *Predikant trou met predikant*. 7 Februarie 1951.

**Smith, P.E.S.** 1981. Die Here se geskenk aan NG Kerk, sy sending en aan Suid-Afrika. Wyle mev. Anna Linde. *Die Sendingblad*: 423–424, Desember.

**Swanepoel, M.** 2006. Die kerk 'n vesting sterk? *Taalgenoot* April 2006, bl. 16–18.

**Van Bart, M.** 2007. Bosman-baanbrekers van 300 jaar gehuldig. 18 paragrawe. [Aanlyn beskikbaar op 2007-06-26], by <http://152.111.1.251/argief/berigte/dieburger/2007/04/21/BY/10/BOSMANSAAMTREK.html>. Oorspronklik gepubliseer in: *Die Burger*, 2007-04-21.

**Van Deventer, L.** 1989. Die vrou se veranderde posisie is voordelig vir kerk en sameleweing. *Die Kerkbode* 29 September 1989.

**Van Deventer, L.** 1990. Die vrou as leraar, ouderling ... wat sê die Bybel regtig? *Die Kerkbode* 19 Januarie 1990.

**Van Eeden, J.** 2007. Jy kan beslis albei rolle vertolk. *Beeld* 8 Oktober 2007, bl. 10.

**Van Renen, A-L.** 1989. Helena de Swardt. 'Christus is 'n vriend wat ek altyd by my het'. *Die Kerkbode* 17 Februarie 1989.

**Van Schalkwyk, C.** 1997. Jesus het self vroue onderrig. Brief in *Beeld* 29 Januarie 1997, bl. 10.

**Wessels, F.** 1995. 'Geagte voorsitter en broers ...'. Inklusiewe en eksklusiewe taal in die kerk en Bybel. *Die Kerkbode*, 27 Oktober 1995, bl. 9.

**Wessels, F.** 2000. *Moeder kerk en haar dogters maak vrede ...?* Kerkbode 6 Oktober 2000, bl. 9.

**Yssel, E.** 1995. 3 Vroue onder Tuks-proponente. *Beeld* 13 Desember 1995, bl. 2.

## 4. KERKLIKE PUBLIKASIES

**Bisschoff, J.H. & Schoeman, W.J.** 2007. *Voordrag gelewer tydens Lentekonferensie van Sentrum vir Bedieningsontwikkeling*. Ongepubliseerde data uit opname vir Kerkspieël 2006. Pretoria.

**Die Kerkorde** van die Nederduitse Gereformeerde Kerk met reglemente en besluite van kerkregtelike aard soos vasgestel deur die Algemene Sinode in Oktober 1990. 1991. Halfway House: NG Kerkboekhandel.

**Kommissie van Leer- en Aktuele Sake (Wes-Kaapland)** 1980. *Die Reformatoriese SOLA SCRIPTURA en die Skrifberoep in etiese vrae*. NG Kerk-Uitgewers: Kaapstad.

**Nederduitse Gereformeerde Kerk** 1962. *Agenda en Handelinge van die eerste vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. Kaapstad.

**Nederduitse Gereformeerde Kerk** 1966. *Agenda en Handelinge van die tweede vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. Bloemfontein.

**Nederduitse Gereformeerde Kerk** 1967. *Notule van die Algemene Kommissie vir Leer en Protestantse Aksie.* 1967-06-09, bl. 19–24.

**Nederduitse Gereformeerde Kerk** 1968. *Notule van die Algemene Kommissie vir Leer en Protestantse Aksie.* 1968-07-26, bl. 25–29.

**Nederduitse Gereformeerde Kerk** 1970. *Agenda en Handelinge van die derde vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. Pretoria.

**Nederduitse Gereformeerde Kerk** 1971. *Notule van die Algemene Kommissie vir Leer en Protestantse Aksie.* 1971-09-30, bl. 30–31.

**Nederduitse Gereformeerde Kerk** 1973. *Notule van die Algemene Kommissie vir Leer en Protestantse Aksie.* 1971-09-30, bl. 32–37.

**Nederduitse Gereformeerde Kerk** 1974. *Agenda en Handelinge van die vierde vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. Kaapstad.

**Nederduitse Gereformeerde Kerk** 1974. *Notule van die Algemene Kommissie vir Leer en Protestantse Aksie.* 1974-02-12, bl. 38–46.

**Nederduitse Gereformeerde Kerk** 1975. *Notule van die Algemene Kommissie vir Leer en Protestantse Aksie.* 1975-02-18, bl. 48–58.

**Nederduitse Gereformeerde Kerk** 1977. *Notule van die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake.* 1977-03-10, bl. 59–66.

**Nederduitse Gereformeerde Kerk** 1978. *Agenda en Handelinge van die vyfde vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.* Bloemfontein.

**Nederduitse Gereformeerde Kerk** 1978. *Notule van die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake.* 1978-01-25, bl. 67–77.

**Nederduitse Gereformeerde Kerk** 1979a. *Notule van die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake.* 1979-02-06, bl. 79–86.

**Nederduitse Gereformeerde Kerk** 1979b. *Notule van die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake.* 1979-11-29, bl. 87–93.

**Nederduitse Gereformeerde Kerk** 1981. *Notule van die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake.* 1981-01-15, bl. 116–127.

**Nederduitse Gereformeerde Kerk** 1981. *Notule van die Dagbestuur van die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake.* 1981-01-15, bl. 113–115.

**Nederduitse Gereformeerde Kerk** 1982. *Notule van die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake.* 1982-03-16, bl. 128–134.

**Nederduitse Gereformeerde Kerk** 1983. *Notule van die Dagbestuur van die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake.* 1981-10-18, bl. 137–148.

**Nederduitse Gereformeerde Kerk** 1984. *Notule van die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake.* 1982-03-14, bl. 150–162.

**Nederduitse Gereformeerde Kerk** 1985. *Notule van die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake.* 1982-09-11, bl. 167–177.

**Nederduitse Gereformeerde Kerk** 1986. *Notule van die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake.* 1986-04-22, bl. 178–202.

**Nederduitse Gereformeerde Kerk** 1989. *Notule van die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake.* 1989-11-06, bl. 219–230.

**Nederduitse Gereformeerde Kerk** 1990. *Notule van die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake.* 1990-03-22, bl. 231–244.

**Nederduitse Gereformeerde Kerk ADGO.** 2007. A.3.2. (Aanvullend). *Verslag van die Algemene Diensgroep vir Gemeente-ontwikkeling. Verslag van die Taakspan vir vrouelidmate*, bl. 1–10.

**Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (Wes-Kaap)** 1975. *Skema van werksaamhede en Handelinge van die sewe-en-dertigste vergadering van die Hoogeerwaarde Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.*

**Nederduitse Gereformeerde Kerk Noord-Transvaal** 1979. *Agenda en Handelinge vir die agtste gewone vergadering van die sinode van Noord-Transvaal*. Pretoria.

**Nederduitse Gereformeerde Kerk Noord-Transvaal** 1983. *Agenda en Handelinge vir die negende vergadering van die sinode van Noord-Transvaal van die Ned. Geref. Kerk*. Pretoria.

**Nederduitse Gereformeerde Kerk Vrystaat** 1944. *Agenda en Handelinge van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat.* Bloemfontein.

**Nederduitse Gereformeerde Kerk Vrystaat** 1948. *Agenda en Handelinge van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat.* Bloemfontein.

**Nederduitse Gereformeerde Kerk Vrystaat** 1952. *Agenda en Handelinge van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat.* Bloemfontein.

**Nederduitse Gereformeerde Kerk Vrystaat** 1956. *Agenda en Handelinge van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat.* Bloemfontein.

**Nederduitse Gereformeerde Kerk Vrystaat** 1979. *Agenda en Handelinge van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat.* Bloemfontein.

**Nederduitse Gereformeerde Kerk**. 1982. *Agenda en Handelinge vir die sesde vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. Pretoria.

**Nederduitse Gereformeerde Kerk**. 1986. *Agenda en Handelinge vir die sewende vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. Pretoria.

**Nederduitse Gereformeerde Kerk**. 1990. *Agenda en Handelinge vir die agste Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. Bloemfontein.

**Nederduitse Gereformeerde Kerk**. 1994. *Agenda en Handelinge vir die negende Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. Pretoria.

**Nederduitse Gereformeerde Kerk.** 1998. *Agenda en Handelinge vir die tiende Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. Pretoria.

**Nederduitse Gereformeerde Kerk.** 1999. *Notule van Ad hoc-kommissie: Vroue in die amp*. 14 April 1999, bl. 1–2.

**Nederduitse Gereformeerde Kerk.** 2000. *Jaarboek van die NG Kerke*. Jaargang 151. Wellington: Tydskrifte Maatskappy van die NG Kerk.

**Nederduitse Gereformeerde Kerk.** 2002. *Agenda en Handelinge vir die elfde Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. Pretoria.

**Nederduitse Gereformeerde Kerk.** 2004. *Agenda en Handelinge vir die twaalfde Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. Hartenbos.

**Nederduitse Gereformeerde Kerk.** 2007. *Agenda deel I: Dokumentebundel vir die dertiende Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. Boksburg.

**Nederduitse Gereformeerde Kerk.** 2007. *Agenda deel II: Inligting en werkskema vir die dertiende Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. Boksburg.

**Reformed Ecumenical Synod** 1958. *Acts*. Potchefstroom, South Africa.

**Reformed Ecumenical Synod** 1963. *Acts and reports*. Grand Rapids, USA.

**Reformed Ecumenical Synod** 1968. *Acts and reports*. Amsterdam, The Nederlands.

**Reformed Ecumenical Synod** 1972. *Acts and reports*. Sydney, Australia.

**Schoeman, WJ en Bisschoff, J** 2000. Kerkspieël 2000. Verslag van die sesde wetenskaplike opname van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Maart 2000 in opdrag van die Algemene Sinode.

## 5. PERSOONLIKE ONDERHOUDE

**Botha, W.J.** 2006. Mondelinge mededeling aan outeur tydens gesprek oor AKLAS. Pretoria.

**Du Toit, D.A.** 2007. Mondelinge mededeling aan outeur tydens gesprek oor die skryf van die verslae vir die Algemene Sinode. Pretoria/Middelburg.

**Gespreksgenoot 1** (Aangedui as G1). 2007. Mondelinge mededeling aan outeur tydens onderhoud oor verhaal as vrouepredikant. (Elektroniese opname en transkripsie in besit van die outeur).

**Gespreksgenoot 2** (Aangedui as G2). 2007. Mondelinge mededeling aan outeur tydens onderhoud oor verhaal as vrouepredikant. (Elektroniese opname en transkripsie in besit van die outeur).

**Gespreksgenoot 3** (Aangedui as G3). 2007. Mondelinge mededeling aan outeur tydens onderhoud oor verhaal as vrouepredikant. (Elektroniese opname en transkripsie in besit van die outeur).

**Gespreksgenoot 4** (Aangedui as G4). 2006. Mondelinge mededeling aan outeur tydens onderhoud oor verhaal as vrouepredikant. (Elektroniese opname en transkripsie in besit van die outeur).

**Gespreksgenoot 5** (Aangedui as G5). 2006. Mondelinge mededeling aan outeur tydens onderhoud oor verhaal as vrouepredikant. (Elektroniese opname en transkripsie in besit van die outeur).

**Gespreksgenoot 6** (Aangedui as G6). 2006. Mondelinge mededeling aan outeur tydens onderhoud oor verhaal as vrouepredikant. (Elektroniese opname en transkripsie in besit van die outeur).

**Gespreksgenoot 7** (Aangedui as G7). 2006. Mondelinge mededeling aan outeur tydens onderhoud oor verhaal as vrouepredikant. (Elektroniese opname en transkripsie in besit van die outeur).

**Gespreksgenoot 8** (Aangedui as G8). 2006. Mondelinge mededeling aan outeur tydens onderhoud oor verhaal as vrouepredikant. (Elektroniese opname en transkripsie in besit van die outeur).

**Heymans, A.M.S.** 2006. Mondelinge mededeling aan outeur tydens gesprek. Bloemfontein.

**Linde, A.C.** 1978. Mondelinge mededeling aan seun tydens gesprek oor haar lewe. Wellington. (Elektroniese opname en transkripsie in besit van die outeur).

**Linde, H.J.** 2007. Mondelinge mededeling aan outeur tydens telefoniese onderhoud. Pretoria/Wellington. (Elektroniese opname en transkripsie in besit van die outeur).

**Mouton, E.** 2006. Mondelinge mededeling aan outeur tydens gesprek oor vrouepredikante. Stellenbosch.

**Schoeman, W.J.** 2007. Mondelinge mededeling aan outeur tydens telefoniese gesprek. Pretoria.

**Van Doorn, N.** 2005. Mondelinge mededeling aan outeur tydens gesprek oor vrouepredikante. Utrecht, Nederland.

**Van Vuuren, S.M.** 2006. Mondelinge mededeling aan outeur tydens gesprek oor AKLAS en sy aandeel in die skryf van die minderheidsverslae. Pretoria. (Elektroniese opname in besit van die outeur).

**Viljoen, D.** 2006. Mondelinge mededeling aan outeur tydens gesprek oor vrouepredikante. Pretoria. (Elektroniese opname in besit van die outeur).

## 6. ANDER

**Anoniem** 2006. Spotprent getiteld *Glyplank*. [Aanlyn beskikbaar op 2006-05-08], by: < http://www.gereformeerdenafrikaans.co.za/modules/tinyd2/htm >.

**Begrafnisbrief** 1975. *In liefdesherinnering aan Jeanne Viljoen*.

**CFN** (Church & Community Facilitation Network) 2006. *Participants Manual for Mentors Training Course*. P. 1–28.

**CICP** 2007. *World Values Survey 1981–2006*. 1–19. Centre for International and Comparative Politics. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.

**Ester** 2007. *Nasionale Vrouekonferensie 2007*. DVD 1–4.

**JDD** 1997. *Om voor te loop langs wenvroue. 'n Woordreis deur hoogtepunte, gebeure en fotobeelde van die Hoofbestuurstermyn Oktober 1994–Januarie 1997*. JDD: Randburg.

**JDD** 2001. *Vroue wat 'n verskil gemaak het. Jaarverslag van die Jong Dames Dinamiek 1999-2001*. JDD: Randburg.

**Marx, M** 1980. *Jong Dames Dinamiek*. Termynverslag: September 1978–Augustus 1980. 1–6.

**Navorsingsgroep vir 'n Vroue-teologie**. s.a. *Vroue, God en identiteit*. Stellenbosch: Buvton.

**POWA** 2007. *Statistieke oor mishandeling van vroue en kinders in Suid-Afrika.* [Aanlyn beskikbaar op 2007-10-13] by, < http://www.powa.co.za/Display.asp?ID=2 >.